



# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

## Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

### Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidisiplinêre organisasie.

### Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidisiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

### Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daarvoor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

Tydskrif vir Geesteswetenskappe • Jaargang 63 Nummer 3 • September 2023



**Vir Ernst – meestersaalkundige, poliglot, kollega, vriend**

This title is  
now indexed  
in Scopus

refine your research  
**SCOPUS**

Sedert Maart 2009 geïndekseer in  
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:  
Ernst Kotzé

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 63 | Volume 63 | **SEPTEMBER 2023**  
Nommer 3 | Number 3



# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

## LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---



**3**

Uitgewer/Publisher

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**

**The South African Academy for Science and Arts**

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

September 2023



# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

## Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

## Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

## Journal of Humanities

### **HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

### **REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguïstiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

### **REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publikereg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)**

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2023 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**

**Subscription fees for 2023 in South Africa (VAT and postage included):**

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R400,00 per jaargang/volume

*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to:**

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 63 Nummer 3, September 2023 / Volume 63 Number 3, September 2023*

## **Inhoudsopgawe**

### **HULDEBLYKE EN NAVORSINGSARTIKELS / TRIBUTES AND RESEARCH ARTICLES** **(1): Vir Ernst – meesertaalkundige, poliglot, kollega, vriend**

---

|   |     |
|---|-----|
| <b>INA WOLFAARDT-GRÄBE</b><br>Woord vooraf .....  | 465 |
| <b>TOM McLACHLAN</b><br>’n Persoonlike bekendstelling .....   | 468 |
| <b>FRIKKIE LOMBARD</b><br>Vir Ernst .....   | 470 |
| <b>FRANK HENDRICKS</b><br>’n Brief vir Ernst .....  | 471 |
| <b>LUAN STAPHORST</b><br>Op die spoor van vermeende letterdiefstal: Holografiese Argeologie, GR von Wielligh en die Bleek en Lloyd-argief .....   | 475 |
| <b>BERNARD COMBRINK</b><br>Prof. Ernst F Kotzé: Sy rol as taalkundige in <i>Die Bybel: 2020-vertaling</i> / Prof. Ernst F Kotzé: <i>His role as linguist in the 2020 Afrikaans translation of the Bible</i> .....   | 481 |
| <b>HERRIE VAN ROOY</b><br>’n Beoordeling van tekskritiese voetnote in die boek Esegjël in die 2020-vertaling van die Bybel / <i>An evaluation of the text-critical footnotes in the Book of Ezekiel in the 2020 Afrikaans translation of the Bible</i> .....    | 488 |
| <b>WAM (WANNIE) CARSTENS</b><br>’n Perspektief op Afrikaans se historiese erfenis: Die Afrikaanse boedel ná 100 jaar / <i>A perspective on the historical heritage of Afrikaans: The Afrikaans estate after 100 years</i> .....                                 | 506 |
| <b>JADÉ FOUCHÉ (NÉE BLUME) EN ANNÉL OTTO</b><br>Afrikaanse Visserstaal / <i>Afrikaans Fisher Language</i> .....   | 528 |
| <b>GERHARD B VAN HUYSSTEEN EN SIMONÉ KOEKEMOER</b><br>’n Empiriese vergelyking van die potensiële aanstootlikheid van enkele skelnaampare in Afrikaans / <i>An empirical comparison of the potential offensiveness of some epithet pairs in Afrikaans</i> ..... | 560 |
| <b>THEO DU PLESSIS</b><br>Die opkoms van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as Suid-Afrika se 12de amptelike taal / <i>The emergence of South African Sign Language as South Africa’s 12th official language</i> .....  | 585 |

## NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)

---

### BERT OLIVIER

Van Orwell se 1984 tot die aktualisering daarvan in 2020–2023 / *From Orwell's 1984 to its actualisation in 2020–2023* ..... 615

### CHARL-PIERRE NAUDÉ

Hans Blumenberg se filosofiese begroning van die kuns as kennisvorm / *Hans Blumenberg's philosophical foundation of art as a form of knowledge* ..... 632

### CASPER LÖTTER

Is Suid-Afrika se rehabilitasieparadigma uitgedien? 'n Pleidooi vir moontlike beleids-hervorming / *Is South Africa's rehabilitation paradigm redundant? A plea for possible policy reform* ..... 655

### CLAUDIA GOUWS

Volksboukuns in die Vredefortkoepelomgewing 1850–1950 / *Vernacular architecture in the Vredefort Dome area 1850–1950* ..... 686

### SD (FANIE) SNYMAN

JHWH – Koning, Kryger (en Herder) in Sefanja 3:14-20 / *YHWH – King, Warrior (and Shepherd) in Zephaniah 3:14-20* ..... 708

## TAALRUBRIEK

---

### TOM McLACHLAN

Oor name, rose en standaarde ..... 723

## GEDIGTE

---

HENNIE PIETERSE ..... 727

## UITNODIGING

---

Oproep om bydraes: *Afrikaans 100: 1925–2025* ..... 728

LYS VAN PUBLIKASIES: ERNST F KOTZÉ: ..... 730

VOORSKRIFTE / GUIDELINES ..... 737

## *Huldeblyke en Navorsingsartikels / Tributes and Research Articles (1): Vir Ernst – meestertaalkundige, poliglot, kollega, vriend*

---

### Woord vooraf

Van alles waarby Ernst Kotzé in sy loopbaan (en selfs ná sy aftrede) betrokke was, verdien óók sy verbintenis met die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)* besondere vermelding – hy is reeds jare lank ’n staatmaker in die redaksie en sedert 2021 is hy lid van die redaksiekomitee wat die redakteur moet bystaan met allerlei (kontensieuse) besluite. Dit is dus gepas dat sy 75ste verjaardag juis ook op hierdie platform gevier word. Vir my persoonlik is dit ’n voorreg om deel te hê aan hierdie klein huldiging wat deur vakgenote geïnisieer is.

Waar hy aanvanklik tydens sy voorgraadse en honneursstudie aan die Universiteit van Kaapstad Afrikaans-Nederlands bestudeer, fokus Ernst Kotzé daarna in sy nagraadse studie aan die Universiteit van die Witwatersrand op Algemene Taalwetenskap (MA-verhandeling) en die sosiolinguistiek (PhD-proefskrif). Later in sy loopbaan verbreed hy sy belangstellings-terreine deur die leksikografie, vertaalkunde, forensiese linguistiek, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde en taalverwerwing in te sluit. Nie net lewer hy referate by nasionale en internasionale kongresse nie, maar sy grondige navorsing vind ook neerslag in ’n indrukwekkende publikasielys (kyk die aanhangsel aan die einde van hierdie uitgawe).

Ook sy merkwaardige kennis van tale brei hy deurgaans uit en, benewens die aanvanklike kennismaking met Afrikaans, Nederlands, Engels, Duits, Frans, en Italiaans as deelydse student aan die Universiteit van Kaapstad, bestudeer hy later ook Linguistiek en Zulu aan Unisa. Nog later verken hy Portugees, Spaans, Xhosa, Japannees, Noorweegs, Russies, Moderne Grieks, Pools en Deens. Hierdie verstommende kennis van tale is raakgesien deur die teoloë en kenners van die Bybeltale tydens sy jare lange medewerking aan die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans (kyk die bydraes van Bernard Combrink en Herrie van Rooy in hierdie afdeling).

Sedert sy aftrede in 2008 is Ernst emeritus professor van die Nelson Mandela Universiteit, maar sy loopbaan as akademikus – ná enkele jare as Hansardverslaggewer en komiteeklerk en vertaler by die destydse Volksraad – begin in 1976 as assistentlektor aan die Universiteit van die Witwatersrand. Daarna beklee hy poste met toenemende akademiese en administratiewe verantwoordelikhede aan die Universiteit van Zoeloeland (senior lektor en professor en departementshoof vanaf 1980 tot 1994), en die Universiteit van Port Elizabeth – later hernoem tot die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit / die Nelson Mandela Universiteit – as departementshoof, visedekaan en adjunkskooldirekteur vanaf 1995 tot en met sy aftrede in 2008.

Dat Ernst Kotzé nie net ’n uitnemende akademikus was (en is) nie, maar ook sy teoretiese kennis prakties kon toepas, blyk onder meer uit die talle aktiwiteite buite sy navorsings- en onderrigverpligtinge waarin sy kundigheid benut is. Hy was redakteur, of het in die redaksie gedien, van ’n aantal vakwetenskaplike tydskrifte, waaronder wetenskaplike redakteur van die *SA Tydskrif vir Taalkunde* (1995–98), asook lid van redaksionele komitees van vakwetenskaplike tydskrifte soos *Literator*, *Lexikos*, *Tydskrif vir Taalonderrig*, *SA Tydskrif vir Taalkunde*, *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* en *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Terwyl redaksiewerk aan akademiese tydskrifte en die skryf van ’n Afrikaanse grammatika vir die Internet as deel van VivA se werksaamhede nog beskou kan word as verbandhoudend met akademiese aktiwiteite aan tersiêre instellings, getuig sy deelname

aan projekte soos die werk van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (waarvan hy van 2003 tot 2013 as voorsitter dien), die Tegnieuse Komitee vir Standaardisasie van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (PanSAT) en konvenor van die Taaladvieskomitee vir die *Die Bybel: 2020-vertaling* van die SA Bybelgenootskap van sy bereidwilligheid om sy kundigheid ver buite die grense van deursnee akademiese aktiwiteite beskikbaar te stel en aan te wend.

Noemenswaardig is verder Ernst Kotzé se betrokkenheid by akademiese aktiwiteite selfs ná sy aftrede – hy doen steeds navorsing en publiseer artikels en boek(dele); bring op uitnodiging navorsingsbesoeke aan buitelandse universiteite (bv. ’n verblyf van ses maande aan die Universiteit van Kioto); of lewer referate oor temas soos taalstandaardisering (Universiteit van Leiden), minderheidstale as onderrigmedia in Afrika (werkswinkel in Nairobi, gereël deur Duits-Afrika-netwerk van Alumni en Alumnae).

Enkele grepe uit die bydraes in hierdie uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* illustreer die hoë waardering vir die besondere bydrae van ’n gerekende en meelewende akademikus, kollega en vriend. Tom McLachlan vestig die aandag op sy “verbysterende taal-, tale- en taalkundekennis” en Frikkie Lombard tipeer hom in ’n gedig as “... Ernst, die poliglot: / op tale totaal versot”. Wannie Carstens huldig hom vir “die taalkundige ‘boedel’ wat hy nalaat” en wat volgens hom “’n kosbare nalatenskap aan en vir Afrikaans [is]: publikasies oor ’n verskeidenheid taalkundige onderwerpe (onder meer oor sintaksis, morfologie, sosiolinguïstiek, kreolistiek, taalgeskiedenis en historiese taalkunde) en ook die baanbrekende woordeboeke waarby hy betrokke was: Afrikaans – Zoeloe, Afrikaans – Japannees”.

In aansluiting hierby stel Frank Hendricks ook onomwonde Ernst se betekenisvolle bydrae tot Afrikaans:

Jy het veel vir Afrikaans gedoen:

Jy stel ’n hoë premie op die heterogene aard van die Afrikaanse taal en jy het ook prominensie verleen aan die linguïstiese verrekening van vorme van Afrikaans wat met persone van kleur geassosieer word. Van besondere betekenis in dié verband is jou keuse van die Afrikaans van Zulusprekendes as onderwerp vir jou magisterverhandeling en van Kaapse Moesliemafrikaans as onderwerp vir jou doktorsale proefskrif (en dít in die jare van apartheidshoogkonjunktuur), jou artikels en referate oor hierdie twee vorme van Afrikaans, jou baanbrekerswerk betreffende die kensketsing van die talige aard van Kaapse Moesliemafrikaans, jou verkenning van Arabies-Afrikaanse geskrifte asook jou latere leeuendeel en aanvoerwerk insake die opneem van ’n aantal leksikale items uit die skryftaal van Moesliemafrikaanssprekendes in die 2009- en 2017-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*.

Sy bydrae tot Afrikaans vind ook gestalte in sy betrokkenheid by *Die Bybel: 2020-vertaling* in Afrikaans. Hieroor merk Bernard Combrink op: “Gedagtig aan die besonder belangrike rol wat die Nederlandse en Afrikaanse Bybels gespeel het in die vestiging en ontwikkeling van Afrikaans, kan die kardinale rol wat prof. Kotzé in die 2020-vertaling vervul het met betrekking tot die voortbestaan en behoud van Afrikaans, moeilik oorskat word.” Herrie van Rooy vul hierdie mening aan deur te sê dat hy “’n groot bydrae gelewer [het] tot die goeie, verstaanbare Afrikaans wat ’n besondere eienskap van hierdie vertaling is”.

Nie almal wat tot hierdie huldigingsuitgawe bygedra het, verwys noodwendig direk na Ernst Kotzé in hulle bydraes nie. Luan Staphorst was student aan die Nelson Mandela Universiteit nadat Ernst reeds vertrek het, maar hy toon deur sy bydrae aan dat Ernst se invloed nog lank ná sy vertrek aanvoelbaar was in die bestudering en onderrig van tale. Annél Otto

het benewens haar artikel in hierdie uitgawe ook Ernst se uitgebreide CV beskikbaar gestel. My opsomming van Ernst se aktiwiteite hier bo en die lys van publikasies aan die einde van die uitgawe (kyk pp. 730-736) berus op hierdie uitgebreide CV. Gerhard van Huyssteen en Theo du Plessis se bydraes kommunikeer, deur middel van hul eie belangstellingsvelde, hulle erkenning vir die innoverende werk van 'n medetaalkundige.

Ter afsluiting: ook my waardering, nie net vir Ernst se onbaatsugtige ondersteuning van die *TGW* nie, maar ook vir sy besondere bydrae tot die uitbouing van Afrikaans as wetenskapstaal.

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

**Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe***

**E-pos: [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za)**

**Augustus, 2023**

## 'n Persoonlike bekendstelling

Dit is vir my 'n eer en 'n voorreg om prof. Ernst F Kotzé kortliks bekend te stel.

In 1995 is ek tot die Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies. Daar het ek 'n man raakgeloop wat ek so half en half geken het: Ernst Kotzé. In die 17 jaar dat ons saam in die TK gedien het, het my agting en waardering vir hom al hoe groter geword – nie net vanweë sy verbysterende taal-, tale- en taalkundekennis nie, maar veral dalk ook vanweë sy geaardheid. Ek is grootliks bevoorreg daardeur dat daardie halwe kennis van 1995 sedertdien vir my tot 'n baie verrykende vriendskap ontwikkel het.

Ernst is nogal iets besonder, want taalkundiges wat op soveel uiteenlopende terreine van die taalkunde op so 'n hoë vlak funksioneer, kom nie tienie 'n bossie nie.

Hy is 'n formidabele poliglot wat nie slegs Afrikaans en Engels ken nie, maar ook Duits, Frans, Italiaans, Portugees, Spaans, Noorweegs, Japanees, Zulu en Xhosa, plus 'n teoretiese kennis van Russies, Moderne Grieks, Sweeds en Deens. As 'n mens daarby sy kennis van die linguistiek in die algemeen en sosiolinguistiek in die besonder voeg, is dit duidelik dat hierdie bron van kennis 'n besondere bate in die werk van die Taalkommissie was. Trouens, hy word steeds dikwels geraadpleeg om raad of uitsluitel oor bepaalde kwessies te gee. Ek ken hom boonop as iemand wat nooit suinig is om sy kennis met jou te deel nie.

Uit hierdie kennis het twee uitsonderlike woordeboeke gespruit: 'n Afrikaans-Zoeloe-woordeboek met Engelse vertalings (saam met dr. Vusumuzi PWela) en 'n Afrikaans-Japanese woordeboek met Engelse vertalings (saam met dr. Takashi Sakurai). Laasgenoemde woordeboek gee aan die Afrikaanse gebruiker ook uitspraak- en leesleiding vir en 'n kort grammatika van Japanees. Hieruit blyk nie net Ernst se leksikologie- en leksikografiekennis nie, maar ook die wydheid van sy belangstellings- en kennisvelde.

Danksy sy doktrale proefskrif, wat oor aspekte van Maleierafrikaans handel het, het Ernst 'n deurslaggewende rol gespeel in die opname in die AWS van 'n seleksie van veel voorkomende woorde uit hoofsaaklik die standaardtaal van Moslem-Afrikaanssprekendes, waardeur nie net die belangrikheid van hierdie gemeenskap in die ontwikkeling van Afrikaans en in hedendaagse Afrikaans erken is nie, maar daardie Afrikaans uiteindelik sy regmatige plek in die breë Standaardafrikaans ingeneem het.

In die afgelope klompie jare was Ernst ook die grondlegger van forensiese linguistiek in Suid-Afrika, nie net akademies nie, maar ook in die praktyk. 'n Student of twee het reeds onder sy leiding in forensiese linguistiek gepromoveer, maar hy het ook reeds in howe as spesialisgetuie op die gebied van forensiese linguistiek opgetree, in een geval selfs virtueel in 'n Duitse hof.

Ernst het reeds verskeie eerbewyse ter erkenning van sy werk ontvang, ook van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. In 2006 word hy die eerste (en tot dusver die enigste)

Suid-Afrikaner wat 'n Erepenning van die Belgiese diensorganisasie Marnixring ontvang vir sy internasionale bydrae tot die ontwikkeling van Nederlands (en Afrikaans).

In die jare lange werk aan die jongste Afrikaanse Bybelvertaling – *Die Bybel 2020-vertaling* – het Ernst 'n wesenlike rol as hoof- Afrikaanse taaladviseur gespeel. Van sy onmisbare bydrae hierin getuig almal wat aan daardie reuseprojek meegewerk het.

Dit sou nog etlike bladsye kos om Ernst se prestasies en publikasies te noem, maar hy sou dit waarskynlik nie wou hê nie, want ondanks alles wat hy bereik het en ondanks 'n buitengewone intelligensie is hy 'n beskeie mens sonder pretensie en vertoon. Hy is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.

Ek is dankbaar dat ek nog gereeld uit sy wye kennis kan put, maar ek is nog dankbaarder dat ek hom my vriend kan noem.

**TOM McLACHLAN**

## Vir Ernst

By die TK het ons hom  
“hoofman” genoem  
en terdeë verdien hy  
daardie nom de plume!  
Sy gideonsbende het  
hy toegewy gelei —  
al word dit  
te min  
waardeer —  
om spel en skryfwyse  
te standaardiseer.

Sy oë is sag en vol lig,  
tekenend van insig  
én ewewig.  
Dis Ernst, die poliglot:  
op tale totaal versot.

**FRIKKIE LOMBARD**  
Stellenbosch  
E-pos: fjl@sun.ac.za

## 'n Brief vir Ernst

Ernst

As jou vriend en as jou meeloper op die terrein van die Afrikaanse taalkunde ag ek dit 'n besondere eer om by geleentheid van die viering van jou 75<sup>ste</sup> verjaarsdag te kan sê: Van harte geluk! Soos vele ander is ek saam met jou dankbaar vir jou grootse voorreg om hierdie mylpaal te kon haal en steeds sterk te kan staan.

Letterkunde spreek tot jou. Wat ek jou verderaan wil meedeel, wil ek derhalwe aanknoop by 'n gedig deur Uys Krige wat tydens die Tweede Wêreldoorlog in sy hoedanigheid as oorlogskorrespondent die Geallieerde leer in Noord-Afrika gevolg het en later ook as militêre waarnemer in Italië, Frankryk en Engeland diens gedoen het.

In dié betrokke gedig met die titel “Die soldaat” het die spreker dit oor 'n soldaat wat hom ten tye van die Tweede Wêreldoorlog in die “dorre verlatenheid” van die woestynwêreld van Noord-Afrika bevind en al met die stofpad langs stap in die rigting van Fort Wajier, die “enigste oase in dié woesteny”. Die soldaat stap in die skemerte – in daardie tydgleuf wanneer die “dag hom meng met die nag” en “die lig hom gestadig oplos in die skaduwee”.

Dwarsdeur dié gedig van dertien strofes val die aksent op die soldaat wat “stap”, “al maar aanstap”, dus op sy beweging, sy volgehoue voetval in die rigting van Fort Wajier, sy vergeleë eindbestemming:

*En Fort Wajier lê ver, lê ver,  
onderkant die eerste ster.*

Hy word voorgedra as 'n mens met gevoelens, as een wat bewus is van die “lief en leed wat hy omdra in sy hart”.

Dis nie duidelik of die soldaat die oase wel bereik het nie, of wel sou bereik nie; trouens die vae koördinaataanduiding van die oase as “ver, (...) ver” en “onderkant die eerste ster” laat die indruk dat die oase haas onbereikbaar sou wees, dat die lafenis wat die oase te bied het, dus 'n hoopvolle vooruitsig gebly het en nie rêrig verwerklik sou word nie.

Teen die einde van die gedig vestig die spreker die aandag op die skaduwee van die bewegende soldaat wat al hoe groter, al hoe langer raak, al hoe verder uitstrek: eers val sy skaduwee net oor die stofpad, en dan, in die gedagte-wêreld van die spreker, ook oor die woestyn van Noord-Afrika en die Vasteland van Afrika, en, uiteindelik, oor die wêreld in die geheel:

*(...) terwyl die soldaat aanstap,  
aanstap,  
al maar aanstap  
langs die stofpad deur die woestyn,  
rek sy skaduwee hom trapsgewyse uit,  
trek dit skuins oor die pad,  
oor 'n breë strook lawaklip heen  
tussen die doringbome in.*

*Die skaduwee van die soldaat  
val oor die pad.*

*Die skaduwee van die soldaat  
val oor die woestyn.*

*Die skaduwee van die soldaat  
val oor Afrika.*

*Vas en strak en swart en dreigend  
val die skaduwee van die soldaat  
wyd oor die wêreld.*

In die mate waarin die gedig as 'n oorlogsgedig te beskou is, is die volgehoue voetval van die bewegende soldaat in eerste instansie te vertolk as 'n merkteken van 'n soldaat (soldate) se teenwoordigheid op die slagveld terwyl sy groeiende skaduwee aanduidend wil wees van die feit dat oorlog op 'n gegewe terrein in die reël uitkring en uitkring, en implikasies inhou vir die mensdom dwarsoor die wêreld.

Maar die gedig het vir my ook 'n dieper en wyer simboliek. Vir my sou die volgehoue voetval en die groeiende skaduwee van die bewegende soldaat ook kon dien as merktekens van die mens se teenwoordigheid in die lewe, van sy loop deur die lewe, van sy soeke na die sin van sy eksistensie én, in die besonder, van die uitkringende invloed wat van hom uitgaan en wat hy nalaat.

Ernst, ek reken: elkeen het 'n voetval (letterlik of figuurlik) wat dien as merker van sy daarwees. Én: daar is skaduwees én skaduwees, invloede én invloede... Die skaduwees van invloed wat deur sommiges gewerp word, is soos dié van die soldaat in die gedig te beskryf as “vas en strak en swart en dreigend”. Die skaduwee van invloed wat uitgaan van iemand soos jy, is egter te beoordeel as lewewekend en verrykend omdat 'n persoon van jón kaliber vergelykbaar is met 'n boom wat groei in helder son en skaduwees werp waarin blomme kan floreer omdat genoeg ligstrale hul weg tussen die takke en blare deur na benede vind.

Teen die agtergrond van die dieper en wyer simboliek van die voetval en skadubeeld in Krige se gedig wil ek graag enkele dinge vír en óór jou sê, en wel as een wat naby genoeg is om my in die kragveld van jou ryk gees te bevind én 'n getuie te kan wees van jou loop deur die lewe, van die invloed wat van jou uitgaan, van die mooi binnekonstruk wat jy in jou omdra en van die hoogstaande kwaliliteit van jou diens tot op hede.

Ek wil graag dank betuig:

- Dankie dat jy reeds oor jare heen figureer as 'n taalkundige met 'n teenwoordigheid en dat jy jou plek met groot waardigheid in die voorste linie ingeneem het.
- Dankie dat die skadu van jou invloed ver en wyd op vele terreine van die taalkunde geval het: Afrikaanse en algemene taalkunde, sosiolinguistiek, leksikografie, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde, vertaalkunde, forensiese linguistiek, taalverwerwing, e.d.m.
- Dankie dat die skadu van jou invloed op talle mense en plekke geval het:
  - o op die talle voor- en nagraadse studente en kollegas in die ruimtes waarin jy werksaam was: die Universiteit van die Witwatersrand (1979–1979), Zoeloeland (1980–1994), Port Elizabeth (1995–2004) en die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (2005–2008)
  - o op kampusse en konferensiesentra, plaaslik en oorsee, waar jy aangetree het om referate te lewer en as besoekende professor of navorsingsvennoot diens te doen: die Universiteite van Wes-Kaapland, Pretoria, Port Elizabeth, die Vrystaat,

Kaapstad, Stellenbosh, Duisberg, Keio (in Tokio), Otago (in Dunedin, Nieu-Seeland), Leiden, e.d.m.

- o op vakgenote (onder wie ekself) wat jy mildelik en gereeld van raad bedien en wat bevoorreg was om saam met jou in die Taalkommissie van die SAAkademie vir Wetenskap en Kuns te kon dien.

Hierdeur het jy bewys dat groei in die skaduwee van 'n groot boom wel moontlik is.

Jy verdien pluimpies vir jou akademiese insette:

- Jou publikasies tot dusver beslaan 'n verskeidenheid boeke, hoofstukke in boeke, artikels in tydskrifte soos *Literator*, *Lexikos*, *Tydskrif vir Taalonderrig*, *SA Tydskrif vir Taalkunde* en *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseerde kongresvoordragte en internetbydraes waarvan 'n beduiende aantal ná jou aftrede in 2008 die lig gesien het. Daar blyk geen einde te wees nie!
- Jy het nie alleen as outeur jou merk gemaak nie, maar o.m. ook as tydskrifredakteur, as lid van redaksiekomitees, as keurder van tydskrifartikels, as konvenor van advieskomitees, as begeleier van nagraadse navorsing en as eksterne eksaminator vir verskeie verhandelings en proefskrifte by verskillende universiteite.
- Jy het veel vir Afrikaans gedoen:
  - o Jy stel 'n hoë premie op die heterogene aard van die Afrikaanse taal en jy het prominensie verleen aan die linguistiese verrekening van vorme van Afrikaans wat met persone van kleur geassosieer word. Van besondere betekenis in dié verband is jou keuse van die Afrikaans van Zulusprekendes as onderwerp vir jou magisterverhandeling en van Kaapse Moesliemafrikaans as onderwerp vir jou doktorsale proefskrif (en dít in die jare van apartheidshoogkonjunktuur), jou artikels en referate oor hierdie twee vorme van Afrikaans, jou baanbrekerswerk betreffende die kensketsing van die talige aard van Kaapse Moesliemafrikaans, jou verkenning van Arabies-Afrikaanse geskifte asook jou latere leeu-aandeel en aanvoorwerk insake die opneem van 'n aantal leksikale items uit die skryftaal van Moesliemafrikaanssprekendes in die 2009- en 2017-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*.
  - o Ook aspekte soos die volgende is as groot bates vir Afrikaans te bestempel: jou genuanseerde verkenning van die wordingsgeskiedenis van Afrikaans, jou en Cor de Ruyter se eksplisering van die rol van tuisvaarders in die ontstaan van Afrikaans, jou diepgaande besinninge oor Standaardafrikaans en jou teoretiese begroning van taalstandaardisasie met spesifieke verwysing na die vier standaardiseringstappe soos deur Haugen onderskei, t.w. normseleksie, formele kodifisering, funksie-uitbreiding en aanvaarding.

'n Mens sou tereg kon vra: Hoe kry jy dit reg om met groot élan aan so baie dinge uitvoering te gee en daarmee te volhard?

Dat jy sulke voortrefflike diens kan lewer, sou in verband gebring kon word met die feit dat jy oor die wysheid beskik om toe te laat dat die skaduwees van invloed van gesoute voorgangers en eietydse vakgenote (onder wie J du P Scholtz, Edith Raidt, Einar Haugen, Fritz Ponelis en Hans den Besten) oor jou val én dat jy toegerus is met attribute wat oor die jare heen sinoniem met jou geword het: jou gebruiksvaardigheid in en/of teoretiese kennis van diverse tale (waaronder Afrikaans, Nederlands, Engels, Duits, Frans, isiXhosa, Italiaans, Portugees, Japannees, Noorweegs en Deens), jou teoretiese onderlegtheid, jou analitiese

vaardigheid, jou kritiese bevraging van gevestigde paradigmas en jou passievolle aflees en afluister van taal.

Bygesê: jou betrokkenheid by die totstandbringings van die 2020-Bybelvertaling as konvenor van die Taaladvieskomitee van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap en jou vernuftige artikel oor aanspreekvorme en pronominale persoonsverwysings in hierdie vertaling van die Bybel suggereer dat jy, in aansluiting by Psalm 91 vers 1, toegelaat het dat ook die skaduwee van die Almagtige oor jou sou val.

Daar is wyd kennis geneem van wat jy tot dusver vermag het. Ek is verheug dat instansies soos die SA Akademie van Wetenskap en Kuns (SAAWK), die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), die Afrikaanse Taalraad (ATR), die Marnixring en die Alexander von Humboldt-Stiftung kennis geneem het van die diepte van jou akademiese spore en die reikwydte van jou skaduwee, en dit na waarde geskat het om jou heel gepas met prestige-toekennings soos die volgende te bekroon:

- 'n Kokertoekening vir jou lewenslange bydrae as veelsydige en innoverende taalkundige
- die Alexander von Humboldt-stipendium
- die CJ Langenhovenprys
- die CL Engelbrechtprestasiëprys
- die Jacques van der Elstprys en
- die Marnixring Internasionale Toekening

In hierdie verband is dit vir my verblydend om te kan byvoeg dat die CL Engelbrechtprys by twee bekroningsgeleenthede van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken is vir publikasies oor taalvariasie ten opsigte waarvan ek en jy saam met ander persone as medeskrywers gefunksioneer het, d.i. die werk *Veelkantiger Afrikaans: streeksvariëteite in die standaardvorming* (onder redaksie van Kwesi Kwaa Prah) in 2015 en die werk *Kaaps in fokus* (onder redaksie van myself en Charlyn Dyers) in 2019.

Ek voorsien dat nog akkolades jou te beurt sal val!

Om mee af te sluit:

Soos genoem, is die soldaat in Krige se gedig op pad na 'n vergeleë, haas onbereikbare oase in die woestyn. Deur die spreker se herhaaldelike presisering van die ligging van die oase as “onderkant die eerste ster” groei die oase uit tot beeld van die verre toekoms waarin daar geluk en vrede sal heers, en wel geluk en vrede met 'n religieuse, hemelse stempel, asof komende van die Hand ágter die sterre, dus van Hom wat ook die sterre gemaak het. Sodoende word die vermoede gewek dat die soldaat se volgehoue voetval afgestem blyk te wees op die verkryging van hemelse geluk en vrede wat vórentoe op hom wag.

Ernst, ek vermoed dat jóú voetval, jóú loop deur die lewe nie soseer afgestem is op geluk en vrede wat jou vorentoe te beurt mag val nie, maar dat jóú loop, jóú diens reeds in die hier en nou met blydskap en vrede getint is. Ek reken dís die kwintessens van arbeidsvreugde en die handelsmerk van 'n opregte dienaar soos jy!

Nogeens hartlik geluk met jou 75<sup>ste</sup> verjaarsdag. Mag jou môres die stempel van voortgesette diensbaarheid dra en net so mooi en ryk wees soos vandag en die dae wat was!

Jou bevoorregte vriend

Frank  
Julie 2023

# Op die spoor van vermeende letterdiefstal: Holografiese Argeologie, GR von Wielligh en die Bleek en Lloyd-argief<sup>1</sup>

LUAN STAPHORST

Nelson Mandela Universiteit; Universiteit van Oxford

Suid-Afrika; Engeland

E-pos: luan.staphorst@mandela.ac.za

## Inleiding

Toe die Universiteit van Kaapstad se Afrikanistiekbiblioteek in April 2021 in 'n vlammeel vasgevang was, het die vraag om verwoesting en oorlewing grootliks gewentel om Wilhelm Bleek en Lucy Lloyd se |xam-argief. Sulke aandag is nie iets nuuts in die lewe van die argief nie. In 1998 het dit Suid-Afrika se eerste inskrywing in UNESCO se *Memory of the World Registry* geword. Daarin word beskryf hoe dit “an invaluable and unique insight into the language, life, religion, mythology, folklore and stories of a now-extinct African people” verskaf. Verder is dit by die ontwerp van die post-1994-landswaap ingespan, en dien dit as 'n fokuspunt in die herverbeelde Iziko Suid-Afrikaanse Museum, een van die nasionale museums in Kaapstad.

Hier moet twee belangrike dinge egter uitgelig word. Eerstens, die sigbaarheid van die argief strek terug tot ten minste 1911 – die jaar van *Specimens of Bushman Folklore* se publikasie. Hierna is die argief deur verskeie publikasies uitgebrei as gevolg van die arbeid van Dorothea Bleek, Wilhelm se dogter. Dit ontvang dan later, veral deur die werk van Roger Hewitt, Patricia Vinnicombe, David Lewis-Williams en Janette Deacon aandag in aanloop tot die Khoesanstudiesopbloei van die 1990's. Tweedens, die Bleek en Lloyd-argief is nie die enigste getuie van die |xam nie. 'n Ander bewaarplek is dié van Gideon Retief von Wielligh, 'n minder bekende landmeter, skrywer, en amateurvolkskundige wat mites, dierestories en feitelike gebeure van die lewe van die |xam in die Kaapkolonie se noordelike grensgebied versamel het. Wanneer daar egter binne Khoesanstudies na sy werk verwys word, word een van die volgende argumente gebruik om sy optekeninge as waardeloos te tipeer (vergelyk Van Vuuren (2016)):

1. Von Wielligh se opnames is in Afrikaans, nie |xam nie, en sluit dus by 'n Afrikaanse estetiese en literêre kanon aan (Biesele (1993)).
2. Von Wielligh wou arm en ongeletterde Afrikaners opvoed en motiveer om te lees, en sy versamelings is gevolglik om didaktiese uitgangspunte gestruktureer (Hewitt (2008)).

---

<sup>1</sup> Hierdie bespreking is 'n opsomming van 'n artikel, “‘van die oorspronklike lippe’ (‘from the original lips’): The 19th-Century Cape Colony, Holographic Archaeology and the Historicity of Gideon von Wielligh’s |xam-Afrikaans Collection”, wat in *Journal of Southern African Studies*, 48(6):993-1011 verskyn het.

3. Von Wielligh wou nooit |xam-materiaal opneem nie, maar eerder Afrikaanse letterkunde skep (Schmidt (2013); De Prada-Samper (2017)).
4. Von Wielligh se bronne is betwyfelbaar (Schmidt (2013)).
5. Von Wielligh het materiaal uit Bleek en Lloyd se *Specimens of Bushman Folklore* gelig en verwerk, en nie oorspronklike navorsing gedoen nie (Schmidt (2013); De Prada-Samper (2017)).

Hierdie vyf aantygings kan as volg opgesom word: eerstens, daar is 'n aanname dat Afrikaans en die |xam onversoenbaar is, en daarby dat Von Wielligh se versamelings uitsluitlik Afrikaans met geen spore van die |xam-taal is nie; tweedens, Von Wielligh is skuldig aan letterdiefstal. Die res van die bespreking fokus op die weerlegging van hierdie aannames en aantygings. Eerstens word 'n oorsig van holografiese argeologie as oorspronklike benadering opgesom, waarna dit op 'n Von Wielligh-tekste toegepas sal word.

### Holografiese Argeologie

“[E]very language is an archive. Its documents are the thousands of words that make up its lexicon” (Ehret, 2011:3). En vanweë die feit dat dit 'n argief, met dokumente, inskrywings en ander tipes data is, kan dit bestudeer word. Taalargeologie is 'n benadering tot geskiedskrywing met taal as studierrein. In die besonder herkonstrueer dit 'n “sociolinguistic context for ancient linguistic forms, that is, to make inferences from the language of ancient texts and/or linguistic reconstructions about the groups who spoke the language in question” (Southworth, 2005:2). Só 'n benadering is allermins iets nuuts, siende dat taal lank reeds 'n belangrike hulpbron vir geskiedskrywing vorm, veral in die Afrikakonteks (vergelyk Spear (2019)).

Benewens die belang van taal vir die geskiedkundige, is dit die spil van ondersoek binne die filologie. Alhoewel “filologie” swaar onder die las van uiteenlopende, en telkens teenstrydige, definisies en benaderings gebuk gaan, bly die sentrale fokus die “making sense of texts” (Pollock, 2015: 22). Dit sluit gedifferensieerde dog ewe verwickelde benaderings tot die lees van tekste in, en betrek taalkundige, literêre, en historiese kennis by die “oopmaak” van tekste.

'n Subdissipline van filologie, naamlik tekskritiek, worstel in die besonder met die vasstelling van 'n teks se outentisiteit. Die tradisionele tekskritiek is egter onbruikbaar in hierdie studie wanneer die “handtekening” in ag geneem word. Die handtekening, ook bekend as die holograaf, verwys na tekste waar die handskrif van die oorspronklike skrywer duidelik herkenbaar is. In die filologie, wat tradisioneel op antieke tekste toegepas word, verteenwoordig die handtekening 'n besondere uitdaging vir die navorser, siende dat beskikbare tekste meesal herskrywings en vertalings is. Daar moet dus tussen twee (of meer) handtekenlose tekste onderskei word ten einde te bepaal watter een die “ouer”, oftewel meer outentieke, weergawe verteenwoordig.

Daarteenoor is daar in die konteks van Bleek en Lloyd en Von Wielligh aan die een kant 'n hiperhandtekeninghebbende teks, en aan die ander kant 'n handtekenlose teks teenwoordig. Dit lei maklik tot die volgende gevolgtrekking: Bleek en Lloyd is die oortekste; die bron waaruit die handtekeninglose Von Wielligh geput het. Om hierdie rede hou ek holografiese argeologie as benadering voor: 'n metode wat taalgebruik in die betwyfelbare bron “dateer” deur dit met die taal in die sekerheidsbron te vergelyk. Sodoende kan daar bepaal word of die betwyfelbare bron wel iets outentieks verteenwoordig al dan nie.

Die woorde ‘holograaf’ en ‘argeologie’ resoneer, egter, benewens die skakels met filologie en taalargeologie ook met twee ander begrippe. Die eerste is die ‘holografiese paradigma’

(vergelyk Wilber (1982) en Martinez (1988)): ’n wetenskapsparadigma wat die wetenskaplike metodiek probeer herdefinieer vanaf ’n streng, meganistiese en atomistiese oftewel Newtoniaanse begripsformulering van verskynsels na een wat die “wholeness through the multiple perspectives from which [an object of study] can be viewed” (Pitts, 1990:81) beklemtoon. In hierdie bespreking is die klem dus op ’n breër begrip van die |xam “argief” – een wat nie slegs Bleek en Lloyd as vertrek- en eindpunt het nie. Die tweede is “argeologie” se skakel met Michel Foucault (1972) as “kennisargeologie”. Alhoewel dit na ’n benadering tot geskiedskrywing verwys, resoneer Foucault se begrip van “kennisargeologie” – wat die uitken en uitdaging van ontluikende “reëls” wat diskoerse tipeer, insluit – met holografiese argeologie se beklemtoning van ’n toespits op die ontluiking van taal in tekste, en wat daardie ontluiking van |xam-diskoers kan openbaar.

### **Von Wielligh se *Boesman-stories Deel I***

Die volgende tabel som die bevindings van die ondersoek op. Daar is tien |xam-woorde in Von Wielligh se andersins Afrikaanstalige *Boesman-stories Deel I* uitgeken, en hierdie tien woorde en hul vertaling/definisie is vergelyk met hul verskyning (al dan nie) in *Specimens of Bushman Folklore*. Dorothea Bleek se *A Bushman Dictionary*, wat in 1956 verskyn het, dien as kontrole vir die bevestiging van Von Wielligh se data waar dit nie in *Specimens* voorkom nie.

Wat hieruit afgelei kan word, is dat Von Wielligh se versameling met redelike sekerheid as oorspronklik bestempel kan word, en dat hy dus nie skuldig is aan letterdiefstal soos baie beweer nie.

### **Gevolgtrekking**

Beide gedurende en na afloop van die brand van UK se Afrikanistiekbiblioteek is drie reaksies in my aangewakker: die eerste was weemoedigheid – weemoedigheid oor die verlies van herinneringe en stemme, en verlies van geleentheid vir toekomstige ondersoek en herdenking van daardie herinneringe en stemme. Die tweede was blydschap na nuus van die oorlewing van die Bleek en Lloyd-argief. Die derde, wat heel moontlik volkome my eie was, was frustrasie met die oorweldigende mag van die argief – gebelgdheid dat ’n ganse mensdom, hul geskiedenis, kultuur, en taal tot ’n enkele argief gereduseer word. In vele opsigte *is* die Bleek en Lloyd-argief die |xam; dit beliggaam die |xam volkome. Daarom is dit nie vergesog om van ’n argivale kultus te praat nie – ’n maklike gelykstelling van die argief met die |xam, en sodoende ’n vervanging van die |xam deur die argief. Dit terwyl soveel van die argief nog om aandag smee, veral op ’n tekstuele (vergelyk Solomon (2009)) en talige vlak (vergelyk Du Plessis (2014)).

Dit is hier waar ’n begrip van die “holografiese” nuttig kan wees. Die verhouding tussen die Bleek en Lloyd-argief en Suid-Afrikaanse navorsing wys op die noodsaak vir ’n meer omvattende beeld van die |xam en hul erfenis. Die holografiese paradigma kan ’n teenwig verskaf deur die heelheid van die |xam-“argief”, wat Von Wielligh en ander se optekeninge naas dié van Bleek en Lloyd insluit, te beklemtoon. Dit kan die wurggreep van die “enkele”, van die “uitsonderlike”, op ons gedeelde intellektuele verbeelding uitdaag deur ander versamelings – daardie versamelings wat ge-Ander is – nader te trek en sodoende meer diepgaande begripsformulerings van verwickeldheid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, taallandskap, en literêre sisteem te openbaar. Die verstrengeling van Afrikaans en |xam is een só ’n verwickeldheid, met Von Wielligh as ’n belangrike venster op daardie verhouding.

| Von Wielligh se ortografie. | Verskaf Von Wielligh 'n definisie? | Bleek en Lloyd se ortografie. | Verskyn die woord in <i>Specimens of Bushman Folklore</i> ?  | Stem Von Wielligh se vertaling en/of definisie ooreen met dié in D. Bleek se woordeboek?  | Kon Von Wielligh op die woord en betekenis daarvan afgekom het deur <i>Specimens of Bushman Folklore</i> te lees? |
|-----------------------------|------------------------------------|-------------------------------|--|---|---|
| <i>au</i>                   | Ja.<br><i>gee</i> [ww.]            | <i>Au</i>                     | Nee. Op bladsy 271 van <i>Specimens</i> word   <i>aua</i> as die werkwoord “gee” verskaf.  | Ja.   | Onmoontlik.   |
| <i>'ga</i>                  | Ja.<br>Nag<br>[eienaam]            | <i>ga:</i>                    | Ja, maar geen definisie of vertaling word verskaf nie. Dit verskyn in die oorspronklike   <i>xam</i> , maar word verder nie as 'n eienaam gebruik nie. | Ja. Daar is egter nie 'n voorbeeld van <i>'ga'</i> as eienaam in Bleek se woordeboek nie. Von Wielligh verskaf dus 'n unieke voorbeeld van hoe natuur-elemente in die   <i>xam</i> -verhaalskat gepersonifiseer is. | Onmoontlik.   |
| <i>'gagen</i>               | Ja.<br>Duiaternis<br>[eienaam]     | <i>ga:gen</i>                 | Ja, maar geen definisie of vertaling word verskaf nie. Dit verskyn in die oorspronklike   <i>xam</i> , maar word verder nie as 'n eienaam gebruik nie. | Ja. Daar is egter nie 'n voorbeeld van <i>'gagen'</i> as eienaam in Bleek se woordeboek nie. Nogmaals 'n unieke voorbeeld van personifikasie.   | Onmoontlik.   |
| <i>'kaun</i>                | Ja.<br>Vlaktes<br>[eienaam]        | <i>!aun</i>                   | Ja, maar geen definisie of vertaling word verskaf nie. Dit verskyn in die oorspronklike   <i>xam</i> , maar word verder nie as 'n eienaam gebruik nie. | Ja. Daar is egter nie 'n voorbeeld van <i>'kaun'</i> as eienaam in Bleek se woordeboek nie. Nogmaals 'n unieke voorbeeld van personifikasie.  | Onmoontlik.   |
| <i>'kou</i>                 | Ja.<br>Berge<br>[eienaam]          | <i>!ou</i>                    | Ja, maar 'n ontbrekende verklaring word verskaf.   | Ja. Daar is egter nie 'n voorbeeld van <i>'kou'</i> as eienaam in Bleek se woordeboek nie. Nogmaals 'n unieke voorbeeld van personifikasie.   | Moontlik.   |
| <i>'khwa</i>                | Ja.<br>Waters<br>[eienaam]         | <i>!khwa</i>                  | Ja, met 'n definisie.  | Ja. Daar is egter nie 'n voorbeeld van <i>'khwa'</i> as eienaam in Bleek se woordeboek nie. Nogmaals 'n unieke voorbeeld van personifikasie.  | Moontlik.   |

| Von Wielligh se ortografie. | Verskaf Von Wielligh 'n definisie? | Bleek en Lloyd se ortografie. | Verskyn die woord in <i>Specimens of Bushman Folklore</i> ?            | Stem Von Wielligh se vertaling en/of definisie ooreen met dié in D. Bleek se woordeboek? | Kon Von Wielligh op die woord en betekenis daarvan afgekom het deur <i>Specimens of Bushman Folklore</i> te lees? |
|-----------------------------|------------------------------------|-------------------------------|--|--|---|
| 'nu                         | Nee.                               | nu                            | Nee.   | Nee.   | Onmoontlik.   |
| 'ku                         | Nee.                               | !ku                           | Ja, in 'n voetnoot, maar geen vertaling of definisie word verskaf nie. | Nee.   | Moontlik.   |
| choro                       | Ja.<br>Osse [s.nw.]                | xoro                          | Ja, in 'n voetnoot.  | Ja.  | Moontlik.   |
| Tsau                        | Nee.                               | tsau                          | Ja, maar geen definisie word verskaf nie.                              | Ja.  | Moontlik.   |

## BIBLIOGRAFIE

- Biesele, M. 1993. *Women Like Meat: the folklore and foraging ideology of the Kalahari Ju/'hoan*. Johannesburg: Wits University Press.
- Bleek, DF. 1956. *A Bushman Dictionary*. New Haven: American Oriental Society.
- Bleek, WHI & Lloyd, LC. (eds). 1911. *Specimens of Bushman Folklore*. London: George Allen.
- De Prada-Samper, JM. 2017. G.R. von Wielligh and his Boesman-stories. *Academia.edu* Available at: [https://www.academia.edu/39370786/G\\_R\\_von\\_Wielligh\\_and\\_his\\_Boesman\\_stories](https://www.academia.edu/39370786/G_R_von_Wielligh_and_his_Boesman_stories) [Accessed 21 November 2021].
- Du Plessis, M. 2014. A century of the *Specimens of Bushman Folklore*: 100 years of linguistic neglect. In: Deacon, J & Skotnes, P. (eds). *The Courage of !kabbo: celebrating the 100th anniversary of the publication of Specimens of Bushman Folklore*. Cape Town: University of Cape Town Press, pp. 275-302.
- Ehret, C. 2011. *History and the Testimony of Language*. Berkeley: University of California Press.
- Foucault, M. 1972. *The Archaeology of Knowledge*. London: Tavistock.
- Hewitt, RL. 2008. *Structure, Meaning and Ritual in the Narratives of the Southern San*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Martinez, ZN. 1988. From a Representational to a Holographic Paradigm: The Emergence of Female Power. *Atlantis*, 14(1):134-401.
- Pitts, ME. 1990. The Holographic Paradigm: A New Model for the Study of Literature and Science. *Modern Language Studies*, 20(4):80-89.
- Pollock, S. 2015. Introduction. In: S Pollock, BA Elman & KK Chang (eds). *World Philology*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press, pp. 1-24.
- Schmidt, S. 2013. *South African /Xam Bushman Traditions and Their Relationships to Further Khoisan Folklore*. Köln: Rüdiger Köppe Verlag.

- Solomon, A. 2009. Broken strings: interdisciplinarity and |Xam oral literature. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 23(1):26-41.
- Southworth, FC. 2005. *Linguistic Archaeology of South Asia*. London: Routledge.
- Spear, T. 2019. *The Oxford Encyclopedia of African Historiography: Methods and Sources*. Oxford: Oxford University Press.
- Staphorst, Luan. 2022. “van die oorspronklike lippe” (“from the original lips”): The 19th Century Cape Colony, Holographic Archaeology and the Historicity of Gideon von Wielligh’s |xam-Afrikaans Collection. *Journal of Southern African Studies*, 48(6):993-1011.
- Van Vuuren, H. 2016. *A Necklace of Springbok Ears: /Xam orality and South African literature*. Stellenbosch: SUN Press.
- Von Wielligh, GR. (red.). 1919. *Boesman-Stories Deel I: Mitologie en legendes*. Kaapstad: De Nationale Pers.
- Wilber, K. (ed.). 1982. *The Holographic Paradigm and Other Paradoxes: Exploring the Leading Edge of Science*. Boulder & London: Shambala.

# Prof Ernst F Kotzé: Sy rol as taalkundige in *Die Bybel: 2020-vertaling*

*Prof Ernst F Kotzé: His role as linguist in the Afrikaans Bible translation of 2020*

**HJ BERNARD COMBRINK**

Universiteit van Stellenbosch  
Stellenbosch  
Suid-Afrika  
E-pos: hjbc@sun.ac.za



Bernard Combrink

**BERNARD COMBRINK** is emeritus professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het aan die Universiteit van Pretoria en die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer. Daarna was hy agtereenvolgens predikant in die NG Gemeente Wonderboom in Pretoria (1968–1970), senior lektor en voorsitter van die Departement Bybelkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit (tans Universiteit van Johannesburg van 1970 tot 1973) en senior lektor in die Departement Bybelkunde en Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria (1974–1975). Sedert 1976 het hy as senior lektor, medeprofessor en professor in die Departement Nuwe Testament, asook twee termyne as dekaan van die Fakulteit Teologie (1992–1994, 1998–2000) aan die Universiteit van Stellenbosch gedien. Hy was lid van die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling en Bybelverklaring van die NG Kerk sedert 1990, en voorsitter van 1994 tot 2005. Hy was ook lid van die Kerklike Advieskomitee (Bybelvertaling in Afrikaans) van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sedert 1990, en voorsitter van 2004 tot 2007. Hy was ook lid van die vertalingspaneel van *Die Bybel vir Dowes* (1997–2005). Vanaf 2006 tot 2020 was hy die projekteier van *Die Bybel 2020-vertaling*.

**BERNARD COMBRINK** is emeritus professor of New Testament at the University of Stellenbosch. He studied at the University of Pretoria and the Free University of Amsterdam. Thereafter, he served consecutively as minister in the Dutch Reformed congregation Wonderboom in Pretoria (1968–1970), senior lecturer and chair of the Department Biblical Studies at the Randse Afrikaanse Universiteit (currently University of Johannesburg from 1970 to 1973) and senior lecturer in the Department Biblical Studies and New Testament at the University of Pretoria (1974–1975). After 1976 he held the positions of lecturer, associate professor and professor in the Department New Testament, as well as Dean of the Faculty of Theology for two terms (1992–1994, 1998–2000) at the University of Stellenbosch. He was a member of the *Algemene Taakspan vir Bybelvertaling en Bybelverklaring* of the Dutch Reformed Church since 1990, and chair from 1994 to 2005. He was also a member of the Church Advisory Board (Bible Translation in Afrikaans) of the Bible Society of South Africa since 1990, and chair from 2004 to 2007. He was one of the translators of *Die Bybel vir Dowes* (1997–2005). From 2006 to 2020 he was the project leader of *Die Bybel: 2020-vertaling*.

**Datums:**

Ontvang: 2023-05-01

Goedgekeur: 2023-06-20

Gepubliseer: September 2023

**ABSTRACT*****Prof Ernst F Kotzé: His role as linguist in the Afrikaans Bible translation of 2020***

*It is a great privilege to highlight the important contribution of this internationally renowned and versatile linguist to the 2020-translation of the Bible in Afrikaans.*

**Initial phase**

*Since the beginning of the translation project prof. Kotzé, chair of the Language Commission of the South African Academy for Science and Arts (2003–2012), was involved in the planning of the manual for all collaborators, as well as the identification of language specialists to serve in various book teams as well as the linguistic advisory committee.*

**Linguistic advisory committee**

*The Bible Society invited Kotzé to chair a panel of linguistic advisers that eventually became a broader linguistic advisory panel and a smaller linguistic advisory committee respectively. In his capacity as chair, he played an essential role in the identification and placement of language specialists in the respective book translation teams, as well as the linguistic evaluation of the trial translations by language practitioners endeavouring to be part of the project. The linguistic advisory committee attended to various problematic issues such as punctuation, linguistic and textual features, etcetera. Kotzé then provided extensive guidelines to collaborators and proof-readers concerning various tricky issues. Since the beginning of the project, he was also a member of various book teams, as well as at a later stage of the editorial committees of the Old and the New Testament. Whenever expedient, he consulted with members of the Language Commission of the South African Academy for Science and Arts.*

**Executive committee**

*At the executive committee (policy committee) his opinion carried great weight. He submitted proposals concerning Fauna and Flora emanating from deliberations in this committee to the Language Commission of the South African Academy for Science and Arts to be considered for inclusion in their planned CD Rom, and saw to it that the project remained in sync with the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (Afrikaans Glossary and Spelling rules). With respect to the vexing issue of second person pronouns as form of address in Afrikaans, he also provided clear guidelines with regard to the dynamic of power and the dynamic of solidarity, respectively.*

**Editorial committees**

*In the editorial committees of the Old Testament and the New Testament, he was responsible for the final linguistic editing. He could, furthermore, substantiate the suitability of a specific word with reference to the statistical frequency of its usage in the Afrikaans linguistic corpus. Given his broad linguistic and semantic background, he could often pose probing questions to the exegetes and source language specialists concerning a specific translation proposal that often led to an adaptation of the translation. In this respect, his self-acquired knowledge of the source languages (as a non-theologian) often took the source language specialists by surprise. When the discussion sometimes became a bit heated, his sense of humour and witty remarks would invariably defuse the situation.*

**Approachability**

*The executive committee and the project leader had great appreciation for the fact that Ernst Kotzé was always willing to answer any enquiry by colleagues or proof-readers speedily and in detail. Even at a late stage in the project, he was still willing to edit the Introduction, Glossary and Accountability for consistency. Even after the publication of the translation, he*

still remains selflessly willing to answer enquiries to the Bible Society arising from feedback by readers.

### Public contributions

Prof. Kotzé often delivered addresses about Bible translation, speaking specifically about the linguistic aspects of the 2020 translation on Radio Sonder Grense (Radio Without Borders) and Radio Cape Pulpit. On the project's website ([www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za)) he answered specific questions received from readers. He explained different ways of spelling as well as the issue of loan-words resembling the source languages.

**KEYWORDS:** Bible Society of South Africa, Bible translation, steering committee, editorial committees, Linguistic Committee, style guide, linguist, Fauna and Flora, syntax, address forms, Language Commission of the South African Academy for Science and Arts, *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*

**TREFWOORDE:** Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Bybelvertaling, Begeleidingskomitee, Redaksionele Komitees, Taalkundige Komitee, huisstylgids, taalkundige, Fauna en Flora, sintaks, aanspreekvorms, Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*

### OPSOMMING

Prof. Kotzé, voorsitter van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (2003–2012), was vanaf die beginfase van die projek betrokke by die identifikasie van taalkundiges en oorhoofse beplanning. Hy was voorsitter van die Taalkundige Advieskomitee, lid van die Begeleidingskomitee, die Redaksionele Komitees van die Ou Testament en die Nuwe Testament, asook taalkundige in verskeie boekspanne. Vanuit sy breë taalkundige en semantiese agtergrond het hy deurlopend 'n reusebydrae tot die vertaling gelewer. Hy was en bly steeds bereid om noukeurig enige navraag te beantwoord. Met sy talle bydraes op die radio, webblad van die projek en elders, het hy die taalkundige uitdagings verbonde aan die projek helder en verstaanbaar breër bekendgestel.

\*\*\*\*\*

Dit is 'n besondere voorreg om in hierdie bundel ook enkele sake te kan uitlig ter hulding van prof. Ernst Kotzé, 'n fenomenale en veelsydige linguïst wat die projek van die Afrikaanse Bybelvertaling vereer het deur sy entoesiastiese medewerking asook sy kundige en uitmuntende insette van die begin tot die einde.

### Beginfase

Sedert die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, op versoek van die kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, in 2005 besluit het dat daar weer 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans onderneem moet word, het prof. Ernst Kotzé 'n uiters belangrike rol gespeel as Afrikaanse taalkundige in die projek wat uitgeloop het op die publikasie van *Die Bybel 2020-vertaling*.

In Augustus 2005 neem die Loodskomitee vir die beplande vertaling daarvan kennis dat prof. Kotzé as taalkundige genomineer is, en betrokke is by die samestelling van 'n Werkboek.

Hy sou ook die Bybelgenootskap van Suid-Afrika adviseer oor medewerkers. Saam met ander benoemdes woon hy die eerste opleidingseminare by die Universiteit van Stellenbosch in 2006 en 2007 by.

Prof. Kotzé het gedurende 2003–2012 ook nog as voorsitter van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns opgetree. Dit moet benadruk word dat, reeds vanaf die 1933/1953-Bybelvertaling, daar altyd die nouste samewerking tussen die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns was.

### **Taalkundige Advieskomitee**

Aan die begin van 2006 versoek die Bybelgenootskap van Suid-Afrika prof. Kotzé om leiding te neem by die paneel van Taalkundige Adviseurs, wat mettertyd ontwikkel het in 'n breër Taalkundige Adviespaneel en die kleiner Taalkundige Advieskomitee onderskeidelik. Hy dien ook as voorsitter van beide komitees. Die eerste vergadering van die Taalkundige Advieskomitee het plaasgevind op 19 Junie 2006. Ernst Kotzé het in hierdie hoedanigheid 'n wesenlike rol gespeel deur die identifisering van Afrikaanse taalkundiges wat as medewerkers genader kon word om in al die boekspanne in die verskillende fases van die projek te dien. Intussen is hy ook benoem op die Begeleidingskomitee wat as die beleidskomitee van die projek sou dien. Van die eerste take van die Taalkundige Advieskomitee was die opstel van die Huisstylgids wat in die Werkboek opgeneem moes word en wat as handleiding vir alle medewerkers moes dien. Verder was hy verantwoordelik vir die formulering van 'n konsepbrief aan die taalkundiges oor hulle rol en taak in die boekspanne en die proses as geheel. Hy het ook leiding geneem in die taalkundige evaluering van die eerste hoofstukke wat as proeflopië deur die intravertalers gelewer is.

In vergaderings van die Taalkundige Advieskomitee daarna was die volgende sake op die agenda:

- die rol van taalkundiges teenoor die rol van letterkundiges,
- taal- en tekskenmerke,
- aksenttekens,
- “se” (as besitsaanduiding) teenoor die “van”-konstruksie,
- die uitskryf van getalle,
- afkortings,
- solidus in voetnote,
- inklusiewe taalgebruik,
- prosodie-aanwysings,
- die historiese presens,
- voornaamwoordelike geslagsaanduiding by geselekteerde items (byvoorbeeld stede),
- die bepaalde lidwoord by eienskappe soos waarheid, geloof, die seisoene, die gebruik van “pa” en “vader”,
- los en vas skryf van werkwoordverbindings,
- Godsname in die Ou Testament.

Oor die meeste van hierdie sake het Ernst Kotzé spesifieke riglyne neergelê wat hy op verskillende maniere aan medewerkers en later ook vraestellers bekendgestel het. Ook oor leestekens verskaf hy leiding, soos dat die hoofoorweging by die plasing van leestekens in 'n teks optimale leesbaarheid is. Later in die proses verskaf hy breedvoerige riglyne aan proeflesers

oor direkte en indirekte rede, oor kommas, dubbelpunte en die inbedding van aanhalings in 'n ontkenning. Van die begin af was hy self ook aktief betrokke as die taalkundige lid van verskeie boekspanne van die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Deuterokanonieke boeke in fase 1 en 2 van die projek, en lewer hy daar waardevolle bydraes waarop later voortgebou kon word.

Wanneer hy dit nodig geag het, het Kotzé lede van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie geraadpleeg oor sake. 'n Netelige kwessie waaroor die Taalkommissie byvoorbeeld pertinent om advies gevra is, was die aanduiding van meervoudige vlakke van aanhalings in sommige profetiese uitsprake, sodat lesers beter kon verstaan wie in 'n bepaalde segging aan die woord is.

### **Begeleidingskomitee**

Wanneer bepaalde sake by die Begeleidingskomitee (beleidskomitee) ter sprake gekom het, is daar telkens swaar gesteun op prof. Kotzé. Ten opsigte van Bybelse name en Fauna en Flora het hy dit bespreek met kundige lede van die Begeleidingskomitee, die nodige aanpassings gemaak en dit dan aan die Taalkommissie van die Akademie voorgelê met die oog op opname op die CD Rom wat vir einde September 2011 deur die Taalkommissie in die vooruitsig gestel is. Hy was ook daarvoor verantwoordelik dat die Taalkundige Advieskomitee die Huisstylgids voortdurend hersien en aandag gegee het aan spesifieke sake na aanleiding van opmerkings deur die Redaksionele Komitees. Sintaktiese kwessies, asook moontlike aanvullings van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* het voortdurend sy aandag geniet. Hy gee ook duidelike riglyne oor die aanspreekvorme en pronominale persoonsverwysings. Dit behels sake soos die verstek-aanspreekvorm teenoor 'n vreemdeling, of van 'n eweknie onder volwassenes; verder ook in argumente en gesprekke waarin aan gespreksvoorwaardes (die sogenaamde Griceaanse gespreksvoorwaardes) vir samewerkende kommunikasie voldoen word. Dit sluit uitgebreide vrae in oor die aanspreekvorme “u” en “uself” teenoor 'n persoon van laer rang of posisie, en van 'n ouer persoon teenoor 'n kind, of waar 'n afwysende en aggressiewe verhouding ter sprake is. Daarby moes hy uitsluitel gee oor baie gevalle waar Jesus as volwassene met ander mense, of iemand met of oor Jesus praat wanneer die spreker sy goddelikheid erken, of waar verwys word na die eie persoon wanneer God (Vader, Seun, Heilige Gees) aan die woord is. Dit is later breedvoerig beredeneer in 'n gepubliseerde artikel.<sup>1</sup>

### **Redaksionele Komitees**

Toe die Redaksionele Komitees van die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Deuterokanonieke boeke later in die proses begin funksioneer het, dien prof. Kotzé aanvanklik as taalkundige in al drie hierdie komitees, totdat hy later (weens sy talle ander verpligtinge) op sy versoek by die Redaksionele Komitee van die Deuterokanonieke boeke deur prof. Jac Conradie vervang is. Teks wat deur die hele vertaalproses is, is by die Redaksionele Komitees van die Ou Testament en Nuwe Testament aan Ernst Kotzé voorgelê vir taalkundige redigering. Wanneer daar tydens die sitting van die Redaksionele Komitees gesprek gevoer is oor die

---

<sup>1</sup> Kotzé, Ernst F. Gesag en solidariteit: Aanspreekvorme en pronominale persoonsverwysings in die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020. Authority and solidarity: Forms of address and pronominal personal references in the Afrikaans Bible translation of 2020. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe / Journal of Humanities*, 60(4-1) (December 2020):1066-91.

gepastheid van ’n bepaalde woord of uitdrukking, is daar swaar gesteun op sy taalkundige en semantiese insigte, maar veral ook op sy vermoë om uit die betrokke korpus aan te dui wat die gebruiksfrekwensie van ’n bepaalde woord is en of die betrokke woord of uitdrukking argaïes is al dan nie.

Prof. Kotzé se mening oor kwessies van spelling en skryfwyse is deur die verskillende komitees as deurslaggewend aanvaar, veral omdat hy daarmee saam gewoonlik ’n bykomende verduideliking en toelighting kon gee, wat die Redaksionele Komitees hoog op prys gestel het. Vanuit sy breë verwysingsraamwerk en deeglike taalkundige en semantiese onderlegtheid kon hy ook indringende vrae aan die eksegete en brontaalkenners stel oor die gepastheid van ’n voorgestelde vertaalopsie, wat dan dikwels tot wysigings van die vertaling gelei het. Die merkwaardige is dat sy selfverworwe kennis van Grieks en Hebreeus (synde ’n nie-teoloog) dikwels die brontaalkenners beïndruk het.

Wanneer daar tydens Redaksionele Komiteevergaderings soms ernstige meningsverskille was, het sy sin vir humor en sy spitsvondige opmerkings menigmaal die spanning ontloot. So het hy byvoorbeeld dikwels, te midde van ’n ernstige en indringende gesprek, die komitee op hoogte gehou van die jongste telling in ’n spannende krieket- of rugbywedstryd. In hierdie kring het hy hom deur die jare as ’n opregte en meelewende vriend betoon wat almal se lewens deur die kwaliteit van sy vriendskap en menswees verryk het. Dit het dan ook by komiteedele innige meelewing gewek met hom en sy huis in moeilike en uitdagende tye.

## **Toeganklikheid**

Die Begeleidingskomitee en die projekteur het dit besonder waardeer dat prof. Kotzé altyd bereid was om op enige navraag deur kollegas en proeflesers, baie vinnig en uitvoerig te reageer. Hy het dikwels ekstra moeite gedoen om by voormalige en dienende kollegas van die Taalkommissie navraag te doen oor sake waaroor daar verskillende interpretasies moontlik was. Dit is juis gedoen om te verseker dat die *2020-Bybelvertaling* in pas sou wees met die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, die riglyne wat die Taalkommissie stel en hedendaagse Standaardafrikaans.

Selfs in die laaste fase van die projek was hy bereid om die Woordelys, Inleiding en Verantwoording in die vertaling weer te kontroleer en seker te maak dat die spelling en skryfwyse in die korpus konsekwent is. Selfs ná publikasie is hy steeds besig om onbaatsugtig ’n bydrae te lewer in verband met enige navrae. Hy lees steeds die publikasie met ’n kennersoog en stuur dan, waar ter sake, opmerkings vir oorweging aan die Bybelgenootskap.

## **Optrede na buite**

Ernst Kotzé se bydrae strek wyer as sy direkte rol in die vertaalprojek. Hy lewer talle voordragte oor Bybelvertaling waarin hy pertinent oor die *2020-vertaling* en die taalkundige aspekte daarvan praat. As ’n gereelde deelnemer aan die radioprogram “Die tale wat ons praat” op *Radio Sonder Grense* (tans “Taaldinge”), gesels hy byvoorbeeld op 26 Maart 2017 oor die taalkundige en vertaalkundige aspekte van die *2020-vertaling*, en op 9 April 2017 oor verdere uitdagings met betrekking tot die vertaling van die Bybel. In sulke bydraes, soos ook op *Radio Kaapse Kansel* (byvoorbeeld in 2019 en op 1 Julie 2020), wys hy onder meer op die uitdagings wat so ’n dokumentêre vertaling meebring, naamlik om die bronteks só weer te gee dat die beelde, metafore, styl en struktuur daarvan so ver moontlik behoue bly, maar dat dit tegelyk in vloeiende, idiomatiese Afrikaans is. In die RSG-program “Taaldinge” het hy ook op

15 November 2020, net voor die amptelike bekendstelling van die publikasie, oor die vertaalproses, die teoretiese begronding van die *2020-vertaling* en die unieke eienskappe van dié vertaling gepraat.<sup>2</sup>

In die rubriek “Vraag en antwoord” op die Bybelgenootskap se webblad vir die projek (www.bybeldirektevertaling.co.za), beantwoord hy meermale pertinente vrae oor die vertaling. Hy verduidelik onder meer waarom die spelling van byvoorbeeld *Martha*, *Athene* en *Thessalonika* (in plaas van die spelling sonder -h-) weer in die vertaling terugkeer, maar die spelling *Philippus* nie behou word nie. Op die webblad verduidelik **hy ook waarom Betlehem in die Bybel anders gespel word as Bet/lehem, die dorp in die Vrystaat**. Wanneer daar vrae oor die gebruik van vreemde terme of leenwoorde, kultuur- en tydspesifieke woorde na vore gekom het, het Ernst Kotzé op die webblad verduidelik dat die Redaksionele Komitees die riglyn volg om wel woorde te gebruik wat reeds in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* opgeneem is. Hy wys dan daarop dat byvoorbeeld in Matteus 27:27 die woorde “prokurator” en “kohort” reeds in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* opgeneem is, en alhoewel die woord “pretorium” nie in dié woordeboek opgeneem is nie, kom die verwante terme “pretor(-s)” (’n Romeinse stadhouer, hoogste landdros), “pretoriaan” en “pretoriane” (’n lid van die Romeinse keiserlike lyfwag) en “pretoriaans” wel voor in *Die Elektroniese Weergawe van Die Verklarende Handwoordeboek van Die Afrikaanse Taal* (Odendal, 1994).

Gedagtig aan die besonder belangrike rol wat die Nederlandse en Afrikaanse Bybels gespeel het in die vestiging en ontwikkeling van Afrikaans, kan die kardinale rol wat prof. Kotzé in die *2020-vertaling* vervul het met betrekking tot die voortbestaan en behoud van Afrikaans, moeilik oorskakel word.

Dit was en is steeds ’n enorme voorreg om hierdie beskeie en nederige mens te kon leer ken as spesialis op talle terreine, maar ook as vriend.

---

<sup>2</sup> In die rubriek “In die media” op die webblad www.bybeldirektevertaling.co.za is daar skakels na verskeie opredes van prof. Kotzé. Vgl ook Kotzé, Ernst. Die 2020-Bybelvertalingsproses as avontuur vir die taalkundige. Litnet: Seminare en Essays, <https://www.litnet.co.za/author/ernst-kotze/> [9 Junie 2021].

# 'n Beoordeling van tekstkritiese voetnote in die boek Esegïel in die 2020-vertaling van die Bybel<sup>1</sup>

*An evaluation of the text-critical footnotes in the Book of Ezekiel in the 2020 Afrikaans translation of the Bible*

**HERRIE VAN ROOY**

Skool vir Antieke Tale

Fakulteit Teologie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: herrie.vanrooy@nwu.ac.za



Herrie van Rooy

**HERRIE VAN ROOY** is emeritus professor in Ou Testament en Semitiese Tale aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), Suid-Afrika. Hy het sy PhD in 1977 verwerf en het Semitiese Tale en Ou Testament aan sy alma mater gedoseer in die tydperk 1980–2014. Hy het gedien in die bestuur van die Ou Testamentiese Vereniging van Suid-Afrika (1992–2004; voorsitter 1998–2004) en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Nabye Oosterse Studie (1988–2000; voorsitter 1996–2000). Hy dien in die redaksionele raad van Oudtestamentiese Studië sedert 1999. Hy was 'n lid van die Begeleidingskomitee en die Redaksionele Komitee vir die Ou Testament van die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans. Sy publikasies sluit in *Studies on the Syriac Apocryphal Psalms* (1999) en *The East Syriac Psalm Headings: A Critical Edition* (2013). Vir sy bydrae tot Bybelvertaling en die Afrikaanse Psalmomdigting het hy die ds Pieter van Drimmelen-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Hy is tans 'n B-gegradeerde navorser by die NNS.

**HERRIE VAN ROOY** is emeritus professor of Old Testament and Semitics at the North-West University (Potchefstroom Campus), South Africa. He received his PhD in 1977 and taught Semitics and Old Testament at his alma mater during 1980–2014. He served on the executive committees of the Old Testament Society (1992–2004; chair 1998–2004) and the South African Society of Near Eastern Studies (1988–2000; chair 1996–2000). He has served on the editorial board of Old Testament Studies since 1999. He was a member of the steering committee and the Old Testament editorial committee of the 2020 Afrikaans translation of the Bible. His publications include *Studies on the Syriac Apocryphal Psalms* (1999) and *The East Syriac Psalm Headings: A Critical Edition* (2013). For his work on Bible translation and the metrical version of the Psalms in Afrikaans, he received the Pieter van Drimmelen Medal from the South African Academy for Science and Arts. He is currently a B-rated scholar at the NRF.

<sup>1</sup> Dit is 'n voorreg om hierdie artikel op te dra aan my vriend en kollega Ernst Kotzé. Ons het vir meer as tien jaar saamgewerk op die Begeleidingskomitee en die Redaksionele Komitee vir die Ou Testament van die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans. Ernst het 'n groot bydrae gelewer tot die goeie, verstaanbare Afrikaans wat 'n besondere eienskap van hierdie vertaling is.

**Datums:**

Ontvang: 2023-05-30

Goedgekeur: 2023-06-22

Gepubliseer: September 2023

**ABSTRACT*****An evaluation of the text-critical footnotes in the Book of Ezekiel in the 2020 Afrikaans translation of the Bible***

*The 2020 translation of the Bible in Afrikaans is a direct translation that focuses on the source text in order to retain in the translation as much as possible of the source text, including stylistic features. The translation is based on a specific source text, the Biblia Hebraica Stuttgartensia (BHS). This text contains words or phrases that posed problems that had to be solved by applying text-critical principles. The choices made are explained in footnotes to the translation. The footnotes in the Book of Ezekiel are evaluated in this article. First, the nature of the 2020 translation is discussed, after which the text-critical approach followed in this translation of the Old Testament is considered. The text history of Ezekiel is then described. Of special importance is the relationship between the Masoretic text and the Septuagint (that is, the Old-Greek translation of the Hebrew). The Old Greek is shorter than the Masoretic text in most instances, with relatively few additions. It also represents an older version of the book. The footnotes are based on the BHS, other Hebrew manuscripts, and the four important ancient translations (the Old Greek, the Peshitta, the Targum and the Vulgate). The 144 or so text-critical footnotes in the book are divided into seven groups. These groups are: (i) instances where the footnote only states that there is a problem in the text (without a detailed description); (ii) instances where the ancient translations provide solutions to a particular problem in the text; (iii) instances where solutions in the ancient versions are discussed, but not applied; (iv) instances where the ancient versions disagree with the Masoretic text and have been followed; (v) instances where the ancient versions have not been followed, but are mentioned in the footnotes; (vi) instances where conjectures were accepted; and (vii) one example of a tiqqun soferim. A representative sample of the footnotes is discussed, but all examples are listed in the different groups. The footnotes refer to the different kinds of problem the translators encountered in the Book of Ezekiel. Some problems concern words with an uncertain meaning. Others indicate problems arising from the transmission of the text, such as haplography or dittography. In some instances the various textual witnesses offer a solution to a particular problem, while in other instances more than one solution is possible. The approach of the 2020 translation was to translate the Masoretic text whenever possible. When it was not possible, solutions suggested by the textual witnesses were considered and evaluated. The footnotes provide, in most instances, a justification for the choices made, as well as other possible solutions. In some instances the footnotes could have provided more information, and sometimes the translation deviates from the principle of closely following the Masoretic text and avoiding conjectures. In spite of some points of criticism, the footnotes testify to a principled approach to the text-critical problems encountered in the Book. In many instances the footnotes followed the consensus of opinion in various commentaries and translations. Where there was no clear consensus, the majority opinion was usually followed, although in a few cases the translators constructed their own solution.*

**KEYWORDS:** 2020 Afrikaans translation; ancient translations; Bible translation; direct translation; Ezekiel; Masoretic text; Old Greek; Peshitta; Septuagint; Targum; text-critical approach; textual criticism; translation footnotes; Vulgate

**TREFWOORDE:** 2020-vertaling; antieke vertalings; Bybelvertaling; direkte vertaling; Esegiël; Masoretiese teks; Ou Grieks; Pesjitta; Septuagint; Targum; tekskritiek; tekskritiese benadering; vertaalvoetnote; Vulgaat

## OPSOMMING

Die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans is 'n direkte vertaling wat bronteksgeoriënteerd is. Die vertalers het 'n spesifieke bronteks gebruik, maar soms was daar onduidelikhede in die bronteks wat deur die toepassing van tekskritiese beginsels opgelos kon word en in voetnote verduidelik is. Hierdie bydrae bespreek die boek Esegïël as voorbeeld. Die bespreking gee kortliks aandag aan die aard van die 2020-vertaling en bespreek die tekskritiese benadering wat in die vertaling van die Ou Testament gevolg is. Hierna kom die teksgeskiedenis van Esegïël aan die orde, gevolg deur 'n kort bespreking van die bronne wat vir die tekskritiese beoordeling van die teks van die boek gebruik is. Ná 'n oorsig oor die tekskritiese voetnote in die vertaling volg 'n bespreking van 'n verteenwoordigende aantal voorbeelde. Daar is 144 sulke voetnote in die boek. Die voetnote word bespreek in sewe groepe wat verband hou met veral die gebruik van die antieke vertalings van die Septuagint, die Targum, die Vulgaat en die Pesjitta om probleme op te los. Die voetnote in die boek Esegïël dui ook op die wisselende aard van die problematiek. Probleme hou dikwels verband met onbekende woordeskat, maar ook met probleme wat gedurende die teksoorlewering ingesluip het. In sommige gevalle bied die teksgetuies 'n duidelike oplossing, terwyl daar in ander gevalle meerdere moontlikhede bestaan. Die benadering van die 2020-vertaling tot tekskritiese probleme is om so ver moontlik by die Masoretiese teks te bly. Die voetnote getuig van 'n verantwoordelike hantering van tekskritiese probleme.

### 1. Inleiding

Die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans is 'n direkte vertaling wat bronteksgeoriënteerd is. Een van die kenmerke van hierdie soort vertaling is die gebruik van voetnote om verskillende sake toe te lig of te motiveer. Die vertalers het 'n spesifieke bronteks gebruik, maar soms was daar onduidelikhede in daardie bronteks wat alleen deur die toepassing van tekskritiese beginsels opgelos kon word. Voetnote is gebruik om die keuses wat gemaak is, te belig en te motiveer. In hierdie artikel word die boek Esegïël as voorbeeld bespreek in die lig van die besondere problematiek van die teksgeskiedenis van die boek. Die aard van die 2020-vertaling kom kortliks aan die orde, gevolg deur 'n bespreking van die tekskritiese benadering wat in die vertaling van die Ou Testament gevolg is. Dan volg 'n bespreking van die teksgeskiedenis van Esegïël, waarna die bronne wat vir die tekskritiese beoordeling van die teks van die boek gebruik is, kortliks bespreek word. Ná 'n oorsig oor die tekskritiese voetnote in die vertaling word 'n verteenwoordigende aantal voorbeelde bespreek. Daar is altesaam 144 sulke voetnote in die boek waaruit 'n seleksie van belangrike voorbeelde gemaak is.

### 2. Die aard van die 2020-vertaling

Die Voorwoord by die 2020-vertaling<sup>2</sup> tipeer die vertaling as 'n direkte vertaling. Die vertaalopdrag word in die Voorwoord soos volg gestel:

Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategeese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

---

<sup>2</sup> Met “2020-vertaling” word in die teks van hierdie artikel altyd die volgende bedoel:

Die Bybel. 2020. *Die Bybel (met Deuterokanonieke boeke), 2020-vertaling*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Vir 'n bespreking van die aard van hierdie vertaling word die leser na vier bronne verwys, naamlik die Verantwoording in die 2020-vertaling (Die Bybel, 2020:325-327NT), Van der Merwe (2012 en 2020) en Naudé (2020).

Die Verantwoording (Die Bybel, 2020:325NT) gee 'n kort uiteensetting van die geskiedenis van hierdie vertaling, wat die Bybelgenootskap onderneem het ná intensiewe samesprekings met kerke wat Afrikaans in hulle bediening gebruik. Die vertaalproses het in vyf fases verloop voordat die vertaling in 2019 goedgekeur is en in 2020 gepubliseer is (Die Bybel, 2020:325-326NT).

In 2012, vier jaar nadat die vertalingsprojek van stapel gestuur is, het Christo van der Merwe 'n uiteensetting gegee van die proses wat op die formulering van die vertaalopdrag vir hierdie vertaling uitgeloop het, en van die model wat vir die vertaling gevolg is. Hy meld dat die funksionalistiese model van Nord gevolg is, maar dat die onderskeid wat Gutt tussen 'n direkte en 'n indirekte vertaling maak, ook gevolg is (Van der Merwe, 2012:3). Nord se model dui aan watter faktore in 'n vertaling in ag geneem moet word en dat dit belangrik is om die funksie van 'n vertaling te bepaal, soos wat duidelik gestel word in die vertaalopdrag wat vir hierdie vertaling geformuleer is. Wat ook uit die model blyk, is die gebruik van aanvullende inligting by so 'n vertaling (Van der Merwe, 2012:4). Dit het gelei tot die gebruik van voetnote in die 2020-vertaling om aanvullende inligting te gee. Die Voorwoord van die 2020-vertaling meld dat sosiokulturele inligting in voetnote verstrek word, maar ook besonderhede oor vertaalkeuses en ander vertaalmoontlikhede. 'n Direkte vertaling poog om so na moontlik aan die bronteks te bly deur die kommunikatiewe leidrade in die oorspronklike teks te volg (Van der Merwe, 2012:5). In hierdie proses kry woordorde, partikels en vaste uitdrukkings in die bronteks besondere aandag. Die 2020-vertaling bied 'n groot hoeveelheid aanvullende inligting in voetnote aan, om so die leser te help om nader aan die milieu van die bron te kom (Van Der Merwe, 2012:7). In sy 2020-artikel bespreek Van der Merwe weer die teoretiese model, maar dan as die 2020-vertaling reeds voltooi is. In daardie artikel wys hy aanvullend op die rol wat die kognitiewe taalkunde in die vertaalproses gespeel het. Wat veral hieruit blyk, is dat die vertaling van 'n antieke teks, soos die Bybel, nie net transkulturele kommunikasie is nie, maar ook sekondêre kommunikasie. Die Bybel in die oorspronklike tale (Hebreeus, Aramees en Grieks) is die primêre kommunikasie. In die benadering wat vir die 2020-vertaling gevolg is, was spanwerk baie belangrik. Dit het in sekere sin uitgeloop op onderhandelinge tussen brontaalkenners en doeltaalkenners om die betekenis van die bronteks in hedendaagse taal te verwoord (Van der Merwe, 2020:900). Juis in hierdie opsig speel voetnote 'n belangrike rol om die moderne leser in die wêreld van die bronteks in te lei.

Die artikel van Naudé (2020) bied 'n belangrike oorsig oor Bybelvertalings in Afrikaans, asook die beginsels en benaderings wat vir die 2020-vertaling gegeld het. Hy wys daarop dat die 2020-vertaling 'n komplekse vertaling is waarin betekenis en kultuur aandag kry (Naudé, 2020:879). Hy toon aan dat hierdie soort vertaling ruim van voetnote gebruik moet maak. Die voetnote bevat inligting oor onder meer bronteksgedeeltes wat verskillend vertaal kan word, sosiokulturele inligting en inligting oor vertaalkeuses en ander vertaalmoontlikhede (Naudé, 2020:883-884). Hoewel tekskritiese sake in die genoemde bronne ter sprake kom, word dit nie omvattend bespreek nie, soos in die volgende afdeling aangedui word.

### **3. Die tekskritiese benadering van die vertaling van die Ou Testament**

Würthwein en Fischer (2014:165-169) bied 'n goeie oorsig oor verskillende definisies vir die wetenskaplike benadering wat bekendstaan as die tekskritiek van die Ou Testament. Ouer benaderings het gepoog om die oorspronklike teks van die boeke van die Ou Testament vas

te stel. Jonger benaderings dui aan dat dit 'n onhaalbare doelstelling is. Sommige nuwer benaderings poog om die oudste haalbare teks vas te stel, terwyl ander bloot probeer om foute in die oorlewering van die teks vas te stel en te korrigeer. Würthwein en Fischer (2014:168-169) sê dat tekskritiek te doen het met die geskiedenis van die oorlewering van die teks van die Ou Testament. Dit poog om foute en doelbewuste veranderings in die teks op te spoor en om die oorsprong daarvan te verklaar. Die doel is om 'n betroubare en verantwoorde wetenskaplike teks te rekonstrueer, wat dan probeer om so na as moontlik aan 'n (moontlike) oorspronklike teks uit te kom.

Tekskritiese voetnote was deel van die beplanning vir die 2020-vertaling. Die Verantwoording (Die Bybel, 2020:326NT) bevat 'n kort opmerking daaroor. Wanneer daar probleme in die bronteks is, is die antieke vertalings (Grieks, Latyn, Siries en Aramees) geraadpleeg, asook Hebreuse manuskripte soos die Dooie See-rolle. Die bronteks wat gebruik is, die *Biblia Hebraica Stuttgartensia*, het voetnote wat onder andere sulke variante lesings aandui. Die Redaksionele Komitee vir die Ou Testament het egter waar nodig die belangrikste uitgawes van die vier antieke vertalings geraadpleeg, omdat die bronteks nie alle relevante inligting gee nie. Die bronne wat in die vorige afdeling bespreek is, bied nie uitvoerige besprekings van die beginsels wat in die beoordeling van die tekskritiese probleme gegeld het nie. Van der Merwe (2012:7) noem tekskritiese probleme wel een van die belangrikste probleme waarmee die vertalers van die 2020-vertaling moes worstel. Alhoewel die Redaksionele Komitee vir die Ou Testament nie beginsels uitgestippel het nie, kan daar tog afleidings gemaak word oor die kerwysse wanneer die voetnote beoordeel word.

In drie publikasies het ek aandag gegee aan die tekskritiese benadering van die 2020-vertaling, twee voor die verskyning van die 2020-vertaling (Van Rooy, 2017 en 2019) en een by die verskyning daarvan (Van Rooy, 2020). Dit is dus nie nodig om al die besonderhede te herhaal nie; daar kan volstaan word met enkele opmerkings.

Nadat verskillende sake rakende die tekskritiek bespreek is, gee Van Rooy (2017:11-12) 'n uiteensetting van belangrike beginsels vir die hantering van tekskritiese probleme in gevalle waar die Masoretiese teks as die bronteks gekies is. Die vertrekpunt van die beginsels is basies konserwatief, naamlik om nie te maklik van die Hebreuse teks af te wyk nie. Dit beteken dat as die Hebreuse teks onproblematies is, die teks so vertaal moet word. In party uitgawes van die Hebreuse Ou Testament en in sommige kommentare word soms lesings voorgestel wat geen tekskritiese ondersteuning geniet nie. Sulke voorstelle is nie maklik in 'n vertaling soos die 2020-vertaling aanvaar nie. Indien die ander teksgetuies, soos Hebreuse manuskripte of die antieke vertalings, van die Masoretiese teks verskil en daardie verskille verteenwoordig geldige alternatiewe, sal die Masoretiese teks behou word, met moontlik 'n voetnoot wat die ander moontlikheid of moontlikhede aandui. Wanneer daar in die Masoretiese teks 'n ernstige probleem is, word moontlikhede in ander manuskripte of die antieke vertalings beoordeel. Indien lesings afkomstig van die ander getuies aanvaar word, behoort 'n voetnoot dit te verduidelik, met, indien moontlik, 'n vertaling van die Masoretiese teks. Konjektore, dit wil sê voorstelle sonder enige ondersteuning uit die antieke vertalings of Hebreuse manuskripte, is die laaste uitweg. Van Rooy (2017 en 2019) maak enkele voorstelle oor die hantering van sulke gevalle in Esegjël. Die gevalle sal aan die orde kom in die bespreking van die voetnote van die finale 2020-vertaling. Van Rooy (2020) dui aan dat die 2020-vertaling nie 'n slaafse vertaling van die Masoretiese teks is nie, maar 'n eklektiese vertaling op grond van die relatief baie gevalle waar die vertaling nie die Masoretiese teks volg nie. In sulke gevalle is tekskritiese voetnote noodsaaklik om die leser insig te gee in die probleme wat die vertaling van 'n antieke teks kan meebring. Die 2020-vertaling kan dus beskou word as 'n vertaling wat die Masoretiese

teks so ver moontlik volg, maar wat in gevalle waar dit daarvan afwyk, die afwyking in voetnote motiveer. Die bespreking en beoordeling van hierdie voetnote in Esegïel kan dit duidelik maak of daar in hierdie opsig konsekwent en verantwoordelik opgetree is.

#### 4. Enkele opmerkings oor die teksgeskiedenis van Esegïel

Dit is onmoontlik om hier 'n volledige oorsig oor die teksgeskiedenis van Esegïel te gee. Vier belangrike bydraes in 'n bundel wat in 2017 verskyn het, gee 'n oorsig oor die geskiedenis van die Hebreuse teks en ook van die belangrikste antieke vertalings (Lange, 2017; Tooman 2017a en b; Lust, 2017).

Wat die Septuagint betref, toon Lilly oortuigend aan dat Papius 967 en die Masoretiese teks twee verskillende literêre uitgawes verteenwoordig. Papius 967 verteenwoordig 'n korter Hebreuse teks en is 'n getroue weergawe van daardie bronteks. Die Masoretiese teks verteenwoordig 'n verdere ontwikkeling van die Hebreuse teks as dié wat onderliggend aan die Ou Grieks is (Lilly, 2012:301-303).<sup>3</sup> Tooman (2017a:566) onderskryf ook hierdie standpunt, maar oordeel dat die twee tradisies berus op 'n oorspronklike Hebreuse teks wat óf dieselfde óf feitlik dieselfde was. Hierdie standpunt word ook deur Lust (2017) ondersteun. Alhoewel dit waarskynlik is dat die Hebreuse teks onderliggend aan die Ou Grieks ouer is as die teks agter die Masoretiese teks, is die 2020-vertaling egter 'n vertaling van die Masoretiese teks. Waar die Griekse en Hebreuse tekste beide geloofwaardig is, sal die Masoretiese teks gewoonlik die voorkeur geniet.

Joyce (2009:44-48) bied 'n goeie oorsig oor die verhouding tussen die twee tradisies van Esegïel. Wat die ander drie antieke vertalings betref, benewens die Ou Grieks, gee hy ook 'n goeie uiteensetting (2009:48-49). Die Aramese Targum, die Pesjitta en die Vulgaat is al drie vertaal uit 'n Hebreuse teks of tekste in die Masoretiese tradisie. Die Targum is dikwels nie 'n direkte vertaling nie, maar 'n parafrase van die Hebreuse teks in Aramees. Die Vulgaat en Pesjitta is relatief letterlike vertalings. Alhoewel die drie vertalings van minder waarde is as die Ou Grieks, moet hulle wel in elke geval oorweeg word, veral in die gevalle waar hulle, vergeleke met die Masoretiese teks, met die Ou Grieks ooreenstem.

Vir die 2020-vertaling is die uitgawe van Elliger en Rudolph (1987) gebruik.<sup>4</sup> Wat die vier antieke vertalings betref, is die uitgawe van Ziegler (2006) vir die Grieks, die uitgawe van Weber en Gryson (1969) vir die Vulgaat en die uitgawe van Mulder (1985) vir die Pesjitta gebruik. Vir die Targum Jonathan is die uitgawe van Speiser gebruik, soos gevind in die Logos-uitgawe (Comprehensive Aramaic Lexicon, 2005).

#### 5. 'n Oorsig oor die tekskritiese voetnote

In die boek Esegïel word 144 voetnote met tekskritiese aantekeninge aangetref. Hulle kan ingedeel word in groepe wat soos volg beskryf word:

Voetnote is ingevoeg –

- A. wanneer daar onsekerheid oor die betekenis van die bronteks bestaan; geen verdere voorstelle of inligting word egter in die voetnoot verstrekk nie;

<sup>3</sup> Met “Ou Grieks” word hier bedoel die oudste Griekse teks van die Septuagint wat gerekonstrueer kan word. Vir praktiese doeleindes is dit, wat Esegïel betref, ongeveer die teks soos deur Ziegler (2006) gepubliseer.

<sup>4</sup> Hierdie uitgawe word telkens die BHS genoem, die standaardafkorting daarvoor.

- B. wanneer die betekenis van die bronteks onseker is en ander teksgetuies, soos die Ou Grieks, 'n moontlike oplossing bied;
- C. wanneer daar onsekerheid oor die betekenis van die bronteks is en ander moontlikhede op grond van ander teksgetuies in die voetnoot vermeld word, maar die alternatiewe lesing(s) nie gevolg word nie;
- D. wanneer die ander teksgetuies van die bronteks verskil en die ander lesings gevolg word;
- E. wanneer die vertaling die bronteks volg, maar ander teksgetuies en moderne vertalings daarvan verskil en daardie verskil dan in 'n voetnoot vermeld word;
- F. wanneer die vertaling op 'n konjektuur berus; en
- G. by 'n tiqqun soferim

Die tabel hier onder dui aan watter tekste waarby voetnote in die boek Esegieël gevoeg is, by watter voetnootgroep ingedeel is. Wanneer daar meer as een tekskritiese voetnoot by 'n spesifieke vers voorkom, word hulle onderskei deur 'n syfer tussen hakies ná die versaan- duiding.

|   |  |
|---|--|
| A | 1:14 (3); 5:7 (1); 7:7 (1 en 2), 11; 12:10; 14; 16:36; 19:5; 21:10; 23:42; 24:12; 26:17; 27:17 (1), 32; 28:12; 30:5 (1 en 2); 39:2; 40:15, 16 (1 en 2); 41:7, 8, 12, 15, 16 (1), 16 (2), 25; 43:7 (1); 44:30<br>(12) (6) (1) (12) <sup>5</sup>   |
| B | 1:4, 14 (2); 8:2, 24; 19:7, 9; 21:15(1), 16 (1); 23:24; 26:20; 28:14 (1 en 2), 16; 29:7; 31:10 (1 en 2)<br>(9) (7) (0) (0)   |
| C | 1:14 (1), 16:16, 24; 23:43; 28:13; 32:5, 27; 36:15; 40:14, 30; 41:17<br>(4) (3) (1) (3)  |
| D | 1:20; 5:7 (2); 6:6, 14; 7:13, 20; 10:9, 19; 11:7; 12:12; 13:11, 18; 14:8; 16:7, 45, 53; 17:21; 18:17; 21:16 (2), 28; 22:25; 24:10; 27:16, 19; 27:16, 17 (2); 31:14; 32:9, 26; 37:8, 23; 40:9, 19, 37, 44 (1 en 2), 48, 49; 41:1, 3, 9, 21, 22 (1 en 2), 42:4, 10 (1 en 2), 16 (1 en 2); 43:3 (1 en 2); 43:7 (2), 13; 44:19; 45:1, 5, 15; 46:10, 16, 17, 22 (1 en 2); 47:9; 13, 16 (1 en 2), 18 (1 en 2), 19; 48:9, 34<br>(22) (7) (2) (40) |
| E | 11:13; 16:6, 57; 24:17, 34:3; 36:15<br>(3) (1) (2) (0)   |
| F | 3:12; 14:14; 21:15 (2, vers 20 in die Masoretiese teks), 28:3; 32:25; 40:16 (3); 41:16; 47:16<br>(3) (2) (0) (3)   |
| G | 8:17<br>(1)  |

<sup>5</sup> Die getalle in hakies verwys na die hoeveelheid kere wat die voorbeelde in die groep in vier dele van die boek voorkom: 1-24, 25-32, 33-39 en 40-40.

In die tabel hier onder word die verspreiding van die voetnote oor vier dele van die boek gegee. Die boek Esegïel word dikwels in drie dele verdeel, naamlik hoofstukke 1-24 (profesieë uitgespreek voor die val van Jerusalem), 25-32 (profesieë teen die nasies) en 33-48 (profesieë uitgespreek ná die val van Jerusalem). In die tabel word die derde gedeelte egter in twee verdeel. Die doel daarvan is om 'n duidelike beeld te kry van die aantal voetnote in die visioen van die tempel in hoofstukke 40-48. Dié gedeelte het 'n unieke karakter, met dikwels moeilike of onverstaanbare woorde en beelde. In hierdie nege hoofstukke kom meer voetnote voor as in elk van die ander drie gedeeltes van die boek.

Wat die verskillende groepe betref, kom amper die helfte van die voetnote voor by gevalle waar daar van die Masoretiese teks afgewyk is en lesings van een of meer van die ander teksgetuies gevolg is. Daar is 71 voetnote in hierdie groep, waarvan 40 in die visioen is wat in hoofstukke 40-48 vervat is. Die tweede grootste groep behels die gevalle waar die voetnoot bloot aandui dat die betekenis van die bronteks onseker is. Volgens die inhoud van hierdie voetnote is daar nie gegewens in ander teksgetuies wat help om die betrokke probleem op te los nie. Dit is dus 'n vraag of die voetnote wel tekskrities van aard is.

|               | A         | B         | C         | D         | E        | F        | G        | Totaal     |
|---------------|-----------|-----------|-----------|-----------|----------|----------|----------|------------|
| 1-24          | 12        | 9         | 4         | 22        | 4        | 3        | 1        | 55         |
| 25-32         | 6         | 7         | 3         | 7         | 0        | 2        | 0        | 25         |
| 33-39         | 1         | 0         | 1         | 2         | 2        | 0        | 0        | 6          |
| 40-48         | 12        | 0         | 3         | 40        | 0        | 3        | 0        | 58         |
| <b>Totaal</b> | <b>31</b> | <b>16</b> | <b>11</b> | <b>71</b> | <b>6</b> | <b>8</b> | <b>1</b> | <b>144</b> |

## 6. Bespreking en beoordeling van die voetnote

Dit is nie moontlik om in alle gevalle waar tekskritiese opmerkings gemaak sou kon word, voetnote daarvoor in 'n vertaling te plaas nie. Die aantal tekskritiese notas in Esegïel 1 in die BHS kan vergelyk word met die aantal tekskritiese voetnote in die 2020-vertaling. In Esegïel 1 het die 2020-vertaling tekskritiese voetnote by drie verse (4, 14 en 20), terwyl daar meer as 60 tekskritiese voetnote in dieselfde hoofstuk in die BHS is. In die drie artikels van Van Rooy (2017, 2019 en 2020) word 20 voorbeelde uit Esegïel bespreek. Slegs by 1:11 bevat die 2020-vertaling nie 'n voetnoot nie.

In 1:11 (sien Van Rooy, 2017:11) kom daar in die Hebreeus aan die begin van die vers 'n woord voor (vertaal as “en hulle gesigte”) wat nie goed in die konteks pas nie, aangesien die res van die vers handel oor die lewende wesens se vlerke. Die woord kom nie in die Ou Grieks voor nie. Die 2020-vertaling vertaal dit op 'n manier wat die woord koppel aan vers 10, wat oor die wesens se gesigte handel (“So was hulle gesigte”). Alhoewel die woord deur die ander drie antieke vertalings ondersteun word, word dit in heelparty vertalings weggelaat (Luther, 1984 en die 1933/53- en die 1983-vertaling).<sup>6</sup> 'n Voetnoot sou wel hier gepas wees, omdat die 1933/53- en die 1983-vertaling die woord uitlaat.

<sup>6</sup> “1933/53-vertaling” verwys altyd na:

*Die Bybel*. 1933/53. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

In die voetnote in die 2020-vertaling is sewe groepe onderskei. Die voorbeelde wat gekies is, kom in die verskillende groepe aan die orde. Die beskrywing van die groepe word in die bewoording hier bo aangebied.

- A. Wanneer daar onsekerheid oor die bronteks bestaan; geen verdere voorstelle of inligting word egter in die voetnoot verstrek nie

Daar is 31 voorbeelde in hierdie groep.

5:7 (1) is 'n tipiese voorbeeld. Die voetnoot noem dat daar onsekerheid oor die betrokke woord is en dat dit verskillend vertaal word. Die woord wat in die 2020-vertaling met “in verset was” vertaal is, kom slegs hier in die Ou Testament voor. Die 2020-vertaling volg die tekswysiging wat die BHS voorstel, sonder enige teksgetuienis. Hierdie wysiging word ondersteun deur Zimmerli (1979:151), terwyl hierdie en ander moontlikhede bespreek word deur Block (1997:199) en Allen (1994:52). Indien daar meer inligting in die voetnoot gegee is, sou dit kon dien as 'n voorbeeld van 'n konjektuur. Die antieke vertalings het dit almal verskillend vertaal, wat 'n teken is daarvan dat hulle nie die woord se betekenis geken het nie. Dit sou ook moontlik gewees het om by die verskillende vertaalmoontlikhede na die 1933/53- en die 1983-vertaling te verwys, wat dit ook verskillend vertaal het (onderskeidelik “opstandiger is” en “te kere gegaan”). 'n Soortgelyke geval kom in 7:11 voor, waar die woord *חָזַק* ook slegs hier voorkom (vgl. Van Rooy, 2019:266-267). Die 1933/53-vertaling (“heerliks”) en die 2020-vertaling (“voortrefliks”) is naby aan mekaar, terwyl 1983 se “klag” die woord verbind aan 'n bekende woord vir 'n klag, soos in Klaagliedere. Hiermee stem die NKJV<sup>7</sup> ooreen, terwyl die NRSV weer nader aan die 2020-vertaling is. Hierdie twee moontlikhede sou wel in die voetnoot vermeld kon gewees het.

By 7:7 kom vier voetnote voor, waarvan twee bloot noem dat daar onsekerheid oor die betekenis van die betrokke Hebreeuse woorde is. Hierdie twee woorde is inderdaad baie problematies, soos eintlik ook die hele vers. Die Ou Grieks laat byvoorbeeld die gedeelte weg waarin die eerste woord voorkom. 'n Mens sou dalk by beide voetnote kon byvoeg dat die antieke vertalings die hele vers verskillend vertaal. Block (1997:251) bied 'n volledige bespreking van die gedeelte, spesifiek ook van die betrokke twee woorde. In 'n geval soos hierdie het die vertalers wel 'n geldige probleem gehad weens die kompleksiteit van die bronteks, wat dit inderdaad moeilik maak om meer besonderhede in die voetnoot te bied.

By 27:17 word twee voetnote aangedui. Die eerste een gaan oor die pleknaam Minnit. In hierdie geval sê die voetnoot dat die betekenis onseker is, maar voeg dan by dat sommige dit vertaal met “rys”. Hierby word 'n verwysing na die pleknaam in Rigters 11:33 gegee. Die NBV<sup>8</sup> vertaal dit met “rys”, maar sonder 'n voetnoot. Zimmerli (1983:48) wys daarop dat die antieke vertalings dit almal verskillend vertaal. Hierdie geval is 'n goeie voorbeeld van hoe die voetnoot meer inligting bied as om bloot aan te dui dat die betekenis van die oorspronklike onseker is. Soortgelyke voorbeelde kom by 16:36, 19:5 en 21:10 voor.

Alle gevalle kan nie hier bespreek word nie, maar daar is heelwat voorbeelde van voetnote wat net meld dat daar onsekerheid is oor hoe die teks verstaan moet word, soms met 'n

---

“1983-vertaling” verwys altyd na:

*Die Bybel: Nuwe vertaling*. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

<sup>7</sup> Vir die Engelse vertalings van die Bybel word die standaardafkortings gebruik sonder om volledige bibliografiese inligting te gee: NRSV – *New Revised Standard Version*; NKJV – *New King James Version*; ASV – *American Standard Version*; ESV – *English Standard Version*.

<sup>8</sup> De Bijbel. 2004. *De Nieuwe Bijbelvertaling*. Heerenveen: Nederlands Bijbelgenootschap.

aanmerking by dat die teks verskillend vertaal word: 1:14 (3)<sup>9</sup>, 12:10, 14:4, 23:42; 24:12, 26:17, 17:32, 30:5 (1 en 2), 39:2, 40:15, 43:7, 8 (waar die voetnoot op 'n bouterm wys waarvan die betekenis onseker is), 15 (ook 'n bouterm), 16 (1 en 2 ook bouterm), 25 (ook 'n bouterm), 43:7 (1) en 44:30.

By 28:12 sê die voetnoot dat daar onsekerheid oor die betekenis van die bronteks is. Die betrokke frase word vertaal as “die toonbeeld van voortrefflikheid”. 'n Letterlike vertaling van die bronteks word in die voetnoot gegee (“die een wat volmaaktheid verseël”). Die 2020-vertaling volg een van die talle moontlikhede wat deur Koehler en Baumgartner (1999:1734-1735) vir die tweede woord in die Hebreus aangegee word, terwyl een vokaalverandering by die eerste woord aanvaar word. Zimmerli (1983:81) en Block (1998:99) gee 'n volledige bespreking van wat die antieke vertalings gedoen het en watter teksveranderings voorgestel word. Die 2020-vertaling bied 'n verantwoorde vertaling en die voetnoot gee net genoeg inligting om die leser iets van die probleem te laat beseef. Die NBV vertaal “een toonbeeld van perfectie”, dus ongeveer soos die 2020-vertaling. By 41:12 voeg die voetnoot by dat die woord dalk na 'n gebied verwys waarheen ongewyde persone nie mag gaan nie.

Die voetnote in hierdie afdeling volg nie almal dieselfde patroon nie. Soms word net genoem dat daar 'n probleem is met hoe die bronteks verstaan moet word, terwyl in ander gevalle meer toeligting verskaf word. Die tweede moontlikheid is verkieslik, omdat die eerste eintlik niksseggend is.

- B. Wanneer die betekenis van die bronteks onseker is en ander teksgetuies, soos onder meer die Ou Grieks, 'n moontlike oplossing bied

By 1:14 het die 2020-vertaling 'n voetnoot wat drie verskillende opmerkings maak, wat elkeen by 'n ander groep ingedeel kan word. Een het betrekking op die groep hier bo en 'n ander op die groep hier onder. Die middelste deel van die voetnoot handel oor die woord  $\text{איצו}$ , wat slegs hier in die Ou Testament voorkom. Die BHS stel voor dat die woord  $\text{איצו}$  verander moet word na  $\text{איצו}$ , in aansluiting by die lesing van die Vulgaat se *ibant* ('n imperfektum 3 manlik meervoud van die werkwoord *eo* [om te gaan]) Hierdie wysiging het 'n bekende uitdrukking tot gevolg, wat deur die 2020-vertaling idiomaties weergegee word (“heen en weer beweeg”). Dié voorstel word deur baie vertalings en kommentatore op die voetspoor van Zimmerli (1979:84) gevolg. Dit is inderdaad 'n goeie voorbeeld van 'n probleem wat opgelos kan word deur een of meer van die antieke vertalings te volg.

Esegiël 19:7 is 'n baie interessante voorbeeld, soos gesien kan word uit die verskillende vertalings van die eerste helfte van die vers hier onder:

|                    |   |
|--------------------|---|
| 1933/53-vertaling: | Hy het hulle weduwees beken en hulle stede verwoes.           |
| 1983-vertaling:    | Hy het hulle weduwees vir hom gevat en hulle stede verwoes.   |
| 2020-vertaling:    | Hy het hulle vestings verwoes, hulle dorpe in puin gelê.      |
| NBV:               | Hij verwoestte hun paleise, legde elke stad in puin.          |
| NRSV:              | And he ravaged their strongholds, and laid waste their towns. |
| NIV:               | He broke down their strongholds and devastated their towns,   |
| NKJV:              | He knew their desolate places, and laid waste their cities.   |
| ASV:               | And he knew their palaces, and laid waste their cities.       |

<sup>9</sup> Sien Van Rooy (2019:265-266) vir 'n bespreking van hierdie geval, en die voorstel daar gemaak. Dit betref die woord  $\text{קבצו}$ , wat slegs hier in die Ou Testament voorkom.

ESV: and (he) seized their widows. He laid waste their cities.  
 Luther 1984: Er zerstörte ihre Burgen und verwüstete ihre Städte.

Wat hierdie gedeelte betref, is daar klaarblyklik probleme met twee Hebreuse woorde in die sin. Die werkwoord word soms vertaal met “ken” of iets dergeliks en soms met “verwoes” of iets dergeliks. Die selfstandige naamwoord word óf vertaal met “weduwees” óf met “vestings”, “paleise” of iets dergeliks. Die tweede sin in die reël handel oor stede wat in puin gelê word, duidelik ’n parallel met die vertalings wat handel oor die verwoestings van vestings of paleise. Die ken van weduwees is nie parallel met die tweede gedeelte nie, en ’n mens sou in so ’n digterlike gedeelte ’n parallel verwag. Begg (1989) bied ’n omvattende bespreking van die verskillende voorstelle wat al gemaak is. Veral die eerste twee moontlikhede wat hy noem, is belangrik vir die verdeling van vertalings in verskillende groepe. Die tradisionalistiese benadering behou die Masoretiese teks en vertaal met “ken” en “weduwees” (Begg, 1989:370-372). Die 1933/53-vertaling, die 1983-vertaling en die ESV volg hierdie benadering. Die tweede moontlikheid sluit by veral die Targum aan (Begg, 1989:372-374). Dit is die benadering van die 2020-vertaling, die NBV, NRSV en NIV. Die ASV en NKJV behou die werkwoord van die Masoretiese teks, maar volg die Targum (of gee ’n ander verklaring as ‘weduwees’) by die naamwoord. Begg se eie voorstel (1989:377-380) behou die Masoretiese teks, maar dink dat die onderwerp van die werkwoord en die voornaamwoordelike suffiks by die naamwoord op twee verskillende persone betrekking het, naamlik Jojakim wat Joas (Jehoagas in die 2020-vertaling), sy voorganger, se harem oorgeneem het. Die voorstel volg die tradisionalistiese benadering, maar gee ’n nuwe historiese verklaring. Sommige van die vertalings gee ’n voetnoot by die eerste sin. Die 2020-vertaling se voetnoot hieroor is uitgebreid en lui soos volg:

**Hy ... verwoes:** Die Targum word hier gedeeltelik gevolg, en daar word aanvaar dat een konsonant verkeerd oorgeskryf is. Uit die vroeë vertalings is dit duidelik dat die betekenis van die bronteks onseker is; dit lui (vertaal) “Hy het met sy weduwees omgang gehad.”

Die NBV se voetnoot bevat dieselfde inhoud, maar verwys net na sommige ou vertalings. Die werkwoord wat dikwels met “ken” vertaal word, dui soms op seksuele omgang, soos in die 1933/53-vertaling se “beken”.

Die NKJV verwys in ’n voetnoot na drie van die antieke vertalings. Die Septuagint vertaal die gedeelte met “He stood in insolence”, die Targum met “He destroyed its palaces”, en die Vulgaat met “He learned to make widows”. Die 2020-vertaling volg die Targum, terwyl sommige, soos die Vulgaat, probeer om die bronteks te vertaal, soos aangedui in die 2020-vertaling se voetnoot. Die NKJV verwys nie na die Pesjitta se weergawe nie. Dit kan soos volg vertaal word: “Toe het hy in sy krag gegaan.”<sup>10</sup> Die oorsprong van die vertalings van die Ou Grieks en die Pesjitta is moeilik bepaalbaar. Soos die voetnoot van die 2020-vertaling aandui, sluit sommige vertalings by die Targum aan. Die NIV se voetnoot verwys na die Targum wat die werkwoord betref, maar nie die selfstandige naamwoord nie.

Die bronteks lui soos volg: וַיִּדַע אֱלֹהִים וַיִּשְׂרַף אֶת־בָּתְּיָוִן (וַיִּשְׂרַף). Die voetnote van die BHS stel voor dat veranderings by albei die woorde aangebring word. By die voorgestelde werkwoord (וַיִּשְׂרַף) word net een konsonant verander (*d* na *r*), maar die vokalisasie word ook verander na die normale lesing van die voorgestelde werkwoord. By die voorgestelde naamwoord (אֶת־בָּתְּיָוִן) word daar in die basiese woord ook een konsonant verander (*l* na *r*). Verder word ook voorgestel

<sup>10</sup> Eie vertaling.

dat die pronominale suffiks verander word van die derde persoon manlik enkelvoud (*sy*) na derde persoon manlik meervoud (*hulle*), wat beter in die konteks pas. In hierdie geval volg die 2020-vertaling die voorstelle van die BHS, en volg die Targum gedeeltelik, in die sin dat die Targum die derde persoon manlik enkelvoud suffiks behou het. Die voetnoot verwys na een konsonant wat verander moet word, maar daar is eintlik een in elk van die twee Hebreuse woorde. Zimmerli (1979:389) volg die Targumistiese benadering (wel met enkele voorbehoude). Greenberg (2008:348, 351-352) en Block (1997:596) behou die Masoretiese teks.

In die lig van die problematiek van die eerste gedeelte van die vers is die 2020-vertaling se voetnoot in ooreenstemming met die verskillende benaderings wat gevolg word. Dit steun gedeeltelik op die Targum. Die verwysing na een letter wat verander word, is nie volledig nie, omdat die vertaling die verandering van twee konsonante en die aanpassing van die voornaamwoordelike suffiks by die naamwoord veronderstel.

In baie gevalle volg die 2020-vertaling voorstelle wat deur die BHS gemaak word, dikwels met 'n verwysing na die Ou Grieks en ondersteun deur ander vertalings en kommentare. Die voetnote verwys ook dikwels na die bronteks indien die betekenis onseker is. Sulke gevalle word nie bespreek nie: 1:4, 8:2,<sup>11</sup> 19:19, 21:15 (1; vers 20 in die Masoretiese teks), 21:16 (1), 23:24, 26:20, 28:14 (1 en 2), 28:16, 29:7 (waar die Pesjitta gevolg word), en 31:10 (1 en 2).

In die meeste gevalle is daar onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, maar bied die antieke vertalings goeie oplossings. Die Ou Grieks word meestal gevolg, maar daar is enkele gevalle waar die Targum of Pesjitta gevolg word.

- C. Wanneer daar onsekerheid oor die betekenis van die bronteks is en ander moontlikhede op grond van ander teksgetuies in die voetnoot vermeld word, maar die alternatiewe lesing(s) nie gevolg word nie

In 1:14 (1) is daar nie soseer onsekerheid oor die betekenis van die bronteks nie. Die voetnoot meld wel tereg dat die hele vers deur die Septuagint uitgelaat is. Die Vulgaat en Pesjitta stem hier ooreen met die bronteks, en die weglating van die vers in die Ou Grieks is dus net een van verskeie plekke waar die Ou Grieks 'n korter teks as die Masoretiese teks het. Soortgelyke gevalle kom voor in 16:16 en 24, 23:43, 32:5 en 27, 36:15, 40:14 en 30, en 41:17.

Die gevalle hier bo is onproblematies omdat die 2020-vertaling daar die basiese uitgangspunt volg dat die Masoretiese teks so ver moontlik gevolg word.

- D. Wanneer die ander teksgetuies van die bronteks verskil en die ander lesings gevolg word

Van al die groepe het hierdie een die meeste voorbeelde: amper die helfte van al die tekskritiese voetnote in die 2020-vertaling van Esegïël. Meer as die helfte van die voetnote in die groep kom in Esegïël hoofstukke 40 tot 48 voor. Dit hou verband met die kompleksiteit van die visioen in daardie hoofstukke, waar daar dikwels onbekende argitektoniese woorde voorkom. Die bespreking begin met voorbeelde wat behandel is in die outeur se drie bydraes waarna in hierdie artikel verwys word.

---

<sup>11</sup> In 1:4 en 8:2 gaan dit oor dieselfde woord waarvan die betekenis onseker is en die vertaling van die Ou Grieks gevolg word.

Die voetnoot by 1:20 noem bloot die weglating van ’n frase wat waarskynlik ’n onnodige herhaling in die bronteks is. Die frase is ’n voorbeeld van dittografie: ’n foutiewe herhaling (sien Van Rooy, 1997:12). Die voetnoot sê dat die Pesjitta gevolg word, wat nie die herhaling het nie. Die Ou Grieks het nie die volle herhaling nie, maar vervang dit deur ’n verwysing na die lewende wesens. Dit maak goed sin en berus waarskynlik op so ’n lesing in die Ou Grieks se Hebreuse bronteks. Wat die voetnoot van die BHS nie meld nie, is dat die Vulgaat ook nie die herhaling het nie. Dit maak die aanvaarding van die weglating van die herhaling in die bronteks makliker. Die weglating van die herhaling kom algemeen in vertalings (1983-vertaling, ESV, NRSV, NIV) voor en ook in kommentare (Zimmerli, 1979:20-21; Block, 1997:99-100; Allen, 1994:7). Die 2020-vertaling se voetnoot kon wel die Vulgaat ook genoem het. Daar is waarskynlik net van die gegewens in die BHS se voetnoot gebruik gemaak, en die Vulgaat self is nie nagegaan nie.

Die tweede voetnoot by 5:7 handel oor die vraag of daar aan die einde van die vers ’n negatiewe partikel moet wees of nie. Die 2020-vertaling lui aan die einde van die vers dat die volk die gebruike van die nasies gevolg het. Die voetnoot noem dan dat die bronteks ’n negatiewe partikel het. Die 1933/53-vertaling het dit ook so vertaal (“nie gehandel het nie”). Die 1983-vertaling behou ook die negatief. Die voetnoot lui dat die 2020-vertaling talle Hebreuse manuskripte en uitgawes van die Ou Testament volg. Die enigste van die antieke vertalings wat nie die negatief het nie, is die Pesjitta. In die bespreking van hierdie voorbeeld wys Van Rooy (2019:273) daarop dat die meeste vertalings en kommentare die negatiewe partikel behou. Die 2020-vertaling gaan in teen hierdie byna algemene standpunt. Sommige van die vertalings wat die negatief behou, voeg wel ’n kwalifisering in (1933/53-vertaling: “selfs ... nie”; 1983-vertaling: “nie eens”; NIV: “not even”; NKJV: “nor even”; Luther “nicht einmal”; NBV: “evenmin”). Die NRSV laat die negativering weg, maar sonder ’n voetnoot. Sulke kwalifiserings dui wel op ’n ongemak om die bronteks gewoon met ’n negativering-partikel te vertaal. Van Rooy (2019:273) het geoordeel dat dit die beste sou wees om die bronteks te vertaal, maar met ’n voetnoot wat wys op die weglating van die partikel in sommige bronne. Die 2020-vertaling het in hierdie geval nie die bronteks direk vertaal nie, maar van die meerderheidstandpunt afgewyk, in teenstelling met die normale hantering van sulke gevalle.

In baie gevalle het die 2020-vertaling die antieke vertaling(s) gevolg, maar op ’n gemotiveerde manier. Sulke voorbeelde kom voor in 6:14; 7:13; 10:9 en 19; 11:7; 12:12; 13:11 en 18; 14:8; 16:7, 45 en 53; 18:17; 21:16 (2) en 28; 22:25; 24:10; 27:16 en 17(2); 31:14; 32:9 en 26; 40:9, 19, 37, 44 (1 en 2) en 48; 41:1, 3, 9, 21 en 22 (1 en 2); 42:4, 10 (1 en 2) en 16 (1 en 2); 43:3 (1 en 2), 7 (2) en 13; 44:19; 45:1, 5 en 15; 46:10, 16, 17 en 22 (1 en 2); 47:9, 13 (1 en 2), 18 (1 en 2) en 19; 48:9 en 34.

By 6:6 kon die voetnoot bygevoeg het dat die verskillende lesings te doen het met die weglating van een konsonant in die bronteks, terwyl die voetnoot by 7:20 kon bygevoeg het dat die verandering in die bronteks net een vokaal raak. In 37:23 is die vertaling van Symmachus tereg gevolg. Die voetnoot sou wel ook kon aandui dat die lesing die omruiling van twee konsonante in die Hebreus behels (sien Van Rooy, 2019:276). By 40:49 volg die vertaling die Ou Grieks (“Met tien trappe kon ’n mens daarheen opklim”). Dit behels dat die relatiewe partikel (“wat”) vervang word deur die telwoord “tien”. Zimmerli (1983:466), Block (1998:539) en Allen (1990:277) aanvaar ook die voorstel. Die 1983-vertaling het dit wel aanvaar, maar die 1933/53-vertaling nie. Die voetnoot in die 2020-vertaling is egter onvolledig omdat dit nie duidelik maak dat die bronteks die relatiewe partikel “wat” (“trappe wat”) het nie. By

17:21 sou die voetnoot wel kon noem dat die verandering die omruiling van twee konsonante in die bronteks behels. By 27:19 se eerste voetnoot sou bygevoeg kon word dat die lesing wat die vertalers aanvaar het, die verandering van een konsonant inhou, omdat die betrokke twee konsonante dikwels verwar word. By 37:8 kon die voetnoot uitgebrei word sodat dit noem dat die lesing wat aanvaar is, op die voorstel van die BHS op verandering van vokale berus.

Die voetnoot by 6:14 is 'n goeie voorbeeld van een wat 'n omvattende verduideliking gee, soos by die gevalle genoem in die vorige paragraaf gedoen kon gewees het.

In hierdie groep voetnote het die 2020-vertaling in die meeste gevalle op goeie gronde van die bronteks afgewyk. In enkele gevalle sou die vertaling ook die bronteks kon gevolg het, met voorstel(le) wat op grond van die antieke vertalings berus, in die voetnote. In enkele gevalle sou die voetnoot wel vollediger kon wees, byvoorbeeld deur daarop te wys dat konsonante moontlik omgeruil is of dat een konsonant vervang is deur een waarmee dit dikwels verwar word.

- E. Wanneer die vertaling die bronteks volg, maar ander teksgetuies en moderne vertalings daarvan verskil

Daar is net ses voorbeelde in hierdie groep. Alhoewel die redaksie geoordeel het dat die ander getuies se lesing belangrik is, het hulle dit nie gevolg nie. Dit is in ooreenstemming met die beginselbesluit om so ver moontlik by die Masoretiese teks te bly.

'n Goeie voorbeeld van hierdie groep kom by 11:13 voor. Die 2020-vertaling het die betrokke gedeelte van vers 13 soos volg vertaal: “‘Ag, HERE, my Heer! Volslae vernietiging, dit is wat U doen aan dié wat oorgebly het van Israel!’” Die voetnoot sê dat die Septuagint (Ou Grieks) en talle vertalings dit met 'n vraag weergee, in aansluiting by 9:8. Die voetnoot het heeltemal gelyk. Die talle vertalings sluit die 1933/53- en die 1983-vertaling in, asook die ESV, NKJV, NRSV; Luther (1984), ASV, NBV en die NIV. Die vraagpartikel in Hebreeus is die letter *h*, gevolg deur 'n vokaal. Die eerste gedeelte van die sin is in die Hebreeus soos volg: אֲדֹנָי יְהוִה קָלָה אֲתָה עֲשֵׂה. Zimmerli (1979:229) meen dat die vraagpartikel voor die woord vir volslae vernietiging (קָלָה) deur haplografie uitgeval het. Die vorige woord eindig met 'n *h*. Hy ondersteun dus die gedagte van 'n vraag. Allen (1990:128) meen dat die stelling sin maak, ook as bevestiging van die vraag in 9:8 (sien ook Block, 1997:338-339). Die 2020-vertaling het besluit om die Masoretiese teks te volg, maar die voetnoot wys op die alternatief. Die voetnoot is belangrik omdat die 1933/53- en die 1983-vertaling die gedeelte as 'n vraag vertaal het, anders as wat die 2020-vertaling gedoen het.

In 16:6 behou die 2020-vertaling die herhaling aan die einde van die vers, maar die voetnoot noem dat die Ou Grieks, die Pesjitta en sommige Hebreeuse manuskripte dit uitlaat. Nog gevalle waarin die voetnote ander moontlikhede noem, maar die vertaling dit nie volg nie, kom voor in 16:57, 24:17, 34:3 en 36:15.

In al hierdie gevalle bly die vertaling by die basiese beginsel om by die Masoretiese teks te hou. Die alternatiewe word in die voetnote gemeld omdat sommige van die antieke vertalings en/of moderne vertalings wel die alternatief het. Dit is veral belangrik in die gevalle waar die 1933/53- en die 1983-vertaling wel voorstelle gemaak op grond van lesings in die antieke vertalings, aanvaar het. Omdat die twee vertalings nie voetnote in sulke gevalle het nie, is daar dus geen motivering hiervoor gegee nie.

F. Wanneer die vertaling op 'n konjektuur berus.

Die 2020-vertaling het probeer om so min moontlik van konjekturre gebruik te maak. Daar is dus ook min voorbeelde hiervan.<sup>12</sup> In die verskillende voorbeelde neem 3:12 'n besondere plek in. Die 2020-vertaling lui soos volg:

'n Gees het my opgelig, en ek het agter my die geluid van 'n harde dreuning gehoor toe die heerlijkheid van die HERE van sy plek af opstyg.

Die 1933/53-vertaling klink heel anders:

Toe het die Gees my opgeneem, en ek het agter my die geluid van 'n groot gedreun gehoor wat sê: Geloofd sy die heerlijkheid van die HERE uit sy woonplek!

Die 2020-vertaling het hierby 'n lang voetnoot, wat met die 1933/53-vertaling se inhoud ooreenstem:

**heerlikheid ... opstyg:** Hierdie lesing volg sommige moderne vertalings wat veronderstel dat een konsonant in die bronteks verkeerd oorgeskryf is. Die bronteks lui (vertaal) “die heerlijkheid van die HERE moet geprys word uit sy plek”.

Die vertaling van die 2020-vertaling berus op 'n konjektuur, wat in die Hebreeus 'n *k* deur 'n *m* vervang. Die twee letters kan in die Ou Hebreeuse skrif maklik verwar word, soos Block (1998:135) aandui. Al die ou vertalings stem met die Masoretiese teks saam, wat dus impliseer dat die fout baie vroeg in die oorlewering van die teks plaasgevind het, voordat die Jode die ou Hebreeuse skrif deur die Aramese kwadraatskrif vervang het. Zimmerli (1979:94), Allen (1990:13) en Block (1998:134-135) aanvaar almal hierdie voorstel, soos ook die NRSV en Luther (1984). Ander vertalings, soos die NIV en NBV, bly egter by die Masoretiese teks. Dit is dus duidelik dat verskillende vertalings verskillende keuses gemaak het. Die 2020-vertaling het hier wegbeweeg van die beginsel om by die Masoretiese teks te bly. Block (1998:134-135) gee goeie redes hoekom die voorstel aanvaarbaar is. Al bestaan daar meningsverskil oor wat die beste vertaling is, volg die 2020-vertaling 'n voorstel wat wyd aanvaar word.

In 14:14 en 28:3 verwys die 2020-vertaling na Noag, Danel en Job. Die Masoretiese Teks lui egter Daniël. Die weglating van die *i* in die Hebreeus word in die voetnoot verduidelik. Job en Noag is figure uit die verre verlede, terwyl die Daniël nog in die tyd van Esegïël 'n jong seun sou gewees het. Die voetnoot verwys tereg na 'n figuur wat uit die tekste van Ugarit bekend is as 'n wyse man uit die verre verlede (vgl. Zimmerli, 1979:314-315). Aangesien hierdie verandering net op die weglating van een vokaal berus en niks aan die konsonantiese teks verander nie, is dit 'n goeie verandering.

Ander verantwoordbare voorbeelde kom voor in 21:15 (vers 20 in die Masoretiese teks), 32:25, 40:16 (3), 41:16 en 47:16. Dis duidelik dat die 2020-vertaling by die beginsel gehou het om so min moontlik met konjekturre te werk.

G. By 'n *tiqqun soferim*

Die uitdrukking *tiqqun soferim* dui op 'n korreksie deur die oorskrywers. Sulke korreksies is variante wat nie in die Masoretiese teks aangebring is nie, maar wat wys op veranderinge wat

<sup>12</sup> Gevalle wat bloot op verskillende interpretasies van die bronteks berus, soos in 9:9 en 18:22, word nie hierby ingesluit nie.

in die teks aangebring is wanneer die oorspronklike lesing volgens die oorskrywers se mening vir God aanstootlik sou wees. Die getal wissel tussen 8 en 16 in verskillende bronne. Die meeste van die veranderinge het te doen met een of twee konsonante, en dikwels gaan dit oor voornaamwoordelike suffikse (vgl. Tov, 2012:59-61). In Esegïel 8:17 kom 'n voorbeeld hiervan voor. Die Masoretiese teks is soos volg:

וְהָנִים שְׁלֹחִים אֶת־הַזְּמֹרָה אֶל־אַפָּם

Die 1933/53-vertaling het dit letterlik vertaal: “En kyk hoe hulle die druiwetak by hulle neus hou!” Die NIV se vertaling is ongeveer dieselfde: “Look at them putting the branch to their nose!” Die 1983-vertaling het ook “hulle neuse”. Die 2020-vertaling is egter anders: “Kyk, hulle steek 'n wingerdrank uit na my neus.” Hierdie vertaling volg die voorstel van die oorskrywers dat “hulle” na “my” verander. Die verandering behels bloot dat daar by die voornaamwoordelike suffiks in die Hebreeus 'n y geles word in plaas van 'n m en daarmee saam die verandering van die vokaal om by die konsonantiese teks te pas. Die voetnoot van die 2020-vertaling stel dit duidelik:

**steek ... neus:** Dit was 'n spottende gebaar. Die bronteks lui (vertaal) “hulle neus”. Die teks het oorspronklik (vertaal) gelui “my neus”, maar is doelbewus verander deur die oorskrywers van die teks.

Die voetnoot kon wel uitgebrei gewees het om aan te dui dat die oorskrywers nie 'n spottende gebaar op God gerig in die teks wou behou nie. Dié gedeelte word in verskillende vertalings verskillend weergegee, afhangende daarvan of hulle die voorstel volg of nie. Die ESV bly by die Masoretiese teks, maar verwys in 'n voetnoot na die alternatief. Die NKJV, ASV, NIV en NRSV bly by die Masoretiese teks, maar sonder 'n voetnoot. Die NBV vertaal vry in ooreenstemming met die *tiqqun*, maar sonder 'n voetnoot (“zie hoe schaamteloos ze mij bespotten”). Zimmerli (1979:221-222) en Block (1997:297) aanvaar die voorstel, maar Allen (1994:121-121) aanvaar dit nie. Greenberg (2008:155 en 172) behou die “hulle neus” in sy vertaling, maar verwys in 'n voetnoot en in sy bespreking na die Joodse tradisie in hierdie verband. Hoewel die 2020-vertaling een van die min vertalings is wat nie hierdie voorstel aanvaar nie, bied hy wel 'n geldige vertaling wat goed in die voetnoot verantwoord word.

## 7. Gevolgtrekkings

Die boek Esegïel het 'n komplekse teksgeskiedenis. Dit is dus nie verbasend dat 'n vertaler van die boek besondere aandag aan tekskritiese probleme moet gee nie. Omdat die 2020-vertaling 'n bronteksgeoriënteerde en direkte vertaling is, is die verstaan van die bronteks fundamenteel belangrik. Die problematiek van die boek hou ten dele verband met die bestaan van twee tekstradisies: 'n langer teks, verteenwoordig deur die Masoretiese teks, en 'n kortere, verteenwoordig deur die Ou Grieks. Uit die bespreking hier bo is dit ook duidelik dat baie van die tekskritiese probleme voorkom in Esegïel 40-48. Hierdie finale visioen in die boek bevat baie onbekende of vreemde woorde, dikwels van argitektoniese aard. Die vertalers van die 2020-vertaling het baie aandag aan hierdie probleme bestee. Op baie plekke moes hulle keuses maak om die probleme op te los. Hierin het die antieke vertalings 'n besondere plek ingeneem. Veral die Ou Grieks was hierin belangrik, maar ook die Vulgaat en Pesjitta. Omdat die Targum 'n parafraserende vertaling is, was sy rol kleiner, maar tog was dit in sekere gevalle deurslaggewend.

Die 144 tekskritiese voetnote in die boek dui ook op die wisselende aard van die problematiek. Probleme hou dikwels verband met onbekende woorde, maar ook met probleme wat gedurende die teksoorlewering ingesluip het. In sommige gevalle bied die teksgetuies 'n duidelike oplossing, terwyl daar in ander gevalle meerdere moontlikhede bestaan. Die benadering van die 2020-vertaling tot tekskritiese probleme is basies konserwatief, naamlik om so ver moontlik by die Masoretiese teks te bly. Die grootste enkele groep voetnote is dié waaruit blyk dat die antieke vertalings, in die besonder die Ou Grieks, van nut was. Dit geld deurlopend, maar by uitstek in Esegïel 40-48. Die voetnote lig die keuses van die vertalers toe. In verreweg die meeste gevalle is die voetnote goed geformuleer, en maak hulle die probleme en die aard van die oplossings duidelik. In sommige gevalle sou meer inligting egter gegee kon word om die motivering sterker en duideliker te maak. Tog verteenwoordig die voetnote as geheel 'n verantwoordelike omgang met die tekskritiese problematiek.

## BIBLIOGRAFIE

- Allen, LC. 1994. *Ezekiel 1-19*. WBC 28. Dallas: Word.
- Begg, CT. 1989. The reading in Ezekiel 19,7a. *Ephemerides Theologiae Lovanienses* 65/4:370-380.
- Block, DI. 1997. *The Book of Ezekiel: Chapters 1-24*. NICOT. Grand Rapids: Eerdmans.
- Block, DI. 1998. *The Book of Ezekiel: Chapters 25-48*. NICOT. Grand Rapids: Eerdmans.
- De Bijbel. 2004. *De Nieuwe Bijbelvertaling*. Heerenveen: Nederlands Bijbelgenootschap.
- Die Bybel. 2020. *Die Bybel (met Deuterokanonieke boeke), 2020-vertaling*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Comprehensive Aramaic Lexicon. 2005. *Targum Jonathan*. Logos edition.
- Die Bybel. 1933/53. *Die Bybel*. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- Die Bybel. 1983. *Die Bybel: Nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Elliger, K & Rudolph, W. 1987. *Biblia Hebraica Stuttgartensia*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Greenberg, M. 2008. *Ezekiel 1-20: A new translation with introduction and commentary* (Vol. 22). New Haven, Connecticut, & London: Yale University Press.
- Joyce, PM. 2009. *Ezekiel: A commentary*. Library of Hebrew Bible/Old Testament Studies 482. New York & London: T & T Clark.
- Koehler, L. & Baumgartner, W. 1999. *The Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament*. Volume 4. Leiden: Brill.
- Lange, A. 2017. 8.2.1 Ancient manuscript evidence. In Lange, A & Tov, E (eds). *Textual history of the Bible: The Hebrew Bible. Volume 1B. Pentateuch, former and latter prophets*, Leiden: Brill, pp. 570-572.
- Lilly, IE. 2012. *Two books of Ezekiel. Papyrus 967 and the Masoretic Text as variant literary editions. VTS 150*. Leiden: Brill.
- Lust, J. 2017. 8.3 Septuagint. In Lange, A & Tov, E (eds). *Textual history of the Bible: The Hebrew Bible: Volume 1B. Pentateuch, former and latter prophets*, Leiden: Brill, pp. 581-585.
- Luther, M. 1984. *Die Bibel nach der Übersetzung Martin Luthers*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Mulder, M. 1985. Ezekiel. *The Old Testament in Syriac III, 3*. Leiden: Brill.
- Naudé, JA. 2020. Nuwe en ou skatte: Die 2020- Afrikaanse vertaling van die Bybel as 'n hervertaling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(4-1):869-891.
- Tooman, WA. 2017a. 8.1.1 Relevant witnesses and text editions. In Lange, A & Tov, E (eds). *Textual history of the Bible: The Hebrew Bible. Volume 1B. Pentateuch, former and latter prophets*, Leiden: Brill, pp. 559-569.
- Tooman, WA. 2017b. 8.2.2 Masoretic texts and ancient texts close to MT. In Lange, A & Tov, E (eds). *Textual History of the Bible: The Hebrew Bible. Volume 1B. Pentateuch, former and latter prophets*, Leiden: Brill, pp. 572-575.
- Tov, E. 2012. *Textual criticism of the Hebrew Bible* (3rd ed, revised and expanded). Minneapolis: Fortress.

- Van der Merwe, CHJ. 2012. The Bible in Afrikaans: A direct translation – A new type of church Bible. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies*, 68(1), Art. #1204, 8 pages. [http:// dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1204](http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1204).
- Van der Merwe, CHJ. 2020. Nog 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans: Wat maak dit anders? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(4-1):892-911.
- Van Rooy, HF. 2017. The text of the Old Testament and textual criticism. In Vorster N & Van der Walt, S. *Reformed theology today: Biblical and systematic theological perspectives*. Durbanville: Aosis, pp. 1-14.
- Van Rooy, HF. 2019. A direct translation and paratext: *Hapax legomena* and text-critical notes. In Kotzé, GR, Locatell, CS & Messara, JA (eds). *Ancient texts and modern readers: Studies in ancient Hebrew linguistics and Bible translation*. Studia Semitica Neerlandica 71. Leiden: Brill, pp. 263-279.
- Van Rooy, HF. 2020. Die Hebreuse grondteks en die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60/4-1:912-928.
- Weber, R & Gryson, R. 1969. *Biblia sacra iuxta vulgatam versionem* (5 Ausgabe). Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Würthwein, E & Fischer, AA. 2014. *The Text of the Old Testament: An Introduction to the Biblia Hebraica* Third Edition. Grand Rapids: Eerdmans.
- Ziegler, J. 2006. *Ezechiel, Vetus Testamentum Graecum XVI, 1*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Zimmerli, W. 1979. *Ezekiel 1: A commentary on the Book of the Prophet Ezekiel Chapters 1-24*. Philadelphia: Fortress Press.
- Zimmerli, W. 1983. *Ezekiel 1: A commentary on the Book of the Prophet Ezekiel Chapters 25-48*. Philadelphia: Fortress Press.

# 'n Perspektief op Afrikaans se historiese erfenis: Die Afrikaanse boedel ná 100 jaar\*

*A perspective on Afrikaans's historical heritage: The Afrikaans estate after 100 years*

**WAM CARSTENS**

Navorsingsfokusarea: Tale en Literatuur in die SA konteks  
Fakulteit Geesteswetenskappe  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom  
Suid-Afrika  
E-pos: wannie.carstens@nwu.ac.za



Wannie Carstens

**WANNIE CARSTENS** het aan die einde van 2017 as professor in Afrikaanse taalkunde aan die NWU, Potchefstroomkampus, afgetree. Hy is egter steeds 'n buitengewone professor in die navorsingsfokusarea Tale en Letterkunde in die Suid-Afrikaanse Konteks aan die NWU. Hy is 'n NNS-gegradeerde navorser (C1) wat skrywer of medeskrywer is van ses boeke oor die Afrikaanse taalkunde, soos *Norme vir Afrikaans* (2018, 6de uitg.) en *Die storie van Afrikaans* (2017, 2019). Hy was ook mederedakteur van vyf standaardboeke oor die Afrikaanse taalkunde, soos *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (2014, 2017), en die nuutste *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022). Hy is (reeds twee keer) 'n ontvanger van die gesogte CJ Langenhoven-toekenning vir Afrikaanse taalkunde.

**WANNIE CARSTENS** retired as professor of Afrikaans linguistics at the North West University (NWU), Potchefstroom Campus, at the end of 2017. He however still is an extraordinary professor in the research focus area on Languages and Literature in the South African Context at the NWU. He is a NRF rated researcher (C1) who is author or co-author of six books on Afrikaans linguistics, such as *Norme vir Afrikaans* (2018, 6<sup>th</sup> ed.) and *Die storie van Afrikaans* (2017, 2019). He also co-edited five standard books on Afrikaans linguistics, such as *Kontemporêre Taalkunde* (2014, 2017), and the recently published *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022). To date, he has been a recipient of the prestigious CJ Langenhoven award for Afrikaans linguistics on two occasions.

\* Hierdie artikel word opgedra aan prof. Ernst Kotzé, kollega en vriend van meer as 45 jaar. Ook die taalkundige “boedel” wat hy vir Afrikaans nalaat, is enorm: publikasies oor 'n verskeidenheid taalkundige onderwerpe (onder meer oor sintaksis, morfologie, sosiolinguistiek, kreolistiek, taalgeskiedenis en historiese taalkunde en ook die baanbrekende woordeboeke waarby hy betrokke was: Afrikaans – Zoeloe, Afrikaans – Japannees), die hoë kwaliteit van hierdie publikasies, en sy algemene invloed op die taalkundige toneel in Suid-Afrika en in die besonder op Afrikaans deur die kwaliteit van sy bydraes, word nasionaal en internasionaal hoog geag. Dit is inderdaad 'n kosbare nalatenskap aan en vir Afrikaans. Hy is daarvoor bekend dat hy nooit geskroom het om nuwe idees of terreine te ontgin nie. Hy sal daarom begrip hê vir hierdie ontginninge eksperimentele bydrae.

**Datums:**

Ontvang: 2023-06-10

Goedgekeur: 2023-06-28

Gepubliseer: September 2023

**ABSTRACT*****A perspective on Afrikaans's historical heritage: The Afrikaans estate after 100 years***

*In the context of reflecting on the upcoming 100-year celebration of Afrikaans as an official language in 2025, linguistic experts have been engaged in reassessments of any claim to a comprehensive description of Afrikaans's legacy. The hypothetical scenario of Afrikaans ceasing to exist prompts questions about the inheritance and heritage of this language and the evaluations of linguistic experts' contributions across almost a century.*

*The discussion delves into the concepts of "erfenis" (inheritance), "nalatenskap" (legacy), and "boedel" (estate) and how these terms may or may not be applicable to institutions, individuals, and, as in this case, also languages. In the case of a language like Afrikaans, its inheritance is a culmination of various factors, including history, culture, religion, legal context, economy, education, linguistics, anthropology, and politics. Perceptions about this inheritance had formed over time and were passed down from one generation to another.*

*Afrikaans, as a language, has a complex heritage associated with both tangible and intangible aspects. On the one hand, there are identifiable events and milestones that contributed to its development, while on the other, there are perceptions, feelings, and judgements about the language based on experiences with the Afrikaans-speaking community. Unfortunately, negative judgements often overshadow the positive aspects due to historical associations with the white population and the heritage of apartheid.*

*The present article highlights the importance of inclusivity in representing Afrikaans's history, as previous documentation has disproportionately focused on the contributions of white speakers, neglecting a significant part of its heritage. It emphasises the need to establish a more inclusive version of the history of Afrikaans.*

*Considering the multifaceted nature of Afrikaans's heritage, it is associated with both concrete events (actions which happened) and abstract (what people think about these actions and events) perceptions. The past has bequeathed this legacy to future generations, and the present generation must deal with it. However, the current generation has the power to shape perceptions and attitudes by means of their actions, thereby fostering a more positive outlook of the language.*

*The analogy of inheritance as a "human creation" passed down through generations is used to illustrate that the image of Afrikaans, like any heritage, can be adapted and improved over time. There isn't any particular sole Afrikaans heritage; on the contrary, it may be characterised as a dynamic entity which is constantly being realised in the South African community through its daily use and contributions.*

*The article concludes by highlighting the fact that in the event of Afrikaans ceasing to exist altogether (not that that would easily happen), its legacy would still be evident in the collective memory of that which the language had come to symbolise for many people over an extended period of time. Parts of this legacy have been documented over the years, highlighting the manner in which the development of Afrikaans, including the contribution of its speakers in this regard, had shaped the perceptions people (even from other linguistic communities) had come to entertain about the language. It is to be hoped that said heritage will continue to evolve positively, just like a farm passed down through generations, with each new iteration striving to be a more reliable custodian than the previous one.*

**KEYWORDS:**

Afrikaans, Afrikaans package, Afrikaans estate, association, image, heritage, labelling, origin of Afrikaans, attitude, inclusive, legacy, study of perception, linguistic communities

**TREFWOORDE:** Afrikaans, Afrikaanse pakket, Afrikaanse boedel, assosiasie, beeld, erfenis, etiketteer, herkoms van Afrikaans, houding, inklusief, nalatenskap, persepsiestudie, taalgemeenskappe

## 1. Inleiding<sup>1</sup>

“*Language* is one of the most beautiful ways to express ourselves as people and keep our *cultures* alive.” (Pikoli, 2021) (Eie kursivering)

“Watte legacy wil ôs vi Afrikaans los’?” (Rhyse, 2021)

In sy boek *Encountering apartheid’s ghost – from Krugersdorp to Constitution Hill* (2020) vertel dr. Leon Wessels, voormalige politikus (NP-parlementslid en oudminister in verskeie NP-regerings) en oudkommissaris van die Menseregtekommis­sie (MRK), van ’n kongres wat hy in 2003 in Belfast, Noord-Ierland bygewoon het en waar die kwessie van tuiswees in en verbondenheid aan Afrika ter sprake gekom het tydens gesprekke wat hy met afgevaardigdes uit ander lande uit Afrika gehad het:

At the end of the conference we parted as friends. The Africans said goodbye with the honest wish to meet again, well knowing that we share more than just the same continent. We also knew that *we share a past and a future. Being an African means so much more than enjoying Africa’s natural beauty. You also have to be able to identify with the people of the continent.* (Eie beklemtoning.)

Hieruit kan daar enkele belangrike kwessies afgelei word wat vir die doel van hierdie bydrae ter sake is:

- Dat lande en gemeenskappe (ook taalgemeenskappe) ’n verlede en ’n toekoms deel
- Dat daar met die land en die mense van die land geïdentifiseer moet word
- Dat lede van gemeenskappe met mekaar moet identifiseer
- Dat die mooiheid (dit is die positiewe aspekte) van ’n land of gemeenskap (of selfs taal) nie al is wat tel as die land of gemeenskap beoordeel word nie.

En met inagneming van die doel van hierdie bydrae is ook die volgende hier ter sake:

- Dat individue in lande ’n verlede en toekoms deel, selfs al wil hulle nie
- Dat *tale* in diverse lande onvermydelik met mekaar ’n verlede en toekoms deel

---

<sup>1</sup> In die lig van besinning met die oog op Afrikaans se komende 100-jarige viering in 2025 het die vraag in ’n gesprek na vore gekom oor wat Afrikaanse taalkundiges se omvattende beskrywings oor Afrikaans se nalatenskap vir *Afrikaans as taal* sal wees as Afrikaans teoreties sou ophou bestaan (nie dat dit sommer sal gebeur nie). Wat sal hierdie taalkundiges, soos prof. Kotzé, se nalatenskap (boedel) wees as die bydraes in totaliteit beoordeel sou word? Maar ook: Hoe sal daar oor Afrikaans se erfing geoordeel word, soos oor taalkundiges se ”erfing” (beskrywing van Afrikaans uit ’n akademiese hoek) oor bykans 100 jaar vir Afrikaans? Sal dit positief wees, of nie? Die gedagtes wat in hierdie bydrae na vore kom, is ’n poging om hierop ’n antwoord te probeer gee. Dit moet daarom beskou word as ’n spekulerende perspektief en nie noodwendig as ’n finale antwoord nie. Reaksies hierop word met graagte ontvang. Die aanleiding hiertoe was ’n inleidende referaat oor “Afrikaans as erfenis” by ’n Erfenissimposium van die ATKV op 30 Junie 2016 te Muldersdrift, Johannesburg toe die eerste gedagtes hieroor neergepen is.

- Dat die sprekers van tale in diverse lande ongetwyfeld ook met mekaar 'n verlede en toekoms deel
- *Dat daar aan taalgemeenskappe se verlede en hede 'n geskiedenis gekoppel is wat die toekoms gaan bepaal*
- *Dat taalgemeenskappe in diverse lande oordele oor ander taalgemeenskappe in die betrokke land kan hê.*

Daar kan tereg gevra word wat dit met hierdie bydrae te doen het. 'n Eenvoudige antwoord is: heelwat. As taalgemeenskappe wat saam met ander taalgemeenskappe 'n land deel, naamlik nie aanvaar dat daar gedeelde belange is nie, of dat die betrokke gemeenskappe in 'n gegewe (meertalige) land nie van mekaar afhanklik is nie, of dat hulle 'n verlede (ongeag die aard daarvan) en 'n toekoms met mekaar deel nie, dan is daar min hoop vir harmonie in 'n diverse land, of selfs onder lede van dieselfde gemeenskap. In 'n diverse land met elf amptelike tale moet daar egter rekening gehou word met die feit dat aan taalgemeenskappe 'n geskiedenis (erfenis) gekoppel is wat die verhouding met die ander taalgemeenskappe kan bepaal. Afrikaans is in hierdie opsig 'n goeie voorbeeld.

Die vraag is hoe 'n mens (ook taalgemeenskap) te werk moet gaan om 'n spoor te laat wat blyke gee van jou verlede maar jou ook posisioneer vir die toekoms. Eenvoudig gestel: *Watter beeld laat Afrikaans en Afrikaanssprekendes na oor hulle manier van doen?* Sal ander taalgemeenskappe wil skakel met Afrikaanssprekendes? Sal ander taalgemeenskappe Afrikaans aanvaar as deel van 'n diverse Suid-Afrikaanse taalgemeenskap? Hoe beoordeel ander taalgemeenskappe Afrikaans as taal en die sprekers van Afrikaans: positief of negatief?

In die lig van hierdie bydrae kan die vraag anders gestel word: Watter soort erfenis of nalatenskap verteenwoordig Afrikaans en Afrikaanssprekendes as ander na hulle kyk? Dus: Wat *dink* (subjektiewe indrukke) ander mense van Afrikaans en Afrikaanssprekendes? Is dit iets besonder? Mooi of lelik? Positief of negatief? Is daar unieke eienskappe of slegs negatiewe assosiasies? Watter *beeld* wil die Afrikaanse taalgemeenskap hê moet mense met hulle assosieer. Watter beeld wil Afrikaanssprekendes *nalaat* as erfenis oor hulself en oor hulle taal? Of in die woorde van Rhys (2021): "*Watte legacy wil ôs vi of oo Afrikaans los*"? (Oftewel: Watter erfenis wil ons vir of oor Afrikaans nalaat?)

Hier onder word kortliks aandag gegee aan aspekte wat kan bydra om die *nalatenskap* of *erfenis* van **Afrikaans** te bepaal. In die proses sal probeer word om besondere eienskappe uit te lig van wat tipies is daaraan (inhoud, assosiasies) wat gekoppel word aan die "lewe" van die **taal** Afrikaans (en daardeur van die Afrikaanssprekende gemeenskap). Hopelik sal algaande hieruit duidelik word wat alles vervat is in die term "Afrikaans" (en "Afrikaanssprekende gemeenskap"). Daar sal oorwegend gefokus word op die *taal* Afrikaans as sodanig, omdat die breë Afrikaanssprekende gemeenskap op sigself genome 'n omvattende bespreking sal verg.

In wese dus: *Wat is die aard van Afrikaans se erfenis (nalatenskap) wat die hieropvolgende geslagte oor die verlede van die taal sal hê?* En van die mense wat die taal gepraat het? Hoe sal nie-Afrikaanssprekendes uiteindelik onthou wie en wat Afrikaans en sy sprekersgemeenskap was/is?

In hierdie bydrae word gewerk met 'n hipotese dat mense op grond van bepaalde optredes van ander mense en besondere gebeure gekoppel aan besondere mense 'n bepaalde oordeel (negatief of positief) of selfs vooroordeel oor Afrikaans as taal het. Daar word aan die hand van bestaande inligting oor Afrikaans gespekuleer of so 'n vertrekpunt meriete het. Dit val breedweg binne die kategorie van persepsie- of houdingstudies as teoretiese raamwerk.

In die verlede is talle studies al gedoen oor persepsies en houdings rakende *aspekte* van Afrikaans, soos deur Verhoef (1999) en Jordaan (2004) oor die besondere mites<sup>2</sup> wat gekoppel is aan Afrikaans as taal; De Wet (2000), Du Toit (2006), Bornman, Pauw en Potgieter (2013, 2014), Bornman, Pauw, Potgieter en Van Vuuren (2017) oor die keuse van Afrikaans as onderrigmedium op skool en op universiteit; Fourie (2006) oor hoe briefskrywers hulle in die media oor Afrikaans uitlaat; Venter (2003), Van Rensburg (2015, 2017) en Petersen (2021) oor die ideologie wat aan Afrikaans gekoppel is; Kotzé en Biberauer (2006) asook Olivier en Kotzé (2014) oor hoe ekspatriate die wêreld buite Suid-Afrika ervaar en die rol wat taal (Afrikaans) daarin speel; Swart (2016) oor hoe aanpassings aan taalbeleide ervaar word; Coetzee-Van Rooy en Peters (2021) oor houdings teenoor Afrikaans en Engels in die hedendaagse Suid-Afrika. Uiteraard is daar heelwat meer as hierdie paar wat genoem is. Daar is dus nie ’n tekort aan studies oor houdings in en oor Afrikaans nie. In hierdie bydraes, en ook in publikasies soos Dragojevic, Fasoli, Cramer en Rakić (2021) is die teoretiese blik op wat persepsies inhou<sup>3</sup> deeglik uiteengesit. In hierdie artikel word ’n ander invalshoek gevolg, naamlik een waar Afrikaans in totaliteit beoordeel word.

In hierdie bydrae word gewoon één aspek van persepsies betrek, naamlik die *erfenis* wat gekoppel word aan die *taal* Afrikaans. Hoe sal Afrikaans *onthou* word? Dit is waaroor in hierdie artikel *gespekuleer*<sup>4</sup> word. Ons weet wel deeglik uit hierdie studies dat “(t)he study of language attitudes is concerned with the social meanings people assign to language and its users” (aldus Dragojevic *et al.*, 2021:60). Maar wat hou dit vir houdings (sosiale betekenis van assosiasies) oor nalatenskap (erfenis) in?

Hopelik kan hierdie bydrae en die gedagtes wat na vore kom ’n groter gesprek hieroor stimuleer.

So ’n benadering tot ’n akademiese bydrae mag dalk vreemd opval, maar die spekulatiewe aard van die bydrae gebaseer op ’n teoretiese onderbou (persepsiestudies), kan tog van nut

<sup>2</sup> Volgens Verhoef (1999:125) verwys mites na die “onkritiese algemene aanvaarding van gebruike en opvattinge wat oor ’n tydperk inslag in ’n gemeenskap gevind het”. Sy verwys ook na ander skrywers wat sê dit berus op “vals aannames of opvattinge”. Mites word ook gevoed deur “vooroordele, stereotipes en persepsies”. Dit is gebaseer “op ’n ineengetrekte, interafhanklike dinamika tussen die historiese, politiese, ekonomiese en sosiale kragte in ’n bepaalde konteks”.

<sup>3</sup> *Persepsies* word dikwels uit ’n sosiaal-psigologiese hoek bestudeer. Hiervolgens het persepsies (houdings) betrekking op die prosesse en resultate waardeur *indrukke* oor kwessies (wat die aard daarvan ook al is) in die *bewussyn* opgeneem word en die *oortuigings* wat op grond daarvan gevorm word. Soos: die indruk is dat iemand lui is omdat die persoon op ’n keer nie ’n verpligting uitgevoer het nie en die oortuiging klop mettertyd hiermee: X is lui – of dit die volle waarheid is of nie. Onderliggend aan hierdie prosesse is ’n “kognitiewe organisasieproses” wat meewerk tot die indrukke en oortuigings aan die hand waarvan mense die wêreld (omgewing en leefwêreld) rondom hulle “kategoriseer en benoem” (vgl. Verhoef, 1999:124-126). Verhoef (1999:125) haal hier vir Nel (1992) aan wat sê: “Perception as a meaning concept refers to the way people use language and other symbolic tools to attach value and significance to other people, their values and intentions, and their behaviour.” Die gebruik van taal en die koppel van taal aan gebruikers se optredes (positief of negatief) in en deur die taal, speel derhalwe ’n beduidende rol in hoe die taal self *beoordeel* word. So kan ’n mens vooroordele hê (dus indrukke wat ’n vaste oortuiging word) oor ’n taal na aanleiding van vorige assosiasies of ervarings met die sprekers van die taal in die verlede of hede. Vir meer oor vooroordele, vergelyk Brown (1995).

<sup>4</sup> Die e-WAT se beskrywing van *spekuleer* is hier ter sake: Betekenis 2. “Oor iets wonder of gis, veral omdat daar nie ’n klinkklare antwoord of oplossing daarvoor is nie, of omdat daar nie genoeg feite of bewysmiddele beskikbaar is om tot ’n sinvolle gevolgtrekking te kom nie.” Hierdie bydrae moet in die lig hiervan beoordeel word.

wees as daar besin sou word oor die erfenis van die Afrikaanse gemeenskap, en in die besonder van die *taal* wat hulle praat. Daar gaan wel probeer word om aan die hand van feite en argumente 'n tentatiewe antwoord op die probleemvraag te gee.

## 2. Die erfenis van 'n taal of taalgemeenskap

“As ons ons met entoesiasme beywer om die renoster of bergarend vir die nageslag te bewaar, dan is die bewaring van Afrikaans tog seker 'n baie groter prioriteit. *Afrikaans is 'n eindelose ryke erfenis*. Daarsonder sou die wêreld in hierdie bedeling armer wees.” (Van Rooy, 2008:41) (Eie beklemtoning)

“(E)rfenis (is) eintlik maar 'n gesprek met geskiedenis (...). Ons *kyk terug na waar ons was, wat ons gebou of bereik het*, en vertel vir onself stories wat ons beter (of slegter) oor ons huidige self laat voel.” (Lagerdien, 2021). (Eie beklemtoning)

### 2.1 *Beeld as weerspieëling van erfenis en nalatenskap*

In die literatuur word *erfenis* uit verskeie vertrekpunte beskou. Een veel aangehaalde verklaring van wat “erfenis” inhou, stel dit soos volg:

Erfenis is dit wat ons geërf het: die somtotaal van die natuurlewe en natuurskoon, plekke van wetenskaplike of geskiedkundige belang, nasionale monumente, historiese geboue, kunswerke, literatuur, musiekstukke, mondelinge tradisies en museumversamelings saam met hul dokumentasie. (Bron onbekend)<sup>5</sup>

Hieruit blyk dit dat daar nie op 'n eenkantige wyse na erfenis as begrip gekyk kan word nie, maar dat die veelheid van invalshoeke verreken moet word, naamlik onder meer uit 'n historiese hoek (wat die verlede laat blyk van mense, groepe, lande), 'n godsdienstige hoek (geloof), 'n regs kundige hoek (waar dit grotendeels betrekking het op erflating, o.m. van eiendom), 'n kulturele hoek (gebruike of tradisies), 'n etniese hoek (uit die oog van etniese groepe), 'n sosiologiese hoek (o.m. klasverskille), 'n ekonomiese hoek (rykdom, armoede), 'n staatkundige hoek (die bedryf van beheerstrukture, soos deur 'n regering), 'n opvoedkundige hoek (vlak van opvoeding), 'n mediese hoek (praktyke rakende gesondheid), 'n antropologiese hoek (menslike gedrag binne kulture en gemeenskappe), 'n genderhoek (manlik, vroulik, ander), 'n linguistiese hoek (die tale wat gebruik word en hoe dit gebruik word), 'n politieke hoek (partypolitieke benaderings), ensovoorts.

Daar is derhalwe nie 'n eenduidige siening van erfenis nie. Erfenis is in die lig hiervan “duidelik 'n (...) kontroversiële en debatteerbare onderwerp” (aangehaal in <http://www.mieliestronk.com/erfenisdebat.html>) juis omdat daar soveel invalshoeke op die term moontlik is, soos hier bo ook aangetoon is.

Hierdie vertrekpunte bepaal hoe geoordeel word oor mense of gemeenskappe se optredes of gebruike, hoe daar iets (eiendom, geld, tradisies, gebruike, en so meer) *nagelaat* word vir die volgende geslag. Jansen van Rensburg (2005:22) sê in hierdie verband die woord *erfenis* hou in “dat iets van 'n tyd of persoon wat verbygegaan het, agtergebly het en nou aan die ‘erfgenaam’ behoort”. Die implikasie is dat rakende erfenis daar altyd eers teruggekyk word na wat die *stand* van iets (gebruike, tradisies, ens.) in 'n gemeenskap *was*, hoe daar *geoordeel*

<sup>5</sup> Hierdie verklaring word herhaaldelik aangehaal in die sosiale media en internetbronne.

word daaroor, hoe dit *oorgedra* word van een generasie na 'n ander en dan hoe die volgende generasie dit *gebruik of interpreteer*. “Onder ‘erfenis’ word enigiets verstaan wat *uit die verlede* na die *huidige geslag* oorgedra is, hetsy iets van ekonomiese, staatkundige of kulturele *waarde*” ’n veel gebruikte verklaring (aangehaal in <http://www.mieliestronk.com/erfenisdebat.html>. – eie beklemtonings). Dit gaan hier gevolglik om die inhoud van dit wat oor jare (moesaam) opgebou (oftewel versamel) is en wat daartoe bydra hoe daarvoor geoordeel word deur die mense wat daarná kom. Die “inhoud” wat hier ter sprake is, is ’n uiteenlopende versameling van alles wat verband hou met wat die betrokke iemand gedoen het en tot stand gebring het in ’n lewensverloop: geld, eiendom, assosiasies, prestasies, en so meer.

Dit word van een generasie na ’n volgende oorgedra, wat dit weer in die tydsgees van die betrokke generasie kan interpreteer en desnoods in ’n aangepaste vorm oorgee na die volgende generasie. So word dit ’n kontinue proses. Erfenis bly daarom nie noodwendig staties nie; die vertolking daarvan is dinamies, in die lig van insigte van die tyd. Die veranderende tydskonteks kan bepaal hoe en in welke formaat dit oorgedra word van generasie na generasie. Die geld kan byvoorbeeld opgebruik word (selfs verkwis word, soos dit dikwels met erfenisse gebeur), die eiendom kan verkoop word en so kan die konkrete erfenis mettertyd verdwyn, maar die assosiasies bly steeds staan. En met die verloop van tyd word dit geïnterpreteer en beoordeel (positief of negatief) soos die oorspronklike beeld al hoe meer in die vergetelheid raak. Jansen van Rensburg (2005:22) sê in hierdie verband dat “kritiese denke altyd nodig (is) om dit te weeg en te meet”, met ander woorde dat ’n onkritiese oorname van oorgedraagde gebruike tot ’n tydsgebonde voortsetting daarvan kan lei. Dit kan tot gevolg hê dat negatiewe en selfs onvanpaste gebruike oorgedra word van een generasie tot ’n ander.

Dit is duidelik dat die kulturele agtergrond van mense (wat bepaal word deur ’n magdom faktore, soos die land van herkoms, taalgemeenskap, taal, etnisiteit, godsdiens, sosiale status, persoonlike geskiedenis, landsgebruike en tradisies, politieke sienings, gebondenheid aan volks- of stamgebruike, ens.) ’n onderskeidende rol speel in hoe geoordeel word oor iets wat nagelaat is.

Om erfenis presies te formuleer, is daarom moeilik, soos hier bo aangedui is. Ons weet wel dat erfenis ’n gegewe is van elke land, inwoners, volk of volkere (in ’n diverse land, wat die geval is van baie lande in die wêreld), taal, taalgemeenskap, groep, ensovoorts en dat daar telkens ’n unieke waarde aan erfenis uit hierdie hoeke geheg word. Dit word in ’n mate die besondere “etiket” wat gekoppel word aan die betrokke land, inwoners, volk of volkere, taal, taalgemeenskap, groep, dit wil sê die *assosiasie* wat opgeroep word.

Dit is dus ’n *beeld* – of wat Jansen van Rensburg (2005) “(ver-)beelding” noem – wat opgebou is aan die hand van bepaalde *gebeure* en *ervarings* met mense uit ander lande, maar ook met mense in ’n gedeelte diverse land. So byvoorbeeld word in Suid-Afrika met sy komplekse verlede dikwels waardes of assosiasies verbind met die besondere bevolkings- en taalgroepe. Weens die sensitiwiteit oor etikettering in Suid-Afrika word hier eerder nie pertinente voorbeelde genoem nie, maar lesers weet wel van onderskeidende gebruike in die bruin, swart, wit en Indiërgemeenskappe in Suid-Afrika, soos dat sekere groepe hou van bepaalde sport- of kossoorte, dat daar uiteenlopende godsdienstige gebruike is, ensovoorts. En onderling in hierdie (wit, bruin, swart, Indiër-)gemeenskappe is daar verdere onderskeidende gebruike, soos tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende wit mense. Uiteindelik is dit die samevloei van al hierdie gemeenskappe wat hulle deel maak van die “reënboognasie” (wat ongelukkig ’n gediskrediteerde term begin word het) in Suid-Afrika, en gevolglik ook deel van die insluitende Suid-Afrikaanse erfenis.

So 'n beeld van iets of iemand word oor 'n lang tyd geskep (opgebou) en is dikwels ook gebaseer op 'n besondere *ervaring* met iemand uit van die betrokke lande of van 'n ander etniese groep in 'n diverse land, uit 'n besondere kulturele agtergrond, en selfs die persoonlike geskiedenis gekoppel aan iemand (vgl. Hoffmann, 1996). 'n Resente Suid-Afrikaanse voorbeeld in hierdie verband sal hier verhelderend wees. In *Beeld* van 14 Oktober 2021 (bl. 16) is die opskrif van die redakteursbrief “*Dit is JZ se groot nalatenskap aan Suid-Afrikaners*”. Diegene wat bekend is met die Suid-Afrikaanse geskiedenis, sal weet dat oudpres. Jacob Zuma (die JZ hier bo) baie direk geassosieer word met die vernietigende staatskapingsproses in die tydperk 2010–2020, in so 'n mate dat hy die “gesig” van die uiters negatiewe impak van staatskaping (onder meer korrupsie, diefstal, straffeloosheid teen optrede, vernietiging van gesagstrukture) geword het.<sup>6</sup> *Beeld* se beskrywing van “die nalatenskap van Jacob Zuma: 'n rampokker-kultuur” sal daarom vir die gemiddelde ingeligte Suid-Afrikaner nie vreemd opval nie. Dat iemand so 'n *nalatenskap* (“alles wat iemand by sy/haar dood agterlaat; erfenis” – HAT 2015:827) of *erfenis* (“eienskap(pe)/gevolg(e) deur 'n vorige geslag/tyd op 'n latere oorgedra” – HAT 2015:264) laat, is tragies. 'n Mens sou kon sê dat Zuma se *boedel* (= “iemand se hele vermoë met die daarby behorende regte en verpligtinge; nalatenskap, erfenis” – e-WAT) een is van 'n opportunistiese dief (rampokker) en leuenaar, iemand wat nie geskroom het om sy eie belange hoër as dié van sy land en die land se inwoners te stel nie. Die geskiedenis sal oudpres. Zuma beslis nie in 'n positiewe lig onthou nie (dit wil sê die onwillekeurige negatiewe beeld wat die noem van sy naam sal oproep). Vanselfsprekend is daar onder sy ondersteuners mense wat nie dieselfde negatiewe beeld sal oproep nie.

Uiteraard is dit net *persepsies* – wat deur die HAT (2015:974) verklaar word as “(resultaat van) die opneem van *indrukke* in die *bewussyn*; hoe iemand oor iets *dink*; hoe iemand *dink* iets is” (Eie beklemtoning) – wat hier ter sake is. Persepsies het egter die neiging om met verloop van tyd as 'n gegewe (dit wil sê die “waarheid”) aanvaar te word, of dit wel waar is of nie. Dan is dit nie meer net 'n subjektiewe indruk (denke) gebaseer op besondere waarnemings oor iemand of 'n groep (soos 'n taalgemeenskap) se gedrag of interpretasie oor iets of iemand nie, maar word dit in die oë van die beoordelende persoon of persone iets wat bykans permanent met die betrokke ander (persone, lande, groepe, taalgemeenskappe) geassosieer kan word. Dit is 'n geval van: “Dit is my waarheid en ek is geregtig daarop om dit so te sien omdat ek dit so ervaar het.”<sup>7</sup>

So is oudpres. Zuma in die oë van baie Suid-Afrikaners 'n korrupte politikus, iemand wat die land enorme skade op verskeie vlakke berokken het.<sup>8</sup> So ook bestaan daar persepsies oor die volgende mense: Amerikaners is grootpratery, Duitsers is geordende mense, regse wit Afrikaanssprekendes is polities uiters konserwatief, mense uit Afrika volg “Afrika-tyd” na, (wit) mense in die Suid-Afrikaanse konteks wat gekant is teen Swart Ekonomiese Bemagtiging is rassiste, ensovoorts. Uiteraard is hierdie soort assosiasies nie noodwendig waar nie, maar dit is wat ver-beeld (dus die *beeld* wat opgeroep word as die naam van die groep genoem

<sup>6</sup> Die Zondo-kommissie se omvattende verslag oor staatskaping in Suid-Afrika is in die loop van 2022 aan president Cyril Ramaphosa oorhandig. Vir meer oor die bevindinge van die verslag vergelyk <https://ewn.co.za/2022/06/22/read-final-state-capture-report-in-full>.

<sup>7</sup> Sien weer noot 3 in hierdie verband oor wat persepsies inhou.

<sup>8</sup> Sien weer noot 6 oor die verslag van die Zondo-kommissie waarin oudpres. Zuma se direkte en indirekte aandeel in staatskaping in Suid-Afrika ondersoek is. Die verslag bevestig in 'n beduidende mate die negatiewe persepsie.

<sup>9</sup> Vgl. Widlok, T & J Knab. 2021. Why the idea of ‘African time’ keeps on ticking. Geplaas 28 Okt. 2021. <https://theconversation.com/why-the-idea-of-african-time-keeps-on-ticking-169791>.

word) word met die noem van die naam van hierdie gemeenskappe of groepe. So iets is 'n soort nalatenskap (erfenis) van 'n bepaalde ervaring wat iemand oor iets of iemand meegemaak het. In 'n groot mate bepaal dit hoe verdere kontakte met die betrokkenes in die toekoms gaan verloop of hoe iemand of 'n (taal-)gemeenskap onthou gaan word.

## 2.2 Die beeld van Afrikaans

“Afrikaans is 'n enorme deel van my menswees, leefstyl en tradisie. Ek wil haar praat, want sy is 'n mengelmoes van kleure. Ek is lief vir die mense wat my taal praat en respekteer – hulle is my mentors en rigtingwysers.” (Schoeman, 2016) (Eie beklemtoning)

Om terug te kom op die vraag wat hier bo in 2.1 gestel is: Watter *beeld* laat Afrikaans as taal en Afrikaanssprekendes na oor hulle manier van doen? Wat maak Afrikaans uniek? Watter soort *erfenis* word met Afrikaans geassosieer? Hoe wil Afrikaans en Afrikaanssprekendes *onthou* word? Daarom: Wat is die “Afrikaanse boedel”?

Ons weet goed dat die somtotaal van wat met **Afrikaans** as **taal** geassosieer word, hier ter sprake is. Dit is dus die *allesomvattende* Afrikaanse pakket. Dit sluit in die totaliteit van sprekers (bruin, wit, swart – met ander woorde, die inklusiewe Afrikaanse taalgemeenskap), die verskeidenheid en omvang van die variëteite wat die sprekers van Afrikaans daaglik gebruik om hulle lewens mee te leef, die gevarieerde kulturele agtergrond van die gebruikers van Afrikaans, perspektiewe op die herkoms van Afrikaans ('n taal met wortels uit Europa, Afrika en Asië), die gebruike van Afrikaans (funksies, dit wil sê alles waarvoor die taal daaglik ingespan word om take verrig te kry op 'n verskeidenheid terreine, soos die onderwys, die ekonomie, die kunste, die media, die wetenskap, ontspanningsaktiwiteite, ens.), die historiese gebeure wat Afrikaans raak (dit is daardie gebeure wat gekoppel word aan die ontwikkeling van Afrikaans as taal sedert die laat 16de eeu, soos die kontak met die Khoi-Khoïn voordat oorgegaan is tot die totstandkoming van die Nederlandse kolonie aan die Kaap in die 17de eeu, die kolonie se vestiging self, die slawetydperk, die trek na die binneland deur vee- en trekboere, die Groot Trek in die 19de eeu, die verengelsingstydperke, die Anglo-Boereoorlog, die impak van die apartheidstyd, die Soweto-opstand van 1976, die koms van demokrasie in 1994 en die impak daarvan op Afrikaans, die versoeningsproses in die Afrikaanse gemeenskap, die huidige groot druk op Afrikaans se posisie en status), die produkte van Afrikaans (boeke, woordeboeke, letterkunde, rolprente, musiek, museums, wetenskaplike uitsette), die prestasies van Afrikaans (dit wat die sprekers met en deur die taal bereik het en hoe daarvoor gerapporteer is), die dokumentering van Afrikaans in alle opsigte (boeke, biblioteke, museums, argiewe, wetenskaplike verslae, ens.), die emosionele verknogtheid aan dit wat Afrikaans vir sprekers inhou (menswees in en deur die taal, patriotisme, ens.), die beeld wat die taal en sy gemeenskap projekteer na binne en buite. Dit sluit egter ook negatiewe houdings teenoor Afrikaans en veral teenoor wit Afrikaanssprekendes in, wat die gevolg is van historiese gebeure wat Afrikaans in die beskuldigdebank van die geskiedenis plaas. Dit is deel van die etiket (merker) van Afrikaans. Dit is 'n stewige pakket vir enige taal.

Al hierdie aspekte en komponente van Afrikaans is in redelike detail in talle publikasies uiteengesit, soos in Steyn se *Tuiste in eie taal* (1980) asook sy ‘*Ons gaan 'n taal maak*’ (2014); Raidt se *Afrikaans en sy Europese verlede* (1991); Van Rensburg se *Afrikaans in Afrika* (1997), *So kry ons Afrikaans* (2012) en *Van Afrikaans gepraat* (2018); Ponelis se *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie* (1998); Giliomee se *Die Afrikaners* (2004); Giliomee en Mbenga (reds.) se *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (2007, hersiene uitgawe in 2022); Hugo se *Halala Afrikaans* (2009); Carstens en Raidt se twee dele van *Die storie van Afrikaans* (2017, 2019);

Willemse se *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems* (2018), en uiteraard ook heelwat meer, weliswaar ouer bronne.

In talle ouer bronne is wel ook verslag gedoen oor aspekte van die kulturele erfenis van die Afrikaanse gemeenskap, maar dit was grotendeels gefokus op die erfenis van die wit sprekers van Afrikaans, in die besonder van die Afrikaners. Vergelyk in hierdie verband bronne soos Grobbelaar (red.) (1974), Ploeger e.a. (reds.) (1960-1964, 1960) asook dié van Van den Heever en Pienaar (reds.) (1974). Daar is uiteraard heelwat meer daaroor geskryf as slegs in hierdie paar bronne. Dit sluit egter heel duidelik ook uit omdat die bydraes van bruin en swart sprekers kwalik aan bod kom.

As 'n mens alles wat hier bo genoem is, in ag neem, dan word met Afrikaans 'n *konkrete* en *abstrakte* erfenis geassosieer. Aan die een kant 'n erfenis wat gekoppel kan word aan onderskeibare en identifiseerbare *gebeure* en aan die ander kant een wat verbind word met *persepsies* (positief en negatief), *gevoelens* (positief en negatief) en *oordele* (positief en negatief) gebaseer op die gebeure of ervarings met komponente van die Afrikaanse gemeenskap. Die voorgeslag het vir die nageslag 'n nalatenskap gegee, een waarmee die huidige geslag moet saamleef. Minnaar (2018) bevestig dit as hy in hierdie verband sê “(e)rfenis is 'n sameflansing van dinge en bestaan selde net uit 'goeie' of 'mooi' dinge en veral in Suid-Afrika (maar ook byna oral) sit ons met 'n pynlike gedeelde erfenis. Omdat erfenis per definisie iets is wat 'n voorgeslag aan 'n nageslag oordra, voel dit soms soos die gebakte pere wat ons nie wou hê nie, maar nou mee sit.” Dit is dalk nie wat jy wou gehad het nie, maar dit is nou joune en dit moet so hanteer word.

Dit is soos erflatings werk: die erfgenaam het selde 'n sê oor dit (die erflating, dus die produk van 'n leeftyd se werk) wat aan hom/haar deur 'n afgestorwe persoon oorgedra word. Dit wat verkry word, moet gebruik word of van ontslae geraak word. Die erfgenaam kan wel die erfenis aanpas en dit in 'n nuwe vorm aan die volgende generasie nalaat. *Erfenis* is daarom in Jansen van Rensburg (2005) se woorde 'n “menslike maaksel”, een waaraan oor 'n lang tyd (gewoonlik 'n hele leeftyd) gewerk is tot waar dit op die punt is om erfenis te word vir die volgende generasie. Die hoop is altyd dat dit wat na die volgende generasie oorgedra word, beter sal wees as wat die voorafgaande generasie self ontvang het. Dit is soos 'n plaas wat in een familie van een generasie na die ander oorgeplaas word, telkens met die verwagting dat dit uiteindelik in 'n beter toestand sal wees as waarin dit ontvang is.

'n Groot deel van die konkrete en abstrakte erfenis van Afrikaans is al gedokumenteer, soos in die bronne wat hier bo aangedui is. Afgesien van in **Afrikaans** is dit ook gedoen in ander tale, soos in **Nederlands** (o.a. deur DC Hesseling, G Kloeke, Hans den Besten) en **Engels** (o.a. deur Marius F Valkhoff, Ana Deumert, Paul Roberge, e.a.). Hier bo is 'n aantal meer resente bronne genoem waarin die verhaal van Afrikaans gedokumenteer is, maar die publikasies deur onder andere J du P Scholtz, die drie Nienaber-broers, GR von Wielligh, DB Bosman, SPE Boshoff, EC Pienaar, RH Pheiffer, FA Ponelis, CJ Conradie, moet ook in ag geneem word. Die inligting oor hierdie publikasies word in die verwysingslys opgeneem.

As 'n mens eerlik moet wees, toon die bestaande rekordhouding van en oor Afrikaans egter 'n beduidende oorwig na die kant van die wit sprekers van Afrikaans se erfenis. In die meerderheid bronne oor die verlede van Afrikaans kom dit ook sterk na vore (vgl. Carstens, 2022). As dit as die vertrekpunt oor Afrikaans se erfenis gebruik word, het ons 'n eensydige en onvolledige beeld van Afrikaans se erfenis. Van Oort (2016:564) oordeel in die lig hiervan dat “die studie van Afrikaans ... steeds 'n eensydige blanke purisme weerspieël wat die ware historiese gebeure sedert die 17de eeu weerspreek en sekere historiese gebeure geïgnoreer het”.

Daar moet dus ’n regstelling kom in hoe ons kyk na dit wat in die verlede gebeur het sodat die inklusiewe erfenis van Afrikaans weerspieël word (vgl. Carstens, 2013a, 2013b, 2022; Van Oort, 2008, 2016; Van Rensburg, 2021, 2018). Dit wat die agtergrond van Afrikaans vorm, is grootliks al gedokumenteerd, maar daar is egter nog heelwat ongedokumenteerde aspekte van ’n uitsluitende Afrikaanse verlede en dit word die taak van opkomende navorsers om dit op te teken ten einde uiteindelik ’n goed gedokumenteerde weergawe van die inklusiewe Afrikaanse geskiedenis (en by verstek erfenis) weer te gee (vgl. Carstens, 2019).

Vir die doel van hierdie bydrae word in die hieropvolgende afdelings vervolgens kortliks gekyk na wat die Afrikaanse erfenis na aanleiding van die uiteensetting hier bo inhou. Daar sal aan die hand hiervan besin word oor die *beeld* wat Afrikaans as taal oproep. Uiteindelik is die vraag: Watter boedel maak Afrikaans se verlede moontlik? Oftewel: Watter historiese erfenis dra daartoe by om die “Afrikaanse boedel” te vorm, dit wil sê wat die hieropvolgende generasies van die vorige generasies sal onthou. En ook wat sprekers van ander tale (beide binne en buite Suid-Afrika) sal assosieer met die taal.

In die bespreking hier onder word slegs gepoog om ’n uiters breë oorsig te gee van die Afrikaanse agtergrond. Daar sal probeer word om in hierdie proses ’n billike en objektiewe weergawe te gee van Afrikaans se *toe en nou*: hoe Afrikaans gekom het waar dit vandag is (TOE) en wat gedoen moet word om seker te maak dat Afrikaans die erfenis van die volle Afrikaanse gemeenskap weerspieël (NOU). Hopelik sal dit bydra om ’n goeie vertrekpunt te skep vir die vorm van ’n *oordeel* oor wat die Afrikaanse boedel is of wat dit verteenwoordig vir ander.

### 3. Waar kom Afrikaans vandaan?

Afrikaans het ’n lang pad geloop om te kom waar dit vandag (in 2023) is – 98 jaar nadat Afrikaans op 8 Mei 1925 as *amptelike* taal erken is.<sup>10</sup> Die pad was nie maklik en sonder (dikwels selfgemaakte) slaggate nie. Inteendeel.

In hierdie proses is baie foute gemaak waarvan sekere Afrikaanse mense die slagoffers was en dit is juis hierdie foute wat ’n negatiewe etiket om Afrikaans se nek geplaas het in die oë van so baie mense. Dit word goed weerspieël in die erg kritiese oordeel van Rantoo, ’n oudjoernalis, wat in 2005 soos volg oor Afrikaans geskryf het:

So, what is special about Afrikaans? *Why is this language being treated as something special and accorded a status higher than the other 10 official languages of this country?* The truth is that there is nothing special about Afrikaans. It is a language like any other. *The only ‘special’ thing about it is that it was the official language of a racist regime which tried, unsuccessfully, to ram it down the throats of all South Africans.* Other than this infamous historical significance, Afrikaans is not special and should be treated as such. (Rantoo, 2005) (Eie beklemtonings)

<sup>10</sup> Die beplande fees fokus slegs op die tydperk wat Afrikaans as ’n *amptelike* taal erken is. Dit is voor die hand liggend dat Afrikaans nie net 100 jaar ‘oud’ is nie, omdat daar reeds al in die vroeg 19de eeu pogings op onder meer Genadendal en elders aangewend is om Afrikaans te begin skryf (vgl. Du Plessis, 1986, 1987; Carstens, 2022). Dat Afrikaans in 1875 sou begin het, is ’n mite. Dit is derhalwe uiters moeilik om ’n datum aan te dui wat as Afrikaans se ‘geboortedatum’ beskou kan word. Die woord ‘Afrikaans’ het wel in 1875 die eerste keer in geskrewe tekste voorgekom.

Dit is duidelik dat Afrikaans se assosiasie met die beleid van apartheid en alles wat daarmee gepaard gegaan het, nie besonder positief is nie. Die joernalis Leopold Scholtz (2014) sê in hierdie verband “(m)iljoene swart Suid-Afrikaners onthou nog baie goed hoe hulle in die apartheidstyd daagliks [in Afrikaans en deur Afrikaanssprekendes – eie invoeging] verneder is. Baie wittes het verwag om as ‘baas’ (sic) of ‘miesies’ (sic) aangespreek te word. Die swartes (sic) moes ’n dompas dra, en hulle kon – en is dikwels – byna sonder rede aangehou en in die tronk gesmyt.”

Vandaar Rantoo se duidelik uitgesproke gevoel dat Afrikaans in die jare ná 1994 nie kan aanspraak maak op ’n besondere status of posisie nie. Daar word in afdeling 4 weer hierop teruggekom. Dat hierdie assosiasie met Afrikaans ’n hartseer gegewe is, is ongelukkig waar en dit is iets wat verreken moet word in beskouings oor Afrikaans en die sprekers van die taal. Beeldgewys (dus persepsies, houdings, oortuigings) doen dit Afrikaans skade.

Van Oort (2008:15; vgl. ook Van Oort, 2016 hieroor) som die problematiek rakende die skets van ’n vollediger prentjie oor waar Afrikaans vandaan kom, wel netjies op:

Volgens die historikus prof. Herman Giliomee is dit ’n feit dat Afrikaans ‘die gesamentlike skepping is van Europeërs en nie-Europeërs, van wit en swart, van base en slawe’. Dié feit is in die verlede grootliks verswyg as gevolg van sosiaal-politieke (apartheids) ideologieë, en dit het bygedra tot die verdelende Suid-Afrikaanse taalgeskiedenis.

In die verlede is die rol wat die Khoi-Khoen en die slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, onderbeklemtoon en die wit Afrikaanse taalgeskiedenis van die Genootskap vir Regte Afrikaners oorbeklemtoon.

Waardering vir die bydraes van al die rolspelers – Europeërs uit die Weste, die ingevoerde slawe uit die Ooste en ander Oosterse invloede, asook die inheemse Khoi-bevolking uit Afrika – in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans kan moontlik ’n bydrae tot versoening onder Suid-Afrikaners lewer.

Alle Suid-Afrikaners behoort daarvan bewus gemaak te word dat die unieke ontmoeting van ons voorvaders van drie uiteenlopende vastelande (Afrika, Asië, en Europa) met hul onderskeie tale, godsdienste en kulture in die 17de en die 18de eeu aan die suidpunt van Afrika tot die ontstaan van Afrikaans bygedra het.

Só kan meer respek en waardering vir ons gedeelde geskiedenis ontwikkel word en kan dit ook daartoe lei dat ons mekaar se kultuurerfenisse help bewaar.

Dit is hierdie agtergrond (hoe gebrekkig ook al dit tans is) wat (a) in ’n groot mate bepaal hoe die taal beoordeel word en (b) wat die kern van Afrikaans se erfenis weergee, soos hier onder uitgelig sal word.

As ons daarin slaag om die Afrikaanse prentjie vollediger te skets, word daar werklik beweeg in die rigting van ’n beter geskiedenis van Afrikaans. Dit sal ook ’n impak hê oor hoe vorentoe oor Afrikaans geoordeel word, en ook oor die persepsies rakende Afrikaans. Dit kan desnoods ook ons bestaande siening van die Afrikaanse boedel verander.

#### **4. Die Afrikaanse boedel**

“Wie se Afrikaans? Die antwoord, lyk my, is duidelik: Dis nie my Afrikaans nie, en ook nie jóúne nie; dis óns Afrikaans – die taal behoort aan álmal wat hom praat.” (L. Scholtz, 2014:6)

In 2.1 is uitgewys dat as 'n mens van “erfenis” praat, dan bedoel jy in wese twee dinge: **nalatenskap** en **erflating**. Al twee hierdie aspekte hou verband met dit wat in die verlede gebeur het, dus wat deel is van die geskiedenis, en dit wat aan die volgende generasie oorgedra word. Wat hou hierdie geskiedenis in? In Lagerdien (2021) se woorde hou dit in dat “ons (...) terug (kyk) na *waar ons was*, wat ons *gebou* of *bereik* het, en vertel vir onself stories wat ons beter (of slegter) oor ons huidige self laat voel”. (Eie beklemtonings.) Dit verg derhalwe 'n kritiese refleksie op dit wat verby is (vgl. ook Jansen van Rensburg, 2005), want “(ons) *vertel* vir onself *stories* wat ons beter (of slegter) oor ons huidige self laat voel”. (Eie beklemtonings.) Ons verwoord derhalwe hoe ons die verlede ervaar het en ook oor hoe ons dit sou wou oordra. Om dit anders te stel rakende Afrikaans as taal: wat kan ons onself oor Afrikaans vertel wat ons kan help om te oordeel oor hoe Afrikaans (en by implikasie die sprekers van die taal) onthou wil word in die toekoms as daar teruggekyk sou word op die verlede van die taal?

Watter **nalatenskap** en **erflating** gee die bogenoemde oorsig van die ontwikkeling van Afrikaans nou vir ons? Wat het ons as deel van die **Afrikaanse boedel** gekry? Wat is vas? Waarop kan ons trots wees en waarop nie?

'n “Boedel” word tradisioneel saamgestel uit roerende (veranderlike) en onroerende (vaste) sake. In die geval van Afrikaans as taal gaan dit om beide ons konkrete (dit wat ons kan sien en van Afrikaans ervaar) én abstrakte (dit wat ons subjektief waarneem, dit wat ons voel) erfenis. Dit is in wese Afrikaans se boedel, dit wil sê Afrikaans “se hele vermoë met die daarby behorende regte en verpligtinge” (e-WAT). Dit wat oorgelewer is oor jare, dit wat opgebou is oor jare, dit wat nou gevestig is, dit wat ontbreek, maak Afrikaans se “*hele vermoë* met die daarby behorende regte en verpligtinge” (eie beklemtoning) uit. Dit gaan dus om álles wat Afrikaans inhou, “vratte en al” (aldus Steyn, 2000), met ander woorde die mooi én lelike kante van Afrikaans. Gelukkig kom Afrikaans se “(h)uisraad, meubels, eiendom – veral wat verkoop moet word nadat iem. oorlede is of bankrot geraak het” (e-WAT oor “boedel”) nie ter sprake nie. Daar is niks wat verkoop hoef te word nie, dit moet net in die boedel bewaar en oorgedra word as “(n)alatenskap, erfenis: 'n *Boedel aanvaar*. 'n *Boedel beredder*” (e-WAT) aan die volgende geslag.

Watter erfenis (erflating) of nalatenskap maak Afrikaans se verlede en hede nou moontlik? 'n Mens sou kon oordeel dat die onderstaande aspekte ter sake sal wees as deel van die erfenis van Afrikaans, dus as die boedel van Afrikaans. In 2.2 hier bo is 'n kort aanduiding gegee wat die allesomvattende “pakket” van Afrikaans behels en in afdeling 3 is kortliks enkele onderskeidende gebeure rakende die totstandkoming van Afrikaans uitgelig. Hier onder word hierdie aspekte beoordeel uit die hoek van hoe dit deel uitmaak van *Afrikaans* se boedel, veral in terme van herkoms en impak op die Afrikaanse gemeenskap.

Dit is bloot 'n poging om aan die hand van *wat reeds gebeur het*, uit te lig watter aspekte deel kan uitmaak van 'n boedel van, oor en vir Afrikaans. Weens ruimtebeperkings word slegs enkele aspekte uitgelig. Idealgewys moet dit in meer detail ondersoek word. Van die stellings word in die eindnote toegelig met ondersteunende verwysings uit die literatuur. Ek vertrou dat lesers hieruit 'n aanduiding sal kry van die aard en omvang van die unieke eienskappe wat hier ter sake is.

Die Afrikaanse boedel behels onder meer die volgende: 'n gemeenskaplike taal ('n dialek gebruik in Europa, maar wat volwaardig taal kom word het in Afrika – onder invloed van Afrika en Asië);<sup>11</sup> 'n taal wat die unieke herkoms van al sy sprekers weerspieël – iets van

<sup>11</sup> “Die taal was (...) die gesamentlike skepping van Europeërs en nie-Europeërs, van wit en swart, van base en slawe” (Giliomee, 2004:141).

Europa, maar ook van Afrika en Asië;<sup>12</sup> ’n taal wat blyke gee van die Europese herkoms van sommige van die sprekers (mense het van ver gekom en op die Afrikabodem Afrikane kom word); ’n taal wat ’n duidelike voetspoor ook in Afrika<sup>13</sup> en Asië<sup>14</sup> het); ’n taal wat ongeag die veelheid van gebruikers ’n gemeenskaplike woordeskat en taalstruktuur het;<sup>15</sup> ’n taal wat ’n gedeelde<sup>16</sup> maar ook ’n verdelende (Vgl. Titus, 2016) verlede het; ’n taal waaraan ’n ongelukkige stuk politieke skeiding gekoppel is;<sup>17</sup> ’n taal wat as taal onder tale in Suid-Afrika bevoordeel is weens apartheid;<sup>18</sup> ’n taal wat nie maklik sal ontsnap van sy historiese assosiasie met apartheid nie;<sup>19</sup> ’n taal wat al hoe meer blyke gee van ’n Khoi-herkoms (wat grootliks verbloem was);<sup>20</sup>

<sup>12</sup> Dit verklaar ook in ’n mate die diversiteit in die Afrikaanse gemeenskap. Vgl. Carstens & Raidt, 2019:844.

<sup>13</sup> Dit bevestig dat ’n Europese taalvorm in Afrika ’n selfstandige taal kom word het – een wat vernoem is na die kontinent waar dit gepraat word. So het hierdie taal ’n ware inheemse taal van Afrika en van Suid-Afrika geword. (Vgl. Van Heerden & Boezak, 2017.) Die inheemse status van Afrikaans word dikwels uit politieke kringe bevraagteken. Die jongste konsepdokument (2020) oor die hersiene taalbeleid van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHO) (THE LANGUAGE POLICY FRAMEWORK FOR PUBLIC HIGHER EDUCATION INSTITUTIONS – [https://www.gov.za/sites/default/files/gcis\\_document/202011/43860gon1160.pdf](https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202011/43860gon1160.pdf)) dui aan dat Afrikaans nie ’n inheemse taal is nie en sodoende word Afrikaans se status as taal van onderrig ernstig in die gedrang gebring. Onlangs is wel toegegee dat Afrikaans as ’n inheemse taal erken word – vgl. Kok, 2022 en Prince, 2022. Vir argumente hieroor in die media vergelyk onder andere Delpont, 2021, McLachlan, 2021, Van Wyk, 2021.

<sup>14</sup> Die taal van die slawe het Afrikaans verryk op talle vlakke. Alie (2016:517) sê die voorouers van die slawe (wat Maleis en Arabies gepraat het) “het die taal van die Nederlanders gebruik om ’n nuwe taal, Afrikaans, te begin.”

<sup>15</sup> “... Afrikaans (...) word gesien as ’n versameling van al sy variëteite” sê Webb (1992:340). Die onderskeie variëteite van Afrikaans (van Standaardafrikaans tot Kaapse Afrikaans, Griekwa-Afrikaans, Gariepafrikaans, Gauteng-Afrikaans, ens.) stel die sprekers van Afrikaans in staat om daaglik hulle leefwêreld in Afrikaans uit te leef.

<sup>16</sup> “Afrikaans is not the language of white South Africans only” (Cluver, 1996), maar “has been traced back to the Bo-Kaap” (Kamaldien, 2014). “It’s a language that belongs to all South Africans, wit, bruin, swart, pienk of groen” (Anoniem, 2015).

<sup>17</sup> Afrikaans word steeds gebrandmerk as taal van die onderdrukker/verdrukter ten spyte daarvan dat Afrikaans ook die taal was wat gebruik is om die land van die apartheidsjuk te verlos. Vgl. Carstens & Raidt, 2019:652-658, Du Preez, 2015c.

<sup>18</sup> Die regerings van voor 1994 het baie meer bronne as die ander tale in die land gekry en kon sodoende byvoorbeeld vinniger nuwe funksies verwerf en vinniger instellings (universiteite, ondernemings) oprig as die ander inheemse tale. Maar sedert 1994 het Afrikaans ook vir van die Afrikatale ’n model van ontwikkeling geword – as ’n taal wat bewese produkte gelewer het en baanbrekerswerk op verskeie terreine verrig het (vgl. Breed e.a., 2016; Pretorius, 2016; Wieringa & Carstens, 2022).

<sup>19</sup> Dit is ’n beeld wat Afrikaans se nalatenskap sal bly besoedel, en Afrikaans sal nog vir geslagte in die woorde van die skrywer Jan Rabie “die rekening betaal vir die wandade van apartheid” (die skrywer Abraham de Vries, in De Vries & De Vries, 2017). Vgl. ook Du Preez, 2015a, Le Roux, 2016, De Vries & Willems, 2018.

<sup>20</sup> Van Rensburg (2017) herinner daaraan “(d)ie eerste Afrikaans het al in 1595 begin toe die Khoi-Khoien die Nederlandse seelui se eerste Nederlands probeer napraat het: Khoi-Afrikaans.” Danksy die werk van proff. GS Nienaber (1949, 1960, 1953 en ander bronne) en meer onlangs Christo van Rensburg (2012, 2015, 2016, 2017, 2018) is daar meer insae gekry in die bydrae van die “Eerste mense” se Khoi-Afrikaans tot die ontwikkeling van Afrikaans. Boezak (2016:123-124) sê hieroor: “Dat dit ons vissersgemeenskappe was wat reeds teen die einde van 1500 al sukkelend met die verbygaande seevaarders ’n marktaal ontwikkel het; dat daardie vroeë babatreëttjies gegroei het tot loop-en-val Khoi-Afrikaans (Hottentot-Hollands) in moeisame pogings om te kommunikeer met die Hollanders wat in 1647 skipbreuk gely het; en later as onderhandelingstaal. Dié bastertaal

'n taal waarvan die gebruikers 'n diversiteit in kulturele gebruike weerspieël; 'n taal wat 'n uitgebreide literatuur het<sup>21</sup> – waarin die storie van die Afrikaanse mense uit 'n velerlei hoeke en deur 'n groot verskeidenheid mense vertel word (sien weer afdelings 2.2 en 3 waar die betrokke bronne vermeld is).

Hierdie boedel dui op 'n taal wat langamerhand 'n volwaardige standaardvariëteit vir wyer kommunikasie ontwikkel het,<sup>22</sup> maar wat ook blyke gee van die volle diversiteit van die Afrikaanse sprekersgemeenskap;<sup>23</sup> 'n taal wat met verloop van tyd al die belangrike funksies verwerf het wat 'n taal nodig het om te kan funksioneer;<sup>24</sup> 'n taal wat met verloop van tyd deeglik gekodifiseer<sup>25</sup> is; 'n taal wat in eie reg 'n taal van die wetenskap is;<sup>26</sup> 'n taal wat 'n aktiewe digitale en grootliks virtuele voetspoor het;<sup>27</sup> 'n taalgemeenskap wat besonder lojaal is teenoor sy taal en kultuur; 'n taal wat ook gebruik is as basis vir versoening in die Afrikaanse gemeenskap;<sup>28</sup> en ook 'n taal waaroor nog vrae gevra moet word<sup>29</sup> en waaroor antwoorde op kernvrae voortdurend gesoek word.

Daar is vanselfsprekend nog heelwat sake wat uitgelig sou kon word, maar dit wat hier bo genoem is, is voldoende om 'n aanduiding te gee van Afrikaans se diverse historiese boedel. Dit is op sigself wel al indrukwekkend dat in iets minder as 100 jaar reeds soveel bereik is. In die lig van Afrikaans se komende viering as amptelike taal (2025) gee so 'n oorsig 'n aanduiding van 'n taal wat in die loop van 100 jaar wye draaie geloop het, maar uiteindelik ook 'n waarlik volwaardige taal geword het. Dit gee rede tot 'n viering.

---

vorder met hupstote binne verskeie groepe totdat dit vanaf 1875 deur die GRA gestandaardiseer is.”

<sup>21</sup> Vgl. Ponelis (1998:51), TT Cloete (2014:11). In bronne soos Kannemeyer (1983, 1984) en Van Coller (2015, 2016a, 2016b) word die omvang en aard van die Afrikaanse letterkunde goed beskryf.

<sup>22</sup> Vgl. Ponelis (1998), Van den Berg (2002), McLachlan (2015b), Carstens & Raidt (2019: hoofstuk 18).

<sup>23</sup> Vgl. Van Rensburg e.a. (1997), Van Oort (2016), Carstens & Raidt (2019:558-559).

<sup>24</sup> Van Rensburg e.a. (1997: 49) sê: “'n Amptelike taal moet verskeie rolle kan vervul. Afrikaans het dié funksies relatief vinnig bygekry.” Vgl. ook Bozzoli (2015), Carstens & Raidt (2019: hoofstukke 18 en 19), Thamm (2021). Vgl. Carstens (2021) oor die verlies van funksies van Afrikaans.

<sup>25</sup> Afrikaans het 'n eie spellingstelsel (soos weerspieël in elf uitgawes van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) oor honderd jaar (1997-2017), 'n indrukwekkende versameling woordeboeke, en in talle boeke word die grammatika en gebruik van die taal deeglik beskryf. Vgl. Van Schalkwyk & Kroes (1982:99), Van Rensburg e.a. (1997:66), Carstens & Raidt (2019).

<sup>26</sup> Dit is 'n praktyk wat oor bykans 80 jaar opgebou is en dit word weerspieël in 'n eie Afrikaanse wetenskaplike vakwoordeskat, vakwoordeboek, omvattende wetenskaplike publikasies (boeke, nagraadse studie aan universiteite, akademiese vaktydskrifte waarin in Afrikaans gepubliseer word), vakkongresse waar in Afrikaans verslag gedoen word, en so meer. Hierdie uiters belangrike funksie van Afrikaans het die afgelope 15-20 jaar onder erge druk begin kom en Afrikaanssprekendes publiseer en produseer deesdae al hoe meer in Engels, tot groot nadeel vir die ontwikkeling van die Afrikaanse vaktaal.

<sup>27</sup> Dit word onder meer weerspieël in die webwerf LitNet waar wyd oor Afrikaanse kwessies (o.m. taal- en letterkunde, geskiedenis, filosofie, onderwys, ens.) berig word, spel- en grammatikatoetsers (soos *Afrikaanse Skryfgoed* 6), die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se grammatikaportale, 'n Afrikaanse Wikipedia, Afrikaanse teenwoordigheid op talle webblaaie, ens. Vgl. Beukes (2006), Pretorius (2016), Wieringa & Carstens (2022).

<sup>28</sup> Die Afrikaanse Taalraad (ATR) dien hier as voorbeeld van 'n uitreik- en saamwerkproses – vgl. Carstens (2013a), (2013b), Carstens & Raidt (2019:727-744), Prinsloo (red.) (2008) vir meer hieroor.

<sup>29</sup> Van Rensburg (2012: Voorwoord) sê dit is belangrik om vas te stel “(H)oe pas almal se stukkie in die legkaart van Afrikaans in, as mens agterna daarna kyk? ... Hoe het (almal) hulle rolle in die geskiedenis van Afrikaans gespeel?”

## 5. Samevatting

“Ek wil ’n legacy bou wat ek vi my mense kan los wanne ekkie mee hier issie.” (Die skrywer Chase Rhys, 2021)

“Dit sal verrykend en bevrydend wees om jou eie geskiedenis deur die oë van ander te lees.” (Jopie Coetzee)<sup>30</sup>

In hierdie bydrae is uitgegaan van ’n hipotetiese (spekulatiewe) vertrekpunt: *wat sal onthou word van Afrikaans as die laaste spreker van Afrikaans sou sterf?* Of in die woorde van die skrywer Chase Rhys wat hier bo aangehaal is: “Watte legacy wil ôs vi Afrikaans los wanne ôs nie mee hie issie”?

In ’n onlangse meningstuk in die Afrikaanse Sondagkoerant *Rapport* skryf die joernalis RW Johnson (2021) die “Afrikaner-erfenis se bewyse is om ons”, en wel in so ’n mate dat dit sigbaar is – “Look around you”, haal hy sir Christopher Wren aan. Johnson verwys spesifiek na die Afrikaner en vra dan: Wat het *Afrikaners* in die 20ste eeu bereik? Hy wys daarop dat daar baie is waarop die Afrikaner kan trots voel, soos sy geskiedenis, hoe historiese teenlae verwerk is, hoe Afrikaans as taal in die land gevestig is, dat die Afrikaner sterk leiding geneem het om Suid-Afrika as land uitgebou te kry deur die vestiging van industrieë, landsweye infrastruktuur (paaie, hospitale, lughawens, spoorwegstelsel, staatsgeboue, ens.), die oprig van universiteite en skole, ensovoorts, maar daar is ook baie waaroor die Afrikaner moet skaam voel (soos die uiters negatiewe effek van apartheid en Afrikaners se rol in die uitvoer hiervan). Volgens Johnson is die wanindruk wel geskep dat “die Afrikaner-erfenis hoofsaaklik gaan oor volkspele, boeremusiek en die Groot Trek”. Dit word ook gereflekteer in ouer bronne soos dié van Bosman, Ploeger, Grobbelaar, Van den Heever en Pienaar, en ook De Klerk (1967) wat vroeër genoem is. Dit is egter ’n erfenis wat gekoppel word aan die Afrikaners as kultuur-groep en om dit te transponeer na die totale Afrikaanse gemeenskap sal verkeerd wees.

Insgelyks sal dit verkeerd wees om die Afrikaans van wit Afrikaanssprekendes te beskou as die erfenis wat Afrikaans nalaat. Die werklikheid is veel meer inklusief as dit, want Afrikaans is ’n diverse taal wat deur mense uit verskillende historiese en sosiale agtergronde gebruik word en in hierdie proses weerspieël Afrikaans ’n inherente talige verskeidenheid in die vorm van sy talle gelykevlak-variëteite (vgl. Hendricks, 2012). Daar is dus nie ’n eenduidige Afrikaanse erfenis nie, maar eerder ’n veelduidige een. Afrikaans is (soos Afrikaners met hulle geskiedenis, kultuur en prestasies) duidelik sigbaar in die land (“om ons”) via die mense wat dit daaglik gebruik om deel te wees van die geïntegreerde Suid-Afrikaanse gemeenskap. Aan Afrikaans word onwillekeurig ’n beeld (dus ’n erfenis) gekoppel, een wat bepaal word deur hoe Afrikaanssprekendes die taal gebruik of gebruik het om hulle bydrae tot die opbou van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer.

In die uiteensit van die argument is probeer om duidelikheid te bring oor terme wat verband hou met die *beeld* wat Afrikaans oproep (persepsies, wat mense dink) via die *assosiasie* met *gebeure* en *ervarings* met Afrikaanse mense. In die proses is daar ook probeer om Afrikaans se nalatenskap in perspektief te plaas binne die konteks van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ons weet dat Afrikaans as taal se beeld (erfenis, nalatenskap) bepaal word deur hoofsaaklik twee faktore, naamlik (a) die kontak wat sprekers van Afrikaans oor jare met mekaar en die sprekers van ander tale gehad het of steeds het, en (b) die geskiedenis wat gekoppel word aan Afrikaans. Ons weet ook dat aan die gebruik van Afrikaans ’n “menswees, leefstyl en tradisie”

<sup>30</sup> Persoonlike mededeling via Facebook, Augustus 2021.

(aldus Schoeman, 2016) verbind is. Afrikaans is dit wat ons vandag as inklusiewe sprekers-gemeenskap saambind, en daardie saambind geskied via onder meer ons *leefstyl* as diverse Afrikaanse mense (hoe ons ons dag-tot-dag-lewe lei) en ons gemeenskaplike *tradisies* en *gebruike* (hoe ons daarvan hou om as gemeenskap in sy verskeidenheid dinge te doen). En dit vat ons Afrikaanse *menswees* as mense in 'n veeltalige Suid-Afrika uniek saam.

Ons het daarom 'n gesamentlike boedel gekry, en alhoewel ons nie altyd oor alles saamstem wat deel daarvan moet uitmaak nie, en of die boedel wel “goed” was of is nie, moet ons wel saam aan 'n toekomstige boedel vir die nageslag bou. Dit kan ons slegs doen as ons ons gemeenskaplike boedel as 'n kosbare bate beskou, een wat vertroetel moet word vir die volgende geslag. Daarom bly die daaglikse uitdaging:

- Watter boedel, en erfenis, gaan ons as taalgemeenskap nalaat? Hoe gaan ons onthou word?
- Gaan ons die boedel wat ons geërf het, in 'n goeie toestand aan ons nageslag gee?
- Wat is die waardebasis van die boedel wat ons nalaat?
- Watter herinneringe (positief, negatief) gaan ons nageslag van ons hê?
- Watter boedel (“legacy”) wil ons graag nalaat?

'n Mens sou kon aanvoer dat die *nalatenskap* van ons voorvaders nie na behore benut is nie, omdat politiek die Afrikaanse gemeenskap verdeel het en ons verhoed het om hierdie nalatenskap na behore te ontgin. Dit hoef egter nie altyd so te bly nie. Steward (2015) sê daar moet onthou word “(d)ie geskiedenis is wat dit is: die verlede – met al sy konflikte, ongeregthede en ingewikkeldheid – kan (egter) nie verander word nie”.

Hoe daaroor geoordeel word (die “legacy los wanne ôs nie mee hie issie”), kan tog wel verander word. Die teoloog Chris Jones (2021) gee hier goeie leiding: “... heritage, as I view it, is not only found in, and celebrated as part of our past, but also created in the present.” Dus: “*Our heritage is not just our past, we are creating it every day.*” (Eie beklemtoning) Daar word gevolglik elke dag aan die erfenis gebou, een wat uiteindelik die inklusiewe Afrikaanse gemeenskap se storie sal vertel.

## BIBLIOGRAFIE

- Alie, F. 2016. Oosterse speserye gee 'n Oosterse geur aan Afrikaans. In Carstens, WAM & M le Cordeur (reds.) 2016:506-520.
- Anoniem 2015. Wat is in 'n naam? <http://www.ekapa.ioisa.org.za/ekapaaftr/module3/whatsinaname.htm> [Gebruik 18 Sept. 2015.]
- Barnard, M. 2018. Bo-Kaap is nou 'n erfenis-beskeringsone. *Die Burger*, 30 Maart 2018.
- Bosman, FCL. 1931. *Afrikaanse kultuur en kultuurbesit: 'n oorsig*. Kaapstad: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Beukes, A-M. 2016. AKA 2016: Die ekologie van Afrikaans in 'n verander(en)de landskap. Geplaas 4 Mei 2016. <http://www.litnet.co.za/aka-2016-die-ekologie-van-afrikaans-in-n-veranderende-landskap/>
- Boesak, A. 2006. 'Hoeveel trane op hierdie fondament van verdriet ...' *By, Beeld*, 9 Des. 2006, bl. 4.
- Boezak, W. 2016. Die Khoi-San as Afrikaanse gemeenskap: gister, vandag en môre. In Carstens, WAM & M le Cordeur (reds.) 2016:112-128.
- Bornman, E, JC Pauw & PH Potgieter. 2013. Taalkeuses en -opinies van Afrikaanssprekende studente aan Unisa. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(3):361-376.
- Bornman, E, JC Pauw & PH Potgieter. 2014. Houdings en opinies oor moedertaalonderrig en die keuse van 'n universiteit: Afrikaanssprekende studente aan UNISA. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4).

- Bornman, E, JC Pauw, PH Potgieter en H Janse van Vuuren. 2017. Moedertaalonderrig, moedertaalleer en identiteit: Redes vir en probleme met die keuse van Afrikaans as onderrigtaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(3):724-745.
- Brown, R. 1995. *Prejudices: Its social psychology*. Oxford: Blackwell.
- Buyts, F. 2015. 'Vars briese op luggolwe' is 'n kultuurgemeenskap. *Rapport Weekliks*, 9 Aug. 2015, bl. 5.
- Bozzoli, B. 2015. Afrikaans is an African language. Geplaas 17 Nov. 2015. <http://www.bdlive.co.za/opinion/2015/11/17/afrikaans-is-an-african-language>
- Breed, A, WAM Carstens & J Olivier. 2016. Die DBAT: 'n Onbekende digitale taalkundemuseum. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2):391-409.
- Carstens, WAM. 2013a. Op pad van 'n verdeelde na 'n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: Die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening. *LitNet Akademies*, 10(1):447-483.
- Carstens, WAM. 2013b. Die storie van Afrikaans: perspektiewe op die verlede, hede en toekoms. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 20 (1):21-50.
- Carstens, WAM. 2019. Geskiedskrywing en beskrywing van Afrikaans: Wat is daar nog te sê? In Van Niekerk, A. e.a. (reds.). 2019. *JC Steyn en Afrikaans – 'n Viering*. Bloemfontein: SUN Media Bloem, pp. 177-212.
- Carstens, WAM. 2021. Afrikaans se funksies: gelykpad of glypad? *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 2021(2):1-37.
- Carstens, WAM. 2022. Dink wyer as (wit) bekende in gesprekke oor Afrikaans. *Beeld*, 28 Maart 2022. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wannie-carstens-kom-ons-dink-wyer-as-die-wit-bekende-in-ons-gesprekke-oor-afrikaans-20220328>
- Carstens, WAM & M le Cordeur (reds.). 2016, 2019. *Ons kom van vêr. Bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Naledi Online.
- Cloete, TT. 2014. Dié retoriek klink soos 'n hol harnas. *Beeld*, 20 Jun. 2014, bl. 11.
- Cluver, AD de V. 1996. "Emigre Dutch and Afrikaans". E-pos gerig op 5 Feb. 1995 aan LOWLANDS-L.
- Coetzee-Van Rooy, S & A Peters. 2021. A Portrait-Corpus Study of Language Attitudes towards Afrikaans and English, *Language Matters*, 52(2):3-28. DOI: 10.1080/10228195.2021.194216
- De Klerk, WA. 1967. Ons Volksgeskiedenis as lewende erfenis. *Historia*, 12(4):242-249.
- Delport, D. 2021. Taal: Cyril erken Afrikaans, Nama, Koi en San 'het hier ontstaan'. Geplaas 28 Okt. 2021. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/politiek/taal-cyрил-erken-afrikaans-nama-khoien-san-het-hier-ontstaan-20211028>.
- De Vries, A & W de Vries. 2017. Is Afrikaans nie miskien veel sterker as wat ons dink nie? Abraham de Vries gesels met Willem de Vries. Geplaas 15 Feb. 2017. <http://www.litnet.co.za/afrikaans-nie-miskien-veel-sterker-wat-ons-dink-nie-abraham-de-vries-gesels-met-willem-de-vries/>.
- De Vries, W & H Willemse. 2018. Nuwe leerstoel in Gent toonbeeld van internasionalisering deur Nederlands én Afrikaans, sê Hein Willemse. Geplaas 12 Feb. 2018. <http://voertaal.nu/nuwe-leerstoel-gent-toonbeeld-van-internasionalisering-deur-nederlands-en-afrikaans-se-hein-willemse/>.
- De Wet, C. 2000. Die invloed van taalhoudings op onderrigmediumkeuse in Suid-Afrika. *Literator*, 21(3): 37-57.
- Dragojevic, M, F Fasoli, J Cramer & T Rakić. 2021. Toward a Century of Language Attitudes Research: Looking Back and Moving Forward. *Journal of Language and Social Psychology*, 40(1):60-79.
- Du Plessis, LT. 1987. Alternatiewe siening van die ontstaan van Afrikaans. *SA Tydskrif vir Taalkunde*, 5(2):33-45. April 1987.
- Du Preez, M. 2015a. As die aap van onreg bly sit. *Beeld*, 1 Aug. 2015.
- Du Preez, M. 2015b. Hiér gewortel, in Afrika. *Die Burger*, 10 Okt. 2015, bl. 11.
- Du Preez, M. 2015c. Óns is Afrikaans se grootste vyand. *Beeld*, 13 Okt. 2015, bl. 6.
- Du Toit, C. 2006. Die identifisering van faktore wat die onderrig en leer van Afrikaans as tweede addisionele taal beïnvloed. Ongepubliseerde MED-verhandeling. Potchefstroom: NWU.
- Fourie, W. 2006. 'n Fenomenologiese interpretasie van Afrikaanse briëfskrywers aan *Beeld* se persepsies van die sosio-politieke veranderinge in Suid-Afrika tussen 1990 en 2004. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Unisa.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H & B Mbenga (reds.). 2007. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

- Grobelaar, PW (red.). 1974a. *Die Afrikaner en sy kultuur*. Kaapstad: Tafelberg.
- Grobelaar, PW (red.). 1974b. *Die Afrikaner en sy kultuur. Deel III: Ons volksfeeste*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hendricks, FS. 2012. Die potensiele nut van 'n gelykvlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. In Prah, KK. (red.). 2012:44-63.
- Hoffman, JE. 1996. 'The psychology of perception'. In LeDoux, JE & Hirst, W (eds). 1996. *Mind and Brain. Dialogues in Cognitive Neuroscience*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hugo, D (red.). 2009. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea.
- Jansen van Rensburg, NS. 2005. Erfenis is menslike maaksel en (ver)-beelding. *Die Kerkblad*, 108(3179): 22-23. Nov. 2005.
- Johnson, RW. 2021. Afrikaner-erfenis se bewyse is om ons. *Rapport Weekliks*, 24 Okt. 2021, bl. 7.
- Jones, C. 2021. Our heritage is not just our past, we are creating it every day. News24, 24 Sept. 2021. <https://www.news24.com/news24/columnists/guestcolumn/opinion-chris-jones-our-heritage-is-not-just-our-past-we-are-creating-it-every-day-20210924>
- Jordaan, AM. 2004. Mites rondom Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Kamaldien, Y. 2014. 'Afrikaans not a white language.' 14 Okt. 2014. <http://kaganof.com/kagablog/2014/10/08/afrikaans-is-not-a-white-language/>
- Karaan, M. 2009. Forum: Tuis in Kombuistaal-vel. *Die Burger*, 26 Sept. 2009.
- Kok, M. 2022. Afrikaans: Blade maak 'n U-draai. *Rapport*, 30 Okt. 2022, bl. 2.
- Kotzé, E & T Biberauer 2006. Die rol van Afrikaans as identiteitsfaktor by SA ekspatriate in die Verenigde Koninkryk. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 40(1):48-70.
- Lagardien, I. 2021. Ons moet aanhou praat met ons geskiedenis. *Vrye Weekblad*, 15 Okt. 2021. <https://www.vryeweekblad.com/menings-en-debat/2021-09-30-ons-moet-aanhou-praat-met-ons-geskiedenis/>
- Lamprecht, M. 2014. Byt vas, versoening duur hele lewe lank. *Beeld*, 9 Aug. 2014, bl. 20.
- Lawrence, M. 2016. Afrikaans is 'n taal wat deur slawe begin is. Geplaas 11 Maart 2016. <http://www.netwerk24.com/Stemme/MyStem/afrikaans-is-n-taal-wat-deur-slawe-begin-is-20160311>
- Le Roux, A. 2016. Verkluis in 'n virtuele tuisland. *Beeld*, 27 Mei 2016, bl. 13.
- McLachlan, T. 2015. Oor Afrikaans en die toekoms daarvan. Geplaas 3 Des. 2015. <http://www.litnet.co.za/oor-afrikaans-en-die-toekoms-daarvan/>
- McLachlan, T. 2021. Dwase onkunde oor inheemse tale. Geplaas 20 Okt. 2021. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/gesels-saam/dwase-ontkunde-oor-inheemse-tale-20211018>
- Minnaar, SZ. 2018. Om 'n bietjie oor erfenis te besin. Geplaas 25 Sept. 2018. <https://www.litnet.co.za/om-n-bietjie-oor-erfenis-te-besin/>
- Olivier, JAK & EF Kotzé. 2014. Taalverskuiwing en taalhandhawing onder Afrikaanse ekspatriate. *LitNet Akademies*, 11(3). <http://www.litnet.co.za/Article/taalverskuiwing-en-taalhandhawing-onder-afrikaanse-ekspatriate>
- Opperman, AJ. 2017. Elvis Blue bou 'n brug met sy musiek. Geplaas 7 April 2017. <http://www.netwerk24.com/Vermaak/Musiek/elvis-blue-bou-n-brug-met-sy-musiek-20170405>
- Petersen, F (Visekanselier UV). 2021. Gesprek oor erfenis in RSG-program "Kommentaar" op 5 Sept. 2021. Onderhoud gevoer deur H Wyngaard. [https://www.rsg.co.za/rsg/potgooi-episode/?series=4477&results\\_page=2](https://www.rsg.co.za/rsg/potgooi-episode/?series=4477&results_page=2)
- Pikoli, Z. 2021. In the name of history and identity: The power and politics behind black people's names. *Daily Maverick*, 15 Sept. 2021. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-09-15-in-the-name-of-history-and-identity-the-power-and-politics-behind-black-peoples-names/>
- Ploeger, J e.a. (reds.). SA 1960-1964. *Suid-Afrikaanse erfenis: hoe ons voorvaders geleef, gewerk en gespeel het: van Van Riebeeck tot die XIXde eeu*. Kaapstad: Caltex (Afrika) Bpk.
- Ploeger, J e.a. (reds.). 1966. Bewaring van ons erfenis. Deel 1, *Bewaring van ou geboue en historiese oorblyfsels*. Kaapstad: Caltex.
- Prince, L. 2022. Afrikaans is inheems: definisie kom in Staatskoerant. Geplaas 31 Okt. 2022. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/politiek/afrikaans-is-inheems-definisie-kom-in-staatskoerant-blade-20221031>
- Kwaa Prah, K (red.). 2012. *Veelkantiger Afrikaans. Streeksvariëteite in die standaardvorming / Mainstreaming Afrikaans regional varieties*. Kaapstad: CASAS.

- Pretorius, L. 2016. Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):371-390.
- Prinsloo, K (red.). 2008. *Die Afrikaanse Taalraad kom tot stand*. Verslag gereproduseer deur CRINK en versprei deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Nov. 2008.
- Rademeyer, A. 2014. 'Inklusiwiteit sal Afrikaans almal se taal maak.' *Beeld*, 18 Jan. 2014, bl. 6.
- Rantoa, J. 2005. Government should do away with Afrikaans medium schools. *Cape Argus*, 23 Feb. 2005, bl. 9.
- Redakteur *Beeld*. 2015. Onbeskaamd Afrikaans – in Suid-Afrika. *Beeld*, 8 Okt. 2015, bl. 18.
- Salzwedel, I. 2012. *Onvertelde stories van Afrikaans*. Pretoria: LAPA.
- Schoeman, A. 2016. Ek wil nie my taal verlaat nie. <http://www.netwerk24.com/Stemme/Briewe/ek-wil-nie-taal-verlaat-nie-20160624>
- Scholtz, L. 2014a. Van wie se taal praat ons nou? *Volksblad*, 2 April 2014, bl. 6.
- Scholtz, L. 2014b. Etniese gom is aan die skeur. *Die Burger*, 16 Mei 2014, bl. 12.
- Scholtz, L. 2015. Vat nou hande oor Afrikaans. *Die Burger*, 3 Des. 2015, bl. 16.
- Steward, D. 2015. "‘n Land wat aan almal behoort wat daarin woon, verenig in ons diversiteit ..." Geplaas 16 Jan. 2015. <http://fwdeklerk.org/index.php/afr/nuus/359-artikel-n-land-wat-aan-almal-behoort-wat-daarin-woon-verenig-in-ons-diversiteit> [Gebruik 19 Jan. 2015]
- Steyn, JC 2000. As jy op my liddoring trap, gaat ek jou slaat, vir ou goete ook. *Beeld*, 16 Jun. 2000, bl. 11.
- Swart, C. 2016. 'n Houdingsondersoek na die Taalbeleid en Taalplan van die Universiteit Stellenbosch: Die houdings van derdejaarstudente en dosente. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Thamm, M. 2021. Afrikaans and Kaaps: The history of a language. An exhilarating linguistic minefield: Be duidelik and dala what you must. *Daily Maverick*, 28 Okt. 2021. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-10-28-an-exhilarating-linguistic-minefield-be-duidelik-and-dala-what-you-must/>
- Titus, D 2016. Sleutel tot oorlewing. *Beeld*, 4 Mei 2016, bl. 23.
- Van den Berg, M. (Ria) 2002. Die konsep Standaardafrikaans: 'n kritiese oorsig en 'n Hallidayaanse perspektief. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Van den Heever, CM & P de V Pienaar (reds.). 1945. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Deel I. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Van den Heever, CM & P de V Pienaar (reds.). 1947. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Deel II. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Van den Heever, CM & P de V Pienaar (reds.). 1950. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Deel III. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Van Dyk, F. 2021. Taalpodium. Erfenismaand: Frederik van Dyk in gesprek met Annie Klopper. Geplaas 29 Sept. 2021. <https://www.youtube.com/watch?v=mQyLI0CxNG0&t=1051s>
- Van Heerden, M. 2018. Arabiese Afrikaans en die Kaapse Moslemgemeenskap. Geplaas 26 Maart 2018. <https://www.litnet.co.za/die-bo-kaap-en-afrikaans/>
- Van Heerden, M & W Boezak. 2017. Suidoosterfees 2017: 'Ons moet al die variëteite van Afrikaans omhels'. Geplaas 20 April 2017. <http://www.litnet.co.za/suidoosterfees-2017-ons-moet-al-die-variëteite-van-afrikaans-omhels/>
- Van Oort, CP. 2008. Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n Inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.
- Van Oort, CP. 2016. Die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans. In Carstens, WAM & M le Cordeur (reds.). 2016:552-568.
- Van Rensburg, FIJ. 1992. 'Moet nie Afrikaans se taaheid onderskat.' *Beeld*, 15 Jun. 1992, bl. 8.
- Van Rensburg, MCJ. 2015a. Khoi en Oosgrens-afrikaans. *Spil Plus*, 47:75-97.
- Van Rensburg, MCJ. 2015b. Afrikaans is van Afrika, en ander persepsies: taalpersepsies. *Woord en Daad*, 54 (426):58-63.
- Van Rensburg, MCJ. 2016. Die vroegste Khoi-Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(7).
- Van Rensburg, MCJ. 2017. Oor mense, afstande en Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(4): 1093-1097.

- Van Rooy, JA. 2008. Die Afrikaanse taal 'n kosbare erfenis. *Die Kerkblad*, 110(3216):40-41. Nov. 2008.
- Van Schalkwyk, DJ & G Kroes. 1982. *Doeltreffende Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Van Wyk, D. 2021. 'Stiksienige' Blade moet sit en na óns luister oor Afrikaans. Geplaas 17 Okt. 2021. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/aktueel/stiksienige-blade-moet-sit-en-na-ons-luister-oor-afrikaans-20211017>
- Venter, CJ. 2003. Taalideologie en Afrikatale: universiteitstudente se persepsie daarvan in 'n postapartheidsbedeling in Suid-Afrika. *Literator*, 24(3):113-138.
- Verhoef, M. 1999. Die mites oor Afrikaans: 'n inleidende beskouing oor die persepsie van Afrikaans as onderdrukkerstaal. *Literator*, 20(2):123-135.
- WAT (e-WAT). Woorde *erfenis, nalatenskap, boedel*.
- Webb, VN. 1992c. Afrikaans: 'n Tuiste vir Afrika. In Barkhuizen, JH; HF Stander & GJ Swart (reds.). 1992. *Hupomnema: feesbundel opgedra aan prof. JP Louw*. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Grieks, pp. 338-350.
- Wieringa, R & WAM Carstens. 2022. 'n Oorsig oor enkele digitiseringsprojekte in Afrikaans: 'n Vertrekpunt vir Afrikaans se digitale toekoms. *LitNet Akademies*, 19(2):50-69. <https://www.litnet.co.za/n-oorsig-oor-enkele-digitiseringsprojekte-in-afrikaans-n-vertrekpunt-voor-afrikaans-se-digitale-toekoms/>
- Willemse, H. 2018. Achmat Davids se *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems*. Bellville: SBA.

## Oorsigbronne

- Boshoff, SPE. 1921. *Volk en taal van Suid-Afrika*. Pretoria: Dusseaux/Amsterdam: JH de Bussy.
- Boshoff, SPE & GS Nienaber. 1967. *Afrikaanse etimologieë*. Pretoria: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Bosman, DB. 1923. *Oor die ontstaan van Afrikaans*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Carstens, WAM & EH Raidt. 2017. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal*. Deel 1: Die Europese geskiedenis van Afrikaans. Pretoria: Protea.
- Carstens, WAM & EH Raidt. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal*. Deel 2: Die geskiedenis van Afrikaans in Afrika. Pretoria: Protea.
- Conradie, CJ. 1986. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Deumert, A. 1999. Variation and Standardisation: the case of Afrikaans (1880-1922). Ongepubliseerde PhD-proefskrif – PhD Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Deumert, A. 2004. *Language standardization and language change: the dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Du Plessis, LT. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Hesseling, DC. 1899. *Het Afrikaansch: Bijdrage tot de Geschiedenis der Nederlandse taal in Zuid-Afrika*. Leiden: Leiden: N.V. Boekhandel & Drukkerij.
- Kannemeyer, JC. 1984 (2de uitg.). *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, Deel 1. Kaapstad: Human & Rousseau. Ook beskikbaar op: <http://www.dbnl.org/>
- Kannemeyer, JC. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, Deel 2. Kaapstad: Human & Rousseau. Ook beskikbaar op: <http://www.dbnl.org/>
- Kloeke, GG. 1950. *Herkomst en groei van het Afrikaans*. Leiden: Universitaire Pers Leiden. Ook beskikbaar op [http://www.dbnl.org/tekst/kloe004herk01\\_01/kloe004herk01\\_01\\_0003.php](http://www.dbnl.org/tekst/kloe004herk01_01/kloe004herk01_01_0003.php)
- Nel, P. 1992. Perceptions, images, stereotypes in Soviet-South African relations. A cognitive interpretative perspective. *Annale*. Universiteit van Stellenbosch.
- Nienaber, GS. 1934. *Oor die Afrikaanse taal. 'n Bydrae oor sy ontwikkeling na aanleiding van enkele versterkingswyses*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Nienaber, GS (red.). 1942. *Afrikaans tot 1860*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Nienaber, GS. 1949. *Oor Afrikaans, I*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Nienaber, GS. 1950. *Taalkundige belangstelling in Afrikaans tot 1900*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Nienaber, GS. 1953. *Oor Afrikaans, 2*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Nienaber, GS (red.). 1984. *Vroeë opvattinge oor Afrikaans as taal*. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, GS. 1989. *Khoekhoense stamname*. Kaapstad: Academica.

- Nienaber, GS & PJ Nienaber. 1970. *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal*. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, GS, PJ Nienaber & CJM Nienaber. 1962. *Dit was ons erns*. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, PJ (red.). 1959. *Die wonder van Afrikaans*. Johannesburg: SAUK.
- Nienaber, PJ 1965 (2<sup>de</sup> uitg.). *Ons taalhelde*. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, PJ (red.). 1965. *Taalkundige opstelle*. Kaapstad: AA Balkema.
- Nienaber, PJ. 1968. *Taal en beeld: die geskiedenis van die Afrikaanse taalbewegings*. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, PJ. 1975. *Eerste sooie*. Johannesburg: Perskor.
- Pheiffer, RH. 1980. *Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu*. Kaapstad: Academica.
- Pienaar, EC. 1943. *Die triomf van Afrikaans. Historiese oorsig van die wording, ontwikkeling, skriftelike gebruik en geleidelike erkenning van ons taal*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Ponelis, FA. 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main/Berlin/Bern/New York/Paris/Wien: Peter Lang.
- Ponelis, FA. 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. Departement Afrikaans en Nederlands. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch.) Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Raidt, EH 1991 (3de uitg.). *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou
- Rhys, C. 2021. Die great resignation gebee ook hier by ôs wan ‘die lewe is te kort’. *Rapport Weekliks*, 31 Okt. 2021, bl. 11.
- Roberge, PT. 1994. The formation of Afrikaans. *Spil Plus* 23. Dept. Algemene Taalwetenskap, Universiteit van Stellenbosch.
- Scholtz, J du P. 1939 [1965]. *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Scholtz, J du P. 1950. *Oor die herkoms van Afrikaans*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Scholtz, J du P. 1963. *Taalhistoriese opstelle: Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, J du P. 1965. *Afrikaans uit die Vroeë Tyd. Studies oor die Afrikaanse taal en literêre volkskultuur van voor 1875*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J du P. 1972. *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J du P. 1975. *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, J du P. 1981. *Taalhistoriese opstelle. Voorstudies tot 'n Geskiedenis van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, JC. 1980. *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, JC. 2014. ‘Ons gaan ’n taal maak’: *Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Pretoria: Kraal-Uitgewers.
- Valkhoff, MF. 1972. *New light on Afrikaans and “Malayo-Portugese”*. Louvain: Éditions Peeters Imprimerie Orientaliste.
- Van Coller, HP (red.). 2015 (2de uitg.). *Perspektief & profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: Van Schaik.
- Van Coller, HP (red.). 2016a (2de uitg.). *Perspektief & Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 2. Pretoria: Van Schaik.
- Van Coller, HP (red.). 2016b (2de uitg.). *Perspektief & Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 3. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Wouden, T (ed.). 2012. *Roots of Afrikaans. Selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam: John Benjamins.
- Van Rensburg, C (MCJ). 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: LAPA.
- Van Rensburg, C. (MCJ). 2018. *Van Afrikaans gepraat*. Pretoria: Malan Media.
- Van Rensburg, C (MCJ) e.a. 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, GR. 1925. *Ons geselstaal. 'n Oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word*. Pretoria: J.L. van Schaik.

# Afrikaanse visserstaal

*Afrikaans Fisher language*

**JADÉ FOUCHÉ (NÉE BLUME)**

Departement Opvoedkunde  
Nelson Mandela Universiteit  
Gqeberha, Suid-Afrika  
E-pos: jade.blume@mandela.ac.za



Jadé Fouché



Annél Otto

**ANNÉL OTTO**

Departement Tale en Letterkunde  
Nelson Mandela Universiteit  
Gqeberha, Suid-Afrika  
E-pos: anna.otto@mandela.ac.za

**ANNA NEL (ANNÉL) OTTO** doseer Afrikaanse taalkunde aan die Nelson Mandela Universiteit in Gqeberha. Sy spits haar veral toe op die sosiolinguïstiek en leksikografie. In hierdie verband het sy onder andere 'n hoofstuk oor die sosiolinguïstiek geskryf in *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (2014 en 2017) met Wannie Carstens en Nerina Bosman as redakteurs. Sy het al haar grade aan die US verwerf en haar doktorale proefskrif handel oor die kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek. Sy skryf gereeld artikels oor 'n verskeidenheid leksikografiese onderwerpe, byvoorbeeld die hantering van kollokasies, vaste uitdrukkings, voegwoorde, antonime, ensovoorts in woordeboeke. Sy dien op die redaksiekomitee van *Lexikos* en was voorheen 'n Taalkommissielid.

**ANNA NEL (ANNÉL) OTTO** lectures Afrikaans linguistics at the Nelson Mandela University in Gqeberha. She focuses especially on sociolinguistics and lexicography. In this regard she wrote, amongst others, a chapter on sociolinguistics in *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (2014 and 2017), with Wannie Carstens and Nerina Bosman as editors. She received all her degrees at the US and her doctoral thesis deals with the criteria for an Afrikaans learner's dictionary. She regularly writes articles on a variety of lexicographical topics, for example the treatment of collocations, fixed expressions, conjunctions, antonyms, etcetera in dictionaries. She serves in the editorial committee of *Lexikos* and was previously a member of the Taalkommissie.

**JADÉ FOUCHÉ (NÉE BLUME)** se akademiese loopbaan begin aan die Nelson Mandela Universiteit waar sy haar meestersgraad in 2017 in die leksikografie voltooi. Daarna publiseer sy, in samewerking met professor Annél Otto, 'n artikel getiteld "Die behandeling van die funksie dekodering in verskillende tipes woordeboeke". Sy doseer sedert 2018 verskeie Afrikaanse modules op kontrakbasis vir die Fakulteit Opvoedkunde by die Nelson Mandela Universiteit. Sy voltooi haar doktorsgraad in 2023, getiteld *Afrikaanse Visserstaal*, wat die eerste navorsing oor hierdie variëteit van Afrikaans sedert 1957 is.

**JADÉ FOUCHÉ (NÉE BLUME)** started her academic career at the Nelson Mandela University, where she completed a Masters degree in lexicography, whereafter she co-authored an article with Professor Annél Otto, titled "Die behandeling van die funksie dekodering in verskillende tipes woordeboeke." Since 2018 she has been responsible for various Afrikaans modules for the Faculty of Education at the Nelson Mandela University on a contract basis. She completed her doctorate in 2023, titled *Afrikaanse Visserstaal*, which represents the first research on this variety of Afrikaans since 1957.

**Datums:**

Ontvang: 2023-06-14

Goedgekeur: 2023-07-29

Gepubliseer: September 2023

**ABSTRACT*****Afrikaans Fisher language***

*Since no recent study has been done about Afrikaans Fisher language the aim of this article is to give an updated linguistic description of this variety.<sup>1</sup> Heiberg (1957) conducted a previous study. Varieties change all the time (D'Arcy, 2015:484) and Afrikaans Fisher language is no exception.*

*Due to Covid-19 the researchers were unable to focus exclusively on subsistence fisher communities. Covid anxiousness led to the fact that many fishers did not want to take part in this qualitative study, in which, inter alia, questionnaires and interviews were used (Blume, 2023:35).*

*All fishers indicating their willingness to participate were chosen as respondents if they were between 18 and 75 years of age. The sample of forty fishers is therefore small but is supplemented by various other sources. The areas covered were the coastal areas of the Eastern, Southwestern and Western Cape (Blume, 2023:35).*

*Afrikaans Fisher language has been influenced by different languages, especially Dutch, Portuguese, Malay and English and is recognised as a variety due to several unique words and expressions. Stell, Luffin and Rakep (2008:293) indicate that the initial Malay and Creole Portuguese of the 20<sup>th</sup> century led to the development of Muslim Afrikaans. Heiberg (1957:96) explains that the names of certain types of fish have an Eastern origin and that they most probably show Malay or Portuguese influence, for example: daeraad: Portuguese, dorado, English dageraad (Blume, 2023:80).*

*Dutch words like dōdstrōdōm, kabbelau, omweer/onweer, platvisch (to mention a few) show remarkable similarities with Afrikaans (see Overdiep, 1940; Blume, 2023:108).*

*The list below indicates examples of English influence:*

bait: *something to lure the fish with*

bait caster: *somebody who uses live bait to catch fish*

beaut: (noun) – *a big or pretty fish*

beautiful: *to describe a fish that is big or pretty*

bottom feeders: *Amongst others steenbras, kapenaars, Rooi Roman, Miss Lucy, etcetera*

cast: *fishing method using a hook, line, sinker and bait*

catch and release: *catch fish and throw them back into the water*

chum, chumming: *use bait to get a lot of fish in one place*

cob: *kabeljou, Argyrosomus japonicus*

coffee grinder: *a type of pulley*

drag, smooth drag: *the breaks on the pulley – “die drag is smooth”.*

dropshot: *hook made of steel with a built-in sinker and bait which is used to catch fish*

edge – “daai edge gee”: *have a better chance of a catch*

happy days: *exclamation of joy*

hook-up, double hook-up: *when fish bite or when more than one fish is caught on one hook*

live bait: *bait that is alive*

pink prawn: *type of sand or mud prawn*

popper: *artificial bait in the form of small fish*

pull: *when you can see that a fish bites because of the movement of the line*

---

<sup>1</sup> Hierdie studie is gebaseer op 'n ongepubliseerde DLitt-tesis (Blume, 2023).

rocket: *used to describe a fast fish – “Hy swem soos ’n rocket.”*

run: *when the fish bit but try to swim away with the hook and bait. The Afrikaans equivalents loop and hardloop are also used.*

single: *when only one hook is used*

size: *when a fish is legally big enough*

spinner: *type of bait made of metal which turns around in the water*

tentacle: *a type of bait, specifically octopus tentacle*

tooth wire: *strong line used to catch fish*

trawl: *method of pulling bait behind a boat*

trigger: *“hongerkiertjie trigger”: stimulation of the glands on certain types of fish, usually when the chum method is used*

try wind: *used instead of probeer inkatrol*

unbelievable: *emotional exclamation*

wangle: *manipulate tools to function as they should*

*Hybrid (English and Afrikaans) forms are frequently used:*

bait castertjie, baitjie, ball bearinkie, carbon leadertjie, cobbie, drop-offie, dropshot-hengel, dropshotjie, gecast, geretrieve, getrawl, ingeforce, leases, popperties, prawnpomp, swiveltjie, trawlnette.

*The following English fish names are used:*

banded galjoen: *also known as bastard galjoen, demba.*

belman: *other names are baardman, belvis, tasselfish.*

bronze bream: *alternative names are hottentot, das, Jan Bruin, John Brown, fat fish, copper bream, Nyizala, butterfish, etcetera.*

bronzy: *variant of bronze bream.*

cob: *kabeljou*

flatty: *frequently used in the Eastern Cape instead of Kaapse stompneus.*

garrick: *also called leervis, leerfish*

grunter: *instead of knorhaan*

gruntertjie: *instead of knorhaan*

Miss Lucy: *instead of rooistompneus*

pig/pig nose: *instead of witneussteenbras*

pyltail (stingray): *instead of pylstert, skerpneuspylstert, blou pylstert, vlinderrog*

raggie: *from ragged toothed shark instead of yellow shark, brown shark*

shad: *(Afrikaans: elf)*

swart musselcracker: *(Afrikaans: poenskop). This fish is also known as black biskop, witbek, black steenbras, saqomolo, swartbiskop. Most fishers use either musselcracker or poenskop.*

tiger: *instead of tiger shark*

wit musselcracker: *Also known as brusher, mussel crusher, silver steenbras, white biskop. Most fishers use musselcracker instead of biskop.*

yellowtail: *Seriola lalandi (Blume, 2023:155-157).*

*Fisher language differs in terms of degrees of standardisation as certain words also occur in the general vocabulary, as indicated in the latest Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT). Some words are not standardised as they are English words, for example shad (instead of elf) or they consist of hybrid forms, containing English and Afrikaans elements, like raggie*

for a specific type of shark. Other words and expressions are not included in the HAT, probably as they are not so well-known or frequently used in the general lexicon, for example *bonnie/bonnetjie* instead of *bonito*.

*Stylistic variation is evident in the usage of the frequently used informal word flattie instead of stompneus.*

*The degree of education can also lead to variation, as in skuide for skuite and kiewe for kieu.*

*Certain meaning distinctions relating to Fisher language do not occur in the HAT, for example mas used as a verb and the meaning distinction “small boat” at the lemma bakkie.*

**KEYWORDS:** Afrikaans Fisher language; dialectology; lexicon; semantics; socio-linguistics; variety; sociolect; register; standard variety; formality

**TREFWOORDE:** Afrikaanse visserstaal; dialektologie; leksikon; semantiek; sosio-linguistiek; variëteit; sosiolek; register; standaardvariëteit; formaliteit

## OPSOMMING

Afrikaanse visserstaal is deur verskillende tale beïnvloed, waaronder veral Nederlands, Portugees, Maleis en Engels en word as variëteit onderskei op grond van heelwat unieke woorde en uitdrukkings. Daar is min geografiese differensiasie tussen Oos-Kaapse en Wes-Kaapse visserstaal as gevolg van die dialekkontinuum (Blume, 2023).

Woorde in Afrikaanse visserstaal verskil ten opsigte van gestandaardiseerdheid deurdat sommige woorde ook in die algemene woordeskat voorkom, soos in die nuutste *HAT* aangedui. Sommige woorde is nie gestandaardiseer nie aangesien hulle Engelse woorde is, byvoorbeeld *shad*, of ’n hibriediese vorm van Engels en Afrikaans is, byvoorbeeld *raggie*. Ander woorde en uitdrukkings is nie in die *HAT* opgeneem nie, waarskynlik omdat hulle nie so bekend/gebruiklik is in die algemene leksikon nie, byvoorbeeld *bonnie/bonnetjie* in plaas van die standaardwoord *bonito*. Stylvlakverskille kom voor by die Standaardafrikaanse woord *stompneus* teenoor *flatty* (informeel). Laasgenoemde word eerder onder die vissers gebruik. Dit geld ook vir die gebruik van *visserman* teenoor *visterman*. Enkele woorde in *HAT6* bevat nie die visserstaal-betekenisonderskeiding nie, byvoorbeeld *bakkie* en *mas* as werkwoord.

## 1. Inleiding

Die opmerklikste verskille tussen Afrikaanse visserstaal en ander variëteite word binne die leksikon aangetref. Die doel van hierdie artikel is om ’n bygewerkte linguistiese beskrywing van Afrikaanse visserstaal te gee.

Die afgelope sestig jaar is geen nuwe navorsing oor Afrikaanse visserstaal onderneem nie, veral nie langs die Suid-Afrikaanse kusgebied nie. Die vorige studie is deur Heiberg (1957) gedoen.

Die kernwoorde (vergelyk ook Blume, 2023:21-23) word eers verklaar voordat die metodologie beskryf sal word.

Die teoretiese raamwerk vir hierdie studie is die sosiolinguietiek, hoewel dialektologie en semantiek ook betrek word. Die kernterme sal vervolgens eers bespreek word, voordat die metodologie aan bod kom.

Afrikaanse visserstaal verwys na ’n tipe taal wat deur vissers en vissersgemeenskappe gepraat word, wat in kusgebiede woon en wat vir ’n lewe of vir ontspanning visvang. In hierdie

studie is die fokusarea vir navorsing die Oos-Kaap, Suidwestelike en Westelike kusegebiede van Suid-Afrika.

'n *Variëteit* is 'n patroonmatige sisteem van linguistiese variante wat met 'n bepaalde groep mense geassosieer word (Du Plessis, 1987:9).

*Standaardvariëteit* verwys na die algemene woorde en uitdrukkings wat as vergelykings-basis dien wanneer ander variëteite beskryf word (Otto in Carstens & Bosman, 2017:371).

Coulmas (2005:10) dui aan dat die sentrale tema van die sosiolinguistiek variasie is. Sosiolinguistiek fokus onder andere op die sosiale variasie wat in gemeenskappe voorkom (Yule, 2017:286; Nagy in Bayley, Cameron & Lucas, 2015:427). Meyerhoff (2011:1-2) verduidelik dat sosiolinguiste sekere metodes gebruik om patrone in taalgebruik en houdings ten opsigte van taal en taalgebruik te analiseer (Blume, 2023:22).

Semantiek hou verband met die studie en beskrywing van betekenis, wat in hierdie artikel gebruik sal word om die betekenis van Afrikaanse visserstaalwoorde aan te dui.

Die leksikon is die versameling woorde en frases wat in 'n betrokke taal of variëteit voorkom. Hierdie leksikon is nie 'n vaste getal woorde en frases nie, want dit mag konstant deur die jare heen verander, byvoorbeeld as gevolg van nuutskepping.

*Sosiolek* is 'n term wat na die taalgebruik van 'n sekere sosiale groep verwys in plaas van 'n geografiese groep, waar verskillende sosiale faktore die daaglikse taalgebruik van die sosiale groepe beïnvloed. Stockwell (2007:9) dui aan dat 'n sosiolek van 'n register verskil omdat 'n sosiolek eerder op die sosiale aspek van taal fokus en nie bloot na die spesifieke taalgebruik tydens verskillende aktiwiteite verwys nie. Tradisioneel word Afrikaanse visserstaal as 'n register beskou (vergelyk onder andere Webb in Botha (1989:430) en Carstens & Raidt (2019:560)), maar binne digte sosiale netwerke kan subgroepe ook as sosiolekte beskryf word deurdat daar nie net op die woordeskat gefokus word wat met die aktiwiteit van visvang verband hou nie. Sprekers se identiteit en solidariteit binne 'n gemeenskap bepaal in 'n groot mate hulle taalgebruik (Wardhaugh, 2010:7-8). Die terme *register* en *sosiolek* kan dus in bepaalde gevalle oorvleuel, byvoorbeeld by Kaapse Moesliem-vissters.

*Dialektologie* verwys na die studie van geografiese dialekte en hoe hierdie geolekte met mekaar 'n verbintenis toon (Coulmas, 2005:21). Dialekte kan as subafdelings van 'n spesifieke taal gesien word, byvoorbeeld die Lancashire-dialek van Engels, die Munster-dialek van Ierland en Namakwalands van Afrikaans (Chambers & Trudgill, 1980:3; Yule, 2017:270).

Formaliteit speel in hierdie artikel 'n belangrike rol, aangesien die omgangstaal/spreektaal oor die algemeen informeler as die geskrewe vorm van Afrikaanse visserstaal is. Bepaalde skrywers se skryfstyl wissel nietemin ook. Pieter Pieterse skryf byvoorbeeld in 'n informeler styl as die ander geskrewe bronne.

## 2. Metodologie

Hierdie artikel word binne die kwalitatiewe (hermeneutiese) raamwerk gedoen (Hennink, Huttar & Baily, 2020; Sutton, 1993; Creswell, 2009). Daar is gebruik gemaak van vraelyste, onderhoud, direkte waarneming en 'n literatuurstudie. Die vraelys en 'n voorbeeld van 'n onderhoud word in die bylaes opgeneem (Blume, 2023).

Die navorsers kon weens Covid-bepenkings nie Afrikaanse visserstaal baseer op spesifieke vissersgemeenskappe wat visvang vir 'n lewe nie. Enige gewillige visser moes betrek word ten einde genoeg data te kon kry: vissers wat visvang vir 'n lewe sowel as vissers wat visvang vir ontspanning. Die demografie van die vissers wat ondersoek is, is soos volg: persone tussen die ouderdomme van 18 en 75, wat vir 'n lewe of vir ontspanning hengel (Blume, 2023:35).

Daar sal vervolgens gekyk word na die herkoms van Afrikaanse visserstaalwoorde deur te let op die invloed van verskillende tale. Dialektologiese verskille sal ook aangedui word. Sommige leksikale items kom byvoorbeeld slegs in een streek voor, terwyl sekere visbenamings ook slegs in een streek voorkom. Hierdie geografiese verskille bevestig die stelling deur Whibley en Garratt (1992) wat aandui dat die vissers meer as een benaming vir dieselfde vis gegee het. Dit is vandag nog waar omdat vissers in verskillende geografiese areas soms visse op ander name noem.

Die linguïstiese beskrywings word meestal in tabelvorm aangedui, met woordsoortaanduiding, 'n kort betekenisomskrywing, 'n illustrasie en ten minste een bronverwysing. Hierdie tabelle is gebaseer op die volgende bronne: onderhoude wat met die vissers gevoer is, vraelyste wat in die Oos- en Wes-Kaap voltooi is, data wat deur direkte waarneming van vissers bekom is, seisoene 3 tot 20 van die program *Hier Gaan Ons Alweer* (sic), wat in 2022 op KykNet en Showmax vertoon is, verskeie YouTube-video's (vergelyk die bibliografie), die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Prinsloo (2009) se werk – *Annerlike Afrikaans*, Louwrens (2001) – *Aas is die Geheim: Seehengelgids*, Engelbrecht se werk – *Varswaterhengel in Suid-Afrika* van 1982 (1973), Whibley en Garratt se boek van 1992, naamlik *Die Suid-Afrikaanse Hengelaar*, tekste van Pieter Pieterse, Ina Paarman se teksgedeelte *Weskus-sêgoed en byname*, Jana Luther se artikel *Ken jy die see, Meneer?* en enkele ander bronne, byvoorbeeld tydskrifartikels.

Die jongste *HAT* word betrek om na te gaan watter van die Afrikaanse visserstaalitems ooreenstem met die standaardvariëteit.

### 2.1 Etiese klaring

Etiese klaring is van die Nelson Mandela Universiteit verkry, en die nommer is: H/20/ART/ALS-001.

## 3. Die herkoms van Afrikaanse visserstaal

Afrikaanse visserstaal is deur verskillende tale beïnvloed, waaronder veral Nederlands, Portugees, Maleis en Engels en word as variëteit onderskei op grond van heelwat unieke woorde en uitdrukkings (Blume, 2023:80). Heiberg (1957) dui aan dat Maleis 'n sterk invloed het op die taalgebruik van die vissers. Dit is waarskynlik omdat Moesliems dekades al visvang (Heiberg, 1957:102). Stell, Luffin en Rakiep (2008:293) verduidelik dat die aanvanklike Maleise en Kreoolse Portugees van die 20ste eeu gelei het tot die ontstaan van 'n variëteit van Afrikaans, wat heel moontlik die oorsprong van Moesliemafrikaans kan wees:

The disappearance of both Malay and Creole Portuguese by the turn of the twentieth century confirms that the components forming the Cape Muslim community may have merged into an ethnically all-inclusive 'Cape Malay' group of which a certain variant of Cape Dutch/Afrikaans was the most natural linguistic attribute.

(Stell, Luffin & Rakiep, 2008:293)

Volgens Heiberg (1957:90-102) beteken *para* "om 'n skuit te laat dryf" en *tjappa* "om stadig te roei". Hierdie (en 'n paar ander woorde) vertoon Maleise of Portugese invloed. Heiberg (1957:96) verduidelik dat die benaming van sekere vissoorte 'n Oosterse herkoms het, en dat hierdie herkoms heel waarskynlik van Maleis of Portugees kom, byvoorbeeld *daeraad*: Portugees, *Dorado*.

Nederlandse woorde soos *dòdstròòm*, *kabbelau*, *omweer/onweer*, *platvisch* (om enkeles te noem) toon merkwaardige ooreenkomste met Afrikaans. Daar kan geargumenteer word dat die Nederlandse invloed op Afrikaans sterk teenwoordig in die huidige taalskat is (vergelyk Overdiep, 1940; Blume, 2023:108).

Daar is ook heelwat Engelse invloed op Afrikaanse visserstaal, soos uit die onderstaande lys sal blyk:

*bait*: Engelse woord vir *lokaas*.

*bait caster*: iemand wat met lewende aas gooi om vis te vang.

*beautiful*: byvoeglike naamwoord gebruik om te verwys na die grootte van die vis. Minder gebruiklik: byvoeglike naamwoord vir 'n mooi vis.

*beaut/beauty*: *Beaut* is baie gebruiklik onder die vissers in die Oos-Kaap.

*bottom feeders*: ook bekend as *bodemwoners*; vissoorte wat aan die bodem gevind word, byvoorbeeld steenbras, kapenaars, rooi roman, Miss Lucy, en nog meer.

*cast*: metode wat deur vissers gebruik word om die vislyn in die water te gooi (met die hoek, sinker en lokaas reeds vas aan die lyn) om te kan hengel.

*catch and release*: hengelmetode waartydens die vissers die visse vang bloot om die mates te neem en dan weer terug te sit sonder dat die visse seerkry op enige manier. Dié metode kan ook verwys na hengelaars wat visse vang om hulle te merk vir wetenskaplike navorsingsdoeleindes.

*chum, chumming*: metode van lokaas gebruik wat baie visse op een plek lok. Die metode behels gewoonlik bloederige lokaas wat oor die water gestrooi word.

*cob*: kabeljou, *Argyrosomus japonicus*.

*coffee grinder*: 'n tipe katrol wat vas is.

*drag, smooth drag*: die brieke op die katrol ("die *drag* is *smooth*").

*dropshot*: staal-tipe hoek met 'n ingeboude sinker en kunslokaas wat gebruik word om mee te vang; dié metode is 'n herhalingsmetode van *cast* (gooi) en inkatrol, oor en oor totdat die vis gevang word.

*edge* – "daai edge gee": die vissers gebruik hierdie term om te verwys na hulle gerei of aas, gewoonlik op 'n positiewe wyse om te sê dat hulle (die vissers) nou meer van 'n kans staan om die vis te kry as gevolg van die gerei/aas wat hulle tans gebruik.

*happy days*: tipe uitroep wanneer die vissers meer vang as gewoonlik, wanneer hulle 'n lekker tyd het of wanneer hulle bloot gelukkig voel in daardie betrokke oomblik.

*hook-up, double hook-up*: wanneer die vis byt of wanneer daar meer as een vis aan een hoek gevang word.

*livebait*: lewende aas.

*Miss Lucy*: die Engelse benaming word oor die algemeen gebruik om na 'n rooistompneus te verwys.

*pink prawn*: tipe sand- of modderkrewel wat gebruik word as lokaas; kan met 'n krewelpomp gevind word tydens laagwater.

*popper*: kunsaa in die vorm van vissies.

*prawn*: aassoort; verwys na die modderkrewels. Hibriede vorms word ook gereeld gebruik, byvoorbeeld *pienk prawns*.

*pull*: wanneer die vis(se) byt aan die lyn en dit met die beweging van die lyn gesien kan word.

*rocket*: word gebruik om 'n vinnige vis te beskryf - "Hy swem soos 'n rocket."

*run*: wanneer die vis reeds gebyt het, maar met die hoek en lokaas probeer wegsweem.

Daar is ook 'n Afrikaanse ekwivalent wat algemeen gebruik word, naamlik *loop* en *hardloop*.

*singles*: wanneer slegs een hoek gebruik word.

*size*: die vissers verwys na die visse as "size" wanneer die visse die wettige grootte is om te hou.

*spinner*: tipe kunsmatige lokaas wat van 'n tipe metaal gemaak word; dit draai rond in die water en lok visse met die beweging daarvan.

*tentacle*: dit verwys na aas, spesifiek seekatpoot.

*toothwire*: tipe sterk lyn waarmee vis gevang word.

*trawl*: metode van lokaas agter 'n boot trek.

*trigger* ("hongerkliertjie trigger"): stimulasie van die kliere op sekere vissoorte, gewoonlik gepaard met die *chum*-metode.

*try wind*: inkatrol (vergelyk Blume, 2023:154-155).

*unbelievable*: emosionele uitroep.

*wangle*: die manier van iets, veral gereedskap, manipuleer totdat dit werk soos wat die visser wil hê dit moet.

Een van die opvallende verskynsels van Afrikaanse visserstaal is die voorkoms van kombinasies van Engelse en Afrikaanse woorde waartydens die sprekers Engelse woorde met Afrikaanse stamme of affikse verbind. Die voorbeelde wat aangetref is, is soos volg:

*bait castertjie, baitjie, ball bearinkie, carbon leadertjie, cobbie, drop-offie, dropshothengel, dropshotjie, gecast, geretrieve, getrawl, ingeforce, leases, poppertjies, prawnpomp/prawnpompe, swiveltjie, trawlnette* (vergelyk Blume, 2023:154-155).

Die volgende leksikale items met Engelse invloed by visbenamings wat in Afrikaanse visserstaal opgemerk is, kom algemeen voor:

*banded galjoen*: *Coracinus multifasciatus*; ook bekend as *bastard galjoen, demba*. Hierdie vissoort lyk baie soos die gewone galjoen.

*belman*: *Umbrina canariensis*; ander name is *baardman, belvis, tasselfish*.

*bronze bream*: *Pachymetopon grande*. Hierdie vissoort het baie alternatiewe benamings, waaronder *hottentot, das, Jan Bruin, John Brown, fatfish, copper bream, Nyizala, butterfish*, en so meer.

*bronzy*: variant vir *bronze bream*.

*cob*: kabeljou, *Argyrosomus japonicus*

*flatty*: Hierdie leksikale variant, wat na die Kaapse Stompneus verwys, is veral algemeen in die Oos-Kaap.

*garrick*: *Lichia amia*. Hierdie bekende vis is deel van die koningvissoorte. Ander benamings is *leervis* of *leerfish*. Dié vis kom algemeen voor in die Oos-Kaap en in die Suid-Kaap, maar aangesien hierdie vis in riviermondings en in riviere voorkom, kan dit al langs die kus gevang word.

*grunter*: *Pomadasy commersonii*. Hierdie vissoort word aan sy snorkgeluid herken; knorhaan.

*gruntertjie: Pomadasys commersonnii*, knorhaan.

*Miss Lucy*: Die Engelse benaming word meestal gebruik en verwys na 'n rooistompneus.

*pig/pig nose: Lithognathus lithognathus*; witneussteenbras.

*pyltail (stingray): Dasyatidae*. Dit word ook *pylstert*, *skerpneuspylstert*, *blou pylstert* en *vliinderrog* genoem. Hierdie plat vissoort kom aan die hele kus van Suid-Afrika, tot by die Namibiese kus, voor.

*raggie: Carcharias taurus*. Dit kom van die Engelse benaming *ragged toothed shark*, wat verwys na 'n soort haai wat deur sy skerp, skewe tande gekenmerk word. Ander benamings is *yellow shark* en *brown shark*. Hierdie haaisoort kom algemeen voor en word gereeld deur strandhengelaars gevang en teruggegooi.

*shad: Pomatomus saltatrix*. (Afrikaans: *elf*). Dit is een van die gesogste vissoorte in Suid-Afrika en kom aan die hele kus voor. *Shad* word meer algemeen gebruik vanaf Natal tot in die Oos-Kaap, terwyl *elf* of *elwe* meestal van die Oos-Kaap tot by die Weskus gebruik word. Daar word wel soms gewissel deur die Engelse benaming *shad* te gebruik.

*swart musselcracker: Cymatoceps nasutus* (poenskop). Hierdie vis staan ook bekend as die *black biskop*, *witbek*, *black steenbras*, *saqomolo*, *swartbiskop*. Die meerderheid vissers praat van *musselcracker* en *poenskop*; daar word dus gereeld tussen die twee woorde gewissel.

*tiger: Galeocerdo cuvier*; tipe haaisoort. Dit is 'n verkorting van *tiger shark*, wat herken kan word aan sy tieragtige strepe.

*wit musselcracker: Sparodon durbanensis* (witbiskop). Dit is ook bekend as *brusher*, *mussel crusher*, *silver steenbras* en *white biskop*. Hierdie vissoort is baie gewild in die Oos-Kaap sowel as die Suid-Kaap se kusgebied. Die meerderheid vissers praat in die meeste gevalle van *musselcracker* in plaas van *biskop*.

*yellowtail: Seriola lalandi*. Ander benamings is *albacore* en *halfkoord*, en die Afrikaanse ekwivalent is *geelstert* (vergelyk Blume, 2023:155-157).

#### 4. Redes vir variasie

Variasie in Afrikaanse visserstaal kom voor as gevolg van kontak met ander tale, minder gebruiklike vorme, stylvlakverskille en opleidingsverskille. 'n Groot mate van Engelse invloed kom voor, byvoorbeeld *grunter*, of 'n hibriediese vorm soos *flattie*. Hierdie Engelse woorde word veral in informele kontekste gebruik. Minder gebruiklike vorme, veral in die verkleiningsvorm, word ook soms gebruik, byvoorbeeld *bonnie/bonnetjie* in plaas van die standaardwoord *bonito*. Baie visserstaalwoorde is reeds in standaardwoordeboeke, byvoorbeeld die *HAT* opgeneem. Enkele woorde in *HAT6* bevat nie die visserstaal-betekenisonderskeiding nie, byvoorbeeld *bakkie* en *mas* as werkwoord (vergelyk Blume, 2023 se finale tabel). Verder kan die mate van opleiding 'n rol speel by die uitspraak van *kieue* as *kiewe*.

Daar is min geografiese differensiasie tussen Oos-Kaapse en Wes-Kaapse visserstaal as gevolg van die dialekkontinuum (Blume, 2023).

## 5. Oorvleueling met die algemene gestandaardiseerde woordeskat

'n Groot mate van oorvleueling met algemene standaardwoorde kom wel voor, soos sal blyk uit die volgende kategorieë:

Visbenamings: *alikeukel, alikruk, ansjovis, baardman, baber, bankbloue, basterleervis, beenbek, biskop, blaasop/blaasoppie, blinklyf, blousteenbras, bloustopkop, bodemvis, boerkabeljou, bonito, bontrok, bythaai, dassie/kolstert, dikkop, doppie, elf, galjoen, galjoen-snoek, garnaal, geelbek, geelbekhaai, geelhaai, geelvis, gor-gor, haai, karp, katonkel, knorhaan, ensovoorts.*

Woorde wat met aas verband hou: *aas, bloedwurm, doilie, kunsaaas.*

Seetoestandwoorde en -uitdrukkings is onder andere: *die r-maande, dol-spring, donkermaanspring, die see is dood, dooiewater, dooigety, droëbek, droëbeksee, ertjiesopwater, galjoentyd, gemmerbierwater, gety, ensovoorts.*

Die volgende woorde hou verband met seevaartuie en mense op die seevaartuie: *bakkie, ballas, bootsman, bo-sim, dobber, dof/dofte, dolboord, dolpenne, dolstroppe, ensovoorts.*

Woorde wat met visvangerei en -metodes verband hou, is die volgende: *gooi teenoor cast; fuik, net.*

Naas reeds genoemde woorde wat algemeen genoeg gebruik word om ook in die nuutste (gedrukte) *HAT6* voor te kom, is daar baie hengelspesifieke woorde en -uitdrukkings wat nie algemeen gebruik word nie.

## 6. Visserstaalwoorde wat nie algemeen in die standaardvariëteit gebruik word nie

Visbenamings wat nie algemeen in die standaardvariëteit gebruik word nie, vertoon meestal Engelse invloed, byvoorbeeld *flattie* vir *stompneus* en *shad* naas *elf*. Vir *bonito* word *bonnie* en *bonnietjie* gebruik en vir *ansjovis anchovie* (Hier gaan ons alweer, seisoen 4, episode 41). Dan is daar ook gewoon niealgemene visbenamings, byvoorbeeld *armadillo* (Blume, 2023).

Verder is daar heelwat sinonieme, byvoorbeeld *klipmossel* en *perdekuil* (Pieterse, 1985) en *boeties* vir *steenbras* (Gansbaai – vgl. Prinsloo, 2009:30).

Wat sinonieme betref, hou die gebruik daarvan dikwels met geografiese omgewing verband. 'n Janbruin word byvoorbeeld in die Transkei en KwaZulu-Natal *damkokker* genoem, terwyl 'n wildeperd by Knysna *bontrok* genoem word (Prinsloo, 2009:31). Groter silwervissies word in die Strand *doppies* genoem, *rootjies* by Knysna, *karp* by Gqeberha en *kapenaar* van Oos-Londen tot by KwaZulu-Natal (Blume, 2023).

Die volgende woorde en uitdrukkings word hoofsaaklik deur vissers gebruik:

Elke visser moet aan die eienaar van 'n skuit *bakspart* ('n tipe kommissie) betaal (Luther, 2019).

Verskillende tipes aas kan gebruik word, waaronder bandjies – die gevlegte rooi en blou of geel en groen vlegseltjies, wat kunsaaas is wat gebruik word om snoek te lok (Luther, 2019). Doilies kan ook gebruik word om snoek mee te lok en hierdie woord is by Dwarskersbos opgeteken (Prinsloo, 2009:45) en *bloeties* of *bloedies* word naas die standaardwoord, *bloedwurm*, gebruik (Blume, 2023).

Die vissers word ook geïrriteer deur voëls wat die aas afpik. Hierdie voëls word *aas-pikkertjies* of *aasvreterjies* genoem:

**TABEL 1:** Benamings vir voëls wat aas steel  
(Blume, 2023)

|                |       |  |   |
|----------------|-------|--|---|
| aaspikkertjies | s.nw. | Klein vissies wat die aas van die lyn afvreet voordat die groter visse kans kry om die lyn te vat. | “(…) donnerse aaspikkertjies vreet die tjokka af.”<br><br>Direkte Waarneming  |
| aasvretertjies | s.nw. | Dieselfde betekenis as <i>aaspikkertjies</i>   | “Wanneer jy die grootvis probeer en aasvretertjies jou sagte visaas in ’n oogwink van die hoek stroop, is dit beter om taaier aas, byvoorbeeld seekatpoot of ’n heel vis, te gebruik”<br>(Louwrens, 2001:4) |

Sekere woorde hou direk of indirek verband met die verkoop van vis, hetsy in terme van die grootte van die vis, die benaming vir smouse, ’n aanduiding van of die vis afsonderlik of in groepies verkoop word, ensovoorts. *Eentel* of *koptel* verwys na ’n kabeljou wat groot genoeg is om afsonderlik verkoop te word. Hierteenoor verwys *melkkabeljoutjies* of *kortholletjies* na die kleinste kabeljoutjies met sappige vleis wat in bossies (*kwatjies* genoem) ingesnoer word. Die woord *kortholletjie* kom volksetimologies van die Engelse “short haul” (Luther, 2019). Nog ’n klein vissie, die silwervis, word ’n *pil* genoem en het nog nie die grootte vir wettige vangs bereik nie (Luther, 2019). *Kwagga* verwys na ’n kabeljou van middelslaggrootte (Luther, 2019). *Langanas* of *langane* word gebruik om na vishandelaars te verwys, soos wat Luther (2019) aandui: “Dan krioel die kaai van ‘langane’ (of ‘langanas’), vissmouse, vishandelaars, wat dikwels die hele vangs net daar van die visser koop.”

Sommige woorde dui aan wanneer of hoe lank daar vis gevang word:

**TABEL 2:** Visvang deur die nag  
(Blume, 2023)

|                |     |   |  |
|----------------|-----|---|--|
| (d)jalamallang | ww. | Dit verwys na wanneer die vissers heelnag op die see bly. | “Soms moet die skuite ‘(d)jalamallang’ (heelnag op die see bly).”<br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023 |
|----------------|-----|---|--|

**TABEL 2:** Visvang deur die nag (*vervolg*)  
(Blume, 2023)

|                       |                |   |   |
|-----------------------|----------------|---|---|
| (d)jalamallang se vis | s.nw. / uitdr. | Die vangs wat verkry is as gevolg daarvan om heelnag op die see te bly. | “Vis wat op so ’n deurnagtog gevang word, is ‘(d)jalamallang se vis’.”<br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023 |
|-----------------------|----------------|---|---|

Vis kan natuurlik op verskillende maniere gevang word en die volgende woorde en die emosies wat met visvangs verband hou, word vervolgens aangedui:

**TABEL 3:** Woorde wat met visvangmetodes en emosies verband hou  
(Blume, 2023)

|          |       |  |   |
|----------|-------|--|---|
| beursnet | s.nw. | ’n Net wat van onder af getrek word.   | “In die oop see word dikwels ’n ‘beursnet’ gebruik, ’n groot net of seën wat van onder af toegetrek word deur die twee verste punte bymekaar te bring.”<br><br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023  |
| blaar    | s.nw. | ’n Groot net wat die vissers om visskole span en dan die punte na mekaar toe bring om die vis daarbinne toe te trek. | “’n Groot net waarmee vis uitgetrek word, word ’n ‘blaar’ genoem. Die vissers gaan uit in die bakkie en aan die fosfor kan jy duidelik sien hoe die vis hardloop; dan bring hulle die blaar om die skool en trek die punte na mekaar toe.”<br><br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023 |

**TABEL 3:** Woorde wat met visvangmetodes en emosies verband hou (*vervolg*)  
(Blume, 2023)

|             |       |   |  |
|-------------|-------|---|--|
| cast        | ww.   | Die lyn van die visstok in die water gooi om te kan visvang.  | “Cast hom ver dat dit diep genoeg is.”<br>Direkte Waarneming   |
| chum        | ww.   | Stukke aas in die water gooi om groter visse te lok.  | “Jy kan chum vir hulle [verwys na elwe]”<br>Hier Gaan Ons Alweer, Seisoen 10.  |
| gooi (cast) | ww.   | Die visstok op ’n bepaalde manier beweeg om die lyn in die water te kry ten einde vis te probeer vang.  | “Ons gooi ook natuurlik haai prawntjies.”<br>Hier Gaan Ons Alweer, Seisoen 19, episode 13.   |
| dryfaas     | s.nw. | Aas wat dryf wanneer daar sonder ’n sinker visgevang word.  | “Ek (sal) altyd dryfaas aanbeveel vir galjoene wat van die klippe af gevang word (S. Schoeman). Die beste resultate word verkry deur dryfaas, dit wil sê, die gewig van die aas behoort genoeg te wees om die aas onder die water te hou (Flip Joubert en Joubert Louw).”<br>Aanlyn WAT: <a href="https://www.woordeboek.co.za/index.php?qi=21170">https://www.woordeboek.co.za/index.php?qi=21170</a><br>Besoek op 22 Maart 2023. |
| fijado      | tw.   | ’n Uitroep wat gebruik word wanneer die visse in die net vasgevang word.  | “‘Fijado!’ word uitgeroep as die blink lywe in die net vasgekeer word, as die vis ‘gemaas het’.”<br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023  |
| gaff        | ww.   | Groter visse haak om dit in die hande te kry nadat hulle gevang is; dit word gewoonlik gebruik om swaarder of sterker visse uit die water te trek, soms ook tydens diepseehengel. | “Gaff die ding!”<br>Uitroep tydens ’n visvangsessie.<br>Direkte Waarneming.  |

Die wind, getye en bepaalde maande van die jaar het 'n invloed op seetoestande en kan visvangs beïnvloed:

**TABEL 4:** Visvanginvloede: wind, getye, maande (Blume, 2023)

|                                   |                   |  |  |
|-----------------------------------|-------------------|--|--|
| blinde suidoos                    | s.nw.             | Dit het te doen met “die wind waai kaalkop”; dieselfde betekenis as <i>kaalkopsuidoos</i> .  | “Die ‘kaalkopsuidoos’ heet ook die ‘blinde suidoos’.”<br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023   |
| bobbejaan/<br>bobbejaan-<br>water | s.nw.             | Dit verwys na gevaarlike seetoestande, wat dit moeilik en gevaarlik maak om in vis te vang.  | “Dis [die water is] bobbejaan. Jy kan niks met hom [die water] doen nie.”<br>Direkte Waarneming  |
| die r-maande                      | s.nw.             | Dit verwys na al die maande van die jaar wat ideaal is vir visvang. Hierdie r-maande is gewoonlik die warmer maande van die jaar, naamlik September – April. | Op die vraelyste en in 'n onderhoud opgeneem. In die vraelyste is dit meer as een keer 'n antwoord op die vraag: wanneer is dit die beste tyd van die jaar om vis te vang?<br>Vraelyste  |
| donkermaan-<br>spring             | s.nw.             | Springgety kom twee maal per maand voor, wanneer dit volmaan of nuwemaan is. Donkermaanspring verwys na springgety tydens die donkermaan of nuwemaan.        | “Veral na die ‘donkermaan-spring’ sien die vissers uit (springgety wanneer dit donkermaan is).”<br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023 |
| dood /<br>die see is dood         | b.nw. /<br>uitdr. | Dit verwys na seetoestande wanneer die vis nie byt nie.  | “Soms is die see ‘dood’, of weens terugstroming van die water ...”<br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023                              |

**TABEL 4:** Visvanginvloede: wind, getye, maande (*vervolg*)  
(Blume, 2023)

|                                      |                   |   |  |
|--------------------------------------|-------------------|---|--|
| dooiewater /<br>die water is<br>dood | b.nw. /<br>uitdr. | Die seetoestande is nie ideaal vir visvang nie.   | Antwoorde op vraelyste om aan te dui dat die seewater of -toestande nie ideaal is vir visvang nie.<br><br>Vraelyste  |
| dooigety                             | s.nw.             | Dit verwys na 'n fase van die gety waar daar nie 'n duidelike verskil tussen hoog- en laagwater is nie. | “Tussenin val eerste kwartier (dooigety) en laaste kwartier (dooigety) wanneer die verskil tussen hoog- en laagwater nie baie groot is nie.”<br>Louwrens, N. 2001. Aas is die Geheim: <i>Seehengelgids</i> . George: George Printing. bl. 6<br>“Dis plus/minus dooigety.”<br>Hier Gaan Ons Alweer. Seisoen 4, episode 41.  |
| inskraal /<br>skraal dit in          | ww.               | Afneem, minder, swakker of yler word  | “As die wind bedaar, ‘skraal dit in’. Maar die vis kan ook ‘inskraal’”. As die bemanning hulle eerste vangs gemaak het, is hulle ‘los’, maar soms loop die vis yl.”<br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023 |
| joppels /<br>jobbels                 | s.nw.             | Die klein brandertjies wat deur 'n joppelwind veroorsaak word.  | “As daar 'n ‘joppelwind’ waai, is daar ‘joppels’ (ook ‘jobbels’), klein brandertjies, skuim-branders, op die water ...”<br><br>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal</a><br>Besoek op: 11 Maart 2023<br><br>Ook in Paarman.                  |

**TABEL 4:** Visvanginvloede: wind, getye, maande (*vervolg*)  
(Blume, 2023)

|            |       |   |   |
|------------|-------|---|---|
| joppelsee  | s.nw. | Seetoestand wat deur joppelwind veroorsaak word.                      | <p>“Die ‘joppelsee’ van ‘joppelweer’ heet ook ’n ‘tjoppelsee.’”</p> <p>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br/> <a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal</a><br/>         Besoek op: 11 Maart 2023</p>  |
| joppelweer | s.nw. | Dit is die weersomstandighede wat joppelsee en joppelwind veroorsaak. | <p>“Die ‘joppelsee’ van ‘joppelweer’ heet ook ’n ‘tjoppelsee.’”</p> <p>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br/> <a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal</a><br/>         Besoek op: 11 Maart 2023</p>  |
| joppelwind | s.nw. | Wind wat klein brandertjies maak.                                     | <p>“As daar ’n ‘joppelwind’ waai, is daar ‘joppels’ (ook ‘jobbels’), klein brandertjies, skuimbranders, op die water; ’n sterk deining.”</p> <p>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br/> <a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal</a><br/>         Besoek op: 11 Maart 2023</p> |
| rys        | ww.   | Van dieper na vlakker water toe swem.                                 | <p>“As (’n skool) visse van ’n dieper na ’n vlakker posisie in die see beweeg, ‘rys’ die vis.”</p> <p>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br/> <a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal</a><br/>         Besoek op: 11 Maart 2023</p>   |
| sakwater   | s.nw. | Dit verwys na laagwater, of die gety wat uitgaan.                     | Onderhoud en vraelyste  |

**TABEL 4:** Visvanginvloede: wind, getye, maande (*vervolg*)  
(Blume, 2023)

|                  |        |   |   |
|------------------|--------|---|---|
| see vat          | uitdr. | Uitgaan op die see.   | <p>“Kwaaiwater’ hou die vissers soms dae op land. In so ’n ‘kwaaiete’ kan ’n man nie ‘see vat’ nie.”</p> <p>Luther, J. 2019. “Ken jy die see, Meneer?”<br/><a href="https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal">https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464- visserstaal</a><br/>Besook op: 11 Maart 2023</p> |
| volmaan-springty | s.nw.  | Dit verwys na die springgety waartydens die gety sy hoogste en laagste vlak bereik. | <p>“Dis volmaan-springty. Die see dreun op die klippe soos hy met homself baklei.”</p> <p>Pieterse, P. 1985. <i>Tieties-baaiikos</i>. Pretoria: HAUM.</p>   |

In Kotze (2023) se jongste roman word verdere woorde in verband met onder andere visvangerei gebruik, byvoorbeeld *binnebuik*, *bolyn*, *kragblok*, *onderlyn*, *simsteek*, *timmels* en *timmeltoue*.

## 7. Samevatting

Afrikaanse visserstaal is deur verskillende tale beïnvloed, waaronder veral Nederlands, Portugees, Maleis en Engels en word as variëteit onderskei op grond van heelwat unieke woorde en uitdrukkings. Daar is min geografiese differensiasie tussen Oos-Kaapse en Wes-Kaapse visserstaal as gevolg van die dialekkontinuum.

Woorde in Afrikaanse visserstaal verskil ten opsigte van gestandaardiseerdheid deurdat sommige woorde ook in die algemene woordeskat voorkom, soos in die nutste *HAT* aangedui. Sommige woorde is nie gestandaardiseer nie aangesien hulle Engelse woorde is, byvoorbeeld *shad*, of ’n hibriediese vorm van Engels en Afrikaans is, byvoorbeeld *raggie*. Ander woorde en uitdrukkings is nie in die *HAT* opgeneem nie, waarskynlik omdat hulle nie so bekend/gebruiklik is in die algemene leksikon nie, byvoorbeeld *bonnie/bonnetjie* in plaas van die standaardwoord *bonito*. Stylvlakverskille kom voor by die Standaardafrikaanse woord *stompneus* teenoor *flatty* (informeel). Laasgenoemde word eerder onder die vissers gebruik. Dit geld ook vir die gebruik van *visserman* teenoor *visterman*. Enkele woorde in *HAT6* bevat nie die visserstaal-betekenisonderskeiding nie, byvoorbeeld *bakkie* as selfstandige naamwoord en *mas* as werkwoord.

## BIBLIOGRAFIE

### A: WOORDEBOEKE

- Luther, J. *et. al.* (reds.). 2015. *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson.
- Prinsloo, AF. 2009. *Annerlike Afrikaans: Woordeboek van Afrikaanse kontreitaal*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Aanlyn WAT)*. 2019–2022. Stellenbosch: Buro van die WAT.

### B: ANDER BRONNE

- Blume, J. 2023. *Afrikaanse Visserstaal*. Doktorale tesis. Gqeberha: Nelson Mandela Universiteit.
- Carstens, WAM & Raidt, E. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal. Deel 1*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Chambers, JK & Trudgill, P. 1980. *Dialectology*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Coulmas, F. 2005. *Sociolinguistics: The study of speakers' choices*. Cape Town: Cambridge University Press.
- Creswell, JW. 2009. *Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches*. Los Angeles: SAGE.
- D'Arcy, A. 2015. Variation and Change. In Bayley, R, Cameron, R & Lucas, C. (eds). *Oxford Handbook of Sociolinguistics*. New York: Oxford University Press, pp. 484-502.
- Du Plessis, H. 1987. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Engelbrecht, BJ. 1973. *Varswaterhengel in Suid-Afrika*. 3de uitg. Kaapstad, Pretoria, Johannesburg: Human & Rousseau.
- Heiberg, LR. 1957. *Afrikaanse Visserstaal*. Doktorale tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Hennink, M, Huttar, I & Bailey, A. (eds). 2020. *Qualitative Research Methods*. London: SAGE.
- Kotze, E. 2023. *Hulle noem haar Carminda*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- KykNet en Showmax. 2022. *Hier Gaan Ons Alweer*. Reeks 3–19. (Datums van vervaardiging onbeskikbaar). Suid-Afrika: Showmax.
- Louwrens, N. 2001. *Aas is die Geheim: Seehengelgids*. George: George Printing.
- Luther, J. 2019. "Ken jy die see, Meneer?" *Virtuele Instituut vir Afrikaans*, <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/464-visserstaal> [21 November 2022].
- Mesthrie, R. (red.). 2011. *The Cambridge Handbook of Sociolinguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Meyerhoff, M. 2011. *Introducing Sociolinguistics*. 2nd ed. New York: Routledge.
- Nagy, N. 2015. Phonology and sociolinguistics. In Bayley, R, Cameron, R & Lucas, C. (eds). *The Oxford Handbook of Sociolinguistics*. New York: Oxford University Press, pp. 425-444.
- Otto, A. 2017. Sociolinguistiek. In Carstens, WAM & Bosman, N. (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 365-401.
- Overdiep, GS. 1940. De volkstaal van Katwijk aan Zee. *De Nieuwe Taalgids* (36).
- Paarman, I. (red.). 2014. *Weskuskos: Bergrivier Vissersvrouevereniging*. Kaapstad: SCM Struik.
- Pieterse, P. 1985. *Tietiesbaai: 'n Werfjoernaal*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Pieterse, P. 1987. *Baai Tietiesbaai*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Pieterse, P. 1988. *Skedelkuskos*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Rieckert, R. 2022. Lentetyd is vir seker hengelyd. In Kruger, EC. (red.). *Stywe Lyne/Tight Lines*. Kemptonpark: All Lion Enterprises, pp. 61-63.
- Stell, G, Luffin, X & Rakiep, M. 2008. Religious and Secular Cape Malay Afrikaans: Literary Varieties used by Shaykh Hanif Edwards (1906–1958). *Bijdragen tot de Taal-, Land- en Volkenkunde*, 163(2/3): 289-325.
- Stockwell, P. 2007. *Sociolinguistics: A resource book for students*. New York: Routledge.
- Sutton, B. 1993. The Rationale for Qualitative Research: A Review of Principles and Theoretical Foundations. *The Library Quarterly: Information, Community, Policy*, 63(4):411-430.

- Viaene, B. 2017. 'n Stukkie hemel. In Hugo, E. (red.). 2017. *Vrouekeur*. Howard Place: Caxton, pp. 36-39.
- Wardhaugh, R. 2010. *An Introduction to Sociolinguistics*. New York: Wiley-Blackwell.
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. www.woordeboek.co.za. [28 Augustus 2018].
- Webb, VN. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. In Botha, TJR. (hoofred.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria, Kaapstad: Academia, pp. 412-435.
- Whibley, I & Garratt, P. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Hengelaar*. Kaapstad: Struik Timmins.
- YouTube: <https://youtube.com>
- Yule, G. 2017. *The Study of Language*. Cambridge: Cambridge University Press.

## VIDEO'S

- Videotitel: Snoek Safari. <https://www.youtube.com/watch?v=q5rKypweUfo>. [28 Augustus 2018].
- Videotitel: Snoek safari 2. <https://www.youtube.com/watch?v=gBUbtNTzqPc>. [28 Augustus 2018].
- Videotitel: Commercial snoek fishing. <https://www.youtube.com/watch?v=VkTs73arIM8>. [29 Augustus 2018].
- Videotitel: Gansbaai op Mooiloop, SABC 2, (deel 1 van 5): <https://www.youtube.com/watch?v=-KATFgB8qnA>. [29 Augustus 2018].
- Videotitel: Gansbaai op Mooiloop, SABC 2, (deel 2 van 5): <https://www.youtube.com/watch?v=LvXpm6PInQI>. [29 Augustus 2018].
- Videotitel: Gansbaai op Mooiloop, SABC 2, (deel 3 van 5). <https://www.youtube.com/watch?v=6A5261lcv2U>. [29 Augustus 2018].
- Videotitel: Gansbaai op Mooiloop, SABC 2, (deel 4 van 5). [https://www.youtube.com/watch?v=\\_kqrEP1GoRQ](https://www.youtube.com/watch?v=_kqrEP1GoRQ). [29 Augustus 2018].
- Videotitel: Gansbaai op Mooiloop, SABC 2, (deel 5 van 5). <https://www.youtube.com/watch?v=3f2yy6Y3R3g>. [29 Augustus 2018].
- Videotitel: Mooiloop 3 - Episode 20: Paternoster. <https://www.youtube.com/watch?v=ifwXPI-Ki9M>. [29 Augustus 2018].
- Videotitel: Mooiloop 3 - Episode 21: Paternoster Cont. <https://www.youtube.com/watch?v=mteWnW2e888>. [29 Augustus 2018].
- Videotitel: WCL West Coast Living Episode 1 Kreef | Hottentot | Weskus Hamburgers. 7 Julie 2019. <https://www.youtube.com/watch?v=p5g6gk1zDj4>. [22 Januarie 2022].

## BYLAAG A: ONDERHOUDTRANSKRIPSIE

Hier onder word 'n uittreksel uit 'n onderhoud ortografies getranskribeer as voorbeeld.

### Visser: Manlik, Kalkbaai, Wes-Kaap

“[Weet jy, Oom, ek het so gepraat met 'n paar vissers in Houtbaai en hulle het gesê die trawlers maak groot probleme.]

*Ja, ja nou soos in, man (raak emosioneel) is is is mos nou 'n ding wat ek nie kan keer -ie. My hand is te klein om -it te keer. Gat ek try om dit te stop dan kry ek 'n bullet teen my kop.*

[Sjoe, so hulle is aggressief dan? Hulle is aggressiewe mense?]

*Kyk kyk kyk ek vertel jou. Elke jaar dan het ek nou hie gewerk. En soes jy nou lateran ytbrei en jou jou jou kennis raak al mere, dan kan jy nou gan na 'n ander baai toe. Ons het gewoonlik altyd hie vandan gegang – Houtbaai. Dis wat hy nog kleiner was. En dan dan dan kan ek presies onthou Augustusmaand dan het ons baie snoeke gevang by Houtbaai.*

[Maar nou nie meer nie?]

*Uh-uh.*

[My hemel.]

*As ek moet vi jou sê wannier laas ons snoek gevang het in Houtbaai, dan moet ek lieg.*

[Regtig?]

*Yes.*

[Maar die ander oom het nou weer gesê die snoek is nou weer hierso. Is dit reg?]

*Hy is nou hie. Dan dan 'n paar jaa was hy nie hie nie.*

[Iets van sewe jaar? Of wat het hy gesê?]

*(onduidelike uiting) Nou nou nou skielik is daa 'n paar snoeke en ammal die bote is hie-so en is amper soes die mense baklei hie-so. Baklei nou vi die vis.*

[So dis amper soos 'n first come, first serve?]

*Ja ja ja dis reg ja. Dis dan jou tjennis (kennis) wat jy het en met watter boot jy is as die skipper nou tjennis het van dit dan gat jy nou iets gain daa-uit.*

[Nou oom aan wie verkoop julle die vis? Verkoop julle die vis of hou julle dit?]

*Ons ons bring dit mos nou hie-na.*

[Na die mark toe?]

*Dan dan dan die mannetjie wat nou vi jou (onduidelik) hulle is die mense wat bring dit van die boot af en verkoop dit wee an die mense.*

[Wat is die gewildste vis wat die mense koop?]

*Elkeen het 'n keuse. Ja. As jy nou wee te veel snoek kom koop 'an sê die mense vi jou: is daa wéé snoek? (visser lag)*

[Die mense is ook nie tevrede nie. Die mense is nie tevrede met die snoek nie?]

*'Alwéé snoek! Vang julle nie iets annes nie?'*

[Haai jinne foeitog, so mens kan nie wen nie?]

*Nou nou nou wiet jy? Daa waa, soes ek gesê het, sekere vissoorte kom nie mee nie. En as as daa kom, dan issit ok maa net 'n ou paarsies een boot wat 'n paar van daai (onduidelik).*

[Dan is dit soos 'n vloekskoot dat julle gekry het?]

*Dis amper soes 'n miracle nou so so en so vis vang. Ja! Nou nou nou kan ek vi jou sê nou kyk die snoek het nou 'n goeie paar jaar weggebly. Die geelbek dieselle. Die kabeldjou net 'n enkel ou paar kabeldjoutjies wat hierlangs. Makriële was ees soe volop hie in die baai hy het in die hawe gekom.*

[Wat? Jinne.]

*Ja. (onduidelik) dan vang jy hulle innie hawe. Ja! Toe't makriel – ah is no more.*

[Niks nie? Maar hoe maak julle dan met aas?]

*Ons moet ma anne uitweg maak! Ons moet nou -ie anne soorte vissie vang en dan moet ons hom nou skoonmaak en afsny en gebruik om -ie anne soorte te vang.*

[So julle moet 'n ander plan maak nou?]

*Nee nee ons moet 'n anne plan maak nou! Dan -is haa mos nou mense wat wat soes sardyn kry – wiet nie waa-vandaan kry hulle -it nie maa hulle sit dit in bokse en dan vra hulle vi jou só baie geld daa-voor en dan nou nou nou't djy die boks sardyn gekoep en djy't niks gevang haa mee nie maa jy't betaal vi dit.*

[So dis klaar 'n verlies?]

*En nou maak jy no profit. Jy moet jou geld weggooi nou.*

[Nee dis baie swaar. Is dit moeilik? Is dit 'n moeilike lewe?]

*Is 'n swáár affêre. Is 'n swaar affêre. Kyk ons het nou gister het ons op die een boot drie uur se pad hier vandaan af het ons gegaan.*

[Drie ure?]

*Ja. Drie uur soontoe en drie uur t'rug.*

[En al daardrie brandstof wat gebruik moet word op die bote...]

*Ja. Ons het ons het nie 'n sent towards daai geverdien nie.*

[Oom, hoe doen julle dit elke dag?]

*Is is is swaar. Ek weet-ie, is pynlik. Plek plek (onduidelik) met hengel djy wil opgie, maa iets trek jou mar net wee t'rug.*

[Dis 'n noodsaaklike deel van die ekonomie en -]

*Jy's 'n man met 'n familie.*

[Presies.]

*En jy het nou niks verdien nie. En ammal het nou gekyk wanners kom pa nou met iets.*

[Dis soos hulle sê in Houtbaai: daai regulasies wat hulle gemaak het nou dat hulle net 'n sekere hoeveelheid vis mag uithaal. Dit dit kelder die vissers.]

*Dis reg, dis reg! Nou kyk nou as jy nou kyk hie in die Kalkbaai: daai groot bote daarso jy sien daarso dis nou kreef en dan party is nou trawl?*

[Ja?]

*Is hulle. En dan sien jou nou die kant hie-so? Daai daai daa-so (onduidelik) en een is hie langsaan is twee. Nou die hele harbour, wat ek beginne visvang het hie, toe was hie vier-en-vyftig lynvisbote.*

[O, so dit was anders?]

*Vier-en-vyftig lynvisbote was hie-so. Hie is nou net daai twee wat daa is. En nou nou die bote wat ek op werk is daa aan die een kant daa-so. Hulle hy't -ie papiere gekry nie.*

[Nie?]

*Elke djaar sukkel ons om papiere te kry! Ons (onduidelik) wat is hulle riede? Hulle't elke keer 'n different riede en ek wiet nie wat als nie en dan kan 'n ou glad nie mee by hulle uitkom nie.*

[Ag nee, so dit maak dit net nog moeiliker?]

*Presies hulle waste net jou tyd. Because elke keer die man wat werk met dit hie-so vandag moet maa weer kom haal het.*

[...]

[Die ding is Oom, dis 'n ernstige bewusmaking wat moet plaasvind in terme van, nie net van die taalgebruik nie, maar van die ekonomiese krisis wat ons vissers deurgaan. Die vissers dra baie by tot die land se ekonomie.]

*(raak baie emosioneel) Ek kyk kyk die ding is ons kry ons gat nou hie uit innie boot, en dan is daar klomp vis, en ons bring dit hie. En hie-vandaan gaan dit na die mense toe. En -ie mense het kos op hulle tafel.*

[Ja, dit is nie dat dit net verskyn het op die tafel nie.]

*Nee! Dit was 'n proses.*

[Ek wou nogal gevra het, met COVID, het dit enigsins 'n impak gehad met die verkoop van visse?]

*Nee, dit het 'n gróót impak gehad, of course! (onduidelik) van A tot Z het dit geimpak op ons mense. Because ons moet sonop moet ons daa by die vis wies. Maa ons kan nie gaan lê in die nag...*

[Julle kan nie, ja, want die beperkings!]

*Kyk, ek moet my manne gan optel. Waarever hulle is en dan bring because en mieste van die tyd is daa nie treine vi daai manne om te kom tot hie nie soe ek moet hulle persoonlik gat optel*

*by huise so ek moet nou in daai COVID-tye wat toe is nou ry en dan keer die polisie my voor. So ek moet papier het vir elke man.*

[Vir elke persoon?]

*Ja vir elke persoon wat in die bakkie is moet ek 'n papier het. En wie's daai? Daai een moet jy (onduidelik).*

[Dit moes 'n helse impak gehad het, veral daai in die begin met die harde lockdown.]

*Dit was terrible terrible dji was gestop gewies: draai om.*

[Was daar enige hulp vanaf die government?]

*Absolutely niks! Absolutely niks! Dji wiet, kyk as as jy weet nothing. Die ding is hie-so jy gat nou wie uit see toe. Jy vang vis en soes jy sê jy bring -it en versprei in die land it. Die mense eet dit. Right? Die visterman, hy kry so swaar om papiere te kry. Hier is bote hier sonder papiere.” (Anoniem, 2023).*

\*\*\*\*

## BYLAAG B: VRAELYS

# NELSON MANDELA

## UNIVERSITY

**Beste deelnemers**

Baie dankie vir julle bereidwilligheid om deel te neem. Die vraelys is deel van 'n doktorsgraadstudie oor Afrikaanse visserstaal. Die doel met die vraelys is om soveel inligting as moontlik oor 'n verskeidenheid tipies Afrikaanse visserstaalwoorde en -uitdrukkings in te samel.\*\* Alle antwoorde op die vraelys is anoniem en vertroulik. Daarom sal geen name gebruik word wanneer die resultate bekend gemaak word nie. Dit behoort nie meer as sowat 15 minute te neem om die vraelys te voltooi nie en daar is geen verkeerde antwoorde nie.

**\*\*Let wel: Indien jy nie minstens 18 jaar of ouer is nie, moet jy asseblief nie hierdie vraelys voltooi nie.**

Merk asseblief die veelvuldigekeusevrae met 'n X en gebruik asseblief slegs swart of blou inkpennet.

**Vraag 1: Biografiese besonderhede**

1.1 Ek is minstens 18 jaar of ouer

|     |  |
|-----|--|
| Ja  |  |
| Nee |  |

1.2 Ek is in die volgende ouderdomsgroep:

| 18-25 jaar | 25-35 jaar | 35-45 jaar | 45-55 jaar | 55-65 jaar | 65-75 jaar |
|------------|------------|------------|------------|------------|------------|
|            |            |            |            |            |            |

1.3 Ek gee toestemming dat my antwoorde in hierdie vraelys gebruik mag word in hierdie studie. Ek verstaan dat my **identiteit anoniem is** en ook so sal bly en dat vertroulikheid gewaarborg word.

|   |  |
|---|--|
| Ja, ek gee toestemming (plaas handtekening langsaan)                        |  |
| Nee, ek gee nie toestemming nie en beëindig nou my deelname aan die studie. |  |

**Ons wil graag meer weet van ons respondente in hierdie deel van die vraelys vir statistiese doeleindes:**

1.4 Ek is:

|                          |  |
|--------------------------|--|
| Manlik                   |  |
| Vroulik                  |  |
| Verkies om nie te sê nie |  |

1.5 Etnisiteit: ek is

|                           |  |
|---------------------------|--|
| Swart                     |  |
| Bruin                     |  |
| Wit                       |  |
| Indiër                    |  |
| Ander (dui asseblief aan) |  |

1.6 My geboortejaar (skryf die **jaartal** byvoorbeeld só neer: **1925**):

1.7 Is jy in Suid-Afrika gebore? Indien nie, sê asseblief in watter land:

|                           |  |
|---------------------------|--|
| Suid-Afrika               |  |
| Ander (dui asseblief aan) |  |

1.8 Geboorteplekbesonderhede. Ek is hier gebore:

|                                     |  |
|-------------------------------------|--|
| Stad/Dorp/Distrik (indien 'n plaas) |  |
| Provinsie                           |  |
| Land                                |  |

1.9 Noem asseblief 'n stad/dorp waar jy minstens **5 jaar** lank gebly het (meer as een antwoord is aanvaarbaar):

| Stad/Dorp | Land |
|-----------|------|
|           |      |
|           |      |
|           |      |
|           |      |

1.10 In watter stad/dorp bly jy tans?

| Stad/Dorp |
|-----------|
|           |

1.11 Hoe lank woon jy al in jou huidige stad/dorp? Merk met 'n X by die korrekte antwoord.

|                  |  |
|------------------|--|
| Minder as 1 jaar |  |
| 1-5 jaar         |  |
| 5-10 jaar        |  |
| 10-20 jaar       |  |
| Meer as 20 jaar  |  |

1.12 My moedertaal is (merk met 'n X by die korrekte antwoord):

|                           |  |
|---------------------------|--|
| Afrikaans                 |  |
| Engels                    |  |
| Ander (dui asseblief aan) |  |

1.13 Ek (merk met 'n X by die korrekte antwoord):

|               |  |
|---------------|--|
| Werk          |  |
| Werk nie      |  |
| Is 'n student |  |
| Is afgetree   |  |


1.14 My hoogste kwalifikasie is (bv. Graad 9, Graad 10, Graad 12, NTS 6, Baccalaureusgraad, Honneursgraad, Meestersgraad, Doktorsgraad, professionele sertifikaat of kwalifikasie, ensovoorts).

1.15 Indien jy werk, watter werk doen jy? (bv. kelner, pakker, drywer, ensovoorts.)

1.16 Indien jy werk, hoe lank doen jy al hierdie werk? Byvoorbeeld 6 maande, 10 jaar, ensovoorts.

## Vraag 2: Visserstaal

2.1 Die onderstaande vis is Suid-Afrika se **nasionale vis** en is baie bekend. Wat dink jy is die naam van hierdie vis/ wat sal jy hierdie vis noem? Geen antwoord is verkeerd nie.



Bron: brandsouthafrica.com

2.2 Wat is die beste **tyd van die dag** om vis te vang en hoekom sê jy so?

2.3 Watter **gety** is die beste om in vis te vang en hoekom?

2.4 Waar vang jy vis? Hoekom?

| Plek    | Hoekom |
|---------|--------|
| Strand  |        |
| Diepsee |        |
| Rivier  |        |

2.5 Vang jy alleen vis?

|     |  |
|-----|--|
| Ja  |  |
| Nee |  |

2.6 **Indien nee**, hoekom vang jy nie alleen vis nie?

2.7 Wat sal jy hierdie noem?



Bron: Vectorstock.com

2.8 Watter **tipe aas** gebruik jy om vis mee te vang? Meer as een antwoord is aanvaarbaar.

2.9 Wat is die beste aas om mee te vang? Hoekom sal jy so sê?

2.10 Wat sê jy vir iemand wat saam met jou visvang wanneer jy klaar gevang het en as jy wil terugkeer huis toe?

2.11 Wat sal jy sê vir iemand anders as jy baie visse gevang het op een dag?


2.12 Wat sê jy vir iemand as daar geen visse gevang word nie?

2.13 Waarheen vat jy die vis as jy dit klaar gevang het?

2.14 Indien jy baie meer vis vang as gewoonlik, sal jy dit aan 'n persoon verkoop of aan 'n plek? Hoekom?

2.15 Watter tipe vis is die maklikste vis om te vang?

2.16 Wat sal jy hierdie noem?



Bron: Wikipedia

2.17 Wat doen jy graag wanneer jy nie visvang nie? Meer as een antwoord is aanvaarbaar.

2.18 Watter maande van die jaar is die beste maande om in vis te vang? Sê asseblief hoekom.

|                  |  |
|------------------|--|
| Watter maande?   |  |
| Hoekom sê jy so? |  |

2.19 Is daar enige iets buite jou beheer wat kan veroorsaak dat jy nie op 'n dag 'n vis sal vang nie? Hoekom? Geen antwoord is verkeerd nie.

|  |
|--|
|  |
|--|

2.20 Wat sal jy die volgende noem? Jy mag **meer as een woord** neerskryf.

|   |  |
|---|--|
| Gereedskap wat jy gebruik om visse mee te vang                        |  |
| Iets om die visse mee te lok  |  |
| Baie visse op een slag vang   |  |
| Jou kinders/Iemand anders se kinders                                  |  |
| Iemand wat jy nie ken nie   |  |
| Enige alkoholiese drankie / enige drankie                             |  |
| 'n Dag wat jy nie visvang nie / 'n slegte dag vir visvang             |  |
| 'n Plek waar jy kan ontspan na 'n lang dag                            |  |
| Enige toestand van die see wat veroorsaak dat jy nie vis kan vang nie |  |
| Slegte weer of weer wat jou verhoed om vis te vang                    |  |
| 'n Dag waar jy baie visse gevang het                                  |  |
| Plek/plekke waar jy die vis sal verkoop (indien jy jou vis verkoop)   |  |
| Die mense/personne wat jou vis koop (indien jy jou vis/se verkoop)    |  |

2.21 Wat sal jy hierdie noem?



Bron: [www.plettskiboatclub.co.za](http://www.plettskiboatclub.co.za)

2.22 Het jy al ooit seergekry terwyl jy visvang? Indien ja, vertel baie kortliks wat gebeur het, andersins gaan voort na die volgende afdeling:

2.23 Wie vang meer vis? Mans of vroue?

|       |  |
|-------|--|
| Mans  |  |
| Vroue |  |

2.24 Hoekom dink jy so? Geen antwoord is verkeerd nie.

\*\*\*Einde van die vraelys\*\*\*

3.1 Ek wil graag nog iets toevoeg of kommentaar lewer op die vraelys (merk die gepaste boksie):

|             |  |
|-------------|--|
| Ja, graag   |  |
| Nee, dankie |  |

3.2 My kommentaar / voorstelle / opmerkings indien jy “ja” geantwoord het by 3.1)

---



---



---



---

Baie dankie vir die tyd en aandag wat jy hieraan bestee het. Dit word opreg waardeer. Indien jy bereid is om ook 'n onderhoud met die navorser te voer (al jou persoonlike besonderhede soos jou naam en kontakbesonderhede, bly privaat en sal geensins in die studie genoem word nie), gee asseblief jou besonderhede op die laaste bladsy hieronder. Andersins, totsiens en mooi loop!

Ek is bereid om 'n onderhoud met die navorser te voer en ek verstaan dat my naam en kontakbesonderhede aan geen derde partye gegee gaan word nie.

My kontakbesonderhede: \_\_\_\_\_

My e-posadres: \_\_\_\_\_

My telefoonnommer: \_\_\_\_\_

# 'n Empiriese vergelyking van die potensiële aanstootlikheid van enkele skelnaampare in Afrikaans

*An empirical comparison of the potential offensiveness of some epithet pairs in Afrikaans*

GERHARD B VAN HUYSSTEEN EN SIMONÉ KOEKEMOER

Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt)

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: gerhard.vanhuyssteen@nwu.ac.za



Gerhard  
van Huyssteen



Simoné  
Koekemoer

**GERHARD VAN HUYSSTEEN** is professor in Afrikaanse taalkunde en taaltegnologie aan die Noordwes-Universiteit. Hy dien van 2005–2021 op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en was voorsitter van dié liggaam van 2013 tot 2021. Vanaf 2009 tot 2014 dien hy ook op die paneel van mensetaaltegnologiese kundiges van die Departement Kuns en Kultuur. Hy is onder andere ontvanger van die Elizabeth Eybers-beurs, die CL Engelbrecht-prys vir taalkundenavorsing vir sy aandeel in die publikasie van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, en die Stalsprys vir multi- en interdisiplinêre spanwerk. Van Huyssteen is veral bekend vir sy bydrae as taalkundige/morfoloog in die ontwikkeling van tekstegnologiese toepassings en verskeie elektroniese hulpbronne vir Afrikaans. Hy hou hom die afgelope paar jaar ook besig met multidisiplinêre navorsing oor taaltaboes, spesifiek in Afrikaans en ander tale in Afrikaans se ekosisteem.

**GERHARD VAN HUYSSTEEN** is professor of Afrikaans linguistics and computer linguistics at the North-West University. He served on the Language Commission of the South African Academy for Science and the Arts from 2005 to 2021, and was elected chair for the period 2013–2021. From 2009 to 2014 he served on the panel of human language technology experts of the Department of Arts and Culture. He is the recipient of the Elizabeth Eybers Scholarship, the CL Engelbrecht Prize for Linguistic Research for his contribution to the publication of the tenth edition of the *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, and the recipient of the Stals Prize for inter- and multidisciplinary research. Van Huyssteen is best known for his contribution as a linguist in the development of text technology applications and various electronic resources for Afrikaans. Over the past couple of years, he has also been involved especially in research on language taboos, specifically in Afrikaans and other languages in its ecosystem.

**Datums:**

Ontvang: 2023-07-31

Goedgekeur: 2023-08-11

Gepubliseer: September 2023

**SIMONÉ IZETTE KOEKEMOER** studeer vanaf 2019 tot 2021 BA Tale, met onder andere Suid-Afrikaanse Gebaretaal, aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus. Tydens haar studies ontvang sy die DSAC-beurs (in 2020 en 2021), asook 'n merietebeurs van die NWU. Sy word ook in 2020 na Golden Key uitgenooi. In 2022 ontvang Simoné haar honneursgraad in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria.

**SIMONÉ IZETTE KOEKEMOER** studied BA Languages, including South African Sign Language, at the North-West University's (NWU) Potchefstroom Campus from 2019 to 2021. During her studies, she received the DSAC scholarship (in 2020 and 2021), as well as a merit scholarship from the NWU. She was also invited to Golden Key in 2020. Simoné received her honours degree in Afrikaans at the University of Pretoria in 2022.

## ABSTRACT

*An empirical comparison of the potential offensiveness of some epithet pairs in Afrikaans*  
*In Afrikaans and other Germanic languages there is a subcategory of exocentric compounds that can be used evaluatively as personal names. The focus of this article is on such exocentric compounds that are used pejoratively as epithets (i.e., epithetic exocentric compounds (EECs)), and even more specifically on EECs that are based on one of two conceptual metonymies: BODY PART FOR PERSON (for example, skinder÷bek gossip÷mouth 'gossiper') and (PART OF) GARMENT FOR PERSON (for example, slaap÷kous sleep÷sock 'sleepy head'). These kinds of metonymic exocentric compounds are also sometimes referred to in the literature as bahuvrihi or possessive compounds (Booij, 2020).*

*The article empirically examines the potential offensiveness of EECs. An online questionnaire with nine questions was filled out by 98 respondents, of which 92 respondents' responses were usable. In this questionnaire, respondents had to rank the items (words) from least offensive to most offensive. For each of the nine questions, the rankings were converted to numerical values, so that the median per word could be quantified as a relative offensiveness value. Next, a Friedman test was performed for each question, which showed that there were indeed statistically significant ( $p < 0.05$ ) differences between the items in each question. To determine where exactly the differences lie (i.e., which word pairs' medians differ statistically significantly), Wilcoxon's signed-rank test was used, and the p-values were adjusted with the Bonferroni method (for adjusted \*p-values). This information could then be used to accept or reject the null hypotheses.*

*The first research question was: "Are metonymic EECs more or less offensive than semantically equivalent non-EECs?" The null hypothesis, which stated that there is no distinction to be made between the potential offensiveness of EECs and semantically equivalent non-EECs, could be rejected in a few cases (for example, that vet÷gat (fat÷hole 'fatso'), and dik÷gat (thick÷hole 'fatso') are more offensive than seekoei ('hippopotamus') and vark ('pig') (question 1), as well as dik÷sak (thick÷sack 'fatso') and vet÷sak (fat÷sack 'fatso'), versus dikk·erd (thick·NMLZ 'fatso') and vett·ie (fat·DIM 'fatso') (question 5). Nevertheless, there was not enough convincing evidence to be able to say with the necessary certainty that non-EECs are less offensive than EECs. One of the possible reasons for this is that non-EECs such as dwaas ('fool') and ghwar ('fool') also have other, additional, negative meaning elements than their EEC counterparts (dwaas÷kop foolish÷head 'fool', and dom÷kop stupid÷head 'fool'). Our conclusion is therefore that **non-EECs ≈ EECs**.*

*The second research question was: "Are suffixoids that are references to body parts more or less offensive than suffixoids referring to articles of clothing?" To compare the potential*

*offensiveness value of suffixoids, it was stated as a null hypothesis that there is no distinction to be made between suffixoids referring to body parts versus suffixoids referring to articles of clothing. Although we could here too not simply reject the null hypothesis, we could still order the investigated suffixoids on a spectrum of potential offensiveness, namely: ÷nose ≈ ÷trousers < ÷sack < ÷hole.*

**KEYWORDS:** Afrikaans, affixoid, compound, conceptual metonymy, empirically, epithet, epithetic exocentric compound, evaluative language, exocentric compound, mock name, nickname, offensiveness, pejorative, personal name, suffixoid

**TREFWOORDE:** Afrikaans, aanstootlikheid, affiksoïed, eksosentriese kompositum, empiries, epitetiese eksosentriese komposita, epiteton, evaluatiewe taal, kompositum, konseptuele metonimie, pejoratief, persoonsnaam, skelnaam, spotnaam, suffiksoïed

### OPSOMMING

In Afrikaans en ander Germaanse tale is daar 'n subkategorie van eksosentriese komposita wat evaluatief as persoonsname gebruik kan word. Die fokus van hierdie artikel is op sulke komposita wat pejoratief as skel- of spotname gebruik word (d.i. **epitetiese eksosentriese komposita** (EEK's)), en nog meer spesifiek op EEK's wat op een van twee konseptuele metonimieë berus: LIGGAAMSDEEL VIR PERSOON (byvoorbeeld *skinder÷bek*) en (DEEL VAN) KLEDINGSTUK VIR PERSOON (byvoorbeeld *slaap÷kous*). Die artikel ondersoek die potensieële aanstootlikheid van EEK's empiries. In 'n aanlyn vraelys met nege vroeë moes respondente telkens die items (woorde) van mins aanstootlike tot mees aanstootlike rangskik. Op grond van 'n aantal statistiese berekeninge kan tot die gevolgtrekking gekom word dat metonimiese EEK's (byvoorbeeld *dwaas÷kop*) nie statisties beduidend meer of minder aanstootlik as semanties ekwivalente non-EEK's (byvoorbeeld *dwaas*) is nie. Ook kan aangetoon word dat suffiksoïede wat na liggaamsdele verwys (byvoorbeeld *÷gat* en *÷neus*) nie statisties beduidend meer of minder aanstootlik is as suffiksoïede wat na kledingstukke verwys (byvoorbeeld *÷sak* en *÷broek*) nie. Die ondersoekte suffiksoïede kan wel op 'n spektrum van potensieële aanstootlikheid geplaas word, te wete: *÷neus* ≈ *÷broek* < *÷sak* < *÷gat*.

### 1. Inleiding

Baie tale in die wêreld, waaronder Afrikaans, gebruik eksosentriese komposita om persoonsname te vorm. Vergelyk van die volgende voorbeelde uit Štekauer, Valera en Körtvélyessy (2012:79-88):<sup>1</sup>

<sup>1</sup> In morfologiese analyses word die middelpunt (·) gebruik as aanduiding van affiksgrense, die gedeeldeurteken (÷) as aanduiding van affiksoïedgrense en die plusteken (+) as aanduiding van woordgrense in komposita. 'n Lys van afkortings wat gebruik word, is beskikbaar in Van Huyssteen (2023c); ooreenkomstig konvensies met betrekking tot die gebruik van glosse in die beskrywende taalkunde, word die afkortings nie vertaal nie.

- (1) **Frans**  
*garde-malade*  
 dophou-siek.persoon  
 ‘verpleër’
- (2) **Chinees**  
*lǐnglù*  
 lei-pad  
 ‘gids’
- (3) **Grieks**  
*κοκκιν·ο+μάλλης*  
 rooi·LK+hare  
 ‘persoon met rooi hare, rooikop’

In Afrikaans en ander Germaanse tale is daar ’n subkategorie van hierdie soort komposita wat evaluatief as persoonsname<sup>2</sup> gebruik kan word. Wanneer dit melioratief as hipokoristikon/troetelname (byvoorbeeld *werk+esel*) gebruik word, noem ons dit **hipokoristiese eksosentriese komposita** (HEK’s); wanneer dit pejoratief as epiteton / skel- of spotname (byvoorbeeld *geld+wolf*) gebruik word, noem ons dit **epitetiese eksosentriese komposita** (EEK’s). Twee subkategorieë van laasgenoemde is die fokus van hierdie artikel, te wete EEK’s wat op een van twee konseptuele metonimieë berus: LIGGAAMSDEEL VIR PERSOON (vergelyk die voorbeelde in (4) hier onder) en (DEEL VAN) KLEDINGSTUK VIR PERSOON (kyk die voorbeelde in 5). Hierdie soort metonimiese eksosentriese komposita staan ook soms in die literatuur bekend as bahuvihi- of possessiewe komposita (Booij, 2020).

- (4) **Afrikaans**  
*skinder+bek*  
 ‘persoon wat skinder’
- Nederlands**  
*feest+neus*  
 fees+neus  
 ‘persoon wat van partytjie hou; grapjas’
- Duits**  
*Arsch+Gesicht*  
 gat+gesig  
 ‘onaangename persoon’
- Engels**  
*shit+face*  
 kak+gesig  
 ‘onaangename persoon’

---

<sup>2</sup> **Persoonsname** (soos *bibliotekaris*, *inwoner of lummel*) staan naas/teenoor **persoonlike name** soos **voornamen** (byvoorbeeld *Jan*), **byname** (*Rooijan*, *Klein Jan*, *Jan Ore*), **toename** (*Jan die Breker*, *Jan junior*) en **vanne** (*Jansen*).

**Sweeds***svart+fot*

swart+voet

‘persoon wat aangestel word in die plek van ’n staker; onderkruiper’

**(5) Afrikaans***slaap+kous*

‘iemand wat baie slaap’

**Nederlands***lol+broek*

pret+broek

‘grapmaker’

**Duits***Fett+Sack*

vet+sak

‘persoon wat korpulent is’

**Engels***blue+jacket*

blou+baadjie

‘matroos in die vloot, pikbroek’

**Sweeds***blå+strumpa*

blou+kous

‘geleerde vrou wat huishouding minag, bloukous’

Die doel van hierdie navorsing is om te bepaal tot watter mate sulke metonimiese EEK’s taboe is; die volgende vrae stuur die navorsing:

1. Is metonimiese EEK’s meer of minder aanstootlik as semanties ekwivalente non-EEK’s, soos simplekse (byvoorbeeld *ghwar* en *mamparra*) en geaffigeerde woorde (byvoorbeeld *vett-ie* en *dikk-erd*)?
2. Is suffiksoïede (d.i. die regterkantste dele in EEK’s) wat na liggaamsdele (byvoorbeeld ÷*bek* of ÷*neus*) verwys meer of minder aanstootlik as suffiksoïede wat na kledingstukke (byvoorbeeld ÷*kous* of ÷*sak*) verwys?

Hoewel die doel van hierdie artikel nie is om EEK’s omvattend te beskryf nie, word daar in afdeling 2 ’n kort omskrywing verskaf, hoofsaaklik met die doel om terme te definieer en die omvang van die navorsing in te perk. Die vergelykende ondersoek na die taboewaarde van EEK’s kom in afdeling 3 aan bod: eers met ’n bespreking van die metodologie (afdeling 3.1), gevolg deur die resultate (afdeling 3.2). Die artikel sluit af met ’n bespreking en interpretasie van die resultate (afdeling 4).

## 2. Wat is epitetiese eksosentriese komposita?

Epitetiese eksosentriese komposita (EEK’s) kan gedefinieer word as morfologiese bousels (d.i. komposita) waarvan die semantiese kern nie in die woord ingesluit is nie (d.i. eksosentriese) en wat as pejoratiewe persoonsname (d.i. epiteton, of skel- en spotname) gebruik word. Gesien

hierdie driedelige karakterisering, staan die volgende verbandhoudende tipes woorde teenoor EEK's:

- epitetiese **nonkomposita**, soos simplekse (byvoorbeeld *ghwar* en *mamparra*) en geaffigeerde woorde (byvoorbeeld *vett-ie* en *dikk-erd*);
- epitetiese **endosentriese** komposita waarvan die semantiese kern in die woord ingesluit is (byvoorbeeld *bed+piss-er* en *hoer+kind*); en
- **hipokoristiese** eksosentriese komposita (HEK's) wat melioratief gebruik word (byvoorbeeld *pop+lap* en *waag+hals*).

Aangesien Van Niekerk (2002; 2006) uitgebreide beskrywings van allerlei tipes Afrikaanse eksosentriese komposita het, en aangesien Van Huyssteen (2023a) 'n taalvergelykende beskrywing van EEK's verskaf het, en aangesien Trollip (2022) 'n uitgebreide korpusondersoek oor die produktiwiteit van sommige EEK's gedoen het, word hier volstaan met oorsigtelike karakteriserings en formaliserings van prototipiese gevalle vanuit 'n konstruksiemorfologiese raamwerk. In die hieropvolgende subafdelings word EEK's op grond van morfosintaktiese vorm (afdeling 2.1), morfosintaktiese funksie (afdeling 2.2) en betekenis (afdeling 2.3) gekarakteriseer. Vir besonderhede met betrekking tot konstruksiemorfologieteorie en die formalisme wat hier gebruik word, kyk Van Huyssteen (2023c).

### 2.1 Morfosintaktiese vorm

Met betrekking tot morfosintaktiese vorm, kan die twee prototipiese EEK's soos in (8) en (9) as basiskomposita ("ground compounds" – kyk Van Huyssteen (2023b)) geformaliseer word.

(8) **stam+stam: die tipe *geld+wolf***  
 $[ [x]^{stem1} [y]^{stem2} ]^{cmpd.subord.grnd.exo} \leftrightarrow [ \text{PERSOON WAT IS SOOS SEM}^{stem2} \text{ IN VERHOUDING R TOT SEM}^{stem1} ]^{cmpd}$

(9) **stam÷suffiksoïed: die tipe *bang÷broek***  
 $[ [x]^{stem} [-y]^{fxoid} ]^{cmpd.attr.grnd.exo} \leftrightarrow [ \text{PERSOON}^{fxoid} \text{ IN VERHOUDING R TOT SEM}^{stem} ]^{cmpd}$

Een van die belangrikste verskille tussen hierdie twee soorte is dat (8) 'n samestelling van twee stamme en (9) 'n samestelling van 'n stam en 'n suffiksoïed is. Booij en Hüning (2014:77) definieer affiksoïede as komponente in komposita wat soos affikse optree. Hiermee word bedoel dat sekere kompositumkomponente 'n spesialisbetekenis kry wanneer dit produktief in sekere komposita voorkom. So gesien is affiksoïede dus nóg stamme (want hulle kan nie met daardie spesifieke spesialisbetekenis onafhanklik gebruik word nie), nóg affikse (want hulle kan wel onafhanklik gebruik word, dan wel met 'n gespesialiseerde betekenis). 'n Voorbeeld van 'n prefiksoïed is *hond÷* in *hond÷warm*, *hond÷siek*, *hond÷lelik* en *hond÷zef* (Trollip (2022:54) e.v.): Hier beteken *hond* nie meer 'soort dier' (soos in *hond+mak* of *hond+s+getrou*) nie, maar wel 'baie'. 'n Suffiksoïed soos ÷*kous* in *kla÷kous*, *drentel÷kous* en *skinder÷kous* verwys metonimies na 'persoon' en nie meer na 'kledingstuk (vir voet of been)' nie. Dieselfde geld ook gevalle waar die affiksoïed op 'n algemene eienaam berus, soos *geld÷piet* of *plaas÷japie*. Hier verwys die eienaam (*Piet*, *Japie*) nie meer na 'n spesifieke, unieke persoon nie, maar eerder na 'n individu wat so generies (en dus onindividueel) is soos iemand in 'n groep mense met 'n baie algemene, frekwente naam.

Hoewel sulke tipe komposita reeds in Nederlands se voorgeskiedenis voorkom (Van der Sijs (2019:36)), is dit veral in Vroegnieunederlands waar samestelling met 'n selfstandige naamwoord wat 'n liggaamsdeel of kledingstuk aandui, 'n produktiewe morfologiese proses

word. Van der Sijs (2019:36) wys op voorbeelde soos *brekebeen* ('persoon wat onhandig is'), *dikzak* ('persoon wat korpulent is'), *domkop* en *domoor* ('persoon met beperkte verstandelike vermoëns'), *kletskous* ('persoon wat baie kan praat (en skinder)'), *kniesoer* ('persoon wat knaend verdrietig is'), *lachebek* ('persoon wat maklik en baie lag'), *huilebalk* ('o.a. persoon, veral kind, wat voortdurend huil', waar *balk* < *balg* 'buik, maag; liggaam' – (AtotZ (1980)), en *jokkebrok* ('persoon, veral kind, wat baie leuens vertel'). Gegewe hierdie diachroniese ontwikkeling, is dit nie verbasend dat die twee komponente van Afrikaanse EEK's byna deurgaans uit die Germaanse stratum kom nie.

Met betrekking tot Nederlandse EEK's merk De Haas en Trommelen (1993:412) dat hulle gekenmerk word deur bondigheid (wat hulle dus besonder geskik maak as epiteton). EEK's bestaan byna altyd uit slegs twee monosillabiese stamme met die klem op die eerste sillabe (byvoorbeeld *slááp+kous* of *drónk+lap*). Indien die stam bisillabies is, bevat die tweede, onbeklemtoonde lettergreep gewoonlik 'n schwa (byvoorbeeld *kriewel+kous* of *ydel+tuit*). Uitsonderings op dié patroon is natuurlik nie onmoontlik nie – vergelyk *potjje+rol* of *poes+gesig*, waar *potjje* en *gesig* beide uit twee lettergrepe bestaan, maar die tweede lettergreep is onbeklemtoon en bevat nie 'n schwa nie ([ 'poi.ki]), of bevat wel 'n schwa, maar is beklemtoon ([xə'səx]). Ander uitsonderings sluit onder andere *plaas÷japie*, *piet+snot*, *bel+hamel*, *harman+s+drup*, *hard-e+koejawel*, *voël+verskrikk-er*, *vergeet+al*, *flap+uit*, *vergeet+kous* en *dreun+ribb-etjie* in (voorbeelde uit die indeks van Van Niekerk (2002)).

Anders as in die geval van Nederlands (De Haas & Trommelen (1993:413)), neem EEK's in Afrikaans nie interfikse nie. In gevalle soos *hard-e+kwas*, *hard-e+koejawel* en *blind-e+mol*, is die *-e* nie 'n interfiks nie, maar die attributiewe suffiks wat by die adjektief hoort.

## 2.2 Morfosintaktiese funksie

EEK's se regterlid is meestal (op enkele, individuele uitsonderings na) naamwoorde, terwyl die linkerlid 'n selfstandige naamwoord, adjektief, werkwoord of telwoord kan wees, net soos in Nederlands (De Haas & Trommelen (1993:412)). Hierdie patrone word in (10) geformaliseer.

(10) N/ADJ/V/NUM+N: **die tipe geld+wolf, blind-e+mol, trek+voël en drie+toon ('duiwel')**

[ [x]<sub>N1|ADJ|V|NUM</sub> [y]<sub>N2</sub> ]<sub>N3</sub> ↔ [PERSON WAT IS SOOS SEM<sub>N2</sub> IN VERHOUDING R TOT SEM<sub>N1|ADJ|V|NUM</sub> ]<sub>N3</sub>

(11) N/ADJ/V/NUM+N: **die tipe aap+kop, bang+gat, neul+kous en twee+gesig**

[ [x]<sub>N1|ADJ|V|NUM</sub> [y]<sub>N2</sub> ]<sub>N3</sub> ↔ [PERSON IN VERHOUDING R TOT SEM<sub>N1|ADJ|V|NUM</sub> ]<sub>N3</sub>

(12) N/ADJ/V+N.PR: **die tipe geld÷piet, bang÷jan en skiet÷piet**

[ [x]<sub>N1|ADJ</sub> [y]<sub>N.PR2</sub> ]<sub>N3</sub> ↔ [PERSON WAT IS SOOS GENERIESE PERSON<sub>N.PR2</sub> IN VERHOUDING R TOT SEM<sub>N1|ADJ</sub> ]<sub>N3</sub>

Uitsonderings op hierdie skema sluit onder andere in *by+slaap* ('seksmaat; seksdaad' – PREP+V), *flap+uit* ('iemand wat alles uitblaker' – V+PREP) en *bemoei+al* ('iemand wat hulle ongevraagd met ander mense se sake besig hou' – V+NUM). Geen van hierdie gevalle verteenwoordig egter produktiewe skemas nie.

## 2.3 Betekenis

Met betrekking tot alle eksosentriese komposita is dit oorbekend dat "... die betekenis van 'n eksosentriese samestelling ... nie hierlei [kan] word na die betekenis van sy samestellende dele

of konstituente nie” (Van Niekerk (2002:21)). Eksosentriese komposita is dus semanties ondeursigtig en “is dus in werklikheid idiomatiese of metaforiese samestellings, met ’n figuurlike betekenis” (Van Niekerk (2002:23)). Spesifiek met betrekking tot EEK’s is dit nie slegs metaforiese betekenis nie, maar veral ook metonimiese betekenis wat belangrik is. Ons onderskei dusdanig vyf hoofbetekeniskategorieë van prototipiese EEK’s: twee metaforiese kategorieë, en drie metonimiese kategorieë.

(13) **Metafoor – PERSOON IS DIER: die tipe *geld+wolf***

[ $[x]_1 [y]_2 ]_3 \leftrightarrow$  [PERSOON WAT IS SOOS SEM<sub>2</sub> IN VERHOUDING R TOT SEM<sub>1</sub>]<sub>3</sub>

- geld+wolf***: Hy is (so geldgierig) soos ’n wolf wat op geld jag
- voël+verskrikker***: Sy is/lyk (so lelik) soos ’n verskrikker van voëls
- hard-e+koejawel***: Hy is (so hardvogtig) soos ’n koejawel wat hard (groen) is

EEK’s soos *geld+wolf*, *voël+verskrikker* en *hard-e+koejawel* kan redelik maklik geparafraseer word soos in (13) a tot c. Dit is nie altyd moontlik om te bepaal of gevalle soos dié werklik eksosentriese is (dus gevorm/saamgestel sonder ’n sigbare kern in die kompositum) en of dit maar gewoon endosentriese komposita is wat dan metafories gebruik word nie. So byvoorbeeld is *voël+verskrikker* ’n doodgewone endosentriese onderskikkende kompositum (‘verskrikker van voëls’), wat dan metafories gebruik word op dieselfde manier as wat *gogga* metafories gebruik word om na ‘iemand wat onaansienlik is’ te verwys. Dit is om dié rede dat hierdie tipe komposita ook soms nie as eksosentriese beskou word nie, maar slegs as metaforiese interpretasies van endosentriese komposita (kyk veral Bauer (2017:68-71) vir ’n oorsig; en kyk De Haas & Trommelen (1993:413) met betrekking tot Nederlands).

(14) **Metafoor – PERSOON IS GENERIESE PERSOON: die tipe *geld÷piet***

[ $[x]_1 [y]_2 ]_3 \leftrightarrow$  [PERSOON WAT IS SOOS GENERIESE PERSOON<sub>2</sub> IN VERHOUDING R TOT X<sub>1</sub>]<sub>3</sub>

- geld÷piet***: Hy is so geldgierig soos ’n stereotipiese persoon met die naam Piet wat agter geld aan is
- plaas÷japie***: Hy is so ongekunsteld soos ’n stereotipiese persoon met die naam Japie wat van ’n plaas afkomstig is
- flechter÷saartjie***: Sy is so verflenterd soos ’n stereotipiese persoon met die naam Saartjie

Gevalle soos *geld÷piet*, *plaas÷japie* en *flechter÷saartjie* is eweneens metafories, soos geparafraseer kan word in (14) a tot c. Kyk die spreking in 2.1 vir ’n motivering vir die gebruik van eiename in hierdie soort konstruksies. Ander suffiksoëde wat in hierdie konstruksies voorkom, sluit in ÷*floors* (*flechter÷floors*), ÷*hans* (*lieg÷hans*) ÷*jan* (byvoorbeeld *bang÷jan*) en ÷*klaas* (*flechter÷klaas*, *jan÷klaas*) (uit onder andere Van Niekerk (2002); Van Niekerk (2006)).

(15) **Metonimie – KENMERK VAN PERSOON VIR PERSOON: die tipe *rooi+kop***

[ $[x]_1 [y]_2 ]_3 \leftrightarrow$  [PERSOON WAT SEM<sub>2</sub> IN VERHOUDING R TOT SEM<sub>1</sub> HET]<sub>3</sub>

- rooi+kop***: Sy het ’n rooi kop / kop met rooi hare; Persoon met rooi kop
- skinder+bek***: Hy het ’n bek wat skinder; Persoon met bek wat skinder
- els+neus***: Sy het ’n neus wat soos ’n els lyk; Persoon met neus soos el

Soos blyk uit die parafrases in (15) a tot c, word hierdie tipe EEK’s gekenmerk deur ’n [MET]-of [HET]-verhouding; hulle word daarom ook in Engels gewoonlik “possessive compounds” of “bahuvrihi compounds” genoem (Bauer, Lieber & Plag (2013:478)). Let daarop dat die

morfologiese kern van hierdie komposita (d.i. *kop*, *bek* en *neus*) wel daardie liggaamsdeel wat kenmerkend (d.i. onderskeidelik rooi, skinderagtig, en skerp en reguit) van die persoon is, benoem. Dit staan teenoor die gevalle in (16) en (17) waar die morfologiese kern van die komposita (*gat* en *kous*) hoegenaamd nie kenmerkend van die referent is nie: *Bang*+*gat* kan nie omskryf word as \*‘hy het ’n gat wat bang is’ of \*‘persoon met bang gat’ nie, net soos wat *neul*+*kous* nie geparafraseer kan word as \*‘sy het ’n kous wat neul’ of \*‘persoon met kous wat neul’ nie. In hierdie gevalle is *gat* en *kous* dus duidelik suffiksoïede wat ’n gespesialiseerde betekenis (d.i. [PERSOON]) binne EEK’s as morfologiese konstruksies gekry het. Van Niekerk (2002:26–27) merk in dié verband op: “Die samestellings wat nou met hierdie stam gevorm word, kan dan eintlik beskou word as endosentries van aard, solank as wat die alternatiewe betekenis van *kous* in gedagte gehou word. En deur die betekenis van *kous* nou net effens te wysig, kan nog verdere eksosentriese samestellings daarmee gevorm word ...”.

(16) **Metonimie – LIGGAAMSDEEL VIR PERSOON: die tipe *bang*+*gat***

[ [x]<sub>1</sub> [y]<sub>2</sub> ]<sub>3</sub> ↔ [LIGGAAMSDEEL<sub>2</sub> VIR PERSOON IN VERHOUDING R TOT SEM<sub>1</sub>]<sub>3</sub>

(17) **Metonimie – KLEDINGSTUK VIR PERSOON: die tipe *neul*+*kous***

[ [x]<sub>1</sub> [y]<sub>2</sub> ]<sub>3</sub> ↔ [KLEDINGSTUK<sub>2</sub> VIR PERSOON IN VERHOUDING R TOT SEM<sub>1</sub>]<sub>3</sub>

Ander suffiksoïede wat in hierdie konstruksies voorkom, sluit in **met liggaamsdele** ÷*asem* (*blou*+*asem*), ÷*baard* (*kwyl*+*baard*), ÷*bakkies* (*bobbejaan*+*bakkies*), ÷*balie* (*tjank*+*balie*), ÷*balk* (*blaas*+*balk*), ÷*been* (*bottel*+*been*), ÷*bek* (*dik*+*bek*), ÷*bors* (*gans*+*bors*), ÷*boud* (*bak*+*boud*), ÷*dye* (*donder*+*dye*), ÷*gesig* (*poes*+*gesig*), ÷*gevreet* (*puisie*+*gevreet*), ÷*haar* (*tak*+*haar*), ÷*hakskeen* (*doring*+*hakskeen*), ÷*hals* (*guls*+*hals*), ÷*hand* (*hot*+*hand*), ÷*hol* (*poep*+*hol*), ÷*kop* (*aap*+*kop*), ÷*kuit* (*harde*+*kuit*), ÷*lip* (*drie*+*lip*), ÷*maag* (*dik*+*maag*), ÷*mond* (*groot*+*mond*), ÷*nek* (*skeef*+*nek*), ÷*neus* (*judas*+*neus*), ÷*oog* (*bruin*+*oog*), ÷*oor* (*dom*+*oor*), ÷*pens* (*dik*+*pens*), ÷*piel* (*sout*+*piel*), ÷*poot* (*bont*+*poot*), ÷*pootjie* (*stout*+*pootjie*), ÷*ribbetjie* (*dreun*+*ribbetjie*), ÷*snoet* (*jap*+*snoet*), ÷*stert* (*wip*+*stert*), ÷*tone* (*rosyntjie*+*tone*), ÷*tong* (*adder*+*tong*), ÷*toon* (*wol*+*toon*), ÷*vel* (*vrot*+*vel*), ÷*vingers* (*botter*+*vingers*); en **met kledingstukke**: ÷*baadjie* (*blou*+*baadjie*), ÷*broek* (*bang*+*broek*), ÷*hemp* (*bruin*+*hemp*), ÷*hoed* (*harde*+*hoed*), ÷*jas* (*blou*+*jas*), ÷*knoop* (*blou*+*knoop*), ÷*lap* (*dronk*+*lap*), ÷*rok* (*blou*+*rok*), ÷*sak* (*dik*+*sak*), ÷*tuit* (*ydel*+*tuit*) (uit onder andere Van Niekerk (2002); Van Niekerk (2006)). Ons volstaan met Trollip se gevolgtrekking oor die produktiwiteit van persoonsvormende suffiksoïede soos dié:

Die persoonsvormende suffiksoïede wat die meeste in Afrikaans aangetref word, blyk ÷*gat*, ÷*kop* en ÷*kous* te wees. Die ander suffiksoïede, soos ÷*balie* en ÷*broek*, kom slegs sporadies voor ... Die geleentheid wat hierdie tipe suffiksoïede, met spesifieke verwysing na ÷*kop* en ÷*neus*, vir gebruikers bied om skeldname te vorm, is volgens die data ’n produktiewe gebruiksmoontlikheid. (Trollip, 2022:121)

EEK’s van twee tipes in (16) en (17) is die fokus in die res van hierdie artikel. Wanneer daar dus vervolgens na **EEK’s** verwys word, bedoel ons spesifiek **EEK’s gebaseer op LIGGAAMSDEEL/KLEDINGSTUK VIR PERSOON-metonimieë**.

### 3. Aanstootlikheid van EEK's

#### 3.1 Metodologie

##### 3.3.1 Navorsingsvrae en hipoteses

'n Kwantitatiewe navorsingsmetode is gebruik om die volgende navorsingsvrae te beantwoord en hipoteses te toets:

1. Is metonimiese EEK's meer of minder aanstootlik as semanties ekwivalente non-EEK's?<sup>3</sup>
  - a. **H<sub>0</sub> (nulhipotese)**: Daar is geen onderskeid te tref tussen die potensiële aanstootlikheid van EEK's en semanties ekwivalente non-EEK's nie.
  - b. **H<sub>A</sub> (alternatiewe hipotese)**: Daar is 'n onderskeid te tref tussen die potensiële aanstootlikheid van EEK's en semanties ekwivalente non-EEK's.
2. Is suffiksoïede wat na liggaamsdele verwys meer of minder aanstootlik as suffiksoïede wat na kledingstukke verwys?
  - a. **H<sub>0</sub>**: Daar is geen onderskeid te tref tussen die potensiële aanstootlikheid van EEK's met suffiksoïede wat na liggaamsdele en kledingstukke verwys nie.
  - b. **H<sub>A</sub>**: Daar is 'n onderskeid te tref tussen die potensiële aanstootlikheid van EEK's met suffiksoïede wat na liggaamsdele en kledingstukke verwys.

##### 3.3.2 Data-insameling

Data is ingesamel deur gebruik te maak van 'n aanlyn vraelys wat vanaf 2021-06-14 tot 2021-08-23 op die webwerf vloek.co.za gepubliseer en daarna periodiek via sosialemediaplatforms bekendgestel is. 98 respondente het die vraelys voltooi, waarvan 92 se response bruikbaar was; alle respondente het ingeligte toestemming voor voltooiing van die vraelys verskaf.

Die steekproefmetode was respondentgedrewe (Heckathorn (1997)), wat die voordeel inhou dat dit toegang tot sogenaamde “verborge populasies” bied, d.i. respondente wat andersins nie bereid sou wees om aan navorsing oor vloek deel te neem nie. Die aard van hierdie metode is noneksperimenteel en daarop gerig om 'n deursneeperspektief op 'n bepaalde tydstip (dus in Junie tot Augustus 2021) te kry. Aangesien die oogmerk van die navorsing nie sosiolinguisties is nie, is die vraelys primêr as 'n enkelsteekproefbeskrywing ontwerp; twee demografiese vrae – een oor geslag en een oor ouderdomsgroep – is nie as veranderlikes ingesluit nie, maar bloot om 'n generiese profiel van die tipiese respondent te hê. Die groep bestaan uit 34% mans en 66% vroue, terwyl 92% van die respondente jonger as 60 is (49% is tussen 18 en 39, en 43% tussen 40 en 59). 'n Mens sou dus kon sê dat die resultate 'n aanduiding van die tipiese persepsies van Afrikaanse vroue jonger as 60 sou kon wees.

Deurdat ons van beskikbaarheidsteekproefneming (as 'n tipe geriefsteekproefneming) gebruik maak, moet die metode as 'n nieraarskynlikheidsprosedure beskou word. Statistiese verteenwoordigendheid – en dus aktiewe stratifikasie van die respondentgroep – was nie belangrik nie, aangesien hierdie ondersoek 'n eerste, verkennende ondersoek is, sonder 'n doel om na die algemene bevolking te ekstrapoleer. Nieraarskynlikheidsbenaderings tot steek-

---

<sup>3</sup> In die res van hierdie afdeling verwys **epitetons** na die versameling EEK's en epitetiese nonkomposita wat in die vraelys gebruik is.

proefneming van respondente is daarom in orde, soos wat sulke geleentheid-/geriefsteekproewe ook algemeen in soortgelyke taalkundige navorsing gebruik word (Rasinger (2008)).

### 3.3.3 Instrument

Die vraelys het altesaam nege vrae bevat wat só saamgestel is dat respondente deur middel van die rangskikking van verskeie epitetonas kon aandui watter hul as meer of minder taboe beskou; Figuur 1 illustreer 'n tipiese vraag.

## Vraag 1

Rangskik die volgende woorde in volgorde van hoe aanstootlik (taboe) jy dink hulle vir ander mense is.

- **Bo: Minste** aanstootlik
- **Onder: Meeste** aanstootlik

---

\*

*Gebruik jou muis of vinger om die woorde te skuif en die volgorde te verander.*

|         |   |
|---------|---|
| seekoei | ☰ |
| vetgat  | ☰ |
| dikgat  | ☰ |
| vark    | ☰ |

VOLGENDE

HERSTEL

**Figuur 1:** Tipiese vraag in vraelys

Vrae 1 tot 8 het elk vier epitetonas bevat, terwyl vraag 9 tien bevat het. Elke vraag poog om verskillende tipe epitetonas (items) te vergelyk en teen mekaar te toets, soos uiteengesit word in Tabel 1. Die items in elke vraag is telkens vir elke respondēt lukraak georden.

**TABEL 1:** Vrae en items

| Vraag | Vergelyk  | Semantiese veld                               | EEK's met liggaams-deel                                   | EEK's met kledingstuk                              | Non-EEK's   |
|-------|---|---|---|--|---|
| 1     | ÷gat vs. diernaam   | [PERSOON WAT KORPULENT IS]                    | <i>dikgat,</i><br><i>vetgat</i>                           | –  | <i>seekoei,</i><br><i>vark</i>                            |
| 2     | ÷kop vs. basis sonder ÷kop  | [PERSOON MET BEPERKTE VERSTANDELIKE VERMOËNS] | <i>pampoenkop,</i><br><i>dwaaskop</i>                     | –  | <i>pampoēn,</i><br><i>dwaas</i>                           |
| 3     | ÷gat vs. ÷sak (ook <i>dik</i> vs. <i>vet</i> as linkerkantste komponente) | [PERSOON WAT KORPULENT IS]                    | <i>dikgat,</i><br><i>vetgat</i>                           | <i>diksak,</i><br><i>vetsak</i>                    | –   |
| 4     | <i>bang</i> met verskillende suffiksoiede                                 | [PERSOON WAT LAFHARTIG IS]                    | <i>banggat,</i><br><i>bangneus,</i>                       | <i>bangbroek,</i><br><i>bangsak</i>                | –   |
| 5     | ÷sak vs. gesuffigeerde woord  | [PERSOON WAT KORPULENT IS]                    | –   | <i>diksak,</i><br><i>vetsak</i>                    | <i>dikkerd,</i><br><i>vettie</i>                          |
| 6     | <i>dronk</i> met verskillende suffiksoiede                                | [PERSOON WAT BESOPE IS]                       | <i>dronkgat,</i><br><i>dronkkop,</i><br><i>dronkstert</i> | <i>dronklap</i>                                    | –   |
| 7     | ÷kop vs. non-EEK's uit nie-Germaanse strata                               | [PERSOON MET BEPERKTE VERSTANDELIKE VERMOËNS] | <i>domkop,</i><br><i>klipkop</i>                          | –  | <i>ghwar,</i><br><i>mamparra</i>                          |
| 8     | <i>dik</i> met verskillende suffiksoiede                                  | [PERSOON WAT KORPULENT IS]                    | <i>dikgat,</i><br><i>dikneus</i>                          | <i>dikbroek,</i><br><i>diksak</i>                  | –   |
| 9     | Alle epitetonas in ander vrae   | [PERSOON WAT KORPULENT IS]                    | <i>dikgat,</i><br><i>dikneus,</i><br><i>vetgat</i>        | <i>dikbroek,</i><br><i>diksak</i><br><i>vetsak</i> | <i>dikkerd,</i><br><i>seekoei,</i><br><i>vark, vettie</i> |

#### 2.2.4 Dataverwerking en -analise

Numeriese waardes van 1 (mins aanstootlike) tot 4 (mees aanstootlike) is by vrae 1 tot 8 aan die rangorde (d.i. posisies) waarin respondente die epitetonas geplaas het, toegeken; by vraag 9 is 1 (mins aanstootlike) tot 10 (mees aanstootlike) gebruik. Op dié wyse kon die mediaan van die gerangskikte posisies van epitetonas as **relatiewe aanstootlikheidswaardes** (RAW's) gekwantifiseer word. Hoe hoër die gemiddelde RAW van 'n epiteton is, hoe laer is dit relatief tot ander epitetonas in daardie vraag deur die respondente geskuif (kyk Figuur 1). Byvoorbeeld, indien 100 respondente 'n epiteton in posisie 4 sou plaas en nog 50 respondente sou dieselfde epiteton in posisie 3 plaas, sou die RAW (met ander woorde mediaan) bereken kon word as:

$$RAW = \frac{(100 \times 4) + (50 \times 3)}{150} = 3,67$$

Tydens die statistiese analise van data word nulhipotesetoets gedoen om te bepaal of sekere gevolgtrekkings uit die data gemaak kan word. Indien 'n nulhipotese waar blyk te wees, beteken dit dikwels dat 'n mens nie voorspellings wat beter as kansvoorspellings is uit die data kan maak nie. Indien die dataspreiding egter wél statisties beduidende resultate oplewer, kan die nulhipotese verwerp word en kan geldige gevolgtrekkings op grond van die data gemaak word. 'n Mens moet egter versigtig wees in die interpretasie van die resultate, aangesien daar altyd nog 'n moontlikheid bestaan dat statisties onbeduidende resultate verkeerdelik as beduidend kan vertoon (Bland & Altman (1995)). Die gevalle in Tabel 2 dien as voorbeeld, waar die items in volgorde van aanstootlikheid relatief tot mekaar gerangskik is: van die vier woorde is *seekoei* (RAW = 1.90) die mins aanstootlike en *vetgat* (RAW = 2.92) die mees aanstootlike. N sal vir alle vrae 92 wees, aangesien 92 respondente se response vir die hele vraelys bruikbaar was. Die standaardafwyking (SA) word in die laaste kolom aangedui.

**TABEL 2:** Beskrywende statistiek vir vraag 1

| Item    | N  | RAW (median) | SA    |
|---------|----|--------------|-------|
| seekoei | 92 | 1.90         | 1.130 |
| vark    | 92 | 2.30         | 1.126 |
| dikgat  | 92 | 2.87         | 1.081 |
| vetgat  | 92 | 2.92         | 0.788 |

As 'n mens wil bepaal hoe betroubaar die rangvolgorde van twee woorde (sê nou maar *dikgat* en *seekoei*) is, kan ons sê die nulhipotese is dat die spreiding van response nie beter as 'n kansspreiding sal wees nie. As 'n mens byvoorbeeld vir twee ander groepe mense die vraag sou vra, sal een groep sê dat *dikgat* aanstootliker as *seekoei* is, en die ander groep sal sê *seekoei* is aanstootliker as *dikgat*. Die **nulhipotese** is dus dat daar nie 'n verskil in die mediane van die twee woorde sal wees nie (en dat daar geen statisties beduidende onderskeid te tref is tussen die aanstootlikheid van *dikgat* en *seekoei* nie). Die **alternatiewe hipotese** is dat daar wél 'n statisties beduidende verskil in die mediane van die twee woorde sal wees en dat daar dus wel 'n onderskeid te tref is tussen die aanstootlikheid van *dikgat* en *seekoei*. As die vraelys vir twee ander groepe gegee sou word, is daar byvoorbeeld 'n 95% kans (d.i. vertrouensinterval, as die betekenispeil se drempelwaarde 5%, oftewel  $p < 0.05$  is) dat *dikgat* weer as aanstootliker as *seekoei* gekies sal word. Ons kan nou ons nul- en alternatiewe hipotese formaliseer:

$$(18) H_0: \text{mediaanverskil} = 0 \text{ (oftewel } \theta = 0 \text{)}$$

$$H_A: \text{mediaanverskil} \neq 0 \text{ (oftewel } \theta \neq 0 \text{)}$$

Om telkens te bepaal of die verskille tussen die vier (of tien by vraag 9) epiteton statisties beduidend is, is 'n Friedman-toets (Laerd Statistics (2018); Steyn, Smit, Du Toit & Strasheim (1998:607)) vir elke vraag gedoen. Die paarsgewyse vergelykings by al die vrae het aangetoon dat daar wel statisties beduidende ( $p < 0.05$ ) verskille tussen die woorde is (kyk resultate by elk van die tabelle hier onder). Vervolgens is Wilcoxon se betekenderangtoets (ook

simmetrietoets of rangtekentoets – Steyn e.a. (1998:589)) gebruik om te bepaal waar presies die verskille lê (d.i. watter pare se mediane verskil statisties beduidend).

Vergelyk Tabel 3, waar  $z$  die resultaat van Wilcoxon se betekenderangtoets is (en wat gebruik word om vir beduidendheid te toets; Statistics Solutions (s.a.)),  $p$  die oorspronklike  $p$ -waarde van asimptotiese beduidendheid (tweekantige toetsing) en  $*p$  die aangepaste  $p$ -waardes volgens die Bonferroni-metode. Van belang vir ons is  $p$  en veral  $*p$ . As die  $p$ -waardes minder as 0.05 (d.i.  $p < 0.05$ ) is, beteken dit dat indien die nulhipotese waar is, dan is die kans minder as 1 uit 20 dat die mediaanverskil so groot is soos wat dit is. In so 'n geval kan ons dan sê dat die verskil statisties beduidend is en kan ons  $H_0$  verwerp en  $H_A$  ondersteun word. As die  $p$ -waarde egter groter as 0.05 (d.i.  $p > 0.05$ ) is, is daar nie genoeg bewys om te sê dat die mediaanverskil statisties beduidend verskillend van 0 is nie –  $H_0$  kan nie verwerp word nie en  $H_A$  kan dus nie ondersteun word nie. Gebaseer op die data in Tabel 3 kan ons nou sê dat 'n Wilcoxon-betekenderangtoets uitgewys het dat daar wel 'n statisties beduidende mediaanverskil is in die aanstootlikheidsrangorde tussen *seekoei* (1.90) en *dikgat* (2.87),  $z = -3.930$ ,  $p < 0.0005$ ;<sup>4</sup>  $H_0$  kan dus verwerp word.

**TABEL 3:** Resultate van vraag 1 – [PERSOON WAT KORPULENT IS]

| Epitetonpaar            | $z$                 | $p$   | $*p$         |
|-------------------------|---------------------|-------|--------------|
| <i>dikgat – seekoei</i> | -3.930 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.001</b> |
| <i>vetgat – seekoei</i> | -5.117 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vark – seekoei</i>   | -2.155 <sup>a</sup> | 0.031 | 0.187        |
| <i>vetgat – dikgat</i>  | -.527 <sup>a</sup>  | 0.598 | 1.000        |
| <i>vark – dikgat</i>    | -2.812 <sup>b</sup> | 0.005 | <b>0.029</b> |
| <i>vark – vetgat</i>    | -3.309 <sup>b</sup> | 0.001 | <b>0.006</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

Wanneer daar egter veelvuldige, onafhanklike nulhipoteses getoets word, bestaan daar 'n kans dat ten minste een van die hipoteses verkeerdelik as beduidend kan voorkom. Dié waarskynlikheid word bereken deur:

$$\alpha_{\text{multi}} = 1 - (1 - \alpha)^m = 1 - 0.95^m$$

waar  $m$  die aantal toetse verteenwoordig (Bland & Altman (1995); Jafari & Ansari-Pour (2019)). As daar byvoorbeeld 20 of 50 toetse gedoen word, is daar onderskeidelik 'n 64% en 92% kans dat 'n vals beduidende resultaat verkry kan word, want:

$$\alpha_{\text{multi}} = 1 - 0.95^{20} = 0.64$$

$$\alpha_{\text{multi}} = 1 - 0.95^{50} = 0.92$$

<sup>4</sup> Indien hierdie  $p$ -waarde “0.000” is, beteken dit dat  $p < 0.0005$  (Laerd Statistics (2018)).

Wanneer dié twee antwoorde met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat hoe meer toetse gedoen word op dieselfde data, hoe groter word die kans dat beduidende resultate verkeerdlik verkry kan word. In vrae 1 tot 8 gebruik ons telkens dieselfde data in ses toetse ( $m = 6$ ) en is  $\alpha_{\text{multi}} = 0.26$ ; vir vraag 9 is  $m = 45$  en is  $\alpha_{\text{multi}} = 0.90$ .

Die Bonferroni-metode poog om die waarskynlikheid om 'n Tipe I-fout te begaan te beperk (d.i. om vals beduidende waardes te verhoed) deur die  $p$ -waardes van nulhipotesetoetse te vergroot, sodat dit moeiliker kleiner as die 5%-drempel sal wees (Bland & Altman (1995)). Dit is 'n manier om te verhoed dat data verkeerdlik as beduidend beskou word wanneer veelvoudige toetse daarop gedoen word.

Die Bonferroni-waarde (d.i. die aangepaste  $p$ -waarde, kortweg  $*p$ ) word met die 5%-drempel vergelyk om te bepaal of die hipotese se resultaat statisties beduidend en dus bruikbaar vir navorsing is (Bland & Altman (1995)). As  $*p < 0.05$  is, word die nulhipotese verwerp: Die verskil is statisties beduidend en geldige gevolgtrekkings kan uit die data gemaak word (Diez, Cetinkaya-Rundel & Barr (2019:189)). As  $*p > 0.05$  is, beteken dit dat die nulhipotese nie verwerp word nie, en dat gevolgtrekkings uit die data nie statisties beduidend is nie.

In Tabel 3 word die Bonferroni-waardes in die laaste kolom aangebied. Die vetgedrukte  $*p$ -waardes is almal kleiner as 0.05 en kan daarom in die ondersoek gebruik word. Wanneer *dikgat* dus met *seekoei* vergelyk word (eerste ry), is  $*p = 0.001$  (teenoor die oorspronklike  $p = 0.000$ ), wat vir die navorser beteken dat hulle maar kan vertrou dat daar in 95% van die gevalle 'n beduidende verskil is; die implikasie is dat die resultaat gebruik kan word om gevolgtrekkings mee te trek. Net so kan *vetgat* met *seekoei* vergelyk word, *vark* met *seekoei*, en so meer. In vier pare se geval is  $*p < 0.05$  en dus van waarde vir die ondersoek; die vier pare is in grys blokkies aangedui.

### 3.4 Resultate

Die beskrywende statistiek en rangorde waarin die epiteton volgens die RAW's per vraag gerangskik is, word in die volgende tabelle verskaf:

- **Tabel 4:** Vrae 1, 2, 5 en 7 word naas mekaar gestel om EEK's met non-EEK's te vergelyk. Ons sien dat die EEK's telkens meer aanstootlik is (*vet÷gat*, *dwaas÷kop*, *vet÷sak*), met die uitsondering van *ghwar*. Die onderlinge verskille tussen items is egter nie noodwendig statisties beduidend nie en word hier onder verder ondersoek; dit geld ook die volgende twee tabelle.
- **Tabel 5:** Vrae 3, 4, 6 en 8 word saam gegroepeer om verskillende suffiksoïede naas mekaar op te stel. Dit is opvallend dat EEK's met die suffiksoïed *÷gat* telkens meer aanstootlik is. By vraag 3 se resultate kan 'n mens sien dat *vet÷gat* meer aanstootlik as *dik÷gat* is, maar hier onder sal aangetoon word dat dié verskil nie statisties beduidend is nie ( $*p = 0.087$ ).
- **Tabel 6:** Vraag 9, waarin al die woorde vir [PERSOON WAT KORPULENT IS] met mekaar vergelyk is, se resultate word hier weergegee. Aan beide uiterstes van die kontinuum is EEK's: *÷gat* blyk die mees aanstootlike suffiksoïed te wees, terwyl *÷neus* en *÷broek* die minste aanstootlik is. EEK's met *÷sak* lê ongeveer in die middel, sodat ons voorlopig 'n kontinuum van EEK's kan postuleer: *÷neus* < *÷broek* < *÷sak* < *÷gat*.

**TABEL 4:** Resultate: EEK's vs. non-EEK's

|                                       |                | <b>Vraag</b>                         |                                      |                                      |                                      |
|---------------------------------------|----------------|--------------------------------------|--------------------------------------|--------------------------------------|--------------------------------------|
|                                       |                | <b>1</b>                             | <b>2</b>                             | <b>5</b>                             | <b>7</b>                             |
|                                       |                | $\chi^2(2) = 39.300$<br>$p < 0.0005$ | $\chi^2(2) = 67.617$<br>$p < 0.0005$ | $\chi^2(2) = 49.030$<br>$p < 0.0005$ | $\chi^2(2) = 22.565$<br>$p < 0.0005$ |
| minder aanstootlik ⇔ meer aanstootlik | <i>seekoei</i> | <i>pampoen</i>                       | <i>dikkerd</i>                       | <i>mamparra</i>                      |                                      |
|                                       | <i>vark</i>    | <i>pampoenkop</i>                    | <i>vettie</i>                        | <i>klipkop</i>                       |                                      |
|                                       | <i>dikgat</i>  | <i>dwaas</i>                         | <i>diksak</i>                        | <i>domkop</i>                        |                                      |
|                                       | <i>vetgat</i>  | <i>dwaaskop</i>                      | <i>vetsak</i>                        | <i>ghwar</i>                         |                                      |

**TABEL 5:** Resultate: suffiksoëde

|                                       |               | <b>Vraag</b>                         |                                       |                                       |                                       |
|---------------------------------------|---------------|--------------------------------------|---------------------------------------|---------------------------------------|---------------------------------------|
|                                       |               | <b>3</b>                             | <b>4</b>                              | <b>6</b>                              | <b>8</b>                              |
|                                       |               | $\chi^2(2) = 53.178$<br>$p < 0.0005$ | $\chi^2(2) = 115.109$<br>$p < 0.0005$ | $\chi^2(2) = 101.883$<br>$p < 0.0005$ | $\chi^2(2) = 133.526$<br>$p < 0.0005$ |
| minder aanstootlik ⇔ meer aanstootlik | <i>diksak</i> | <i>bangneus</i>                      | <i>dronkstert</i>                     | <i>dikneus</i>                        |                                       |
|                                       | <i>vetsak</i> | <i>bangbroek</i>                     | <i>dronkkop</i>                       | <i>dikbroek</i>                       |                                       |
|                                       | <i>dikgat</i> | <i>bangsak</i>                       | <i>dronklap</i>                       | <i>diksak</i>                         |                                       |
|                                       | <i>vetgat</i> | <i>banggat</i>                       | <i>dronkgat</i>                       | <i>dikgat</i>                         |                                       |

**TABEL 6:** Resultate: [PERSOON WAT KORPULENT IS]

| Vraag                                 |   |
|---------------------------------------|---|
|                                       | <b>9</b>  |
|                                       | $\chi^2(2) = 208.307$<br>$p < 0.0005$   |
| meer aanstootlik ↔ minder aanstootlik | <i>dikneus</i><br><i>dikbroek</i><br><i>dikkerd</i><br><i>vettie</i><br><i>seekoei</i><br><i>diksak</i><br><i>vetsak</i><br><i>vark</i><br><i>dikgat</i><br><i>vetgat</i> |

In Tabel 7 tot Tabel 15 word die resultate van die paarsgewyse vergelykings met Wilcoxon se betekenderangtoets, asook die Bonferroni- aangepaste \*p-waardes aangebied. Die epitetonpaar van statisties beduidende gevalle (waar \* $p < 0,05$ ), word met grys blokkies gemerk. Die resultate van die vrae word weer soos hier bo gegroepeer: eers vraag 1, 2, 5 en 7; dan vraag 3, 4, 6 en 8; en ten slotte vraag 9. Kortheidshalwe word slegs die statisties beduidende gevalle vir vraag 9 in Tabel 15 weergegee.

**TABEL 7:** Vraag 1: ÷gat vs. diernaam ↔ [PERSOON WAT KORPULENT IS]

| Epitetonpaar            | <i>z</i>            | <i>p</i> | * <i>p</i>   |
|-------------------------|---------------------|----------|--------------|
| <i>dikgat – seekoei</i> | -3.930 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.001</b> |
| <i>vetgat – seekoei</i> | -5.117 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>vark – seekoei</i>   | -2.155 <sup>a</sup> | 0.031    | 0.187        |
| <i>vetgat – dikgat</i>  | -.527 <sup>a</sup>  | 0.598    | 1.000        |
| <i>vark – dikgat</i>    | -2.812 <sup>b</sup> | 0.005    | <b>0.029</b> |
| <i>vark – vetgat</i>    | -3.309 <sup>b</sup> | 0.001    | <b>0.006</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

Die relatiewe rangorde – van minder aanstootlik tot meer aanstootlik – van die items uit vraag 1 was *seekoei* < *vark* < *dik÷gat* < *vet÷gat* (kyk Tabel 4). In Tabel 7 kan dit gesien word dat die EEK's *dik÷gat* en *vet÷gat* beide beduidend meer aanstootlik is as *seekoei* en *vark* as voorbeelde van non-EEK's met diere as referent. Daar kan egter nie met sekerheid 'n onderskeid

tussen *dik÷gat* en *vet÷gat*, en tussen *seekoei* en *vark* getref word nie. Ons moet dus die spektrum vir die relatiewe rangorde soos volg aanpas: *seekoei*  $\approx$  *vark* < *dik÷gat*  $\sim$  *vet÷gat*.

**TABEL 8:** Vraag 2:  $\div$ *kop* vs. basis sonder  $\div$ *kop*  $\leftrightarrow$  [PERSOON MET BEPERKTE VERSTANDELIKE VERMOËNS]

| Epitetonpaar                     | <i>z</i>            | <i>p</i> | * <i>p</i>   |
|----------------------------------|---------------------|----------|--------------|
| <i>dwaaskop – dwaas</i>          | -.678 <sup>a</sup>  | 0.498    | 1.000        |
| <i>pampoenskop – dwaas</i>       | -5.882 <sup>b</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>pampoenskop – dwaaskop</i>    | -2.443 <sup>b</sup> | 0.015    | 0.087        |
| <i>pampoenskop – dwaas</i>       | -5.927 <sup>b</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>pampoenskop – dwaaskop</i>    | -3.500 <sup>b</sup> | 0.000    | <b>0.003</b> |
| <i>pampoenskop – pampoenskop</i> | -5.319 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

By vraag 2 was die relatiewe rangorde *pampoenskop* < *pampoenskop÷kop* < *dwaas* < *dwaas÷kop*. Die items is só gekies dat elke EEK (byvoorbeeld *dwaas÷kop*) 'n semanties ekwivalente ([PERSOON MET BEPERKTE VERSTANDELIKE VERMOËNS]) non-EEK wat identiek aan die linkerkantste konstituent van die EEK is (byvoorbeeld *dwaas*), as teenhanger het. As ons veronderstel dat suffiksoëde evaluerend en intensiverend is, en dat die konseptuele metonimie MEER VORM VIR MEER BETEKENIS ook geskrewe taal geld (Trollip (2022)), dan kan ons hipotetiseer dat die EEK's telkens meer aanstootlik (d.i. intensiverend) as die non-EEK's sal wees. In Tabel 8 kan daar gesien word dat dit inderdaad die geval is vir die epitetonpaar *pampoenskop – pampoenskop÷kop*, maar nie vir *dwaas – dwaas÷kop* nie. Ons moet dus die spektrum vir die relatiewe rangorde soos volg aanpas: *pampoenskop* < *pampoenskop÷kop*  $\approx$  *dwaas*  $\approx$  *dwaas÷kop*.

**TABEL 9:** Vraag 5:  $\div$ *sak* vs. gesuffigeerde woord  $\leftrightarrow$  [PERSOON WAT KORPULENT IS]

| Epitetonpaar            | <i>z</i>            | <i>p</i> | * <i>p</i>   |
|-------------------------|---------------------|----------|--------------|
| <i>vettie – dikkerd</i> | -1.500 <sup>a</sup> | 0.134    | 0.802        |
| <i>diksak – dikkerd</i> | -5.667 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>vetsak – dikkerd</i> | -5.253 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>diksak – vettie</i>  | -3.086 <sup>a</sup> | 0.002    | <b>0.012</b> |
| <i>vetsak – vettie</i>  | -4.493 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>vetsak – diksak</i>  | -1.691 <sup>a</sup> | 0.091    | 0.545        |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

Vraag 5 is soortgelyk aan vraag 2 in die sin dat elke EEK 'n non-EEK met dieselfde stam het. By vraag 5 is dit egter nie net die stam soos in vraag 2 nie, maar 'n geaffigeerde weergawe van die stam. Die metonimie MEER VORM VIR MEER BETEKENIS behoort dus nie hier te geld nie, en 'n mens behoort duideliker die verskil tussen EEK's en non-EEK's te sien. Dit is dan ook inderdaad die geval: Die resultate in Tabel 9 toon dat beide epitetonpaare meer aanstootlik as beide die non-EEK-teenhangers is in die relatiewe volgorde: *dikkerd*  $\approx$  *vettie* < *dik*÷*sak*  $\approx$  *vet*÷*sak*. Hoewel 'n mens in die verleiding sou wees om te dink dat die stam *dik* minder aanstootlik as *vet* is, kan dié afleiding egter nie met genoeg sekerheid uit die data gemaak word nie.

**TABEL 10:** Vraag 7: ÷*kop* vs. non-EEK's uit nie-Germaanse strata ↔ [PERSOON MET BEPERKTE VERSTANDELIKE VERMOËNS]

| Epitetonpaar              | <i>z</i>            | <i>p</i> | * <i>p</i>   |
|---------------------------|---------------------|----------|--------------|
| <i>domkop – klipkop</i>   | -2.271 <sup>a</sup> | 0.023    | 0.139        |
| <i>mamparra – klipkop</i> | -.240 <sup>b</sup>  | 0.810    | 1.000        |
| <i>ghwar – klipkop</i>    | -3.402 <sup>a</sup> | 0.001    | <b>0.004</b> |
| <i>mamparra – domkop</i>  | -2.485 <sup>b</sup> | 0.013    | 0.078        |
| <i>ghwar – domkop</i>     | -1.683 <sup>a</sup> | 0.092    | 0.555        |
| <i>ghwar – mamparra</i>   | -3.948 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

Die laaste vraag in hierdie groep vrae waar EEK's met non-EEK's vergelyk is, is vraag 7. Twee nie-Germaanse non-EEK's (*ghwar* en *mamparra*) is teenoor twee Germaanse EEK's gestel. Dit het egter nie werklik tot enige insiggewende resultate gelei nie, want die relatiewe rangorde was: *mamparra* < *klip*÷*kop* < *dom*÷*kop* < *ghwar*. Die paarsgewyse vergelykings se resultate in Tabel 10 toon ook slegs dat *ghwar* beduidend meer aanstootlik as *mamparra* en *klip*÷*kop* is. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat *ghwar* ook betekenselemente

**TABEL 11:** Vraag 3: ÷*gat* vs. ÷*sak* ↔ [PERSOON WAT KORPULENT IS]

| Epitetonpaar           | <i>z</i>            | <i>p</i> | * <i>p</i>   |
|------------------------|---------------------|----------|--------------|
| <i>dikgat – diksak</i> | -4.339 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>vetsak – diksak</i> | -1.986 <sup>a</sup> | 0.047    | 0.282        |
| <i>vetgat – diksak</i> | -5.746 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>vetsak – dikgat</i> | -2.445 <sup>b</sup> | 0.014    | 0.087        |
| <i>vetgat – dikgat</i> | -2.441 <sup>a</sup> | 0.015    | 0.088        |
| <i>vetgat – vetsak</i> | -4.848 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

van [ONGEMANIERD] en [ONBESKAAFD] het, eerder as wat dit met die stratum te make het. Streng gesproke moet die spektrum dus soos volg aangepas word: *mamparra*  $\approx$  *klip* $\div$ *sak*  $\approx$  *dom* $\div$ *kop*  $\approx$  *ghwar*.

Die twee groepe vrae bevat slegs EEK's, en die doel van hierdie vrae was om verskillende suffiksoïede met mekaar te vergelyk. Die items in vraag 3 se relatiewe rangorde was: *dik* $\div$ *sak* < *vet* $\div$ *sak* < *dik* $\div$ *gat* < *vet* $\div$ *gat*. Daar kan uit die resultate in Tabel 11 gesien word dat epitetons wat eindig op  $\div$ *gat* as meer aanstootlik gesien word as dié wat op  $\div$ *sak* eindig, behalwe *vet* $\div$ *sak* en *dik* $\div$ *gat* wat in die middel lê. Dié spektrum kan dus só aangepas word: *dik* $\div$ *sak* < *vet* $\div$ *sak*  $\approx$  *dik* $\div$ *gat* < *vet* $\div$ *gat*.

In vraag 4, 6 en 8 is die linkerlid van die EEK telkens dieselfde gehou (onderskeidelik *bang*, *dronk* en *dik*) ten einde te probeer om die effek van die verskillende suffiksoïede te toets. Om die resultate te valideer, is die suffiksoïede by vraag 4 en 8 boonop identies (onderskeidelik  $\div$ *neus*,  $\div$ *broek*,  $\div$ *sak* en  $\div$ *gat*). Met die uitsondering van die epitetonpaar *bang* $\div$ *sak* – *bang* $\div$ *broek* (Tabel 12), was die verskil tussen al die ander pare statisties beduidend, en ons kan dus met 'n hoë graad van sekerheid die volgende volgordes uit dié data aflei:

$$(19) \div\textit{neus} < \div\textit{broek} < \div\textit{sak} < \div\textit{gat}$$

$$(20) \div\textit{stert} < \div\textit{kop} < \div\textit{lap} < \div\textit{gat}$$

**TABEL 12:** Vraag 4: *bang* met verskillende suffiksoïede  $\leftrightarrow$  [PERSOON WAT LAFHARTIG IS]

| Epitetonpaar                       | <i>z</i>            | <i>p</i> | * <i>p</i>   |
|------------------------------------|---------------------|----------|--------------|
| <i>bangbroek</i> – <i>bangneus</i> | -3.487 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.003</b> |
| <i>bangsak</i> – <i>bangneus</i>   | -5.563 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>banggat</i> – <i>bangneus</i>   | -7.198 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>bangsak</i> – <i>bangbroek</i>  | -2.084 <sup>a</sup> | 0.037    | 0.223        |
| <i>banggat</i> – <i>bangbroek</i>  | -6.867 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>banggat</i> – <i>bangsak</i>    | -5.803 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

**TABEL 13:** Vraag 6: *dronk* met verskillende suffiksoïede  $\leftrightarrow$  [PERSOON WAT BESOPE IS]

| Epitetonpaar                        | <i>z</i>            | <i>p</i> | * <i>p</i>   |
|-------------------------------------|---------------------|----------|--------------|
| <i>dronkkop</i> – <i>dronkstert</i> | -1.384 <sup>a</sup> | 0.167    | 0.999        |
| <i>dronklap</i> – <i>dronkstert</i> | 0                   | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>dronkgat</i> – <i>dronkstert</i> | -6.538 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>dronklap</i> – <i>dronkkop</i>   | -3.888 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.001</b> |
| <i>dronkgat</i> – <i>dronkkop</i>   | -6.957 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |
| <i>dronkgat</i> – <i>dronklap</i>   | -5.183 <sup>a</sup> | 0.000    | <b>0.000</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

TABEL 14: Vraag 8: *dik* met verskillende suffiksoïede ↔ [PERSOON WAT KORPULENT IS]

| Epitetonpaar              | $z$                 | $p$   | $*p$         |
|---------------------------|---------------------|-------|--------------|
| <i>dikbroek – dikneus</i> | -2.134 <sup>a</sup> | 0.033 | 0.197        |
| <i>diksak – dikneus</i>   | -5.857 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat – dikneus</i>   | -7.328 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>diksak – dikbroek</i>  | -5.146 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat – dikbroek</i>  | -7.008 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat – diksak</i>    | -6.153 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

Tot slot, in vraag 9 het ons eweneens binne dieselfde verwysingsdomein gebly ([PERSOON WAT KORPULENT IS]), maar nou nie net met verskillende linkerkantste dele (*dik* en *vet*) en suffiksoïede ( $\div$ neus,  $\div$ broek,  $\div$ sak en  $\div$ gat) nie, maar ook met non-EEK's (*dikkerd*, *vettie*, *seekoei* en *vark*). Die doel was onder andere om ook die resultate van die ander vrae te valideer, spesifiek om te sien of die volgende relatiewe volgordes soos uit die vorige vrae geblyk het, staande bly wanneer meer as net vier verskillende woorde betrek word:

- **non-EEK's < EEK's** (*seekoei*  $\approx$  *vark* < *dik* $\div$ *gat*  $\approx$  *vet* $\div$ *gat*; en *dikkerd* < *vettie* < *dik* $\div$ *sak* < *vet* $\div$ *sak* in onderskeidelik vraag 1 en 5)
- $\div$ neus <  $\div$ broek <  $\div$ sak <  $\div$ gat (*dik* $\div$ *sak* < *vet* $\div$ *sak* < *dik* $\div$ *gat* < *vet* $\div$ *gat*; naas *bang* $\div$ *neus* < *bang* $\div$ *broek* < *bang* $\div$ *sak* < *bang* $\div$ *gat*; en *dronk* $\div$ *neus* < *dronk* $\div$ *broek* < *dronk* $\div$ *sak* < *dronk* $\div$ *gat* in onderskeidelik vraag 3, 4 en 8)

Die relatiewe rangorde was: *dik* $\div$ *neus* < *dik* $\div$ *broek* < *dikkerd* < *vettie* < *seekoei* < *dik* $\div$ *sak* < *vet* $\div$ *sak* < *vark* < *dik* $\div$ *gat* < *vet* $\div$ *gat* (Tabel 6). Gegewe die data in Tabel 15, waar die statistiese beduidende data gegropeer en gerangskik is volgens hierdie relatiewe rangorde, kan ons enkele gevoltrekkings maak:

- Nie alle epitetonpare wat in vrae 1 tot 8 as statisties beduidend aangedui is, is hier statisties beduidend nie. Dit het te make met  $\alpha_{\text{multi}}$ , soos verduidelik in afdeling 3.3.4.
- Daar is geen statisties beduidende verskil tussen die vyf items aan die minder aanstootlike kant van die spektrum (*dik* $\div$ *neus*, *dik* $\div$ *broek*, *dikkerd*, *vettie* en *seekoei*) nie. Selfs die verskil tussen *seekoei* en *dik* $\div$ *sak*, *vet* $\div$ *sak* aan die minder aanstootlike kant, en *vark* aan die aanstootliker kant, is nie beduidend nie. Ons bevinding met betrekking tot **non-EEK's < EEK's** word dus in hierdie vraag nóg ondersteun, nóg verwerp en ons pas dit dus aan as **non-EEK's  $\approx$  EEK's**.
- Waarom *vark* nie saam met die ander non-EEK's staan nie, kan waarskynlik op dieselfde manier as wat die geval by *ghwar* was, verklaar word: *Vark* het ook betekenselemente soos [ONGEMANIERD], [ONBESKAAFD], [VUIL] en selfs [DISRESPEKVL TEENOOR VROUE], wat beteken dat dit as aanstootliker deur die respondente aangevoel word.
- Die twee EEK's aan die aanstootliker kant van die spektrum (*dik* $\div$ *gat* en *vet* $\div$ *gat*) is inderdaad meer aanstootlik as al die ander woorde – selfs ook as hulle naaste buurman, *vark* (gebaseer op positiewe rangordes). Soos dit die geval was met die data in Tabel

9, is daar ook hier geen statisties beduidende bewyse dat *dik÷gat* minder aanstootlik as *vet÷gat* is nie; ons moet dus aanvaar dat hulle pragmaties (d.i. met betrekking tot aanstootlikheid) gesien, ekwivalent is.

- Dieselfde geld ook die ander kant van die spektrum met betrekking tot *÷neus* en *÷broek*: Daar is geen statisties beduidende verskil tussen hulle nie (soos ook die geval was in Tabel 14), en hulle kan dus ook as pragmaties ekwivalent beskou word.
- Die spektrum *÷neus* < *÷broek* < *÷sak* < *÷gat* kan dus aangepas word na *÷neus* ≈ *÷broek* < *÷sak* < *÷gat*.

**TABEL 15:** Vraag 9: Alle epitetonpaare in ander vrae ↔ [PERSOON WAT KORPULENT IS] (slegs gevalle waar  $*p < 0.005$ )

| Epitetonpaar           | $z$                 | $p$   | $*p$         |
|------------------------|---------------------|-------|--------------|
| <i>vetgat dikneus</i>  | -7.006 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vetgat dikbroek</i> | -6.882 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vetgat dikkerd</i>  | -5.836 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vetgat vettie</i>   | -6.637 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vetgat seekoei</i>  | -5.423 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vetgat diksak</i>   | -5.110 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vetgat vetsak</i>   | -5.329 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat dikneus</i>  | -7.188 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat dikbroek</i> | -7.158 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat dikkerd</i>  | -6.314 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat vettie</i>   | -5.929 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat seekoei</i>  | -5.641 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat diksak</i>   | -5.114 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>dikgat vetsak</i>   | -4.912 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vark dikneus</i>    | -5.821 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vark dikbroek</i>   | -4.667 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vark dikkerd</i>    | -3.730 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.009</b> |
| <i>vark seekoei</i>    | -3.474 <sup>a</sup> | 0.001 | <b>0.023</b> |
| <i>vark dikgat</i>     | -3.456 <sup>b</sup> | 0.001 | <b>0.025</b> |
| <i>vark vetgat</i>     | -3.699 <sup>b</sup> | 0.000 | <b>0.01</b>  |
| <i>vetsak dikneus</i>  | -6.008 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vetsak dikbroek</i> | -5.393 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>vetsak dikkerd</i>  | -3.751 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.008</b> |
| <i>vetsak vettie</i>   | -3.773 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.007</b> |
| <i>diksak dikneus</i>  | -6.204 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>diksak dikbroek</i> | -5.373 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.000</b> |
| <i>diksak dikkerd</i>  | -3.594 <sup>a</sup> | 0.000 | <b>0.015</b> |

a. Gebaseer op negatiewe rangordes; b. Gebaseer op positiewe rangordes

#### 4. Samevatting en gevolgtrekkings

Ter samevatting kan die navorsingsvrae en hipoteses weer oorweeg word. 'n Aanlyn vraelys met nege vrae is deur 98 respondente ingevul, waarvan 92 se response bruikbaar was. In dié vraelys moes respondente telkens die items (woorde) van mins aanstootlike tot mees aanstootlike rangskik. Vir elk van die nege vrae is die rangordes na numeriese waardes omgeskakel, sodat die mediaan per woord as relatiewe aanstootlikheidswaarde gekwantifiseer kon word. Vervolgens is 'n Friedman-toets vir elke vraag gedoen, wat aangetoon het dat daar wel in elke vraag statisties beduidende ( $p < 0.05$ ) verskille tussen die items was. Om te bepaal waar presies die verskille lê (d.i. watter woordpare se mediane statisties beduidend verskil), is Wilcoxon se betekenderangtoets gebruik en is die  $p$ -waarde aangepas met die Bonferroni-metode (vir 'n aangepaste  $*p$ -waarde). Dié inligting kon toe gebruik word om die nulhipoteses te aanvaar of verwerp.

1. *Is metonimiese EEK's meer of minder aanstootlik as semanties ekwivalente non-EEK's?*

Die nulhipotese, dat daar geen onderskeid te tref is tussen die potensiele aanstootlikheid van EEK's en semanties ekwivalente non-EEK's nie, kon in enkele gevalle verwerp word (byvoorbeeld dat *dik÷gat* en *vet÷gat* meer aanstootlik as *seekoei* en *vark* is (vraag 1), soos ook *dik÷sak* en *vet÷sak* teenoor *dikkerd* en *vettie* (vraag 5). Desnieteenstaande was daar nie genoegsame oortuigende bewyse om met die nodige sekerheid te kan sê dat non-EEK's minder aanstootlik as EEK's is nie. Een van die moontlike redes hiervoor is dat non-EEK's soos *dwaas* en *ghwar* ook ander, addisionele, negatiewe betekenislemente as hulle EEK-teenhangers (*dwaas÷kop* en *dom÷kop*) bevat. Ons gevolgtrekking is dus dat **non-EEK's**  $\approx$  **EEK's**.

2. *Is suffiksoïede wat na liggaamsdele verwys meer of minder aanstootlik as suffiksoïede wat na kledingstukke verwys?*

Om die potensiele aanstootlikheidswaarde van suffiksoïede te vergelyk, is dit as nulhipotese gestel dat daar geen onderskeid te tref is tussen suffiksoïede wat na liggaamsdele teenoor suffiksoïede wat na kledingstukke verwys nie. Hoewel ons ook hier nie die nulhipotese sonder meer kon verwerp nie, kon ons tog die ondersoekte suffiksoïede op 'n spektrum van potensiele aanstootlikheid plaas, te wete:  $\div\text{neus} \approx \div\text{broek} < \div\text{sak} < \div\text{gat}$ .

#### Erkenning

Finansiële ondersteuning deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns maak hierdie navorsing ten dele moontlik. Die in natura-bydraes van BlueTek Computers, WatKykJy.co.za, Afrikaans.com en Maroela Media word ook hiermee met dank erken. Dank ook aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) en die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeX) van die Noordwes-Universiteit wat materiaal uit hulle onderskeie databasisse met ons gedeel het.

Verskeie medewerkers en studente werk aan verskeie aspekte van die projek en hierdie navorsing spesifiek; hulle name verskyn by <https://vloek.co.za/oor-ons>.

## Belangeverklaring

Ten einde die navorsing ten beste te operasionaliseer, is daar in oorleg met die Noordwes-Universiteit besluit dat 'n onafhanklike projekwebblad vir die projek opgerig en onderhou word. Dié webblad, **vloek.co.za**, is ontwikkel en word besit deur Viridevert NPC (2016/411799/08), 'n maatskappy sonder winsbejag wat by die SAID geregistreer is as 'n opvoedkundige openbare weldaadsorganisasie (OWO) met belastingvrystelling ('n sogenaamde "artikel 18(a)-maatskappy") en met 'n eie bankrekening by FNB.

## Etiëkkларing

Die projek se oorhoofse etiëkkларing is op 21 Mei 2019 by die Noordwes-Universiteit se Language Matters Ethics Committee geregistreer; die registrasienommer is NWU-00632-19-A7.

## BIBLIOGRAFIE

- AtotZ: Schröder, PH. (red.). 1980. *Van Aalmoes tot Zwiñtjesjager*. Baarn: Erven Thomas Rap.
- Bauer, L. 2017. *Compounds and compounding*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bauer, L, Lieber, R & Plag, I. 2013. *The Oxford reference guide to English morphology*. Oxford: Oxford University Press.
- Bland, JM & Altman, DG. 1995. Multiple significance tests: the Bonferroni method. *BMJ*, 310(6973):170.
- Booij, G. 2020. Exocentric compounds. *Taalportaal*. <https://taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic-13998813295820079> [18 June 2023].
- Booij, G & Hüning, M. 2014. Affixoids and constructional idioms. In Boogaart, R, Coleman, T & Rutten, G. (reds.). *Extending the Scope of Construction Grammar*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 77-106.
- De Haas, W & Trommelen, M. 1993. *Morfologiesh handboek van het Nederlands. Een overzicht van de woordvorming*. 's-Gravenhage: SDU Uitgeverij.
- Diez, D, Cetinkaya-Rundel, M & Barr, C. 2019. *OpenIntro Statistics*. 4e uitgawe. dBooks.org: DBooks.
- Heckathorn, DD. 1997. Respondent-Driven Sampling: A New Approach to the Study of Hidden Populations. *Social Problems*, 44(2):174-199.
- Jafari, M & Ansari-Pour, N. 2019. Why, When and How to Adjust Your P Values? *Cell Journal*, 20(4):604-607.
- Laerd Statistics. 2018. Statistical tutorials and software guides. <https://statistics.laerd.com/>.
- Rasinger, SM. 2008. *Quantitative research in linguistics*. London: Continuum.
- Statistics Solutions. s.a. How to Conduct the Wilcoxon Sign Test. *Complete Dissertation: Expert Guidance Every Step of the Way*. <https://www.statisticssolutions.com/free-resources/directory-of-statistical-analyses/how-to-conduct-the-wilcoxon-sign-test/> [29 July 2023].
- Štekauer, P, Valera, S & Körtvélyessy, L. 2012. *Word-Formation in the World's Languages: A Typological Survey*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Steyn, AGW, Smit, CF, Du Toit, SHC & Strasheim, C. 1998. *Moderne statistiek vir die praktyk*. Pretoria: Van Schaik.
- Trollip, EB. 2022. Morfologiese ewalueringkonstruksies in Afrikaans [Morphological evaluation constructions in Afrikaans]. Ongepubliseerde PhD-tesis, North-West University.
- Van der Sijts, N. 2019. *15 eeuwen Nederlandse taal*. Gorredijk: Sterck & De Vreese.
- Van Huyssteen, GB. 2023a. Afrikaans epithetical exocentric compounds. 4th International Afrikaans Grammar Workshop, 27–28 November. (Aanvaar vir publikasie)
- Van Huyssteen, GB. 2023b. Morfologie [Morphology]. In Carstens, WAM & Bosman, N (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde [Contemporary Afrikaans Linguistics]*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. (Aanvaar vir publikasie)

- Van Huyssteen, GB. 2023c. The morphology of Afrikaans. In Carstens, WAM & Bosman, N (reds.). *Contemporary Afrikaans Linguistics*. Pretoria: Van Schaik. (Aanvaar vir publikasie)
- Van Niekerk, L. 2002. 'n Korpusanalise van Afrikaanse eksosentriese komposita. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling-tesis, Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Niekerk, L. 2006. Funksionele aspekte van Afrikaanse eksosentriese komposita. Ongepubliseerde DLitt et Phil-tesis, Universiteit van Suid-Afrika.

# Die opkoms van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as Suid-Afrika se 12de amptelike taal

*The emergence of South African Sign Language as South Africa's 12th official language*

**THEO DU PLESSIS**

Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Suid-Afrika

E-pos: dplesslt@ufs.ac.za



Theo du Plessis

**THEO DU PLESSIS** is professor in Taalbestuur en emeritus professor in die Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika. Hy is mederedakteur van die Unisa/Routledge ISI-tydskrif *Language Matters*, *Studies in the Languages of Southern Africa* en dien op die Redaksies van die ISI-tydskrifte *Language Policy* en *Nomina*. Hy is ook hoofredakteur van die Van Schaik-uitgewersreeks, *Language policy Studies in South Africa* en die SUNPreSS-reeks, *South African Language Rights Monitor*. Hy is 'n voormalige lid van die eerste Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en het op Langtag (Language Plan Task Group) gedien. Prof. Du Plessis is 'n jarelange lid van die académie internationale de droit linguistique [Internasionale Akademie vir Taalwetgewing] en lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

**THEO DU PLESSIS** is Professor in Language Management and Professor Emeritus in the Department of South African Sign Language & Deaf Studies at the University of the Free State, Bloemfontein, South Africa. He is Associate Editor of the Unisa/Routledge ISI journal *Language Matters*, *Studies in the languages of Southern Africa* and serves on the Editorial Boards of the ISI journals *Language Policy* and *Nomina*. He is also Editor-in-Chief of the Van Schaik Publisher series, *Language Policy Studies in South Africa* and the SUNPreSS series, *South African Language Rights Monitor*. He is a former member of the first Pan South African Language Board and served on Langtag (Language Plan Task Group). Prof Du Plessis is a long-standing member of the académie internationale de droit linguistique [International Academy of Linguistic Law] and member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns [South African Academy of Science and Art].

**Datums:**

Ontvang: 2023-08-11

Goedgekeur: 2023-08-16

Gepubliseer: September 2023

**ABSTRACT**

*The emergence of South African Sign Language as South Africa's 12th official language*  
 On Wednesday, 19 July 2023, the President of South Africa ratified the 18th Constitutional Amendment Bill in terms of which South African Sign Language (SAGT) was declared as South Africa's 12th official language. South Africa was the sixth country to grant legal recognition to its sign language in 1996, only four years after the United Nations' 1992 Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities and three years after South Africa had adopted its 1993 constitution which ushered in the political transition period in South Africa. Against this "lightning fast" recognition stands the full officialisation of the language in 2023, which was only realised after a further period of 27 years (after 1996). This inevitably raises the question of why the latter took relatively longer and why the initial constitutional recognition and officialisation in education in 1996 had happened relatively quickly. This question is investigated on the basis of a comparative study between the two "eras of officialisation" viewed in terms of a framework of language policy and language planning against the background of related international case studies. The investigation found that in both cases DeafSA as a sign language campaigner played a central role in achieving the organisation's aims. It was also found that the relative "speed" with which the first recognition had been achieved could largely be attributed to the political zeitgeist of the so-called Mandela era.

**KEYWORDS:** South African Sign Language, national sign languages, official/legal recognition, recognition of official language, legal process, language legislation, language policy and planning, language activism, instruments of language activism, advocates of sign language, language struggle, language movements

**TREFWOORDE:** Suid-Afrikaanse Gebaretaal, nasionale gebaretaal, amptelike/wetlike erkenning, ampstaalerkenning, wetgewende proses, taalwetgewing, taalbeleid en -beplanning, taalaktiwisme, instrumente van taalaktiwisme, gebaretaalkampvegters, taalstryd, taalbewegings

**OPSOMMING**

Op Woensdag, 19 Julie 2023 het die President van Suid-Afrika die 18de Grondwetlike Wysigingswetsontwerp bekragtig ingevolge waarvan Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) as Suid-Afrika se 12de amptelike taal verklaar word. Suid-Afrika was die sesde land wat in 1996 reeds wetlike erkenning aan sy gebaretaal verleen het, slegs vier jaar na die Verenigde Nasies se 1992 *Verklaring oor die Regte van Persone wat aan Nasionale of Etniese, Godsdienstige en Linguistiese Minderhede behoort* en drie jaar ná Suid-Afrika sy 1993-grondwet aanvaar het wat die politieke oorgangstydperk in Suid-Afrika ingelui het. Teenoor hierdie relatief "blitsige" erkenning staan die volle verampteliking van die taal in 2023 wat eers na verloop van 'n verdere 27 jaar (ná 1996) gerealiseer het. Dit laat onvermydelik die vraag ontstaan waarom laasgenoemde relatief langer geneem het en waarom die grondwetlike erkenning en verampteliking in die onderwys van 1996 relatief vinnig gebeur het. Hierdie vraag word ondersoek aan die hand van 'n vergelykende studie tussen die twee "eras van verampteliking" vanuit 'n taalbeleid- en -beplanningsraamwerk en teen die agtergrond van verwante internasionale gevallestudies. Die ondersoek bevind dat in beide gevalle DoweSA as gebaretaalkampvegter 'n sentrale rol gespeel het by die bereiking van die organisasie se

oogmerke. Ook word bevind dat die relatiewe “spoed” van die eerste erkenning grootliks toegeskryf kan word aan die politieke tydsgees van die sogenaamde Mandela-era.

## 1. Inleiding

Die 18de grondwetlike wysigingswetsontwerp ingevolge waarvan Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) as Suid-Afrika se 12de amptelike taal verklaar word (DJCS, 2022b), is op Woensdag, 19 Julie 2023 deur President Ramaphosa tydens ’n spesiale openbare ondertekeningseremonie bekragtig (Willemse, 2023). Hiermee word Suid-Afrika die eerste land ter wêreld wat sy nasionale gebaretaal in die land se grondwet as ampstaal erken, dit is indien ’n geverifieerde weergawe van die Wêreldfederasie van Dowes (WFD) se inligting oor die wetlike erkenning van gebaretaal as vertrekpunt geneem word (Branson & Miller, 1997; WFD, 2022). Tegelykertyd word Suid-Afrika volgens Wikipedia se lys van amptelike tale per land en streek<sup>1</sup> slegs die sesde land ter wêreld wat sy nasionale gebaretaal wetlik as amptelike landstaal erken. Die ander lande is Nieu Seeland (vanaf 2006), Pole (vanaf 2012), Papoea-Nieu-Guinee en Suid-Korea (beide vanaf 2015) en Malta (vanaf 2016) (Wikipedia, 2023). Vier van hierdie lande, Nieu-Seeland, Pole, Suid-Korea en Malta het die verampteliking van hulle nasionale gebaretaal deur middel van ’n nasionale gebaretaalwet bewerkstellig. Papoea-Nieu-Guinee het dit deur middel van ’n dekreet van die land se Nasionale Uitvoerende Raad gedoen.

Buiten vir die feit dat mediadekking oor die betrokke geleentheid na aanleiding van WordAtlas (WorldAtlas, 2019) se misleidende inligting omtrent die verampteliking van gebaretaal die indruk geskep het dat Suid-Afrika naas Uganda, Kenia en Zimbabwe die vierde Afrikaland is<sup>2</sup> wat sodanige wetlike erkenning aan sy nasionale gebaretaal verleen, is ook klem gelê op die tydsduur om by hierdie punt uit te kom, soos onder meer tydens die ondertekeningseremonie laat val is (SABCDigitalNews, 2023). Trouens, die President het selfs by hierdie geleentheid verskoning gemaak dat dit “so lank” geneem het om by die ondertekening uit te kom (Patrick & Bhengu, 2023).<sup>3</sup>

Wat egter uit die oog verloor word, is dat ons wat die wetlike erkenning van die land se nasionale gebaretaal betref met twee duidelik onderskeibare erkenningseras met opvallend verskillende tydsdure te make het. Die eerste erkenningstydperk van slegs drie jaar word sedert 1993 tot 1996 bereken; 1993 synde die jaar waarin Suid-Afrika ’n tussentydse grondwet met elf nasionale amptelike tale gefinaliseer het en waarin SAGT nog glad nie vermeld word nie en 1996 die jaar waarin SAGT in die *Skolewet* vir die doeleindes van onderrig en leer as amptelike taal in openbare skole en in die grondwet as een van die tale wat deel uitmaak van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) se taalmandaat erken word (RSA, 1993; RSA, 1996a; RSA 1996b). Die tweede erkenningstydperk van 27 jaar word sedert 1996 tot 2023 bereken; 1996 synde die jaar van eerste wetlike erkenning soos aangedui en 2023 die jaar van verampteliking.

Vergelykenderwys het die verampteliking van Suid-Afrika se Sintutale (Zulu, Sotho ensovoorts) 30 jaar geduur, vanaf hulle eerste verampteliking op streeksvlak in 1963 (RSA, 1963) tot by hulle nasionale verampteliking in terme van die tussentydse grondwet van 1993

<sup>1</sup> Deur die outeur vir geldigheid geverifieer.

<sup>2</sup> ’n Internetsoektog vir die tydperk 19 Julie – 23 Julie 2023 ná mediadekking van die ondertekeningseremonie bevestig hierdie tendens.

<sup>3</sup> Die kwessie is ook tydens drie onderhoude van die outeur met oudiovisuele mediahuise opgehaal, onderskeidelik op 4 Junie 2023 met SAFM en op 19 Julie met RSG en eNCA.

(RSA, 1993). In vergelyking met die 16 jaar wat dit geneem het om Afrikaans te verampelik, dit is sedert die Unie-wet van 1909 waarin Engels en Nederlands tot ampstale verklaar is (PUK, 1909) tot en met die taalwet van 1925 wat Afrikaans verampelik het (UnSA, 1925), mag die 27 jaar van SAGT se verampeliking vir sommige dalk wel as lank voorkom.

Terwille van perspektief behoort 'n mens egter te kyk na tendense by die wetlike erkenning (en verampeliking) van die nasionale gebaretaal van ander lande. Dit kan gedoen word deur die tydsduur te bereken vanaf belangrike mylpale in die geskiedenis van die wetlike erkenning van gebaretaal. Een so 'n besondere mylpaal is die *Verenigde Nasies Verklaring oor die Regte van Persone wat aan Nasionale of Etniese, Godsdienstige en Linguistiese Minderhede behoort* (UN, 1992). Die doel van hierdie 1992-verklaring is die bevordering en beskerming van die regte van persone wat aan nasionale of etniese, godsdienstige en linguistiese minderhede behoort en om as sodanig by te dra tot die politieke en sosiale stabiliteit van state waarin hulle leef. Dit wil voorkom asof hierdie verklaring as belangrike stimulus gedien het om 'n wêreldwye tendens op gang te kry. Volgens die WFD-lys was Panama<sup>4</sup> die eerste land om reeds in dieselfde jaar wetlike erkenning aan hulle gebaretaal te verleen, gevolg deur Finland, Litaue, Slowakye en Uganda drie jaar later in 1995, Portugal in 1997, die Tsjeggiese Republiek in 1998 en Venuesuela in 1999 ensovoorts. Sedertdien het nie 'n jaar verbygegaan waarin een of meer lande gevolg het nie. Tans staan die totaal op 76 lande wat een of ander vorm van wetlike erkenning aan hulle gebaretaal verleen. Daarteenoor staan lande soos Nederland, Noorweë, die Verenigde Koninkryk en Wit-Rusland, wat eers in 2022 en dus 30 jaar later, wetlike erkenning aan hulle gebaretaal verleen het en Argentinië wat eers 31 jaar later in 2023 aan boord gekom het (WFD, 2022). Suid-Afrika tel hiervolgens onder die groep lande wat relatief vinnig op die VN-verklaring gereageer het met ons wetlike erkenning tydens die eerste herkenningsera (1993–1996).

In vergelyking met hoe lank dit vyf van die WFD se 76 lande geneem het om hulle gebaretaal te verampelik, steek ons met ons 27 jaar egter ietwat af. Dit het Nieu-Seeland slegs 14 jaar geneem, vir Pole 20 jaar, vir Papoea-Nieu-Guinee en Suid-Korea 23 jaar en vir Malta 24 jaar.

Ofskoon 'n gekibbel oor die tydsduur betrokke by die wetlike erkenning van gebaretaal (of selfs hulle verampeliking) dalk as van minder belang geag mag word, raak dit wel interessant wanneer dit aan gepaardgaande wetlike uitkomst gekoppel word. Van die vroeë wat dan gestel kan word, is waarom dit sommige lande soveel langer neem om wetlike erkenning te bewerkstellig, hoe die beleidsprosesse tussen lande verskil ensovoorts. Alvorens 'n mens egter sulke vergelykende internasionale studies onderneem, behoort ten minste die Suid-Afrikaanse geval behoorlik gedokumenteerd te word.

Wat die SAGT-geval boeiend maak, is hoe die eerste wetlike erkenning van die taal binne so 'n kort tydsbestek bereik kon word en waarom erkenning as ampstaal nege keer langer geduur het. 'n Vergelykende studie hieromtrent behoort insigte op te lewer oor die prosesse betrokke by die verampeliking van 'n gebaretaal as minderheidstaal.

Die oogmerk met hierdie bydrae is om die prosesse betrokke by die twee eras van die wetlike erkenning van SAGT in Suid-Afrika vanuit 'n taalbeleid- en beplanningsoogpunt te dokumenteer. Dit sal aan die hand van 'n tydlyn gedoen word wat saamgestel is op basis van gedokumenteerde wetlike mylpale by die proses van wetlike erkenning. As gevolg van 'n

---

<sup>4</sup> Geen ondersteunende getuïenis kon vir hierdie aanspraak van die WFD gevind word nie, maar vir die ander gemelde lande wel.

lengte-beperking word slegs kennis geneem van sentrale mylpale. Enkele kontekstuele toeligtings word egter waar noodsaaklik ook betrek.

## 2. Die wetlike erkenning en verampdeling van gebaretale

Die wetlike erkenning van 'n gebaretaal as amptelike taal moet onderskei word van die amptelike of wetlike erkenning van so 'n taal soos De Meulder, Murray, & McKee (2019:5) pertinent uitwys. Ofskoon die twee begrippe as 'n tautologie mag voorkom, is hulle juridies gesproke onderskeibaar. 'n Instansie soos die vermelde WorldAtlas se inligting oor gebaretale wat “amptelike erkenning” (dit is wetlike erkenning) geniet, is misleidend juis omdat hulle nie die onderskeid met gebaretale wat wetlik as amptelike tale erken word, tref nie. Volgens WorldAtlas erken altesaam 41 lande hulle gebaretale as amptelike tale. Wikipedia se (ook vermelde en meer korrekte) inligting oor die amptelike tale van die wêreld bevestig die belangrike juridiese onderskeid tussen die twee begrippe. Hierdie bron teken aan dat agt lande hulle gebaretale as amptelike tale erken, te wete Malta, Nieu-Seeland, Papoea-Nieu-Guinee, Suid-Korea, Uruguay, Venezuela, Ysland en Zimbabwe. Dit blyk na die verifiëring van hierdie aanspraak dat selfs Wikipedia ook wat die laaste vier gemelde lande betref nie die betrokke onderskeid getref het nie en in ieder geval ook nie Poland se erkenning vermeld nie.

Taalverampdeling kan verstaan word as 'n wetgewende proses wat gewoonlik uitloop op die wetlike erkenning van 'n aangewese taal in die vorm van 'n amptelikeverklaring, hetsy in 'n land se grondwet of in ander wetgewing, soos ons ter inleiding gesien het. 'n Amptelike taal word in amptelike taaldomeine aangewend, dit wil sê wetgewend (geassosieer met wetgewers), geregtelik (geassosieer met die regbank), opvoedkundig (geassosieer met onderwys) en administratief (geassosieer met openbare administrasie) (Turi, 1994).

Hetsy die wetlike (of amptelike erkenning) van 'n taal of die erkenning van 'n taal as amptelike taal, die wetlike uitkomst by beide word aan wetgewende prosesse verbind, 'n studiegebied insigself (Zander, 2015). Die huidige studie word allermens vanuit so 'n raamwerk aangepak en sluit eerder aan by bestaande studies oor die wetlike erkenning van gebaretale soos 'n mens onder meer aantref in die werk van Krausneker (2008), Reagan (2010), Wheatly, Mark en Pabsch (2012), De Meulder (2015), Timmermans (2005) en De Meulder, Murray en McKee (2019). Veral laasgenoemde, tot hiertoe die volledigste versameling studies oor die onderwerp, dien as vertrekpunt by hierdie studie. Die betrokke outeurs skenk oor die algemeen meestal aandag aan die dokumentering van die prosesse wat tot bepaalde wetlike uitkomst gelei het, sommige daarvan inderdaad wetgewende prosesse. Sodanige dokumentering is egter meestal beskrywend van aard en word grootliks vanuit die konteks van 'n taalbeleid- en beplanningsraamwerk aangepak.

Spesifiek vier van die bydraes in bogemelde bundel het betrekking. Die betrokke hoofstukke handel oor die wetlike erkenning van die gebaretale van onderskeidelik Ierland, Suid-Korea, Malta en Skotland (Conama, 2019; Sung-Eun, Hyunhwa, Mi-Hye, & Seung-Il, 2019; Azzopardi-Alexander, *et al.*, 2019; Lawson, McLean, O'Neill, & Wilks, 2019). Elk van hierdie studies dokumenteer oorsigtelik die prosesse wat tot die wetlike erkenning van hulle onderskeie gebaretale aanleiding gegee het en beskryf en beoordeel die uiteindelijke wetlike uitkomst daarvan.

Opvallend omtrent die bevindinge van hierdie studies is die kernrol wat “gebaretaal-kampvegters” (Dowe-verenigings en verwante rolspelers) gespeel het by die realisering van sodanige uitkomst. Ook bevind hulle dat hierdie kampvegters meestal verskillende instrumente van aktivisme in hulle veldtogte aangewend het, onder meer optogte, betogings, petisies en

so meer. Trouens, dit is 'n tema wat ook in die ander bydraes van die betrokke bundel voorkom. De Meulder, Murray en McKee (2019:5) benadruk ook hierdie aspek maar voeg by dat die rol van internasionale netwerke ook erken behoort te word. Die WFD, 'n organisasie wat reeds in 1951 op die been gebring is (WFD, 2016a), speel in hierdie opsig 'n sentrale rol.

'n Goue lyn wat deur die vermelde gebaretaalstudies loop, is die sentrale rol wat gebaretaal kampvegters of taalaktiviste speel by die wetlike erkenning van gebaretaal (De Meulder, Murray, & McKee, 2019:6). Hieromtrent is die boodskap duidelik: in geen van suksesvolle gevalle is die uitkomst sonder moeite bewerkstellig nie (Sung-Eun, *et al.*, 2019: 64).

Combs en Penfield (2012) stem saam dat taalaktivisme beslis 'n rol speel by die bereik van resultate in veral die wetlike arena maar dat dit nogtans 'n nie-erkende of waarskynlik onderskatte element van die beleidmakende of selfs wetgewende proses is. Volgens hierdie outeurs word taalaktivisme spesifiek gerig op die beïnvloeding van of verandering aan bestaande beleid (Combs & Penfield, 2012:462). Hierdie definisie sluit natuurlik aan by Martel (1999:49) se vroeëre definisie met die verskil dat laasgenoemde die klem laat val op taalregteaktivisme. Op basis van haar onderskeiding van ses instrumente van taalregteaktivisme – wat uiteraard ook op taalaktivisme betrekking het – het Du Plessis (2006:77) 'n tipologie van taalaktivisme ontwikkel soos weergegee in Tabel 1. Taalklagtelegging is as 'n sewende instrument toegevoeg.

**TABEL 1:** Tipologie van taalaktivisme

| <b>Instrumente van taalaktivisme</b> |                          |
|--------------------------------------|--------------------------|
| Matig                                | Ondersoek                |
|                                      | Mediadekking             |
|                                      | Taalklagtelegging        |
|                                      | Drukgroepvorming         |
|                                      | Mobilisering             |
|                                      | Petisionering            |
| Konfronterend                        | Boikottering             |
|                                      | Bedreiging van litigasie |
|                                      | Druk op die massas       |
|                                      | Betogings                |
|                                      | Litigasie                |
|                                      | Geweldpleging            |

Die linkerkolom dui 'n glyskaal aan van aksies wat wissel van besonder matig tot uiters konfronterend. Volgens Martel (1999:63) is litigasie waarskynlik die suksesvolste van al die instrumente maar uit haar oorsig van taalaktivisme in Kanada blyk dat 'n kombinasie van instrumente ook die gewenste resultate kan oplewer (Martel, 1999:77). Die verskeidenheid instrumente veronderstel natuurlik die betrokkenheid van verskillende rolspelers by die beïnvloeding van taalbeleidsvorming.

Binne 'n taalbeleid- en beplanningsraamwerk kan die rolspelers wat by die wetlike erkenning van gebaretale betrokke is, ook as taalbeplanningsagentskappe (TBA's) beskou word. Op basis van die werk van Das Gupta en Ferguson (1977:5 e.v.), Kaplan en Baldauf (1997:5), Kaplan en Baldauf (2003:202) en Haarmann (1990:120-121) het Du Plessis (2020) 'n tipologie van TBA's ontwikkel wat voorsiening maak vir rolspelers na gelang van hulle taalbeplanningsfunksies, te wete regulatiewe, produktiewe en promoverende TBA's. Die regulatiewe funksie in taalbeplanning hou verband met gesaghebbende optrede wat deur middel van openbare maatreëls geneem word en wat deur sanksies om die gebruik van geselekteerde tale in geselekteerde domeine aan te moedig, ondersteun word. Die produktiewe funksie hou verband met die ontwikkeling van die kapasiteit van die aangewese taal om die eise vir die gebruik van die taal in hoë funksies die hoof te bied. Die promoverende funksie hou grootliks verband met taalbevorderingsaksies. Tabel 2 bied 'n opsomming van al hierdie insigte in die vorm van 'n Tipologie van LPA's.

**TABEL 2:** Tipologie van TBA's

| <b>Funksie</b>             | <b>Regulatief</b>                                      | <b>Produktief</b>   | <b>Promoverend</b>  |
|----------------------------|--|---|---|
| <b>Fokus</b>               | Taalwetgewing, beleid en ander regulatiewe maatreëls   | Taalontwikkeling  | Taalbevordering   |
| <b>Aktiwiteite</b>         | Status standaardisering (onder meer verampdeling)      | Leksikale en stilistiese modernisering  | Prestigebeplanning: Taalbevordering   |
| <b>Tipiese agentskappe</b> | Wetgewers<br>Howe<br>Ministeries en staatsdepartemente | Statutêre liggame en instellings<br>Taalrade & Akademies<br>Nasionale Taaldienste | Taalverenigings<br>Vrywilligersorganisasies<br>Media afsetpunte<br>Taalaktiviste<br>Ander individue |

Deur die werk van TBA's in terme van hierdie tipologie te bestudeer, kan 'n mens insig verkry in die rol wat hulle in 'n taalbeplanningsprogram oor die algemeen speel. Ook kan insig verkry word in die verband tussen rolspeler en uitkoms.

Die dokumentering van die geskiedenis van die wetlike erkenning van gebaretale behoort teen hierdie agtergrond op 'n beskrywing van ten minste drie aspekte te konsentreer, te wete die wetgewende proses, taalaktiwisme en die rol van verskillende TBA's.

### 3. Metodologie

Die klem in hierdie ondersoek val op die wetgewende proses van die verampdeling van SAGT, in navolging van die hier bo gemelde outeurs se beskrywings oor hoe by die wetlike erkenning van verskillende nasionale gebaretale uitgekome is. Van belang is die rol van die

kampvegter(s), die rol van die wetgewer en die interaksie tussen hierdie rolspelers in soverre inligting hieromtrent in die openbare ruimte beskikbaar is. Weens die feit dat die soort veldtog wat hier ter sprake kom, sigself grootliks in die openbare ruimte afspeel en voldoende bronne hieromtrent beskikbaar is, was dit nie vir hierdie spesifieke ondersoek nodig om bykomende inligting uit moontlike argivale bronne van onder meer die betrokke kampvegter(s) te bekom of om onderhoude met betrokkenes te voer nie.

Vir die doeleindes van 'n inhoudsontleding ten einde die wetgewende proses te kon rekonstrueer, is inligting uit hoofsaaklik vier openbare dokumentêre bronne versamel.

Die verrigtinge van parlementêre komitees en parlementêre huise wat deur die Parliamentary Monitoring Group (PMG) gedokumenteer is, is as primêre bron benut. Die PMG is 'n Nieregeringsorganisasie (NGO) wat in 1998 tot stand gekom het in reaksie op die totale gebrek aan 'n amptelike openbare rekord oor komitee- en ander verrigtinge van die Suid-Afrikaanse Parlement en met die oogmerk om hierdie tipe inligting aan 'n breër publiek beskikbaar te stel (<https://pmg.org.za/page/what-is-pmg>). Hulle databasis bevat die getranskribeerde weergawe van die verbatim verloop van vergaderings asook 'n rekord van relevante dokumentasie wat by vergaderings ingedien is. Altesaam 119 relevante dokumente kon vanaf PMG se databasis vir ontleding bekom word. Wel moet 'n mens daarvan kennis neem dat hierdie argief nie 'n amptelike weergawe van verrigtinge is nie en dat die groep nie op absolute korrektheid aanspraak maak nie (<https://pmg.org.za/page/disclaimer-copyright>). Tot en met die formulering van 'n aanbeveling oor SAGT aan die Parlement het die Grondwetlike Hersieningskomitee (GHK) die kwessie hanteer, waarna die huise en verdere komitees betrokke geraak het.

'n Tweede primêre bron is die gedokumenteerde werksaamhede van betrokke staatsinstansies, onder meer die kabinet en twee staatsdepartemente, die Departement van Sport, Kuns en Kultuur (vroeër ook onder ander name bekend) en die Departement Justisie en Korrektiewe Dienste (ook vroeër onder ander name bekend).

'n Derde primêre bron is die werksaamhede van Pansat, die statutêre liggaam verantwoordelik vir die ontwikkeling en bevordering van SAGT.

Die vierde en sekondêre bron wat betrek is, is relevante gedrukte mediarekords wat op Sabinet se SA Media databasis (<https://discover-sabinet-co-za.ufs.idm.oclc.org/search?Search=&ProductType=allmedianewsclippings>) beskikbaar is. SA Media is 'n databasis wat nuuskniptels uit hoofsaaklik Suid-Afrikaanse hoofstroomkoerante vanaf 1900 tot tans bevat (Sabinet Discover (oclc.org)). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is 'n korpus van relevante knipsels vir die tydperk 1993–2022 saamgestel. Hierdie knipsels is deur middel van 'n kombinasie trefwoorde (onder meer beide die Afrikaanse en Engelse weergawes van dowe/dowes, gebaretaal, DoweSA ensovoorts) uit die beskikbare trefwoorde van die betrokke databasis geselekteer. Ongelukkig is die trefwoordopsies daarom beperk. Nietemin kon 'n korpus bestaande uit 1608 relevante knipsels vir ontleding saamgestel word.

Dit is opvallend dat SAGT as een van die land se minderheidstale disproportioneel tot die grootte van sy gebruikersgemeenskap relatief meer dekking in die openbare media geniet as die ander minderheidstale. Volgens die 2011-sensus verteenwoordig eerstetaal gebaretaalgebruikers 0,5% van die Suid-Afrikaanse bevolking (SSA, 2012). 'n Breë soektog op SA Media na nuuskniptels vir die tydperk 1 Januarie 1994 tot 31 Desember 2022 lewer 34 233 knipsels oor die land se minderheidstale op. Die aantal knipsels wat oor gebaretaal handel, plaas die taal vierde in die rangorde van mediadekking oor Suid-Afrika se ampstale en in dieselfde geselskap as Zulu, Suid-Afrika se grootste taal, soos in Tabel 3 opgesom.

**TABEL 3:** Nuusknipsels oor Suid-Afrika se ampstale en gebaretaal vir die tydperk 1 Januarie 1994 tot 31 Desember 2022 (Sabinet, 2023)

| Taal          | Knipsels     | % van totaal |
|---------------|--------------|--------------|
| Zulu          | 3741         | 26,28%       |
| Gebaretaal*   | 3571         | 25,09%       |
| Xhosa         | 3027         | 21,27%       |
| Sotho         | 1266         | 8,89%        |
| Venda*        | 731          | 5,14%        |
| Tswana        | 615          | 4,32%        |
| Ndebele*      | 593          | 4,17%        |
| Tsonga*       | 342          | 2,40%        |
| Pedi          | 261          | 1,83%        |
| Swati*        | 86           | 0,60%        |
| Ander         |              | 0,00%        |
| <b>Totaal</b> | <b>14233</b> | <b>100%</b>  |

\* Tale met minder as 2,5 miljoen sprekers

Die stelsel laat nie 'n berekening van meer as 10 000 knipsels toe nie, vandaar dat die syfers vir knipsels oor Afrikaans en Engels buite rekening gelaat moes word, buiten om tot die slotsom te kom dat die betrokke twee tale deurgaans aansienlike mediadekking geniet. Ook kon gegewens oor die ander ampstale nie in so 'n breë soektoeg bekom word nie.

Origens is bykomende sekondêre bronne aangewend om relevante inligting in te win, onder meer dokumentasie deur relevante rolspelers en studies oor die hele proses. Grondwetlike mylpale wat betref die ontwikkeling van die eerste Suid-Afrikaanse grondwet van 1996 is grootliks bekom van die Grondwethof se historiese oorsig daaromtrent (CCSA, 2023), aangevul deur verdere bronne.

Drie beskikbare tydlyne het as vertrekpunt gedien vir die ondersoek, te wete dié van Druchen (2014:75-8), Reagan, Penn en Ogilvy (2006) en Druchen (2023), ofskoon kripties van aard en nie noodwendig vanuit 'n taalbeplanningsoogpunt ontwerp nie.


Die rekonstruksie van die veramptelingsproses word in navolging van hierdie tradisie ook in die vorm van 'n basiese historiese tydlyn aangebied, ondersteun deur 'n saaklike toeligting. Een van die voordele van so 'n tydlyn is dat dit 'n oorsigtelike perspektief in tabelformaat bied op die mylpale van die veramptelingsproses. Ook help dit met die meer effektiewe organisering van die data, gegewe die uitdaging van beperkte ruimte.

Uiteindelik val die klem van die hierna aangebode tydlyn op drie stelle inligting, te wete inligting met betrekking tot relevante grondwetlike en verwante wetlike ontwikkelinge, inligting met betrekking tot die parlementêre wetgewende proses en inligting met betrekking tot die aksies van Dowe-organisasies en ander rolspelers.

#### 4. Die verampdeling van gebaretale

In die geskiedenis van spesifiek die verampdeling van nasionale gebaretale speel die WFD ongetwyfeld 'n besonder prominente rol. Dit blyk uit die toeligtig van die organisasie by sy lys van lande wat hulle gebaretale wetlik erken, waar spesifiek artikel 21(e) van die VN se *Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede* (KRPV) (UN, 2006) aangehaal word. Hierdie artikel verwag van lidstate om die nodige stappe te neem om te verseker dat gebaretale erken en hulle gebruik bevorder sal word. Let op dat nie pertinent na wetlike erkenning verwys word nie. Uit die WFD se handves oor gebaretaalregte vir almal (WFD, 2016b) van tien jaar later blyk dat die organisasie nietemin die betrokke verwysing interpreteer as verwysende na wetlike erkenning. Die organisasie benadruk in die betrokke handves die feit dat die erkenning van die VN se verklaring oor 23 September as Internasionale Gebaretaaldag (UN, 2017) (by implikasie) die wetlike erkenning van nasionale gebaretale as amptelike tale bevorder.

'n Mens merk die resultaat van hierdie interpretasie van die WFD van die KRPV-bepaling in sy gepubliseerde lys van lande wat konstant sedert 1992 inderdaad wetlike erkenning aan hulle gebaretale begin verleen het, teen 14 Desember 2022 reeds 64% (76/119) van VN-lidstate (WFD, 2022). Figuur 1 toon die verspreiding van lidlande se toetrede tot die erkenning van hulle lande se gebaretale.



**Figuur 1:** Verspreiding van lande se wetlike erkenning van hulle nasionale gebaretale, 1992–2023


Die grafiek toon dat 30% van lidstate reeds voor die aanvaarding van die KRPG in 2006 wetlike erkenning aan hulle gebaretaale verleen het. Quer en Müller de Quadros (2015) sonder hieromtrent die rol van die VN se *Verklaring oor die Regte van Persone wat aan Nasionale of Etniese, Godsdienstige en Taalminderhede behoort* (UN, 1992) uit. Artikel 2.1 van laasgenoemde verklaring maak daarvoor voorsiening dat persone wat aan nasionale of etniese, religieuse en taalminderhede behoort die reg het om hul eie kultuur te geniet, om hul eie religie te bely en te beoefen, en om hul eie taal te gebruik, hetsy privaat of in die openbaar, vrylik en sonder inmenging of enige vorm van diskriminasie. Dit is opvallend dat lande juis vanaf 1992 tot die wetlike erkenning van hulle gebaretaale oorgegaan het. Timmermans (2005:69, 113) noem wel dat die VN se *Verklaring oor die Regte van Gestremde Persone* van 1975 (UN, 1975) sekerlik ook nie onderskat moet word nie, ofskoon dit geen direkte verwysings na gebaretaale of hulle behandeling deur lande bevat nie – artikel 2 van hierdie verklaring vereis gelyke regte vir persone met gestremdhede en non-diskriminasie op basis van taal.


Dat die KRPG uiteindelik meer beslis tot die wetlike erkenningsbeweging bydra, blyk uit die feit dat 70% van die lande ná 2006 hulle voorgangers se voorbeeld begin volg het. 'n Mens moet nietemin in gedagte hou dat die betrokke konvensie eers vanaf 2008 van krag geword het.

Opvallend omtrent die WFD-lys is dat dit ongelukkig geen dokumentêre bewyse vir die organisasie se aansprake oor wetlike erkenning bevat nie, wat dit nie moontlik maak om sonder met aansienlike moeite die egtheid daarvan te kan bevestig nie. Ook dui die lys nie die kategorie van erkenning aan nie – slegs die land en jaartal. Wel stel die WFD naas sy lys op basis van De Meulder (2015) se skema inligting oor die kategorie van erkenning infografies beskikbaar (WFD, 2022). 'n Afdruk hiervan volg.

Uit hierdie voorstelling blyk dat die WFD se aangebode inligting gerasionaliseer kan word tot vier basiese kategorieë van wetlike erkenning, te wete grondwetlike erkenning, erkenning deur middel van 'n gebaretaalwet, erkenning deur middel van ander wetgewing (gestremdheidswetgewing, onderwyswetgewing ensovoorts) en ander vorme van erkenning, byvoorbeeld deur 'n taalraad. Figuur 2 bevat 'n opsomming van die WFD se verwerkte en geverifieerde data oor die wetlike erkenning van 76 lidlande van die VN.

Die opsomming toon dat die meerderheid lande (27/76) op die WFD-lys hulle nasionale gebaretaale deur middel van verskeie tipes wetgewing erken, 15 lande deur algemene wetgewing (Bangladesj, Bolivia, Colombia, El Salvador, Estland, Griekeland, Guatemala, Letland, Maleisië, Oekraïne, Papoea-Nieu-Guinee, Peru, Spanje en Swede), 10 lande deur gestremdheidswetgewing (Albanië, Duitsland, Indonesië, Kanada, Maleisië, Oesbekistan, Roemenië, Russiese Federasie, Turkye en Uruguay), een deur 'n nasionale taalwet (Noorweë) en een deur munisipale verordeninge (Japan). Altesame 23 lande erken hulle gebaretaale deur middel van 'n gebaretaalwet (België, Brasilië, Bulgarye, Ciprus, Costa Rica, Filippyne, Hongarye, Ierland, Italië, Kroasië, Luxemburg, Malta, Nederland, Nieu-Seeland, Noord-Masedonië, Pole, Serwië, Slowakye, Slowenië, Suid-Korea, Tsjeggiese Republiek, Verenigde Koninkryk en Ysland). Slegs 11 lande verleen wetlike erkenning deur hulle grondwet (Ecuador, Fidji, Finland, Kenia, Nepal, Oostenryk, Portugal, Suid-Afrika, Uganda, Venezuela en Zimbabwe) en een land deur 'n nasionale taalraad (Denemarke). Oor die WFD se aanspraak oor die erkenning deur 14 lande bestaan daar onsekerheid (Angola, Argentinië, Bosnië-Herzegowina, Chili, Honduras, Indië, Litaue, Marshall-eilande, Mongolië, Namibië, Nicaragua, Panama, Paraguay en Wit-Rusland) oor die geldigheid van hulle aanspraak. Geen ondersteunende dokumentasie kon omtrent die erkenning van die gebaretaale van hierdie lande gevind word nie.





**Figuur 2:** Opsomming van die kategorieë van wetlike erkenning van nasionale gebaretaale in 76 VN-lidstate

WorldAtlas se aanspraak daarop dat 41 lande hulle gebaretaale as amptelike tale erken (WorldAtlas, 2019) bevat ook geen bronverwysings nie wat verifiëring natuurlik ook bemoeilik. Ironies genoeg skyn dit dat die WorldAtlas sy lys van die WFD bekom het, dit terwyl die WFD soos reeds aangedui in sy infografiese voorstelling nie 'n kategorie erkenning van gebaretaale as amptelike tale het nie.

In haar verslag oor 'n behoefteontleding onder lidstate van die Raad van Europa oor die beskerming en bevordering van gebaretaale en die regte van die taalgebruikers sluit Krausneker (2008:11) aan by veral die Europese diskoers oor die wetlike erkenning van gebaretaale wat sedert 1992 na aanleiding van die Raad van Europa se Europese handves vir streeks- of minderheidstale (EC, 1992) en 'n 2003-aanbeveling deur die dieselfde raad omtrent die beskerming van gebaretaale (Wheatly & Pabsch, 2012:37) ontstaan het. Krausneker (2008:28) wys egter pertinent daarop dat die blote wetlike erkenning van gebaretaale beslis nie alle probleme opeens gaan oplos nie maar dat dit wel ruimte skep vir die betrokke gemeenskap om op ander kwessies te kan konsentreer. Vandaar dat sy uiteindelik tog aanbeveel dat alle lande streef na die wetlike erkenning van hul nasionale tale in hul nasionale wette en/of hul grondwet. Dit moet waar moontlik erkenning van gebaretaale as minderheidstale insluit. Volgens haar behoort die oogmerk en effek van hierdie wette konkrete taalregte vir Dowes in alle lewensdomeine te bewerkstellig.

Wheatly en Pabsch (2012:39 e.v.) gee 'n oorsig van die stand van wetlike erkenning van die Europese gebaretaale. Hulle merk op dat ten minste wat die Europese toneel betref, die prestasie wat met die wetlike erkenning van Europese gebaretaale bereik is hoofsaaklik aan die deurlopende pogings van Dowe-organisasies en individue toegeskryf kan word. Die outeurs

se behandeling van hoe wetlike erkenning in spesifieke Europese lande bereik word, bevestig die sentrale rol wat hierdie instansies in verskillende lande speel. Ook belangrik vir die huidige studie is die beeld wat hulle oorsig werp op die rol van verskeie instrumente van taalaktiwisme en die interaksie tussen gebaretaalkampvegters en die wetgewende prosesse van elke land.

## 5. Die gerekonstrueerde proses

Terwille van die politieke konteks word die hoofmomente van die tydlyn ingedeel in terme van mylpale wat binne die termyn van verskillende parlementsval. Weens beperkte ruimte word, ofskoon uiters belangrik, nie in die tydlyn aandag gegee aan gebeure gedurende die sogenaamde oorgangstydperk tydens die termyn van die 21ste Parlement (1989–1994) nie. In ieder geval kon nie enige dokumentêre getuienis gevind word dat daar gedurende hierdie tydperk oor die verampdeling van SAGT gesprek gevoer is nie.

Sover moontlik word spesifieke datums aan hierdie mylpale gekoppel. Soms bevat die bronne op basis waarvan die inhoudsontleding gedoen is nie altyd spesifieke datums nie, vandaar dat slegs die maand of selfs geen datum aangedui word nie. Aangesien verskillende termyn van die parlement betrokke is, word aangedui watter parlement se GHK betrokke is, byvoorbeeld GHKIII verwys na die komitee van die derde post-1994-Parlement.

Tabel 4 bevat ’n drasties verkorte tydlyn van die proses van die verampdeling van SAGT wat vir die doeleindes van hierdie artikel saamgestel is. Ook die bespreking van die inligting vervat in die tydlyn word weens beperkte ruimte ingekort en sal breedweg op gebeure rondom vier kritieke mylpale konsentreer, te wete die grondwetlike erkenning van SAGT in 1996, sy deelse verampdeling in die onderwys, ook in 1996, die ampse verampdeling van die taal in die *Wet op die Gebruik van Amptelike Tale* (WGAT) in 2012 (RSA, 2012) en die volledige verampdeling van die taal in 2023.

**TABEL 4:** Historiese tydlyn van die proses van die verampdeling van SAGT, 1994–2023

| <b>1994 (22<sup>STE</sup> EN 1<sup>STE</sup> POST-1994-PARLEMENT, 1994–1999)</b> |   |
|--|---|
| 27 April   | Tussentydse grondwet tree in werking                  |
| 9 Mei  | Grondwetlike Vergadering (GV) opgerig                 |
| 27 Mei   | “Onderweg na ’n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad”-kongres |
| Julie  | SANRD-verklaring oor verampdeling                     |
| Augustus   | SANRD-interaksie met GV omtrent verampdeling          |
| <b>1995</b>  |   |
| Augustus   | Oprigting van DoweSA                                  |
| 28 Augustus  | ANC-voorstel aan GV oor verampdeling                  |
| 19 September   | Eerste gekonsolideerde konsepwet bekendgestel         |
| 4 Oktober  | Pansat-wet bekragtig                                  |

**TABEL 4:** Historiese tydlyn van die proses van die verampteliking van SAGT, 1994–2023 (vervolg)

| <b>1996</b>   |   |
|---|---|
| 8 Mei   | Finale teks van die eerste grondwet aanvaar               |
| Mei?  | DoweSA versoek oor verampteliking aan Pansat              |
| 6 November  | Suid-Afrikaanse Skolewet bekragtig                        |
| 4 Desember  | Grondwetlike Hof sertifiseer eerste grondwet              |
| 10 Desember   | President bekragtig eerste grondwet                       |
| <b>1997</b>   |   |
| 4 Februarie   | Eerste grondwet tree in werking                           |
| <b>1999 (23<sup>STE</sup> EN 2<sup>DE</sup> POST-1994-PARLEMENT, 1999–2004)</b> |   |
| <b>2000</b>   |   |
| Onbekend  | DoweSA Vyfjaarsakeplan (2000–2005)                        |
| Onbekend  | DoweSA interaksie met regters van Grondwetlike Hof        |
| <b>2004 (24<sup>STE</sup> EN 3<sup>DE</sup> POST-1994-PARLEMENT, 2004–2009)</b> |   |
| <b>2007</b>   |   |
| 6 Februarie   | Eerste DoweSA-voorlegging oor verampteliking aan GHKIII   |
| 25 Mei  | GHKIII-konsepbesluit oor verampteliking                   |
| 13 September  | GHKIII-verslag na Parlement                               |
| <b>2009 (25<sup>STE</sup> EN 4<sup>DE</sup> POST-1994-PARLEMENT, 2009–2014)</b> |   |
| Onbekend  | DoweSA-brief aan die Portefeuljekomitee: VKPG             |
| 12 November   | Tweede DoweSA-voorlegging aan GHK, eerste aan GHKIV       |
| <b>2012</b>   |   |
| 2 Oktober   | Amperse verampteliking in WGAT                            |
| 3 Desember  | Sogenaamde Presidensiële “Proklamasie” oor verampteliking |
| <b>2013</b>   |   |
| Onbekend  | Derde DoweSA-aanbieding aan GHK, tweede aan GHKIV         |
| <b>2014 (26<sup>STE</sup> EN 5<sup>DE</sup> POST-1994-PARLEMENT, 2014–2019)</b> |   |
| <b>2015</b>   |   |
| Onbekend  | Vierde DoweSA-aanbieding aan GHK, eerste aan GHKV         |

**TABEL 4:** Historiese tydlyn van die proses van die verampteliking van SAGT, 1994–2023 (vervolg)

| <b>2016</b>   |  |
|---|--|
| Onbekend  | Openbare verhore oor DoweSA-voorstel                       |
| 10 Oktober  | DoweSA- petisie oor verampteliking aan Parlement           |
| 25 November   | GHKV se eerste aanbeveling oor verampteliking              |
| <b>2017</b>   |  |
| 21 Junie  | GHKV se tweede aanbeveling oor verampteliking              |
| 8 November  | NRVP beveel aan  |
| 23 November   | NV beveel aan  |
| <b>2019 (27<sup>STE</sup> EN 6<sup>DE</sup> POST-1994-PARLEMENT, 2019–2024)</b> |  |
| <b>2020</b>   |  |
| 13 Februarie  | Aankondiging tydens staatsrede                             |
| <b>2022</b>   |  |
| 3 Mei   | GHKVI-verslag oor veramptelikingskwessie                   |
| 26 Mei  | Kabinetbesluit oor verampteliking                          |
| 9 Junie   | 18de Grondwetwysingswetsontwerp vir kommentaar gepubliseer |
| <b>2023</b>   |  |
| 23 Januarie   | Wysigingwetsontwerp na Parlement                           |
| 25 Februarie  | Parlement versoek publieke kommentaar                      |
| 7 Maart   | Openbare verhore oor 18de Grondwetwysingswetsontwerp       |
| 17 Maart  | PKJKD-verslag oor openbare verhore                         |
| 2 Mei   | NV keur wysingswetsontwerp goed                            |
| 19 Julie  | President bekragtig wysiging                               |

Suid-Afrika se sogenaamde tussentydse grondwet wat op 18 November 1993 deur die VPOF aanvaar is en op 27 April 1994 in werking getree het (RSA, 1993), het voorsiening gemaak vir statusverheffing van die nege Sintu-tale (Zulu, Sotho ensovoorts) – wat sedert 1963 slegs op streeksvlak amptelike status geniet het (RSA, 1963) – tot gelykwaardige amptelike tale naas Engels en Afrikaans. SAGT word hoegenaamd nie in die teks van hierdie grondwet vermeld nie. Op 9 Mei 1994 word die Grondwetlike Vergadering (GV) opgerig met die opdrag om ’n eerste grondwet vir ’n verenigde demokratiese Suid-Afrika saam te stel (CCSA, 2023), soms na verwys as die “tussentydse” grondwet.

### 5.1 'n Eerste poging tot verampteliking, 1994–1996

Die eerste gedokumenteerde verwysing na die wetlike erkenning van SAGT – weliswaar by implikasie – was op 27 Mei 1994 by die “Onderweg na ’n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad”-kongres tydens vraetyd. In reaksie op ’n aanbieding oor die nuwe grondwet deur Albie Sachs (Sachs, 1994), een van die regters van die eerste grondwethof, het Kas Landman, een van die deelnemers en vroeë outeur oor gebaretaal (Landman, 1990), daarop gewys dat die taalklousule van die betrokke grondwet “... net voorsiening maak vir die taal van die horende gemeenskap” (Beukes & Barnard, 1994:20). Sy intensie dat hieraan aandag gee behoort te word, word ondersteun deur ’n volgende spreker wat meen iets moet omtrent die saak gedoen word.

Twee maande later gedurende Julie 1994 reik die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes (SANRD) ’n verklaring uit waarin die organisasie noem dat alles in die stryd gewerp word om amptelike erkenning vir SAGT te beding en dat hulle reeds in gesprek hieroor met die destydse Regering van Nasionale Eenheid gewikkel was (Liebenberg, 1994). Hierdie verklaring verteenwoordig die vroegste openbaar gedokumenteerde oproep tot die erkenning van SAGT as amptelike taal. Een van die belangrikste oorwegings waarom die Raad sodanige erkenning verlang het, was om voorsiening te maak vir die instelling van SAGT as voertaal in skole. Die SANRD is op 6 April 1929 opgerig met die doel om “... al die dienste sowel as organisasies wat op die gebied van doofheid betrokke is, te koördineer” (SANRD, 1979).

Gedurende Augustus 1994 word berig dat die SANRD ook met die Grondwetlike Vergadering oor die aangeleentheid in gesprek getree het. Weer eens het die onderwyskwessie voorop gestaan: die SANRD het aangevoer dat omdat SAGT nie in die 1993-grondwet as amptelike taal erken is nie dit derhalwe nie as onderrigmedium op skool aangewend kan word nie (Daily News Reporter, 1994).

Gedurende 1995 breek ’n nuwe era vir Dowes in Suid-Afrika aan toe die SANRD ontbind en tot die huidige, “meer demokratiese” Dowe Federasie van Suid-Afrika (later DoweSA) “getransformeer” het, soos Druchen (2010:496) die omskakeling beskryf. Die simboliese belang van die naamsverandering is dat dit nou ’n organisasie *van* en nie *vir* Dowes is nie. Die funksionele belang is dat Dowes voortaan in beheer van die nuwe organisasie is. Ongelukkig word die datum van hierdie gebeurtenis in geen beskikbare bronne vermeld nie maar ons kan met ’n redelike mate van sekerheid aanneem dat dit voor die jaarlikse Dowebebewustheidsweek van vroeg September gebeur het. Mthembu (1995) berig op 7 Augustus dat die eerste voorsitter van die nuut gestigte federasie, Nico Beaurain, vroeg in Augustus nogeens ’n oproep gedoen het dat die regering gebaretaal as 12de amptelike taal moet erken. Dit sou volgens hom help om Dowe-leerders ten volle aan die taal blootgestel te kry en daartoe bydra dat die taal as die primêre taal van Dowes erken kan word. ’n Paar dae later plaas die sekretaresse van die federasie se Wes-Kaapse kantoor ’n ope brief waarin op die erkenning van SAGT as amptelike taal aangedring word (Heyns, 1995).

Nog in aanloop tot Dowebebewustheidsweek 1995, met die gepaste jaartema “Menseregte vir dowe mense” (Witness Reporter, 1995), maak die ANC op 28 Augustus bekend dat die beweging aan die GV se Temakomitee 1: Die karakter van die Nuwe Demokratiese Staat, voorgestel het dat gebaretaal in die finale grondwet as amptelike taal erken word (Sapa, 1995a; 1995c). Van die tegniese adviseurs van die betrokke temakomitee het onderneem om vas te stel of gehoorgestremde persone ook aanspraak kan maak op gelyke behandeling in terme van bepalinge van die beoogde *Handves van Menseregte*. Die betrokke voorstel is aan die konstitusionele komitee van die GV vir oorweging deurgestuurd (Sapa, 1995b).

Op 1 September het die Konstitusionele Komitee van die GV besluit om die kwessie na sy subkomitee oor onderhandeling vir advies te verwys. Laasgenoemde sou spesialisgetuienis oor sowel die aangeleentheid as die status van gebaretaal as taal inwin (Grondwetlike Beriggewer, 1995; Sapa, 1995d). Sodanige getuienis is ingesluit by die omvangryke terugvoer wat oor die grondliggende bepalings van die grondwet (die huidige Hoofstuk 1) ontvang is – insluitende voorleggings oor gebaretaal – wat die Konstitusionele Komitee ’n week of wat later begin oorweeg het (CT, 1995a).

Op 19 September word die voorgestelde konsepteks van die eerste grondwet gefinaliseer. Die taalklousule kom neer op ’n vereenvoudiging van die bewoording van die 1993-grondwet se ampstaalbepalings, met die een verskil dat Pedi nou Noord-Sotho vervang, ’n kwessie waaroor ’n kontroversie ontstaan het (CRC, 2009). Dit is opvallend dat die konsep geen vermelding van SAGT bevat nie (CT, 1995b).

’n Maand later gedurende Oktober word ’n verdere konsepweergawe bekendgemaak. Hierdie keer word “gebaretaal” (let wel nie SAGT nie) wel vermeld. Die teks maak voorsiening dat hierdie taal ingesluit word by die groep tale wat deel uitmaak van Pansat se taalmandaat (Rapport, 1995). Pansat se taalmandaat was nog nie by die vorige konsepteks ingesluit nie, waarskynlik omdat die Pansat-wet eers gedurende September 1995 deur die parlement aanvaar is (Heugh, 1995). Die wet is op 4 Oktober bekragtig (RSA, 1995).

Ná verdere onderhandelinge word die teks van die 1996-grondwet op 8 Mei 1996 bekragtig. Daarna sou sertifisering deur die Grondwetlike Hof op 10 Desember, die finale presidensiële bekragtiging op 10 Desember 1996 en inwerkingtreding op 4 Februarie 1997 volg (CRC, 2009).

Wat opval, is dat die Dowe-gemeenskap in werklikheid daarin geslaag het om binne die bestek van slegs twee jaar SAGT grondwetlik erken te kry, al was dit nou nie as amptelike taal soos gehoop is nie. Die kampvegters het hulle stryd voortgesit.

## 5.2 *Die deelse verampteliking in die onderwys, 1996*

Ná die eerste bekragtiging van die grondwet op 8 Mei en waarskynlik aangespoor deur die momentum rondom die veldtog oor die wetlike erkenning van die taal het DoweSA hierna Pansat met ’n amptelike versoek om SAGT as amptelike taal te erken, genader. Hierdie inligting kom verbasend genoeg eers in 2009 tydens ’n debat op Vrouedag na vore (JCNANCOP, 2009). Uiteraard kon Pansat vanweë sy beperkte taalmandaat met betrekking tot taalontwikkeling en -bevordering nie aan hierdie versoek voldoen nie. Buitendien het Pansat ook die standpunt gehuldig dat omdat SAGT nie gestandaardiseer is nie dit voortydig is om oor die verampteliking van die taal te praat (Streek, 1999; NCOP, 2007:3).

Op 29 Junie 1996 word die sogenaamde Langtag-verslag tydens ’n nasionale kongres by die WNNR se konferensiesentrum bespreek. Een van die verrassende elemente van hierdie kongres is die skielike prominensie wat SAGT by die geleentheid geniet. Reagan en Penn (1997:2) skryf dat DoweSA hierdie prominensie as “a major breakthrough” vir die erkenning van die taal beskou. Nie net het die taal as onderwerp by die besprekings van die verslae van subkomitees aandag geniet nie, dit was ook ’n pertinente tema in die openingstoespraak terwyl al die verrigtinge deurgaans na en van SAGT getolk is. Weens hulle unieke plasing by sulke geleenthede (heel voor, naby aan die verhoog) en visuele asook ouditiewe optrede (wanneer hulle byvoorbeeld vir ’n Dowe-spreker na Engels tolk met behulp van ’n mikrofoon en klankversterking) is hierdie tolke uiteraard besonder prominent. Volgens die betrokke outeurs staan hierdie geleentheid uit as “...the beginning of a new era for the recognition of this language

and of deaf culture [*sic*] in this country. In a short period of time, Sign Language [*sic*] had moved from a position of relative obscurity and oppression to one with status and recognition”.

Gegewe hierdie konteks is die deelse verampdeling van SAGT op 6 November in terme van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* (RSA, 1996a) eintlik nie heeltemal verbasend nie. Hierdie wet erken ’n “... recognised Sign Language [*sic*] ...” vir die doeleindes van leer aan openbare skole waarmee SAGT dieselfde status geniet as enige ander amptelike taal. Hierdie beperkte verampdeling is van groot belang aangesien dit meebring dat die taal naas erkenning as amptelike voertaal ook nou as Huistaal onderrig kan word en in beginsel ook as Addisionele Taal, die gepaste konvensie vir tale met amptelike status. Nie-amptelike tale mag volgens die Suid-Afrikaanse kurrikulum (wat weliswaar later aanvaar is) slegs as Tweede Addisionele Tale onderrig word (DBE, 2021).

Hierdie deelse verampdeling van SAGT as onderwystaal is kennelik een van die besondere mylpale van die hele eerste poging tot die verampdeling van SAGT en is beslis ’n veertjie in die hoed van die betrokke veldtogvoerders. Uiteindelik het die volgehoue druk op die owerhede en besluitnemers nie op niks uitgeloop nie.

### 5.3 *Die ampse verampdeling van die taal in die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale (WGAT) van 2012*

Ofskoon ’n gebeurtenis wat gedurende die voortgesette poging tot verampdeling vanaf 2007 voorgekom het, is die bekragtiging van die WGAT op 2 Oktober 2012 nog ’n besondere mylpaal vir SAGT. Vreemd genoeg, is die implikasies van die WGAT se insluiting van SAGT by sy bepalings oor staatsentiteite se taalbeleide, nie op komiteevlak bespreek nie.

Een van die hoofoogmerke met die WGAT is om staatsentiteite (nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale openbare ondernemings) in staat te stel om die grondwetlike bepaling oor die regulering en monitering van hulle gebruik van amptelike tale na te kom. ’n Kernelement hiervan is die aanvaarding van ’n taalbeleid wat onder meer daarvoor moet sorg dat effektief met die publiek gekommunikeer moet word, onder meer deur middel van amptelike kennisgewings en regeringspublikasies soos vervat in Artikel 4(2)(c). Artikel 4(2)(b) vereis dat ten minste drie amptelike tale hiervoor aangewend moet word. Opmerklik bevat die wet dan ’n artikel wat handel oor wat om met nie-amptelike tale en SAGT te maak. Artikel 4(4)(d) van die WGAT vereis van staatsentiteite ook maatreëls omtrent effektiewe kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtale ’n nie-amptelike taal of SAGT is (RSA, 2012). Gebruikers van amptelike tale geniet nie dieselfde vryheid van taalkeuse nie en moet maar inval by die reëling omtrent die gebruik van (ten minste) drie amptelike tale wat ’n betrokke staatsentiteit terwille van “effektiewe” kommunikasie as voorkeurtale verkies. Tegnies gesproke kom die vergunning van artikel 4(4)(d) van die WGAT neer op ’n vorm van verampdeling van SAGT in die domein van publieke administrasie, vandaar die verwysing in die opskrif van hierdie afdeling na die “ampse verampdeling” van SAGT.

Dat hierdie implikasies nie begryp word nie, blyk uit ’n debat tydens ’n vergadering van die Portefeuljekomitee vir Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede waar die implikasies van die verampdeling van SAGT ter sprake gekom het. ’n Direkteur van die verantwoordelike departement het daarop gewys dat mense op verampdeling by klinieke en so meer sou kon aandring om in “gebaretaal” aangespreek te word. Die betrokke is duidelik nie op hoogte met die WGAT-bepaling wat presies soiets toestaan nie! Ironies genoeg het die persoon ook uitgewys dat alvorens ’n grondwetwysiging oorweeg word daar eers na die WGAT gekyk moet word (PCWYPD, 2021).

#### 5.4 *Die volledige verampteliking van SAGTin 2023*

Die proses wat uiteindelik uitloop op die volledige verampteliking van SAGT skop amptelik op 6 Februarie 2007 af toe DoweSA 'n voorlegging omtrent die erkenning van die taal as 12de amptelike taal by 'n vergadering van GHKIII gemaak het (Druchen, 2007). Volgens die aanbieder, Bruno Druchen, verteenwoordig sy voorlegging die eerste stap in 'n erkenningsproses wat regters van die Grondwetlike Hof aanbeveel het. Hulle is skynbaar gedurende 2000 informeel hieromtrent genader (CRC, 2007a:1). Ná verdere vergaderings oor hierdie versoek asook beraadslaging van belanghebbende departemente asook Pansat het GHKIII reeds by sy vergadering van 25 Mei 2007 'n aanbeveling goedgekeur (CRC, 2007b) wat in sy verslag van 13 September aan die Parlement vervat is (Druchen, 2010:498).

Op 12 November 2009 het DoweSA ook voor GHKIII verskyn soos blyk uit die verslag oor hierdie vergadering (CRC, 2009), tegnies dus hulle tweede aanbieding maar daar was geen kworum nie. By hierdie geleentheid is onder meer oor die implikasies van die verampteliking van SAGT gepraat, veral wat betref die SAUK en die onderwys. By hierdie geleentheid word die komitee daarop gewys dat niks gekom het van die besluit by die vergadering van 25 Mei 2007 oor 'n taakspan om die saak verder te voer nie. Ook word die komitee daaraan herinner dat die derde post-1994-Parlement die komitee se 2007-verslag (van 13 September 2007) goedgekeur het, waarin besluit is dat SAGT as 'n amptelike taal erken moet word. Ongelukkig was daar nie by hierdie vergadering 'n kworum teenwoordig nie en kon geen verdere besluite geneem word nie (CRC, 2010). Die kwessie is dus aan GHKIV oorgedra.

Dit blyk uit die verslag van 'n latere vergadering van die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) se Komitee vir Vroue, Kinders en Persone met Gestremdhede gedurende 2011 dat DoweSA die kwessie van die 13 September 2007-besluit in 'n brief aan die Kantoor van die Speaker gedurende 2011 opgevolg het. Teen die einde van 2012 verklaar President Zuma tydens 'n besoek aan Bergvlam Primêre Skool in Nelspruit, Mpumalanga as deel van die Siyahloa (“ons kontroleer”) Presidensiële Moniteringsprogram in reaksie op verskeie oproepe omtrent die verampteliking van SAGT dat die wetmaker tot aksie moet oorgaan en die proses voltrek (Khumalo, 2012). Die Suid-Afrikaanse Nasionale Dowe Vereniging (SANDV) interpreteer sy uitspraak as dat dit 'n Presidensiële Proklamasie sou wees (Bangani, 2020).

Origens het daar teen 2013 steeds niks gekom van GHKIII se September-2007-aanbeveling aan die Parlement nie. Om een of ander rede moes DoweSA sy 2007-voorlegging gedurende 2013 by GHKIV herhaal, tegnies die derde voorlegging maar volgens DoweSA die tweede (Druchen, 2023). Ook hierdie komitee dra die kwessie oor na sy opvolger, GHKV en DoweSA herhaal volgens die PMG-rekords (vir 'n vierde keer) weer sy 2007-voorlegging (CRC, 2015). Die parlementêre regsadviseur teenwoordig het in 'n latere verslag hieroor droogweg opgemerk, “... DeafSA has previously made this submission to the Committee on a couple of occasions” (CRC, 2016).

Steeds ná nege jaar onverrigter sake – en vanweë beperkte ruimte word die deurlopende ophaal van die hele kwessie by verskeie parlementêre komiteevergaderings nie vermeld nie – het DoweSA gedurende 2016 besluit om 'n petisie oor verampteliking by die Parlement in te dien. Hierdie inligting kom na vore in antwoord op 'n vraag van die EFF aan die Minister van Sport, Kuns en Kultuur op 18 April 2023 oor die gesloer met die veramptelingsproses (MSAC, 2023). Ons verneem uit die minister se antwoord dat daar (uiteindelik) gedurende April van dieselfde jaar openbare verhore oor DoweSA se 2007-voorlegging gehou is. Interessant genoeg meld sy dat uit die 67 voorleggings wat ontvang is, slegs twee verampteliking ondersteun het.

GHKV gaan oor tot aksie deur op 25 November 2016 'n eerste aanbeveling oor verampteliking aan die Parlement voor te lê (CRC, 2016). Vreemd genoeg verneem 'n mens niks verder van hierdie aanbeveling nie en herbespreek GKHV sonder enige verwysing na sodanige aanbeveling op drie verdere vergaderings gedurende 2017 weer die kwessie van verampteliking waarna die komitee uiteindelik op 21 Junie 2017 nogeens 'n aanbeveling (tegnies gesproke die derde) aan die Parlement voorlê wat soos volg lui:

Die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies behoort 'n wysiging van die Grondwet te fasiliteer om SAGT as een van Suid-Afrika se amptelike tale in te sluit (CRC, 2017b).

Dit is trouens die eerste van die drie aanbevelings van die GHK wat in die openbaar bekendgemaak is. Die NV aanvaar die aanbeveling op 23 November 2017 (Hansards, 2017). Afgesien van verdere navrae omtrent die proses in onder meer die NVRP op 5 Junie 2018 (Hansards, 2018), kom die kwessie eers weer amptelik tydens die presidensiële staatsrede van 13 Februarie 2020 ter sprake toe aangekondig word dat die GHK se aanbeveling in die Parlement se goedkeuring nou geïmplementeer sou word (Joint NA + NCOP, 2020).

Twee jaar later op 26 Mei 2022 maak die Kabinet bekend dat op sy vergadering van die vorige dag besluit is om die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste opdrag te gee om kennis te gee van die voorgestelde grondwetlike wysiging (Cabinet Statements, 2022). Laasgenoemde het op 19 Julie vir openbare kommentaar verskyn as die 18de Grondwetlike Wysigingswetsontwerp (DJCS, 2022b).

Hierna is die wetsontwerp terugverwys na die Parlement waarna die Portefeuljekomitee Justisie en Korrektiewe Dienste (PKJKD) op 23 Januarie 2023 die publiek nogeens uitgenooi het om teen 25 Februarie kommentaar daarop te lewer (PCJCS, 2023). Ná nog 'n rondte van openbare verhore op 7 Maart het die komitee op 14 Maart sy reaksie op hierdie verhore deur middel van 'n finale verslag voorgelê. Hierin word genoem dat altesaam 58 voorleggings ontvang is waarvan die “meerderheid” hierdie keer ten gunste van verampteliking was (PCJCS, 2020). Op 2 Mei het die NV die wysiging goedgekeur (NA, 2023) en op 19 Julie het die President die wysiging as wet bekragtig (PA, 2023).

Met hierdie bekragtiging word die tweede veramptelikingspoging wat amptelik op 6 Februarie 2007 geïnisieer is, (tegnies dus na slegs 16 jaar) voltrek en word SAGT nou as volwaardige ampstaal erken; die eerste land wat sodanige erkenning in sy grondwet opneem.

## 6. Bespreking

Die beperkte oorsig oor die proses van die verampteliking van SAGT dek twee onderskeibare eras wat die wetlike erkenning van die taal betref, 'n kort, eerste era wat saamval met die termyn van die eerste (post-1994)-parlement en 'n tweede, langer era wat saamval met die termyn van vyf parlemente, die tweede tot sesde parlemente. Ofskoon 'n vergelyking tussen die twee eras vanweë ongelykheid in tydsduur – twee jaar (1994–1996) vir die eerste era teenoor 27 jaar (1996–2023) vir die tweede era – ietwat problematies is, kan nietemin enkele ooreenkomste en verskille tussen die twee tydperke aangeteken word wat perspektief gee op die wetgewende prosesse.

- Die eerste ooreenkoms tussen die twee eras is dat beide konkrete wetlike uitkomstevir SAGT opgelewer het.

In die geval van die eerste era word twee betekenisvolle wetlike uitkomstegerealiseer, te wete grondwetlike erkenning vir SAGT (weliswaar toe nog “gebaretaal”) as een van die groep tale

wat deur Pansat ontwikkel en bevorder moet word asook die verampteliking van die taal in die onderwys. Soos eerder aangedui, het Suid-Afrika met hierdie twee stappe die sesde<sup>5</sup> land ter wêreld geword wat wetlike erkenning aan sy nasionale gebaretaal verleen het in reaksie op die VN se 1992-verklaring oor minderhede. Tydens die tweede era word hierdie wetlike erkenning in bykomende wetgewing soos die WGAT uitgebrei maar neem die land die besondere stap in 2023 om deur middel van 'n grondwetlike wysiging SAGT as 12de amptelike taal te erken, die sesde land ter wêreld wat sy nasionale gebaretaal as amptelike taal erken en die eerste wat dit deur middel van die land se grondwet doen.

- 'n Tweede ooreenkoms is dat hierdie wetlike uitkomst die resultaat is van 'n dinamiese interaksie tussen die wetgewer en die kampvegter, in hierdie geval DoweSA, wat 'n konstruktiewe uitwerking gehad het op die wetgewende proses.

Ons merk tydens die eerste era dat die SANRD, die voorganger van DoweSA, direk in gesprek tree met die Regering van Nasionale Eenheid en later die Grondwetlike Vergadering se betrokke werkgroep met 'n versoek oor die verampteliking van SAGT. Alhoewel dit DoweSA tydens die tweede era 11 jaar geneem het om te begryp dat die speelveld verander het en dat interaksie met die GHK die eerste stap is tot wat uiteindelik op 'n grondwetwysiging moet uitloop, het die organisasie hierna ten minste vier keer sy versoek oor verampteliking aan hierdie komitee voorgelê. Daar bestaan verdere getuienis dat oor die tydperk heen op gereelde basis ook met ander parlementêre komitees beraadslaag is. Hiermee het DoweSA verseker dat die veramptelikingskwessie aktueel gebly het.

- 'n Derde ooreenkoms is dat dieselfde kampvegter die veldtog om verampteliking in beide tydperke gelei het.

DoweSA, wat uit die SANRD ontstaan het, was die kampvegter wat die veldtog in beide eras gelei het. Ander Dowe-organisasies soos SANDV het ondersteunende bydraes gelewer. Weens beperkte ruimte is hulle aandeel nie behandel nie.

- 'n Vierde ooreenkoms is die kampvegter se taalaktivistiese rol deur sy aanwending van 'n verskeidenheid aktivisme-instrumente om sy doel te bereik.

Tydens beide eras is drukgroeppvorming deurlopend as aktivistiese instrument aangewend. Drukgroeppvorming word meestal op besluitnemers gerig, in hierdie geval die wetgewer en politieke maghouer. Die ANC se voorstel in 1995 aan die Grondwetlike Vergadering tydens die eerste era kan duidelik as 'n resultaat van drukgroeppvorming beskou word asook DoweSA se interaksie met Pansat. Tydens die tweede era is die aanwending van hierdie instrument sigbaar in die gereelde interaksie met die GHK en ander parlementêre komitees maar ook volgehoue interaksie met Pansat.

Mobilisering is 'n tweede instrument wat in beide eras aangewend is, tydens die eerste era in die vorm van openbare brieffskrywing en tydens die tweede era brieffskrywing binne die parlementêre opset. Bykomend hiertoe het DoweSA tydens die tweede era optogte en betogings aangewend (Druchen, 2010) asook 'n petisie, soos behandel is. Alhoewel deur slegs 23 000 persone onderteken, wil dit na aanleiding van die prominensie wat die Minister van Basiese Onderwys in haar antwoord op 'n vraag van die EFF daaraan verleen het, voorkom asof hierdie petisie 'n deurslaggewende rol in die hele proses van verampteliking gespeel het.

---

<sup>5</sup> Met dien verstande dat die WFD se aanspraak oor Panama korrek is, soos vroeër behandel.

- ’n Vyfde ooreenkoms het te make met die rol van die internasionale wêreld. Hierdie kwessie het nie so direk na vore gekom in die oorsig nie maar moet volledigheidshalwe wel aangestip word.

In die geval van die eerste era is na die rol van die VN se 1992-verklaring oor minderhede verwys en na die feit dat uit die WFD se opgaaf van lande wat hulle gebaretale wetlik erken hierdie verklaring duidelik as aansporing gedien het. Wat nie genoem is nie, is dat nog ’n VN-intervensie gedurende 2018 ook ’n rol gespeel het by die verhasing van die verampdeling van SAGT. Druchen (2023) het hierdie kwessie tydens PKDJKD se openbare verhoor van 7 Maart 2023 te berde gebring. Dit gaan hier oor die VN se Komitee oor die Regte van Persone met Gestremdhede (VNKRPG) se slotopmerkings ná hulle beoordeling van Suid-Afrika se 2015-verslag oor die land se nakoming van die VN se konvensie oor die regte van persone met gestremdhede. Hierin spreek die komitee sy besorgdheid uit oor die slakkepas met die verampdeling van SAGT en beveel dan die bespoediging van die grondwetwysiging hieromtrent aan (UNCRPD, 2018).

- ’n Sesde ooreenkoms het te make met die rol van die regerende party waardeur ’n gunstige klimaat vir verampdeling geskep is.

Hierdie rol is tydens die eerste era sigbaar in die reeds genoemde 1995-voorstel van die ANC oor verampdeling. Tydens die tweede era merk ons dit onder meer in President Zuma se sogenaamde “proklamasie” oor verampdeling in 2012. Daar bestaan verdere ondersteunende getuienis hieromtrent wat weens beperkte ruimte nie in hierdie oorsig ter sprake gekom het nie.

Dit is egter veral die verskille tussen die twee eras wat opval.

- ’n Eerste ooglopende verskil het uiteraard te make met die tydsduur van verwetliking.

Hierdie verskil en die implikasies daarvan vir die vergelyking wat hier gepoog word, is reeds uitgewys.

- Die tweede verskil het te make met die onderskeie politieke eras, ’n kwessie wat nie deur die tydsduur van verwetliking beïnvloed word nie.

Op eerste sig het die wetgewende proses tydens die eerste era onder relatief gunstiger (“wittebrood”-)omstandighede plaasgevind terwyl die proses van die tweede veel meer roetinematig was. Kortom, tydens die sogenaamde “wittebrood”- of sogenaamde Mandela-era was die wetgewende proses afgestem op die skryf van ’n nuwe grondwet terwyl die tweede, sogenaamde “post-Mandela”-era afgestem was op ’n (roetinematige) wysiging aan die grondwet. Baines (2007) koppel die wittebrood-fase aan die Mandela-era, toe nasionale versoening nog hoog op die agenda was en die retoriek van “reënboogisme” (“rainbowism” – verwysende na Biskop Desmond Tutu se beroemde uitlating oor Suid-Afrika as “reënboognasie”) – alomteenwoordig was.

Tydens die eerste era het die wetgewende proses relatief vlot verloop vanaf die stadium dat oor wetlike erkenning begin praat is. Tydens die tweede proses het ons te make met ’n uitgerekte proses wat gekenmerk word deur verdragings, herhaalde aanbiedings deur DoweSA, herhaalde verslae deur verskillende GHK’s en ’n skynbare onsekerheid oor watter parlementêre instansie uiteindelik vir die formulering van die wetswysiging verantwoordelikheid moet neem. Oppervlakkig beskou, wil dit voorkom asof die betrokkenes tydens die tweede era nie deur dieselfde mate van entoesiasme omtrent verampdeling aangevuur was nie.

- 'n Derde verskil het te make met die rol van die internasionale wêreld.

Ofskoon die rol van die internasionale wêreld ook as deel van ooreenkomste behandel is, is dit nietemin belangrik om ook op die verskil in hierdie rolle te wys. Dit is so dat die verwetliking van gebaretale tydens die eerste era eintlik pas op gang gekom het. Tydens die tweede era het tussen 1996 en 2023 altesaam 70 (gemiddeld van bykans drie per jaar) lande ook tot sulke stappe oorgegaan. Trouens, DoweSA het reeds vanaf hulle heel eerste aanbieding in 2007, ofskoon ietwat misleidende gegewens hieromtrent verskaf is, hierdie tendens beklemtoon. Verder het die VN se *Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede* eers ná 2006 in werking getree en was lande se aanvanklike verslae omtrent hulle nakoming van die Konvensie eers vanaf 2009 verwag – Suid-Afrika s'n is op 26 November 2014 ingedien (UNCRPD, 2018), die stadium waarin die hele proses gesloer het terwyl GHKIII reeds teen die einde van 2007 'n verslag by die Parlement ingedien het om met die proses op gang te kom. Hierdie interaksie met die betrokke moniterende internasionale liggaam was nie aanwesig tydens die eerste era nie.

Ten spyte van die ongelyke tydperke met betrekking tot die wetlike erkenning van SAGT lewer die vergelykings wat hier oor ooreenkomste en verskille tussen die twee eras gedoen is wel 'n aantal insigte op omtrent die wetgewende proses, die rol van (die) kampvegter(s) en die interaksie tussen die twee elemente betrokke by die verampteliking van SAGT.

Die beskrywing van die proses wat tot die verampteliking van SAGT gelei het, toon in vele opsigte ooreenkomste met die soort bewegings wat in ander lande voorkom, soos onder meer gedokumenteer in die bundel wat De Meulder en haar kollegas saamgestel het waarna dikwels hier bo verwys is. Hulle wys daarop dat hierdie veldtogte om gebaretale wetlik erken te kry veral vanaf die 1990's deur Dowe organisasies aangevuur word (De Meulder, Murray & McKee, 2019:5), met ander woorde 'n tipiese geval van taalbeleid- en taalbeplanning van benede (Alexander, 1992). Die klem by die Dowe organisasies val interessant genoeg nie op die verampteliking van hulle gebaretale nie. Dit verduidelik waarskynlik deels waarom net ses van die hier bo gemelde 76 lande tot hiertoe hulle gebaretale as amptelike tale van die land erken het. Vandaar dat die SAGT-geval (die sesde) as uitsonderlik beskou kan word.

Aan die ander kant kan die insiklikheid van die Suid-Afrikaanse wetgewer om 'n 12de amptelike taal toe te voeg waarskynlik toegeskryf word aan 'n egalitaristiese benadering tot taalbestuur (Schiffman, 1996:29) wat teruggaan na 1993 toe besluit is om die Sintutale wat sedert 1963 as amptelike tale op regionale vlak gefunksioneer het, gelyk te stel aan Engels en Afrikaans, waarskynlik deels die resultaat van 'n kompromie om te verhoed dat slegs Engels die *de jure* amptelike taal sou word. Teen hierdie tyd is dit algemene kennis dat die taal wel *de facto* die amptelike taal van die land is. 'n Mens sou kon redeneer dat 'n egalitaristiese taalbeleid meer regverdig is as 'n beperkende taalbeleid, volgens Schiffman die teenpool daarvan. Pool (1991) wys daarop dat regerings wêreldwyd met hierdie spanning tussen 'n beperkende maar doeltreffende en 'n regverdige maar ondoeltreffende beleid te kampe het. Volgens hom is die oplossing nie om meer tale toe te voeg nie maar eerder om minder tale amptelik te verklaar – drie amptelike tale is na sy mening eintlik die keerpunt tussen 'n werkbare en onwerkbaar taalbestel. Dit laat die vraag ontstaan oor die werkbaarheid van 12 amptelike tale indien 11 al agt meer as drie is, maar dit is 'n kwessie vir verdere ondersoek.

## 7. Slotsom

Die oogmerk van hierdie studie was om 'n vergelyking te maak van die twee eras van die verampteliking van SAGT op basis van 'n (beknopte) beskrywing van die wetgewende prosesse

betrokke vanuit 'n taalbeleid- en taalbeplanningsraamerk en teen die agtergrond van internasionale tendense op die gebied van die wetlike erkenning van gebaretale. Die ondersoek is onderneem aan die hand van 'n inhoud-analise van gedokumenteerde verrigtinge van die portefeuljekomitees en huise van die Suid-Afrikaanse parlement en staats- en statutêre instellings, relevante nuusknipsels en diverse sekondêre bronne, onder meer artikels in joernale, dokumente asook relevante bronne beskikbaar op die internet. Die analise het rekening gehou met tendense wat na vore kom uit studies oor die prestasies wat in ander lande met betrekking tot die wetlike erkenning van hulle gebaretale behaal is. Hierdie studies dui daarop dat meestal drie elemente ter sprake kom, te wete die wetgewende proses, taalaktivisme en kampvegters en rolspelers. Die sukses wat met die wetgewende proses behaal word, blyk grootliks af te hang van die interaksie tussen hierdie elemente.

Wat onder meer uit die ondersoek blyk, is dat die relatiewe ophef wat oor die tydskuur verbonde aan die verampteliking van SAGT gemaak word eintlik irrelevant is gegewe die feit dat voor 19 Julie 2023 daar slegs vyf lande ter wêreld was wat hulle nasionale gebaretale as amptelike tale erken het terwyl 71 ander lande wel teen daardie tyd amptelike (wetlike) erkenning aan hulle gebaretale verleen het. 'n Oorbeklemtoning van die sogenaamde “lang stryd” om SAGT veramptelik te kry, oorskadu in werklikheid die besondere prestasies wat in 1996 met die amptelike erkenning van die taal behaal is, gesien die feit dat ons slegs die sesde land was wat ná 1992 sodanige erkenning verleen het. Dit het die Suid-Afrikaanse wetgewer tweeledig bewerkstellig deur die taal in te sluit by Pansat se grondwetlike taalmandaat omtrent taalontwikkeling en -bevordering en deur 'n skolewet wat die taal in die onderwys-domein veramptelik het.

Wat die ondersoek verder uitwys, is die sentrale rol wat Suid-Afrika se kampvegter vir SAGT en veral sy eerstetaalgebruikers, DoweSA, by beide die 1996-mylpale en die uiteindelijke volle verampteliking 27 jaar later gespeel het. Veral wat laasgenoemde betref, dui die gegewens van hierdie studie daarop dat die volgehoue aktivistiese rol van hierdie kampverger deurslaggewend was vir die bereiking van die besondere 19 Julie 2023-mylpaal. In kontras hiertoe getuig die gegewens op 'n deurlopende lomp en onbeholpe hantering deur die wetgewer van DoweSA se 2007-versoek. Trouens, wat nie hier bo genoem is nie, is dat dieselfde gesê kan word van die wetgewer se hantering van die 2000-klagte oor die uitskrif van Noord-Sotho (“Sesotho sa Leboa”) uit die 1993-grondwet en die vervanging van hierdie taal deur een van sy dialekte, Pedi (“Sepedi”), as een van die 11 amptelike tale, in die 1996-grondwet (CRC, 2017a).

Laastens is ook bevind dat ofskoon tydskuur as 'n faktor by die wetlike erkenning van 'n gebaretaal nie werklik van belang is nie, dit wel in die geval van die huidige studie lig werp op die vraag waarom die wetgewende proses van die eerste era soveel vinniger verloop het as die tweede en dat dit grootliks te make het met die sogenaamde wittebroodgees wat tydens die Mandela-era geheers het.

Die studie bevestig uiteindelik die belang van die interaksie tussen wetgewer en kampvegter vir die wetgewende proses en die realisering van die gewenste wetlike uitkomst. Hierdie bevinding kom ooreen met soortgelyke gevallestudies in ander lande waar 'n stryd om die wetlike erkenning van hulle nasionale gebaretale gevoer word en waarna vroeër verwys is. Een groot verskil met die Suid-Afrikaanse geval is dat die stryd in die meerderheid van hierdie lande konsentreer op die amptelike erkenning van gebaretale en nie op die erkenning van gebaretale as amptelike tale nie. Soos aangevoer, kan ons hierdie verskil toeskryf aan die Suid-Afrika se egalitaristiese benadering tot taalbestuur maar dat dit 'n kwessie is wat dieper ondersoek behoort te word.

Weens beperkte ruimte is die aangebode oorsig kripties van aard en word hoogs selektief met beskikbare gegewens oor die onderwerp omgegaan. Dit bly 'n ietwat onbevredigende oefening maar lewer nietemin op die ou end tog enkele insigte op waaroor nagedink en wat verder en beslis diepgrondiger ondersoek behoort te word.

In Suid-Afrika is nog relatief min ondersoek oor die onderwerp van taalbeleid- en beplanning vir SAGT gedoen, spesifiek oor SAGT as minderheidstaal. Ook is nog net enkele studies oor die wetgewende prosesse betrokke by die statusverhoging van SAGT onderneem (Holness, 2016; Reagan, 2020; Du Plessis, 2022). Opvolgondersoeke kan in hierdie opsig 'n bydrae lewer maar uiteindelik ook help om wetenskaplike belangstelling in taalbeleid en -beplanning vir die minderheidstale van Suid-Afrika aan te wakker.

## BIBLIOGRAFIE

- Alexander, N. 1992. Language planning from below. In Herbert, R. (Ed.). *Language and society in Africa: the theory and practice of sociolinguistics*. Johannesburg: Witwatersrand University Press, pp. 56-68.
- Azzopardi-Alexander, M, Borg, K, Callus, D, Callus, K, Mulvaney, S, Vere, A, Xuereb, LR. 2019. The road to Maltese Sign Language recognition. In De Meulder, M, Murray, JJ & McKee, RL. (Eds). *The legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world*. Bristol & Blue Ridge Summit: Multilingual Matters, pp. 52-66.
- Baines, G. 2007. The politics of public history in post-apartheid South Africa. In Stolten, H. (Ed.). *History making and present day politics*. Uppsala: Nordiska Afrikaninstitutet, pp. 167-182.
- Bangani, Z. 2020. Will sign language become SA's 12th official language? *New Frame*, 12 October. <https://www.newframe.com/will-sign-language-become-sas-12th-official-language/> [17 November 2022]
- Beukes, A.-M & Barnard, M. 1994. *Verrigtinge van die Tale vir almal-konferensie: Op weg na 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad*, 27-28 Mei 1994, WNNR Konferensiesentrum, Pretoria.
- Branson, J & D Miller. 1997. National sign language and language policies. In Wodak, R & Corson, D. (Eds). *Encyclopedia of language and education: language policy and political issues in education* (Vol. 1). Dordrecht: Kluwer Academic Publishers, pp. 89-98.
- Cabinet Statements. 2022, May 26. *Statement on the virtual Cabinet Meeting of 25 May 2022*. <https://www.gov.za/speeches/statement-virtual-cabinet-meeting-25-may-2022-26-may-2022-0000> [29 November 2022]
- CCSA (Constitutional Court of South Africa). 2023. *The history of the constitution*. <https://www.concourt.org.za/index.php/constitution/history> [31 Julie 2023]
- Combs, Mary & Susan D Penfield. 2012. Language activism and language policy. In Spolsky, B. (Ed.) *The Cambridge handbook of language policy*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 461-474.
- Conama, JB. 2019. 'Ah, that's not necessary, you can read English instead?' An analysis of state language policy concerning Irish Sign Language and its effects. In De Meulder, M, Murray, JJ & McKee, RL. (Eds). *The legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world*. Bristol & Blue Ridge Summit: Multilingual Matters, pp. 19-35.
- CRC (Constitutional Review Committee). 2007a. *Recognition of South African Sign Language as official language: briefing by Deaf Federation of South Africa, Joint Constitutional Review Committee, South African Parliament, 16 February 2007. Meeting report*. <https://pmg.org.za/committee-meeting/7724/> [11 Mei 2021]
- CRC (Constitutional Review Committee). 2007b. *DEAFSA submission: resolution; Committee Annual Report 2006. Meeting report, 25 May 2007*. <https://pmg.org.za/committee-meeting/8091/> [26 Mei 2022.]
- CRC (Constitutional Review Committee). 2009. *Language issues: Proposed recognition of South African Sign Language as official language, Sepedi/ Sesotho sa Leboa issues: Briefings by Deaf SA, CRL Commission, Pan South African Language Board. Meeting report, 12 November 2009*. <https://pmg.org.za/committee-meeting/11097/> [12 November 2022]

- CRC (Constitutional Review Committee). 2010, Augustus 26. *Outline of 2010 public submissions & adoption of draft 2009 Committee Report*. <https://pmg.org.za/committee-meeting/11929/> [24 November 2022]
- CRC (Constitutional Review Committee). 2015. *Processing of Legacy Submissions*. November 29, 2022 van Parliamentary Monitoring Group: <https://pmg.org.za/committee-meeting/21459/> [22 November 2022]
- CRC (Constitutional Review Committee). 2016, November 25. *Parliamentary Legal Advisors on 2015 public submissions*. <https://pmg.org.za/committee-meeting/23740/> [24 November 2022]
- CRC (Constitutional Review Committee). 2017a. *Status of Sepedi, Sesotho sa Leboa, Xhosa & Sign Language of South Africa & Khoi, Nama & San Languages: Pansalb, DAC & CRL Rights Commission, Constitutional Review Committee, South African Parliament, 3 February 2017. Meeting report*. <https://pmg.org.za/committee-meeting/23912/> [6 Maart 2019]
- CRC (Constitutional Review Committee). 2017b. *ATC170621: Report of the Constitutional Review Committee on 2015 Public Submissions, dated 21 June 2017*. <https://pmg.org.za/taled-committee-report/3065/> [3 Junie 2019]
- CT (Constitutional Talk). 1995a, September 8-21. Debate on national symbols, language starts. *Constitutional Talk*: 12.
- CT (Constitutional Talk). 1995b, September 21. Proposed draft text. *Constitutional Talk*: 3.
- Daily News Reporter. 1994. Lobby wants sign language to be officially recognised. *The Daily News*, August 30:3.
- Das Gupta, J & Ferguson, CA. 1977. Problems of language planning. In Rubin, J, Jernudd, B, Das Gupta, J, Fishman, J & Ferguson, C. (Eds). *Language planning processes*. The Hague & Paris & New York: Mouton Publishers, pp. 3-8)
- DBE (Department of Basic Education). 2021. *Implementation of Kiswahili as Second Additional Language in SA schools*. <https://www.education.gov.za/ArchivedDocuments/ArchivedArticles/Kiswahili-SAL-implementation.aspx> [8 November 2022]
- De Meulder, M. 2015. The legal recognition of sign languages. *Sign Language Studies*, 15(4):498-506.
- De Meulder, M, Murray, JJ, & McKee, RL. (Eds). 2019. *The legal recognition of sign languages. Advocacy and outcomes around the world*. Clevedon & Buffalo & Toronto: Channel View Publications.
- De Meulder, M, Murray, JJ & McKee, Rachel L. 2019. Introduction: the legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world. In De Meulder, M, Murray, JJ & McKee, RL. (Eds). *The legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world*. Bristol & Blue Ridge Summit: Multilingual Matters, pp. 1-15.
- DJCS (Department of Justice and Correctional Services). 2022b. Part B: Republic of South Africa Constitution Eighteenth Amendment Bill, 2022, Notice 1156 of 2022. *Government Gazette*(47049), pp. 5-7.
- Druchen, B. 2007. *DeafSA Memorandum towards recognition of South African Sign Language as the 12th official language. Meeting report: Joint Constitutional Review Committee, 16 February 2007*. February 4, 2020 van PMG Parliamentary Monitoring Group: <https://pmg.org.za/committee-meeting/8091/>[11 Mei 2021]
- Druchen, B. 2010. Challenges and resolutions for the Deaf Education Sector in South Africa. *American Annals of the Deaf*, 155(4):496-498.
- Druchen, B. 2014. The legacy of Deaf President Now in South Africa. *Sign Language Studies*: 30(2): 74-86.
- Druchen, B. 2023. SASL 12: Journey. Public hearings on the Constitution Eighteenth Amendment Bill [B1 - 2023], 7 March 2023, Parliament of the Republic of South Africa.
- Du Plessis, L. 2006. Language activism in South Africa. In G. Sica. *Open Problems in Linguistics and Lexicography*. Milano: Polimetrica, pp. 73-96.
- Du Plessis, T. 2020. The role of Language Planning Agencies in higher education in South Africa – comparing two cases. In Darqueness, J, Du Plessis, T & Soler, J. (Eds). *Language diversity management in higher education. Sociolinguistics 34, International Yearbook of European Sociolinguistics*. Berlin & Boston: De Gruyter, pp. 173-193.
- Du Plessis, T. 2022. The officialisation of South African Sign Language – what is there to gain? *Language Matters*, 53(3):47-71.

- EC (European Council). s.j.. European Charter for Regional or Minority Languages. Strasbourg, 5. XI.1992. <https://rm.coe.int/1680695175> [27 Julie 2023]
- Grondwetlike Beriggewer. 1995. Komitee sal kompromis oor taalplan probeer kry. *Die Burger*, September 2:9.
- Haarmann, H. 1990. Language planning in the light of a general theory of language: a methodological framework. *International Journal of the Sociology of Language*, 86: 103-126.
- Hansards. 2017. *Hansard: NA: Unrevised Hansard, National Assembly*, 23 Nov 2017. <https://pmg.org.za/hansard/25658/> [29 November 2022]
- Hansards. 2018. *Hansard: NCOP: Unrevised Hansard, National Council of Provinces*, 5 June 2018. <https://pmg.org.za/hansard/26736/> [30 November 2022]
- Heugh, K. 1995. A whole new board game. *Democracy in Action*, 15 Desember:20.
- Heyns, A. 1995. Erken dowes se gebaretaal as amptelike taal. *Die Burger*, 9 Augustus:8.
- Holness, W. 2016. The development and use of sign language in South African schools: the denial of inclusive education. In Ngwenya, C, Grobbelaar-du Plessis, I, Combrinck, H & Kamg, SD. (Eds). *African Disability Rights Yearbook 2016* (Vol. 4). Pretoria: Pretoria University Law Press (PULP), pp. 141-190.
- JCNANCOP (Joint Committee National Assembly and National Council of Provinces). 2009. *Hansard: Together Empowering Women for Gender Development and Equality: (Debate on National Women's Day)*, 29 August 2009. Mei 24, 2022. Parliamentary Monitoring Group: <https://pmg.org.za/hansard/18063/>
- JCNANCOP (Joint Committee National Assembly and National Council of Provinces). 2020. *Hansard: JS: Unrevised hansard (State of the nation adress)*. <https://pmg.org.za/hansard/29844/> [29 November 2022]
- Kaplan, RB & Baldauf, RB. Jr. 1997. *Language planning from practice to theory*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Kaplan, RB & Baldauf, RB. Jr. 2003. *Language and language-in-education planning in the Pacific Basin*. Dordrecht & Boston & London: Kluwer Academic Publishers.
- Khumalo, G. 2012. Calls to make sign language official. *SANews*. <https://www.sanews.gov.za/south-africa/calls-make-sign-language-official> [17 November 2022]
- Krausneker, V. 2008. *The protection and promotion of sign languages and the rights of their users in Council of Europe member states: needs analysis*. Council of Europe: Strasbourg.
- Landman, K. 1990. Taalonderwys en die dowe kind. *Tydskrif vir taalonderrig*, 24(2):42-53.
- Lawson, L, McLean, F, O'Neill, R & Wilks, R. 2019. Recognising British Sign Language in Scotland. In De Meulder, M, Murray, JJ & RL McKee. *The legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world*. Bristol & Blue Ridge Summit: Multilingual Matters, pp. 67-81.
- Liebenberg, M. 1994. Gebaretaal 'moet SA se 12de amptelike taal word'. *Beeld*, 27 Julie:3.
- Martel, A. 1999. Heroes, rebels, communities and states in language rights activism and litigation. In Kontra, M. P.-K. (Eds). *Language: A right and a resource. Approaching linguistic human rights*. Budapest: Central European University Press, pp. 47-80.
- MSAC (Minister of Sport, Arts and Culture). 2023. *Question NW992 to the Minister of Sport, Arts and Culture*, 18 April 2023. <https://pmg.org.za/committee-question/21870/> [5 Mei 2023]
- Mthembu, M. 1995. Recognise sign language. *The Star*, 7 Augustus:9.
- Murray, JJ. 2015. Language planning and sign language rights. *Sign Language Studies*, 15(4): 375-378.
- NA (National Assembly). 2023. *Hansard: NA: Unrevised Hansard, National Assembly*, 2 May 2023. <https://pmg.org.za/hansard/36795/> [6 Augustus 2023]
- NCOP (Education and Technology, Sports, Arts and Culture). 2007. *Pan SA Language Board's language promotion: strategic plan briefing*, 1 August 2007. <https://pmg.org.za/committee-meeting/10374/> [26 Mei 2022]
- PA (People's Assembly). 2023. *PA's blog: From the Government Gazette and Media Statements* (24 July 2023). [https://pmg.org.za/blog/From%20the%20Government%20Gazette%20and%20Media%20Statements%20\(24%20July%202023\)](https://pmg.org.za/blog/From%20the%20Government%20Gazette%20and%20Media%20Statements%20(24%20July%202023)) [6 Augustus 2023]
- Patrick, Alex & Bhengu, Cebelihle. 2023. Sign language officially becomes SA's 12th official language. *news24*. <https://www.news24.com/news24/southafrica/news/sign-language-officially-becomes-sas-12th-official-language-20230719> [23 Julie 2023]

- PCJCS (Portfolio Committee: Justice and Correctional Services). 2020. *ATC200605: Report of the Portfolio Committee on Justice and Correctional Services on the respective Strategic Plans and Annual Performance Plans 2020/21 of the Department of Justice and Constitutional Development et al.* <https://pmg.org.za/taled-committee-report/4167/> [30 November 2022]
- PCJCS (Portfolio Committee: Justice and Correctional Services). 2023. *Constitution Eighteenth Amendment Bill (SA Sign language). Calls for comments opened 23 January 2023.* <https://pmg.org.za/call-for-comment/1242/> [7 Augustus 2023]
- PCWYPD (Portfolio Committee: Women, Youth and Persons with Disabilities). 2021. *Disabilities Rights Framework & Disability Bill: SALRC & Department briefing.* <https://pmg.org.za/committee-meeting/31932/> [1 Desember 2022]
- Pool, J. 1991. The official language problem. *The American Political Science Review*, 85(2):495-514.
- PUK (Parliament of the United Kingdom). 1909. *South Africa Act, 9 Edward VII, c. 9.* <http://www.portcullis.parliament.uk/dserve/dserve.exe?dsqIni=Dserve.ini&dsqApp=Archive&dsqCmd=Show.tcl&dsqDb=Catalog&dsqPos=0&dsqSearch=%28%28%28text%29%3D%27south%20africa%20act%27%29AND%28Date%3D%271909%27%29AND%28MgtGroup%3D%27Acts%20of%20Parliament%2F> [15 Maart 2012]
- Quer, Joseph & Ronice Müller de Quadros. 2015. Language policy and planning in Deaf communities. In Schembri, A & Lucas, X. (Eds). *Sociolinguistics and Deaf communities*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 120-145.
- Rapport. 1995. Chapter 1 Founding Provisions. *Rapport*, 11 November: 3.
- Reagan, T. 2010. *Language policy and planning for sign languages*. Washington: Gallaudet University Press.
- Reagan, T. 2020. A twelfth official language? The constitutional future of South African Sign Language. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 38(1):73-85.
- Reagan, T & Penn, C. 1997. Language policy, South African Sign Language, and the Deaf: social and educational Implications. *Southern African Journal of Applied Language Studies*, 5(1):1-13.
- Reagan, T, Penn, C & Ogilvy, D. 2006. From policy to practice: sign language developments in post-apartheid South Africa. *Language Policy*, 2006(5):187-208.
- RSA (Republic of South Africa). 1993. *Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Prior to repeal by Act 108 of 1996). Act 200 of 1993.* Pretoria: Government Printer.
- RSA (Republic of South Africa). 2012. *Use of Official Languages Act, 2012. Act No. 12 of 2012.* Pretoria: Government Printer.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1963. *Grondwetlike Wysigingswet, 1963. Wet Nr 9 van 1963. Buitengewone Staatskoerant Nr 453, 8 Maart 1963.* Pretoria: Staatsdrukker.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1993. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993. Wet no. 200, 1993.* Pretoria: Staatsdrukker.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1995. *Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995. Wet 59 van 1995.* Pretoria: Staatsdrukker.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1996a. *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996. Wet 84 van 1996.* Pretoria: Staatsdrukker.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1996b. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Wet No. 108 van 1996.* Pretoria: Staatsdrukker.
- SABCDigitalNews. 2023. *Video | Signing ceremony of the South African Sign Language Bill.* Video. <https://www.sabcnews.com/sabcnews/live-signing-ceremony-of-the-south-african-sign-language-bill/> [19 Julie 2023]
- Sabinet. 2023. *All SA Media (News Clippings).* Sabinet: <https://discover-sabinet-co-za.ufs.idm.oclc.org/search> [9 Mei 2023]
- Sachs, A. 1994. The new language dispensation: the constitutional framework and the goals. In Beukes, A.-M & Barnard, M. *Verrigtinge van die Tale vir almal-konferensie: Op weg na 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 27-28 Mei 1994*, WNNR Konferensiesentrum, Pretoria, pp. 7-15.
- SANRD (Suid-Afrikaanse Raad vir Dowes). 1979. *Doelstellings en werksaamhede van die S.A. Nasionale Raad vir Dowes. Jubileum 50 jaar.* Hercules: N.H.W.-Pers.
- Sapa. 1995a. Amptelike status gevra vir gebaretaal. *Die Burger*, 28 Augustus: 13.
- Sapa. 1995b. ANC proposes sign language be made official. *The Citizen*, 29 August: 8.
- Sapa. 1995c. Make sign language official - proposal. *The Star*, 29 August: 6.

- Sapa. 1995d. Signing to be probed as 12th language. *The Citizen*, 2 September: 8.
- Schiffman, H. 1996. *Linguistic culture and language policy. Paperback edition*. London: Routledge.
- SSA (Statistics South Africa). 2012. *Census 2011. Census in brief. Report No. 03-01-41*. Pretoria: Statistics South Africa.
- Streek, B. 1999. A sign of SA's 12th official language. *Mail & Guardian*, 30 September:14.
- Sung-Eun, H, Hyunhwa, L, Mi-Hye, L, & Seung-II, B. 2019. The Korean Sign Language Act. In De Meulder, M, Murray, JJ & McKee, RL. (Eds). *The legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world*. Bristol & Blue Ridge Summit: Multilingual Matters, pp. 36-51.
- Timmermans, N. 2005. *The status of sign languages in Europe*. Strasbourg: Council of Europe Publishing.
- Turi, J.-G. 1994. Typology of language legislation. In Skutnabb-Kangas, T, Phillipson, R, Rannut, M & Phillipson, TS-K. (Eds). *Linguistic human rights. Overcoming linguistic discrimination*. Berlin & New York: Mouton de Gruyter, pp. 111-120.
- UN (United Nations). 1975. *Declaration on the Rights of Disabled Persons adopted 9 December 1975 by General Assembly resolution 3447 (XXX)*. <https://www.ohchr.org/en/instruments-mechanisms/instruments/declaration-rights-disabled-persons> [17 Julie 2023]
- UN (United Nations). 1992. *Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities, General Assembly resolution 47/135, 18 December 1992*. <https://www.ohchr.org/en/instruments-mechanisms/instruments/declaration-rights-persons-belonging-national-or-ethnic> [26 Julie 2023]
- UN (United Nations). 2006. *Convention on the Rights of Persons with Disabilities adopted 13 December 2006 by Sixty-first session of the General Assembly by resolution A/RES/51/106*. <https://www.ohchr.org/en/instruments-mechanisms/instruments/convention-rights-persons-disabilities> [10 April 2023]
- UN (United Nations). 2017. *International Day of Sign Languages, Resolution adopted by the General Assembly on 19 December 2017 A/RES/72/161*. <https://undocs.org/Home/Mobile?FinalSymbol=A%2FRES%2F72%2F161&Language=E&DeviceType=Desktop&LangRequested=False> [17 Julie 2023]
- UNCRPD (United Nations Committee on the Rights of Persons with Disabilities). 2018. *Concluding observations on the initial report of South Africa, 23 October 2018, G1832308*. New York: United Nations. <file:///C:/Users/dplesslt/Downloads/G1832308.pdf> [9 Augustus 2023]
- UnSA (Union of South Africa). 1925. *The Official Languages of the Union Act, No. 8 of 1925. Government Gazette Extraordinary No. 1477*. Pretoria: Government Printer.
- WFD (World Federation of the Deaf). 2016a. *Our story*. World Federation of the Deaf: <http://wfdeaf.org/who-we-are/our-story/> [25 Julie 2023]
- WFD (World Federation of the Deaf). 2016b. *WFD Charter on Sign Language Rights for All*. <http://wfdeaf.org/news/resources/wfd-charter-on-sign-language-rights-for-all/> [23 Julie 2023]
- WFD (World Federation of the Deaf). 2022. *The legal recognition of national sign languages (Update: 14 December 2022)*. <https://wfdeaf.org/news/the-legal-recognition-of-national-sign-languages/> [8 November 2022]
- Wheatly, Mark & Annika Pabsch. 2012. *Sign Language Legislation in the European Union. Edition II*. Brussel: European Union of the Deaf.
- Wikipedia. 2023, Mei 20. *List of official languages by country and territory*. [https://en.wikipedia.org/wiki/List\\_of\\_official\\_languages\\_by\\_country\\_and\\_territory](https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_official_languages_by_country_and_territory) [24 Mei 2023]
- Willemse, R. 2023. Gebaretaal nou SA se 12de amptelike taal. *Netwerk24*, 19 Julie. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/gebaretaal-nou-sa-se-12de-amptelike-taal-20230719> [23 Julie 2023]
- Witness Reporter. 1995. Focus on rights of deaf people. *The Natal Witness*, 29 August 29:4.
- WorldAtlas. 2019, Mei 31. *Which countries recognize sign language as an official language?* <https://www.worldatlas.com/articles/which-countries-recognize-sign-language-as-an-official-language.html> [9 Mei 2023]
- Zander, M. 2015. *The law-making process*. Oxford: Oxford & Portland.

# Van Orwell se 1984 tot die aktualisering daarvan in 2020–2023

*From Orwell's 1984 to its actualisation in 2020–2023*

**BERT OLIVIER**

Filosofie

University of the Free State (UFS)

Bloemfontein

Suid-Afrika

E-pos:bertzaza@yahoo.co.uk



Bert Olivier

**BERT OLIVIER** is Ereprofessor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika. Sy werk is interdisiplinêr en sy publikasies omvat artikels en boeke oor 'n breë verskeidenheid van dissiplines soos filosofie, letterkunde, psigo-analise, sosiale teorie, argitektuur- en filmteorie. In 2004 is die Stalsprys vir Filosofie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Bert toegeken, terwyl die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in 2012 'n Uitsonderlike Professorskap aan hom toegeken het. Hy is ook 'n NRF-gegradeerde navorser, en sy publikasies in populêre media strek oor 'n uitgebreide gebied wat filosofiese, kulturele en sosio-politieke sake insluit.

**BERT OLIVIER'S** principal position is that of Honorary Professor of Philosophy at the University of the Free State, South Africa. He has published academic articles and books across a wide variety of disciplines, including philosophy, art theory, architecture, literature, psychoanalytic theory, cinema, communication studies and social theory. Bert received the South African Stals Prize for Philosophy in 2004, and a Distinguished Professorship from Nelson Mandela Metropolitan University in 2012. He is also an NRF-rated researcher, and has written extensively in popular media on philosophical, cultural and socio-political issues.

## ABSTRACT

*From Orwell's 1984 to its actualisation in 2020–2023*

*When surveying the recent and arguably increasing signs of attempts to control citizens globally in various ways, one is reminded of George Orwell's Nineteen Eighty-four (or 1984), first published in 1949. It strikes one as being paradigmatic of totalitarian domination in its literary representation of social control through diverse forms of technical and personal surveillance, keeping in mind that such domination permits none of the democratic freedoms that one has come to take for granted, such as freedom of speech, of association, and of movement. Can anyone therefore resist seeing in present developments worldwide an echo of Orwell's depiction of the totalitarian, brainwashing society of Big Brother, with the pervasively powerful Ingsoc*

### Datums:

Ontvang: 2023-06-11

Goedgekeur: 2023-07-24

Gepubliseer: September 2023

(the “Party”), Newspeak (the language calculated to inhibit critical thinking), the feared Thought Police, and the incessant surveillance of every citizen, via technical mediation (the “telescreen” in every home and other frequented places), as well as furtive observation of citizens’ actions by agents of the Party, who monitor their behaviour (lest they should display signs of “thoughtcrime”, or worse, total revolt)? It is telling as far as the present is concerned that Orwell’s novel reflects his understanding of the true character of totalitarianism, of which Shoshana Zuboff (2019:337), referring to Hannah Arendt’s magisterial study of this (at the time unprecedented) phenomenon, remarks: “Essential to totalitarianism was the deletion of all ties and sources of meaning other than ‘the movement’”. In fact, Zuboff’s book (2019), published just before the outbreak of the Covid-19 “pandemic” – in scare quotes because it was no real pandemic (Agamben, 2020: 9-10) – detailed the extent to which contemporary advanced electronic technology enables companies such as Google and Facebook, not merely to spy on “users”, but to manipulate and anticipate their internet behaviour. Returning to 1984, consider that the pervasive surveillance in the world Winston (the central character) inhabits is evident in several things: snooping police helicopters, the dread-inspiring (albeit imperceptible) Thought Police, and (although it is not actively spying on citizens), the metonymic embodiment of the ubiquity of totalitarian power, personified in the omnipresent image of “Big Brother”, at once menacing and avuncular as well as reassuring. It is reminiscent of the prison designed by Jeremy Bentham in the 18<sup>th</sup> century – the “Panopticon” – where wardens enjoyed uninterrupted visual access to the cells of all inmates from a central tower, so that the latter were inclined to act as if they were being watched all the time, that is, by monitoring their own behaviour. It should be obvious that Big Brother’s omnipresent gaze, and especially the bi-directional “telescreen,” has the same effect in Orwell’s projected dystopian society. This sinister technical apparatus, perhaps more than anything else in 1984, accords with Bentham’s principle, of power being visible, but “unverifiable”. One of the differences between surveillance in 1984 and what has come to pass as advanced electronic surveillance today, however, is that this principle of Bentham’s is no longer universally valid; today, power is mostly invisible and unverifiable. If anyone observing the global political landscape today might conclude that Orwell’s fears of a totalitarian future were unfounded, such people need to remind themselves that the pervasive surveillance for the sake of control that is central to 1984 need not be tethered to an easily identifiable Big Brother or Thought Police. It can assume multiple different, unexpected guises, as writers such as Giorgio Agamben, Robert F Kennedy and Naomi Wolf have irrefutably demonstrated – showing that, on the pretext of a medical emergency, people worldwide have been subjected to inhumane measures of control which not only had immeasurably negative, pathogenic psychological effects, especially on children, but similarly devastating economic effects as far as ordinary people and small businesses (which were forced to shut down) are concerned. In contrast, big corporations such as Amazon have benefitted hugely in financial terms, so that Naomi Wolf justifiably writes of a colossal “wealth transfer” from the middle classes to the super-wealthy. Characteristic of the mode of control to which citizens have been subjected globally, is the fact that advanced technology has played a decisive role in it – not merely in the guise of surveillance, but also in the form of medical interventions misleadingly labelled “vaccines”, even if these (particularly the mRNA-variety) are experimental. Tied as they are to these supposed “vaccines”, the ensuing “vaccine passports” further served as major means of control of populations. In addition, as some people started challenging the unconstitutional control measures, new ones started emerging, foremost among them a massive “censoring machine” focused on the deletion and/or derogation of any information aimed at enlightening

*a punch-drunk public about the transgression of their constitutionally guaranteed human rights by governments, and the availability of alternative, “re-purposed” medicines to treat Covid-19 comparatively effectively and safely, including hydroxychloroquine and ivermectin. Furthermore, so-called “fact-checkers” appeared, amplifying the “censoring machine”, effectively causing “cognitive dissonance” on the part of at least those members of the public who were aware of alternative information regarding the supposed lethality of the “coronavirus”, and the putative “safety and effectiveness” of the “vaccines”. Add to this the establishment of “vaccine mandates” in many countries, and it is clear that the measures accompanying the (pseudo-)“pandemic” were not really about health, but about inexorable control, as Agamben already observed early in the unfolding process. Against this backdrop it is not difficult to discern salient parallels between the dystopian events that have been unfolding across the world in the course of the last three years (2020–2022), on the one hand, and the fictional dystopia encountered in Orwell’s 1984. For one thing, the “Thought Police” of 1984 finds a recognisable counterpart in the various censoring and “fact-checking” agencies during Covid-19, and for another, the Orwellian phenomenon of “Newspeak” in Oceania – the invention of linguistic practices that gloss over the true state of affairs and indoctrinate people at the same time into believing that what these words and phrases denote is what is really the case, and should not be critically questioned – corresponds to a Covidian “Newspeak” (think of “conspiracy theories”, “social distancing” and “contact tracing”) which arguably serves the same purpose as that in 1984. However, while in 1984 “Big Brother” presents a recognisable face to denizens of Oceania, as Naomi Wolf points out, the “power” behind the oppressive events and measures accompanying the “pandemic” is to a large degree faceless and remote – a group of billionaire technocrats attached to the World Economic Forum (WEF) – despite which the face that has increasingly come to be associated with this implacable force is that of Klaus Schwab, the founder and CEO of the WEF, and to some extent also the face of Bill Gates. This paper therefore sets out to demonstrate that, while Orwell in all likelihood did not intend his novel to be used as a script for ushering in a dystopian, totalitarian society – instead of which he intended it as a warning against such a possibility (as Zuboff has pointed out) – this is precisely what has happened.*

**KEYWORDS:** control, dystopia, fiction, present world, technology

**TREFWOORDE:** beheer, distopie, fiksie, huidige wêreld, tegnologie

## OPSOMMING

Wanneer ’n mens die huidige wêreld onbevange, met literêre voorkennis in oënskou neem, is dit onteenseglik so dat pogings om toenemende beheer oor burgers uit te oefen by sogenaamde “demokratiese” regerings asook by gesondheidsbeheerliggame opmerkbaar is. Dit herinner ’n mens onwillekeurig aan George Orwell se distopiese roman, *Nineteen Eighty-four* (of 1984), wat in 1949 verskyn het, en wat in literêre terme paradigmatis is van totalitêre heerskappy aan die hand van uiteenlopende vorms van tegnologiese toesig en bewaking, waar al die demokratiese vryhede wat tot onlangs in die meeste lande as vanselfsprekend aanvaar is, afwesig is, soos spraakvryheid, vryheid van beweging, en so meer. Hedendaagse ontwikkelings resoneer veral met Orwell se roman in terme wat simptomaties is van die breinspoel-georiënteerde samelewing van “Big Brother”, “Ingsoc” (“the Party”), “Newspeak” (die taal wat ontwerp is om kritiese denke te inhibeer), die gevreesde “Thought Police”, en die konstante bewakende toesig van elke burger via tegniese bemiddeling (soos die “telescreen” in elke

tuiste en openbare ruimte), asook die onopsigtelike spioenering op mense se handeling deur agente van die “Party”, vir ingeval hulle moontlik tekens van denkmisdaad (*thoughtcrime*) of rebellie sou toon. Dit is betekenisvol dat Shoshana Zuboff se werk oor tydgenootlike “surveillance capitalism”, waarin sy die aandag op die bedekte tegniese inbreuk (deur maatskappye soos Google en Facebook) op mense se internet-privaatheid vestig, versoenbaar is met Orwell se insig in totalitarisme, sowel as met Hannah Arendt se bekende ontleding daarvan. Bowendien het Zuboff se werk ’n jaar voor die uitbreek van die sogenaamde Covid-19-pandemie verskyn, wat dit verder relevant maak vir ’n indringende ondersoek van laasgenoemde, met die oog daarop om dit met Orwell se 1984 in dialoog te plaas. Net soos wat die omvattende bespieding van burgers in 1984 uit hul vrees vir die onsigbare denkpolisie, die alomteenwoordige beeld van “Big Brother”, asook van die tweerigting “teleskerm” (*telescreen*), wat ’n soort “Panoptikon” voorstel, blyk, bestaan daar vandag opvallende ekwivalente vir hierdie metonimiese beliggaming van totalitêre mag, wat blykbaar nie maklik met ’n identifiseerbare “Big Brother” of denkpolisie in verband gebring kan word nie. Daarby kan totalitêre beheerstrategieë veelvuldige, onverwagte vorms aanneem, soos wat Agamben, Kennedy en Wolf onweerlegbaar aangetoon het. Onder voorwendsel van ’n mediese noodtoestand, byvoorbeeld, is mense wêreldwyd aan onmenslike noodmaatreëls onderwerp, wat ’n aanwysbare negatiewe psigologiese, patogeniese, asook patologies-fisiese en ekonomiese uitwerking op bevolkings gehad het. Gevorderde tegniese middele is kenmerkend van die soort beheer waaraan mense globaal onderwerp is – nie slegs as beheer-georiënteerde “bespieding” nie, maar ook in die gewaad van mediese ingrypings wat misleidend as “entstowwe” bestempel is, ofskoon hulle (veral die mRNA-soort) volkome eksperimenteel is. Hierdie artikel fokus op die ooreenkomste tussen die spektrum van beheermiddele in 1984 en dié wat tans in samelewings aangewend word, waaronder onder meer die kolossale sensor-masjinerie om alternatiewe perspektiewe te snoer, naamlik die sogenaamde feite-kontroleerders, entstof-mandate en entstof-paspoorte.

### **Inleiding: ’n Verstommende ooreenkoms**

Die huidige artikel handel oor ’n opsigbare ooreenkoms tussen literêre fiksie – George Orwell se *Nineteen Eighty-Four* (of 1984), wat in 1949 verskyn het – en die huidige sosio-politieke globale landskap. Orwell se roman is paradigmatis van totalitêre heerskappy aan die hand van uiteenlopende vorms van tegnologiese toesig en bewaking, waar al die demokratiese vryhede wat tot onlangs in die meeste lande as vanselfsprekend aanvaar is, afwesig is, soos spraakvryheid, vryheid van beweging, en van assosiasie. Vanselfsprekend kom ’n sodanige situasie op ’n distopie neer. Wanneer ’n mens die huidige wêreld onbevange met hierdie literêre voorkennis in oënskou neem, is dit ontseggelik so dat pogings om toenemende beheer oor burgers uit te oefen by sogenaamde demokratiese regerings asook by gesondheidsbeheerliggame opmerkbaar is. Dit herinner ’n mens onweerstaanbaar aan Orwell se distopiese roman, veral omdat die volgehoue pogings om landsburgers aan totalitêre kontrolemeganismes te onderwerp, in albei gevalle – in 1984 asook in die huidige samelewing – met gevorderde (veral inligtings)tegnologie gepaardgaan. Soos wat verder aangetoon sal word, resoneer hedendaagse ontwikkelings ook met Orwell se roman in terme wat simptome is van die breinspoel-georiënteerde samelewing van “Big Brother”, “Ingsoc” (“the Party”), “Newspeak” (die taal wat ontwerp is om kritiese denke te inhibeer), die gevreesde “denkpolisie” (*Thought Police*), en die konstante bewakende toesig van elke burger via tegniese bemiddeling (byvoorbeeld die “teleskerm” (*telescreen*) in elke tuiste en openbare ruimte), asook die

onopsigtelike spioenering op mense se handelinge deur agente van die “Party”, vir ingeval hulle moontlik tekens van “denkmisdaad” (*thoughtcrime*) of rebellie sou toon. Dit is daarom geensins verbasend nie dat Shoshana Zuboff (2019) se werk oor tydgenootlike “surveillance capitalism”, waarin sy die aandag op die bedekte tegniese toegang (deur maatskappye soos Google en Facebook) tot mense se private internetaktiwiteite vestig, versoenbaar is met Orwell se insig in totalitarisme, sowel as met Hannah Arendt se bekende ontleding daarvan.

Die feit dat Zuboff se werk ’n jaar voor die uitbreek van die (sogenaamde) Covid-19-pandemie (wat nie werklik ’n pandemie was nie; Olivier 2022) verskyn het, en dat nuwe tegniese middele gedurende hierdie tyd aangewend is, onder andere om mense se bewegings “om gesondheidsredes” dop te hou, maak dit uiters relevant vir ’n indringende ondersoek van sodanige tegniese beheerstrategieë en alles wat daarmee verband hou, met die oog daarop om dit met Orwell se 1984 in dialoog te plaas. Net soos wat die uitwerking van omvattende bespieding op burgers in 1984 uit hul vrees vir die onsigbare denkpolisie, hul besef van die alomteenwoordige beeld van “Big Brother”, asook van die tweerigting teleskerm (wat ’n soort “Panoptikon” voorstel) blyk, bestaan daar vandag opvallende ekwivalente vir hierdie metonimiese beliggaming van totalitêre mag, wat oënskynlik nie maklik met ’n identifiseerbare *Big Brother* of denkpolisie in verband gebring kan word nie. Tog skryf Whitney Webb (2020) dat daar opvallende ooreenkomste is tussen die massa-sekuriteitsbespieding (*mass surveillance*) wat reeds in 2020 in Amerika ontwikkel is, en Orwell se voorstelling van ’n distopiese samelewing in 1984. In ’n artikel getitel “Techno-tyranny: How the US national security state is using coronavirus to fulfil an Orwellian vision” (Webb, 2020), skryf sy:

Last year, a government commission called for the US to adopt an AI-driven mass surveillance system far beyond that used in any other country in order to ensure American hegemony in artificial intelligence. Now, many of the “obstacles” they had cited as preventing its implementation are rapidly being removed under the guise of combating the coronavirus crisis.

Webb gaan voort deur na ’n Amerikaanse regeringsliggaam te verwys wat daarop toegespits is om ondersoek in te stel na wyses waarop kunsmatige intelligensie (KI) die nasionale sekuriteit en verdedigingsbehoefte van die land kan bevorder, en wat in ’n bepaalde dokument besonderhede verstrek het oor die strukturele veranderinge wat Amerika se samelewing en ekonomie sou moes ondergaan ten einde op hierdie gebied ’n tegnologiese voorsprong op China te behou. Volgens haar het hierdie liggaam aanbeveel dat die Verenigde State van Amerika (VSA) China se voorbeeld moet volg ten einde laasgenoemde ten opsigte van sekere aspekte van KI-aangedrewe tegnologie te oortref, spesifiek wat China se benutting van massatoesig betref. In weerwil daarvan dat hierdie standpunt teen die openbare verklarings van prominente Amerikaanse amptenare en politici oor China indruis – naamlik dat die Chinese tegnologiese toesigsisteme ’n grootskaalse bedreiging inhou vir Amerikaners se leefwyse – is verskeie van die fases vir die implementering van ’n sodanige tegniese toesigsisteem in die VSA in 2020 bevorder en in werking gestel as deel van die Amerikaanse regering se reaksie op die Covid-19-krisis.

Op sigself genome is Webb se openbaarmaking geensins verrassend nie. Immers: soos reeds genoem, het Zuboff (2019a:16) daarop gewys dat privaat maatskappye soos Google vóór die “pandemie” reeds ’n KI-verwante toesigsisteem ten opsigte van internetgebruikers geïmplementeer het, met die oog daarop om nie alleen laasgenoemde se internetgewoontes en -voorkeure te registreer nie, maar sodanige aktiwiteite inderdaad te manipuleer. Daarby kan totalitêre beheerstrategieë veelvuldige, onverwagte vorms aanneem, soos wat Giorgio

Agamben (2020), Robert Kennedy (2021; 2022) en Naomi Wolf (2022) onweerlegbaar aangetoon het. Onder voorwendsel van ’n “mediese noodtoestand”, byvoorbeeld, is mense wêreldwyd aan onmenslike “noodmaatreëls” onderwerp, wat ’n aanwysbare negatiewe psigologiese, patogeniese, asook patologies-fisiese en ekonomiese uitwerking op bevolkings gehad het. Gevorderde tegniese middele is kenmerkend van die soort beheer waaraan mense globaal onderwerp is – nie slegs as beheer-georiënteerde bespieding nie, maar ook in die gewaad van mediese ingrypings wat misleidend as “entstowwe” bestempel is, ofskoon hulle (veral die mRNA-soort) volkome eksperimenteel, en bowendien ’n “bio-wapen” is (Fleming, 2022).

Hierdie artikel fokus dus op die ooreenkomste tussen die spektrum van beheermiddele in 1984 en dié wat tans in samelewings wêreldwyd aangewend word, waaronder die kolossale sensor-masjinerie om alternatiewe perspektiewe te snoer, die sogenaamde feite-kontroleerders (“fact-checkers”), entstof-mandate en entstof-paspoorte.

### Die opkoms van die totalitêre staat

In haar polities-teoretiese artikel, getitel “The Threat of Big Other” (met die ooglopende sinspeling op George Orwell se “Big Brother”) vat Zuboff (2019a:15-16) die hooftema van haar boek, *The Age of Surveillance Capitalism – The Fight for a Human Future at the New Frontier of Power* (2019), beknopt saam, en koppel dit eksplisiet aan Orwell se 1984 (1949). Die handeling in Orwell se bekende distopiese roman speel in ’n bleek, totalitaristiese landskap van konstante technologies-bemiddelde toesig af, met die alomteenwoordige, tweerigtingteleskerm in elke tuiste en openbare ruimte, die onsigbare denkpolisie, die tegelyk gerusstellende en dreigende beeld van “Big Brother” oral sigbaar, saam met die afwisselende verskyning van rondsnuffelende polisiehelikopters. Hierdie fiktiewe voorstelling van die samelewing lyk toenemend minder fiktief; trouens, dit funksioneer as verhelderende begripsraamwerk vir die oorweldigend tegniese-georiënteerde toesigsamelewing wat vandag globaal om ’n mens ontvou.

Wat ek met bostaande stelling bedoel, behoort duideliker te word wanneer onthou word dat die vroeër genoemde begrippe in Orwell se 1984 opvallend met sekere begrippe wat tans wêreldwyd sirkuleer, korrespondeer – om die waarheid te sê, dit kom voor asof hierdie roman ’n soort bloudruk vir huidige ontwikkelinge daarstel. Dit is geensins verbasend nie in die lig daarvan dat 1984 paradigmatis is vir pogings om sosiale beheer sistematies aan die hand van veelvuldige vorms van (hoofsaaklik) technologies-bemiddelde toesig uit te oefen. In die totalitêre breinspoel-samelewing van 1984 sluit begrippe wat simptomaties is van sodanige beheer dié in van “Ingsoc” (“the Party”), sowel as “Newspeak” die vreesinboesemende “Thought Police”, en die onophoudelike tegniese toesig oor elke burger via die onontvlugbare teleskerm, asook spioenering op inwoners van Oceania se handelinge deur (meesal onbekende) agente van die Party – ingeval van tekens dat hulle skuldig is aan denkmisdaad of beplande opstand. Die volgende uittreksel uit Orwell se roman weerspieël sy insig wat die ware aard van totalitarisme betref (1949:4-5):

The blackmoustachio’d face gazed down from every commanding corner. There was one on the house-front immediately opposite. BIG BROTHER IS WATCHING YOU, the caption said, while the dark eyes looked deep into Winston’s own. Down at street level another poster, torn at one corner, flapped fitfully in the wind, alternately covering and uncovering the single word INGSOC. In the far distance a helicopter skimmed down between the roofs, hovered for an instant like a bluebottle, and darted away again with a

curving flight. It was the police patrol, snooping into people's windows. The patrols did not matter, however. Only the Thought Police mattered.

Hierdie uittreksel bevat verskeie aanduidings van die deurdringende bespieding van burgers se doen en late in Winston (die hoofkarakter) se wêreld. Daar is die snuffelende polisiehelikopter, die vreesaanjaende, ofskoon versteekte denkpolisie, en die metonimiese waarskuwing dat totalitêre mag alomteenwoordig is, naamlik die ontelbare afbeelding van "Big Brother" met sy starende oë. Hierby is daar die tegniese apparaat wat, waarskynlik meer as enige ander entiteit in 1984, funksioneel gesproke, die gehoorsaamheid van burgers verseker, naamlik die tweerigtingteleskerm – wat sien en gesien word (Orwell 1949:7): "Winston turned round abruptly. He had set his features into the expression of quiet optimism which it was advisable to wear when facing the telescreen." Enigiemand wat met Michel Foucault (1995) se genealogiese ontleding van moderne straftegnieke bekend is, sou waarskynlik deur hierdie beskrywing van Orwell aan Foucault se verwysing na Jeremy Bentham se 18de-eeuse gevangenisontwerp van die sogenaamde "Panoptikon" herinner word – waar bewaarders gedurig visuele toegang tot alle prisoniers in hul selle vanuit 'n sentrale toring gehad het, met die gevolg dat laasgenoemde gehandel het *asof* hulle onder onophoudelike waarneming verkeer het en dus hul eie gedrag dienooreenkomstig sou monitor. Foucault brei as volg hierop uit (1995:201):

Hence the major effect of the Panoptikon: to induce in the inmate a state of conscious and permanent visibility that assures the automatic functioning of power. So to arrange things that the surveillance is permanent in its effects, even if it is discontinuous in its action; that the perfection of power should tend to render its actual exercise unnecessary; that this architectural apparatus should be a machine for creating and sustaining a power relation independent of the person who exercises it; in short, that the inmates should be caught up in a power situation of which they are themselves the bearers.

Die verskillende toesigmiddele in 1984 – maar veral die sinistere teleskerm – het dieselfde uitwerking op landsburgers as Bentham se *Panoptikon*, en funksioneer volgens laasgenoemde se beginsel, "that power should be visible and unverifiable" (Foucault, 1995: 201). Net soos die gevangenis se observasietoring is dit deurentyd sigbaar, terwyl dit vir diegene wat aan die apparaat se Sikloopoog blootgestel is, onmoontlik is om te weet wanneer hulle inderdaad dopgehou word. Daar is egter 'n belangrike verskil tussen observasie in 1984 en wat vandag met gevorderde elektroniese observasie die geval is (streng gesproke *bespieding* (*surveillance*): Bentham se beginsel waarna pas verwys is, geld nie meer unverseel in die huidige wêreld nie – vandag is mag meesal *onsigbaar en onverifieerbaar*. Dit blyk onder andere uit Robert Bridge se opmerkings oor die relevansie van Orwell se 1984 vir die huidige mondiale situasie, wat ook met Zuboff se werk oor toesigkapitalisme (2019; 2019a) resoneer (Bridge, 2019). Bridge bring die mees opvallende ooreenkomste tussen Orwell se fiktiewe totalitêre *Oceania* en vandag se samelewing na vore met verwysing na tegnologiese bespiedingsmiddele soos die teleskerm in 1984 – wat met vandag se alomteenwoordige slimfone ooreenstem – en voeg dan by (2019):

In fact, just in time for 1984's anniversary, it has been reported that the National Security Agency (NSA) has once again been illicitly collecting records on telephone calls and text messages placed by US citizens. This latest invasion of privacy has been casually dismissed as an "error" after an unnamed telecommunications firm handed over call records the NSA allegedly "hadn't requested" and "weren't approved" by the Foreign Intelligence

Surveillance Court. In 2013, former CIA employee Edward Snowden blew the whistle on the NSA's intrusive surveillance operations, yet somehow the government agency is able to continue – with the help of the corporate sector – vacuuming up the private information of regular citizens.

Dit is betekenisvol dat Zuboff lesers daaraan herinner dat Orwell se doel met *1984* was om Britse en Amerikaanse samelewings te waarsku dat demokrasie nie immuun is teen totalitarisme nie, en dat “Totalitarianism, if not fought against, could triumph anywhere” (Orwell, aangehaal in Zuboff, 2019a:16). Met ander woorde, die opvatting dat totalitaristiese beheer van mense se handeling deur massatoesig, soos in *1984* voorgestel en saamgevat in die slagspreuk, “Big Brother is watching you”, alleenlik deur die *staat* geïmplementeer kon word, is 'n ernstige wanopvatting. Dit is die moeite werd om (Zuboff 2019a:16) hieroor in besonderhede aan te haal:

For 19 years, private companies practicing an unprecedented economic logic that I call surveillance capitalism have hijacked the Internet and its digital technologies. Invented at Google in 2000, this new economics covertly claims private human experience as free raw material for translation into behavioural data. Some data are used to improve services, but the rest are turned into computational products that predict your behaviour. These predictions are traded in a new futures market, where surveillance capitalists sell certainty to businesses determined to know what we will do next.

Hierby moet in gedagte gehou word dat Zuboff bostaande diagnose oor toesigkapitalisme reeds in 2019 gepubliseer het. Voeg haar opmerking oor Hannah Arendt se monumentale werk oor totalitarisme daarby, dan word die huidige gebeure in die wêreld, wat met die sogenaamde Covid-19-pandemie begin het, in 'n verhelderende (dog skokkende) perspektief geplaas (Zuboff 2019:337): “Essential to totalitarianism was the deletion of all ties and sources of meaning other than ‘the movement’”. Indien die toepaslikheid hiervan vir vandag nie onmiddellik verstaanbaar is nie, kan 'n mens maar net “the movement” met soiets soos “die pandemie-reaksie” vervang – dit wil sê, 'n frase wat die allesomvattende en deurdringende aard van 'n gekoördineerde stel handeling aandui.

Teen hierdie tyd is dit glashelder dat sodanige massatoesig nie slegs ten doel het (as dit ooit die geval was) om verbruikersgedrag te registreer en te voorspel, ten einde winste te optimaliseer nie; intendeel. Dit is algemeen bekend onder diegene wat verkies om ingelig te wees oor globale ontwikkelinge wat die huidige neo-fascistiese poging tot wêreldheerskappy (meer hieroor later) betref, en nie hoofsaaklik op hoofstroommedia staatmaak nie, dat sodanige massatoesig in China die punt bereik het waar burgers deur talryke kameras (in openbare ruimtes) asook deur slimfone nagespeur word, met die gevolg dat hul gedrag feitlik geheel en al gekontroleer word. Dis geen wonder dat Klaus Schwab van die World Economic Forum (WEF), geen geleentheid laat verbygaan om China in hierdie opsig as navolgenswaardige model te prys nie. Die bevindinge van Whitney Webb (2020) waarna hier bo verwys is, is dus geensins verbasend wat die VSA se besluit betref, om China se voorbeeld te volg en desnoods te oortref nie.

Daar is tans reeds voldoende inligting beskikbaar om te weet dat Covid-19 'n verskoning was om drakoniese beheermaatreëls te implementeer (Chussodovsky, 2022), en dat KI (Kunsmatige Intelligensie) 'n integrale deel daarvan was. Dit is egter belangrik om te besef dat beheerstrategieë nie daar sal eindig nie, en dat die Covid pseudo-entstowwe (*The Exposé*, 2022; Fleming, 2022) nie die laaste, of ergste vernietigende middele was wat die neo-fascistiese globaliste op die mensdom kan probeer afdwing om die omvattende beheer uit te oefen waarna

hulle skynbaar mik nie – ’n vlak van kontrole wat die fiktiewe “Big Brother”-samelewing van Orwell se 1984 na kleinspeletjies sou laat lyk. Om hierdie stelling te staaf, kan ’n mens maar net daaraan dink dat verskeie persone reeds teen die sogenaamde “Central Bank Digital Currencies” (CBDCs) – wat tans ontwikkel word – as Trojaanse perd gewaarsku het, waarmee die huidige poging tot ’n “groot herstel” (“great reset”) van die wêreld ekonomie en samelewing voortgesit word, ten einde globale beheer oor mense se lewens te konsolideer. Met die eerste oogopslag mag die oorgang van die huidige fraksionele reserwegeldsisteem tot ’n digitale finansiële stelsel na ’n rasioneel-regverdigbare ontwikkeling lyk, veral vir sover dit die belofte van ’n (weliswaar dehumaniserende) gerieflike kontantlose samelewing inhou. Soos Naomi Wolf egter uitwys, is veel meer as gerief op die spel. In die loop van ’n bespreking van die bedreiging wat sogenaamde entstof-paspoorte vir demokrasie inhou, skryf sy (2022: 194):

There is now also a global push toward government-managed digital currencies. With a digital currency, if you’re not a ‘good citizen,’ if you pay to see a movie you shouldn’t see, if you go to a play you shouldn’t go to, which the vaccine passport will know because you have to scan it everywhere you go, then your revenue stream can be shut off or your taxes can be boosted or your bank account won’t function. There is no coming back from this.

I was asked by a reporter, ‘What if Americans don’t adopt this?’

And I said, ‘You’re already talking from a world that’s gone if this succeeds in being rolled out.’ Because if we don’t reject the vaccine passports, there won’t be any choice. There will be no such thing as refusing to adopt it. There won’t be capitalism. There won’t be free assembly. There won’t be privacy. There won’t be choice in anything that you want to do in your life.

And there will be no escape.

In short, this was something from which there was no returning. If indeed there was a ‘hill to die on,’ this was it.

Hierdie soort digitale (pseudo-)geldeenheid is alreeds in China in gebruik, en word tans teen versnelde tempo in lande soos Brittanje en Australië ontwikkel. Afgesien van Wolf, waarsku finansiële kenners soos Catherine Austin Fitts en Melissa Cuimmei ook teen die deurslaggewende implikasies wat die passiewe aanvaarding van digitale geldeenhede vir demokrasie sou inhou. Sowel Fitts as Cuimmei beklemtoon dat dit noodlottig sou wees om vir die leuens, dreigemente, retoriese toertjies en gerusstellende aanmoedigings van die neo-fasciste te val, wat daarop gemik is om ’n mens in hierdie digitale gevangenis te lok, of in te dwing. In ’n onderhoud waar sy na die huidige situasie van ’n “oorlogtoestand” ten opsigte van die globaliste verwys, waarsku Cuimmei (2021) pertinent dat die volgehoue poging om die idee van CBDCs aan mense te verkoop, verduidelik waarom die sogenaamde entstowwe selfs *en masse* op jong kinders afdedwing word: indien dit nie op groot skaal slaag nie, sou kinders (die volwassenes van die toekoms) nie by die digitale sisteem betrek kan word nie, en sou sodanige stelsel nie werk nie. Sy beklemtoon verder dat die *weiering* om aan hierdie vereiste te voldoen (“non-compliance”) die enigste wyse is om te voorkom dat hierdie digitale gevangenis ’n werklikheid word. Ons moet leer om “Nee!” te sê.

Maar waarom praat ek hier van ’n digitale gevangenis, en bowendien een wat baie meer doeltreffend is as die totalitêre beheer van Orwell se fiktiewe samelewing van Oceania? Soos reeds uit Wolf se opmerkings hier bo blyk, sal die digitale geldeenheid wat volgens plan in ’n mens se Sentrale Wêreldbank-rekening gedeponeer sal word, *nie* geld wees in die gewone sin, wat ’n mens sou kon bestee soos jy wil nie. Inderwaarheid sal dit die status hê van program-

meerbare koopbewyse wat dikteer wat daarmee betaal mag word en waarop dit nie bestee mag word nie. Anders gestel: hulle verteenwoordig 'n gevangenis erger as skuld, hoe verlamrend laasgenoemde ook mag wees. As jy nie saamspeel nie, sou 'n mens letterlik toegang tot lewensmiddele geweier kon word, met al die lyding wat daarmee gepaardgaan. In die ondersoekende Britse nuusblad, *The Exposé* (2023), word hierdie saak só beskryf:

We know that the globalist intelligence services have partnered with big tech to build us a digital prison to enforce social credit score-controlled Central Bank Digital Currencies.

We know that they seek to control our genetics through genetic vaccination, our money through CBDCs and our carbon footprint through social credit scores and our movement through 15 minute cities.

The plan according to Bill Gates is that those who are non-compliant will be 'excluded'.

You will be left to live your life with no means of paying any bills or buying or selling anything for money. They will steal every penny you have ever earned if you fail to comply.

Those who do comply will be forced to collaborate with this new segregation and exclusion as globalist slaves. Those who refuse will be inmates in a concentration camp with no facilities at all, managed by those who comply and collaborate...

Terselfdertyd verteenwoordig die beoogde digitale paspoorte waarby hierdie CBDCs geïnkorporeer sou wees, 'n toesigsisteem wat al 'n mens se handelinge en bewegings sou registreer. Dit beteken dat 'n sosiale kredietstelsel soortgelyk aan die een wat reeds in Sjina funksioneer – en wat in die distopiese televisiereeks, *Black Mirror*, ontgin word – daarby ingebou sou wees, wat sou bepaal wat 'n mens mag doen en wat nie.

In haar program, *The Solari Report*, brei Austin Fitts (2023) op haar beurt uit op wat 'n mens kan doen om te voorkom dat CBDCs 'n werklikheid word, wat die gebruik van kontant (sover as moontlik) insluit, asook om 'n mens se afhanklikheid van digitale transaksies te beperk, en goeie plaaslike, in plaas van groot internasionale banke te ondersteun. Sodoende word geldelike mag gedentraliseer – 'n proses wat verder bevorder word deur die ondersteuning van klein plaaslike besighede in plaas van transnasionale korporasies.

Bo en behalwe die gevaar wat die CBDCs vir 'n mens se vryheid en outonomie inhou, is daar die voortgaande poging deur die World Health Organisation (WHO) om soewereiniteit oor alle volkere wat lede van die Verenigde Nasies is, deur die sogenaamde “pandemieverdrag” te verkry. Hierdie volgehoue poging om die wêreld se nasies van hul konstitusionele vryheid te beroof, het al een keer misluk, toe Afrikalande geweier het om die voorgestelde amendemente van die WHO se grondwet (wat nodig is om hul doel te bereik) te ondersteun, dog in 2024 sal weer daarvoor gestem word. (En intussen het die verteenwoordigers van die WHO nie stilgesit nie; 'n mens kan slegs maar raai hoeveel pogings intussen aangewend is om Afrikaleiers om te koop.) Indien hulle daarin sou slaag om hierdie globale magsoorname suksesvol deur te voer, het dit die implikasie dat die WHO in die geval van die volgende pandemie (waarna so terloops verwys word) volgens internasionale wet die reg sou hê om regulasies omtrent onder andere inperkings en entstofmandate af te dwing (Campbell, 2023). Bowendien sou die mag van hierdie private wêreldliggaam, sonder enige verkose lede, onbetwisbaar wees (Morris, 2023). Nodeloos om te beklemtoon, dit is die plig van alle nasies om hierdie blatante poging tot globale magsoorname met woord en daad teen te staan; sonder onwrikbare weerstand hierteen (asook teen die implementering van CBDCs) sou die wêreld se mense tot slawe gereduseer word.

## Anatomie van die opkomende globale diktatorskap

Onder die aanbevelenswaardige boekpublikasies wat die huidige krisis rondom die opkoms van 'n totalitêre toesigstaat, en alles wat daarmee saamhang aanspreek – soos die instelling van 'n mediese noodtoestand of pandemie in die aangesig van wat as 'n dodelike virus beskryf is, en die ontwikkeling van sogenaamde wonderbaarlike entstowwe wat die mensdom kwansuis van die siekte, Covid-19, sou red – moet dié van Kennedy en Wolf wat vroeër genoem is, sekerlik tel (meer hieroor in wat volg). 'n Belangrike publikasie wat onlangs in Engels verskyn het, is die bekende Nederlandse sosiale wetenskaplike, Kees van der Pijl, se *States of Emergency* (2022), waarvan Cynthia McKinney (op p. 2 van die boek) skryf:

The Project for a New American Century wrote in “Rebuilding America’s Defenses” that “advanced forms of biological warfare that can ‘target’ specific genotypes may transform biological warfare from the realm of terror to a politically useful tool.” They wrote it, they meant it, and we’re now living it. Biological warfare, perfected at the cellular level, can now target distinct populations for annihilation under the guise of a ‘naturally occurring’ biological phenomenon. But, all populations are not equally subjected to the mortality of Covid-19. Who is going to die? Who constitute the surplus population no longer needed? How do we fight back when our bloodstreams are the battlefield? Kees van der Pijl goes further than most in addressing our current concerns and circumstances, but perhaps even that isn’t far enough to capture the pure evil that confronts humanity today.

Hierdie evaluering van Van der Pijl se boek beklemtoon die erns van die huidige globale situasie sonder om doekies om te draai. En tog is die hoofstroommedia se sensorskap en wegsteektaktiek van die huidige, veelvlakke magsoorname so effektief dat die meeste mense salig daarvan onbewus is dat die vryhede waaraan hulle tot met die uitbreek van die pandemie gewoon was, vinnig besig is om te verbrokkel (Olivier, 2022). Net soos in die geval van byvoorbeeld Kennedy (2021 en 2022) en Wolf (2022) se boeke – wat onderskeidelik op die rol van Dr Fauci en Bill Gates in die pandemie, en op die globaliste se poging om ons menslikheid te ondermyn, fokus – konsentreer Van der Pijl ook op spesifieke areas, waaronder een wat nie deur ander relevante skrywers uitgesonder word nie, te wete die poging van die geld-elites om die demokratiese belofte van die elektroniese kommunikasie-rewolusie te fnuik. Hy stel dit as volg (2022:8):

Society as we know it – global capitalism with its home base in the West – has entered a revolutionary crisis. After years of preparation, the ruling oligarchy, which today exercises power across the globe, has seized on the outbreak of the SARS-CoV-2 virus and the respiratory disease attributed to it, Covid-19, to declare a global state of emergency in early 2020. This seizure of power is intended to prevent the Information Technology revolution...the impact of which can be compared to that of the coming of the printing press at the end of the Middle Ages, from ushering in a democratic transformation.

In plaas van om toe te laat dat die demokratiserende potensiaal van die internetrewolusie die samesmelting van individuele kreatiwiteit en kollektiewe welvaart aktualiseer, het die heersende oligargie hierdie belofte gekortwiek. Soos Van der Pijl (2022) in Hoofstuk 7 van sy boek argumenteer, is hierdie heersende klas terdeë daarvan bewus dat, vir die eerste keer in die geskiedenis, die tegnologie ons in staat stel om die spanning tussen individuele vryheid, enersyds, en sosiale asook ekologiese sekuriteit, andersyds, op te los, wat egter sou beteken

dat hulle die greep wat hulle op globale mag het, sou verloor – vandaar die massiewe poging aan die globaliste se kant om sosiale media te kontroleer. Volgens Van der Pijl is die wêreld vandag deur die heersende plutokratiese oligargie in ’n rewolusionêre posisie geplaas – wat deur die veronderstelde Covid-19-pandemie geïnisieer is (ofskoon dit verder teruggaan, tot voor die 2008 globale geldkrisis). Derhalwe staan die wêreldbevolking voor die keuse om die oorgang na ’n digitale totalitarisme passief te aanvaar, of om georganiseerde weerstand te bied en ’n lewensvatbare alternatief te kies wat die biljoenêr-onderruikers sal onteien en die inligtingrewolusie sal benut om demokrasie te hernu en te konsolideer. Van der Pijl is egter oortuig daarvan dat die beplande globale *coup d’etat* nie sal slaag nie (2022:9):

What matters is that the Covid seizure of power, even more comprehensively than previous states of emergency in the name of terrorism, is working to prevent a democratic transition to a society beyond capitalism. The revolutionary crisis that has become acute resides in the fact that governments have now taken their populations hostage and cannot or dare not release them. This is another reason why the entire effort at suppression is doomed to end in failure. Too much has been set in motion too early, too disjointedly, and the contradictions between the different interests and institutions, only apparently all in agreement, are bound to turn into overt conflict.

Van der Pijl se redelik-optimistiese siening van die waarskynlikheid dat genoemde poging tot globale outokratiese heerskappy tot mislukking gedoem is, en dat dit die geleentheid bied vir ’n hernuwing van demokrasie, moet teen die agtergrond van sy noukeurige rekonstruksie van die benutting van ’n sogenaamde mediese noodtoestand gesien word – wat eintlik, uit die oogpunt van die oligargiese heersers, ’n politieke noodtoestand is – om ’n uitdruklik-beplande oorgang vanaf westerse liberalisme na ’n outoritêre wêreldstaat te bewerkstellig. Die Covid-noodtoestand, wat inderwaarheid ’n globale oorlogtoestand was/is, het die doel gedien om die bestaande orde te bewaar totdat die beoogde oorgang na ’n Nuwe Wêreldorde (NWO) voltooi is. Net soos Naomi Wolf (2022), beklemtoon Van der Pijl ook dat, in teenstelling met die kollektiwisties-georiënteerde Chinese samelewing (wat aan streng staatsbeheer gewoond is), liberale, individualistiese westerse lande aan drakoniese maatreëls onderwerp moes word ten einde die globaliste se doeleindes te verweselik. In Hoofstukke 2 en 3 brei hy (Van der Pijl, 2022) verder op die redes vir die pseudo-noodtoestand uit, asook op die sin waarin dit ’n manier was/is om ’n “nuwe normaal” op die samelewing af te dwing. Anders as ná die Tweede Wêreldoorlog en in die 1970s – toe ’n “rasionele klasversoening” plaasgevind het – kan neoliberales kapitalisme dit nie meer langs dieselfde weg genereer nie; vandaar die toevlug tot diktatoriale noodmaatreëls, wat in die geval van die Covid-19-skok beplan is om ’n toesig-samelewing te skep (Olivier, 2023).

’n Mens moet jouself nie om die bos lei deur te glo dat hierdie haglike toedrag van sake vreedsaam en maklik deur draaglike normaliteit vervang sal word nie. Soos ’n mens uit die geskiedenis leer, word mense se weerstand teen diktatoriale pogings om mag oor hul lewens te verkry gewoonlik hardhandig hanteer, soos wat in die geval van Nigerië gedemonstreer word. Soos Lena Petrova (2023) aandui, was Nigerië een van die eerste lande waar CBDCs as plaasvervanger van die tradisionele geldstelsel bekendgestel is. Aanvanklik was daar ’n uiters halfhartige reaksie hierop van die bevolking, aangesien die meerderheid van Nigeriërs verkies om kontant te gebruik (gedeeltelik omdat hulle nie slimfone kan bekostig nie). Die regering het egter nie gehuiwer om hul toevlug tot twyfelagtige taktiek te neem nie, soos om minder banknote te druk en mense te vra om hul ou banknote in te handig ten einde nuwe note te ontvang – wat nie gematerialiseer het nie. Gevolglik is mense besig om honger te ly aangesien

hulle geen kontant vir voedsel het nie, daarby ook nie oor CBDCs beskik nie, en bowendien teen hierdie digitale geldeenheid gekant is. Dit is moeilik om te bepaal of Nigeriërs se weerstand teen CBDCs uit hul besef voortspuit dat laasgenoemde 'n digitale gevangenis verteenwoordig wat die regering volledige toegang en Orwelliaanse beheer oor lewens sal besorg.

'n Mens mag wonder waarom kennis van bogenoemde sake nie meer algemeen bekend is nie; onmiddellik moet ek egter byvoeg dat ek verstaan waarom die meeste mense nog steeds salig onbewus is van die huidige, steeds ontvouende globale staatsgreep. Die hoofstroommedia is volgens beskikbare getuienis almal gekompromiteer, en nuusbronne wat sogenaamde afwykende inligting versprei, word summier gesensor (Nevradakis, 2022; Mercola, 2022; 2022a). 'n Mens moet knaend na alternatiewe, ongesensorde bronne wat nog toeganklik is, soek – waar 'n mens inligting oor die ware toedrag van sake vind – al kan hulle enige tyd deur die verteenwoordigers van die Nuwe Wêreldorde (NWO; soos die magskompleks agter die staatsgreep onder andere bekendstaan) gesluit of verwyder word. Onder sodanige bronne tel Robert Kennedy se twee onlangse boeke (Kennedy, 2021 en 2022), waarvan veral die eerste een sorgvuldig gedokumenteer is, en waarvan ek van die mees pertinente aspekte in 'n onlangse artikel uitgelig het (Olivier, 2022b). Nog drie onmisbare boeke moet hier genoem word vanweë hul onverskrokke, uiters informatiewe aan-die-kaak-stel van wat niks minder as onheilspellende bedrywighede van die NWO (veral gedryf deur die World Economic Forum [WEF] van Klaus Schwab, die hoof- uitvoerende beampte) is nie: dié van Naomi Wolf (*The Bodies of Others*; 2022; sien veral Hoofstuk 19, getitel “Evil Beyond Human Imagination”), skrywer van die bekende *The Beauty Myth* (1990); van Joseph Mercola en Ronnie Cummins (2021), van Peter en Ginger Breggin (2021), en natuurlik die boek van Van der Pijl (2022).

Tot dusver het daar, afgesien van etlike korter artikels, vyf eweknie-beoordeelde artikels in nasionale en internasionale tydskrifte, asook 'n boekhoofstuk oor verskeie aspekte van hierdie poging om wêreldheerskappy te bekom, van my verskyn. Ofskoon daar onvermydelik 'n mate van oorvleueling met die huidige artikel in hierdie vroeër-gepubliseerde werk voorkom, is die tema telkens verskillend. Waar die voortgaande poging tot globale magsoorname tans met Orwell se werk in verband gebring word, konsentreer die ander artikels onderskeidelik op 'n karakterisering van die kommunikasiegaping wat rondom die veronderstelde pandemie ontstaan het, aan die hand van Lyotard se begrip van 'n *differend* (Olivier, 2021); op die futiliteit van kommunikasie onder hierdie omstandighede, gesien deur die lens van Derrida se sogenaamde grammofoon-effek (Olivier, 2022); op die vraag na die moontlikheid van terapie onder die huidige omstandighede (Olivier, 2022a); op 'n interpretasie van die bedrywighede van die NWO aan die hand van Agamben se begrip van *Homo sacer* (Olivier, 2022b en 2023a); en op die kwessie van risiko, oorlewing en moontlike uitsterwing vanweë die fascistiese program van die NWO, in die lig van Ulrich Beck se begrip van risiko-samelewing (2022c).

Al hierdie boeke en artikels lê die onderduimse, sinistere handelinge aan die kant van diegene wat lede van die NWO is, bloot; nie alleen van die feit dat die pandemie eintlik 'n “plandemie” is nie (en dat dit bloot die eerste fase van die globale magstoeëningsprogram was), en dat die sogenaamde nuwe koronavirus geensins van natuurlike, zoönotiese oorsprong is (soos aanvanklik deur almal geglo is) nie. Oorweldigende getuienis dui tans daarop dat dit tegniese-kunsmatig in 'n laboratorium geskep is, maar ook – nog veel erger – dat die sogenaamde entstowwe geen entstowwe is nie, en eintlik daarop gemik was, en steeds is, om die wêreldbevolking drasties te verminder (Noack, 2021; Fleming, 2022; *The Exposé*, 2022; 2022a; 2023). Besonderhede oor hierdie sake word in die bronne waarna hier verwys is, verstrekk. Met ander woorde, hulle is biologiese wapens, en die getuienis hiervoor het in die loop van die afgelope 18 maande toenemend bekend geword.

Die mees skokkende, haas-ongelooflike getuienis hiervan is onlangs deur ’n biotegniese analitikus, Karen Kingston (Wilson, 2022), bekendgemaak toe sy met uitvoerige ondersteunende dokumentasie (onder andere relevante patente) aangetoon het dat die veronderstelde virus geen virus is nie, maar ’n tegno-biotiese skepping (dit wil sê half-tegnies; half-lewend), en dat dit eintlik ’n soort parasiet is – wat verklaar waarom Ivermectin, ’n anti-parasitiese middel, effektief is daarteen (asook om ’n mens se bloed van die sogenaamde entstowwe, wat aan die veronderstelde virus verwant is, te suiwer). Soos Wilson (2022) aandui, het Kingston (2022) hierdie onthutsende uitlatings in ’n onderhoud met Mike Adams (die “Health Ranger”) gemaak:

Kingston is a biotech analyst with more than 20 years of experience. She has been reviewing research that has been conducted on Covid “vaccines” over more than a decade. “I really want the truth to be understood and the evidence to be seen and evaluated,” she told Adams. So, during the interview, she discussed some of the patents she has found: in particular, quantum dots “because that’s the backbone technology and energy of this AI [artificial intelligence] bioweapon,” she said. “It’s part biology and part technology ... that’s always been the intention of Covid-19.”

Wilson (2022) gaan voort deur Kingston (2022) se belangrikste bevindinge (wat in die onderhoud met Adams uiteengesit word) op te som, en nadat sy die verskillende relevante entstofpatente van farmaseutiese maatskappye soos Moderna genoem het, skryf sy onder andere van Kingston dat laasgenoemde die sogenaamde PRC-toetse beskryf het as die versameling van mense se genetiese materiaal, asook om die “nano-wapen” langs daardie weg in hul liggame te kry. Boonop is die biowapen nog nie ten volle geaktiveer in mense nie, wat onder andere met die aktivering van 5G gedoen sal word. Tot ’n mens se onthutsing skryf sy verder oor Kingston dat (Wilson 2022):

She then discussed patents that reveal the shocking nature of the “spike protein” structures in “vaccines.” The hybrid inorganic-organic structures demonstrate “cognitive action” capabilities. They are described in patents as “intelligent sensor platforms” that carry out instructions. So-called “spike proteins” seen in electronic microscopy are actually these nanotech platform structures that are small enough to enter nervous system cells and alter their behaviour.

Nodeloos om te beklemtoon, is hierdie inligting meer as skokkend in etiese terme – watter wesens wat hulself mense noem, is hiertoe in staat, met die aanwysbare doel om miljoene mense te vermoor? Gedagtig daaraan dat die deurslaggewende kenmerk van ’n psigopaat (of sosiopaat) daarin bestaan dat hulle geen sin vir berou het nie, en ook geen skuldgevoel kan ervaar nie, is die ergste natuurlik dat hierdie psigopate van die NWO – want dit is wat hulle is – die verstaanbare (dog blinde) vertrou wat mense meesal in mediese owerhede en regerings gehad het, volkome misbruik het ten einde hulle sover te kry om wat deesdae toenemend, om ooglopende redes, die “clot-shot” genoem word, te ontvang.

### **Slot: Geen samesweringsteorieë nie**

Om weereens te beklemtoon dat dit geensins ’n geval van samesweringsteorieë is nie, moet kennis geneem word van die feit dat Facebook – een van die skuldige maatskappye wat tot dusver die ware toedrag van sake via meedoënlose sensorskap onderdruk het – onlangs vir

die eerste keer erken het dat die Britse nuusblad, *The Exposé*, korrek was toe hulle in Augustus 2022 beweer het dat stawende getuienis die volgende bevestig (*The Exposé*, 2022):

Facebook has confirmed that official Government reports, confidential Pfizer documents, and the cost of living crisis proves your Government is trying to kill you and depopulate the planet.

Back in August 2022, The Exposé published an exclusive in-depth investigation and discovered that official Government data, confidential Pfizer documents, and real-world events such as the current cost of living crisis, the alleged impending climate change disaster, the Covid-19 pandemic, and the ongoing development of Artificial Intelligence, strongly suggest that there exists an agenda to depopulate the world, and your Government is, in essence, attempting to kill you.

That investigation was shared by a reader on Facebook on the same day that we published the article, and Facebook took it upon themselves to immediately remove the post and label it as “misinformation”.

However, the reader who shared our article disputed Facebook’s censorship and they finally responded in October to confirm that they were in fact wrong, the investigation was entirely correct, and that the reader’s Facebook post is now back on the highly censored social media platform.

Daar het jy dit – ondanks die feit dat dit nêrens in hoofstroommedia berig word nie, is dit nou in die publieke domein deur een van die prominentste van die hoofstroommedia bevestig dat hierdie gewetenlose menseslagtingsproses tans besig is om te ontvou. Wat meer kan ’n mens sê? Behalwe natuurlik dat, om dit idiomaties te stel, George Orwell “in sy graf sou omdraai” indien hy kon sien hoe sy roman, *1984*, deur die nieu-fascistiese tegnokrate as bloudruk (wan-) benut is om nie alleen ’n toesigsamelewing tot stand te bring nie, maar boonop ’n proses van mensemoord op tou te sit.

## BIBLIOGRAFIE

- Agamben, G. 2021. *Where Are We Now? The Epidemic as Politics*. Vert. Dani, V. Londen: Eris.
- Austin-Fitts, C. 2023. I want to stop CBDs – What can I do? The Solari Report, 1 Februarie: <https://home.solari.com/i-want-to-stop-cbdcs-what-can-i-do/> (Toegang 17 Februarie).
- Breggin, P & G. 2021. *The Global Predators – We Are the Prey*. USA: Self-published e-book, Version 6.20.2021.
- Bridge, R. 2019. Orwell’s *1984* no longer reads like fiction. It’s the reality of our times. RT (28 June): <https://www.rt.com/op-ed/462924-george-orwell-1984-70/> (Toegang 1 Julie 2019).
- Campbell, J. 2023. WHO new treaty. YouTube, 10 May: <https://www.youtube.com/watch?v=GkhjH2ySMUw> (Toegang 21 Mei).
- Chossudovsky, M. 2022. *The 2020-22 worldwide corona crisis destroying civil society, engineered economic depression, global coup d’état and the “great reset”*. <https://www.globalresearch.ca/the-2020-worldwide-corona-crisis-destroying-civil-society-engineered-economic-depression-global-coup-detat-and-the-great-reset/5730652?pdf=5730652> (Toegang 7 Januarie 2023).
- Cuimmi, M. 2021. Iconoclast One to One Melissa Cuimmi: They want your children! *RylandMedia*: November 23: <https://www.bitchute.com/video/A1i3YtzVzKXf/> (Toegang 7 Desember 2021).
- Fleming, R. 2022. Dr. Richard Fleming – Sworn testimony that COVID-19 is a bio-weapon – 12 man made in a lab inserted nucleotide bases. Odysee, 16 March: <https://odysee.com/@scienceisforsale:1/DR.-RICHARD-FLEMING---SWORN-TESTIMONY-THAT-COVID-19-IS-A-BIO-WEAPON:3> (Toegang 7 Januarie 2023).
- Foucault, M. 1995. *Discipline and Punish. The Birth of the Prison*. Vert. Sheridan, A. New York: Vintage Books.

- GRAND JURY – The Court of Public Opinion. 2022. Day 1 – “Opening Statements”: <https://odysee.com/@GrandJury:f/Grand-Jury-1-EN:0> (Toegang 29 Mei 2022).
- Kennedy, RF (Jr). 2021. *The Real Anthony Fauci. Bill Gates, Big Pharma and the Global War on Democracy and Public Health*. New York: Skyhorse Publishing.
- Kennedy, RF (Jr). 2022. *A Letter to Liberals. Censorship and COVID: An Attack on Science and American Ideals*. USA: Children’s Health Defense.
- Mercola, J & Cummins, R. 2021. *The Truth about COVID-19: Exposing The Great Reset, Lockdowns, Vaccine Passports, and the New Normal*. Vermont: Chelsea Green Publishing, White River Junction.
- Mercola, J. 2022. The COVID rabbit hole: An inside look at the virus’ origin. Dr Mercola website, 30 September: <https://takecontrol.substack.com/p/covid-rabbit-hole> (Toegang 30 September 2022; artikel word gewoonlik binne 48 uur deur “sensors” verwyder – dit is op my versoek beskikbaar; BO).
- Mercola, J. 2022a. Mercola website shutdown – Why you may be next. Dr Mercola website, 3 Oktober: <https://takecontrol.substack.com/p/mercola-website-shutdown> (Toegang 3 Oktober 2022; artikel word gewoonlik binne 48 uur deur “sensors” verwyder – dit is op my versoek beskikbaar; BO).
- Morris, C. 2023. The WHO pandemic treaty will change EVERYTHING. Redacted, YouTube, 10 Mei: <https://www.youtube.com/watch?v=hKhVFcFJoeU&t=496s> (Toegang 17 Mei 2023).
- Nass, M. MD. 2020. *Covid-19 Has Turned Public Health Into a Lethal, Patient-Killing Experimental Endeavor*, ALLIANCE FOR HUMAN RESEARCH PROTECTION, (20 June): <https://ahrp.org/covid-19-has-turned-public-health-into-a-lethal-patient-killing-experimental-endeavor/> (Toegang 7 Januarie 2022).
- Nevradakis, M. 2022. Groundbreaking: Study details how media, big tech censored doctors and scientists who challenged COVID narrative. The Defender, 3 November: [https://childrenshealthdefense.org/defender/covid-narrative-big-tech-media-censorship-doctors/?utm\\_source=salsa&eType=EmailBlastContent&eId=61483b7f-b9d9-4322-bad6-4e9175d7eef2](https://childrenshealthdefense.org/defender/covid-narrative-big-tech-media-censorship-doctors/?utm_source=salsa&eType=EmailBlastContent&eId=61483b7f-b9d9-4322-bad6-4e9175d7eef2) (Toegang 4 November 2022).
- Noack, A. 2021. Dr Noack killed four days after posting this vid on how graphene hydroxide nano-razors destroy body. t.me/Die Front News, *BitChute*; 1 December: <https://www.bitchute.com/video/NDED1fZQFH14/> (Toegang 17 Desember 2021).
- Olivier, B. 2021. The ‘pandemic’ and the *differend*. *Phronimon - Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, Vol. 22:1-35. DOI: <https://upjournals.co.za/index.php/Phronimon/article/view/9764/5124>.
- Olivier, B. 2022. Massive deception masquerading as information and communication: A (largely) Derridean perspective. *Phronimon – Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, Vol. 23:1-31. DOI: <https://doi.org/10.25159/2413-3086/10811>.
- Olivier, B. 2022a. Therapeutic reflections on the ‘pandemic’. *Psychotherapy and Politics International*, Vol. 20 (1 & 2): 1-29. DOI: <https://ojs.aut.ac.nz/psychotherapy-politics-international/article/view/21>.
- Olivier, B. 2022b. Beyond Agamben’s ‘*Homo Sacer*’ – The ‘pandemic’ as final reduction of humanity to ‘bare life’. Part 1, *Psychotherapy and Politics International* 20 (3), August 2022:1-23. DOI: <https://ojs.aut.ac.nz/psychotherapy-politics-international/article/view/39/21>.
- Olivier, B. 2022c. Hede, verlede en toekoms: verwagting, risiko en gevaar van vernietiging. Hoofstuk in P.N.J. Duvenage (red.). *Gedenkbundel/Festschrift*. Centurion: Akademia Universiteit, pp. 45-59.
- Olivier, B. 2023. A surveillance society of exclusion? *Real Left*, 20 March 2023: <https://real-left.com/a-surveillance-society-of-exclusion/>.
- Olivier, B. 2023a. Beyond Agamben’s ‘*Homo Sacer*’ – The ‘pandemic’ as final reduction of humanity to ‘bare life’, Part 2. *Psychotherapy and Politics International*, Vol. 21, ( 1 & 2):1-22. <https://doi.org/10.24135/ppi.v21i1and2.03>.
- Orwell, G. 1949. *Nineteen Eighty-four (1984)*. Free Planet e-book (Toegang 6 Julie 2019).
- Petrova, L. 2023. Terrifying cash CRISIS following CBDC adoption in Nigeria. YouTube, 8 March: <https://www.youtube.com/watch?v=zGXPSv3Hrcs> (Toegang 7 Junie).
- The Exposé. 2022. Whilst you were distracted by Boris’s trip to Kyiv, the UK Gov quietly published data confirming the fully vaccinated accounted for 92% of all Covid-19 deaths in March. *The Exposé* 12 April: <https://expose-news.com/2022/04/12/distracted-boris-kyiv-fully-vaccinated-92-percent-covid-deaths/> (Toegang 7 Julie 2022).

- The Exposé. 2022a. Facebook admits government reports, Pfizer documents & cost of living crisis proves your government is trying to kill you & depopulate the planet. 29 Oktober: <https://expose-news.com/2022/10/29/facebook-admits-your-gov-is-trying-to-depopulate-planet/> (Toegang 30 Oktober).
- The Exposé. 2023. It is NOT Agenda 2030 – It is Agenda 2023. 4 Maart: <https://expose-news.com/2023/03/04/its-not-agenda-2030-its-agenda-2023/> (Toegang 7 Maart).
- Webb, W. 2020. Techno-tyranny: How the US national security state is using coronavirus to fulfil an Orwellian vision. *The Last American Vagabond*, 20 April: <https://www.thelastamericanvagabond.com/techno-tyranny-how-us-national-security-state-using-coronavirus-fulfill-orwellian-vision/> (Toegang 24 Februarie 2021).
- Wilson, R. 2022. Covid “tests” and “vaccines” are delivering a hybrid biological/technological weapon which is activated by 5G, fibre optics and light. *The Exposé*, 26 Oktober: <https://expose-news.com/2022/10/26/covid-tests-and-vaccines-are-delivering-a-weapon/> (Toegang 28 Oktober).
- Wolf, N. 2022. *The Bodies of Others. The New Authoritarians, COVID-19 and the War against the Human*. Fort Lauderdale: All Seasons Press.
- Van der Pijl, K. 2022. *States of Emergency. Keeping the Global Population in Check*. Atlanta, GA: Clarity Press, Inc.
- Zuboff, S. 2019. *The Age of Surveillance Capitalism – The Fight for a Human Future at the New Frontier of Power*. New York: Public Affairs, Hachette.
- Zuboff, S. 2019a. The threat of Big Other. *TIME* magazine, June 17, pp. 15-16.

# Hans Blumenberg se filosofiese begroning van die kuns as kennisvorm

*Hans Blumenberg's philosophical foundation of art as a form of knowledge*

**CHARL-PIERRE NAUDÉ**

Departement Afrikaans en Nederlands, Frans en Duits

University of the Free State

Bloemfontein

South Africa

E-pos: cpnaude.writer@gmail.com



Charl-Pierre  
Naudé\*

**CHARL-PIERRE NAUDÉ** is 'n digter en prosa-skrywer en die outeur van verskeie digbundels: *Die Nomadiese Oomblik* (Tafelberg, 1995), *In die geheim van die dag* (Protea Boekhuis, 2005), *Against the light* (Protea, 2007) en *Al die lieflike dade* (Tafelberg, 2014). In 2018 verskyn die roman *Die ongelooflike onskuld van Dirkie Verwey* (Tafelberg) uit sy pen. Hy is ook bekend as literêre resensent. Van sy gedigte, prosastukke en opstelle is in Nederlands, Duits, Frans en Noorweeg vertaal en in toonaangewende tydskrifte gepubliseer. Verskeie van sy publikasies het literêre toekennings in Suid-Afrika ontvang. In 2022 behaal hy 'n doktorsgraad in die filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is 'n navorsingsgenoot aan dieselfde universiteit se Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans. In 2023 verskyn sy boek oor die filosofie, *In die rede geval: waarom die mens mites maak*.

**CHARL-PIERRE NAUDÉ** is a poet and prose writer. He is the author of several poetry anthologies: *Die Nomadiese Oomblik* (Tafelberg, 1995), *In die geheim van die dag* (Protea Boekhuis, 2005), *Against the light* (Protea, 2007) and *Al die lieflike dade* (Tafelberg, 2014). In 2018 his novel *Die ongelooflike onskuld van Dirkie Verwey* (Tafelberg) appeared. He is also known as a reviewer of literary works. Some of his poems, essays and prose have been translated into Dutch, German, French and Norwegian and have appeared in leading literary magazines. Several of his publications have garnered literary awards in South Africa. In 2022 he was awarded a doctoral degree in philosophy by the University of the Free State. He is a research associate at the same university in the Department of Afrikaans and Dutch, German and French. In 2023 his book on philosophy for today, *In die rede geval: waarom die mens mites maak* [translatable as "Reason interrupted: why myths exist"], became available in leading bookstores.

\* Foto-erkenning: Fotogezet, Berlyn

**Datums:**

Ontvang: 2023-01-12

Goedgekeur: 2023-07-29

Gepubliseer: September 2023

**ABSTRACT*****Hans Blumenberg's philosophical foundation of art as a form of knowledge***

*Blumenberg's philosophical anthropology, about the origin and development of imaginative thinking among early human beings, serves as the backdrop to this article about the reasons art exists as a human activity. The article could be read in conjunction with a prior set of two articles by myself (in Afrikaans), "Hans Blumenberg's philosophical anthropology" and "Hans Blumenberg's model for the evolution of thought". Blumenberg posited that a strong connection exists between the earliest existential anxiety and the development of self-consciousness in humans and that this sets the human apart from the natural animal. My article looks at the evolution of thinking about art in the European human being, the way it occurred in various historical times, against the backdrop of the first thinking responses in primordial times.*

*Art originated as a form of wishful thinking, as part of a survival response, which compensated for the early human's sudden lack of belonging in the world. This sudden lack occurred when the creature accidentally strayed from its earliest natural habitat – that of being enclosed by primordial forests – and ended up on the open grasslands exposed to all kinds of dangers. As a result of this catastrophe, the early creature was confronted by the "absolutism of reality", as Blumenberg calls it, i.e. a near total lack of control over his own destiny in the face of overpowering factors of reality. The creation of art had a direct connection to this abysmal existential anxiety because it featured forms of imaging that assuaged the anxiety. Through the ages and to this day art plays a pacifying role in human culture. Blumenberg points out that the earliest developed forms of thinking were mostly of a mythical nature, i.e. of a wished-for or dreamt-up nature, such as the creation of the gods, and art in its first forms was part of this response. The primordial humans placed the gods between themselves and the absolutism of reality. They could approach the gods for favours or at least ascribe their sufferings to the wilful actions of these all-powerful beings. The humans made art as a form of assuaging their anxieties but as makers they had to make sure that they did not transgress on the gods' primary right of creation. Move on now from primordial time to historical time. Especially in the Middle Ages, the human being found itself in a position of intense negotiation with Christian theology and with God as the Creator to make sure that while they created things they still could rely on the favour of the Creator. My article looks at Blumenberg's analyses of historical epochs, defined as such by him, that preceded the Modern Epoch and how this diachronic historical process eventually opened up the space for modern art to make its appearance. According to Blumenberg, the nature of the epochs and the reality concepts that govern these epochs, as well as their intermediary junctures, can only become apparent in retrospect. It is Modernity and the phenomenological ability that comes with modern times that enables this retrospective awareness in people. Blumenberg believes that the shapes of knowledge – be it philosophy, religion, culture or art – exist in particular ways within the broad machinations of an epoch – a way that pertains to that epoch alone. Knowledge has certain functions that may change in a follow-up epoch. Every epoch's institutions and traditions have the primary goal to ensure the survival of the human being as a social being (i.e. a failed natural creature).*

*Aristotle's idea of "art as mimesis of nature" was the conception of art that reigned from European Antiquity through the Renaissance to early modernity. It was an idea designed to keep the favour of Providence while humankind slowly, and hidden to itself, expanded human autonomy in its self-expression. The Aristotelian God was the maker of things, based on the Forms of Plato, through the influence of Neoplatonism, and people did not exist as anything else but a subsidiary part of God's creation. The article traces several reoccupations within*

*the Aristotelian scheme towards the eventually fully autonomous modern artist. All the reoccupations happened within reigning Christian theology, including the last vital one, the freeing of the human will on account of the expanding influence of Augustine's free-will thesis. It was theology that governed all knowing and its possibilities.*

*But the changing of the guard in the reoccupation process leading to the meanings of modern art was laborious and slow. The "logic" of a particular threshold-period, namely the Renaissance of Leonardo da Vinci, was still bound up with the idea of a privileged viewpoint within the Aristotelian mimesis structure, much comparable in structure to the scientific observations of Copernicus. Both thinkers were still coming to terms with the unseating of the centrality of the given world. Blumenberg's critique of Paul Valéry's wished-for analysis of Leonardo in Valéry's own modern terms, argues that premodern art can only be understood for what it says if judged within the function of its own epochal frame. However, Blumenberg admires Valéry's terms for modern art, especially the term *objet ambigu*, which finally leaves behind the privileged window image of art that reigned supreme during the Renaissance. The *objet ambigu* is an art product that has full spacial dexterity and movement. My article argues that the hard-earned freedoms that characterise the *objet ambigu* bring new securities as well as insecurities to the human being's world concept. One of the great gains for the modern mind is that it can consciously view meanings in terms of phenomenology, that is in a distanced way as if he is in the other time despite being in his own time. The earliest patterns of meaning that were devised by a primordial mind are mythical. These are so basic to thinking that they are imperishable, and still very instrumental in the communication modes of modern art, as my analysis of a Robert Frost poem shows. But the metaphorology underlying these "significance structures" has now been rendered self-conscious in the human, compared to the human of premodern and primordial art.*

*In conclusion, it is postulated that certain shifts in late modernity are bringing about new forms of the absolutism of reality and existential anxiety, and that these have definite implications for the art product. Blumenberg's reality concept (*Wirklichkeitsbegriff*) of *Widerstand* ("withstanding") – of a world utterly traumatised by its freedoms and divisions – seems particularly apt, and my article cautions that the late modern state of affairs holds a threat to the freedom and intentional dimensionality of the *objet ambigu*. The reason for this, I propose, is that a world disunited in its attempts to save its rhetorical bulwark – i.e. the broad range of human mind activities that sets him apart as a social being – will be inclined to demand simplicity and partisan allegiance from the late modern artist, which amounts to an anti-modern and retrogressive stance despite all our means available to the contrary.*

**KEYWORDS:** anthropology; Aristotle; Hans Blumenberg; Leonardo da Vinci; metaphorology; modern art; mimesis; modernity; mythical; Neoplatonism; Paul Valéry; Odysseus; phenomenology; rationality; Renaissance; Robert Frost; late modernity

**TREFWOORDE:** antropologie; Aristoteles; Hans Blumenberg; fenomenologie; Leonardo da Vinci; metaforologie; mimesis; moderne kuns; moderniteit; mite; Neoplatonisme; Paul Valéry; Odysseus; (die) rede; Renaissance; Robert Frost; laatmoderne

## OPSOMMING

Die artikel gee ’n uiteensetting van die ontstaansredes vir die aktiwiteit van kuns teen die agtergrond van Hans Blumenberg se antropologie van die denke. Kuns is ten diepste ’n oorlewingsmeganisme en een van die mens se vroegste denkvorme. Volgens Hans Blumenberg se filosofiese antropologie bestaan daar ’n sterk verband tussen die noodsaak om kuns te skep en die beswering van eksistensiële angs, wat teruggaan na die mens se vroegste tyd van ’n selfbewussyn. Die vroegste denkvorme was mitewerkend van aard, en hieronder val die vroegste kuns ook. Dan beweeg die artikel van die primordiale na die (meer onlangse) historiese tyd, en karteer dit die Europese mens se veranderende kunsopvatting vanaf die Antieke Tyd tot by die Moderne Tyd teen die agtergrond van die filosofiese antropologie. Op grond van Blumenberg se model van tydperke wat volgens hul eie afsonderlike “tydslogika” funksioneer, en sy siening van “werklikheidsbegrippe”, wat tye en tydsgewigte tipeer, word die verskeie stadia van die Aristoteliaanse model van kuns bekyk in terme van die werking van “reokkupasie” – Blumenberg se begrip vir hoe die funksies van ideesisteme in historiese tyd evolueer. Die Aristoteliaanse opvatting het geglo kuns is die nabootsing van die natuur (Skepping). My artikel illustreer hoe die een na die ander term in hierdie opvatting sy funksie verander het totdat dit die moderne kunsopvatting, wat nie meer op nabootsing gegrond is nie maar op die selfstandige selfverwysende kunswerk, moontlik gemaak het. Leonardo da Vinci word binne die Renaissance-werklikheidsbegrip met die *objet ambigu* van die moderne kuns vergelyk. Die bedreiging wat ’n opnuut getraumatiseerde laatmoderne tyd vir die funksionering van die *objet ambigu* inhou, word bekyk.

### 1. Inleiding

Hierdie artikel kan in samehang met my tweeluik-artikels, “Hans Blumenberg se filosofiese antropologie” en “Hans Blumenberg se model vir die evolusie van denke”, gelees word (2023a en 2023b). Die artikel kyk na die ontstaan van kuns teen die agtergrond van Blumenberg (1920–1996) se filosofiese antropologie. Die filosofiese antropologie behandel die voorgeskiedenis (primordiale tyd) van die mens, waar hy sy ontstaan as denkende wese gekry het. Ek kyk aan die hand van Blumenberg na hoe die Europese kultuur die aktiwiteit van kuns deur die eeue tot in die moderne tyd aan sigself gelegitimeer het. Die oermense het aanvanklik die gode tussen hulself en die absolutisme van realiteit geplaas en die gode sou in beheer van die ongenaakbare natuur staan. Vir lank moes die mens as makers – van kuns sowel as artefakte – die gode, die oorspronklike makers van dinge, in ag neem wanneer dit kom by hul eie pogings om die gode met skeppings “na te boots”. Veral in die Middeleeue het die mens in ’n posisie van intense onderhandeling met die Christelike teologie en God die Skepper gestaan om seker te maak dat die kuns nie op lasterlike wyses met die skeppingsdaad omgaan nie, sodat die mens steeds die Skepper se guns waardig kon bly. Die kuns het dus altyd ’n “negatiewe” konnotasie van moontlike transgressie gedra, volgens die Blumenberg-komentator Johannes Endres (in Bajohr, 2022:25).

Die onderhawige artikel kyk na Blumenberg se ontleding van die opvolgende historiese tydskontekste soos deur hom gedefinieer (Blumenberg, 1983;1990) wat die kuns van die Moderne Tyd voorafgegaan het, en hoe hierdie diachroniese historiese proses uiteindelik die nodige speling kon skep om die moderne kuns moontlik te maak (Endres, 2022:18). Blumenberg se siening van die bestaansvorme van kennis – onder meer filosofie, religie, kultuur sowel as kuns – is dat die vorms waarin enige kennis op enige tydstip bestaan op ’n *bepaalde* manier binne ’n tydperk (ook ’n epog genoem) funksioneer. Volgens Blumenberg word ’n epog en

die werklikheidsbegrippe (Feger in Bielik-Robson & Whistler, 2020:239) wat die epog (of tydsgewig daarbinne) aangevuur het of steeds aanvuur, eers sigbaar in historiese terugskoue. Elke tydperk se instellings en gebruike funksioneer egter met die oorkoepelende doel om die mens se oorlewing as blootgestelde en gefaalde natuurlike wese te bly verseker. In die plek van natuurlike oorlewing het maatskaplike oorlewing gekom (kyk Naudé, 2023a). Elke epog gaan met die basiese synsvrae van oorlewing om, maar op die maniere wat eie is aan daardie epog aangesien die mens en sy situasie veranderlik van aard is. Elke epog probeer om die synsvrae soos “Wat is die sin van die lewe?”, en “Waarop kan die mens hoop?” (Naudé, 2023c:77) te beantwoord. Dit is die vrae wat ontologie in die hand werk.

Die mens het in sy primordiale tyd sy natuurlike instinkte verloor toe hy sy natuurlike bestaansorde in die reënwoude verloor het (Blumenberg, 1990:4). Sedertdien moet hy as ’n kwesbare en blootgestelde wese op kunsmatige wyses hiervoor vergoed om sy oorlewing te verseker. Hierdie oorlewing berus op die mens se instellings, kennisvorme, gebruike, en kuns – dít in teenstelling met die natuurlike wese wat hy eers was wat met sy instinkte, en as ’n biologiese onderdeel van sy omgewing, oorleef het.<sup>1</sup>

Toe die ontrukte mens hom eers in ’n vyandige omgewing bevind het, het hy ’n “retoriese bolwerk” tussen hom en die natuur opgestel (Pavesich, 2008). Uit selfbeskerming word die mens nou ’n selfbewuste wese, en die retoriese bolwerk vervul die oorlewingsrol van ’n “prostese”.<sup>2</sup> Die fokus van my artikel verskuif dan van die primordiale na die historiese mens en laasgenoemde se kunspraktyke. Histories gesien, het een van die invloedrykste beskouings oor wat kuns is, naamlik Aristoteles se siening dat kuns “’n nabootsing van die natuur is”, lank die botoon in die geskiedenis van kuns gevoer. Die ontsag vir God wat van die kuns verwag word, ten einde God se beskerming waardig te bly, spreek uit hierdie siening. Ek wil argumenteer dat die klem op “natuur” (as sinoniem vir “Skepping”) ’n spanning met die ontstaansrede van die mens as sosiale wese vorm wat juis ’n *wegtrek van die natuur* veronderstel. Dit is egter eers in die Moderne Tyd dat die mens kan sien hoe ver sy aard, en die ware aard van sy kuns, nog altyd van die natuur en die natuurlike verskil het. Dit is eers nou dat mens kan sien dat kuns niks met die natuur te make het nie en alles met die mens as ’n sosiale wese (Pavesich, 2008:429). Die vorm van kuns wat hierdie erkenning ten beste vergestalt, is die vorms van die moderne kuns (Endres, 2022).

Blumenberg voer aan dat dit die soort bewustheid is wat in die moderne era aangetref word wat die *sigbaarheid* van die etos van voorafgaande epogge, sowel as die een waarin die mens hom tans bevind (die Moderne Tyd), moontlik maak.<sup>3</sup> Omdat die mens altyd veranderinge binne sy heersende kennisraamwerk moet bestendig, vanweë die behoudende aard van alle historiese kennisraamwerke (Blumenberg, 1983), word die ooreenkomste met die ou kennis-aannames benadruk ten koste van die veranderinge wat onder druk heimlik ingevoer moes word. Ek argumenteer voorts op Blumenbergiaanse gronde dat die Antieke Tyd, die Middeleeue,

<sup>1</sup> Ek verwys hier na die argumente uiteengesit in die eerste van die genoemde tweeluk wat op Litnet gepubliseer is. (Kyk Naudé, 2023a).

<sup>2</sup> Die woord *prostese* is onder meer deur Sigmund Freud (1856–1939) in ’n soortgelyke konteks gebruik en ek pas die metafoor hier aan vir my eie gebruik. Die term kom by verskeie ander filosofie ook voor. Dit pas by die begrip “techne”, waarin die mens met praktiese uitvindings die effekte van sy liggaam verleng ter selfbeskerming van daardie liggaam.

<sup>3</sup> Soos reeds geïmpliseer, word die verandering in tydperk gemerk deur ’n verandering waarin die basiese menslike synsvrae *anders* beantwoord word. Met “beantwoord” word nie soseer nuwe antwoorde bedoel nie, maar nuwe maniere waarop die ou vrae se behoeftes vervul word. Hierdie verandering in wyse van beantwoording word ook in die verandering in kunsopvattinge aangetref en is die onderwerp van hierdie artikel.

die oorgangstyd van die Renaissance, en die Moderne Tyd almal deur 'n veranderde samehang in hul kennisraamwerk getipeer word, en dus het kuns telkens binne die nuwe werklikheidsbegrip 'n gewysigde oorkoepelende funksie verkry.

My artikel impliseer 'n afleiding van my eie – dat die historiese opvatting van kuns as mimesis-van-die-natuur 'n nostalgiese hunkering in die mens na sy verlore natuurstaat verraa. Ondanks kulturele ontwikkelings, wat die mens se retoriese bolwerk bestendig en uitbrei, bly die mens gebonde aan die voorwaardes van oorlewing van sy traumatiese oorsprong, waarin die *oorlewingsfunksie* van aktiwiteite voorop staan. Hiervan is die sentrale plek wat die mitewerkende patrone (uit die mens se vroegste gewaarwordinge) tot vandag toe beklee in die moderne kuns, 'n klinkklare bewys – en dit terwyl die moderne kuns en lettere 'n baie ontwikkelde en verwikkelde aktiwiteit is. (Kyk Blumenberg, 1990).<sup>4</sup>

## 2. Kuns as mimesis van die natuur

Sedert Aristoteles (384–322 v.C.) in die Antieke Tyd, was die oorwegende opvatting oor kuns dat dit bedoel is om “die natuur na te boots” (Blumenberg & Wertz, 2000:17). Daarmee word bedoel dat kuns uitbeeldings van “die natuurlike” Skepping is. Dit was 'n manier om God te erken. In die woorde van Hans Blumenberg, soos vertaal en ingelei deur Ann Wertz, in “‘Imitation of nature’: Toward a prehistory of the idea of the creative being” (wat na sy dood verskyn het):

For almost two thousand years, it seemed as if the conclusive and final answer to the question, ‘What can the human being, using his power and skill, do in the world and with the world?’ had been given by Aristotle when he proposed that ‘art’ was the imitation of nature – the concept of *techne*. With this expression the Greeks indicated more than what we today call technology: It gave them an inclusive concept for man’s capacity to produce works and form shapes, a concept comprising the ‘artistic’ and the ‘artificial’ (which we so sharply distinguish between today). (Blumenberg & Wertz, 2000)

Hierdie was die vorm waarin kuns gelegitimeer is vanaf die antieke tye tot aan die einde van die Renaissance. Dit is 'n opvatting wat ooreenstem met Blumenberg se indeling van die mens in historiese “werklikheidsbegrippe”. Die werklikheidsbegrip van “onmiddellike getuieis” tipeer die Antieke Tyd,<sup>5</sup> en die werklikheidsbegrip van “gewaarborgde kennis” tipeer die Middeleeue (Feger, 2020:239; kyk ook Naudé, 2023b). In albei werklikheidsbegrippe dink die mens aan die werklikheid as 'n vasstaande wêreldstelsel wat buite die mens bestaan maar waarvan hy ook 'n onderdeel is. In die Antieke Tyd was dit “die dinge” soos hulle “byderhand” vir die mens en “in hulself” bestaan het. In die Middeleeue was dit hoe dinge deur die sanksie van God bestaan het (Feger, 2020:240) en aan die mens deur Hom “oorhandig” of *openbaar gemaak word*.

<sup>4</sup> In terme van die Duitse estetiese tradisie, kom Blumenberg in die prentjie ná Martin Heidegger (1889–1976), en Ernst Cassirer (1874–1945), wat bou op GWF Hegel (1770–1983). Al drie het kuns in hul histories-hermeneutiese rol beklemtoon waarmee Blumenberg met sy filosofiese antropologie die verste gaan, nadat Immanuel Kant (1724–1804) die behoeftes vir kuns vanuit die individuele gees gepriem het. My ontleding se fondament is juis in die antropologiese geleë, waarby Heidegger en Cassirer aanhaak, maar hulle maak albei in wisselende mate die fout waarteen Blumenberg in sy analise van Leonardo waarsku, naamlik om aannames vanuit die eie tyd op 'n antropologies of histories andersoortige raam te projekteer. (Kyk Naudé (2023a) en (2023b); sien ook Hammermeister (2002)).

<sup>5</sup> Waarin die daarheid van dinge as ooglopend aanvaar word.

Aristoteles se mimesis-denkebeeld oor kuns is geskoei op Plato se konfigurasie oor die aard van die ondermaanse wêreld: die wêreld bestaan uit afskynsels van die ware Vorme soos hulle in die Ideëryk voorkom. Soos reeds gesê, is dit my afleiding dat dié opvatting ’n ironiese aangetrokkenheid tot “die natuurlike” by die mens weerspieël, en dit bekragtig ’n nostalgie vir die natuurlike. Maar Blumenberg se filosofiese antropologie postuleer dat die mens se oorlewing as spesie juis gebeur het deurdat hy die natuurlike ten gunste van die maatskaplike versaak het. Dit is ’n refleks wat, in teenstelling met die wrede natuur, vir die mens (as ongelukkig kwesbare wese) ruimte laat (Pavesich, 2008). In hierdie oer-maatskaplike opset het die mens verskeie soorte konstruerte gefabriseer om sy retoriese bolwerk teen die natuur te vestig. Een hiervan was die kuns. Dié bolwerk, wat religie en sosiale instellings insluit, gaan deur historiese ontwikkelings wat telkens in nuwe tye die mens herdefinieer in terme van die verstelde *funksie* van die bolwerk, terwyl die mens hierdie funksieveranderinge deur die tye heen vir homself probeer wegsteek het om nie ongeborge te voel nie.

Dit is op hierdie punt dat Blumenberg as kommentator oor die oorsprong en die legitimasie van kuns in die prentjie kom. Blumenberg se model van hoe idees in die geskiedenis aanpas, is dat idees volgens nuut gevraagde *funksies* evolueer en nie volgens oorgelewerde essensies nie. Ek sal hierna verwys as Blumenberg se reokkupasie-teorie van evolusionêre idee-ontvouting. (Blumenberg, 1983:xxi).

Aristoteles se siening van die nabootsing van die natuur sluit ook in: “aanvulling van die natuur” (volgens die natuur se reëls) (Blumenberg, 2000:17). Kuns sluit dus die beeldende kuns (nabootsing van die natuur) sowel as die ambagte (aanvulling van die natuur) in. Die insluiting van die ambagte is ’n bedekte argument ten gunste van die kunsmatige, wat eeue later sou help om die beslag van die moderne kunsopvatting te vestig (volgens ’n reokkupasie-proses wat ek verduidelik illustreer). Die legitimasie van die kunsmatige gebeur by Aristoteles volgens wat “die natuur self sou gedoen het in die geval van ’n aanvulling”. Aristoteles het die voorbeeld gebruik van “om huise te bou” en dit gelykgestel met die natuur wat “huise sou kon laat groei” (Blumenberg, 2000:18) – alles as een en dieselfde realiteit. Maar iets gebeur met verloop van tyd deur middel van die grenslose moontlikhede van die “kunsmatige”, wat uiteindelik op die kunsopvatting van die moderne uitloop. Die moderne opvatting het oplaas gebeur deurdat die mens verskeie terme in die gelykstelling *mimesis* = *natuur* in die tydsverloop aangepas het, totdat Aristoteles later nie meer in die formule herkenbaar is nie. Die moderne Franse digter en surrealis, André Breton (1896–1966), het juis gesê “dit wat nie is nie, is net so werklik soos dit wat is” (Blumenberg, 2000:19). Breton het die woord “intens” gebruik as beskrywing van “werklikheid” – dus in terme van ervaring – en so het hy die setel van kunsskepping in die mens self geplaas (nie meer in “die natuur” nie). Dit is ironies dat dit juis die antieke beginsel van die ambagte is wat die groot omwenteling (weg van die natuur en na die mens toe) teweeggebring het – terwyl ’n sekere hubris in die moderne kunsopvatting, wat hieruit voortgekom het, juis die ambagte en die “hoër kunste” wil skei.<sup>6</sup>

### 3. Die pad van reokkupasie tot by die vroegmoderne kunsopvatting

Hoe lyk die veranderinge wat aanleiding tot die moderne opvatting van kuns gegee het soos wat dit uit die Aristotelianse opvatting van mimesis gegroei het?

<sup>6</sup> Met sy beskoulike werk oor die werk van NP van Wyk Louw, getitel *Sublieme ambag* (1977), het die Afrikaanse literator FEJ van Rensburg by implikasie hierdie onderskeid van die hoër moderne ten gunste van die antieke namens Van Wyk Louw gekritiseer.

Blumenberg skets breedvoerig die redes waarom reokkupasie altyd 'n *voorwendsel* nodig gehad het wat die skyn van deurlopendheid kon handhaaf terwyl idees hul funksie *heimlik* verander. Dit is omdat die mens jaloers oor die standvastigheid van sy retoriese bolwerk waak en onbewustelik verkies dat die veranderinge wat ingevoer word “agter sy rug” gebeur. (Blumenberg, 1990:xxiv).<sup>7</sup> Reokkupasie is 'n proses waarin idee-sisteme (en idees binne daardie sisteme) aangestuur word as “onveranderd”. Maar dan het die funksie van die idee of sisteem wel verander om aan nuwe lewenseise te voldoen – sodat dit eintlik nuwe idees is onder die ou name. Teen die tyd dat die moderniteit aanbreek, het die manier van kommunikeer van 'n kunswerk van *verwysend na iets “in die natuur”*, soos dit altyd was, verander na 'n kommunikasieproduk *wat na sigself verwys*:

A [modern] work does not refer through suggestion or representation to some other, antecedent entity; rather, it has an authentic share of Being in the human world. (Blumenberg & Wertz, 2000:19) (my kursivering).

Blumenberg skryf dat die ruimte van vergunning wat die moderne kunstenaar nodig gehad het om sy nuutgevonde kreatiwiteit in los te laat daarmee te make gehad het dat hy steeds gedink het hy brei maar net Aristoteles se aksioma van natuurnabootsing uit. Die “geweldige passie” waarmee die moderne kunstenaar oplaas sy verskyning maak, het egter te doen met 'n *reeks* voorafgaande reokkupasies – veranderinge in die heersende ontologie – wat alles onder die voorwendsel van daardie ou beginsel “mimesis” plaasvind.

### 3.1 'n Middeleeuse reokkupasie voorspel die Moderniteit

Blumenberg se opstel, wat in Wertz se Engelse vertaling in 2000 verskyn, wys hoe hierdie reeks reokkupasies in die Aristoteliaanse opvatting vaardig word. Hy bespreek spesifiek 'n anekdote verskaf deur die Duitse geestelike Nikolaas van Kusa (1401–1464) in sy *Drie Dialoë* van 1450.<sup>8</sup> Daarin vind 'n gesprek plaas tussen 'n ongeletterde ambagsman, genaamd die Idioot, en 'n Skolastiese filosoof, die sogenaamde Retorikus (wat 'n mens as 'n politikus in vandag se terme kan beskryf). Die “Idioot” verduidelik trots aan die twee hooggeplaaste “brengers van lig” hoe “prestasie” die beginsel is waarvolgens hy sy lewe inrig – omdat hy “die kuns” verstaan hoe om lepels te maak! Al drie gesprekslede verstaan onder “kuns” dat imitasie van die natuur ter sprake is – die goddelik gesanksioneerde beginsel waarvolgens alle skeppende siele moet funksioneer. Maar wat kuns is, het reeds op hierdie vroeë stadium meer as imitasie geword. Dit wat die kunstenaar/ambagsman naboots, word nou reeds breër gesien – as die *oneindige kuns van God (ars infinita)*. Hierdie *ars infinita* sluit die “onverwerklikte idees van God” in. As mooi gekyk word, is daar reeds min sprake van die idee van direkte imitasie hier:

The spoon, not exactly a work of high art, is nevertheless something absolutely new, an *eidōs* not represented in nature, and the simple layman is the one who fashions it. “I do not imitate the visible form of any natural object” [verklaar die Idioot trots] (Blumenberg & Wertz, 2000:20)

<sup>7</sup> In *The legitimacy of the modern era, Work on myth* (1983) en *The genesis of the Copernican world* (1987) word die argument uiteengesit.

<sup>8</sup> Blumenberg gebruik nie die term *reokkupasie* in die Blumenberg/Wertz-artikel nie, wat so bekend onder sy kommentators soos Robert Wallace, ook een van sy vertalers (Blumenberg 1983; 1987; 1990), geword het. Maar hy verskaf wel van die beste illustrasies van reokkupasies in sy oeuvre.

Die Idioot – Kusa is hier myns insiens ironies in sy verwysing na die ambagsman se onselfbewuste wysheid – toon aan die hooggeplaaste here hoe ’n reokkupasie in die opvatting oor wat kuns is, besig is om plaas te vind sonder dat enige van die drie weet dit is wat besig is om te gebeur. Omdat dit nou toelaatbaar geword het om die natuur in sy gemanifesteerde sowel as nog-nie-gemanifesteerde vorms “na te boots” (alles deel van een deurlopende spektrum van imitasie), en omdat die ongemanifesteerde vorme eindeloos gaan wees omdat die Skepper van die natuur, naamlik God, se skeppingsmoontlikhede eindeloos is, sluip ’n betekenisverandering in ’n belangrike term tersluiks in. ’n *Weergawe* hoef nie meer net ’n nabootsing te wees van iets wat reeds bestaan nie, maar kan in beginsel ook ’n “weergawe” wees van iets wat nog nie op aarde verwesenlik is nie. ’n Begrip oor kuns het nou ontstaan wat ’n spelning toelaat wat deur die woord “kreatiwiteit” gedra kan word, maar wat steeds onder die begrip “weergawe” (nabootsing) opereer.

Blumenberg wys daarop dat die Middeleeuse kunstenaars en digters (in teenstelling met die ambagsmanne) ’n “arsenaal van metafore en kategorieë” (2000:21) tot hul beskikking gehad het en gereeld oor die aard van kuns nagedink het, helaas slegs in konformistiese terme. Dit was die ambagspersoon – hy wat nié die middele tot nadenke gehad het nie en wat “at a loss for words [*Sprachlosigkeit*]” was, wat die sprong geneem het juis omdat hy nie (soos die digters) die middele gehad het om dit te keer het nie (2000:21). Die ambagsman wat spronge maak maar nie die middele het om daarvoor na te dink nie, het egter ’n kommerwekkende nasleep tot in die moderne tyd gehad, skryf Blumenberg:

It is not until today – when the technological arena is held in high regard as something “useful to society” – that the very striking situation has arisen in which the people who determine the face of our world most powerfully know the least about, and know the least how to express, what it is they do. (2000:22)

Nou, amper dertig jaar na Blumenberg se dood, met die uitkringende kommunikasiemoontlikhede van sosiale media en die kuberruim, is dieselfde gebrek aan nadenke, wat nou baie groot etiese implikasies het, by die tegnologie te bespeur.<sup>9</sup> Dit het die kunstenaars en digters der tye gepas om hulself te waan as die enigste definieerders van menslike skepping, terwyl hul slegs lippediens betoon aan die ambagsman, en ek sal argumenteer dat hierdie situasie ons by die huidige dilemma van onnadenkendheid so tekenend van die surveillance-kultuur uitgebring het.

Een van die tegnologie se grootste deurbrake, die vliegtuig, was ’n egte *uitvindsel*, net soos die lepel. Dié idee by Leonardo da Vinci (1552–1519), en by die Wright-broers (Orville (1871–1948) en Wilbur (1867–1912)) se eie vroeë pogings, het misluk om die meganika van vlug in voëls na te boots. Daardie idee is noodgedwonge vervang met ’n nuwe tegniese beginsel, die draaiskroef. Die draaiskroef was nie iets wat op opvallende wyse in die natuur in verband met vlieg voorgekom het nie – nóg in die veld van die *imitatio* (van werklike verskynsels),

<sup>9</sup> Volgens my het die positiewe van die Middeleeuse *Sprachlosigkeit*, naamlik dat dit nie toegang gehad het tot hindernisse wat spronge kon verhoed het nie, in die laatmoderne tyd in ’n negatiewe verander.

<sup>10</sup> Die draaiskroef kom wel voor in die landbou sedert 234 v.C in die vorm van die Archimedes-skroef, ontwerp deur die Griekse wiskundige Archimedes van Sirakuse (287 v.C-212 v.C) vir hidrouliese pompaksie – om water van laagliggende dele na hoër liggende dele te verplaas. Voor Archimedes kom die draaiskroef selfs in die Egiptiese leefwêreld voor, waarskynlik ook vir landbou-doeleindes. Maar vir die Middeleeue se hekwagters van mimesis sou ’n invoering binne ’n nuwe verband vlieg sodat dit *nuut lyk*, bevraagtekenbaar gewees het.

nóg in die veld van die *perfectio* (van sluimerende verskynsels) (2000:22).<sup>10</sup> Die vliegtuig is egter ’n uitvindsel wat in moderne tyd gebeur het toe die noodsaak om innovasies te verontskuldig reeds meer ontspanne geword het. As die drang na verontskuldiging nog dringend was, soos in die Middeleeue, sou die draaiskroef (spesifiek ten opsigte van die droom om te kan vlieg) die gevaar geloop het om ontbloot te word vir die “gevaar” wat dit was: ’n menslike uitvindsel wat nie in God se planne bestaan het nie. En dus sou dit as iets wat onregmatig onder die teologiese uitspansel bestaan, verdoem kon word. Die alternatiewe scenario, waartoe die Middeleeuse eweneens aanleiding sou kon gee, sou die draaiskroef juis as deel van God se sluimerende, geniale eindeloosheid kon regverdig, iets wat deur God opgedroom is, net soos in die geval van die lepel.<sup>11</sup> Dit sou afhang van die diplomatieke behendighede van die uitvinder.

### 3.2 *Kreatiwiteit: van toelaatbare tot onontbeerlike beginsel*

Nikolaas van Kusa se storie oor die Idioot toon hoedat dit moontlik geword het vir die teologie om kreatiwiteit as wordende beginsel te begin verdra. Die mens is met verdrag van tyd toegelaat om meer skeppend te word – soos die Idioot se geval wys – onder die voorwendsel dat “die natuur” uit die *verweselikte natuur* sowel as uit die *moontlike natuur* bestaan.

Die belangriker vraag vir Blumenberg was egter hoe ’n bloot toelaatbare beginsel tot ’n dringend onontbeerlike beginsel in die Vroeg Moderne Tyd kon ontwikkel het. Die ontploffing van kreatiwiteit in die vroeë moderniteit het skielik getoon dat die kreatiewe beginsel nie meer ’n onderdanige waarde binne ’n eeueoue stabiele opset is nie. Die kreatiewe sou uiteindelik ’n ontploffende beginsel sonder enige beperkinge word, wat ’n nuwe opset inlui. Die ou teologiese raamwerk van Aristoteles, gebou op Plato se skema van die eindige ryk van die ewige Vorme, kon teen die tyd van die nuwe ontploffende vorme net nie meer van krag gewees het nie. Ek karteer voorts die reokkupasies wat dié situasie moontlik gemaak het.

Die idee dat alle geskape dinge noodwendig nabootsings moet wees van die Platoniese Vorme – die “bloudruk” van moontlikhede – het ’n *omskrewe* wêreld aan die mens gegee. Belangriker nog, dit het beteken dat alles wat bestaan, reeds in prinsipe “geskape” was. Vir die proses van kreatiwiteit om vrygemaak te word van die opvatting dat kuns moet heenwys na reeds bestaande dinge, moes die voorwendsel dat dit nie gebeur nie, eers geskep word. Dié voorwendsel moes die logika van die magtige Aristoteliaanse stelsel gestand doen én dit gelyktydig ontduik. Dit moes ’n *onbewuste* reokkupasie-proses van stapel stuur sodat daar sekerheid kon wees dat die mens nie op die terrein van die Skepper oortree nie. Telkens het die reokkupasies die Platoniese onderbou uitgedaag, maar telkens was die Platoniese onderbou die sterkere krag, en het die voorwendsel die nuwe idee aan die ou stelsel onderdanig gemaak.

Totdat die geslaagde reokkupasies met verdrag van tyd wel meer erkenning kon begin geniet. Blumenberg verduidelik hoe:

The fundamental question here is not at all about where the authenticity of human accomplishments was first conceived, but rather about where it achieved the unique

<sup>11</sup> Die vraag kan ontstaan of die lepel werklik so innoverend was, en of dit nie net dalk ’n metafoor vir die spitgraaf was nie. Die eerste spitgraaf dateer uit die Neolitiese era, sowat 10 000 v.C. (volgens verskeie internetbronne). Die Aristoteliaanse stelsel was amper definitief vertrou met die spitgraaf, dit is nie die punt nie. Die punt is dat hierdie stelsel (hoewel veel later as die Egiptenare) met *mimesis* gewerk het en moeilik *nuwe uitvindings* wat nie daarmee rym nie, sou toegelaat het. Behalwe as die uitvindings buite die valkoo van die teologie plaasgevind het, soos in die geval van Kusa se Idioot wel in die begin die geval was.

metaphysical status that would allow it to be at the center of the thought of an entire epoch [die Moderne Tyd]. (2000:27)

Die enigste plek waar kunsmaking die metafisiese status kon verwerf wat die moderne kreatiwiteit tot gevolg sou kon hê, was in die domein van die teologie van die Laat Middeleeue. Kreatiwiteit moes teologiese status verwerf ten einde die ou teologie te ontset. Hoewel Plato gunstiger geoordeel het oor artefakte soos die rusbank as oor 'n skildery (wat dinge soos die rusbank naboots) (Blumenberg, 2000:25), het nabootsing in effek binne die Aristotelianse opset 'n negatiewe konnotasie bly behou: dit kon hoogstens afskynsels van die volmaakte Vorme teweegbring. Dit was so, nie soseer weens Aristoteles se filosofie nie, maar weens die invloed van die Neoplatonisme op die Laat Middeleeue, wat die Aristotelianse opset meer behoudend laat funksioneer het en nader aan Plato gedruk het (Blumenberg & Wertz, 2000). Nabootsing moes sigself bewys. Selfs die aardskepper (die Demiurg), die onvolkome godheid wat vir die *sigbare aardse skepping* verantwoordelik was – uit Plato se latere *Timaeus* – en self 'n afskynsel van die ware (vreemde) God, bly die skepper van voorkomste, nie van Syn nie. Die Syn van dinge het in die Platoniese Vorme bly setel.<sup>12</sup> En die Vorme beliggaam alles en enigiets wat moontlik is – as synde alles dinge wat in beginsel *reeds bestaan*. Die skema wat binne die Neoplatonisties deurstraalde Aristotelianse stelsel onomseilbaar was, was steeds kuns-as-nabootsing. Sodoende was die mens self irrelevant in die skema van dinge en maaksels. In die volgende sitaat verskyn die skakel wat uiteindelik alles sou verander, naamlik die *wil* van die mens. Maar die wil van die mens was vir lank nog onttrag.

The *will* has no power to bring into being; it can only will what already is, can only – like the god himself – “stay in motion.” (2000:30) (my kursivering)

Tot op hierdie stadium het die mens die nuwe ruimte om te skeep gehad, maar sy wil bly ongeaktiveerd omdat dit eintlik nie as iets onafhanklik van God bestaan het nie.

'n Ander area het egter intussen vir reokkupasie oorgegaan: Alles wat is, is ook in *beweging*. Dit begin by die Aristotelianse God self, genaamd die “Onbeweeglike Beweger”. Hy plaas alles wat is en ook wat in wording is in beweging – terwyl sy *eidetiese* inhoud (die bestaansvolheid van God as denkbare sowel as ondenkbare inhoud) 'n konstante bly. Die *telos* van die skepping is dus 'n konstante, maar die besonderhede van die tussentydse dinamiese onafheid daarvan is nie 'n konstante nie. Hierdie dinamika laat in beginsel vir die mens *beweging van skepping* toe, maar gee nog geen rede waarom hy dit in aller yl sou aangryp nie:

In the interpretation of Aristotelian mimesis, the significance of the dynamic conception of nature is referred to repeatedly – not as the total, given eidetic constant, but rather as the embodiment of the generative processes producing this constant at any given time: ‘the creative force, the productive principle of this universe’. Here we have the classical distinction between *natura naturans* [die ‘werke’ van die natuur] and *natura naturata* [die mens se inwerkings op die natuur]. (2000:31)

Aristoteles hou nooit op om die *epiteleia* (die weg na die doel) te beklemtoon nie, wat beteken dat die mens potensieel “op reis is” na die telos, saam met sy onaf werke.

<sup>12</sup> Dis maklik om te sien hoe menslike optredes en boetserings met sonde verbind kon word teen die tyd wat die Bybelse tradisie by die Platoniese erfenis aangesluit het. Lank voor Augustinus die individu as sondige wese getipeer het, het Plato reeds die menslike as 'n weggevalle eksemplaar van die egte getipeer.

Here lack [onafheid], in any case, does not mean ‘empty space’, but rather the developmental goal that is *never quite* reached. (2000:31). (Blumenberg se kursivering)

Die netto effek van die Aristoteliaanse skema – soos dit in die Middeleeue vertolk is – is uiteindelik dat alles wat *behoort te bestaan*, sal bestaan. En die mens is hierin maar net ’n instrument van ’n natuur wat sy eie telos as natuur sál bereik. Helaas, steeds is die nodige skakel vir wat die moderne kunstenaar sou word, nié geaktiveer nie:

What one would call ‘the human world’ basically does not exist. The human has his place at the conclusion of the physical teleology as maker and actor: He brings to completion what nature would have brought to completion; the ‘ought to be’ is immanent in nature, not in him. (2000:32)

Die ruimte vir skeppingsvryheid, en die aard van daardie ruimte – dat dit dinamies is – het intussen bly lading bykry. Volgens Heraclitus (in die Hellenistiese tyd) is die wêreldstelsel (kosmos) ’n netwerk van teenstrydighede, “wat mekaar juis nié uitkanselleer nie, net soos die polis uit ryk en arm, swak en sterk, en goed en sleg, man en vrou en droog en nat bestaan” (2000:32). Die teenstrydighede beslaan ’n verenigde geheel en gee in beginsel aan die mens die reg om “teenstrydig te skep”. Die oorkoepelende waardesisteem is steeds mimesis: Die mens kan watter kuns hy ook al wil, maak, want sy werke gaan geen effek op die uiteindelijke uitkoms van die skepping (*entelechia*) (2000:31) hê nie. Dit is nie moontlik om te sê *wat* God se volledige Skepping alles beslaan nie, slegs *dat* dit teleologies volledig sal eindig. Hierdie is ’n kosmos wat opnuut deur die Vorme omskryf word, hoewel die mens as skepper reeds sy bewegingsvryheid het. Die reokkupasies bly dus steeds lading bykry, behalwe vir die broodnodige kardinale reokkupasie, wat tot op die laaste uitbly. So het die term “die almag van God” die term “die eindeloosheid van die Skepping” begin vervang. Omdat God almagtig is, sou die wêreld waarin die mens woon die beste van alle moontlike wêreldes moet wees, het Gottfried Wilhelm Leibniz (1646–1716) gepostuleer (2000:44); sien ook Blumenberg, 1983). Die redenasie was God sou nie iets laat verwesenlik wat nie sy eie beste keuse is nie. Helaas, omdat die Skepping in beweging is, dit wil sê in beginsel bestaan en nie noodwendig volledig gerealiseer is nie, “the maximal version of divine omnipotence makes it necessary to say, no actual creation of the creator comprises the full extent of what He in His greatness and perfection could have achieved” (2000:42). In sy Skepping het God nie slegs die moontlike geskep nie, maar ook *die feit van alle* toekomstige en bestaande *moontlikhede*. In hierdie handskoen glip die mens as maker nou: enige skeppingsmoontlikheid het die moontlikheid om deel van God se *entelechia* te wees. Tot nou toe – op pad na die aanbreek van die moderne kuns – was dit toelaatbaar vir die mens as skepper om te skep, maar nie dringend noodsaaklik nie. Omdat moontlikheid as sulks deur God geskep is, kan die kunstenaar homself egter nou op die moontlikhede werp. Hy word dus nou in beginsel ’n aktiewe agent van die goeie. Die ontbindbaarheid van die tese “kuns is mimesis van die natuur” is besig om sigbaarder te vertoon – maar stééds onder die implisiete dekmantel van mimesis. Wat verwesenlik is, is slegs ’n deel van wat moontlik is, en die implikasie hiervan is dat kuns meer moet doen as net heenwys. Dit moet die moontlikhede self wórd:

So powerful is the foundational formula of imitation of nature, so deeply rooted in the metaphysical tradition, that its sanction for the significance of human creations cannot be dispensed with, even when it is used to express – even to proclaim! – the exact opposite of its intended meaning. (2000:45)

Daar was nou geen manier om nog te kan sê dat die sigbare die beste moontlike wêreld is nie, en daarom moet die onsigbare tot lewe gebring word. Dit wat altyd toevallig voorgekom het, word juis om hierdie rede van wesenlike belang (2000:48). Maar daar was steeds die laaste vermiste skakel wat die volledige oorgang na moderne kuns sou moontlik maak.

### 3.2.1 Die vermiste laaste skakel

Die vraag was steeds: Waarom sou die mens met soveel energie 'n nuwe wêreld wou maak? Dit had met die vrylating van mens se wil te doen.

Die mens se wil was tot nou – tot net voor die aanbreek van die moderne kuns – implisiet deel van God se telos. Die vroeë Christelike filosoof Augustinus van Hippo (354–430 n.C.) se begrip van die mens se vrye wil het met die vestiging en uitbreiding van die Christendom in die later Middeleeue radikale invloed verkry. Augustinus het aangevoer dat die mens se vrye wil die rede is vir die bestaan van sonde in die wêreld. Sodoende kon hy die almagtige God van aandadigheid aan die bestaan van sonde vryspreek (Blumenberg, 1987:xxvi). Maar dit het nou beteken die mens se wil is nie per definisie deel van God se Wil of sy telos nie. Die feit dat God almagtig is, het ook boonop beteken dat hy enige nuwe bestaan voortdurend *ex nihilo* (vanuit nuwe premisses) kon skep (Blumenberg, 1983:153), waaruit die mens nooit 'n patroon sou kon vestig vir sy kennis oor God nie. Trouens, as die mens God se weë kon peil, sou hy ook almagtig gewees het, en dit sou God nie toegelaat het nie. God se weë – die *potentia absoluta* – was nou finaal 'n geslote boek – *én die mens se vrye wil verkry 'n nuwe onus*. Dit was 'n tweede been van Augustinus se teologie, naamlik dat alleen God besluit wie die ewige lewe beërwe, wat die mens geen keuse gelaat het nie as om sy eie wil vir homself ter wille van homself te laat geld (1983:154). Dit sou nie noodwendig 'n transgressie wees nie want God se ware weë is onbekend. Die pad was nou gebaan vir die moderne kunswerk en die uiteindelijke *objet ambigu* (Endres, 2022:76).<sup>13</sup>

## 4. Hans Blumenberg en Leonardo da Vinci

Ek wil vir 'n moment die aanbreek van die moderne agterlaat en teruggaan na die kunsopvatting van die Renaissance net voor die moderne, ten einde die samehang van idees in hul tydsgewrig te illustreer. Die sentrale strekking van Blumenberg se kunsteorie is dat die logika van alle kuns, net soos van alle narratiewe, soos geskiedskrywing, en selfs die moderne wetenskap, *metaforologies* saamgestel is. Die mens dink en gee sy ervarings en mymerings weer in terme van metaforiese strekkinge wat in die eerste plek daarop gemik is om sy lewensangs vir die onbekende te sus deur die *onbekende* in terme van die reeds *bekende* te vertolk. Die mens skep 'n *bolwerk* van behoudendheid met sy lewenswêreld en instellings. Kuns probeer nie die werklikheid weergee nie, maar wil 'n verteerbare wêreld met sy verbeelding skep. Mimesis was nog altyd net die voorwendsel.

Maar al is dit moontlik om vanuit die hedendaagse tyd die ware aard van kuns in te sien – omdat die moderne mens in staat is om fenomenologies oor sy wêreld te dink – moet die historiese kuns steeds binne die verwysingsraam van die tyd waarin dit gelewer is, beoordeel word. Daarom lewer Blumenberg 'n deurtastende kritiek op die groot Franse digter en denker Paul Valéry (1871–1945) se analise van Leonardo da Vinci se werk – wat Valéry vanuit sy eie,

<sup>13</sup> Die reokkupasie toon ook by uitstek die nie-essensialistiese aard van kennis. Kennis evolueer op grond van funksies, nie op grond van onsllytbare essensies wat aangestuur word nie.

moderne raam lees. Valéry lees Leonardo asof hy 'n *komplekse moderne meester* is, terwyl Leonardo volgens Blumenberg heel vroegmodern en nog verknog aan die mimesis-model was. Daarenteen beskou Blumenberg Valéry se kunssienings wel as een van die beste formulerings *vir die raam van die moderne kuns*, waarin Valéry self werksaam was.

So skryf die Blumenberg-komentator, Johannes Endres, oor die ware fenomenologiese aard van alle kuns (soos ons as moderne mense dit nou kan sien) in vergelyking met die mimesis-model:

Blumenberg deeply distrusts images in general and representational art in particular, for the same reason that he thinks highly of the capacities of language and literature to conceptualize its subject in a contrary and nonmimetic way. Thus the prominence of the “metaphor” in his philosophy negatively affects his views on a visual imagery proper, which appears to lack the level of complexity and indirectness attributed to the former. (Endres, 2022:68-9)

Die vroegste beelde in die mens se kuns was opgestel teenoor die angswekkende realiteit buite die grot, en die oerbeeld was bedoel om genot en veiligheid te verskaf met juis 'n *kontra-feitelike* voorstelling, sê Endres. Die grotkuns was bedoel om die absolutisme van realiteit met geborgenheid te vervang, en die realiteit juis nie weer te gee nie. “It takes on the substance of the things it depicts while hiding its status as a human-made image under the guise of a natural object” (Endres, 2022). Die estetika verf oor die “original terrors” en wil niemand daaraan herinner nie. Vir Blumenberg het Valéry Leonardo se kuns verkeerdelik as 'n spel van “wiskundige metaforiek” gesien soos die moderne kuns eeue later wel sou word. Vir Blumenberg “such a description of the cultural achievement embodied in the Renaissance concept of linear perspective seems hardly accurate,” skryf Endres (2022:74). Blumenberg stem wel met Valéry saam dat kuns uiteindelik moet kan insien dat dit nie met realisme besig is nie, selfs nie wanneer die style van realisme ter sprake is nie. Maar hy verskil met Valéry dat Renaissance-kuns al in staat was om deur sy eie rookskerm te sien. Die Renaissance was nog vasgevang in die “window image” (“venster-aanblik”-funksie) (Endres) van kuns – waarin die kuns sy eie aanblik van 'n stuk realiteit as die enigste moontlike aanblik daarvan sien en die realiteit by verstek met daardie aanblik gelykstel. Dit kan ook beskryf word as die kuns van die liniêre perspektief – 'n opvatting uit die laaste fase van mimesis (Endres, 2022:75).

#### 4.1 *Verskrikking en die poëtiese*

Dit is altyd die geval dat die kuns wil troos, maak nie saak wat die toevallige tydperk se legitimasie van kuns mag wees nie. In die Aristoteliaanse opvatting is die vormvastheid wat die Platoniese Vorme aan die skepping verleen het die bron van gemoedsrus. Dit sou myns insiens aangetoon kon word dat selfs die moderne opvatting van kuns (soos gevind by Valéry) – wat fokus op die spel van kompleksmaking en die opskortings van sekerhede – nuwe bronne van gerusstelling bevat. Onderliggend aan die komplekse kunsopvatting van die moderne is 'n groot vertroue in die spel van die fenomenologie. Ek sal in die laaste afdeling verder illustreer hoe die moderne, ondanks sy grootse illlusie van selfstandigheid, nog steeds werk met die oogmerk van geborgenheid. Die vroegste denke was mities van aard, dit wil sê verwant aan wensdenkery, waarin gode en singewende patrone bedink is ter beskerming. Hierdie patrone verval nooit nie; dit is deel selfs van die moderne kunsverbeelding se taal.

Van die vroegste vorms van die optekening van mites was deur middel van die poësie. In 'n storie deur die digter Hesiodos (aktief 750 v.C.–650 v.C.) oor die godin Minerva wat 'n

oorwinning oor Medusa, die verskriklike Gorgoon-vrou, vier, sien ons 'n vroeë voorbeeld van die rol van die poëtiese om verskrikking te besweer (Blumenberg, 1990:65). Minerva het die ondergang van Medusa op haar skild uitgebeeld, en Hesiodos het 'n gedig daarvoor geskryf. Poësie bied homself as redding uit die verskrikking aan en dien as voorbeeld dat die verskrikking oorkom is.

As moderne voorbeeld wil ek die beginreëls van *Die tweede elegie* van die digter Rainer Maria Rilke (1875–1926) uit sy reeks *Duino-elegieë* aanhaal:

Elke engel is skrikwekkend. En nogtans, wee my,  
sing ek tot julle, byna dodelike voëls van die siel,  
en ek weet van julle.

(Pieterse, 2007:37) (Vertaler)

#### 4.2 *Die historiese Leonardo versus die “moontlike” Leonardo: Blumenberg teenoor Valéry*

Blumenberg se model van evolusie van die denke is gerangskik in tydperke (epogge) waarin die kunsvorms dienooreenkomstig ontwikkel van “illustreerend” (verwysend na 'n objek buite die kunswerk; mimeties) na “literêr” (vreemd makend; kompleks makend; ontsporing van gewone taal). Die poëtiese is nie 'n substantiewe begrip nie, maar 'n funksionele een wat volgens die behoeftes van die tydperke verskil (Endres, 2022:67).

Verder voer Blumenberg aan dat verskillende tydperke met verskillende werklikheidsraamwerke werk (Feger, 2020:293), onderskeibare ontologieë, dus. Die Antieke Tyd se werklikheidsbegrip (*Wirklichkeitsbegriff*) was een van “onmiddellike getuienis” (2020:293). Die dinge is daar en hulle spreek vir hulself. Die aardse “dinge” verklap aspekte van die Vorme, nie op grond van die Vorme (wat onkenbaar is) nie, maar op grond van hoe die “dinge” hul verskynings maak. Dan kom die werklikheidsbegrip van die Middeleeue, wat een van “gewaarborge getuienis” is. Hierin word die werklikheid gewaarborg deur die sanksie van God wat buite die wêreld woon. Die volgende raam, die Moderne Tyd, is een van 'n *wêreld wat homself van binne aktualiseer* (Feger, 2020; sien ook Naudé, 2023b), en word getipeer deur gedreweheid vanuit die self. 'n *Vierde raam*, wat ek met die Laat Moderniteit in verband bring, is die raam van *Widerstand* (weerstand). Op hierdie betekenis-tydsraam kom ek verderaan terug.

Ter sake nou is die raam waarbinne die Renaissance val, Leonardo se tyd – 'n tussenin-tyd van skakeling tussen die Middeleeue en die Vroeg Moderniteit. Blumenberg voer in sy beeldteorie (“image theory”) (Endres, 2022) aan dat Leonardo se kuns binne hierdie gewrigtelike tyd vertolk moet word om dit te verstaan en nie vanuit die moderne nie. Die toonbeeld (paragoon) van 'n Renaissance-kunswerk is die prentjie-beeld (*pictorial image*) wat 'n bepaalde entiteit uitbeeld. Die toonbeeld van die moderne is die “literêre teks” (soos argitektuur en musiek, wat nie na iets buite verwys nie maar 'n kommunikasie oor sigself is) (Endres, 2022:74). Die toppunt van moderne kuns word die beste beskryf deur Valéry se eie term daarvoor, die “objet ambigu” (die dubbelsinnige voorwerp). In die *objet ambigu* is daar geen sprake van mimetiese verwysing of die “venster-aanblik” op 'n losstaande werklikheid nie. My eie emblematiese voorbeeld van moderne kuns sou wees die werk van die kunstenaar Mark Rothko (1903–1970), wat ooglopend na die kunstenaar se innerlike – 'n subjektiewe wêreld van eenmalige ervaring – verwys, en wat dus nie meer mimeties optree nie. Daarenteen “betoog” die werk van Leonardo vir 'n definitiewe en *bevoorregte* perspektief, volgens Endres, wat die volle vryheid van arbitrêre ruimtelikheid en potensieële ervaring van die waargenome uitsig of objek ontsê (Endres, 2022:76). Valéry mis 'n gulde geleentheid om 'n ontleding van Leonardo

“vanuit die *epistees* van sy [Leonardo] se eie tyd” te lewer, volgens Blumenberg (2022:77).<sup>14</sup> Die Renaissance is ’n tussenin-tyd: Dit hou aan om mimetiese kuns te bevorder, maar begin dit terselfdertyd bevestig te bevestig:

While he shifts the scope of what is imitated from the *natura naturata* to the *natura naturans* (just like Cusa did), that is, to nature’s own creativity, and thus alleviates the comparison of the artist to a godlike figure, Leonardo still seems to prolong an art-theoretical terminology that is actually outdated (2022:80).

Die sentraleperspektief-aansig waaruit Leonardo skilder, onderwerp die skilder aan ’n bepaalde aansig en skeld hom vry van godnabootsing (die alom-uitsig). Leonardo toon sterk ooreenkomste met die ambivalente posisie van die sterrekundige Nikolaus Kopernikus (1473–1543) in die Laat Middeleeue, veral op die manier waarop dit die mens van teologiese transgressie wil vrywaar. Kopernikus kon egter die aarde na die randjie van die heelal skuif omdat dit met genoeg ander punte in die heersende teologie oorvleuel het (Blumenberg, 1983:591). Kopernikus het daarop gewys dat die woning van God in die hemele is, weg van die aarde, en dat die mens saam met die aarde om God wentel. Die aarde wat om die son wentel, is gewoon ’n illustrasie hiervan, sodat die son ’n metafoor vir God word. Sodoende het die mens sy sin van geborgenheid behou terwyl sy kennisstelsel inderwaarheid radikaal aan die verander was. Insgelyks, onder invloed van Kopernikus, weet Leonardo dat die mens nie die middelpunt van die Skepping is nie, God is, maar as die mens sy oog gesentreer op die werklikheid hou soos wat dit deur God aan hom geopenbaar word, sal God aan die mens se kant bly. Van beide Kopernikus en Leonardo kan gesê word dat hulle vanuit ’n randposisie die “beste moontlike” (“gegeewe”) perspektief op sake probeer handhaaf. Maar kyk na die skuif wat heimlik gebeur: die aanvaarding van subjektiwiteit van die waarnemer as deel van enige waarneming, word reeds hier bekendgestel. En, as jou waarneming noodwendig subjektief van aard gaan wees, hoe kan jy weet dat sentrale perspektief die beste moontlike perspektief is? Soos wat die mens se bewustheid van die subjektiwiteit van sy eie waarneming groei, so sal die relevansie van sentrale perspektief kwyn – vir beide die sterrekundige en die kunstenaar van die toekoms.

Leonardo en Kopernikus bring ’n gewysigde perspektief op die Middeleeuse werklikheid mee, maar sonder om die heersende teologie te weerspreek – en tog sal hul wysigings die teologie verander. Hulle bring albei *reokkupasies* mee, wat die heersende kennisstelsel op die korte duur bevredig maar op die lange duur in iets anders sal verander. Die feit dat Leonardo se uitbeeldings met natuurlike voorkomste ooreengekom het, kon die mimesis-model ondersteun, terwyl sy aanvaarding van ’n subjektiewe blik, wat die Pandoraboks van eindelose innovasie oopmaak, vir eers verbloem kon bly:

The window image and its visual regime, we are told one more time, have been equivalents of the theoretical curiosity of Leonardo’s age and the epistemological agenda that underlies it. A truly modern art, be it visual or literary, however, has to leave both behind. (Endres, 2022:90)

<sup>14</sup> Teen die agtergrond van Friedrich Nietzsche (1844–1900) se betoog in *Die vrolike wetenskap*, naamlik dat etiek ook ’n vorm van die estetiese is, het hierdie kritiek van Blumenberg op Valéry se siening van Leonardo pertinente implikasies vir die geldigheid van sommige hedendaagse politieke beskouings wat etiese oordele vanuit die laatmoderne tyd op die bewegredes van optredes gevind in ander tydperke, soos die vroeë moderne, vel. So sou mens ’n Blumenbergse kritiese analise kon maak op heelparty fasette van postkoloniale studies wat tans hoogty vier.

### 4.3 Die nie-verteenvoordigende beeld as hoeksteen van die moderne kuns

Die versaking van die logika van die venster-aanblik sowel as die teoretiese kennisstruktuur wat daarmee saamhang – die vroegmoderne struktuur van die Renaissance – is uiteindelik deur die volledig moderne mentaliteit teweeg gebring. Die literêre omwentelings van die agtiende eeu, soos onder meer deur Johann Wolfgang von Goethe (1749–1832) vergestalt en waarvan William Shakespeare (1564–1616) ’n voorloper was, sou ook wegbreek van enige idee van mimesis. Selfs die vaste punt van kunstenaarsidentiteit wat geleë is in die subjek, vervul met die latere moderne digter Fernando Pessoa (1885–1935) se heterogene liriek, waar hy gedigte onder fiktiewe subjekte se name skryf. Nog ’n voorbeeld wat ek kan noem, kom uit die filmmedium. Die film, by uitstek ’n moderne medium, wat die moderne roman se onafhanklikheid van “die natuur” vir eers wou naboots, sou finaal breek met die “natuurlikheid” van voorkomste, deur die uiterstes van subjektiewe innerlike wêreld van karakters te verbeeld in rolprente soos David Lynch se *Eraserhead* (1977).

## 5. Die kuns sien uiteindelik deur homself

Blumenberg sê die volgende oor die Moderne Tyd: dit is die tyd waarin die mens bewus met die fenomenologiese aard van sy realiteit begin omgaan (Feger, 2020). Hy kan dus binne sowel as buite sy eie werklikheidsraam staan. Dit is hierdie bewuste fokalisering waarmee die moderne kunstenaar werk, wat hom van sy voorgangers in die Middeleeue en die Renaissance onderskei. In die vroeër tye moes die kunstenaar ’n *ondeursigtigheid* ten opsigte van die ware aard van sy kennisstelsel handhaaf. Hy het geglo dat hy die realiteit (natuur) weergee, terwyl sy kuns inderwaarheid ’n verbeeldingkonstruk was wat hom teen die absolutisme van die realiteit beskerm het (Endres, 2022:83). Die moderne kunstenaar is vir die eerste keer bereid om deur sy eie historiese rookskerms te kyk (sien Feger, 2022:247). Hierdie vermoë word nou deel van sy retoriese bolwerk van selfbeskerming teen die aanslag van die realiteit, waar dit in vorige epogge sy bolwerk sou bedreig het. Die moderne kunstenaar se selfbewuste omgang met fenomenologie<sup>15</sup> en metaforologie stel ’n volkome ruimtelike beweegbaarheid van die subjek in werking. Dit stel die mens bloot, maar die behendigheid van vele wedywerende invalshoeke dra ook vir die eerste keer tot die mens se eksistensiële beskerming by. Die potensiële eindeloosheid van die mens se wêreldkonstruksies gee geleidelik meer hoop as wat dit onherbergsaamheid veroorsaak.

Blumenberg illustreer in *Work on Myth* (1990) hoe die mens se eerste waarnemings en stelsels bykans volledig mitewerkend van aard was. Die mitewerkende aard van die mens se stelsels (soos in sy skepping van die gode), meng lateraan met teoretiese en redewerkende kennis (soos in die teologie), maar die relevansie van sy mitewerkende strukture as getoetste metaforiek vervul nooit nie.<sup>16</sup> Dit bly basisgewens van die gees.

<sup>15</sup> Die fenomenologie as opvatting gaan egter terug na Immanuel Kant (1724–1804) se postulering dat die wêreld soos dit in homself bestaan, met ander woorde, die aard van dinge soos wat hulle “objektief” gesproke sou bestaan – die *Ding an sich* (die ding-in-homself) – nie deur die bewussyn kenbaar is nie, omdat die mens die kenbare wêreld volgens die ontplooiing van sy menslike behoeftes in die tydsverloop gestruktureer het – en dit is alles subjektiewe konstruksies in die menslik kollektiewe sin.

<sup>16</sup> Mitewerking is waarnemings wat die geborgenheid van die mens voorop stel, en redewerking kyk na die ervaring van die mens ondanks sy geborgenheidsbehoefes (sien *Work on Myth*).

### 5.1 Die motiewe van sinrykheid

Sinrykheid is die aktiewe komponent van mitewerking. *Sinrykheid* is 'n begrip waarvan die funksie verduidelik kan word maar streng definisie ontglip, sê Blumenberg (1990:68). Sinrykheid as 'n waarde het nie 'n definitief omskrewe inhoud nie, maar het *gewigtigheid* en *omvang*. Die motiewe van sinrykheid gee patroonmatigheid aan die omringende chaos. Vandaar dat patroonmatigheid en die sinvolle verbreking daarvan 'n *sentrale eienskap* by alle kuns is. Die mitiese motiewe van sinrykheid is so deel van die mens se bewussyn dat dit ook in die teoretiese wetenskappe voorkom in die vorm van simbole en formules, twee patroongewende meganismes wat praat vir gebiede van die gees wat nie eerstehands gekarteer kan word nie.<sup>17</sup> Denkformasies wat om die een of ander rede uitstaan (*ausgeprächt* is) (1990:75), leen hul daartoe om as betekenisvol vertolk te word. Simmetrie is só 'n formasie. Simmetrie is een van die manifestasies van die mitiese motief van gelyktydigheid. Simmetrie sou vir die vroeë mens gelyk het soos iets wat nie per ongeluk is nie en dus soos 'n redding vanuit die betekenisloosheid (1990:74). As oerverskynsel is simmetrie 'n voorloper van die simmetrie wat in latere, meer ontspanne tye, die betekenis van "esteties" sou verkry. En in die teoretiese logika word die motief tot redewerende beginsel vertaal in byvoorbeeld algoritmes.

Sinrykheid kan ook as die *geslotekringpatroon* in verskynsels en narratiewe 'n opwagting maak. Soms verskyn sinrykheid as herhalings/terugkeer van iets wat as "dieselfde" voorkom. Sinrykheid manifesteer ook by die wisselwerking tussen weerstande, wat lei tot 'n verhoogde waarde van 'n figuur of 'n verskynsel weens die uitwissing van die een weerstand. Die verhaal van die omswerwinge van Odysseus is 'n voorbeeld hiervan. Sinrykheid gebruik verder die omgrensing of afsondering of isolasie van 'n verskynsel om die werklikheidsgraad van die verskynsel op 'n spits te dryf (Blumenberg, 1990:70). Vir die moderne mens is dit minder maklik om die indrukwekkendheid van simmetrie te waardeer want ons woon in 'n wêreld van tegniese massaproduksie, van vormkoekies wat juis hierdie sinrykheidspatroon naboots, en sodoende die onwaarskynlikheid van simmetrie verbloem (1990:74). Maar stéeds sal ons wel kennis neem van 'n onverwagte sameval van gebeure, óf die "selfsluitende kring" van gebeurtenisse, óf die *onderliggende ooreenkomste* in dinge en mense, veral as hierdie patrone oor 'n wye bestek van tyd en ruimte plaasvind.

### 5.2 Mitiese sinrykheid in 'n moderne gedig

Die Amerikaner Robert Frost se "Stopping by Woods on a Snowy Evening" illustreer die mitiese motief van die geslote kring in terme van die narratief van tuiskoms, en ek wil daarop wys dat dit dieselfde sinrykheidsmotief is waarop *Die reise van Odysseus* geskoei is.

Twee tuiskomste wedywer teen mekaar. Dit is die tweede tuiskoms wat as die "ware tuiskoms" voorgehou word. Hier is die gedig:

Whose woods these are I think I know.  
His house is in the village though;  
He will not see me stopping here  
To watch his woods fill up with snow.

---

<sup>17</sup> Blumenberg beskryf hierdie werking in sy werk *Shipwreck with Spectator* (1997).

My little horse must think it queer  
 To stop without a farmhouse near  
 Between the woods and frozen lake  
 The darkest evening of the year.

He gives his harness bells a shake  
 To ask if there is some mistake.  
 The only other sound's the sweep  
 Of easy wind and downy flake.

The woods are lovely, dark and deep,  
 But I have promises to keep,  
 And miles to go before I sleep,  
 And miles to go before I sleep.

(Frost, 1951:250)

Dit lyk aanvanklik of die reisiger maar net besig is om met genoeglikheid aan sy tuiskoms by sy huis en mense te dink. Sy gewaarwording oor hoe ver die pad huis toe nog is, wat in die slotstrofe herhaal word, gee die indruk van hoe sterk sy verlange na sy huis is. Tuiskoms staan dwingend met aardse oorlewing in verband en hierdie reisiger bevind hom in 'n onherbergsame plek. Hy en sy perd rus 'n bietjie en geniet die uitsig op 'n sneeubedekte woud. Die mymering vind plaas terwyl hulle rus en voordat die reis hervat gaan word.

Die twee tuiskomste, wat in die laaste twee reëls se herhaling in spanning geplaas word, is die tuiskoms by huis en haard en 'n ander tuiskoms, een wat beloop om die verteller van sy aardse reis te verlos. Die tuiskoms by die wagtende plaasopstal is trouens in 'n rigting wat weglei van die “donker en diep” woud wat die ander tuiskoms versinnebeeld.

Die groot verskil tussen hierdie gedig en Homeros se epos is dat die sinrykheidsmotief van tuiskoms, wat in beide kunswerke werksaam is, in die Frost-gedig *bewus* met die metaforiek as metaforiek omgaan.

### 5.3 Die Odysseus-tema in 'n eietydse gedig

In die gedig “Ithaka” van Breyten Breytenbach kom die groot Homeriese tema van Odysseus weer aan die bod. Dit is 'n liefdesgedig wat geskryf staan in die teken van die dood. Die gedig werk met die geslotekringmotief van argaïese mitiese konstruksies, net soos die oorspronklike Homeriese verhaal.

Die volgende passasie uit die hedendaagse gedig toon die kunswerk as Valéry se “ambivalente voorwerp”, waarin die “eiland” meer as een betekenis kan hê, en in 'n spel van meervoudige lesings opgaan. Boonop is die moderne belang van doodgaan in die gedig ter sprake, 'n beheptheid wat gebore word deur die Moderne Tyd se klem op die individualisme, en wat waarskynlik nie in ewe maat ingespeel het op die Homeriese betekenis in die antieke tyd nie. Dit beteken nie dat die Homeriese konstruk nie metafories te werk gegaan het nie, maar dit is baie onwaarskynlik dat die onafsluitbaarheid van betekenis dieselfde definiërende rol as by die eietydse gedig gespeel het. Die digter noem dit die “eerste en laaste eiland”; die “verlore begin” en die “onbegonne tuiskoms”:

Noudat my ophoutyd oor die einder kom  
 met verbleikte seile –  
 ’n eerste en laaste eiland waar slegs  
 die blinde hond my nog getrou inwag  
 vou ek hierdie skrywe in twee, vrou,  
 en lê dit, weggesteek in die koevert  
 van die verlore begin,  
 soos ’n onbegonne tuiskoms  
 voor jou deur

(Breytenbach, 2016:305)

In die betekenislae is daar onder die betekenis van “Ithaka” altyd maar ’n verdere “Ithaka”. Dit het met die moderne mens se fenomenologiese ervaring te doen. (Dit is veel meer van ’n *objet ambigu* as Frost se gedig.) Hierdie verskil illustreer die verskil in betekenisraam waaruit Homeros en Breytenbach skryf. Die Homeriese gedig is geskryf vanuit die werklikheidsbegrip van die Antieke, naamlik “onmiddellike getuienis”, en die eietydse gedig is geskryf vanuit die moderne se werklikheidsraam van *self-aktualisering*, selfgeldig en verwysing na die ervaring van die waarnemende self as subjek. Daar is interessante verskuiwings in die funksionaliteit van kuns wat besig is om ook in die laatmoderne tydsgewrig plaas te vind, waarvan die genoemde voorbeeld van Pessoa emblematis is, maar dit sal die onderwerp van meer toegespitste navorsing vereis.<sup>18</sup>

## 6. Samevatting en sommige implikasies vir die laatmoderne kunswerk

Blumenberg se denke oor tydperke waarvan die betekenisraamwerke van mekaar verskil – die Antieke Tyd, die Middeleeue, die Renaissance, die Moderne Tyd en die Laat Moderne Tyd – is gewortel in sy makro-geskiedkundige en antropologiese ontledings van hoe en waarom betekenis in die tydverloop verander. Die basiese uitgangspunt is antropologies-filosofies: die mens is ’n betekenis makende wese omdat hy vroeg in sy evolusietyd met die vloer van sy beskermende instinkte kontak verloor het. Dit beteken die mens maak betekenis uit nood en die eerste betekenis het van meet af aan ’n bepaalde *funksie* vervul, naamlik om die mens van psigiese en dus ook fisieke ondergang te red (*Work on Myth* (1990)). Betekenis – onder meer die gode, die praktiese wysheid en die estetiese – het geen ander primêre rol te speel behalwe om die mens se selfbeskerming, wat Blumenberg ’n retoriese bolwerk noem, te vestig en uit te brei nie. Dit is ’n *retoriese* bolwerk omdat dit die mens se manier is om sy bestaan teenoor oorrampende groot kragte aan homself te legitimeer, en omdat alle legitimasië voorlopig (retories) is. Die mens bedink aanvanklik ’n wêreld in wording om homself uit die absolute verskrikking van die realiteit weg te wens. Omdat betekenis se aard nie-substantief en nie-essensialisties is, verander betekenis op funksionalistiese wyse. Desnieteenstaande is die mens baie beskermend oor sy retoriese bolwerk en moes hy histories die verandering van betekenis meestal verbloemd aan homself voorhou. Hierdie opsetlike verbloeming verander in die Moderne Tyd wanneer die mens se situasie stabiel genoeg is vir hom om deur sy eie historiese rookskerms van selfbeveiliging te kan sien.

<sup>18</sup> Die bloemlesing van die Afrikaanse poësie, wat volgens “postmoderne” manifestasies saamgestel is, deur Foster en Viljoen, naamlik *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* kan geraadpleeg word.

Een van die groot winste van Blumenberg se filosofie is dat dit meta-ontologies is, waarvan die aannames oor funksie in “diep tyd” gewortel is. Reokkupasie is ’n evolusionêre proses wat seker maak dat die mens nie aan betekenisloosheid of te radikale oorgange blootgestel word nie. Filosofieë soos die poststrukturalisme in sy vele gedaantes kan radikale dekonstruksies maak, soos aangetref in die taalteorieë van Jacques Derrida (1930–2004) byvoorbeeld, maar dit is Blumenberg se filosofiese antropologie wat kan verduidelik waarom sulke dekonstruksies op bepaalde tye moontlik geword het. Neem byvoorbeeld die poststrukturalistiese idee dat die denkende subjek, en dus ook die outeur van kunswerke, “nie bestaan nie”, met ander woorde *nie* as ’n *essensialistiese* inhoud bestaan nie, maar as die bepaalde som van interagerende taalttekens en dus as *maatskaplike* konstruk. Blumenberg sal aanvoer dat daar wel genoeg maatskaplike betekenis is wat die betekenis van “die subjek” in stand hou sodat die fenomenologiese moderne mens hierdie soort teenstrydighede kan verdra. Ek sou in Blumenbergse terme aanvoer dat die moderne mens se ervaring van homself sterk genoeg is – opgebou deur die Middeleeue en die hoogmoderne se konsepte soos “siel” en “individu”, en ondersteun deur dissiplines soos die regspleging en morele aanspreeklikheid – dat hy met gemak homself as denkende subjek kan dekonstrueer.

Die verdere vraag is: wat is die “nuwe teologiese” vraag, of vraag van kwasi-teologiese impak, wat die aard van kuns soos dit in die moderne bestaan het, kan verander namate ons die laatmoderne ingaan? Die individu as konstruk verswak algaande terwyl sy belangwekkendste prestasies – soos empatie, verbeelding, die persoonlike ervaring – juis hierop berus. Maar dit is terselfdertyd die individu se relativisering tot maatskaplike konstruk wat allerlei verdiepings van morele bewusthede oor “die ander” (wat nou eintlik “homself” is), by hom moontlik maak.

### 6.1 Die werklikheidsbegrip *Widerstand* en die Laat Moderniteit

Die bepalende aard van die werklikheidsbegrip waarbinne kunsprodukte in die geskiedenis gelewer word, het implikasies vir vandag se laatmoderne tyd. Buiten vir die werklikheidsbegrip van *self-aktualisering*, identifiseer Blumenberg ’n tweede werklikheidsbegrip vir die eie tyd, naamlik *Widerstand* (weerstand) (Feger, 2020). Blumenberg voer aan dat die moderne mens (wat ek nou as die laatmoderne mens lees) om verskeie redes meer getraumatiseer is as wat hy voorheen was. In ’n neutdop sal ek dit beskryf as ’n wêreld wat in sy potensiaal in soveel verskille en fasette uiteengeval het, dat dit die mens as spesie se beskermende refleks op ’n teenstrydige manier aktiveer. Die mens se eerste selfopdrag is om die absolutisme van die realiteit die hoof te bied met retoriese middele. In die mens se rudimentêre fase as oerwese was die gevaar buite die mens, naamlik in die natuur geleë, maar die mens *se eie middele* het met verdrag van tyd die gevaar midde-in die mensdom geplaas. Die moontlikhede van realiteitsbelevens vir die mens is in beginsel eindeloos en die toevallige het nou die wesenlike geword, wat die mens ten opsigte van sy primêre rol – om die absolutisme van die realiteit die hoof te bied – verward laat. Die gevaar is oral en geen van die oplossings is universeel genoeg of selfs bedoel om te wees nie. Die mens se retoriese bolwerk is intern verdeeld.

’n Ekstra onus rus nou op die kunswerk om met durende etiese oplossings te kom, en ek wil ekstrapoleer dat dit die versugting vir aktivisme en voorskriftelikheid in kunsprodukte verhoog, wat ook onderling in stryd met mekaar is hieroor – ten koste van die veelfasettigheid wat deur die moderne se *objet ambigu* gevra word. Die *objet ambigu* is teenoor voorskriftelikheid en die dringendheid om met “oplossings” vorendag te kom, opgestel. Die *objet ambigu* is die problematiserende en kompleks makende produk van bewustelike fenomenologie wat dié kenteken van die ontwikkelde moderne is. Die moderne kunswerk se taak kom tans in die

gedrang met 'n *anti-moderne dilemma* – wat 'n geneigdheid het om enkelvoudige oplossings onmiddellik te vra, en wat indruis teen die strekking van die moderne. Hierin speel die letterkunde en kuns as industrieë saam omdat dit in die eerste plek finansiële bedrywe is.

Die fenomenologiese selfbewustheid van die eietydse mens het 'n bewustheid oor die metaforiese aard van betekenis meegebring. Die mens, veral wanneer hy in stryd verkeer met ander mense, het nou die middele om die metaforologiese fundamente van betekenis per definisie so te skud en af te breek en op selfvoldane wyse die ervaringsbegronde grense van die metaforologie *vir retoriese gewin* te bevraagteken, dat dit die angste net verhoog. Vir die kunstenaar wat met die nodige oordeel met hierdie fyn netwerke wil omgaan, is dit 'n moeilike situasie. Blumenberg se werklikheidsbegrip *Widerstand* dra al hierdie implikasies en meer.

## BIBLIOGRAFIE

- Amacher, R & V Lange. 1979. *New perspectives in German literary criticism: a collection of essays*. New Jersey: Princeton University Press.
- Bajohr, H (ed.). 2022. *Special Issue. New German Critique. Number 145. Blumenberg at 101*. Durham, North Carolina: Duke University Press.
- Bielik-Robson, A & D Whistler (eds). 2020. *Interrogating modernity: debates with Hans Blumenberg*. New York: Palgrave MacMillan.
- Blumenberg, H. 1966. *Die Legitimität der Neuzeit*. Frankfurt: Suhrkamp Verlag.
- Blumenberg, H. 1979. *Arbeit am Mythos*. Frankfurt: Suhrkamp Verlag.
- Blumenberg, H. 1979. "The Concept of Reality and the Possibility of the Novel." In Amacher & Lange (eds). (1979).
- Blumenberg, H. 1983. *The legitimacy of the modern age*. Vertaal deur RM Wallace. Cambridge, MA.: The MIT Press.
- Blumenberg, H. 1987. *The genesis of the copernican world*. Vertaal deur RM Wallace. Cambridge, MA.: The MIT Press.
- Blumenberg, H. 1990. *Work on myth*. Vertaal deur RM Wallace. Cambridge, MA: The MIT Press. (Die identiese publikasie in sy 1985-druk is elektronies aflaaibaar.)
- Blumenberg, H. 1997. *Shipwreck with spectator. Paradigm of a metaphor for existence*. Vertaal deur Stephen Rendall. London: The MIT Press.
- Blumenberg, H. Vertaal en ingelei deur Ann Wertz, A. 2000. 'Imitation of Nature': *Toward a prehistory of the idea of the creative being*. Qui Parle, Spring/Summer, Vol. 12, No. 1, The End of Nature. Durham, North Carolina: Duke University Press, pp. 17-54.
- Breytenbach, B. 2016. *Die singende hand*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Endres, J. 2022. Blumenberg and Leonardo. In Bajohr, J (ed.). *New German Critique. 145:67-96. Blumenberg at 101*. Durham, North Carolina: Duke University Press.
- Feger, S. 2020. *Umbesetzung: reoccupation in Blumenbergian modernity*. In Bielik-Robson & Whistler (eds). 2020:237-56.
- Foster, R & Viljoen, L. 1997. *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg.
- Frost, R. 1951. *Complete poems*. London: Jonathan Cape.
- Hammermeister, K. 2002. *The German Aesthetic Tradition*. Cambridge, United Kingdom : Cambridge University Press.
- Kant, I. 1982. *Prolegomena to any future metaphysics*. Indianapolis, VSA: Bobs Merrill Educational Publishing.
- Naude, CP. 2022. Rede en mite: Blumenberg se rasoneel vir die historiese ontvouing van narratiewe denke. (proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, as boek gepubliseer deur Naledi-uitgewers, (2023c).
- Naudé, CP. 2023a. Hans Blumenberg se filosofiese antropologie. *LitNet Akademies* (<https://www.litnet.co.za/hans-blumenberg-se-filosofiese-antropologie/>).
- Naudé, CP. 2023b. Hans Blumenberg se model vir die evolusie van denke. *LitNet Akademies* (geskeduleer vir publikasie, verskyningsdatum nog onbekend).

- Naude, CP. 2023c. *In die rede geval: waarom die mens mites maak*. Kaapstad: Naledi.
- Pavesich, V. 2008. Hans Blumenberg's philosophical anthropology: after Heidegger and Cassirer. *Journal of the History of Philosophy*, 46(3):421-48.
- Pavesich, V. 2015. Hans Blumenberg: Philosophical anthropology and the ethics of consolation. In Hohenberger P (ed.). 2015. *Naturalism and philosophical anthropology*. London: Palgrave Macmillan. [https://doi.org/10.1057/9781137500885\\_4](https://doi.org/10.1057/9781137500885_4).
- Pieterse, HJ. 2007. *Duino-Elegieë: Rainer Maria Rilke*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Van Rensburg, FIJ. 1977. *Sublieme ambag: beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw*. Kaapstad: Tafelberg.

# Is Suid-Afrika se rehabilitasieparadigma uitgedien? 'n Pleidooi vir moontlike beleidshervorming

## *Is South Africa's rehabilitation paradigm redundant? A plea for possible policy reform*

CASPER LÖTTER

Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: casperltr@gmail.com



Casper Lötter

**CASPER LÖTTER** het in 2018 sy PhD in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat behaal. Hy is tans 'n konflikkriminoloog verbonde aan Noordwes-Universiteit se Skool vir Filosofie (Potchefstroom) as nadoktorale navorsingsgenoot. Van sy werk het reeds in *Conversation Africa* verskyn en hy skryf ook gereeld vir *Mail & Guardian* se Thoughtleader-rubriek. In 2019 was hy 'n nadoktorale beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

**CASPER LÖTTER** completed his PhD in Philosophy at the University of the Free State in 2018. He is a conflict criminologist affiliated with North-West University's School of Philosophy (Potchefstroom) as a postdoctoral research fellow. His work has appeared in *Conversation Africa* and he regularly writes for *Mail & Guardian*'s Thoughtleader column. He received a postdoctoral grant from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("South African Academy of Science and Arts") in 2019.

### ABSTRACT

#### *Is South Africa's rehabilitation paradigm redundant? A plea for possible policy reform*

*In this contribution, I attempt to show that Pat Carlen's (2013) argument, that the rehabilitation paradigm in the United Kingdom (UK) is redundant, is similarly applicable to the situation in postapartheid South Africa. My point of departure is therefore a shift of emphasis in attempting to apply theory from the developed world to the Third World. Since local conditions obviously differ from those in the UK, I focus my method, in particular, on a critical criminological evaluation of five aspects unique to the South African experience. This is within the context of Piketty's (2014) thesis that deepening inequality will continue exponentially, unless there is effective intervention (which seems unlikely). I consider this idea of possible paradigm redundancy along five axes which appear to be pertinent in criminal justice in the third decade of the 21st century. These referents are fairness, the presence of the prison-industrial complex, Pat Carlen's notion of the obsolescence of the rehabilitation paradigm,*

#### Datums:

Ontvang: 2022-12-11

Goedgekeur: 2023-06-21

Gepubliseer: September 2023

*Reiman's Pyrrhic Defeat Theory and, finally, Steven Box's valuable concept of crime mystification. Firstly, I attempt to show by way of three well-known cases in local criminal proceedings (namely that of Zuma, Omotoso and Van der Vyver) that fairness does not necessarily benefit all accused in the same manner, as one would expect. In fact, the evidence seems to suggest the contrary, namely, that it is the rich and powerful who are able to draw most advantageously on this resource. Secondly, I argue that the repurposing of the prison from its historical justification as a centre of prevention and rehabilitation to a business model, is nowhere more visible than in the phenomenon which came to be known as the prison-industrial complex. Thirdly, I suggest, by way of application of Reiman's Pyrrhic defeat theory and Box's notion of the mystification of crime, that the marginalisation of floating populations as criminogenic within this context, serves the useful purpose of diverting the popular attention away from the far more monstrous crimes of the state and their corporate partners. I also aim to explore the impact which the "war on crime" is having on our understanding of the public/private divide as the 21st century progresses. In order to gauge the existing rehabilitative potential of the Department of Correctional Services's programs and policy directives, I provide a critical overview of these, even though this consideration could amount to nothing but forced coercion. Said in another way, irrespective of the efficacy or otherwise of DCS's rehabilitation and resettlement mandate, the question is and remains how sustainable and realistic such efforts at rehabilitation are, if the social and economic conditions on the ground are criminogenic. Before heading into a discussion, I reflect on the probable theoretical perspectives which these five trends in criminal justice might give rise to. After a prolonged discussion, in which I weigh the evidence of a blurred private/public demarcation, as the 21st century wears on, I conclude that this dichotomy is likely to become more complex, as it not only deepens, but also becomes more blurred. The emergence of a third space (exile) is also possible in neoliberal government's punitive management of urban marginality. In conclusion, I suggest that the crime rehabilitation paradigm in South Africa has, to an extent, become redundant, but, considering the partial success which DCS has achieved with its numerous ongoing rehabilitation programs and the repurposing of the Department's mandate from purely punitive to that of a rehabilitation-driven institution, the implications for possible policy reformulation are multi-factoral. The complete rejection of the rehabilitation paradigm in South Africa, even though certainly comprehensible, is not recommended. The question that remains, however, is to what extent rehabilitation and resettlement programs can be defended in view of the wider social and economic conditions which militate against sustainable rehabilitation in principle, and are in fact, criminogenic.*

**KEYWORDS:** property inequality; income inequality; fairness, prison industrial complex; Box's mystification of crime; implications for policy formulation; Reiman's Pyrrhic defeat theory; existing local rehabilitation policy and practice; crime rehabilitation paradigm

**TREFWOORDE:** besitsongelykheid; inkomsteongelykheid; billikheid; gevangenis-industriële kompleks (GIK); Box se versluiering van misdaad ("mystification of crime"); implikasies vir beleidsformulering; Reiman se pyrrhusnederlaagteorie; bestaande plaaslike rehabilitasiebeleid en -praktyke; rehabilitasieparadigma

## OPSOMMING

In hierdie bydrae word gepoog om aan te toon dat Carlen (2013) se standpunt dat die rehabilitasieparadigma in Brittanje uitgediend is, eweneens op postapartheid Suid-Afrika van toepassing is. Aangesien omstandighede hier ter plaatse egter uiteraard verskil van dié in die Verenigde Koninkryk, spits ek my metodiek in besonder toe op ’n krities-kriminologiese oorweging van vyf unieke aspekte van die Suid-Afrikaanse ervaring. My vertrekpunt is dus ’n klemverskuiwing. Eerstens poog ek om aan die hand van drie welbekende gevalle in plaaslike strafregverrigtinge (naamlik Zuma, Omotoso en Van der Vyver) aan te toon dat billikheid nie noodwendig alle beskuldigdes tot dieselfde mate begunstig nie, maar hoofsaaklik tot wesenlike voordeel van welgesteldes en gesaghebbendes dien. Tweedens wys ek daarop dat die gebruiksverandering van die gevangenis na ’n besigheidsmodel, nêrens in groter mate sigbaar is as by die verskynsel wat bekend staan as die gevangenis-industriële kompleks nie. Derdens betoog ek, aan die hand van Reiman se pyrrhusnederlaagteorie en Box se gedagte van die versluiering van misdaad, dat die verguising van die uitgeslotenes (“urban marginality”) as kriminogenies binne hierdie konteks die nuttige doel dien om aandag van staatsmisdade of dié van die staat se korporatiewe bondgenote af te lei. Teen hierdie agtergrond oorweeg ek die gedeeltelike sukses wat met rehabilitasiebeleid en -praktyke ter plaatse behaal is. Laastens kom ek tot die gevolgtrekking dat die rehabilitasieparadigma wel tot ’n mate in Suid-Afrika uitgediend is, die implikasies vir nuwe beleidsformulering veelvlakkig is en word die algehele verwerping van hierdie paradigma in die Suid-Afrikaanse konteks nie aanbeveel nie.

“[T]he law against theft is not simply against [the act of] theft, it is a law against stealing what individuals presently own. Such a law has the effect of making the present distribution of property part of [and legitimized by] the criminal law.” – Reiman & Leighton (2020:175, beklemtoning verwyder)

“There are possibilities for me, certainly; but under what stone do they lie?” – Franz Kafka

### 1. Inleiding

Op die drumpel van die eeu is daar ’n skadukant aan die voortbestaan van die “gevangenis” as instelling (of die meer onlangs ontstane begrip “korrektiewe sentrums”) omdat soos Bosworth (2010) aan die hand doen, hierdie instelling ver wegbeweeg het van die geskiedkundige regverdigings vir die voortbestaan daarvan, soos byvoorbeeld die soeke na volhoubare hervorming van die individu. Enigiemand wat dus nog die gevangenis se geskiedkundige doelwit van rehabilitasie aangekleef het, sal onthuts word in die lig van die lees van Deel 1 van waarnemende hoofregter Zondo (2022) se Verslag oor Bewerings van Staatskaping, wat onlangs vrygestel is. Dit is egter ook so dat rehabilitasie ’n doelwit is wat tans in bestaande wetgewing en korrektiewe beleid verskans word.

Carlen (2013:89) betoog byvoorbeeld dat ambisieuse idees in strafregpleging, soos hervestiging, sonder ’n realistiese begroning, oudergewoonte in omloop bly asof hierdie oogmerke bereik kan word sonder dat daadwerklike verandering in ons gemeenskap plaasvind. Gevolglik omvorm hierdie gedagtes tot sogenaamde strafopleggings-verbeeldingsvlugte (“penal imaginaries”) wat betekenisvolle bevraagtekening kniehalter. In die besonder vorm die volgende stelling wat sy maak, die grondslag van my uitgangspunt: sy wys daarop dat die statusgerigte gesigspunt van die strafregpleging toegespits is op die werkerstand (insluitende die haweloses), maar met die uitsluiting van invloedryke korporatiewe en politieke misdadigers.

Die oogmerk daarvan is “[to keep] malignantly returning poorer and already disadvantaged lawbreakers to their place at the same time as benignly keeping richer and more powerful criminals in theirs” (Carlen, 2013:90), eerder as die bevordering van verantwoordelike burgerskap van uitgeslote oortreders.

My vertrekpunt vir hierdie bydrae is dat die rehabilitasieparadigma of die rehabilitasie-ideaal uit die staanspoor gedoem is in uiters ongelyke gemeenskappe soos Suid-Afrika juis weens hierdie klem op status waarop Carlen ons bedag maak. Suid-Afrika is onlangs deur die Wêreldbank uitgewys as die mees ongelyke land ter wêreld (Bax, 2019), wat ’n uitstekende voorbeeld is van die soort maatskaplike en ekonomiese verandering(e) wat deur Carlen uitgewys word en waarna hier ter plaatse dringend ondersoek benodig word. Verder doen ek aan die hand dat die situasie in Suid-Afrika vererger word deur die feit dat ons in ’n hardestigmatiserende kultuur vasgevang is (Lötter, 2018, 2019).

Braithwaite (1989:107) is die eerste kundige wat die aandag gevestig het op die belangrike onderskeid tussen hardestigmatiserende en integrerende beskamingskulture. Terwyl dit natuurlik so is dat geen kultuur deurlopend homogeen is nie (Birukou, Blanzieri, Göiorgini & Giunchigöia, 2013:2, 21; Lötter, 2018:58-59), dryf eersgenoemde beskamingskultuur hul lede weg van die hoofstroomsamelewing tot in die kraal van kriminele subkulture (Braithwaite, 1989:102), waar hulle skuiling soek teen die ongenaakbare beskamingspraktyke. Die alternatief, dui Braithwaite (1989:61) aan, lei tot niks anders nie as die ontkoppeling van beskaming en straf – met ander woorde ongefokuse en ondoeltreffende beskaming.

Teenoor bogenoemde betoog Carlen (2013:92) dat die rehabilitasiediskoers ’n politieke karakter aangeneem het wat nooit werklik toepassing in die praktyk gevind het nie, aangesien die doel daarvan hoofsaaklik is om die staat se strafopleggingspraktyke te regverdig en te bekragtig. Sy is van mening, tereg na my oordeel, dat “all varieties of rehabilitationism are essentially false within systems of criminal justice that realise one law for the rich and another for the poor” (Carlen, 2013:92-93). Na aanleiding van die onderskeid wat sy tref tussen sogenaamde straat- en kantoormisdaad, wys Carlen (2013:99) op die ooglopend sinnelose idee van geregtigheid in uiters ongelyke gemeenskappe. Dit dien geen doel om oorweging te skenk aan die gedagte van rehabilitasie en herintegrasie van welgestelde en invloedryke oortreders wanneer die proses soveel swaarkry veroorsaak vir minderbevoorregtes nie, en dus betoog Carlen (2013:100) dat die rehabilitasieparadigma sonder meer laat vaar moet word. Sy redeneer soos volg:

[...] the re-education of lawbreakers does not have to involve the brainwashing techniques of some criminal justice cognitive programmes. Instead, it could be undertaken as part of a progressive community response to crime. (Carlen, 2013:100)

Haar gedagtegang vind geloofwaardige ondersteuning by Currie (2013) se begrip van maatskaplike misdaadvoorkoming in teenstelling met die bestraffende markfundamentalistiese versteuring van die gemeenskap en die gesin. Laasgenoemde word bewerkstellig deur ’n tweeledige aanval van Groot Besigheid (“Big Business”) op goed besoldigde werk asook die vernietiging en dus inkrimping van werksgeleenthede. Dit is byvoorbeeld bekend dat ongenaakbare arbeidspraktyke (eie aan grootskaalse ekonomiese ongelykheid) tot vrees, onsekerheid en woede aanleiding gee wat op hul beurt weer ’n teelaarde vir misdaad is (Vander Ven & Colvin, 2013:613-621). In die Suid-Afrikaanse konteks wys Marqua-Harries, Stewart en Padayachee (2019:36) dan ook spesifiek daarop dat die oorgrote meerderheid jeugdige oortreders reeds uit traumatiese agtergronde van geweld, verwaarlosing en/of teistering kom (wat ten minste deels die gevolg is van ongenaakbare arbeidspraktyke, aldus Vander Ven &

Colvin (2013:613-621), en beleidsformulering moet dus sinvol hierdie aspek in berekening bring wanneer dit by rehabilitasieoogmerke kom.

Alhoewel dit so is dat haar argument ontwikkel is binne die raamwerk van die Britse strafregpleging, betoog ek dat Carlen se gedagtegang wel gesaghebbende aanklank vind by korrektiewe praktyke hier ter plaatse. Dit kan toegepas word op die Suid-Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) se nadruk op sy rehabilitasiemandaat binne die raamwerk van die oorvloed rehabilitasieprogramme en/of kognitieweveranderingsprogramme wat voortdurend beskikbaar gestel word ten einde aan die regeringsvraag te voldoen (Adorjan & Chui, 2012; Chui & Cheng, 2013:680; Gaum, Hoffman & Venter, 2006:215-216; Lötter, 2018:18-19; Uggen, Manza & Behrens, 2004:284). So verklaar die DKD se Witskrif byvoorbeeld dat die waarde van rehabilitasie in sy holistiese aard lê:

[It is] the result of a process that combines the correction of offending behaviour, human development and the promotion of social responsibility and values. It is a desired outcome of processes that involve both departmental responsibilities of Government and social responsibilities of the nation. Rehabilitation should be viewed not merely as a strategy to preventing crime, but rather as a holistic phenomenon incorporating and encouraging. (Department of Correctional Services, 2005, par.4.2.1 en 4.2.2)

Die DKD skaar hom hier ongekwalifiseerd by die waarde van die rehabilitasieparadigma, maar die getuienis dui daarop dat die oorgrote meerderheid oortreders rehabilitasieprogramme as oneffektiewe tussentrede verwerp, aangesien dit nie die aansienlike uitdagings aanspreek wat hierdie groep in Suid-Afrika in die gesig staar nie (Adorjan & Chui, 2012; Baur, Hall, Daniels, Buckley & Anderson, 2017; Chui & Cheng, 2013:680; Ngabonziza & Singh, 2012:99; Uggen, Manza & Behrens, 2004:284). Daar word aan die hand gedoen dat die gaping in die bestaande kennis hier duidelik te bespeur is (Lötter, 2018:13, 18-19).

In hierdie bydrae word gevra tot watter mate die rehabilitasieparadigma nog enigsins in 21ste-eeuse Suid-Afrika “volgens bestaande beleid uitvoerbaar is” eerder as bloot aanklank vind en hierdie taak word soos volg aangepak: eerstens word gepoog om die vermeende uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma in Suid-Afrika te demonstree en tweedens, met die veronderstelling dat hierdie voorgenome uitwysing aanvegbaar is, word voortgegaan om te ondersoek watter implikasies, indien enige, hierdie vlakverskuiwing vir beleidsformulering ter plaatse het of behoort te hê.

Die uitpluising van hierdie interessante en gesaghebbende eienskap van ons strafregstelsel lei na vyf temas op die roetekaart (“road map”), naamlik: 1) Carlen se begrip van die uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma, 2) billikheid of regverdigheid van die regstelsel as geheel (De Vos, 2021; Erasmus, 2021; Lötter, 2021a, Rabkin, 2021), 3) die teenwoordigheid van die gevangenis-industriële kompleks (“prison-industrial complex”) op plaaslike bodem (Lötter, 2018:117-126; 2020b, 2020c:112-117), 4) Reiman se pyrrhusnederlaagteorie en, ten slotte, 5) die rol van die staat in die versluiering van misdad (“mystification of crime”). Terwyl sommige voorbeelde dui op gevalle waar die beskuldigde nog verhoorafwagting is (soos Omotso), is die belangrike oorweging hier dat “die ‘uitdagings’ van die rehabilitasie-ideaal waarskynlik reeds begin voor rehabilitasie self ter sprake kom.”<sup>1</sup>

Ek verwys vlugtig na die tweede en derde onderwerpe aangesien hierdie twee reeds, soos aangedui, in ander bydraes bespreek is, maar nietemin belangrik bly vir die huidige bespreking weens die lig wat hul gesamentlik werp op die onderwerp. Die huidige bydrae verskil van al

<sup>1</sup> Aldus die opmerking van ’n anonieme keurder van hierdie bydrae.

vyf genoemde aspekte aangesien dit ondersoek instel na die moontlike uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma, na aanleiding van ’n idee van Carlen, binne die Suid-Afrikaanse konteks, terwyl al vyf hierdie aspekte wat moontlik ook nog ander (kan) insluit, in die vorm van teenstrydighede (“anomalies”) wat moontlik op ’n paradigmaterskuiwing dui, gesamentlik lig op die nuwe tema werp.

Die belangrike vraag by die oorweging of daar ’n paradigmaterskuiwing plaasgevind het of nie, vind ons by Kuhn se grondliggende teks, *The Structure of Scientific Revolutions* (1970). Hy betoog naamlik dat wanneer te veel teenstrydighede indruis teen die sentrale idee waarom ’n paradigma gesentreer is, in hierdie geval rehabilitasie, word die paradigma uitgedien en vervang deur ’n ander, onversoerbare een. Ten einde hierdie vraag te beantwoord, benadruk ek dat my bydrae dus daarop gemik is om die bestaande kennis krities in oënskou te neem, soos wat ook die gebruik is in Kritiese Kriminologie. Dit is die geval aangesien, volgens Currie (1999), die taak van die kriminoloog in die 21ste eeu die volgende behels:

[...] shift[ing] some emphasis away from the accumulation of research findings to better dissemination of what we already know, and to more skillful promotion of sensible policies based on that knowledge – policies both in and out of the criminal justice system.

In die lig van hierdie waarnemings, word die metodologie en teoretiese raamwerk vervolgens onder die loep geneem.

## 2. Metodologie en teoretiese raamwerk

Die waarneming van die politieke onwilligheid om aandag aan betekenisvolle grondliggende verandering ten gunste van stedelike inkrimping te gee (Wacquant, 2010:611), het Reiman en Leighton (2020:195) beweeg om hulle gesigspunt op ’n ongewone wyse te beredeneer. Hulle wys naamlik op die magdom wyses waarop die strafregstelsel in grootskaalse ongelyke gemeenskappe (soos Suid-Afrika) die kragdadiges en welgesteltes bevoordeel ten koste van die agtergeblewenes. Sodanige standpunt toon aan dat ’n oppermag in die vorm van die polisie, die howe en die gevangenis die voorregte van eersgenoemde beskerm, terwyl laasgenoemdes blootgestel en onbeskermd gelaat word.

Volgens die bekroonde *Oxford Handbook of Criminological Theory*, “the idea that structural inequality contributes to community-level variations in crime is uncontroversial” (Ousey & Lee, 2013:363). Hierdie onbuigsame vooruitskouing van maatskaplike beheer in die 21ste eeu word verder benadruk deur ’n toenemende bestraffingsneiging wat nie net daarop gemik is om die staat se mag om straf op te lê, te regverdig nie, maar ook om die uitgeslotenes en welgesteltes in hul onderskeie plekke te verskans en om die ekonomiese mark se aandrag op wet-en-ordedenkspraak en beleidsaanvraagneigings te bevredig (Carlen, 2013:95-96; Christie, 2017:4; South & Weiss, 1998:12-13).

Teen die agtergrond van hierdie kras werklikhede, doen ek aan die hand dat die onderstaande oorwegings beleidsformulering behoort te beïnvloed, maar dit waarskynlik nie sal doen nie, want kompleksiteit of ’n genuanseerde begrip van die maatskaplike werklikheid “stresses the diversity and particularity of social life” (McLaughlin & Munchie, 2013:xxv) en noodsaak vervolgens ’n eklektiese metodologiese en/of navorsingsbenadering. Hierdie uitgangspunt is noodsaaklik aangesien geen enkele teoretiese paradigma op sigself die maatskaplike werklikheid in sy totaliteit kan weergee nie.

’n Kritiese paradigma skep byvoorbeeld ruimte vir alternatiewe sienings van sosiale geregtigheid (Carlen, 2013:90; Currie, 2013; McLaughlin & Munchie, 2013:xxiv) wat belangrik

is, aangesien sodanige gesigspunte ons in staat stel om maatskaplike toestande te heroorweeg, nie slegs om dit meer draaglik te maak nie, maar ook met die oog op omvorming as 'n brug na bevryding of bemagtiging.

Gebruik van slegs een teoretiese raamwerk of metaverhaal (soos Marxisme) sal nie deug nie. Empiriese navraag as die oorwegende paradigma in kriminologie is grootliks uitgedien vanweë die dringende behoefte aan deurdagte optrede (lees: 'n nie-positivistiese benadering tot misdaad (Carlen, 2005a:87; Chan, 2013:312; Lötter, 2020c:107; Young, 2002)). My betoog is dat hierdie oorwegende neiging hoogty vier na aanleiding van die staat, wat Suid-Afrika insluit, se behoefte aan empiriese werk met die oog op die breinspoeling van die gemarginaliseerdes, uitgeslotenes of geringeskattes ten einde hulle rustig en mak te hou.

Hierdie bydrae poog om die gaping of leemte in die bestaande kennis te vul vir sover die rehabilitasie-ideaal gefaal het te midde van 'n oorvloed van "meer van dieselfde" in terme van breinspoelingspogings met die oogmerk op hervestiging of gedragsomvorming. Terselfdertyd doen ek aan die hand dat die waarde van hierdie bydrae daarin lê dat dit die aandag vestig op die invloed wat 'n magdom spesifiek Suid-Afrikaanse eienskappe op die maatskaplike en politieke gesigsveld hier ter plaatse gehad het om die posisie van die korrektiewe sisteem (of gevangenis) te verskans binne die konteks van ons hardestigmatiserende beskaminskultuur. Onder hierdie tipies Suid-Afrikaanse kenmerke reken ek ook die teenwoordigheid van die sogenaamde gevangenis-industriële kompleks (soos deur gevangenisontbondingsaktiviste Angela Davis (2003) en Michelle Alexander (2012) gemunt en gebruik), wat uiteraard sterk deur gevangensetting of opsluiting as ons oorheersende strafopleggingsregime aangemoedig word. Dit is dan ook die ontplooiing van die eerste van hierdie vyf temas (naamlik Carlen se begrip van die uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma) waarna ek in die Inleiding verwys het, wat ek vervolgens bespreek.

### **3. Carlen (2013) se ontginning van die uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma**

Carlen (2013:90) se vertrekpunt word geïllustreer deur die verhaal van 'n 45-jarige vrou met wie sy etlike jare tevore 'n onderhoud in Londen gevoer het. Dit wil my voorkom of haar tragiese verhaal 'n uitgebreide vergelyking is vir die uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma in die 21ste eeu. Toe Carlen navraag na die vrou se Amerikaanse aksent doen, is sy meegedeel dat haar gesin na die Verenigde State geëmigreer het toe sy 'n skrale twee jaar oud was en dat sy onlangs, bloot 'n jaar tevore, na Engeland teruggekeer het. Vanaf die ouderdom van 17 jaar was sy 'n dwelmslaaf en het male sonder tal in die gevangenis beland vir misdade soos bedrog en ander kleiner misstappe. Sy het nooit Amerikaanse burgerskap verwerf nie en ná haar laaste inhegtenisname is sy sonder verwyl reguit na die lughawe geneem met haar skrale besittings en na Brittanje gedeporteer, 'n land wat sy 43 jaar lank nie betree het nie. Die kernvraag wat ons in die gesig staar, is: Wat is haar kans op haalbare hervestiging in 'n vreemde land sonder vriende, sonder familie, sonder geld, sonder beroep, sonder eiendom van haar eie en sonder kulturele kapitaal?

Laité (2021a, 2021b) vertel 'n soortgelyke verhaal binne die raamwerk van die uitbuiting van en handeldryf in jong vroue oor internasionale grense heen. Alhoewel dergelike gevalle nie spesifiek plaaslik voorgekom het nie, is prostitusie nietemin 'n transnasionale verskynsel en dus ook hier pertinent van toepassing. Carlen (2013) ondersoek spesifiek die kompleksiteit rondom die verdwyning van ene Lydia Harvey in 1910 wat vanuit huishoudelike sleurwerk vir sekswerk gewerf is. Nadat sy van prostitusie "gered" is, vind sy haar onvermydelik terug as huiswerker – 'n beroep wat sy haat vanweë die uitbuitende aard daarvan. Dit was juis die

vernederings en armoede eie aan hierdie werk wat haar aanvanklik na sekswerk gedryf het. Die hoop en drome wat sy vir 'n beter lewe gekoester het, het nie verdwyn nie en so ook nie haar vasberadenheid om daarvoor te veg nie. Laite (2021a) stel die saak soos volg:

Just as they did a hundred years ago, young women, caught in cycles of poverty and abuse, engage in sexual labour as a survival strategy. And despite the idealistic rhetoric of “abolishing” prostitution, they are still offered few viable labour alternatives should they wish to leave sex work.

Indien ons die storielyn van beide verhale as 'n tipe gelykenis (“parable”) beskou, mag Carlen (2013:91) hierdeur dalk navraag doen na wat rehabilitasie vir die oorgrote meerderheid oortreders beteken in 'n gemeenskap waar hulle “prior to their imprisonment, usually [have] been so economically and/or socially disadvantaged that they have nothing to which they can be rehabilitated”. Sosio-ekonomiese faktore en persoonlike verantwoordelikhede en keuses (dwelmmisbruik en sekswerk) speel uiteraard hier 'n rol. Hierdie twee gevalle se powere uitkomst kan derhalwe nie uitsluitlik voor die deur van mislukte rehabilitasieprogramme gelê word nie. My doel met die verwysing na hierdie twee gevalle is bloot om deur middel van analogie te illustreer dat hervorming ernstig aan bande gelê word indien daar nie iets konkreets is waarna oortreders kan terugkeer nie. Só betoog Marqua-Harries, Stewart & Padayachee (2019) dat die oorgrote meerderheid gevangenes in Suid-Afrikaanse korrektiewe sentrums uit traumatiese agtergronde kom waar hul alreeds misbruik en/of verwaarlosing verduur het.

Lydia Harvey is byvoorbeeld aanvanklik in sekswerk vasgevang omdat daar geen ander haalbare geleentheid binne die sosio-ekonomiese konteks van haar tyd en geen heenkome vir vroue in haglike omstandighede was nie. Dieselfde geld vir die 45-jarige vrou wat Carlen in 'n Britse gevangenis besoek het. As iemand wat die grootste deel van haar lewe in die Verenigde State deurgebring het, het sy amper niks gehad om as basis vir haar rehabilitasie in Engeland te dien nie. Hierdie twee gevalle wys vergelykenderwys op die ooreenstemmende probleem met rehabilitasie in uiters ongelyke gemeenskappe soos Suid-Afrika. In laasgenoemde konteks wys Muntingh (2002:22) byvoorbeeld daarop dat “[t]he reality is, however, that ex-prisoners continue to suffer from social and economic exclusion — a reflection of society’s belief that those who have offended or been imprisoned cannot be part of ‘good’ society again.” Al is hierdie woorde twintig jaar gelede geskryf, is dit nog net so waar in Suid-Afrika vandag as wat dit toe was. Ná meer onlangse navorsing op eie bodem, beveel Marqua-Harries, Stewart en Padayachee (2019:36) aan dat ons korrektiewe sentrums gerekonseptualiseer word as “trauma-informed and restorative justice-infused”. Die kwessie hier ter sprake is tot watter mate die sosio-ekonomiese konteks in die eerste plek die hervormingsideaal ongedaan maak?

My betoog is dat terwyl daar toegegee moet word dat daar gebreke in die rehabilitasieproses is, sodanige gebreke grootliks toegeskryf kan word aan die sosio-ekonomiese konteks waarbinne enige rehabilitasie voltrek moet word. Navorsing wat op die drumpel van die nuwe eeu gepubliseer is (sien bv. Maruna, 2000), is oorwegingswaardig; dit wys daarop dat goeie maatskaplike ondersteuningsprogramme wat vrygelate gevangenes bystaan (met behuising en opleiding, om net enkele voorbeelde te noem), noodsaaklik is om mense te help om produktiewe en misdaadvrye lewens te lei (Carlen, 2013:96). Uiteraard moet onderskei word tussen rehabilitasieprogramme *gedurende* gevangensetting en gemeenskapsinskakeling *ná* vrylating, maar die twee aspekte oorvleuel en skakel ook by mekaar in. Die trefkrag van eersgenoemde is egter minimaal binne 'n kultuur soos dié van Suid-Afrika waar vrygelate gevangenes aan oorweldigende stigmatisering en marginalisasie onderworpe is en dit verder

aanleiding gee tot die moontlike mislukking van die proses van gemeenskapsinskakeling (Lötter, 2018:16,18-19, 27-35; en vir 'n vergelykende perspektief Braithwaite, 1995:280-281). In die Suid-Afrikaanse konteks is stigma byvoorbeeld uitgesonder as die enkele belangrikste faktor van oorweging wat beide rehabilitasie/gemeenskapsinskakeling (wat nie noodwendig op mekaar volg nie) belemmer of verongeluk (Lötter, 2018:202). Hierdie aspek beïnvloed uiteraard die effektiwiteit en doelgerigtheid van beide rehabilitasieprogramme gedurende gevangensetting en gemeenskapsinskakeling na vrylating. Uggen, Manza & Behrens (2004:277) wys daarop dat hul respondente (almal heroortreders) gevoelens van wrok openbaar met betrekking tot die verwagtings wat hulle gekoester het van die manier waarop die gemeenskap hulle sou behandel ná vrylating en hierdie bevinding wys oortuigend op die verlies van die ongelooflike potensiaal van haalbare herintegrasie vir misdaadweërhouding en rehabilitasie.

The bitterness underlying these comments shows the flip side of the power of community reintegration: when stigma and rejection are the dominant experience, the potentially restorative benefits of civic participation are lost.

In die Suid-Afrikaanse konteks betoog Muntingh (2022:6-7) dat een van die belangrikste beweegredes by protesoptredes in korrektiewe sentrums (wat hy onderskei van gevangenis-geweld), die persepsie van onregverdige behandeling of/en gebrek aan legitimiteit is. Hy betoog verder dat alhoewel wetgewing bestaan wat aan oortreders die reg verleen tot spraak en vreedsame protes, die korrektiewe sentrum nie die nodige konteks verskaf waarbinne reg hieraan kan geskied nie, terwyl operasionele prosedures ook inbreuk maak op gevangenes se vermoë om uiting aan hierdie regte te gee (Muntingh, 2022:10). Ander navorsers beklemtoon op hul beurt die rol van negatiewe gevangenisbelevensisse (“prison effects”) op gevangenes tydens die uitdienting van hul vonnisse:

Treating prisoners with contempt and hostility and persistently and systematically casting them as ill-worthy, harms prisoners in complicated and somewhat unexpected ways. Many are psychologically scarred. More reject their rejecters, turn away from conventional society and embrace an outsider, usually a criminal, viewpoint. (Irwin & Owen, 2005:108)

Rakende die situasie in Suid-Afrika, wys Marqua-Harries, Stewart, & Padayachee (2019:35) daarop dat “[considering] the suffering experienced by many in marginalised and oppressed communities, prison is often an extension of community experience, including a space for gang organisation and networking.” Die gevangeniservaring verskerp dus bloot die maatskaplike problematiek van armoede, ongelykheid en geweld. Te midde van 'n desperate soeke na “dit wat werk” deur kriminoloë wat 'n obsessie met die strafgeneigdheid openbaar (Martinson, 2001), het misdaadbeheer as 'n strafopleggingsoefening in 'n grootskaalse nywerheid ontwikkel. Daar kan dus tot 'n mate saamgestem word met Simon (2013) se idee van “governance through crime” (waar misdaad gebruik word as regverdiging vir drakoniese maatreëls) wat die doodsklok gelui het vir die idee van rehabilitasie as 'n maatskaplike ondersteuningsprogram.<sup>2</sup> Nietemin is dit terselfdertyd die geval dat, volgens amptelike beleid, beide in Suid-Afrika en wêreldwyd, daar afgewyk behoort te word van drakoniese maatreëls

---

<sup>2</sup> Ek verskil dus met respek op hierdie punt van 'n anonieme keurder wat van mening is dat ek “... die idees van rehabilitasie en gemeenskapsinskakeling ... vermeng en uitruilbaar gebruik.” Die twee begrippe is miskien nie as sodanig uitruilbaar nie, maar skakel myns insiens by mekaar in en oorvleuel gevolglik.

ten gunste van rehabilitasie. Volgens die literatuurstudie word dergelike beleidsrigtings rakende rehabilitasie egter hoofsaaklik op papier nagevolg.<sup>3</sup>

Ten slotte verwoord Carlen (2013:101-102) haar betoog teen die voortgesette diskoers ten gunste van die haalbaarheid van rehabilitasie soos volg:

The concept of rehabilitation, by contrast, has been and still is exclusively focused upon the crimes of the poor and the powerless. It has no relevance to corporate and other powerful criminals posing the most serious criminal risks both locally and globally and very little to the bulk of those presently filling the prisons and who have never had anything to be rehabilitated to.

Carlen se woorde kan ook op 'n ander manier geïnterpreteer word, naamlik dat om werk te maak van ongelykheid reeds 'n verskil aan misdaadbekamping sal maak. Anders gestel: rehabilitasie kan meer effektief benader word as die kweekaarde vir misdaadpleging, naamlik ongelykheid, daadwerklik getakel en 'n meer integrerend-beskamingskultuur gevestig word. McLaughlin (2010:165) wys daarop dat “[t]he prison plays the crucial function in advanced capitalist societies of warehousing ‘surplus populations’ and the ‘dangerous classes’”. In haar klasbewuste lees van misdaadpleging problematiseer Carlen (2013:102) die diskoers oor rehabilitasie vir armes, werkloses en dié sonder heenkome asook die tersaaklikheid daarvan vir misdaadbekamping in die lig daarvan dat die gevaarlikste plaaslike en wêreldwye misdade gepleeg word deur magtige maatskappye en politieke misdadigers wat waarskynlik nooit aan die kaak gestel sal word nie. Hier kom die name wat in die eerste deel van hoofregter Zondo (2022) se verslag oor staatskaping uitgewys is, ter sprake. 'n Ander voorbeeld is die sogenaamde “ransomware”-kapers van Amerikaanse energiebedrywe en ander nywerhede wat veilig vanuit Russiese en/of Chinese en Iranese grondgebied bedrywig is (sogenaamde “criminal safe havens”) en wat heel waarskynlik ook deur hul onderskeie regerings beskerm word (Rosenbaum, 2021). Soos uit hierdie waarnemings afgelei kan word, is regverdigheid of billikheid dikwels opvallend afwesig in strafregpleging, en ek wend my vervolgens tot die ondersoek na die gedagte van billikheid soos gewortel in die Suid-Afrikaanse strafregstelsel.

#### 4. Billikheid

Die gedagte dat geregtigheid of billikheid in ons strafregstelsel verskans is, is wydverspreid en diepliggend. Liebling *et al.* (2011:209) het die rol van “the uneven experience of unfairness, disrespect and lack of safety” in die hantering van oortreders in korrektiewe sentrums ondersoek en bevind dat die bewustheid van regverdigheid/billikheid in die behandeling van oortreders geneig is om tot 'n afname in gepoogde selfmoordgevalle te lei. Muntingh (2022:6-7) kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking vir toestande in Suid-Afrika en wys daarop dat persepsies van onregverdigheid en onreg tot onrus in ons korrektiewe sentrums lei. Ek benadruk dat ek sonder voorbehoud toegee dat die konsep van rehabilitasie nie sonder meer op enige persoon toegepas kan word wat nie aan misdaad skuldig bevind is nie, want dit is ongrondwetlik (die

<sup>3</sup> My betoog, in navolging van dié van Carlen, is in ieder geval dat afgesien van die status van rehabilitasieprogramme tydens én na gevangesetting, die punt is en bly dat rehabilitasie in beginsel die gevaar loop om te faal aangesien daar niks is waartoe vrygelate gevangenes *kan* rehabiliteer nie. Hierdie oorweging is veral gepas in die lig van Suid-Afrika se fel stigmatiserende beskamingskultuur, waarna hier bo verwys is, wat dit byna onmoontlik maak vir vrygelate gevangenes om hulself in hul samelewing te herintegreer.

enigste rede hoekom nie). Ek betoog egter by wyse van analogie dat gewaarwordings van “the uneven experience of unfairness, disrespect and lack of safety” (om Liebling se woorde te gebruik), ongeag of hierdie faktore op gevonnise of verhoorafwagende oortreders van toepassing is, uiteraard ’n wesenlike impak op die vooruitsigte van rehabilitasie van gevonnise oortreders het. Dit is waarskynlik ook nie ver verwyderd van die Regverdige Wêreld-begrip [“Just World” view] wat deur Lerner (1980) gedokumenteer is en waarin hy uitwys dat hierdie idee ’n grondliggende drogbeeld is nie. Hierdie gedagtegang het bygedra tot die verdoeming van armes aangesien dit voorkom asof sodaniges om die een of ander rede die oorsaak van hul eie ongeluk is (Braithwaite, 1992:81, 83; Reiman & Leighton, 2020:177-180), of om die blaam wat op die slagoffer geplaas word, te regverdig (Lerner & Montada, 1998). Aangesien die regspleging ’n tegniese vakrigting gevul met verouderde uitdrukkings is (Wilding, 2023), blyk dit dat in strafregverrigtinge billikheid hoofsaaklik tot wesenlike voordeel van welgesteldes en gesaghebbendes dien (Reiman en Leighton, 2020:177-180). Die betoog is, soos Reiman en Leighton in die voorafgaande verwysing uitwys, dat aangesien welgesteldes en gesaghebbendes vir die beste regslui en -dienste kan betaal, regsleemtes en skuiwergate (“loopholes”) ten gunste van hierdie groep uitgebuit (kan en) sal word.

Ek benadruk drie maniere waarop billikheid hierdie groep bevoordeel,<sup>4</sup> naamlik die vermoë om vir tyd te speel (soos in die voorbeeld van voormalige president Jacob Zuma), die vermoë om ongewone benaderings tot regsprobleme te befonds (’n voorbeeld hiervan is die hofspraak van die Nigeriese prediker Timothy Omotoso) en ten slotte, die vermoë om die staat se saak op grondliggende maniere te toets – iets wat nie binne die finansiële vermoëns van minder goeie beskuldigdes val nie (soos die voorbeeld van die verknoeië verhoor van Fred van der Vyver in die Wes-Kaapse Hooggeregshof getoon het). Vanselfsprekend mag daar oorvleueling wees tussen hierdie drie gevalle.

Wat Zuma betref, het meer as een verslaggewer (Ferreira, 2021; Lötter, 2021a) al daarop gewys dat hy vir tyd speel in sy korrupsiespraak wat al vir meer as twaalf jaar in behandeling is. In sy nuutste foefie beweer die voormalige president dat die hoofaanklaer in sy saak, Billy Downer, geen titel of aanspraak het om hom te kan vervolg nie, aangesien Downer, aldus Zuma, ’n uitgesproke vervolgingsvooroordeel teen hom as aangeklaagde het. Volgens Zuma is daar ’n onbehoorlike motief teenwoordig omdat Downer kwansuis deur die CIA bestuur sou word, wat beteken dat sy vervolging polities geïnspireer sou wees (Erasmus, 2021; Rabkin, 2021). Alhoewel dit algemeen bekend is dat Zuma se vervolging aanvanklik polities geïnspireer was, omdat Thabo Mbeki hom destyds as ’n politieke bedreiging beskou het, beteken dit nie dat daar nie meriete is vir die klagtes teen hom nie. Des te meer sal dit ’n baie moeilike, indien nie onmoontlike, taak wees om te bewys dat Downer se sogenaamde vervolgingsvooroordeel op ’n onregverdige uitslag sal uitloop. Hoe dit ook al sy, Rabkin (2021) het tereg daarop gewys dat die Hoogste Hof van Appèl die vraag of vervolgingsvooroordeel ’n strafspraak op ’n onregverdige uitslag kan laat uitloop, in *Porritt v National Director of Public Prosecutions*, ’n 2013-spraak, onbeantwoord gelaat het (met die veronderstelling dat sodanige vooroordeel wel bewys kan word).

<sup>4</sup> ’n Anonieme keurder het tereg daarop gewys dat in gedagte gehou moet word “... dat persone wat nog nie skuldig bevind is op geen wyse aan ‘rehabilitasie’ onderworpe is nie.”. In hierdie verband verskil ek met respek oor die wyer implikasies van verhoorafwagendes se ruimer toegang tot geregtigheid. Die punt synde dat al was verhoorafwagendes nog nie aan rehabilitasie onderworpe nie, die skynbare voorkeurbehandeling wat welgesteldes en gesaghebbendes geniet, vir sigself spreek.

Ek stem saam met die regskenner, Sibanda (2021): “[I]t is not impossible to secure the disqualification of Downer – but it is not probable.” Ek is egter ook van mening dat hierdie aanval op die vervolging se saak ’n moontlike byvertoning is. Die tersaaklike oorweging hier is nietemin dat ’n beskuldigde met die finansiële en politieke rugsteun wat Zuma kan genereer, hierdie regspunt male sonder tal – *ad nauseum* – kan appelleer as hy sy verhoor in die Pietermaritzburg Hooggeregshof verloor. Daar moet in gedagte gehou word dat Zuma reeds 79 jaar oud is, nie in aanhouding is nie aangesien borgtog aan hom toegestaan is en hy dus duidelik niks het om te verloor met so ’n uitgerekte regstryd nie. Om vir tyd te speel, mag dus vir hom werk.

’n Ander beskuldigde wat nie die voordeel het om op borgtog vrygelaat te wees gedurende sy strafsak nie, is Timothy Omotoso, die befaamde Nigeriese prediker wat op ten minste 63 ernstige klagtes teregstaan (tesame met alternatiewe klagformulerings, indien die staat nie daarin kan slaag om al die elemente van die hoofklagtes te bewys nie). Omotoso, wat sedert April 2017 by die St. Albans korrektiewekompleks net buite Port Elizabeth (nou herdoop tot Gqeberha) sonder borg in aanhouding is, en sy twee medebeskuldigdes, Lusanda Sulani en Zukiswa Sitho, staan in die Gqeberha Hooggeregshof tereg op etlike aanklagte van misdade wat wissel van moord tot onsedelike aanranding, mensehandel en rampokkery. Na verloop van drie jaar, in April 2021, beplan Omotoso se regsman om ’n aansoek om ’n wanverhoor aanhangig te maak, aangesien Omotoso van mening is dat een van die aanklaers in sy strafsak met getuienis ingemeng het in ’n poging om dit te onderdruk (sien *Eastern Province Herald* (Hartle & Kimberley, 2021)). Alhoewel die Strafprosesregwet 51 van 1977 (soos gewysig) nie as sodanig voorsiening maak vir die verklaring van ’n wanverhoor nie, kan die gemene reg ontwikkel word om sodanige uitslag langs grondwetlike riglyne te bereik. Die verskil tussen Zuma se geval en dié van Omotoso is dat laasgenoemde die onregmatige (selfs onwettige) onderdrukking of selfs verknoeiing van toelaatbare getuienis behels, terwyl die Zuma-kwessie wentel om regmatige vervolgingsywer [“prosecutorial zeal”], wat natuurlik nog steeds getoets sal word deur die ewewigtigheid en die onafhanklikheid van die voorsittende regter of beampte.

’n Beskuldigde wat wel daarin geslaag het om die staat se saak van voorbedagte moord teen hom af te skiet (al het die staat hernude vervolging geweier) terwyl latere ontleding wel ’n vervolgbare saak teen hom geopenbaar het, is ’n individu genaamd Fred van der Vyver. Hy is aangekla van die grusame moord op sy meisie, Inge Lotz, in haar Stellenbosse woonstel in Maart 2005. Ongeag die meriete van die saak, het die verdediging die prentjie geskets dat dit wil voorkom of die polisie se ondersoekspan so oortuig was van Van der Vyver se aandadigheid aan haar moord, dat hulle uit hul pad gegaan het om sy skuld ’n klinkklare sekerheid te maak (Mollett & Mollet, 2014:39-51; Lötter, 2021a; 2020c:123-124). Een stuk getuienis hou verband met Van der Vyver se vingerafdruk wat op ’n plat DVD-houer op die misdaadtoneel gevind is (en wat Fred dus vierkantig op die toneel sou plaas aangesien Inge op dieselfde middag, ’n paar uur nadat sy die DVD gehuur het, vermoor is), terwyl die verdediging tydens die verhoor met die hulp van deskundige getuies vanuit die Verenigde State en Nederland, daarin geslaag het om te bewys dat die vingerafdruk (en ander sogenaamde opgemaakte of vervalste getuienis) eerder van ’n gebuigde of geronde oppervlak (soos ’n glas) verkry is, wat Van der Vyver uiteraard as ’n verdagte op die misdaadtoneel sou elimineer (Mollett & Mollett, 2014:36). Dit beantwoord egter nie die vraag hoe die ondersoekspan, as hulle wel daarop uit was om Van der Vyver te impliseer, aanvanklik sou weet dat dit Van der Vyver se vingerafdruk was nie.

Nietemin, ’n ander deskundige wat deur die verdediging uit die Verenigde State ontbied is, ene Bill Bodziak, het met die betoog deur die beskuldigde se regsman saamgestem dat die polisie se bevinding dat dit Van der Vyver se Hi-Tec-skoenafdruk was wat op die bebloede

badkamervloer gevind is, ’n algehele vervalsing van die getuienis was (Mollett & Mollett, 2014:147-151). Alles is egter nie soos dit op die oog af lyk nie. Ondanks Van der Vyver se onskuldigbevinding bly daar baie vrae onbeantwoord rondom sy alibi, sy gedrag onmiddellik ná die ontdekking van die moord en sy ongewone verhouding met Inge Lotz (Mollett & Mollett, 2014:180-196). Vir konteks, my betoog is dat die onbillikheid in die regstelsel ingebou is aangesien mense soos Van der Vyver ’n “regverdige” verhoor kan kry omdat hy die geld het om deskundiges uit die buiteland te ontbied terwyl beskuldigdes met kleiner geldelike vermoë nie daardie voordeel het nie. Terwyl daar uiteraard geen sprake van rehabilitasie is as jy onskuldig is nie, is rehabilitasie in hierdie nougesette begrip van die woord egter nie gemik op welgesteldes nie.

Daar moet toegegee word dat daar ’n sekere mate van oorvleueling tussen Omotoso en Van der Vyver se gevalle is. In laasgenoemde geval het die ondersoekspan oënskynlik uit hul pad gegaan om ’n vals saak teen Van der Vyver op te bou (tot die mate dat die ondersoekbeampte aanspraak daarop gemaak het dat bovermelde Bodziak met hom akkoord gegaan het dat dit Fred se skoenafdruk is wat op die bebloede badkamervloer gevind is, wat Bodziak ontken het), terwyl daar in Omotoso se saak bestaande getuienis onderdruk is; iets wat ook dui op vervalsing van getuienis. Die punt is egter dat ondanks die feit dat Van der Vyver uiteindelik in die Wes-Kaapse Hooggeregshof vrygespreek is, sy regsverdediging hom, of ten minste dan sy pa, nie minder as 9 miljoen rand gekos het nie (Klatzow & Walker, 2010:226), terwyl die belastingbetaler tot onlangs toe nog met lang tande vir Zuma se aansienlike regskoste moes betaal.


Die gedagtegang wat onderliggend is aan al drie hierdie gevalle van welgestelde of magtige beskuldigdes (Zuma, Omotoso en Van der Vyver), is dat as dit nie was vir hul rykdom of politieke verbintenis nie, sou hulle nie daartoe in staat wees om die fyner nuanses van die strafreg en die grondwet uit te pluus en uit te buit nie. Gevolglik was en is hulle daartoe in staat om die gedagte aan billikheid, wat in die strafregstelsel verskans is, met die hulp van duur regslui te toets. Pierre de Vos (2021), ’n grondwetkundige verbonde aan die Universiteit van Kaapstad, merk in hierdie verband op dat die beskuldigings van regterlike vooroordeel deur ryk en magtige beskuldigdes, soos Zuma en Julius Malema, van alle waarheid ontbloom is, op die volgende gronde:

While these attacks are clearly self-serving and cynical, they might gain some traction exactly because there is some truth to the accusation that the legal system tends to treat rich people with more deference than anyone else. (bklemtoneing verwyder)


De Vos se siening dra ’n verdere laag van bewuste vooroordeel by tot my siening van onbewuste vooroordeel in die vorm van sogenaamde billikheid, soos verweef in ons strafregstelsel, wat welgesteldes bevoordeel. My betoog is dat een van die strafoogmerke met vonnisoplegging wel rehabilitasie is, terwyl dit ook een van die opdragte van die korrektiewe stelsel is. Die konsep van billikheid moet dan ook hier aangehaak word. Volgens De Haan (1991:208), “what we need is not a better theory of crime, but a more powerful critique of crime”. Ons benodig inderdaad ’n beter begrip van watter soort gedrag eintlik misdaad daarstel, wat die nougesetheid van die gemene reg se misdadomskrywings aansienlik sou kon uitbrei.

Met verwysing na ongelykheid in Suid-Afrika het die bekende Franse ekonoom Thomas Piketty (2015) gedurende sy onlangse goed bemarkte besoek na Suid-Afrika verwys as synde “at the top of its class”. Sowel inkomste- as eiendomsongelykheid het sedert 1994 verdiep, te midde van dalende ekonomiese groei in Suid-Afrika (Orthofer, 2016). Volgens die nuutste syfers van die World Inequality Database (2018) verdien die boonste 1% van die Suid-

Afrikaanse werkende bevolking amper 20% van die algehele inkomste in die land, terwyl die boonste 10% ongeveer 65% vir hulself toe-eien. Die oorblywende 90% van Suid-Afrikaanse werkers ontvang slegs 35% van die nasionale inkomste. Wat eiendoms- of besitsongelykheid betref, besit die boonste 1% van die land 'n skokkende 67% van alle bates terwyl die rykste 10% ongeveer 93% besit. Die onderste 90% van die driehoek besit slegs 'n skrale 7% van alle besitsrykdom hier ter plaatse (sien onderstaande grafieke in Figuur 1 en 2). Dit behoort dus geen verrassing te wees nie dat McLaughlin (2010:167) betoog dat “the blindspot of conventional criminology retains its steadfast refusal to research victimisation by the powerful, not least because the state does not recognise nor fund such research”.



**Figuur 1:** *Inkomsteongelykheid in Suid-Afrika* (World Inequality Database, 2018)



**Figuur 2:** *Eiendomsongelykheid in Suid-Afrika* (World Inequality Database, 2018)

In hierdie verband is dit insiggewend om daarop te let dat, soos Weiss (1998:429) uitwys, die mees deurlopende ooreenkoms tussen gevangenisstraf en ongelykheid (nie tussen misdaad en gevangenisstraf of selfs tussen misdaad en werkloosheid nie) geleë is in die verspreiding van inkomste en eiendom in ’n gemeenskap (soos die Nederlandse en Japannese ervaring, en dié in Pole voor 1990, getoon het). In hierdie bydrae besin ek oor hoe die sogenaamde “war on crime” (Wacquant, 2013:576) op die drumpel van die 21ste eeu ’n invloed gehad het op ons begrip van misdaad en die aanvaarde doeltreffendheid van die rehabilitasieparadigma in Suid-Afrikaanse korrektiewe sentrums.

Maar regspraaklikheid wat volg op ’n billike en regverdige verhoor is nie die enigste faktor wat ’n mens se kans om opsluiting [“imprisonment”] vry te spring, bepaal nie. Die verraderlike verskynsel van die gevangenis-industriële kompleks (“prison-industrial complex”) het die kwesbare verband tussen misdaad en gevangenisstraf uitgewys en ek oorweeg vervolgens kortliks hierdie kwessie.

## 5. Die gevangenis-industriële kompleks (GIK)

Die idee van die hervorming of gebruiksverandering van die gevangenis van sy “geskiedkundige regverdigings” na ’n besigheidsmodel is nêrens in groter mate sigbaar nie as by die verskynsel wat bekend staan as die gevangenis-industriële kompleks (GIK, of Eng. “prison-industrial complex” [PIC]). Mary Bosworth (2010:169), hoogleraar aan die Instituut vir Kriminologie aan die Universiteit van Cambridge en voormalige hoofredakteur van die Britse tydskrif *Theoretical Criminology*, doen die volgende aan die hand:

[W]hile prisons have always been used to control the poor and the disorderly, the extent to which incarceration in the 1990s became divorced from any of its historical justifications for justice, crime reduction or rehabilitation is remarkable.

Met hierdie stelling as uitgangspunt, omskryf Schlosser (1998) die GIK as “a set of bureaucratic, political, and economic interests that encourage increased spending on imprisonment, regardless of the actual need”. Dit is egter ook so dat die Suid-Afrikaanse model moeilik met dié van die Verenigde State vergelyk kan word aangesien daar net twee private gevangnisse in Suid-Afrika is wat slegs ’n fraksie van die totale gevangenisbevolking huisves. Hierdie oorweging is egter nie die enigste aanduiding van die gevolgtrekking dat ’n GIK hier ter plaatse wortel geskiet het nie. Hierdie misbruik gerig op winsbejag “regardless of the actual need,”<sup>5</sup> soos Schlosser dit stel, is deurslaggewend vir die ontplooiing van die belangrike eienskappe van die GIK (Agrizzi & Mitchell, 2020; Basson, 2019; Lötter, 2020b; Styan & Vecchiato, 2019).

Davis (2005:37-38) verduidelik dan ook waarom ons nie ’n rat voor die oë gedraai moet word deur die ideologiese breinspoeling dat strafoplegging (noodwendig) op misdaadpleging moet volg nie:

What I have tried to do – together with many other public intellectuals, activists, scholars – is to encourage people to think about the possibility that punishment may be the consequence of other forces and not the inevitable consequence of the commission of crime. (my beklemtoning)

<sup>5</sup> ’n Anonieme keurder wys daarop dat die Departement in 2008 voor die Portefeuljekomitee getuig het dat die PPP-benadering in werklikheid meer koste-effektief is aangesien die privaat instansies met ander woorde die “ontwikkelingskapitaal” voorskiet, waar die Staat nie noodwendig die “huis kontant kon bou nie.”

Een manier om Davis se argument te verstaan, is om te dink aan die mense wat daarin slaag om die gevangenis te omseil bloot omdat hulle (soos byvoorbeeld Zuma en Van der Vyver) dit kan bekostig om die knapste regslui te huur. Ons moet ook nie geflous word deur die gedagte dat die GIK ’n hoofsaaklik Amerikaanse verskynsel is nie. Daar is sonder twyfel duidelik aangetoon dat die GIK ’n besliste teenwoordigheid in Suid-Afrika het (Lötter, 2020b). Ter verheldering kan daarop gewys word dat behalwe vir die deeglik begronde aantygings van tenderbedrog en omkoperij oor ’n tydperk van ten minste 15 jaar, wat miljarde rande beloop (Quintal, 2019), die Bosasa-maatskappyegroep ’n bese ooreenkoms met bepaalde hooggeplaaste beamptes binne die DKD bereik het. In terme hiervan is ’n kunsmatig gevormde fiskale borrel op bedrieglike wyse geskep met die oogmerk dat sogenaamde oortollige fondse aan die einde van die finansiële jaar beskikbaar gestel word vir besteding aan onsinnige projekte (wat ook dan bekend staan as fiskale storting (Seleka, 2019).

Hierdie sinnelose uitgawes (byvoorbeeld vir televisies en spyseniering) is aangegaan ondanks die feit dat die DKD ’n reeks ernstige uitdagings in die gesig staar (instandhouding, personeeltekorte, plaë, aansteeklike siektes, ens.) waarvoor daar weinig geld beskikbaar is (Makou, Skosana & Hopkins, 2017). Hierdie verskynsel van tenderbedrog en die onregmatige besteding van belastingbetalers se geld in die Departement se besigheidsbedrywighede met Bosasa, dui onomwonde daarop dat, soos Styan en Vecchiatto (2019:50) uitwys, “money was not being used by the Department for the programmes it was intended for”. Projekte wat dringende aandag benodig het, is eenvoudig op die lange baan geskuif en onregmatig afgeskeep ten einde befondsing aan derdeparty-verskaffers (Bosasa) beskikbaar te kon stel – wat inderdaad ook die oogmerk van die tenderbedrogproeflopie was (Special Investigation Unit, 2009).

’n Besonder doeltreffende wyse waarop die GIK voortdurend aangeblaas word, is die wrede proses van die hersirkulering van vrygelate gevangenes. In die ongenaakbare omgewing van hardestigmatiserende beskamingskulture word hierdie geringgeskatte en kwesbare groep uitgeslotenes gedryf tot heroortreding as gevolg van die minimale werks- en lewensvooruitsiggeleenthede tot hul beskikking (Lötter, 2018:263-267).

Reiman en Leighton (2020:170) verwys as volg na hierdie verskynsel as “a multi-billion-dollar industry [having] a powerful economic interest in maintaining existing harsh policies”. In die Suid-Afrikaanse konteks is daar byvoorbeeld betoog dat die oneindige hersirkulering van oortreders wat hierdie verskynsel bemagtig, binne ons fel stigmatiserend-beskamingskultuur die gedagte aan rehabilitasie onsinnig maak (Lötter, 2020b). Crouch (2004:4) het sy stem tot hierdie debat gevoeg deur na hierdie tydperk as die sogenaamde “na-demokratiese tydperk” [“post-democracy era”] te verwys, synde ’n “spectacle of the electoral game, [where] politics is really shaped in private by interaction between elected governments and elites that overwhelmingly represent business interests”. Crouch se gedagtegang beaam dié van Chomsky (2021), wat demokrasie as ’n drogbeeld bestempel het. Alexander (2012:95-96) verklaar op haar beurt hierdie verskynsel as ’n “disturbing phenomenon of people cycling in and out of prison, trapped by their second-class status.” In die Suid-Afrikaanse konteks, soos hier bo aangedui, vind hierdie onheilsame gemeenskaplike verskynsel eweneens toepassing (Lötter, 2018:263-266).

Alexander se vertrekpunt is deur Lewin (1997) bevestig met sy ondersoek na “force field theory” met die oog op institusionele verandering (waar hy aantoon dat gebruik van rasionele oorwegings nie genoeg is om verandering teweeg te bring nie). Haar sienswyse word ook onderskraag deur Festinger (1957) se begrip *kognitiewe miskennening* (“cognitive dissonance”).

Inderdaad, die stigmatisering, diskriminasie en geringskatting van voormalige gevangenes<sup>6</sup> is een van die beste verklarings vir die hoë en onhoudbare heroortredingsyfers (Braithwaite, 1989:20, 100; Lötter, 2018:264). Die uiteinde van die gedurige hersirkulering van vrygelate gevangenes is dat die heroortredingsyfer in die Verenigde State oploep tot 67% (Geiger, 2006:1197) terwyl die syfer in Suid-Afrika selfs tussen 86 en 94% lê, wat beslis een van die hoogste syfers in die wêreld is (Cronje, 2017:23; Murhula & Singh, 2019; Pierce & Kiewit, 2020). Die feit moet egter beklemtoon word dat daar geen onweerelegbare inligting plaaslik bestaan om die presiese heroortredingskoers te bevestig nie, maar hierdie syfers gee wel ’n aanduiding van hoe groot en wesenlik die probleem is. Die groot belang wat kriminologie aan die probleem van heroortreding heg, iets wat bepaald deur ons kultuur aangeblaas word, is duidelik uit Carlen (2005b:422) se waarneming dat daarna verwys word as “the penologist’s stone”.

’n Mens wil jou amper verstout om te vra of Jan Alleman daarop geregtig is om deur stigmatiserende gedrag vrygelate oortreders se deur-die-hof opgelegde vonnis (waar die straf reeds uitgedien is) ongehinderd en sonder omhaal te kan verleng. Ek betoog dat hierdie verskynsel ’n gewaarwording verteenwoordig van die terugkeer van die onderdrukte pleidooi, soos deur onder andere Freud (1968) voorspel is, wat dan ook oortuigend deur Žižek (2008) in sy boek *In defense of lost causes* nagespeur word. Die kwessies van stigmatisering, heroortreding en die teenwoordigheid van die GIK in Suid-Afrika is “inter-dependent and inter-linked” aangesien hierdie kenmerke mekaar wedersyds ondersteun (Lötter, 2020b:18). Hiervolgens het Suid-Afrika een van die hoogste heroortredingsyfers in die wêreld, gegewe die konteks van gevangenisstraf as ons oorwegende straftoemettingsparadigma, gepaardgaande met ’n fel stigmatiserende beskamingskultuur.

Terselfdertyd kan die kwelpunt geopper word dat die stelling van Zuma om homself gereed te verklaar om gevangenisstraf uit te dien al is hy (volgens hom) onskuldig aan enige misdryf, uiters ironies is, gesien in die lig van die feit dat hy Bosasa bemagtig het om die gevangenis as ’n maatskaplike verskynsel in ’n florerende besigheidsmodel te omskep (Lötter, 2020b). Die Bosasa-verskynsel het die gevangenis langs ander weë omvorm tot ’n kreatiewe besigheidsinisiatief – om Clausewitz te herformuleer (sien Lötter, 2018:51). Teen hierdie agtergrond moet die staat se wysigings aan wetgewing soos die Straffregswysigingswet 105 van 1997 en die inwerkingstelling van die Strafproseswysigingswet 8 van 2013, welke wetgewing minimum gevangenisstrawwe<sup>7</sup> voorskryf, met ’n lepel gesonde skeptisisme oorweeg word.

McLaughlin (2010:165) betoog eweneens dat “[t]hese particular commercial enterprises have a built in ‘growth dynamic’ because they have a vested interest in seeing the problem of crime growing”. So ook wys Christie (2017:4) met groot kommer daarop dat regerings die misdaadbeheerwyerheid kan uitbuit om outoritêre optrede te regverdig. Uit die bespreking van die GIK onder hierdie afdeling blyk dit gemene saak te wees dat mense in korrektiewe sentrums beland vir meervoudige redes en nie net omdat hulle misdaad “gepleeg” het nie.

---

<sup>6</sup> Hier moet ook die feit verreken word dat die stigmatisering van voormalige gevangenes aan die gemeenskap toegeskryf kan word en nie soseer voor die deur van die korrektiewe sisteem gelê kan word nie (opmerking deur ’n anonieme keurder). Sodanige aandeel deur die gemeenskap bevestig inderdaad die feit dat die rehabilitasieparadigma in Suid-Afrika uitgedien is.

<sup>7</sup> So betoog Cameron (2020:5) dat “minimum sentencing has resulted in gross overcrowding. This not only negatively affects the well-being of prisoners, but also impedes good governance and administration of a prison.”

Albei hierdie oorwegings – die uitbuiting van billikheid ten einde die rykes te bevoordeel asook die omskepping van die gevangenis tot besigheidsmodel – sluit nou aan by Carlen (2013) se gedagtegang dat die rehabilitasieparadigma by strafoplegging uitgediend is. In hierdie bydrae redeneer ek dat haar insiggewende gesigspunt merkwaardige toepassing in Suid-Afrika vind.

Die toepassing van Reiman en Leighton (2020) en Box (2013) se argumente val binne die bestek van die hoofargument, naamlik die hervorming van rehabilitasie, al is dit net ten dele, en ek verwys dus net vlugtig na die breë strekking van hul redenasie, wat oorvleuelend van aard is. Die verband tussen hierdie twee skakels in die ketting en die oorhoofse doel van hierdie betoog is die verskynsel dat voorkombare ongelykhede wat in ons strafregstelsel ingebou is, minstens gedeeltelik verantwoordelik is vir die mislukking van ons rehabilitasieparadigma en -praktyke. Die tersaaklike gevalle is die vermoë om vir tyd te speel (Zuma), die vermoë om ongewone benaderings tot regsprobleme te ontgin (Omotoso) en toegang tot die finansiële spierkrag om die staat se saak op grondliggende maniere te toets (Van der Vyver). Ek gee sonder voorbehoud toe dat die blaam vir heroortreding uiteraard nie geheel en al aan die gebreke van rehabilitasiepraktyke toegeskryf kan word nie, en die strekking van die hoofargument is dan ook dat ongunstige sosio-ekonomiese faktore hervorming tot 'n groot mate ongedaan maak. Tersaaklike voorbeelde hier is die ontsaglike inkomste- en besitsongelykheid in Suid-Afrika (Orthofer, 2016; Piketty, 2015), ons fel stigmatiserende beskamingskultuur (Muntingh, 2002:22; Ngabonziza & Singh 2012:99; Lötter, 2018:19-22, 31, 38, 42, 160-161, 231-232, 259, 264-266, 269-273; 2020b) en 'n onwilligheid om in vrygelate gevangenes se basiese menslike behoeftes te voorsien (Lötter, 2021c), uiteraard 'n bron van konflik wat tot heroortreding aanleiding kan en sal gee (Braithwaite, 1989:20, 61, 100, 102; Lötter, 2018:264).

Alhoewel 'n pyrrhusoorwinning verwys na 'n oorwinning wat teen so 'n geweldige prys behaal word dat die uitslag neerkom op 'n skynoorwinning, betoog Reiman en Leighton (2020:166-171) dat 'n pyrrhusnederlaag tekenend is van 'n nederlaag wat slegs teoreties is, aangesien die resultaat die eintlike doelwit van die oefening was. So vind die demonisering van die uitgeslotenes as synde kriminogenies toepassing binne hierdie konteks, aangesien dit die nuttige doel dien om die aandag van staatsmisdade of dié van die staat se korporatiewe bondgenote af te lei (Reiman & Leighton, 2020:177-180). Box (2013:292-293) doen op sy beurt aan die hand dat sommige groepe groter voordeel trek uit die begripsformulering van misdade as ander. Hy betoog in die besonder dat die strafregtelike definisies van misdade soos moord, diefstal en ander ernstige misdade teen 'n persoon en eiendom op so 'n manier geformuleer word dat dit soortgelyke en selfs ernstiger wangedrag uitsluit, terwyl laasgenoemde in groter waarskynlikheid deur welgesteldes en invloedrykes gepleeg sal word. Oorweeg byvoorbeeld Hall (1988) se ontleding van die gemeenregtelike misdaad man-op-vrou-verkragting as synde “instrument, orifice and gender-specific” en dus 'n patriargale definisie.

Box (2013:297) se betoog, in ooreenstemming met die menings van Reiman en Leighton (2020), kom tot die slotsom dat misdaad noodwendig 'n maatskaplike (Quinney, 2008) en ideologiese samestelling is, in die sin dat sogenaamde konvensionele misdrywe nie verteenwoordigend is van die gedrag wat, objektief gesproke, ons gemeenskap die grootste skade berokken nie. Die resultaat hiervan is dat die mag om te kriminaliseer baie meer kragdadig is as maatskaplike beheerstrategieë.

Ek is van mening dat Carlen se gedagtegang oor die uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma inderdaad van toepassing is op die Suid-Afrikaanse milieu. Dit dien 'n nuttige, hoewel onsinnige ideologiese doel om die aandag op sodanige “konvensionele misdaad” te

vestig, soos Box oortuigend aangetoon het met sy standpunt aangaande die versluiting van misdaad. Dit is egter wel so dat konvensionele misdrywe grootliks deur die uitgeslotes en lae werkerstand gepleeg word aangesien hul meer geneig is om misdade van oorlewing te pleeg, anders as wat die geval is met oortreders wat welvarend is (Braithwaite, 1992:81, 83). As sodanig is die begrip *billikheid* byvoorbeeld aangepas om welgesteldes en dié wat mag uitoefen, te bevoordeel, en veral om die aandag van hulle verreikende misdade af te lei. Hierdie tendens word verder versterk deur die aanwesigheid van die gevangenis-industriële kompleks as ’n besigheidsmodel. Die bestaan van Suid-Afrika se fel stigmatiserende beskaminingskultuur beteken dat die rehabilitasie-ideaal nie veel kans het om vatplek te kry nie en dat vrygelate gevangenes uiteraard die neiging het om op heroortreding terug te val. Op hierdie wyse floreer die gevangenis dus. Die uitdruklike doel hiervan is dat die sogenaamde stryd teen misdaad net effektief genoeg moet wees ten einde (om ’n aantal redes) te faal, soos treffend verduidelik word deur Reiman en Leighton se teorie oor die sogenaamde pyrrhusnederlaag. Voor ek my wend tot ’n bespreking van die voorafgaande literatuurstudie, ontbreek een belangrike skakel van die ketting nog, naamlik ’n oorsig van die Departement Korrektiewe Dienste se rehabilitasiebeleid en praktyke. Ek wend my vervolgens tot sodanige oorsig.

## 6. ’n Oorsig van die Departement Korrektiewe Dienste se rehabilitasiebeleid en praktyke

Die doel van hierdie oorsig, toegespits op die afgelope 5 of 6 jaar, is om te fokus op die problematiek van rehabilitasiebeleid en -praktyke en sodoende te poog om die bestaande rehabilitasieparadigma te beïnvloed.

In 1998 het DKD ’n paradigmaterskuiwing ondergaan, wat die soeke na herstellende geregtigheid (“restorative justice”) insluit (Snyman, 2019), waarvolgens die korrektiewe sentrum of gevangenis van ’n suiwer vergeldingsinrigting na ’n gedeeltelik rehabilitasiegesentreerde sentrum moes verander (Du Plessis & Lombard, 2018; Department of Correctional Services, 2005). Die navorsingsbevinding was dat die gebruik van sogenaamde eenheidsbestuur (“unit management”) binne die Departement groter sukses sal behaal om hervormingspraktyke aan te moedig as meer befondsing (wat menslike hulpbronne soos die aanstelling van verdere professionele personeel insluit), beter infrastruktuur en opgeskerpte werksopleiding vir oortreders gevind kan word (Du Plessis & Lombard, 2018). Dit is juis die gebrek aan behoorlike befondsing en menslike hulpbronne wat Du Plessis (2018) in haar proefskrif tot die gevolgtrekking noop dat gevangenis personeel ’n negatiewe gewaarwording van eenheidsbestuur het, aangesien dit nie tot die maksimum vlak benut kan word nie en dus nie die oortreder se sogenaamde Offender Rehabilitation Path (ORP) doeltreffend kan beïnvloed nie. Masina (2019) het op sy beurt ook bevind dat ondanks die belofte wat hierdie tipe beheer inhou, dergelyke inisiatiewe as ’n mislukking bestempel moet word as gevolg van die gebrek aan behoorlike opleiding van korrektiewe personeel of beamptes in die gebruik daarvan en geringe belangstelling van die bestuurspan. Daar is dus ruimte vir verbetering wat die Departement se rehabilitasiemandaat betref.

Terwyl Musekwa (2019) rapporteer dat oortreders oor die algemeen voel dat rehabilitasieprogramme hulle in die steek laat en nie daarin slaag om hul optrede positief te beïnvloed nie, is rehabilitasietussentrede egter oor die algemeen tog bevind as ’n faktor wat kriminele weerhoudingsvaardighede aanmoedig. Tollman en Spies (2021) betoog byvoorbeeld dat waar geestesgesondheid as ’n komponent van die rehabilitasietussentrede bevoordeel word, sodanige voorkeur positiewe resultate oplewer. Nqoko (2019) doen ook in dieselfde trant aan die hand

dat geloofsgegronde rehabilitasieprogramme 'n belangrike instrument is om oortreders met hul gesinne te versoen ten einde samehorigheid te vestig, en dat die geestelike onderbou by dié pogings 'n wesenlike bydrae tot morele oplewing in die konteks van hervorming is. Pretorius (2018) kom tot dieselfde gevolgtrekking en dui aan dat geloofsgegronde rehabilitasieprogramme wat op geestelike en morele transformasie gemik is, positiewe gevolge inhou. Hy maan egter ook, soos ander navorsers voor en na hom, dat beperkte menslike hulpbronne die soeke na doeltreffender rehabilitasie kniehalter. Snyman (2019) wys daarop dat daar 'n behoefte bestaan dat gevangenispersoneel opgelei moet word ten einde meer proaktief tot die rehabilitasiepoging te kan bydra. Potelwa en Adu (2020) se bevindinge is soortgelyk. Onderrig in beeldende kunste laat vroulike oortreders byvoorbeeld toe om van negatiewe emosies en ontstellende ervarings agter die tralies te ontsnap weens die geleentheid om hulself deur kuns te kan uitdruk, en daardeur selfdissiplinerende en persoonlike transformasie te ondervind. Daar is gevind dat selfs iets eenvoudigs soos die aanmoediging van leesaktiwiteite as 'n effektiewe rehabilitasieinstrument ingespan kan word (Nelani, 2020).

In 'n ondersoek van geleefde ervarings op die lewenspad [“pathways & lived experiences”] van 'n unieke oortrederbevolking, naamlik vroulike misdadigers wat gestraf is weens oneerlikheid, doen Mostert, Hesselink en Dastile (2021) aan die hand dat persoonlikheidsgebreke soos onder andere beperkte insig, swak besluitnemingsvaardighede en ingeperkte selfbeeldervaring bygedra het tot hul oortredings. Uiteraard val hierdie bepaalde problematiek buite die bestek van die Departement se rehabilitasiemandaat. Marqua-Harries, Stewart en Padayachee (2019:36) betoog in hierdie verband dat aangesien die meerderheid van jeugdige oortreders reeds onderworpe was aan heelparty traumas, versprei oor 'n aantal scenario's, voordat hulle kennis gemaak het met die strafregstelsel, hulle aanbeveel dat die stelsel “[be] re-conceptualised such that its foundation is trauma-informed and restorative justice-infused”. Die Departement is egter nie heeltemal vry van aanspreeklikheid nie. Nkosi (2018) betoog dat 'n pakhuisbenadering tot opsluiting, tesame met uitdagings soos korrupsie, verdere traumas, geweld en bendeaktiwiteite, hervorming in 'n groot sentrum soos Durban-Westville amper onmoontlik maak, aangesien dit hierdie ruimtes onveilig maak en dus rehabilitasie negatief beïnvloed. Op soortgelyke wyse redeneer Miselo en Mutereko (2019) dat, aangesien kenners saamstem dat toegang tot na-sekundêre onderrig (sogenaamde “Post-Secondary Correctional Education” of PSCE) grondliggend is tot die vermindering van heroortreding en 'n positiewe invloed daarop het, daar tog gewigtige probleemareas uitgelig kan word. Negatiewe faktore wat ondervind word, is finansiële beperkinge op geleenthede om te studeer, 'n pakhuisbenadering van oortreders wat studeersessies belemmer, en gevangenispersoneel wat toegang tot leerbronne, soos boeke en internettoegang, beperk. Miselo (2018) bevestig op haar beurt dat toegang tot tersiêre onderrig oortreders se kanse op indiensneming na vrylating verbeter en, selfs belangriker, ook hul kinders se kanse op beter opleiding verhoog, wat terselfdertyd die bese sirkel van misdaad wat dikwels oorgedra word na die volgende geslag 'n nekslag sou toedien. Sy maan egter dat die Departement nie genoeg doen om hierdie ruimte toeganklik en aantreklik vir oortreders te maak nie. Mabeba (2018) se ondersoek vind hierby aansluiting. Hy het bevind dat oortreders se persepsie van hervorming van negatief na positief verander het ná die voltooiing van rehabilitasieprogramme en dat dit sodoende nie net heroortreding verminder het nie, maar selfs oortreders se kanse op werksgeleenthede ná vrylating verbeter het. Mmutlane (2019:265-267) dui aan dat die kriminologiese risiko's en behoeftes van buitelandse oortreders in Suid-Afrikaanse gevangnisse aansienlik verskil van dié van Suid-Afrikaners. Aangesien hulle ná paroolgoedkeuring na hul lande van oorsprong gedeporteer word, is hulle in effek bevry van hul paroolbeperkings en keer dikwels binne 'n paar dae

onwettig terug na Suid-Afrika. Vezi (2021) doen dan ook met reg aan die hand dat rehabilitasieprogramme voordele vir oortreder, slagoffer en die gemeenskap in die algemeen inhou en dat hervorming belangrik is vir openbare veiligheid en risikobeheer. Dit is natuurlik so dat dienste soos goeie gehalte onderwys en gesondheidsorg ver buite die bestek van die Departement van Korrektiewe Dienste se mandaat val. Ek erken hiermee die waarde van 'n meer genuanseerde benadering tot die problematiek van hervorming, ten minste in Suid-Afrika.

Die vraag ontstaan of daar 'n wesenlike alternatief tot gevangenisstraf bestaan. Marqua-Harries, Stewart en Padayachee (2019:36) wys op die waarde van gemeenskaps-tussentrede (veral gemeenskapstrawwe soos gemeenskapsdiens – ek dink byvoorbeeld aan plaaslike paaie in dorpe en stede wat opknapping benodig) as 'n alternatief vir direkte gevangenisstraf, wat volgens hulle as 'n heel laaste opsie beskou moet word. Ek stem heelhartig met hul voorstel saam. In die lig van die inheemse tradisie van *ubuntu* (samehorigheid), sou gemeenskapsdiens in die Afrikakonteks, soos Padayachee en NICRO (2018:33) uitwys, waarskynlik 'n meer gepaste sanksie as gevangenisstraf wees. 'n Ander nuttige idee is die gedagte aan “oop gevangnisse” (Padayachee & NICRO, 2018:34), want deur “oortreders met vertroue en verantwoordelikheid by hul eie hervorming en hervestiging te betrek, verteenwoordig 'n belangrike bousteen in hierdie hervormingspoging (Lötter, 2019:502-503). Hier te lande is daar reeds minimum sekuriteitsfasiliteite op plekke soos byvoorbeeld Leeuwkop.<sup>8</sup>

Gegewe Suid-Afrika se konserwatiewe opset, en die hoë vlakke van misdaad waaraan die inwoners elke dag blootgestel is, kan daar seker aanvaar word dat enige wesenlike alternatief tot gevangenisstraf met wantroue bejeën sal word, en die idee van oop gevangnisse is sekerlik meer verteerbaar as ander alternatiewe (Lötter, 2021c:1245).

Teen die agtergrond van die bespreking van hierdie vyf tendense tot misdaadbeheer (of gebrek aan beheer) en 'n oorsig van die Departement Korrektiewe Dienste se rehabilitasiebeleid en -praktyke, oorweeg ek hierna die implikasies daarvan met die oog op ontluikende beleidsformulering.

## 7. Bespreking van voorafgaande literatuurstudie

Ek baseer my betoog op twaalf oorwegings met die oog op 'n gevolgtrekking.

1. Die waarde van 'n genuanseerde benadering tot rehabilitasiebeleid en -praktyke blyk duidelik uit die voorafgaande literatuurstudie. Terwyl heelwat rehabilitasieprogramme binne DKD wel sukses blyk te behaal, is daar ruimte vir verbetering. Derhalwe is meer effektiewe gebruik van eenheidsbestuur en beter opleiding van personeel uitgewys as probleemareas wat aandag moet geniet.
2. Gevangenisstraf moet versag word om ruimte te laat vir ander opsies wat kan help om die meer onaanvaarbare gevolge daarvan (soos die pakhuisbenadering, bendebedrywighede en geweld) te besweer. Ek verwys hier na gemeenskapsdiens en oop gevangnisse as werkbare alternatiewe tot gevangenisstraf.
3. Die neiging van politici om op 'n “tough on crime”-platform stemme te werf in sowel Suid-Afrika as die Verenigde State (oftewel “governing through crime” (Simon, 2013:540)), beliggaam 'n beleidsformulering wat uitdruklik poog om 'n doel te bereik (oënskynlik misdaadbeheer) deur die maatskaplike verspreiding van lyding en ontbering in die algemene gemeenskap. Volgens hierdie gedagte word sodanige

<sup>8</sup> Met erkenning aan die inset van 'n anonieme keurder

- doelwit bereik deur dunderd weë te volg (howe, gevangenis, regsverrigtinge) as wat andersins die geval sou wees met holistiese en meer gesonde gemeenskapsbouprojekte. Die skakel tussen die gemeenskapsbouprojekte en rehabilitasie is dat eersgenoemde misdaad sal bekamp en selfs sal voorkom. Voorbeelde is goed bestuurde naurse biblioteekdienste en die aanbieding van laataand sokker- en ander sportsoorte.
4. Marqua-Harries, Stewart en Padayachee (2019:35) se uitspraak dat die gevangenis gefaal het in sy taak om die publiek veilig(er) te hou, behoort nie sonder teenspraak aanvaar te word nie, aangesien, soos ek hier bo betoog het, sosio-ekonomiese toestande wat tot misdaad aanleiding gee, buite die kader van DKD se mandaat val. Hierdie waarneming moet ons egter noop om die vanselfsprekende vraag te stel, naamlik hoekom hierdie weg gekies word terwyl ander, meer vrugbare weë (gemeenskapsdiens, oop korrektiewe sentrums en verbetering van swak sosio-ekonomiese toestande) beskikbaar is. Die antwoord lê deels in die hokslaan van die najaag van gevestigde belange ten koste van die openbare belang. Die rehabilitasieprentjie in Suid-Afrika is dus sowel ingewikkeld as veelvlakkig.
  5. Die drakoniese gebruik om deur misdaad te regeer (soos deur Simon (2013) uitgewys is) loop die gevaar om die ondersteuning van groot dele van die gemeenskap te verloor, wat eerder vooruitstrewende beleid vir maatskaplike verandering bepleit as onkritiese ideologiese breinspoeling, soos meer befondsing vir die polisie, wat juis die *status quo* in stand hou (Alexander, 2012; Carlen, 2013; Sway, 2022). Gegewe die stygende vlakke van misdaad is die huidige oproep vanaf die publiek egter vir selfs groter drakoniese optrede.<sup>9</sup> Voetsoolinisiatiewe as betekenisvolle tussentrede om die gemeenskap te herbou, is dan ook die gesigspunt van San Francisco se nuwe swart vroulike burgemeester, London Breed (Sway, 2022).
  6. Die verskynsel van die gevangenis-industriële kompleks op Suid-Afrikaanse bodem (Lötter, 2020b), komende van sy Amerikaanse broeikas, is nog ’n sprekende voorbeeld van ’n neiging ter plaatse wat die rehabilitasieparadigma aansienlik verswak het. Die gewaarwording van die onderskeid tussen “ons” en “hulle” in terme van die hoofstroomgemeenskap teenoor sy misdaadbodem [“criminal underbelly”] het, al is dit net ten dele, duidelik die geloofwaardigheid van die rehabilitasieparadigma skade aangedoen weens die groeiende besef dat mense nie bloot agter tralies beland omdat hul iets verkeerd gedoen het nie, maar dikwels as gevolg van ander nie-regsoorwegings (Davis, 2005:37-38). Hierdie stelling kan verder verduidelik word aan die hand van die stigmatisering en marginalisering van vrygelate gevangenes wat weens hul uitsluiting van die hoofstroomgemeenskap en -ekonomie, ondanks voornemens van rehabilitasie, na die misdaadonderbuik teruggedwing word ten einde ekonomies te kan oorleef (Alexander, 2012:95-96; 2020; Geiger, 2006; Lötter, 2018:247, 259, 261-264, 266, 268; 2020a).
  7. Nog ’n belangrike kwessie wat die betekenisvolheid van rehabilitasiepogings ernstig belemmer, is die diskriminasie, stigmatisering en geringskatting van voormalige oortreders in hardestigmatiserende beskamingkulture. Vir hierdie groep gestigmatiseerdes, ondanks die rehabilitasieretoriek waarmee hulle gedurende hul gevangenisverblyf te make gehad het, is herintegrasie ’n skrale moontlikheid, en uitsluiting (selfs buite die gevangenishekke) ’n onafwendbare werklikheid (Alexander, 2012, 2020; Geiger, 2006; Lötter, 2018, 2020a). Hiermee gee ek wel toe dat ’n

---

<sup>9</sup> Met erkenning aan die opmerking van ’n anonieme keurder.

minderheid van geharde misdadigers ook ons onhoudbare heroortredingsyfers hoog hou, maar dit alleen kan nie alles verduidelik nie. Ons moet aanvaar dat ons hardestigmatiseringskultuur ook 'n wesenlike rol speel.

8. Die neiging van regerings om in die 21ste eeu 'n meer verbruikersvriendelike ruimte vir die vryemarkekeonomie te skep, het letterlik, al is dit net ten dele, daartoe gelei dat 'n verhoogde afwaartse druk op swak betaalde werksgeleenthede (in besonder by stukwerk en deelydse werk) opgebou het, terwyl daar terselfdertyd ook verdere druk geplaas is op die reeds onhoudbare behuisingskrisis, veral onder lae-inkomstegroepe. Soos Currie (2013) uitwys, word maatskaplike welsynsubsidies van dié met die grootste geldbehoefte onttrek terwyl goed-besoldigde werk, gesinsamehorigheid en behuisingsmoontlikhede terselfdertyd uitgewis word. In die besonder betoog Currie (2013:292-293) dat ons oorweging moet skenk aan die volgende:

... the market economy's tendency to weaken and erode the alternative political means by which those who are victimized by destructive social and economic policies might express their frustration and their desperation in transformative rather than in predatory ways.

Op hierdie subtiele wyse mag demokrasie skade ly as gevolg van die impak van sogenaamde ruimteapartheid ("spatial apartheid"). Die verdiepende afgrond tussen ryk en arm, wat weliswaar nie meer op ras geskoei is nie, gaan groter klem ontvang soos die eeu verder ontvou en sal dus indirek die rehabilitasie-ideaal beïnvloed.

9. Soos kundiges soos Angela Davis (2005:38) uitwys, het die verwagting dat maatskaplike kwelpunte met behulp van die gevangenis opgelos sal word, tot gevolg gehad dat fondse aan die gevangenis-industrie eerder as aan gemeenskapsontwikkeling toegewys is. Dit beteken dat die skep van geleenthede wat mense in staat sal stel om meer bevredigende lewens te lei, soos beter onderwys, instandhouding van paaie, gesondheid of werksverskaffingsprogramme, uiteraard verwaarloos word. Hierdie argument is egter slegs deels waar in die Suid-Afrikaanse konteks aangesien onderwys voorkeur kry in die begroting en daar ook nie meer geld op die gevangenis-industriële aspek bestee word as op gemeenskapsontwikkeling nie. Ek betoog dus dat die rehabilitasie-ideaal tot 'n mate uiterlike vertoon ["window dressing"] vir een van die hersiene oogmerke van die gevangenis is, naamlik die najaag van wins via nuwe roetes, al is die winsfaktor vir Suid-Afrika derhalwe laag, anders as groot private industrieë soos in die VSA, Brittanje, en selfs Australië. Hierdie gesigspunt sluit aan by die idee wat ek hier bo ontwikkel het, naamlik dat rehabilitasie uiteraard nasorg is en dat baie van die faktore wat deel vorm van 'n goeie sosio-ekonomiese omgewing buite die raamwerk van DKD se rehabilitasiemandaat val.
10. Ons onaanvaarbaar hoë vlakke van beide inkomste- en besittingsongelykheid het geweldsmisdaad aansienlik aangeblaas (Kriegler, 2018; Lötter, 2021b). Soos Simon (2013:541) dan ook tereg betoog, het die verskynsel van opsluiting (teenoor die alternatief van gemeenskapsdiens) die moontlikheid van 'n uiteindelike terugkeer na "alternative economy[ies] of power (like work, but also including family and community-building activities)" bykans onmoontlik gemaak. In hierdie opsig vind Carlen se betoog wel deels toepassing aangesien heelwat maatskaplike euwels vanuit regeringsweë aangespreek kan en behoort te word. Tradisioneel sal geweldsmisdaad veroorsaak deur inkomste- en/of besittingsongelykheid aanleiding gee tot ekonomiese

misdade en dit is presies wat Kriegler (2018) aandui die geval in Suid-Afrika skyn te wees weens ons onbehoorlike hoë vlakke van ekonomiese ongelykheid.

11. Wat is die verband tussen die uitgediendheid van die rehabilitasie-ideaal (ondanks sy voortlewing in amptelike diskoers) in die 21ste eeu en toenemende ongelykheid in Suid-Afrika? Ongelykheid, soos Stiglitz (2016:146) betoog, is 'n politieke keuse, en tensy die regering tussenbeide tree, soos Piketty (2014) demonstreer, sal ongelykheid onverpoos vergroot soos die eeu voortsleep. In hierdie opsig verag transnasionale maatskappye (TNM'e) dat na hulle welsyn omgesien sal word deur die deregulering van die mark ten einde hierdie ruimte so verbruikersvriendelik as moontlik vir die toepassing van neoliberales beleidsneigings te maak. Die gevolg daarvan is die versterking en ontbloting van sy strafregtelike spierkrag (Wacquant, 2013:588). Wacquant (2010:611) se woorde spreek tot ons wanneer hy daarop wys dat stedelike marginalisering daartoe sal lei dat oortreders in hardestigmatiserende beskamingskulture, soos in Suid-Afrika te vinde is, nie ná hul vrylating herintegreer nie. So wys kundiges oor die afgelope twintig jaar byvoorbeeld daarop dat die ekonomiese en maatskaplike uitsluiting en stigmatisering van vrygelate gevangenes in Suid-Afrika dit onmoontlik maak vir hulle om enigsins haalbaar gerehabiliteer en geherintegreer te word (Muntingh, 2002:22; Ngabonziza & Singh 2012:99; Lötter, 2018:19-22, 31, 38, 42, 160-161,231-232, 259, 265-266, 269-273). So is daar byvoorbeeld betoog dat “[m]y conceptual conclusion is that in view of communities’ resistance to the integration of ex-offenders (notably employment discrimination) and the perpetuation of the prison-industrial-complex ... such intervention efforts, however well-intentioned, are doomed to fail under existing debilitating conditions of stigmatization and marginalization” (Lötter, 2018:264). Die verband tussen stedelike marginalisering, die hardestigmatiserende beskamingskultuur en die sogenaamde gevangenis-industrie lê dus daarin dat hierdie drie faktore mekaar wedersyds ondersteun en aanvul en die ideaal van sinvolle rehabilitasie ondergrawe. Hul wissel eerder tussen vryheid en gevangenis in “a continuum of forced confinement formed by the prison and [...] the metropolis”. Hierdie stand van sake is van toepassing in sowel Suid-Afrika as die Verenigde State. Anders gestel, Freud (1968) se onheimlike of deurlopende verbanning word voorsien as tuiste vir bevolkings van aansienlike grootte in die 21ste eeu.
12. Slegs deur die demonisering van die randfigure in die gemeenskap as kriminogenies, wat Reiman en Leighton (2020) ’n pyrrusnederlaag noem, selfs al is die verskynsel van misdaad wyd deur alle vlakke van die gemeenskap versprei, kan die mark voortgaan met aansienlike winsbejag. Dit dui onomwonde aan hoe ideologiese breinspoeling die deels uitgediende strafrehabilitasieparadigma gekoloniseer het.
13. Teen hierdie agtergrond word daar gevra of Thomas S Kuhn (1970) se gedagte rondom ’n paradigmaperverskuiwing enigsins op strafrehabilitasie in Suid-Afrika van toepassing is. Kuhn betoog dat wanneer te veel teenstrydighede aanklank vind by die sentrale idee waarom ’n paradigma gevorm het, naamlik rehabilitasie, word die paradigma uitgedien en vervang deur ’n ander, onversoerbare een. Die teenstrydighede wat onder andere hier ter sprake is, is naamlik 1) Suid-Afrika se erge hardestigmatiserende beskamingskultuur, 2) Carlen se uitwysing van die uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma, 3) die afskaling van billikheid of regverdigheid in ons regspleging (De Vos, 2021; Erasmus, 2021; Lötter, 2021a, Rabkin, 2021), 4) die teenwoordigheid van die gevangenis-industriële kompleks op plaaslike bodem (Lötter,

2018:117-126; 2020b, 2020c:112-117), 5) Reiman se pyrrhusnederlaagteorie 6) die rol van die staat in die versluiering van misdaad en, ten slotte, 7) 'n politieke onwilligheid om grondliggende maatskaplike en politieke verandering aan te spreek. In 'n rehabilitasiekultuur waar 9 uit elke 10 oortreders (Cronje, 2017:23; Murhula & Singh, 2019; Pierce & Kiewit, 2020), soos wat tans die geval in Suid-Afrika is, ná vrylating terugkeer tot 'n loopbaan van misdaad, is dit helaas die gevolgtrekking waartoe die waarnemer genoop word. Dit beteken uiteraard nie dat absoluut geen rehabilitasie plaasvind nie, maar wel dat die paradigma uitgedien is en deur 'n nuwe en onversoembare paradigma vervang word of reeds is. Ek wend my vervolgens tot 'n slotsom.

## 8. Ten slotte

Die rehabilitasieprentjie in Suid-Afrika is dus sowel ingewikkeld as veelvlakkig maar as Piketty (2014) korrek is met sy waarneming dat sonder gepaste tussentrede ongelykheid eksponensieel sal toeneem in die 21ste eeu, kan daar verwag word dat die verskynsel van “governing through crime” (Simon, 2013) en die misdaadbekampingsnywerheid as 'n geheel (Christie, 2017) verder aangeblaas sal word. Die doel hiervan is om die ekonomiese ongelykheid waarna in die inleiding verwys is, te regverdig.

Daar blyk geen getuienis te wees dat die Suid-Afrikaanse regering die politieke wil het om die kwessie van grondliggende verandering aan te spreek nie. Reiman en Leighton (2020:195) betoog oortuigend dat in grootskaalse ongelyke gemeenskappe (soos Suid-Afrika), daar 'n onwilligheid is om grondliggende maatskaplike en politieke verandering te pak. Hierdie stand van sake sal bloot die gedeeltelike uitgediendheid van die rehabilitasieparadigma in postapartheid Suid-Afrika in die 21ste eeu benadruk. Terselfdertyd bevorder hierdie stand van sake die legitimisering van die huidige onregverdige en ongelyke ekonomiese posisie ter plaatse, wat Suid-Afrika een van die mees ongelyke lande ter wêreld maak.

Carlen se voorstel dat die rehabilitasieparadigma verwerp moet word as uitgediend, verdien byval, terwyl dit terselfdertyd ook ietwat van 'n wensdenkery is in die lig van die volharding van die (altemit gefaalde) herintegrasiewens, aangeblaas, tot 'n geringer mate, deur die bewegrede tot hervorming as deel van die gevangenis se bestaansgrond as 'n besigheidsmodel in die vorm van die GIK. Haar voorstel moet egter teen die agtergrond van die geheelbeeld van bestaande rehabilitasiebeleid en -praktyke hier plaaslik gelees word. Die rehabilitasiewens of -ideaal dien dan volgens die logika van hierdie betoog as 'n voorwendsel vir die pakhuisbenadering van swerwende bevolkings in 'n ingrypend ongelyke (Piketty, 2014) en onderdrukkende gemeenskap (Weiss, 1998:428-429). Hierdie stand van sake sal onverpoos voortbestaan te midde van 'n politieke onwilligheid om aandag aan grondliggende verandering te gee. Volgens Reiman en Leighton (2020:171), sal Groot Besigheid se belange (in 'n sameswering met die staat) voortgaan “[to] distort policy in its own interests”.

Die spanning tussen maatskaplike beheer en misdaadbekamping in die 21ste eeu sal waarskynlik onthou word as 'n reeks desperate pogings om die grense tussen die privaat en openbare ruimte te vestig, selfs al word hierdie verdelings nog meer onpeilbaar gedurende hierdie proses, en selfs al verdwyn die onderskeid nooit heeltemal nie. Dalk sal die gevestigde belange (by name: die gevangenis-industriële kompleks) wat die gedeeltelik uitgediende rehabilitasieparadigma aanblaas, die openbare ruimte omvorm tot 'n heeltemal ander eksotiese ruimte, naamlik dié van verbanning, soos Said (2002:173) binne 'n ander raamwerk aangehaal is. Dit sou egter, soos Carlen bepleit, baie help indien ons die rehabilitasieparadigma in Suid-

Afrika as gedeeltelik uitgediend sien, maar ook as iets wat deurgaans nog (dalk deels ongeregverdigd) aangemoedig word.

Ek betoog dat die waarde of bydrae van my poging daarin lê dat die verband tussen ekonomiese ongelukheid en misdaadteelaarde op 'n betekenisvolle wyse uitgelig word. Laastens kom ek tot die gevolgtrekking dat die strafrehabilitasieparadigma wel tot 'n groot mate in Suid-Afrika uitgediend is, maar in die lig van die gedeeltelike sukses wat daar met die vele rehabilitasieprojekte tans in werking behaal word en die transformasie van die gevangenis na 'n rehabilitasiegerigte instelling, die implementering van nuwe beleidsformulering op genuanseerdheid moet fokus, met die klemverskuiwing na gemeenskapsdiens en oop gevangnisse. Ek moet ook onmiddellik toegee dat rehabilitasie weens 'n aantal ernstige teenstrydighede in 'n krisis gedompel is. In aansluiting by Martinson (2001) se wanhopige vraag of enigiets werk as dit by rehabilitasie kom, moet die vraag gestel word of misdaad nie tot 'n mate gesien kan word as 'n voorspelbare reaksie in 'n abnormale gemeenskap met onfatsoenlike vlakke van besits- en inkomste-ongelukheid nie. Carlen se pleidooi vir die verwerping van hierdie paradigma is, binne die Suid-Afrikaanse konteks in elk geval, gevolglik ten volle aan te beveel indien dit nie reeds, soos Kuhn aantoon, uitgedien en self verval het nie. Al wat moet gebeur, is dat iemand hierdie stand van sake moet uitwys, soos wat ek met hierdie bydrae gepoog het om te doen.

## BIBLIOGRAFIE

- Adorjan, M & Chui, WH. 2014. Aging out of crime: Resettlement challenges facing male ex-prisoners in Hong Kong. *The Prison Journal*, 94(1):97-117. <https://doi.org/10.1177/0032885513512095>.
- Agrizzi, A & Mitchell, P. 2020. *Inside the belly of the beast: The real Bosasa story*. S.I: Truth be Told Publishing.
- Alexander, M. 2012. *The new Jim Crow: Mass incarceration in the age of colourblindness*. New York: The New Press.
- Alexander, M. 2020. The injustice of this moment is not an "aberration". *New York Times*, 17 January. <https://www.nytimes.com/2020/01/17/opinion/sunday/michelle-alexander-new-jim-crow.html> [4 February 2020].
- Basson, A. 2019. *Blessed by Bosasa: Inside Gavin Watson's state capture cult*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Baur, JE, Hall, AV, Daniels, SR, Buckley, MR & Anderson, HJ. 2017. Beyond banning the box: A conceptual model of the stigmatization of ex-offenders in the workplace. *Human Resource Management Review*, 28(2):204-219. <http://dx.doi.org/10.1016/j.hrmr.2017.08.002>.
- Bax, P. 2019. Picking trash for \$1.20 an hour in the world's most unequal nation. *Bloomberg*, 12 May. <https://www.bloomberg.com/news/features/2019-05-12/picking-trash-for-1-20-an-hour-in-the-world-s-most-unequal-nation> [12 May 2021].
- Birukou, A, Blanzieri, E, Giorgini, P & Giunchiglia, F. 2013. A formal definition of culture. In Sycara, K, Gelfand, M & Abbe, A (eds). *Models for intercultural collaboration and negotiation. Advances in group decision and negotiation*. Vol. 6. Dordrecht: Springer, pp. 1-26.
- Bosworth, M. 2010. *Explaining U.S. imprisonment*. London: Sage.
- Box, S. 2013. Crime, power and ideological mystification. In McLaughlin, E & Munchie, J (eds). *Criminological perspectives: Essential readings*. 3rd ed. London: Sage, pp. 287-300.
- Braithwaite, J. 1989. *Crime, shame and reintegration*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Braithwaite, J. 1992. Poverty, power and white-collar crime: Sutherland and the paradoxes of criminological theory. In Schlegel, K & Weisburd, D (eds). *White-collar crime reconsidered*. Boston: Northeastern University Press, pp. 78-107.
- Cameron, E. 2020. The crisis of criminal justice in South Africa. *SA Crime Quarterly*, 69:1-15. DOI: <https://doi.org/10.17159/2413-3108/2020/i69a9253>.
- Carlen, P. 2005a. In praise of critical criminology. *Outlines*, 2:83-90.
- Carlen, P. 2005b. Imprisonment and the penal body politic. In Liebling, A & Maruna, S (eds). *The effects of imprisonment*. Cullompton, UK: Willan, pp. 421-441.

- Carlen, P. 2013. Against rehabilitation; for reparative justice. In Ball, M, Tauri, JM, O'Brien, E & Carrington, K (eds). *Crime, justice and social democracy: International perspectives*. London: Palgrave Macmillan, pp. 89-104.
- Chan, J. 2013. Globalization, reflexivity and the practice of criminology. In McLaughlin, E & Munchie, J (eds). *Criminological perspectives: Essential readings*. 3rd ed. London: Sage, pp. 597-615.
- Chomsky, N. 2021. Transcript: Ezra Klein interviews Noam Chomsky. *New York Times Podcast*, 23 April. <https://www.nytimes.com/2021/04/23/podcasts/ezra-klein-podcast-noam-chomsky-transcript.html> [2 June 2021].
- Christie, N. 2017. *Crime control as industry: Towards Gulags, Western style*. 3rd ed. London: Routledge.
- Chui, WH & Cheng, KKY. 2013. The mark of an ex-prisoner: Perceived discrimination and self-stigma of young men after prison in Hong Kong. *Deviant Behavior*, 34(8):671-684. <https://doi.org/10.1080/01639625.2013.766532>.
- Cronje, M. 2017. A comparative analysis of recidivism with specific reference to Crimino-Victimogenic variables, Offence Analysis and Programme Participation. PhD thesis, University of KwaZulu-Natal.
- Crouch, C. 2004. *Post-democracy*. Cambridge: Polity Press.
- Currie, E. 1999. Reflections on crime and criminology at the millenium. *Western Criminology Review*, 2(1).np. <http://www.westerncriminology.org/documents/WCR/v02n1/currie/currie.html> [18 March 2022].
- Currie, E. 2013. Social crime prevention strategies in a market society. In McLaughlin, E & Munchie, J (eds). *Criminological perspectives: Essential readings*. 3rd ed. London: Sage, pp. 387-399.
- Davis, AY. 2003. *Are Prisons Obsolete?* New York: Seven Stories Press.
- Davis, AY. 2005. *Abolition democracy: Beyond empire, prisons, and torture*. New York: Seven Stories Press.
- De Haan, W. 1991. Abolitionism and crime control: A contradiction in terms. In Stenson, K & Cowell, D (eds). *The politics of crime control*. London: Sage, pp. 203-217.
- De Vos, P. 2021. No good legal options: Zuma could be planning an all-out political attack on the judiciary. *Daily Maverick*, 27 May. [https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-05-27-no-good-legal-options-zuma-could-be-planning-an-all-out-political-attack-on-the-judiciary/?tl\\_inbound=1&tl\\_groups\[0\]=80895&tl\\_period\\_type=3&utm\\_me](https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-05-27-no-good-legal-options-zuma-could-be-planning-an-all-out-political-attack-on-the-judiciary/?tl_inbound=1&tl_groups[0]=80895&tl_period_type=3&utm_me) [30 May 2021].
- Department of Correctional Services, 2005. *White Paper on Corrections in South Africa*. Pretoria: Government Printers.
- Du Plessis, J. 2018. Optimising rehabilitation and unit management in the Department of Correctional Services in the Bethal area: A social work perspective. DPhil thesis, University of Pretoria. <http://hdl.handle.net/2263/65547>.
- Du Plessis, J & Lombard, A. 2018. Challenges for rehabilitation of sentenced offenders within the framework of unit management in the Department of Correctional Services: Bethal management area. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 54(4):481-492. doi:<http://dx.doi.org/10.15270/54-4-674>.
- Erasmus, D. 2021. Zuma pushes for Downer's removal – says he'll then be entitled to an acquittal. *Daily Maverick*, 21 May. [https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-05-21-zuma-pushes-for-downers-removal-says-hell-then-be-entitled-to-an-acquittal/?utm\\_source=top\\_reads\\_widget](https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-05-21-zuma-pushes-for-downers-removal-says-hell-then-be-entitled-to-an-acquittal/?utm_source=top_reads_widget) [23 May 2021].
- Ferreira, E. 2021. NPA says Zuma is trying for another delay in arms deal trial. *Mail & Guardian*, 20 May. <https://mg.co.za/politics/2021-05-20-mpa-says-zuma-is-trying-for-another-delay-in-arms-deal-trial/> [24 May 2021].
- Festinger, L. 1957. *A theory of cognitive dissonance*. Stanford: Stanford University Press.
- Freud, S. 1968. The uncanny. In Strachey, J (ed.). *The Standard Edition of the Complete Psychological Works of Sigmund Freud*. Vol. 2. London: Hogarth Press, Institute of Psycho-Analysis, pp. 219-252.
- Gaum, G, Hoffman S. & Venter, JH. 2006. Factors that influence adult recidivism: An exploratory study in Pollsmoor prison. *South African Journal of Psychology*, 36(2):407-424. <https://doi.org/10.1177/008124630603600212>
- Geiger, B. 2006. The case for treating ex-offenders as a suspect class. *California Law Review*, 94(4):1191-1242. <https://doi.org/10.2307/20439062>
- Hall, C. 1988. Rape: The politics of definition. *South African Law Journal*, 105:67-82.
- Hartle, R & Kimberley, K. 2021. Is Omotoso trial about to collapse? *The Herald*, 30 April, pp. 1-2.
- Heaton, PS, Mayson, SG & Stevenson, M. 2017. The Downstream Consequences of Misdemeanor Pretrial Detention. *Stanford Law Review*, 69:711-794. <https://dx.doi.org/10.2139/ssrn.2809840>.
- Irwin, J. and Owen, B. 2005. Harm and the contemporary prison. In Liebling, A & Maruna, S. (eds.). *The Effects of Imprisonment*. Devon: Willan, pp. 94-117.

- Klatzow, D & Walker, S. 2010. *Steeped in blood: The life and times of a forensic scientist*. Cape Town: Zebra Press.
- Kriegler, A. 2018. South Africa won't become less violent until it's more equal. *The Conversation Africa*, 12 September. <https://theconversation.com/south-africa-wont-become-less-violentuntilits-more-equal-103116> [30 March 2019].
- Kuhn, TS. 1970. *The structure of scientific revolutions*. 2nd, enlarged edition. Chicago: University of Chicago Press.
- Laite, J. 2021a. What this 100-year-old sex trafficking case tells us about modern exploitation and justice. *The Conversation UK*, 6 May. [https://theconversation.com/what-this-100-year-old-sex-trafficking-case-tells-us-about-modern-exploitation-and-justice-159183?utm\\_medium=email&utm\\_campaign=Latest%20from%20The%20Conversation%20for%20May%207%20](https://theconversation.com/what-this-100-year-old-sex-trafficking-case-tells-us-about-modern-exploitation-and-justice-159183?utm_medium=email&utm_campaign=Latest%20from%20The%20Conversation%20for%20May%207%20) [7 May 2021].
- Laite, J. 2021b. *The disappearance of Lydia Harvey: A true story of sex, crime and the meaning of justice*. London: Profile.
- Lerner, MJ. 1980. *The belief in a Just World: A fundamental delusion*. New York: Plenum Press.
- Lerner, MJ & Montada, L. 1998. An overview: Advances in belief in a Just World Theory and methods. In Montada, L & Lerner, MJ (eds). *Responses to victimizations and belief in a Just World*. New York: Plenum Press, pp. 1-7.
- Lewin, K. 1997. *Resolving social conflicts and field theory in social science*. Washington, DC: American Psychological Association.
- Liebling, A. 2011. Moral Performance, Inhuman and Degrading Treatment and Prison Pain. *Punishment and Society*, 13(5):530–550, 535. DOI: 10.1177/1462474511422159.
- Liebling, A, Durie, L, Stiles, A & Tait, S. 2005. Revisiting prison suicide: the role of fairness and distress. In Liebling, A & Maruna, S (eds). *The Effects of Imprisonment*. Portland: Willan, pp. 209-231.
- Liebling, A & Maruna, S. 2005. Introduction: the effects of imprisonment revisited. In Liebling, A & Maruna, S. (eds). *The Effects of Imprisonment*. Devon: Willan, pp. 1-29.
- Lötter, C. 2018. The reintegration of ex-offenders in South Africa based on the contemporary Chinese model: An interdisciplinary study. PhD thesis, University of the Free State.
- Lötter, C. 2019. Vrygelate gevangenes word as gevangenispersoneel aangestel: Kan Suid-Afrika leer by hierdie nuwe internasionale tendens? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4):493-511. doi.10.17159/22247912/2019/v59n4a3.
- Lötter, C. 2020a. 'n Pleidooi vir die kriminalisering van stigma teen vrygelate gevangenes in Suid-Afrika. *KOERS: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 85(1):1-16. <https://doi.org/10.19108/KOERS.85.1.2470>.
- Lötter, C. 2020b. The tenuous link between crime and incarceration: Bosasa's public-private partnership. *Phronimon: Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, 21 pages. doi: 10.25159/2413-3086/7000.
- Lötter, C. 2020c. Critical theory and praxis in postapartheid South Africa: The case for a critical criminology. *Acta Academica*, 52(2):106-130. <https://doi.org/10.18820/24150479/aa52i2/6>.
- Lötter, C. 2021a. Zuma is playing for time, a privilege of the powerful and wealthy. *Mail & Guardian Thoughtleader*, 29 April. <https://thoughtleader.co.za/zuma-is-playing-for-time-a-privilege-of-the-powerful-and-wealthy/> [24 Mei 2021].
- Lötter, C. 2021b. Crime control: What South Africa can learn from China. *The Conversation Africa*, 17 November. <https://theconversation.com/crime-control-what-south-africa-can-learn-from-china-169269> [31 January 2022].
- Lötter, C. 2021c. Die transformasie van die Suid-Afrikaanse gevangeniswese tot 'n openbare instelling met positiewe vrede as waardestelsel. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(4-2):1235-1259. <http://tgwsak.co.za/wp-content/uploads/2022/01/TGW-61-4-2-DES-2021.pdf>.
- Mabeba, IP. 2018. An investigation into the effect of rehabilitation programmes on sentenced offenders: The case of Kutama-Sinthumule Correctional Centre. MAdm dissertation, University of South Africa. [https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/24929/dissertation\\_mabeba\\_ip.pdf?sequence=3&isAllowed=y](https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/24929/dissertation_mabeba_ip.pdf?sequence=3&isAllowed=y).
- Makou, G, Skosana, I & Hopkins, R. 2017. Fact sheet: The state of South Africa's prisons. *Daily Maverick*, 18 July. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2017-07-18-fact-sheet-the-state-of-south-africas-prisons/> [19 January 2021].
- Marqua-Harries, L, Stewart, G & Padayachee, V. 2019. Towards transforming a system: Re-thinking incarceration for youth (and beyond). *SA Crime Quarterly*, 68:33-40. <https://doi.org/10.17159/2413-3108/2019/v0n68a5632>.

- Martinson, R. 2001. What works? Questions and answers about prison reform. In Latessa, EJ & Holsinger, AM (eds). *Correctional contexts: Contemporary and classical readings*. Los Angeles: Roxbury, pp. 22-54.
- Maruna, S. 2000. *Making good: How ex-convicts reform and build their lives*. Washington DC: American Sociological Association.
- Masina, J. 2019. The transformation of South African Correctional Centres of Excellence through equitable unit management. MA dissertation, University of South Africa. <http://hdl.handle.net/10500/27034>.
- McLaughlin, E. 2010. Critical criminology. In McLaughlin, E & Newburn, T. (eds). *The Sage handbook of criminological theory*. London: Sage, pp. 153-174.
- McLaughlin, E & Munchie, J. 2013. Introduction: Theorizing crime and criminal justice. In McLaughlin, E. & Munchie, J. (eds). *Criminological perspectives: Essential readings*. 3rd ed. London: Sage, pp. xix-xxviii.
- Miselo, A. 2018. Analysis of post-secondary correctional education: Case of Brandvlei Correctional Centre, Cape Town. MAdm dissertation, University of KwaZulu-Natal. <https://researchspace.ukzn.ac.za/handle/10413/17383>.
- Miselo, A & Mutereko, S. 2019. Factors affecting Post-Secondary Correctional Education in South Africa: A case of Brandvlei Correctional Centre in Cape Town. *Administratio Publica*, 27(3):70-89. <https://repository.hsrc.ac.za/bitstream/handle/20.500.11910/15041/11087.pdf?sequence=1>.
- Mmutlane, KG. 2019. African adult sentenced male foreign offenders within the North West Province incarcerated at Losperfontein (Brits, South Africa) Correctional Centre: A criminological offender-and offence-specific assessment. MA dissertation, University of South Africa. <https://uir.unisa.ac.za/handle/10500/25658>.
- Mollett, T & Mollett, C. 2014. *Bloody lies: Citizens reopen the Inge Lotz murder case*. Johannesburg: Penguin.
- Mostert, W, Hesselink, AE & Dastile, NP. 2021. Pathways and Lived Experiences of Incarcerated Female Fraud Offenders at the Kgoši Mampuru II Female Correctional Centre (South Africa). *Gender and Behaviour*, 19(3):18569-18584. [https://hdl.handle.net/10520/ejc-genbeh\\_v19\\_n3\\_a37](https://hdl.handle.net/10520/ejc-genbeh_v19_n3_a37).
- Muntingh, L. 2002. Tackling Recidivism in South African Prisons. *Track Two*, 11(2): 20-29. <https://hdl.handle.net/10520/EJC111548>.
- Muntingh, L. 2022. Prison protests in South Africa: A conceptual exploration. *SA Crime Quarterly*, 71:2-23. DOI: <https://doi.org/10.17159/2413-3108/2022/i71a12709>.
- Murhula, PBB & Singh, SB. 2019. A critical analysis on offenders rehabilitation approach in South Africa: A review of the literature. *African Journal of Criminology and Justice Studies*, 12(1):21-43.
- Musekwa, OP. 2019. Exploring the effectiveness of rehabilitation: A phenomenological study of parole recidivists in Vhembe District, Limpopo Province. MA dissertation, University of Venda. <http://hdl.handle.net/11602/1465>.
- Nelani, A. 2020. The role of reading in offender rehabilitation and reintegration into the community in the Western Cape Metro, South Africa. *Mousaion: South African Journal of Information Studies*, 38(3):16 pages. <https://doi.org/10.25159/2663-659X/7958>.
- Ngabonziza, O & Singh, SB. 2012. Offender reintegration program and its role in reducing recidivism: Exploring perceptions of the effectiveness of tough-enough program. *Acta Criminologica* (CRIMSA 2011 special congress edition), 2:87-102.
- Nkosi, NP. 2018. The impact of correctional centre overcrowding on rehabilitation of offenders: A case study of Durban Westville Correctional Centre. MA dissertation, University of KwaZulu-Natal. [https://researchspace.ukzn.ac.za/bitstream/handle/10413/17154/Nkosi\\_Noizibusiso\\_Purity\\_2018%20Forensic%20studies.pdf?sequence=1&isAllowed=y](https://researchspace.ukzn.ac.za/bitstream/handle/10413/17154/Nkosi_Noizibusiso_Purity_2018%20Forensic%20studies.pdf?sequence=1&isAllowed=y).
- Nqoko, SJ. 2019. Internal stakeholders' perceptions on the role of faith-based rehabilitation programmes for offenders in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal. MA dissertation, University of KwaZulu-Natal. <https://researchspace.ukzn.ac.za/handle/10413/16678>.
- Orthofer, A. 2016. Wealth inequality in South Africa: Insights from survey and tax data. *REDI3x3 Working Paper 3*, June. <http://www.redi3x3.org/sites/default/files/Orthofer%202016%20REDI3x3%20Working%20Paper%2015%20-%20Wealth%20inequality.pdf> [12 May 2021].
- Ousey, GC & Lee, MR. 2013. Community, inequality and crime. In Cullen, FT & Wilcox, P (eds). *The Oxford handbook of criminological theory*. New York: Oxford University Press, pp. 352-369.

- Padayachee, V & NICRO. 2018. Rethinking prisons and crime and punishment? Exploring innovative prison models. Paper presented at the Global Prison Conference, Centre for Social Change, University of Johannesburg, 16-18 November.
- Pierce, B & Kiewit, L. 2020. Nicro: The high rate of offender recidivism. *702 Podcasts*, 13 January. <http://www.702.co.za/podcasts/269/tonight-with-lester-kiewit/279121/nicro-the-high-rate-of-offender-recidivism> [7 April 2021].
- Piketty, T. 2014. *Capital in the twenty-first century*. Transl. A. Goldhammer. New York: Penguin.
- Piketty, T. 2015. *Transcript of Nelson Mandela annual lecture*. Johannesburg: University of Johannesburg. <https://www.nelsonmandela.org/news/entry/transcript-of-nelson-mandela-annual-lecture-2015> [2 June 2020].
- Potelwa, S & Adu, EO. 2020. Creative art education: A tool for rehabilitation of adult females incarcerated in a correctional centre in South Africa. *The Independent Journal of Teaching and Learning*, 15(2):160-174. [https://issuu.com/theindependentjournalofteachingandl/docs/the\\_20independent\\_20journal\\_20of\\_20teaching\\_20and](https://issuu.com/theindependentjournalofteachingandl/docs/the_20independent_20journal_20of_20teaching_20and).
- Pretorius, D. 2018. Reducing recidivism by church rehabilitation programs. MA dissertation, North-West University. <http://hdl.handle.net/10394/31374>.
- Quinney, R. 2008. *The social reality of crime*. New Brunswick, NJ: Transaction.
- Quintal, G. 2019. Agrizzi gives Zondo Inquiry details on bribery and corruption in prison tenders. *Business Day*, 22 January. <https://www.businesslive.co.za/bd/national/2019-01-22-agrizzi-gives-zondo-inquiry-details-on-bribery-and-corruption-in-prison-tenders/> [5 June 2021].
- Rabkin, F. 2021. Zuma claims CIA link in bid to oust prosecutor. *Sunday Times*, 23 May, p. 2.
- Reiman, J & Leighton, P. 2020. *The rich get richer and the poor get prison: Ideology, class, and criminal justice*. 12th ed. London: Routledge.
- Rosenbaum, E. 2021. Biden-Putin summit tensions: Feds say Russia a hacker “safe haven”. *CNBC Evolve*, 26 May. <https://www.cnbc.com/2021/05/26/darkside-will-be-back-as-russia-creates-safe-haven-for-hackers-feds.html> [4 June 2021].
- Said, EW. 2002. *Reflections on exile and other essays*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Schlosser, E. 1998. The prison-industrial complex. *The Atlantic*, December. <https://www.theatlantic.com/magazine/archive/1998/12/the-prison-industrial-complex/304669> [29 October 2019].
- Seleka, N. 2019. Bosasa scored more than R12bn in state contracts – report. *News24*, 1 February. <https://m.news24.com/SouthAfrica/News/bosasa-scored-more-than-r12bn-in-state-contracts-report-20190201> [6 March 2019].
- Sibanda, OS. 2021. The case against Billy Downer – legal precedent is not on the side of Jacob Zuma. *Daily Maverick*, 24 May. [https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-05-24-the-case-against-billy-downer-legal-precedent-is-not-on-the-side-of-jacob-zuma/?t1\\_inbound=1](https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-05-24-the-case-against-billy-downer-legal-precedent-is-not-on-the-side-of-jacob-zuma/?t1_inbound=1) [25 May 2021].
- Simon, J. 2013. Governing through crime. In McLaughlin, E. & Munchie, J. (eds). *Criminological perspectives: Essential readings*. 3rd ed. London: Sage, pp. 531-546.
- Snyman, T. 2019. The role of a correctional facility in the rehabilitation process of inmates in a selected prison in the Western Cape, South Africa. MA dissertation, Cape Peninsula University of Technology. <http://hdl.handle.net/20.500.11838/2915>.
- South, N & Weiss, RP. 1998. Introduction: Crime, punishment and the “state of prisons” in a changing world. In Weiss, RP & South, N (eds). *Comparing prison systems: Toward a comparative and international penology*. Amsterdam: Gordon & Breach, pp. 1-18.
- Special Investigation Unit. 2009. *Report on corruption in the Department of Correctional Services*. 16 November. <https://pmg.org.za/committee-meeting/11105/> [25 May 2021].
- Stiglitz, JE. 2016. *The great divide*. London: Penguin.
- Styan, JP & Vecchiato, P. 2019. *The Bosasa billions*. Pretoria: Lapa.
- Sway, K. 2022. Why this liberal mayor doesn’t want a lecture from progressives. *New York Times Podcasts*, 13 January. [https://www.nytimes.com/2022/01/13/opinion/sway-kara-swisher-london-breed.html?campaign\\_id=39&emc=edit\\_ty\\_20220113&instance\\_id=50213&nl=opinion-today&regi\\_id=60789539&segment\\_id=79591&te=1&user\\_id=6ac66bc28b26c0beb4dfce98cd516916](https://www.nytimes.com/2022/01/13/opinion/sway-kara-swisher-london-breed.html?campaign_id=39&emc=edit_ty_20220113&instance_id=50213&nl=opinion-today&regi_id=60789539&segment_id=79591&te=1&user_id=6ac66bc28b26c0beb4dfce98cd516916) [17 January 2021].
- Tollman, R & Spies, R. 2021. Psychotherapeutic and rehabilitative interventions of criminal offenders within the South African context: A critical review through the lens of general systems theory. *Acta Criminologica: African Journal of Criminology & Victimology*, 34(1):71-96.

- Uggen, C, Manza, J & Behrens, A. 2004. "Less than the average citizen": Stigma, role transition and the civic reintegration of convicted felons. In Maruna, S & Immarigeon, R. (eds). *After crime and punishment: Pathways to offender reintegration*. Cullompton, UK: Willan, pp. 258-290.
- Vander Ven, T & Colvin, M. 2013. Coercion and crime. In Cullen, FT & Wilcox, P (eds). *The Oxford Handbook of Criminological Theory*. Oxford: Oxford University Press, pp. 607-624.
- Vezi, Z. 2021. An evaluation of juvenile rehabilitation programmes: Perspectives from Westville correctional centre, KwaZulu-Natal. MA dissertation, University of KwaZulu-Natal. [https://researchspace.ukzn.ac.za/xmlui/bitstream/handle/10413/19699/Vezi\\_Zanele\\_2021.pdf](https://researchspace.ukzn.ac.za/xmlui/bitstream/handle/10413/19699/Vezi_Zanele_2021.pdf).
- Wacquant, L. 2010. Prisoner re-entry as myth and ceremony. *Dialectical Anthropology*, 34:605-620. <https://doi.org/10.1007/s10624-010-9215-5>.
- Wacquant, L. 2013. Ordering insecurity: Social polarization and the punitive upsurge. In McLaughlin, E & Munchie, J (eds). *Criminological perspectives: Essential readings*. 3rd ed. London: Sage, pp. 575-591.
- Weiss, RP. 1998. Conclusion: Imprisonment at the millennium 2000 – its variety and patterns throughout the world. In Weiss, RP & South, N (eds). *Comparing prison systems: Toward a comparative and international penology*. Amsterdam: Gordon & Breach, pp. 427-482.
- Wilding, J. 2023. The legal aid sector is collapsing and millions more may soon be without access to justice – new data. *The Conversation UK*, June 7. [https://theconversation.com/the-legal-aid-sector-is-collapsing-and-millions-more-may-soon-be-without-access-to-justice-new-data-207045?utm\\_medium=email&utm\\_](https://theconversation.com/the-legal-aid-sector-is-collapsing-and-millions-more-may-soon-be-without-access-to-justice-new-data-207045?utm_medium=email&utm_) [16 June 2023].
- World Inequality Database. 2018. World inequality report. <https://wid.world/> [12 May 2021].
- Young, J. 2002. Critical criminology in the twenty-first century: Critique, irony and the always unfinished. In Carrington, K & Hogg, R (eds). *Critical criminology: Issues, debates, challenges*. 1st ed. Cullompton, UK: Willan, pp. 251-274.
- Žižek, S. 2008. *In defense of lost causes*. London: Verso.
- Zondo, Justice RMM. 2022. Judicial Commission of Inquiry into allegations of state capture, corruption and fraud in the public sector including organs of state report: Part 1, Chapter 1: South African Airways and its associated companies. Pretoria: Government Printing Works. [https://www.gov.za/sites/default/files/gcis\\_document/202201/judicial-commission-inquiry-state-capture-reportpart-1.pdf](https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202201/judicial-commission-inquiry-state-capture-reportpart-1.pdf) [18 January 2022].

### **Regspraak**

*Porritt and Another v National Director of Public Prosecutions* (978/2013) [2014] ZASCA 168; [2015] 1 All SA 169 (SCA); 2015 (1) SACR 533 (SCA) (21 October 2014). <http://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/2014/168.html> [6 June 2021].

### **Wetgewing**

Strafprosesregwet 51 van 1977 (soos gewysig). Engelse weergawe: <https://www.justice.gov.za/legislation/acts/1977-051.pdf>.

# Volksboukuns in die Vredefortkoepelomgewing 1850–1950

*Vernacular architecture in the Vredefort Dome area 1850–1950*

**CLAUDIA GOUWS**

Geskiedenis

Noordwes-Universiteit

Vanderbijlpark

Suid-Afrika

E-pos: [Claudia.Gouws@nwu.ac.za](mailto:Claudia.Gouws@nwu.ac.za)



Claudia Gouws

**CLAUDIA GOUWS** (née De Villiers) is tans 'n Senior Lektor in die vakgroep Geskiedenis by die Noordwes-Universiteit (NWU) se Vanderbijlpark-kampus. Haar navorsing fokus op pre-koloniale geskiedenis van suidelike Afrika, rotskuns, omgewingsbrandpunte en kulturele erfenis-studies. Sy ontvang die grade BA, met hoofvakke Kunstgeskiedenis en Kultuurgeskiedenis en BA honneurs (cum laude) van die Universiteit van Pretoria in 1984 en 1988 onderskeidelik. Aan die Noordwes-Universiteit voltooi sy die grade MA (cum laude) en PhD, beide in Geskiedenis, in 2008 en 2013. Claudia het as Inligtingsbeampte by die Voortrekkermonument in Pretoria gewerk vanaf 1985 tot 1986 en was onderwyseres aan die Suiderlig High School in Vanderbijlpark vanaf 2003 tot 2004. Sy was vir 10 jaar (2006–2016) 'n aktiewe lid van die Cultural Dynamics of Water (CuDyWat), 'n interdisiplinêre navorsingsgroep op die NWU Vanderbijlpark-kampus waar sy bystand in veldwerk, navorsingsprojekte en verslaggewing gedoen het. Sy het tussen 2013 en 2015 vir 2 jaar hulp verleen met die dokumentasie, onderhoudvoering en dokumentbestuur vir die South African Water History Archive Repository (SAWHAR), op die NWU se Vanderbijlpark-kampus.

**CLAUDIA GOUWS** (née De Villiers) is currently a Senior lecturer of History at North-West University (Vanderbijlpark Campus). Her research interests include pre-colonial history of southern Africa, southern African rock art, environmental history, and cultural heritage. She received her BA degree from the University of Pretoria in 1984, majoring in Art History and Cultural History, and her BA honours degree cum laude four years later. She completed her MA in 2008 (cum laude) and her PhD in 2013, both in History at North-West University (NWU). Claudia worked as information officer for the Voortrekker Monument in Pretoria (1985–1986) and as educator at Suiderlig High School in Vanderbijlpark (2003–2004). She was a member of Cultural Dynamics of Water (CuDyWat), an interdisciplinary research group on the NWU Vanderbijlpark campus (assistance in field work, research projects and report writing) from 2006 to 2016. And from 2013 to 2015 she assisted with document collection, interviews and records management in the South African Water History Archive Repository (SAWHAR), at the NWU Vaal Triangle campus.

**Datums:**

Ontvang: 2023-03-09

Goedgekeur: 2023-08-04

Gepubliseer: September 2023

**ABSTRACT*****Vernacular architecture in the Vredefort Dome area 1850–1950***

*In the above title “vernacular” suggests opposite geographic origins and setting than those ascribed “town”. It is now generally accepted that the term “vernacular” is an applicable and appropriate way to cluster and organise a certain cultural phenomenon (architecture) and is used for both farm and urban architecture: “vernacular farm architecture” and “vernacular urban architecture”. This paper will focus on the changes in the vernacular farm architecture in the Vredefort Dome area (near the present towns of Parys, Vredefort and Potchefstroom), that reflect cultural development processes associated with the history of settlement in the southern African rural areas from 1850 to 1950. For many years, the Vredefort Dome was known as a prestigious area of settlement. Extensive numbers of game attracted hunter-gatherer groups, pre-colonial Bantu-speaking groups and more recently, European pioneers entering the area from around 1836. From 1845, European pioneer farm occupation livestock and agricultural development expanded exponentially until recent times.*

*After 1850, the farmers and settlers (European pioneers) on the southern and northern sides of the Vaal River erected more permanent buildings and structures (including rondavels and rectangular dwellings), constructed with stone and, more commonly, clay. The landowner became both the architect and builder, selecting the most affordable ways to construct structures. Consequently, stone walls, sod walls, rammed-earth walls, walls of raw or sundried bricks, and walls of burnt and fired bricks are characteristic of the different vernacular building traditions. By 1889, with the influx of miners and capital to the Vredefort and Potchefstroom diggings, a period of temporary economic prosperity ensued. Economics in the area evolved during this period through a combination of agriculture-based activities and mining-based activities. Gold and diamond mining stimulated the regional economy and played a significant role in the establishment and development of towns. This growth was reflected in the presence of typical late nineteenth century vernacular farm architecture, in particular the introduction of galvanised (corrugated) iron roofs. On the farms, two broad, generic architectural traditions existed: “designed” architecture (formal structures), and rural, vernacular “architecture” (structures erected without the assistance of professional architects), typically constructed with building materials obtained from the immediate environment. The availability of corrugated iron can be considered the most notable technological development in the vernacular architecture of the nineteenth century. Thatched roofs on rectangular dwellings were replaced with Victorian-style corrugated iron roofs. The “corrugated-iron style” became the “new-vernacular” architecture, and with the addition of verandas, veranda-room houses became a distinguishing characteristic of the period.*

*During the first three decades of the twentieth century, poverty and an economic depression had a negative impact on the building environment and therefore on the building of homes. In the Dome area, there were few, if any, wealthy residents who could employ the services of an architect for the design of their private homes. Consequently, the houses were simple and “old-fashioned”, resulting in the birth of sub-branches of vernacular building traditions that already existed. The process of change affecting homes after the Second World War (1939–1945) can be seen in the area. The improvement of technology related to running water and sanitation, and the presence of electricity, made life more comfortable and had a notable effect on patterns of internal space utilisation. Some household activities moved from the outside of the home to the inside. Consequently, time and energy were saved, since water was no longer fetched from a water source, and the distance between the service points shortened considerably. The fitting of pipes to provide water to the service spaces in the house (kitchen*

and bathroom) caused a change in the interior layout of the farmhouse and a change to lifestyles. Floor plans of urban dwellings were replicated, and the “patchwork” architectural tradition (additions and extensions added to the original pioneer core) became common. Household water consumption, the presence and location of the kitchen and the bathroom and the fitting of pipes for running water related to the prosperity of each household and differed from farm to farm. It is notable that these changes did not occur among the homes of the labourers, probably as their accommodation was considered temporary.

The Vredefort Dome was listed as a United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization (UNESCO) World Heritage Site in 2005. It is the oldest and largest known meteorite impact structure on earth, about 120 km southwest from Johannesburg, and represents a unique geological phenomenon formed about 2 023 million years ago. The Vredefort dome area also contains other well-preserved and outstanding cultural phenomena such as San rock art, Late Stone Age and Late Iron Age sites – including objects, the floor and wall remains of Sotho-Tswana hut structures, animal kraals and smelting-furnaces. The historic sites contain the remains of abandoned homesteads, outbuildings and other structures such as cattle kraals, water furrows, irrigated gardens, the orchards and graveyards of immigrant farmers.

**KEYWORDS:** architecture, buildings, cultural history, Potchefstroom Diggings, rondavel, structures, vernacular, Vredefort Diggings, Vredefort Dome

**TREFWOORDE:** argitektuur, geboue, kultuurgeskiedenis, Potchefstroomse delwerye, rondawel, strukture, volksboukuns, Vredefortdelwerye, Vredefortkoepel

## OPSOMMING


Volksboukuns in die Vredefortkoepel (naby die huidige Parys, en Potchefstroom) kan beskou word as ’n kultuurhistoriese ontwikkelingsproses wat met die vestigingsgeskiedenis tussen 1850 en 1950 geassosieer word. Die Vaalrivieromgewing in die Vredefortkoepel was ’n gesogte vestigingsterrein vir opeenvolgende golwe van nedersetters en het aanvanklik groot wildstapels, jagter-versamelaars, pre-koloniale Bantoesprekendes, en ná 1836 boere en nedersetters (pioniers) getrek. Vanaf 1838 het pioniersvestiging, plaasbesetting, ’n landboustadium en ook ’n era van landbou-mynbou gevolg. Goud- en diamantmynbedrywighede gedurende die laat-negentiende eeu het die ekonomie van die omgewing gestimuleer, ’n beduidende rol in dorpsstigting gespeel, en ook die volksboukuns met die gebruik van die sinkplaatdak beïnvloed. Die gegewe landskap beskik ook oor goedbewaarde en besonderse kultuurprodukte soos Sotho-Tswana klipmuurstrukture en verlate woonstrukture, veekrale, en smeltoonde en pioniersvestigings met huise, buitegeboue en ander strukture soos veekrale, ou watervore en besproeiingstuine, boorde en begraaftplase. Die Vredefortkoepel, waar die grootste en oudste meteoriet impak op aarde gevind word, is sedert 2005 ’n gelyste UNESCO wêrelderfenisterrein.

## 1. Inleiding, metodologie, agtergrond en motivering vir die studie

By volksboukuns word ’n algemeen-bekende tipe bouvorm gebruik deur iemand wat nie ’n vakman is nie. Daarby word die gebou aangepas by individuele behoeftes, opgerig met die materiale wat beskikbaar is, en ’n minimum gebruikmaking van voorafvervaardigde materiale. Die volksbouer hou hom by die bekende algemene planne, vorms en tegnieke wat van geslag tot geslag oorgedra word, en skeep selde nuwe unieke vorms. Geboue en strukture is fisiese entiteite wat in die verlede geskep is. Dit kan in die hede beskou word, en vir die toekomstige generasies gedokumenteer word. Elkeen van hierdie geboue en strukture het oorspronklik

sosiale en kulturele rolle vervul, bo en behalwe hulle objekstatus, wat vandag nog van toepassing is. Die geboue (of strukture) is gevolglik kultuurgebonde en tradisioneel (Labuschagne, 1988:5). Argitektuur in sy vroegste konteks is 'n waardevolle stoflike nalatenskap van die verlede wat deurlopend van betekenis, in verhouding tot kultuur, verander. Kultuurgeskiedenis staan in 'n spesiale verhouding tot die benaderings van geskiedenis wanneer dit menslike aktiwiteite, binne die raamwerk waarin 'n driehoekige matriks van tyd, ruimte en verandering funksioneer, interpreteer. Voorts bestaan daar 'n ooglopende wisselwerking tussen die mens, die fisiese aarde (omgewing of handelingsruimte) en die mensgemaakte omgewing (gekul-tiveerde aarde).

Die benadering van hierdie artikel fokus op materiële, kulturele metodologie, wat boukuns en argitektuur as 'n produk van die menslike aktiwiteit vanuit 'n kultuurhistoriese en argitek-toniese perspektief beskou, binne die Vredefortkoepelgebied (sien Fig. 1). Die Vredefortkoepel as omgewing waarbinne die navorsing gedoen is, het 'n besondere historiese verlede. 'n Meteoriet met 'n deursnit van 10 kilometer het ongeveer 2 023 miljoen jaar gelede die aarde 100 kilometer suidwes van teenswoordige Johannesburg getref. Hierdie gebeurtenis het 'n groot impakkrater veroorsaak, waarvan die kern sigbaar is in die bergagtige gebied. Die heuwels en rante, wat konsentries van wes na oos strek, bestaan uit klipperige rante van kwartsiet, konglomeraat en skalie (Wesrand-groep), basalt (Ventersdorp-supergroep), donker skalie, sandsteen, sliksteen, dun steenkoollae en andesiet en konglomerate (Sentralerand-groep/ Karoo-opeenvolging en Transvaal-super-groep). Die Vaalrivier vloei van oos na wes en sny die Vredefortkoepel in twee dele. Die wyse waarop mense hulself permanent in die Koepel-gebied gevestig het, het merendeels om die beskikbaarheid van water en vrugbare grond langs die Vaalrivier-vloedvlakte gewentel. Die volksbouwer was uitgelewer aan hierdie omgewing en klimaat, wat beperkings opgelê het, maar ook geleenthede geskep het.



**Figuur 1:** Oriënteringskaart van die Vredefortkoepel en suidelike Afrika (Landmetergene-raal 2627CB.mxd Okt. 2007)

Die Koepelomgewing is aanvanklik saam met 'n Noordwes-Universiteit-navorsingspan en tydens twee afsonderlike eendagtoere (met toergidse) verken. Die navorser het hierna die vergaderings van die grondeienaarsverenigings bygewoon, haarself aan die grondeienaars voorgestel, die doel van die navorsing meegedeel en kontakbesonderhede van die oudste inwoners en vrywilligers gekry. Die oorspronklike plase aan beide kante van die Vaalrivier is hierna op 'n kaart van 1900 (sien Fig. 2) geïdentifiseer. Afspake is gemaak vir onderhoude, waarna die betrokke plase een vir een besoek is. Die betrokke plaasterrein is saam met die grondeenaar of 'n gids verken, waartydens GPS-koördinate, foto's en noukeurige aantekeninge afgeneem is, en addisionele inligting is elektronies asook in die staatsargiewe te Pretoria en Bloemfontein gekry.



**Figuur 2:** Die plase noord en suid van die Vaalrivier in die Vredefortkoepel onder bespreking (Transvaal Argief Bewaarplek, Kaart 3/506 Kroonstad distrik Maart 1900)

Die gebied is in 2005 deur UNESCO se wêrelderfenisbewaringsprogram op die lys van wêrelderfenisgebiede as 'n unieke terrein geplaas, as gevolg van die geologiese uniekheid, wat die erfenisstatus van die omgewing verhoog het. Hierdie status het Suid-Afrika in die hoofstroom van wêreldgeskiedenis geplaas. WU Reimold en RL Gibson se werk, *Meteorite Impact! The danger from space and South Africa's mega-impact* (2005) lewer 'n betekenisvolle historiese perspektief op die geologie, argeologie, fauna en flora, en ook op die vestigingsgeskiedenis. Prof. JA du Pisaní (Strategiese Omgewingsstudie, 2007) en Dr. Udo Küsel (Omgewingsimpakstudie, 2006) het beide die gebied as 'n unieke kulturele landskap beskryf,

en die Noordwes-Universiteit (NWU) se sentrum vir omgewingsbestuur het in samewerking met die Departement Omgewingsake 'n omgewingsbestuursraamwerk vir die Vredefortkoepel Wêrelderfenisgebied (2013) met die oog op proklamasie opgestel, maar volksboukuns figureer nie prominent in bovermelde studies nie. Die volksboukuns in hierdie area is nie uniek nie en het voorgekom in die omliggende gebiede, maar is besonder goed bewaar. Die feit dat daar min gepubliseerde inligting is wat spesifiek op die gebied van volksboukuns in die betrokke omgewing fokus, was 'n motivering vir die studie.

## 2. Tydelike en meer permanente verskynsels en patrone van vestiging

Ofskoon historiese rekords daarop dui dat mense reeds gedurende die Laat-Steentydperk en Ystertydperk in hierdie gebied gewoon het, dui die oudste gedokumenteerde inligting daarop dat 1838 gereken word as die era toe die eerste mense van Europese herkoms uit die Kaapkolonie getrek het en hulle permanent langs die Vaalrivier in die Vredefortkoepel gevestig het. Woningbou op plase in die Koepelomgewing kan in die volgende fases ingedeel word, naamlik 'n kortstondige tydperk waartydens tydelike beskerming in die vorm van dakhuse as “woning” gedien het, gevolg deur 'n permanente vestigingsfase waartydens 'n wye verskeidenheid woningtipes wat, soos elders in die binneland, ook in die volksboukuns voorgekom het. Die ontwikkeling van hierdie volksboukuns tydens die permanente fase word aan die hand van opvallende argitektoniese kenmerke bespreek.

Diegene wat langs die Vaalrivier vertoef het, het in die 1840's in hul waens of tente gewoon. Die eerste struktuur wat op 'n plaas opgerig is, was meestal 'n takkraal vir die vee omdat dit noodsaaklik was om die vee teen leeus te beskerm (Jansen van Rensburg, 2012:11.24). Daarna is 'n skuiling of skerm van dekgoed en gekapte hout opgerig, wat in sommige gevalle met klei gepleister en met velle oorgetrek is (Le Roux, 1982:5-6; Jansen van Rensburg, 2012:11.24). 'n Skuiling in die vorm van 'n tipiese dakhuis (spardak- of kapstylhuis<sup>1</sup>) (sien Fig. 3) is opgerig indien daar vir 'n langer tydperk vertoef is (Raath, 2005:169; Walton, 1965:96). Hierdie bouforme was tydelike strukture waarvan daar niks oorgebly het nie, alhoewel daar soms foto's bestaan. Op die plaas Helena (onderverdeling van die plaas Rensburgsdrift) is 'n spardakhuis so onlangs as 1962 as veewagterskuiling gebruik (Jansen van Rensburg, 2012:11.24). Hierdie dakhuis was 'n A-struktuur van pale wat in die grond ingeplant is (sonder enige fondament), wat met horisontale (dwars) riete verbind is en dan met gras gedek is. Die deur was van biesies. Hierdie kapstylhuis is waarskynlik ouer as die bootvormige (romp van 'n omgekeerde boot) hartbeeshuis (Raath, 2005:169).

Die grondplanne, bou- en konstruksietegnieke en die gebruikmaking van ruimte in die hartbeeshuise, kan volgens Raath teruggevoer word na die vroegste dakhuisstradisies wat aan die Kaap gevolg is (Raath, 2005:169, 174). Die hartbeeshuis is 'n spitsbootvormige of omgekeerde bootvormige saaldakhuis ('n dak met 'n effense oorhang oor die sygewel) van Europese oorsprong (Raath, 2005:174). Die struktuur van die mees algemene variasie is:

... 'n reeks dwarskappe wat uit twee rye pale saamgestel is, en in die grond ingeplant is. Die pale word paarsgewys veerkragtig (bootvormig of wigvormig) oorgebuig om bo by die nok te kruis, waar 'n (omgekeerde) V gevorm word, waarin die nokpaal rus. Die kappe word bykomend deur hanebalke verbind wat redelik na aan die nok geleë is. Dwarslatte

<sup>1</sup> Walton (1965) beskryf hierdie spardakhuis as 'n “Kapsteilhuis” en die Nederlandse spelling is “Kapstijlhuis.”



**Figuur 3:** *Spardak of kapstyl-veewagterskuiling in die winter van 1962 op die plaas Helena (Bron: Jansen van Rensburg, Helena 2012.11.24)*

word dan teen die kappe vasgemaak waarop die dakbedekking (biesies of dekgras) vasgewerk word. (Raath, 2005:173)

Soms was die mure van riet en modder (latte wat met klei gepleister is) om die woning waterdig te maak (Labuschagne, 1988:138). Hierdie gepleisterde hartbeeshuis wat as 'n semi-permanente woning opgerig is, kan as volksboukuns gesien word, maar dit is net een variasie of opsie van 'n tydelike woning wat nie 'n lang leeftyd gehad het nie.

'n Produktiewe plaaswerf huisves verskillende mensgemaakte ruimtes en konstruksies wat aan die behoeftes van die boerdery voldoen. Vir die doeleindes van hierdie artikel sal “geboue” verwys na die konstruksies wat opgerig word met die doel om beskerming (vir die mens, produkte en implemente) te bied, terwyl “strukture” na konstruksies verwys wat hoofsaaklik dien as stoorfasiliteit of vir die vervaardiging van goedere (Naudé, 2010:2). Voorts bestaan die plaaswerf gewoonlik uit 'n woonhuis met ondersteunende geboue daaromheen, soos die waenhuis, stal, kraal en skuur. Die plaasuitleg, die ligging van die opstal en ander geboustrukture, asook die grondgebruik toon 'n onderlinge samehang wat die doeltreffende funksionering van aktiwiteite op die plaas weerspieël.

Die plaas kan opgedeel word in kleiner homogene en identifiseerbare konsentriese areas of ringe rondom die woning, waarbinne spesifieke plaasaktiwiteite plaasvind (Kolars & Nystuen, 1974:218). Hierdie areas kan in die kleinwerf (“inner core”), grootwerf (“outer core”) en buitewerf (“extended core”) ingedeel word, wat almal interafhanklik van mekaar funksioneer (Naudé, 1991:108, 122). Die kleinwerf is die gedeelte van die werf wat rondom die woning geleë is. Geboue wat deel van die huisvrou en haar bediendes se aktiwiteite vorm, soos die rondaweltipe melk- en vleiskamers, koelkamer, strykkamer, bakoond, buitekombuis en die putlatrine kom in hierdie ruimte voor (Naudé, 1991:108). Strukture soos 'n put, hoederneste, 'n priedel, kruie- en of groentetuin wat as 'n verskaffingsarea tot die huishouding gereken word, word hier opgerig. Dié werfgedeelte word meestal omgrens met 'n draad, gepakte muur,

aangeplante heining, laning of watervoor om te keer dat die diere inkom. Op die plaas Nootgedacht se oudste werf is die kleinwerfgedeelte byvoorbeeld met 'n wit gekalkte muur omsluit, soos gebruiklik was in die laat-agtiende en vroeg-negentiende-eeuse Nederlandse volksboustyl aan die Kaap (Fransen, 1981:23, 25–26). Terwyl daar op die plaas Dampoort 'n gestapelde klipmuur om dié werfgedeelte gepak is (Dampoort, 2010.12.01).


Die grootwerf is die gebied wat die kleinwerf omgrens en verder van die woning geleë is. Hierdie area het struktuurtipies bevat soos die waenhuis, stalle, krale, hokke, kelders, werkskamers (rondawels), dorsvloere, putlatrines, strooise (werkers se wonings), 'n smids-winkel, stookplekke, plaasskole, kerkgeboue, begraafplase, damme, putte, windpompe, meganiese pompe en meulens, asook ashope, vrugteboorde, watervore, fonteine, wasplekke, veedippe en paaie (Naudé, 1991:110–113). Die grootwerf was dus 'n soort gemenebes met ruimtes daarbinne wat onder meer vir sommige landbouveeteelt-aktiwiteite, asook die bewaring van waterbronne gebruik is. Hierdie area word hoofsaaklik op die verwerking en berging van produkte en die beskerming van die vee toegespits, wat grotendeels die man se verantwoordelikheid was (Naudé, 1991:113). Die buitewerf omring gewoonlik die grootwerf en strek so wyd as die bakens van die plaasgrens (Naudé, 1991:114). Die steen-, sand- en klipgroewe, familiebegraafplaas en byekorwe kom meestal hier voor. Soms het die damme en leivore hulle ontstaan in hierdie deel van die plaas gehad. Die leivore het vandaar gestrek na die punte waar water benodig word.

In die Koepelgebied was daar min welgestelde opdraggewers wat vir die ontwerp van hulle privaat woning die dienste van 'n argitek kon gebruik. Die huise was gevolglik eenvoudig en tradisioneel. Die grondeienaar was argitek en bouer, wat op die goedkoopste manier self gebou het. Geboue en strukture is gewoonlik op die mees ekonomiese manier of met die minste moeite beplan en gebou. Helling was 'n primêre vereiste in die keuse van 'n terrein om waterdreineringsredes. Vanuit 'n praktiese oorweging was 'n gelyke oppervlak soos vandag nog, die eerste keuse, aangesien die interieur vloerarea altyd voorberei is om horisontaal te wees. Huise in die Koepelarea is selde op 'n steil helling gebou, aangesien dit te veel voorbereiding en gespesialiseerde konstruksiewerk vereis het om 'n hoë fondamentmuur aan die lae kant van die huis te bou en op te vul om die platform vir die vloer te vorm. Indien die oppervlak, in 'n uitsonderlike geval, teen 'n skuinste was, is die hoërliggende deel eerder uitgegrawe as wat 'n muur opgebou is (Fisher & Le Roux, 1989:41).

Gedurende pioniersvestiging (ná 1840) het die blanke boere en nedersetters (pioniers) meer permanente geboue en strukture met gespitte sooimure, opgekleide mure, mure van rou- of songedroogde stene, asook gebrande en gebakte stene en klip (almal pionierstipes en kenmerkend van volksboukuns) en 'n grasdak, opgerig. Huise met mure van gespitte sooie (“sods”) is ook in die Koepelomgewing gebou, aangesien so 'n muur vinnig opgerig kon word. 'n Sooi is 'n blok nat klei met 'n hoë inhoud van plantaardige materiaal, wat in 'n vleiand waar die grond moerasagtig is, uitgesteek word (Naudé, e-pos 2013.01.30). Sonder 'n fondament is dié gespitte sooie nat op mekaar gestapel om 'n stewige muur te vorm. Hierdie sooie van veengrond “groeï” so te sê aanmekaar vas (Naudé, e-pos 2013.01.30) want dit is pap en sponserig (“soddy”). In die Vaalrivier-wateromgewing is verskeie vleiande waar vroeër rou sooie van turf in hanteerbare blokke losgespit en in konstruksie gebruik is. Om 'n sterk muur te waarborg, moes die grond se struktuur stewig wees, sodat die reën nie die sooie wegwas nie, en die grond om die huis moes water goed kon dreineer (Jansen van Rensburg, s.a.:90). In die Koepelgebied is voorbeelde van goedbewaarde sooihuise skaars.

In die vroeë fase van vestiging op plase, moes die woning noodwendig aan sekere vereistes voldoen. Die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het volgens die Volks-


raadnotule van 2 Augustus 1845, en in een van die eerste sittings van die Volksraad van die Vrystaatse Republiek op 1 Oktober 1854 bepalings en voorwaardes neergelê waarvolgens 'n persoon permanente besitreg op 'n plaas kon verkry (Breytenbach *et al.*, 1949:221–222; en 1952:10). Die een bepaling het gestipuleer dat daar 'n sterk huis van klip of klei gebou moet word, nie kleiner as 20 vt. x 12 vt. met mure van 6 vt. hoog (7 m x 3,7 m x 1,8 m). Die dakke was meestal óf staandak óf skilddak wat met gras gedek was. 'n Staandak bestaan uit twee skuins dakvlakke wat 'n nok vorm, met vertikale gewelmuurente, en 'n skilddak het vier dakvlakke wat almal van die nok skuins na onder loop (sien Fig. 4). Die symure van die skilddak is dus net tot by dakhoopte gebou (sonder 'n gewelmuur).



**Figuur 4:** Soorte dakke: a) staandak b) skilddak (Skets: C Gouws)

Die staandakhuise is met verskillende gewels<sup>2</sup> gebou. By sommige geboue is spitsgewels, soos op die plaas Nooitgedacht, en by ander is daar weer tuitgewels (sien Fig. 5) soos op die plaas Deelfontein, met of sonder stoepe aan die lang sye. Hierdie reghoekige huise is gewoonlik twee- of drievtrek-wonings met of sonder die kombuisvertrek en met ingeboude vuurherd (es) teen die een gewelmuur. Die ander gewelmuur is gewoonlik sonder 'n deur of vensteropening gebou. Gelobde gewels soos op die plase Bet-El (2011.02.05) en Sweet Home (onderverdeling van die plaas Deelfontein 2011.02.05) en 'n holbolgewel (plaas Rietpoort 2011.02.05) het ook voorgekom. Die spits-, tuit-, gelobde en holbolgewels is almal hoër as die grasdak gebou. In ander gevalle hang die dak (saaldak) met 'n effense oorhang oor die sygewel.

<sup>2</sup> 'n Gewel is die driehoekige muurgedeelte aan die kant van 'n staan- of saaldak, vanaf die dakrant boontoe. In die klassieke argitektuur word dit 'n kroonstuk (pediment) genoem.



**Figuur 5:** Soorte gewels: a) spits- b) tuit- c) gelobde en d) holbolgewels (Skets: C. Gouws)

Geboue en strukture met opgekleide mure (*rammed earth*) is vroeër algemeen in die Koepelgebied opgerig (Shahim, 2010.07.25; Jansen van Rensburg, 2012.11.24). In meer onlangse tye het die plaaswerkers in die Koepelomgewing ’n eie variasie van sooi-en-klei huise opgerig (Jansen Van Rensburg, s.a.:93). Die struktuur van die gebou was pale wat in die grond ingeplant is, met horisontale dun latte wat aan beide kante van die oorspronklike houtpale vasgemaak is; dit laat twee rye latte met ’n opening tussenin. Die openinge tussen die latte is met klei gevul en daarna met die hand aan die binne en buitekant met klei gepleister. Dit kan aangeneem word dat die arbeiders wat nie eiendomsreg op die plase gehad het nie, hierdie skuilings as tydelike wonings sou oprig.

By meeste opgekleide huise is geen fondamente gegrawe nie, maar soms is ’n laag klip op die grond geplaas wat dan verder opgeklei is (Linthof Lodge, 2010.07.25). Van Rensburg (s.a.:92) beskryf die bouwerk as volg:


... soms is ’n lae fondament met klip ongeveer 30 cm (1 vt.) hoog gebou, voordat die mure opgeklei is. Om die muur te bou is ’n kas (houtvorm) die wydte van die muur gemaak. Dit is op hierdie fondament geplaas en met die styf gebreide klei-en-mis-mengsel gevul en met ’n stamper vasgestamp. Wanneer die klei geset het, is die “kas” sywaarts geskuif en weer gevul. Dan skuif die kas opwaarts en word die proses herhaal, om sodoende ’n muur te vorm.

Die muur word meestal net tot dakhoogte gebou sonder gewels en met ’n skildvormige grasdakkonstruksie (Naudé, e-pos 2013.01.30). Verskeie opgekleide drievortrek-huise wat reeds vóór die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) gebou is, bestaan vandag nog, al is die oorspronklike plan met verloop van tyd vergroot deur aanbouings aan die kante van die oorspronklike strukture by te voeg (Koedoeslaagte, 2011.03.02; Linthof Lodge, 2010.07.25).

Verskillende tipes stene is gebruik om meer permanente geboue en strukture in die Koepelomgewing op te rig. Volgens van Rensburg (s.a.:82–92) is daar teen die laat negentiende

eeu hoofsaaklik van drie tipes stene gebruik gemaak: rou- of songedroogde stene, gebrande stene en gebakte stene. Volgens sy beskrywing word al drie die soorte stene vervaardig deur 'n kleimengsel in 'n houtvorm te gooi, vas te stamp, effens te droog, op die grond te pak en daaglik op 'n ander sy te rol om goed in die son uit te droog. Gevolglik is die stene meestal dieselfde grootte: 7.6 cm x 10 cm x 23 cm (3 duim x 4 duim x 9 duim), soortgelyk aan die mates van hedendaagse stene. Rou- of songedroogde stene kan wissel in hardheid (afhangende van hoe goed die klei voorberei is) en is in alle gevalle nie goed teen die weer bestand nie. Gevolglik het sommige stene verbrokkel nog voordat daarmee gebou is – vandaar die ongelyke steengroottes. Ná die aanvanklike sondroogproses is stene in sommige gevalle in hopies gepak, met gras en takkies toegepak, en aan die brand gestee om 'n harder steen te vervaardig. Rou stene maak 'n dowwe, lae klank as mens daarop klop (Naudé, e-pos 2013.01.30). Gebrande stene is harder as roustene, brandmerke (swart vlekke) kom oneweredig op die steen voor en maak 'n ligte, hoë klank as mens daarop klop (Naudé, e-pos 2013.01.30).

Die hut of rondawel is 'n woningstyl wat deel vorm van die meeste Europese volke se vroeë ontwikkelingsfasies (Raath, 2005:183). Hierdie sirkelvormige strukture is as tydelike “woning” deur die vroeë pioniers in die binneland van Suid-Afrika opgerig (Naudé, 2010:2). Volgens Naudé (2010:1) het die rondawel, wat soms geassosieer word met die hutte van die inheemse bevolking, 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse volksargitektuur (volksboukuns) gespeel en is ook te vinde op die ou plaaswerwe in die Koepelomgewing. Die voorkoms van die rondawel op die kleinwerf was in die eerste helfte van die twintigste eeu baie algemeen. Die geboutipe is as bergplek, woonstruktuur, vleiskamer, werkskamer, diens- en stoorruimte of ook as slaapplek op die plaaswerf gebruik (Carelsen, 1995:223). Die rondawel is soms van rugelaagde ruklip met horisontale en vertikale voeë gelaagde ruklip (soos op Krugerskraal) gebou (sien Fig. 6). Naas die rondawel is ook ander sirkelvormige



**Figuur 6:** Ruklipverbande a) ongelaagde ruklip b) rugelaagde ruklip c) veelhoekrukclip d) vulbrokkclipwerk e) rugelaagde ruklip met horisontale en vertikale voeë f) gelaagde ruklip (Skets: Davey in Labuschagne, 1988:100)

strukture op die plaaswerf opgerig, soos die waterput, dorsvloer se muur, voerkuil (silo), watertenkstaander, en die dam. Rondawelhuse uit 'n later stadium is teenwoordig op sommige ouer werwe in die Koepelomgewing. Soms bestaan dit uit net een sirkelvormige vertrek wat dateer uit 'n ander tydperk as die huis (Eerste Geluk, 2008.06.04). Sommige wonings bestaan uit twee rondawels met 'n vertrek wat as verbinding tussen die twee dien, soos die skrywer CM van den Heever se woning op Donkervliet (2010.12.01). Ander geboue is langwerpig met sye in die vorm van 'n rondawel (Takwasa, 2011.07.30).

In die voorspoedige jare (1862–1863), toe wol en trekosse duur geword het, het die finansiële posisie van die plaaseienaars aansienlik verbeter, en is huise van gekapte klip, bewerkte hout, en sinkdakke opgerig (Potgieter, 1959:78). Kliphuise het lank geneem om te bou en die proses was arbeidsintensief. Die Afrikaanse digter Totius het sy studeerkamer in 'n klippioniershuis op sy plaas Krugerskraal noord van die Vaalrivier (2011.03.16) ingerig waar hy sy skryf-, Bybelvertaalwerk en die psalmberyming gedurende die 1920's gedoen het (Van den Heever, 1949:10). Aan die oorspronklike vierkantige kliphuis is 'n vertrek later aangebou om die huis te vergroot. Die verbouing aan hierdie kliphuis is moontlik gemotiveer deur die wetlike minimum vereistes, soos reeds uiteengesit, en maak dit een van die oudste huise in die Koepelomgewing noord van die Vaalrivier. Die oorspronklike struktuur se ouderdom word gevolglik as c. 1854 of vroeër geskat. Die oorspronklike deel van die huis is met gelaagde ruklip (ook na verwys as “koppieklip”) gebou, en na wes met veelhoekruklip aangebou (sien Fig. 6). Die klippe van die aangeboude deel is merkbaar groter as dié van die oorspronklike struktuur. Die voorkoms van die tipe klip (kleur en grootte) waarmee daar aan die noordekant van die Vaalrivier gebou is, lyk anders as dié aan die suidekant. Verskeie geboue op Dampoort (suid van die Vaalrivier) is met groot gekapte ysterklip in ongelaagde ruklipverband gebou. Klipkonstruksies word selde aan die buitekant gepleister, maar in die Koepelgebied soos op Dampoort is sommige klipstrukture gepleister en ander vir 'n “nuwe” voorkoms gevef. Die gevolg is dat dié huise oor die jare min verweer het en vandag nog staan.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) is geïnterneerde Italiaanse soldate by sommige boerderye in die Koepelomgewing as plaasarbeiders geplaas. Hulle kon klipbouwerk doen en het verskeie geboue en strukture in die Koepelomgewing met gekapte klip gebou. Twee tipes ruklipverbande is gebruik: rugelaagde ruklip vir die strukture, soos op Buffelskloof (Thabela Thabeng, 2011.07.30) en vulbrokkliwerk (sien Fig. 6), soos die bruggie oor die Tijgerfonteinspruit (2011.03.09).

Die dakkonstruksies van die geboue en strukture in die Koepelgebied stem grootliks ooreen met ou boutradisies wat in Wes-Europa voorgekom het en vroeër aan die Kaap gebruik is. In die tydperk 1840 tot 1940 het beide staan- en platdakke in die Koepelomgewing voorgekom. Die platdakwoning was aanvanklik deel van die dorpsargitektuur aan die Kaap. In die 1840's het platdakke algemeen voorgekom waar die reënval laag was, soos op Graaff-Reinet, Fort Beaufort, Colesberg, Cradock en Grahamstad in die Oos-Kaap. In die Koepelgebied het die platdak-pionierswoning wel voorgekom, maar dit was minder algemeen as die staandak. Verder is daar voorbeelde van geboue wat aanvanklik met 'n platdak gebou is en later verander is met die toevoeging van die spitsgedeeltes van die sygewels en 'n staandak (Dampoort, 2010.12.01). Die platdak is meestal met 'n effense val na agter gebou en soms met 'n borsweringsmuurtjie omring om die reënwater na agter te laat afloop. Voor die gebruik van sink, is latte of riet oor die bindbalke gelê en met brakgrond (in die Kaap) of 'n kleimengsel (in die binneland) bedek (Nienaber, 1984:84). Hierdie dak was redelik waterdig en het die meeste reën weggehou. Namate sink meer bekostigbaar geword het, het die plat sinkdak meer algemeen voorgekom, veral onder die werkershuise. Die oprigting was goedkoop en materiaal kon met min moeite verskuif en hergebruik word.

Die reghoekige staandak- (pionierstipe) geboue en strukture se dakke is aanvanklik met riet of gras gedek. ’n Boorling van die Koepelomgewing het in sy ongepubliseerde getikte *memoires* (s.a.:90–91) bevestig dat materiale uit die onmiddellike omgewing vir die dakraamwerk en dekking gebruik is. Die populier (*Populus*-spesies), se sterke reguit stamme is vir dakkappe en latte aangewend, of lang en dun takke van die bloubos (*Diospyros lycioides* subsp. *lycioides*), ook bekend as Transvaalse bloubos en die rosytjiebos (*Grewia flava*). Dekgras (*Hyparrhenia hirta*), rooiherfsgras (*Schizachyrium sanguineum*) en breëblaarterpentyngras (*Cymbopogon excavatus*) is gebruik om die dakke te dek. Die dektou (ook na verwys as “dekdraad”) is self gemaak van biesies of papkuil (*Typha capensis*) wat in die rivier gepluk is en drie-drie saamgeveg is. Die gerwe gras is laag-op-laag gedek, met ’n handgemaakte dryfplank (kam) gekap en aan die latte vasgewerk. Die nok is aanvanklik met oorgebuigde gras vasgedek (omkeerlaag) en/of met ’n kleimengsel waterdig gemaak soos elders in die binneland (Labuschagne, 1988:295). Nadat sink bekostigbaar geword het, is dit op die nok vir waterdigting gebruik. Die vroeë wonings van die Sotho-sprekendes het nie ’n nok gehad nie, aangesien die tradisionele graswoningen met koniese dakke (op silindervormige mure) met ’n punt gedek is (Frescura, 2001:101).

Die plaasarbeiders wat die dekwerk van die plaaswoning behartig het, het die gebruik van ’n klei-nok by die reghoekige huis met ’n grasdak van die pioniers volksboukuns oorgeneem (Fisher & Le Roux, 1989:60). Dit was bloot ’n oplossing om die woning waterdig te maak. Plafonne van Spaanse riet (*Arundo donax*) of die dunner inheemse fluitjiesriet (*Phragmites communis*) is by sommige ouer geboue en strukture op plase Dampoort en Nootgedacht opgemerk. Om die vertrekke stofdig te maak, is sakmateriaal bo-op die riete gepak. In 1938 is plafonne met 15 cm (6 duim) breë planke van Oregon-dennehout aangebring (Jansen van Rensburg, s.a.:98).

’n Verskeidenheid venster- en deuropeninge kom in die volksboukuns voor, en was meestal reghoekig of vierkantig. Die vensters by vroeë strukture is bloot ’n opening “wind-eye” (*window*) of vuurgat (*shot-hole*) in die muur as gevolg van die gebrek aan glas in die binneland (Aylward, 1881:18). Gevolglik was die huise binne meestal swak belig. Op die plaas Dampoort (2010.12.01) is ’n reghoekige tweevertrek grasdakgebou wat aan die een lang sy vuurgat-opeeninge het, en aan die ander sy, onder ’n sinkdakveranda (moontlik ’n latere toevoeging), groter vensters. Die indruk word geskep dat die openinge aan die een kant om sekuriteitsredes so klein is. Hierdie gebou wat tot onlangs as stal- en stoorruimte gedien het, is ’n ou struktuur en kon selfs as een van die eerste permanente wonings op die plaas gedien het. Daar is verskeie klipgeboue en -strukture op dieselfde plaas waar die vensters en deuropeninge se lateie in die vorm van ’n boogsegment (platboogvorm) gebou, en met wawielband versterkings ondersteun is.

By die kliphuis op die plaas Krugerskraal (2011.03.16) is die vensterbedekking ’n geraamde plankluik wat na buite oopswaai, in navolging van die Kaapse gebruik. Dié opening is deel van ’n linnebedekte houtraamvenster wat na binne swaai en met ’n luikknip vasgemaak word. Die latei van ’n wawiel band het die opening versterk. Ná 1886 is skuifraamvensters en houtdeure met paneelwerk op die plase waar gedelf is, soos op Nootgedacht (2011.02.10) en Venterskroon (2008.06.03) in die geboue gebruik. Loodglasvensters is gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) in sommige geboue, wat deur geïnterneerde Italiaanse soldate opgerig is, aangebring (Takwasa, 2011.07.30). Dit blyk dat die vensteropeeninge in die Koepelomgewing oor die jare al hoe groter geword het. Gevolglik is meer lig en ventilasie in die geboue en strukture verkry.

Die deure, kosyne en drumpels was vroeër uit hout vervaardig. Die buitedeur, wat na binne oopmaak, is meestal in twee verdeel om ’n bo- en onderdeur te vorm. Vir die klimaats-


omstandighede van die Vrystaat was dit besonder geskik, aangesien ’n toe onderdeur plaasdiere buite sou hou, terwyl ’n oop bodeur vars lug vrylik in die huis inlaat (Van Rensburg, 1967:146). Deurkosyne is van populierhout (*Populus*-spesie) gemaak en drumpels van die wag-’n-bietjiedoring, bekend as die gewone haakdoring (*Acacia caffra*) (Jansen van Rensburg, getikte s.a.:91). Soms is ou wawielbande as latei ook by die deuropening gebruik (Dampoort, 2008.06.04).

Koste en die impak van termiete in die binneland het die pioniers genoodsaak om alternatiewe metodes te bedink om ’n stewige vloeroppervlak in die huis te verseker. Die pionierstipe huise het teen 1853 meestal vloere van klei gehad – miershoopgrond wat natgemaak en vasgestamp is (Aylward, 1881:265). Hierdie vloere was besonder sterk, en is daagliks met ’n lagie vars beesmis gesmeer (Aylward, 1881:158). Sodra die beesmis droog geword het, het dit as versterking en verdigting van die vloeroppervlak gedien. Die mis het ook die vloer skoon en stofvry gehou (Labuschagne, 1988:331). Daar word algemeen verwys na ’n “misvloer”, alhoewel die mis net ’n afwerking van die kleivloer is. Dié soort vloerbedekking was steeds teen 1940 (100 jaar later) in sommige Vrystaatse plaaswonings in die Koepelgebied soos op die plaas Eliza (onderverdeling van die plaas Rensburgsdrift, Jansen van Rensburg, s.a.:Eliza 1) gebruik. Teen 1938 is sement wat met rooi oksied gekleur is, as vloeroppervlak binnenshuis asook buite op die stoep gebruik (Jansen van Rensburg, s.a.:89). Sommige geboue het teen die 1890’s plankvloere gehad, soos die Victoriaanse geboue op Venterskroon (2008.06.03) en plaaswonings op die destydse delwerie (Nooitgedacht, 2011.02.10). Teen 1920 is sommige kombuisvloere in die stede met linoleum (vloerseil) bedek, wat maklik was om skoon te hou (Fisher & Le Roux, 1989:100). Hierdie bedekking wat die vloer waterdig gemaak het, is algemeen in die Koepelgebied soos in die “Twaalf pilare-opstal” op die plaas Dampoort gebruik (Küsel, 2006:56).

Die volksbouer het ook ’n mengsel van goedgebreide klei en beesmis gebruik om nie net die vloer nie, maar selfs die buite- en binnemure van opgekleide en sooihuise met die hand te pleister (Jansen van Rensburg, s.a.:91). Daarby is die groen en swart beesmis, wat soggens in die beeskraal versamel is, gebruik om patrone as versiering op die mure met die vinger te skilder (Jansen van Rensburg, 2012.11.24). Teen 1938 is die gebakte steenmure met ’n mengsel van kalk en sand afgepleister. Daar was nie ’n spesifieke formule vir die kalk-sand-watermengsel nie, en die volksbouer het na goëddunke die mengsel voorberei om ’n spesifieke tekstuur te verkry. Met hierdie mengsel is die mure dan afgepleister (Jansen van Rensburg, 2013.01.29). Die kalk het die muur aan die buitekant beskerm en verhoed dat reënwater die kleimure beskadig.

### 3. Kontakargitektuur

In die Koepelomgewing, soos elders in die binneland, het ’n mate van kultuuroordrag vanuit die Westerse na die inheemse kultuurgroepe plaasgevind, wat in die argitektuur sigbaar is. Gras is tradisioneel deur die inheemse bevolkingsgroepe gebruik in die konstruksie van hulle dakhuse (byekorfsstrukture) en vir die dakke van hulle hutte en latere reghoekige wonings. Die verandering van die sirkelvormige wonings na reghoekige pionierstipe huisies is aanvanklik op die sendingstasies en later met die koms van die pioniers (nedersetters) in die binneland bewerkstellig. Die grootste impak het oor ’n lang tydperk grotendeels op die plase voorgekom, waar die inheemse bevolking as werkers woonagtig was. Die arbeiders het op hierdie manier in ’n transkulturele leefwêreld opgegaan waarin hulle die reghoekige en vierkantige Westerse strukture van hul werkgewers oorgeneem het (Naudé, e-pos 2012.03.12).



**Figuur 7:** *Waterverfpatrone op S. Moloji se opgekleide werkershuis op Reebok kop (Bron: C Gouws, Reebok kop; 2010.09.29)*

By die arbeidershuise van die Sotho- en Tswana-sprekendes in die Koepelomgewing (soos elders in die binneland) het daar ’n argitektoniese en tegniese evolusieproses plaasgevind. Die verhouding van die dak tot die muur het van die tradisionele silindervormige dakhuis van gras wat geen differensiasie tussen die twee getoon het nie, in die plat vierkantige sinkdakhuis ontwikkel, waar die muur dominant geword en die dak visueel verdwyn het (Frescura, 2001:101). Die argitektuurverskynsel (of verandering) van die rondawel of hut na die reghoekige huisies (asook *vice versa*) word “kontakargitektuur” genoem. In wese kan dit gesien word as ’n transkulturele klemverskuiwing of voorkeur wat nagevolg is as gevolg van die praktiese oorwegings en voordele wat dit inhou.

Versieringselemente is by sommige plaaswerkers se huise aangebring en is meestal tradisiegebonde. Afstammeling van die Suid-Sotho het ten opsigte van die versiering van hulle wonings in die Koepelgebied ’n eie identiteit behou. Die behoefte om hul huis te versier, is sigbaar in die kleurvolle geometriese patrone in swart, wit en rooi verf op sommige werkershuise in dié area soos op die plaas Kromdraai (2010.08.25). Die arbeiders gebruik rooi kleigrond vanuit die Koepelrante om hulle huise te versier, soos teen die nek van Kommandonek wat as die “rooi plek” bekend gestaan het (Jansen van Rensburg, Helena 2012.11.24). ’n Werkershuis met veelkleurig-geverfde patrone op die plaas Reebok Kop (sien Fig. 7), is deur Me. Sofie Moloji wat Sotho-sprekend is en oorspronklik van die Koppies-omgewing kom, versier (Moloji Reebok Kop, 2012.07.28). Volgens Moloji het haar werkgewer, mevrou Hettie du Preez, vir haar ’n prentjie van ’n geverfde huis op Makwassie, asook die verf gegee. In hierdie geval is daar nie ’n verfradisie nie. Mev. Moloji het haar huis geverf bloot omdat iemand die idee en die verf vir haar gratis gegee het.

#### 4. Diensruimtes binne en buite die huis

Reisigers en trekkers het hulle kookaktiwiteit meestal onbeskut in die veld gedoen. Wanneer daar vir 'n onbepaalde tyd uitgespan is, is 'n eenvoudige kookskerm van gras of riet vir beskerming teen wind opgerig (Le Roux, 1982:5). As gevolg van brandgevaar is daar aanvanklik nie binne die kapstyl- of hartbeeshuis gekook nie. Sommige huise in beide die Vrystaat en Transvaal het teen 1870 nie binnekombuise gehad nie en die kookwerk is steeds buite of onder skerms gedoen (Aylward, 1881:157; Labuschagne, 1988:393; Walton, 1965:96). Die tydelikheid van omstandighede, die warm klimaat in die binneland en die gebruik van bediendes om die kookwerk te doen, is bykomende faktore wat 'n rol gespeel het in die gebruik om in die opelug te kook (Labuschagne, 1988:71). Om die huis skoon en vry van roet te hou en waar die kook- en voorbereiding van voedsel deur bediendes gedoen is, het die kookaktiwiteit soms in 'n buitegebou of rondawel, net buite die huis plaasgevind (Carelsen, 1995:223). In die Heidelberg-omgewing was 'n woonhuis en buitekombuis beide van klip met sinkdakke in die mark volgens 'n advertensie, “uit die hand te koop” (*De Volksstem*, 1882.04.05). Teen 2006 was daar nog op drie plase in die Koepelgebied oorblyfsels van sulke buitekombuise, soos die opgekleide mure van 'n buitekombuis op die plaas Edenvale, 'n rondawel op die plaas Dampoort, en 'n opgekleide murasie op die plaas Erfdeel (Küsel, 2005:49, 57, 72). Die kookaktiwiteit het van buite na binne geskuif, nadat daar 'n vertrek agter aan die pionierswoning (gewoonlik onder die plat sinkdakstoep) aangebou is vir dié doel.

Die kombuis was een van die belangrikste diensruimtes in die huis en is tereg as 'n “werkkamer van die grootste belang” beskou (Fisher & Le Roux, 1989:49). Die kombuis is meestal, soos in die Kaap, in die vertrek teen die een gewelmuur van die reghoekige woning ingerig, en kos is voorberei binne in 'n vuurherd wat in hierdie gewel ingebou is (Fransen, 1981:24). Die binnekombuis in die pionierstipe en vroeë twintigste eeuse woning was klein, ongeveer 1,52 m<sup>2</sup> (6 vt. x 6 vt.) (plase Krugerskraal, 2011.03.16; en Helena, 2012.11.24). Dit is heelwat kleiner as die aanbevole grootte van 3,6 m<sup>2</sup> (12 vt. x 12 vt.) wat in 1921 vir 'n kombuis in *die Boervrou* voorgeskryf is (Fisher & Le Roux, 1989:49). Daar was aanvanklik nie aangelegde water na die wonings in die Koepelomgewing nie (Jansen van Rensburg, 2010.05.05). Sinkemmers met vars water wat die kinders vanaf die rivier vir huishoudelike gebruik aangedra het, het op 'n bankie (die emmerbank) in die kombuis gestaan (Cloete, 2010.10.28). Dit is algemeen om 'n rondawel of ander strukture by die agterdeur (op die kleinwerf) van die ouer wonings in die Koepelomgewing te sien. Die rondawel het soms as melk-, vleis- en werkskamer gedien en deel gevorm van die diensarea (Potgieter, 2011.03.16). Carelsen verwys na die rondawel asook die volgende strukture naby die kombuisdeur (1995:220): die bad- en strykkamer; die bakoond; koeler (koel- of vleiskamer); en buitekombuis.

Die stoof het verskeie funksies gehad. Daar is kos gekook, warm water is dag en nag voorsien en dit het die huis in die wintermaande verwarm. Daar was teen 1921 reeds hout-/koolstowe wat met 'n hele warmwaterinstallasie (*boiler*) ontwerp en verkoop is (Fisher & Le Roux, 1989:45). Gevolglik was warm water heeldag in die betrokke kombuise beskikbaar, op die stoof, of in die *boiler* langs die stoof. Vanaf die kombuis is warm water na die areas waar dit benodig is, soos in die badvertrek, gedra. Verskeie strukture om die woning wat behoue gebly het, soos die warmwatertoestel – wat 'n “donkie” genoem is (Dampoort, 2008.06.04) kan vandag steeds gesien word. Die “donkie” was 'n verhitingsstoestel wat gebruik is nadat staaldromme op die mark verskyn het. 'n Losstaande struktuur is meestal naby die agterdeur (diensruimtes) gebou om 'n drom te dra wat water vir die badvertrek verhit het. Die water binne-in die drom is verhit deur 'n vuur onder die drom te maak.

Die bou van 'n afsonderlike badvertrek met 'n emalje (Engels: *enamel*) bad en waskom met krane, met lood toevoer- en afleipyp, linoleum of kurktapyte as vloerbedekking, 'n spieël en 'n handdoekreling, is reeds in 1921 deur Gerhard Moerdijk in *Die Boervrou* bepleit (Fisher & Le Roux, 1989:45). Tog het die meeste wonings wat voor 1940 in die Koepelomgewing gebou is, nie 'n badvertrek gehad nie. Daar is gewas in 'n ovaalvormige sinkbad in die slaapkamer of buite (Cloete, 2010.10.28; Jalalpor, 2010.11.19; Jansen van Rensburg, 2010.05.05). Soos elders in Transvaal, is die emaljewaskom en -lampetbeker op 'n klein tafel (wastafel) in die slaapkamer, met 'n staander vir die waslap, handdoek en seepbakkie, gebruik om te was (Carelsen, 1995:175). 'n Emaljekamerpot en slopemma was deel van die wasstel in die slaapkamer. Die seuns het teen 1945 nog daaglik in die plaasdam of rivier gaan was (Cloete, 2010.10.28; Jalalpor, 2010.11.19; Jansen van Rensburg, 2010.05.05).

Die proses van verandering aan die woning is opvallend ná die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945), veral die verbetering van water- en sanitasietegnologie in en om die woning. In die Koepelomgewing is stoepe stelselmatig toegebou om 'n ruimte te skep wat as badvertrek kan dien (Jansen van Rensburg, 2012.11.24). Hierdie badvertrek het, soos in ander boerewonings in Transvaal, nie lopende water gehad nie, en warm water wat op die stoof gekook is, is uit die kombuis na die bad aangedra (Carelsen, 1995:92). Hierdie eerste badvertrek, wat reg langs die kombuise geleë was, het meestal 'n losstaande sit- of sinkbad met 'n uitloop na buite op die werf gehad (Fisher & Le Roux, 1989:45). Verskeie aktiwiteite het van buite na binne-in die woning geskuif.

Die aanlê van pype om lopende water aan die diensruimtes in die huis (kombuis en badvertrek) te verskaf, het 'n tegnologiese omwenteling en verandering in die ontwerp van die plaaswoning veroorsaak. Die waterstelsel waar die waswater en dié van die toilet deur 'n pyp weggevoer is, is aanvanklik in die stede gebruik, maar is mettertyd op plase geïnstalleer. Dieselfde model wat in die stede gebruik is, kon nou toegepas word, en die verboude voorkoms van die pionierskern het algemeen voorgekom. Die moderne bad met krane en aangelegde water het eers vanaf die 1960's algemeen in die Koepelomgewing in gebruik gekom (Jansen van Rensburg, 2012.11.24). Vir die gerief van die vrou, is die badvertrek nader aan die slaapkamers geskuif. Die huishoudelike waterverbruik, inrigting van die kombuis en badvertrek, asook die aanlê van lopende water kan direk aan die finansiële vermoëns van die bewoners gekoppel word, en het gevolglik van plaas tot plaas verskil.

Die gemakhuisie (toilet, kleinhuise, putlatrine, *long drop*), wat een van die kleinste geboue op die plaaswerf was, het tradisioneel op die plaaswerf en in die agterplase van die dorpsperwe voorgekom. Op sommige plaaswerwe was daar tot lank ná 1900 geen putlatrine nie. Vroue het 'n kamerpot binne-in die huis gebruik en die mans sommer die veld (Jansen van Rensburg, 2012.11.24). In sommige huise is die nagstoel (*commode*) snags in die slaapvertreke vir die gerief van die vrou gebruik (Shahim, 2010.07.25). Die putlatrine was die eerste toiletstelsel wat in die Koepelomgewing gebruik is. 'n Entjie van die huis af is 'n vierkantige gat van ongeveer 2,4 m (8 vt.) diep in die grond gegrawe, en die toilet is bo-oor gebou. Teen 1938 is 'n riethuise, soos uit die pionierstradisie, met 'n G-planvorm opgerig met 'n grasdakkie skuins na agter vir privaatheid (Jansen van Rensburg, 2012.11.24). Dit het nie 'n deur gehad nie, maar 'n muurtjie wat vir die nodige privaatheid gesorg het. Indien bekostigbaar, was die mure van die putlatrine van sink en later van steen gebou (plase Donkervliet, 2010.12.01; en Dampoort, 2010.12.01). Die dakke loop skuins na agter en was van sink. Die geboutjie het windaf, maar buite sig van die voordeur en voorstoep gestaan (Naudé, 1991:170). Die spoeltoilet binne die huis is eers vanaf ongeveer 1957 op die meeste plase ingerig (Jansen van Rensburg, 2012.11.24). Die put- of stapelrioolstelsel (*French drain*) is ná die installasie van die spoeltoilet

gebruik. Hierdie stelsel, wat reeds in 1859 deur Henry Flagg French in sy boek “Farm Drainage” beskryf is, is in *Die Boervrou* van 1921 beskryf as die ideale stelsel vir die plaashuis waar daar self vir die afvoer en wegvoer van vuil water voorsiening gemaak is (Fisher & Le Roux, 1989:45). Die bron stel voor dat ’n gat aan die buitekant, weg van die huis se fondament, onder die wateruitlaatpype gegrawe word. ’n Bak uitgevoer met stene of beton van ongeveer 45 cm (18 duim) word in die gat onder die uitloop gebou, en met gruis of los klippe gevul. Die afloopwater loop dan met ’n gebakte keramiekpyp (“erdepyp”) na ’n laerliggende gat waar die grys water deur die klippe sak om in die grond in te syfer (Gericke, 2011.02.10). Hierdie stelsel, wat bekend staan as klipriool, is sindelik, aangesien dit weinig indien enige invloed op die omgewing het.


Wasgoed was deel van die vrou se pligte en is vroeër op ’n wasklip naby ’n waterbron (rivier, stroom, fontein, watervoor of dam), waar daar goeie dreinerings is, gewas (Jansen van Rensburg, 2012.11.24). Hierdie aktiwiteit het van buite die huis geskuif na ’n beskutte ruimte onder ’n dak. Vir hierdie doel is daar op sommige plase ’n was-en-strykgebou (of rondawel) naby die agterdeur opgerig (Tlali, 2010.12.01). Sedert die 1960’s is die moderne wasmasjien, wat met elektrisiteit werk, op die plase gebruik waar daar kragvoorsiening is (Jansen van Rensburg, 2012.11.24). ’n Groter en “moderner” huis is soms gebou en die pionierstipe huis is ontruim. Die ou huis is meestal aangepas om as stalle of bergplek te dien. In sommige gevalle is die ouer woning vir arbeidersverblyf beskikbaar gestel.

## 5. Invloed van sink op die volksboukuns

Die koms van sink vanaf 1886, veral op die Potchefstroomse delwerye (Venterskroon), het die grasdak grootliks verdring. Dit het daartoe bygedra dat die pionierstipe grasdakgeboue en strukture vervang is met ’n nuwe boutradisie waarin sink ’n opvallende en funksionele rol speel. Ná 1889 is op Venterskroon verskeie Victoriaanse geboue en strukture met sinkdakke gebou. Aanvanklik is dakke in die “sinkplaatstyl” hoofsaaklik in die omgewing van die delwerye gebruik en die riet- of grasdakke op die plaasgeboue en -strukture. Die sinkdak het ’n merkbare invloed op die volksboukuns en -argitektuur gehad. Sink kon ’n groter area oorspan, en die aanbou van addisionele vertrekke is vergemaklik. Dit het minder van ’n brandgevaar as riet- of grasdakke gehad. Tydens die Anglo-Boereoorlog is die meeste grasdakke op plase afgebrand en verwoes, en met die heropbou-proses vervang met sink, wat meer waterdig is. Herhaalde periodes van droogte het ook veroorsaak dat dekgras ná 1902 in die Koepelomgewing “verdwyn” het en dié tekort het mense genoodsaak om sink vir dakbedekking te gebruik (Jansen van Rensburg, 2012.11.24).

Die gebruik van sinkplate het dit moontlik gemaak om oop stoepe aan die lang kante (voor en agter) van die reghoekige huis te oordek, en ’n kenmerkende “verandahuis” (sien Fig. 8) te vorm (Nienaber, 1984:85). Die stoep<sup>3</sup> is sedert die volksplanting aan die Kaap ’n belangrike element van die Suid-Afrikaanse boukuns. ’n Stoep is ’n verhoogde vloer teen die buitemuur van ’n gebou, met of sonder ’n dak daarbo. Die stoep met ’n dak was veeldoelig. Dit het die woning teen wind en weer beskerm, is as stoerplek gebruik, het ’n skuiling teen reën en son gebied, en het gekeer dat mense met vuil skoene direk in die huis kom. Beide die

<sup>3</sup> ’n Afdak en ’n stoep verskil: ’n Afdak is ’n skuins aflopende dak wat teen ’n muur van ’n ander gebou aangebring word. Dit kom meestal aan die buitegeboue sonder ’n geboude vloer voor. Verder is die afdak meestal oop aan een of meer kante en dien gewoonlik as bergingsruimte. Afdakke het ook selde geute of afeipype, en die pilare word in die grond ingeplant.



**Figuur 8:** 1) 'n Reghoekige pioniershuis met stoepe voor en agter, bekend as die sogenaamde “verandahuis” 2) Die stoepe word toegebou om ruimtes vir die kombuis en badkamer te skep 3) die H-vormige “stoepkamerwoning” en 4) die Victoriaanse boerewoning (Skets: M. Naudé, 1991:279)

pioniers en inheemse bevolkingsgroepe het hulle dakke soms verleng om as oorhang of stoepe te dien. Die huis is vergroot deur meestal vertrekke onder die plat dak van die stoepe aan te bou soos op die plase wat uit die 1870's dateer (Transvaal Argief bewaarplek, RAK, 2689:841; Van Collerhuis/Lanquedoc – Koppieskraal, 2011.05.21). Onder die platsinkdak van die agterstoepe is die kombuis en later die badvertrek aangebring. Indien meer vertrekke benodig is, is soms aan weerskante voor en/of agter aan die huis twee stoepevertrekke met eie ingange van die stoepe af, gebou. Die grondplan verander dan (in ooreenstemming met die Kaapse tradisie) na 'n L-, U- of H-vorm (Fransen, 1981:22). Die H-vormige “stoepkamerwoning” (sien Fig. 8) wat in die stede, op die platteland en op die plase in die Koepelomgewing voorgekom het, is gereken as die mees kenmerkende Suid-Afrikaanse woningtipe (Nienaber, 1984:85). Dit wil voorkom asof die stoepkamerwoning op die plaas Sweet Home in die Koepelomgewing uit 1863, nog voor die Vredfortse goudelwerye (1887–1892), dateer. In sommige gevalle het die hoofgebou 'n staandak van gras, met 'n afdak van sink wat gewoonlik 'n latere toevoeging is (plaas Dampoort, 2008.06.04).

Met die opbloeit van die diamant- en goudmynbedryf teen die 1890's, het 'n tydperk van welvaart en gepaardgaande sofistikasie ingetree wat die geleidelike ontwikkelingsproses van die volksargitektuur grotendeels tot 'n stilstand gebring het. Venterskroon, 'n goudmyndorp op die Potchefstroomdelwerye (wat binne die Koepelgebied val), is in 1887 as dorp op die plase Rooderand en Buffelskloof waar goud ontdek is, gestig (De Jager, 2005:1). Die regeringsgeboue en die hotel is volgens standaard-grondplante in die Victoriaanse styl vanuit

Brittanje volgens 'n katalogus bestel. Boumateriaal is ook vanuit Brittanje in kratte ingevoer en die geboue en strukture was groot. Verandas is versier met houtwerk, en die dakke met metaalwerk en torings. Die vorm (vierkantig), grootte, materiaal en bouwyse het geen raakpunte met die pionierstipe volksboukuns gehad nie. Sommige boerehuise in die omgewing het hierdie styl nagevolg (die sogenaamde “Victoriaanse boerewoning”) (sien Fig. 8). Gevolglik is skuifraamvensters, paneeldeure, verandas en dekoratiewe houtwerk onder die dakoorhange aangebring soos op die plaas Nooitgedacht.

'n Volksboukuns wat eiesoortig aan die Koepelgebied is, het grootliks ná die Victoriaanse tydperk (1901), verdwyn. Die geboue en strukture wat in die tydperk tussen 1910 en die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) met massa-vervaardigde staalraamvensters en deure opgerig is, is replikas van gebouetipes in die stede en die res van die land. 'n Pionierstipe gebou of struktuur met verboude (gelapte) voorkoms kom vandag egter steeds algemeen in die Koepelomgewing voor. Die pionierskern is nog sigbaar aan die gebou se planvorm en profiel omdat dit bokant al die aanbouings uitsteek. Op die plase Buffelskloof (Thabela Thabeng), Rietpoort (Linthof Lodge) en Koedoeslaagte is byvoorbeeld 'n reghoekige kleimuur grasdak-pionierswoning met tuitgewels as kern, en aanbouings met dakke van sink, wat afgeskuins teen die kern vasgebou is. Kenmerkend is die groot hoeveelheid kamers as gevolg van die verdelings van bestaande vertrekke en aanbouings. Die aanbouings is nie net aangebring om slaapplek vir die groter wordende families te skep nie, maar in die meeste gevalle om voorsiening vir die binnekombuis en badvertrek te maak. Terreinondersoekers het aan die lig gebring dat verskeie pionierswonings se grasdakke met verloop van tyd met sink vervang is, en venster- en/of deuropeninge toegebou is, sodat die struktuur kan dien as 'n bergplek, waenhuis, skuur of stal. Die Van Coller-huis, op die plaas Koppieskraal (Lanquedoc) het stalle geword; die pioniershuis op Buffelskloof (Thabela Thabeng) 'n waenhuis, en die ou huis op die plaas Helena (onderverdeling van die plaas Vanrensburgsdrift) 'n stoorplek. Soms is die nuwe woning reg langs die ou een opgerig, soos op Helena. Die eerste woning is verlaat om 'n groter woning ontwerp volgens die periode te betrek.

## 6. Gevolgtrekking

Die Vredfortkoepel waar die grootste en oudste meteoriet impak op aarde gevind word, is nie net 'n gelyste UNESCO wêrelderfenisterrein nie, maar ook 'n unieke kulturele landskap van goed bewaarde geologiese- en argeologiese terreine, grafte, mondelinge geskiedenis en tradisies, landelike boerdery-aktiwiteite, en volksboukuns.

Die stelsel van moderne grondbesit het op 'n geordende wyse onder die bewind van die pioniersrepublieke van die Vrystaat (1854–1902) en Transvaal (1952–1902) posgevat en permanente wonings is volgens wetlike vereistes op die plase opgerig. Gevolglik is die meeste huise in die tydperk ná 1854 reghoekige klip- of kleigeboue volgens hierdie voorgeskrewe afmetings. Teen 1889 met die toestroming van delwers en kapitaal na die Vredfort- en Potchefstroom-delwerye, het 'n tydperk van tydelike industriële welvaart ingetree. Die beskikbaarstelling van sink kan as die vernaamste enkele ontwikkeling in die volksboukuns van die negentiende eeu beskou word. Die reghoekige rietdakhuise (pionierstipe) is vervang met die Victoriaanse sinkplaatstyl. Die sinkplaatstyl het die volksargitektuur beïnvloed, en die verandahuis, H-vormige stoepkamerwoning en Victoriaanse boerewoning is kenmerkend van hierdie ontwikkeling. Die impak van die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) in hierdie omgewing het plaasopstalle verwoes, waarna die beskikbaarstelling van nuwe boumateriale die volksboukuns beïnvloed het. Tydens die eerste drie dekades van die twintigste eeu het

armoede, droogtetoestande en depressie ’n negatiewe en verlangsamende uitwerking op die ekonomie gehad en gevolglik het min ontwikkeling of verandering in die woningbou voorgekom. Verandering aan woningbou in die Koepelgebied is opvallend ná die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945). Die verbetering van die tegnologie met die voorsiening van lopende water, sanitasie en elektrisiteit, het die lewe vergemaklik en ’n merkbare uitwerking op die planvorm van wonings en gevolglike interne ruimtebenuttingspatroon gehad. Dit is opmerklik dat hierdie veranderinge nie deel van die werkers se huise was nie, heel moontlik omdat hulle verblyf as tydelik van aard beskou was.

Die tydperk onder bespreking eindig by 1950, aangesien die volksboukuns hierna grootliks verdring is deur replikas van gebouetipes soortgelyk aan boukuns in die stede en die res van die land.

## BIBLIOGRAFIE

- Aylward, A. 1881. *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*. Edinburgh: William Blackwood & Sons.
- Breytenbach, JH & Pretorius, HS (reds.). 1949. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1844–1850. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Z.A.R.*, 1.
- Breytenbach, JH & Van der Vyver, WB (reds.). 1952. Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat 1854–1855. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, O.V.S.*, 1.
- Carelsen, A. 1995. Interieurs van Boerewonings (1900–1950) op die terrein van die Willem Prinsloolamboumuseum: ’n vergelykende studie. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- De Jager, O. 2005. *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*. Potchefstroom: Platinum Press.
- De Volksstem*. 1882.04.05. “Uit die hand te koop” voorblad.
- Du Pisani, JA. 2007. Cultural heritage plan. AGES, 2007 Vredefort Dome World Heritage Site: Integrated Management Plan. Internal Final Draft report no. 31-3-2007.
- Fisher, RC & Le Roux, S (reds.). 1989. *Die Afrikaanse woning: herdrukke uit die Boervrou, 1919–1931*. s.l.: Unibook.
- Fransen, H. 1981. *Drie eeue kuns in Suid-Afrika: beeldende kuns, boukuns, toegepaste kuns*. Pietermaritzburg: Anreith Uitgewers.
- Frescura, F. 2001. *Rural shelter in Southern Africa: a survey of the architecture, house forms and construction methods of the black rural peoples of Southern Africa*. Johannesburg: Ravan Press.
- Jansen van Rensburg, SL. s.a. Belewensisse in die Vredefortkoepel (getikte memoires).
- Jansen van Rensburg, SL. s.a. Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase.
- Kolars, JF & Nystuen JD. 1974. *Geography, the study of location, culture, and environment*. New York: McGraw-Hill.
- Küsel, US. 2006. Impact assessment of historic heritage resources in the Vredefort Dome conservation area. Compact Disc: *African Heritage Consultants CC*.
- Labuschagne, EC. 1988. Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou. Ongepubliseerde PhD Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Le Roux, TH (red.). 1982. *Die dagboek van Louis Trigardt*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Loubser, JHN. 1985. Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal. *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142):81.
- Maggs, TMO. 1976. *Iron Age communities of the Southern Highveld* – Occasional publications of the Natal Museum no. 2. Pietermaritzburg: Natal Museum.
- Mondelinge onderhoude: Gouws Persoonlike Argief, TT Cloete (86) Potchefstroom 2010.10.28; PA Gericke (69) Eerste Geluk 2011.02.10; I Jalalpor (80) Parys 2010.11.19; JJ Landman (75) Koedoeslaagte 2011.03.02; IJ Potgieter (54), Krugerskraal 2011.03.16; SL Jansen van Rensburg (83) 2010.05.05; 2012.11.24; 2013.01.29; SM Moloi (56) Reebok kop 2012.07.28; Z Shahim (73) Linthof Lodge 2010.07.25; J Tlali (70) Dampoort 2010.12.01.

- Naudé, M. 2013.01.30. e-poskorrespondensie mauritz@ditsong.org.za aan C. Gouws.
- Naudé, M. 2012.03.12. e-poskorrespondensie mauritz@ditsong.org.za aan C. Gouws.
- Naudé, M. 2010. Circular structures and buildings associated with vernacular farm architecture and folk engineering. *South African Journal of Art History (SAJAH)*, 25(2):1-28.
- Naudé, M. 1991. Gebooue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal, ongepubliseerde verslag oor Volksboukuns in Transvaal vir die RGN. Pretoria: Nasionale Kultuurhistoriese Museum (NKHM).
- Nienaber, PJ & Le Roux CJP (reds.). 1982. *Vrystaat-fokus*. Roodepoort: CUM.
- Nienaber, PJ (red.). 1984. *Die Vrystaat en bewaring*. Roodepoort: CUM.
- Potgieter, FJ. 1959. Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837–1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 21(2).
- Raath, H. 2005. Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbees- of dakhuis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis (SATK)*, 19(2):168-189.
- Terreinbesoeke: Bet-El 2011.02.05; Buffelskloof (Thabela Thabeng) 2011.07.30; Dampoort 2008.06.04; 2010.12.01.; Deelfontein 2008.06.04; Donkervliet 2010.12.01; Eerste Geluk 2008.06.04; Helena, 2012.11.24; Koedoeslaagte 2011.03.02; Koppieskraal (Lanquedoc), 2011.05.21; Krugerskraal 2011.03.16; Nootgedacht 2011.02.10; Reebok kop 2012.07.28; Rietpoort (Linthof Lodge) 2010.07.25; Steenkampsberg 2008.06.04; Sweet Home 2011.02.05; Takwasa 2011.07.30.
- Transvaal Argief bewaarplek, Kaart, 3/506 Kroonstad Maart 1900.
- Transvaal Argief bewaarplek, RAK, 2689, Indeks van transportboek 1853 e.v.
- Van den Heever, CM (red.). 1949. *Keur uit die gedigte van Totius*. Bloemfontein: Nasionale Boekhandel.
- Van Rensburg, APJ. 1967. Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902–1907 in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2).
- Walton, J. 1965. *Homesteads and Villages of South Africa*. Pretoria: J.L. van Schaik Ltd.

# JHWH – Koning, Kryger (en Herder) in Sefanja 3:14-20

*YHWH – King, Warrior (and Shepherd) in Zephaniah 3:14-20*

**SD (FANIE) SNYMAN**

Departement Ou en Nuwe Testamentiese Studies

Fakulteit Teologie en Religie

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Suid-Afrika

E-pos: [snymansd@ufs.ac.za](mailto:snymansd@ufs.ac.za)



Fanie Snyman

**FANIE (SD) SNYMAN** studeer teologie aan die Universiteit van Pretoria. Ná die voltooiing van sy studies word hy 'n predikant in die NG Kerk Nelspruit-Suid in 1981. Hy word aangestel as senior lektor in Ou Testament aan die Universiteit van die Vrystaat aan die begin van 1984. In 1985 behaal hy die DD-graad aan die Universiteit van Pretoria. Hy word eventueel bevorder tot professor en dien as dekaan van die fakulteit Teologie & Religie aan die Universiteit van die Vrystaat van 2013–2019. Hy is outeur van talle artikels wat in akademiese joernale plaaslik sowel as internasionaal gepubliseer word. Hy is bekend vir sy navorsing op veral die Boek van die Twaalf en wat inter alia uitgeloop het op die publikasie van 'n kommentaar op Maleagi (2015) en die boeke Nahum, Habakuk en Sefanja (2020).

**FANIE (SD) SNYMAN** studied theology at the University of Pretoria and after completing his theological studies entered the ministry to become a minister in the Dutch Reformed Church Nelspruit-South in 1981. He was appointed as senior lecturer in Old Testament at the University of the Free State at the beginning of 1984. He obtained the DD-degree from the University of Pretoria in 1985. He was eventually promoted to professor and served from 2013–2019 as dean of the faculty of Theology & Religion at the University of the Free State. He authored numerous articles in academic journals both locally and abroad. He is known for his research on especially the Book of the Twelve that resulted inter alia in a commentary of the book of Malachi (2015) and on the books of Nahum, Habakkuk and Zephaniah (2020).

## ABSTRACT

*YHWH – King, Warrior (and Shepherd) in Zephaniah 3:14-20*

*The problem addressed in this contribution is the question concerning the theological message of Zephaniah 3:14-20. Ultimately, the main reason for reading the Bible whether by lay people or professional theologians and pastors, is to determine a theological message of a passage, a chapter and even a book in the Bible. The methodological approach followed to answer this problem statement is to focus on the metaphors used to describe YHWH. Zephaniah is a book known for its use of metaphors in a productive and innovative way. To determine the theological intent of this passage via an investigation into the metaphors used in terms of YHWH seems*

### Datums:

Ontvang: 2023-03-13

Goedgekeur: 2023-08-30

Gepubliseer: September 2023

*to be an appropriate way to arrive at valid answers to the question posed. The passage of Zephaniah 3:14-20 can be divided into two parts, verses 14-17 and 18-20 respectively. Verses 14-17 make use of two metaphors, YHWH as king and YHWH as warrior. In verses 18-20 the metaphor used is that of YHWH as shepherd. The metaphors occur within a literary text and consequently attention has to be paid to the literary structure of the passage. In both parts of the passage (verses 14-17; 18-20) the literary device of chiasm is used. The historical situation of the passage is also investigated, and it has been established that the closing verses of the book of Zephaniah most probably represent an editorial addition sometime during the Babylonian exile. The metaphor of king denotes the idea of YHWH as the One who is concerned about the rights of the powerless and to rescue them from oppressors. The metaphor of YHWH as warrior is related to the metaphor of king and conveys the idea of YHWH as a mighty saviour, present in the midst of his people to accomplish the salvation of his people. The third metaphor used is that of YHWH as shepherd. The metaphor of shepherd is also closely related to the metaphor of king. Kings are often seen as shepherds to their people. YHWH as shepherd is the One who cares for his people, feed them and guard them against possible enemies. In this passage YHWH shepherding his people will ultimately lead to their restoration as a people. The restoration will consist of rescuing the lame and the gathering of those who have been exiled. It is promised to them that they will once again receive honour and praise among the other nations of the earth. The people are addressed as “daughter of Zion” and “daughter of Jerusalem” emphasising weakness and vulnerability, in contrast to the metaphors of king, warrior and shepherd suggesting the might of JHWH and his ability to rescue his people. Finally, some guidelines are provided to aid preachers to deliver a sermon based on this passage. It is suggested that YHWH is presented to the people as king, warrior, and shepherd. In response to this message people are called upon in four imperatives to sing, shout, rejoice and be hopeful even in spite of the dire situation of the exile. They are also encouraged not to fear and not to “let their hands hang limp” meaning that they should act in a brave way. Current times demand that believers keep focusing on JHWH as king, hero, and shepherd. Consequently, they will adhere to the call to sing and rejoice irrespective of the difficult times believers have to endure. When God is confessed as king there is also no need to fear earthly rulers. Finally, in a time where there is a danger of losing courage and will power, believers are urged to live courageously despite the circumstances because JHWH is in their midst and He assures them of his love.*

**KEYWORDS:** metaphor; literary structure; chiasm; king; warrior; shepherd; beliefs about God; prophecy of salvation; theological interpretation; preaching

**TREFWOORDE:** metafoor; literêre opbou; chiasme; koning; kryger; herder; Gods-beskouings; heilsprofesie; teologiese interpretasie; prediking

### **OPSOMMING**

Die probleem wat aan die orde gestel word, is die vraag na die teologiese seggingskrag van Sefanja 3:14-20. Om die vraagstelling te beantwoord word daar gefokus op die metafore waarmee JHWH beskryf word. In verse 14-17 word die metafore van koning en kryger in terme van JHWH gebruik, terwyl verse 18-20 die herder-metafoor suggereer. Metafore word gebruik binne 'n literêre konteks en daarom word daar aandag gegee aan die literêre opbou van die teks of perikoop. Noodsaaklikerwys word die teks dan ook binne 'n historiese raamwerk geplaas om verder lig te werp op die betekenis van die teks. Hierdie proses stel die eksegeet in staat om 'n teologiese interpretasie van die teks te konstrueer. Die literêre opbou van die

gedeelte toon die prominente voorkoms van chiasme as literêre tegniek aan. Die perikoop word beskou as 'n slottoevoeging tot die boek Sefanja. Dit is waarskynlik tydens die Babiloniese ballingskap bygevoeg. Die koning-metafoor dui op JHWH as die Een wat die magteloses onder die volk se regte handhaaf, die kinders van behoeftiges verlos en onderdrukkers verpletter. Met JHWH as kryger word JHWH geteken as die teenwoordige God wat veral reddend optree ten behoeve van die volk. Die herder-metafoor kommunikeer die idee van JHWH as die Een wat versorgend, bewarend, voedend, beskermend teenoor sy volk optree wat kwesbaar, afhanklik en van hulp afhanklik is. Ten slotte word riglyne vir die prediking van die gedeelte voorgestel.

## 1. Inleiding, probleemstelling en metodologiese opmerkings

Lesers van die Bybel in die algemeen, en predikante, teoloë en Bybelwetenskaplikes in die besonder, lees die Bybel met die oog op 'n beter verstaan daarvan. Kortom, uiteindelik is dit die teologiese betekenis of boodskap van 'n teks, perikoop, hoofstuk en selfs 'n Bybelboek as geheel wat gepeil moet word. Om Bybeltekste te verstaan word 'n al groter uitdaging namate die historiese en sosio-kulturele afstand tussen huidige lesers van die Bybel en die teks van die Bybel self, groter en groter word. Strawn (2017) toon aan dat die Ou Testament 'n vreemde en onverstaanbare boek geword het. In 'n resente publikasie (Kerk-Net, 6 Maart 2023) word die volgende standpunt gestel: "Uit onderzoek blijkt dat heel wat mensen die de Bijbel lezen, het moeilijk vinden om de tekst te verbinden met de eigen tijd". Die resultate van hierdie ondersoek wat onder Rooms-Katolieke Bybellesers in Europa gedoen is, geld waarskynlik ook vir Bybellesers in Suid-Afrika. Selfs net 'n ietwat meer noukeurige lees van 'n teks uit die Bybel lewer probleme op wat die aanvanklike naïewe interpretasie en toepassing van die teks bevraagteken.

Die laaste perikoop in die boek Sefanja (Sef 3:14-20) is geen uitsondering wat die problematiese aard van tekste uit die Bybel betref nie. Die vertaling van vers 17 is 'n voorbeeld van die problematiek verbonde aan die perikoop. 'n Vergelyking tussen die 1933/53-, 1983- en 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans wys die problematiek van die perikoop duidelik uit. Volgens die 1933/53-vertaling word die een versreël vertaal met "Hy swyg in sy liefde". Die 1983-vertaling lees "Hy is stil-tevrede in sy liefde" terwyl die 2020-vertaling die versreël vertaal met "Hy maak jou stil met sy liefde". Volgens die 1933/53-vertaling is JHWH stil (swygend) in sy liefde. Volgens die 1983-vertaling is dit ook JHWH wat stil is in sy liefde vir sy volk, maar volgens die 2020-vertaling is dit Israel as volk van die Here wat stil gemaak is met die liefde van JHWH. Die probleem word gekompliseer deur Engelse vertalings met mekaar te vergelyk. Die bekende New International Version (NIV) vertaal die teks as "He will quiet you with his love" terwyl die ewe bekende New Revised Standard Version (NRSV) die versreël vertaal as "he will renew you in his love". Die ooglopende verskille in die vertaling vra na opklaring. Die laaste versreël van vers 17 sê dat JHWH sal jubel/juig oor sy volk. Wat moet verstaan word met die uitdrukking is problematies, aangesien dit gewoonlik mense is wat opgeroep word om oor JHWH te jubel en te juig terwyl dit hier handel oor JHWH wat jubel/juig oor sy volk. Vers 18 stel ook groot uitdagings aan die eksegeet van die gedeelte. Soos later aangetoon word, beskou heelwat uitleggers die teks as haas onverstaanbaar.

Om die vraag na die teologiese seggingskrag van die gedeelte te peil, word daar in die ondersoek gefokus op die beelde of metafore waarmee JHWH beskryf word. JHWH word in verse 14-17 beskryf as Koning en Kryger (held). Hoe moet die metafore vir JHWH verstaan

word? Word daar in die daaropvolgende verse (18-20) 'n skuif gemaak na 'n ander metafoor as beskrywing van JHWH? Hierdie vrae illustreer die probleme wat die teks oproep in die soeke na 'n beter verstaan van die teks.

Om die teologiese betekenis van die perikoop enigszins te peil, word daar in die ondersoek gefokus op hoe JHWH beskryf word. Dat daar spesifiek op JHWH gefokus word, word doelbewus gedoen. Alreeds in 2001 het Schneiders (2001:71) die opmerking gemaak dat die belangrike vraag in die 21ste eeu, die vraag na God gaan wees. JHWH word met twee prominente metafore beskryf in verse 14-17 terwyl daar in verse 18-20 'n verdere metafoor vir JHWH gebruik word. Nel (2006:20) toon aan hoedat Sefanja veral die stylfiguur van metafoor en vergelyking produktief ontgin. Dit is dus gepas om die metafore wat vir JHWH gebruik word in die gedeelte van naderby te ondersoek. JHWH is beide koning (vers 15) en kryger (vers 17). Beide hierdie metafore is vir hedendaagse lesers problematies. Die idee van 'n koning ('n monargie) wat regeer, is vreemd in hedendaagse demokrasieë. Koningshuise het vandag hoogstens simboliese betekenis wat ver verwyderd is van die absolute heersersrol wat konings in die Ou Nabye Ooste gespeel het in Ou Testamentiese tye. Die metafoor van JHWH as 'n held (volgens die Afrikaanse vertalings van die teks) of kryger is selfs nog vreemder. JHWH as kryger roep 'n beeld op van 'n God wat met geweld sy mag uitoefen.

Dempsey (2021:96) maak die opmerking dat metafore wat in die profetiese literatuur van die Ou Testament vir God gebruik word, nie geskei kan word van die globale wêreld waarin lesers van die Bybel leef nie. Die wêreld waarin profetiese en ander tekste in die Bybel gelees word moet ook in ag geneem word wanneer tekste uitgelê en metafore geïnterpreteer word. Wanneer dit wat die perikoop via metafore oor JHWH sê, gepeil is, sal die teologiese seggingskrag van die teks hopelik duideliker word. Watter betekenis sou die teologiese seggingskrag van metafore in die profetiese literatuur hê vir huidige lesers van die profetiese literatuur, is 'n verdere vraag wat ook aangespreek word. Metodologies word die teks dus literêr gelees met 'n fokus op die interpretasie van die metafore wat vir JHWH gebruik word.

Taal skep werklikheid en metafore in besonder is 'n sentrale aspek van die manier waarop Israel oor God praat (Brueggemann, 1997:70). Eintlik kan daar nie anders oor God gepraat word as met gebruikmaking van metafore nie. Konsepte oor God lê ingebed in metafore in die Boek van die Twaalf (Nogalski, 2021:109). Trouens, metafore bepaal mense se verhouding met God (Dempsey, 2021:87). Die verskeidenheid van metafore in terme waarvan oor God gepraat word, beklemtoon die rykdom, diversiteit en verskeidenheid van maniere waarop en waardeur JHWH bekend gemaak word. Metafore skep op 'n kreatiewe manier verband tussen die konkrete en abstrakte konsepte sodat die abstrakte konsepte beter verstaanbaar word. Dit is by uitnemendheid van toepassing op 'n versameling godsdienstige geskifte soos die Ou Testament/Hebreeuse Bybel. Wanneer God beskryf word as herder, vader, skepper, verlosser, regter, rots, lig ensovoorts word die onkenbare God, via konkrete sake meer verstaanbaar, kenbaar en toeganklik. Taal tipies aan en behorende tot die mens en sy/haar omgewing word gebruik en toegepas op God (Brettler, 1989). Vir Wren (1988:300-302) is metafore in terme van God geopenbaarde misterie en op dié manier beïnvloed dit mense se denke oor en verstaan van God. Metafore wat gebruik word, word gebruik binne 'n literêre konteks en daarom word daar aandag gegee aan die literêre opbou van die teks of perikoop. Noodsaaklikerwys word die teks dan ook binne 'n historiese raamwerk geplaas om verder lig te werp op die betekenis van die teks. Hierdie proses stel die eksegeet in staat om 'n teologiese interpretasie van die teks te konstrueer. Ten slotte word daar ook enkele homiletiese riglyne gegee vir diegene wat daaruit wil preek.

## 2. Teks en vertaling van Sefanja 3:14-20

|  |  |    |
|--|--|----|
|  | רְנִי בַת־צִיּוֹן הָרִיעִי יִשְׂרָאֵל שְׂמְחִי וְעֲלִזִי בְּכָל־לֵב בַּת יְרוּשָׁלַם:  | 14 |
|  | הַסִּיר יְהוָה מִשְׁפָּטֶיךָ כִּנְהָ אֵיבֹךָ מִלֶּדְּ יִשְׂרָאֵל יְהוָה בְּקִרְבֶּךָ לֹא־תִירָאֵי רַע עוֹד:  | 15 |
|  | בַּיּוֹם הַהוּא יֹאמֶר לִירוּשָׁלַם אֶל־תִּירָאֵי צִיּוֹן אֶל־יִרְפוּ יָדֶיךָ:   | 16 |
|  | יְהוָה אֱלֹהֶיךָ בְּקִרְבֶּךָ גָּבוֹר יוֹשִׁיעַ יִשִׁיעַ עֲלֶיךָ בְּשִׂמְחָה יִתְרִישׁ בְּאַהֲבָתוֹ יְגִיל עֲלֶיךָ בְּרָנָה:   | 17 |
|  | נִוְגֵי מְמוּעָד אֶסְכַּתִּי מִמֶּךָ הִיוּ מִשְׂאֵת עָלְיָהּ חֲרָפָה:  | 18 |
|  | הִנְנִי עוֹשֶׂה אֶת־כָּל־מַעֲשֶׂיךָ בְּעֵת הַהִיא וְהוֹשַׁעְתִּי אֶת־הַצֹּלְעָה וְהַנְדָּהָה אֶקְבֹּץ וְשִׂמְתִּים לְתַהֲלָה וּלְשֵׁם בְּכָל־הָאָרֶץ בְּשֵׂמֶם:                  | 19 |
|  | בְּעֵת הַהִיא אָבִיא אֶתְכֶם וּבְעֵת קִבְצִי אֶתְכֶם כִּי־אַתֶּם לְאֵתוֹן אֶתְכֶם לְשֵׁם וּלְתַהֲלָה בְּכָל עַמִּי הָאָרֶץ בְּשׂוֹבֵי אֶת־שְׁבוּתֵיכֶם לְעִינֵיכֶם אֹמֵר יְהוָה: | 20 |

### 2.1 1933/53- Afrikaanse vertaling

14 Jubel, o dogter van Sion, juig, o Israel! Verheug jou en jubel van ganser harte, o dogter van Jerusalem!

15 Die HERE het jou oordele opgehef, jou vyand weggeveeg; die koning van Israel, die HERE is by jou, jy sal geen kwaad meer vrees nie.

16 In dié dag sal aan Jerusalem gesê word: Vrees nie, o Sion, laat jou hande nie slap hang nie!

17 Die HERE jou God is by jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.

18 Die wat bedroef is, ver van die fees, versamel Ek; hulle hoort by jou, die smaad druk swaar op hulle.

19 Kyk, in dié tyd sal Ek met al jou verdrukkers handel; en die wat kreupel is, sal Ek red; en die wat verjaag is, versamel; en Ek sal hulle maak tot 'n lof en tot 'n roem wie se skande oor die hele aarde was.

20 In dié tyd sal Ek julle aanbring, ja, in die tyd wanneer Ek julle versamel; want Ek maak julle tot 'n roem en tot 'n lof onder al die volke van die aarde, wanneer Ek voor julle oë julle lot verander, sê die HERE.

### 2.2 1983- Afrikaanse vertaling

14 Sing, Sion! Juig, Israel!

Wees met alles wat jy is, vrolik en bly, Jerusalem!

15 Die Here het 'n einde gemaak aan jou straf,

Hy het jou vyande laat padgee.

Die Koning van Israel, die Here is by jou;

Jy hoef geen ramp meer te vrees nie.

16 Daardie dag sal daar vir Jerusalem gesê word:

Moenie bang wees nie, Sion,

Moenie jou hande moedeloos laat hang nie!

17 Die Here jou God is by jou,

Hy, die krygsman wat red.

Hy is vol vreugde oor jou,

Hy is stil-tevrede in sy liefde.  
Hy jubel en juig oor jou.

18 Ek maak dié bymekaar wat treur,  
ver van die feestelikheid af,  
dié wat uit jou uit kom  
en ter wille van jou die smaad gedra het.  
19 Ek gaan nou optree teen almal wat jou verdruk het,  
Ek gaan die kreupeles help,  
Die verstrooides bymekaarmaak  
en die vernedering wat hulle moes ondergaan,  
in eer verander,  
in roem oor die hele aarde.  
20 Wanneer die tyd daar is,  
laat Ek julle kom,  
maak Ek julle bymekaar  
en gee aan julle roem en eer  
onder al die volke op aarde;  
dit is die tyd wanneer Ek julle lot verander,  
julle sal dit met julle eie oë sien,  
sê die Here.

### 2.3 2020- Afrikaanse vertaling

14 Jubel van vreugde,  
dogter van Sion,  
roep dit uit, Israel!  
Verbly en verheug jou  
met jou hele hart,  
dogter van Jerusalem!  
15 Die Here het die oordele oor jou afgewend,  
jou vyande uit die weg geruim.  
Die Koning van Israel, die HERE, is in jou midde;  
Jy sal geen onheil meer vrees nie.  
16 Op daardie dag sal vir Jerusalem gesê word:  
“Moenie vrees nie, Sion;  
Moenie dat jou moed jou begewe nie.  
17 Die HERE jou God is in jou midde, ’n held wat verlos.  
Hy verheug Hom met blydschap oor jou,  
Hy maak jou stil met sy liefde.  
Hy sal oor jou juig met jubelkrete”.

18 “Die getreur by die fees sal Ek van jou wegneem,  
dit is ’n las op jou, ’n skande.  
19 Kyk, Ek sal dan afreken  
Met almal wat jou in daardie tyd verdruk het.  
Ek sal die verlamdes verlos,

en hulle wat uitmekaar gejaag is, bymekaar maak.  
 Ek sal hulle roem en aansien gee  
 in elke land waar hulle verneder is.  
 20 In daardie tyd sal Ek julle laat kom,  
 terselfdertyd sal ek julle bymekaarmaak.  
 Ja, Ek sal vir julle onder al die nasies op aarde aansien en roem gee  
 wanneer Ek julle lot voor julle oë verander”, sê die HERE.

### 3. Die literêre opbou en historiese situasie van Sefanja 3:14-20

#### 3.1 Die makro-struktuur van die boek Sefanja

Geleerdes verdeel gewoonlik die boek hoofsaaklik in die volgende dele: Naas die opskrif van die boek in Sefanja 1:1 volg Sefanja 1:2-2:3 wat bestaan uit oordeelsuitsprake wat universele implikasies het (1:2-3) maar wat dan fokus op uitsprake teen Juda en Jerusalem (1:4-2:3), Sefanja 2:4-15 wat oordeelsuitsprake bevat teen ander nasies en stede soos Gasa, Askalon, Asdod, Ekron, Kretense, Moab, Ammon en Assirië. Die derde deel bestaan uit Sefanja 3:1-8 met nog ’n oordeel oor Jerusalem gevolg deur die slot van die boek (3:9-20) wat die herstel van die nasies en Juda verkondig (Quine, 2021:500). Sefanja 3:9-20 kan verder verdeel word in 3:9-13 en 3:14-20 (Snyman, 2020:101; Renz, 2021:431).

#### 3.2 Die literêre opbou van Sefanja 3:14-20

Sefanja 3:14-20 vorm die laaste perikoop van die boek. Sefanja 3:14 open met ’n reeks van imperatiewe (jubel, roep uit, verbly, verheug) wat die gedeelte onderskei van die voorafgaande perikoop (3:9-13). Die perikoop kan verdeel word in twee kleiner eenhede wat bestaan uit Sef. 3:14-17 en 3:18-20. Die onderskeid tussen 3:14-17 en 3:18-20 lê in die feit dat verse 14-17 ’n uitspraak van die profeet bevat wat handel oor dit wat JHWH (gaan) doen terwyl in 3:18-20 JHWH self aan die woord (vgl. die eerste persoon enkelvoudsvorme) is met ’n heilstoesegging en wat afgesluit word met “sê die HERE” in vers 20. Die opvallende verskil in woordeskat tussen die twee gedeeltes bevestig die onderskeid tussen 3:14-17 en 3:18-20 verder.

Tekskrities is dit veral vers 17 wat ’n *crux interpretum* is. Soos reeds in die inleiding genoem, is dit ’n vraag hoe die frase “Hy sal stil wees in sy liefde” (letterlik vertaal) verstaan moet word. Die bedoeling is waarskynlik dat JHWH sal stil wees oor die oortredings van die volk juis op grond van sy liefde vir die volk. Terwyl JHWH dus stil is betreffende sy oordeel oor die volk op grond van sy liefde vir die volk, juig Hy saam met sy volk. Geleerdes (Clark & Hatton, 1989:200) het uitgewys dat die uitdrukking dat JHWH stil sal wees in spanning verkeer met die uitsprake dat JHWH soos die volk sal jubel en juig. Verder is dit ook nie duidelik wat bedoel word as die frase vertaal word met “Hy sal stil wees in sy liefde” nie. Inderdaad lees die Septuagint en die Peshitta hier anders dat JHWH “sal hernu in sy liefde” met die bedoeling dat Hy die verhouding met sy volk sal hernu deur sy liefde. Hierdie alternatiewe lesing berus daarop dat ’n ander werkwoord gebruik sou word (שׁוּב) in plaas van die Masoretiese Teks se lesing (שׁוּב). Die argument is dat die Hebreeuse letters ‘dalet’ (ד) en ‘resh’ (ר) baie na mekaar lyk en dat die lesing van die Masoretiese Teks aan ’n skryffout toegeskryf kan word (Ben-Zvi, 1991:249-250; Dietrich, 2016:240; Renz, 2021:622). Die gedagte van ’n hernude verhouding met die volk, wys ook in die rigting van ’n eksiliese

datering van die perikoop omdat die oordeel van die ballingskap nou iets van die verlede is en daar 'n nuwe verhouding tussen JHWH en sy volk begin. Beide die lesings het meriete en dit is moeilik om 'n finale keuse te maak tussen die twee. Die konteks van 'n oproep tot jubeling van JHWH wil die skaal aan die een kant laat kantel in die rigting van die lesing van die Septuagint en die Peshitta. Tegelykertyd moet opgemerk word dat die alternatiewe lesing berus op 'n konjunktuur gemaak op grond van twee vertalings van die Hebreeuse teks. In die lig van hierdie tekskritiese argument word 'n versigtige voorkeur uitgespreek om die moeiliker lesing van die die Masoretiese Teks te behou. In sy liefde hernu JHWH sy verhouding met sy volk. Parallel hiermee juig JHWH met blydschap en jubelkrete.

Die eerste deel van die perikoop (3:14-17) vertoon 'n interessante en kunstige opbou. Daar is kommentare wat weinig of geen belangstelling toon in die spesifieke opbou van 3:14-17 nie (Van der Woude, 1978:135-139; Szeles, 1987:110-113; House, 1988:60-61; Clark & Hatton, 1989:196-200; Roberts, 1991:219-223; Vlaardingerbroek, 1993:200-211; Kirkpatrick, 1993:146; Floyd, 2000:243; Udoekpo, 2010:161-165). Dit was die resultate van Ball (1972) se ondersoek wat die aandag gevestig het op die opbou van 3:14-17 as 'n afsonderlike gedeelte onafhanklik en los van die daaropvolgende verse 18-20. Volgens Ball (1972:270) vertoon 3:14-17 'n kombinasie van beide parallelisme en chiasme. Volgens Ball (1972:263) moet 3:14-17 verdeel word in twee kolomme. Kolom I bevat verse 14-15 en Kolom II bevat verse 16-17. Elk van die twee kolomme kan dan weer verdeel word in twee gedeeltes: Kolom I bestaande uit vers 14 (A) en vers 15 (B) met Kolom II bestaande uit vers 16 (A') en vers 17 (B'). So gesien vorm die gedeelte 'n onmiskenbare parallelisme. Tegelykertyd is daar ook 'n drievoudige "motief chiasme" (Ball, 1972:270 se term) te bespeur: die aktiwiteit van JHWH in vers 15ab (A), die titel van JHWH in vers 15c (B), die teenwoordigheid van JHWH in vers 15d (C) en die respons van die volk in vers 15e (D). In verse 16-17 word die volgorde presies omgekeer om dan 'n chiasme te vorm: die respons van die volk in vers 16 (D), die teenwoordigheid van JHWH in vers 17a (C), die titel van JHWH in vers 17b (B) en die aktiwiteit van JHWH in die res van vers 17 (A).

Motyer (1998:956) het ook 'n chiasiese struktuur in verse 14-17 opgemerk: (A) Die vreugde van Sion oor JHWH (vers 14); (B) JHWH tree op ten behoewe van sy volk (vers 15a); (C) die Koning JHWH is by jou (vers 15b); (D) Vrees nie, Sion (vers 15c-16); (C') JHWH is by jou (vers 17a); (B') JHWH red sy volk (vers 17b); (A') JHWH se blydschap oor sy volk (vers 17c).

Nogalski (2011:748) merk 'n chiasiese opbou in verse 14-17 op: (A) Sing Sion (verse 14-15a); (B) Die Koning JHWH is by jou (vers 3:15b); (C) Vrees nie (3:15c); (C') Vrees nie Sion (vers 3:16); (B') JHWH die Kryger is by jou (vers 17a); (A') JHWH is bly oor jou (3:17b).

Dietrich (2016:241-242) het ook 'n linguistiese chiasme opgemerk in verse 14-17: (A) Sing (vers 14a), (B) Juig (vers 14b), (C) in jou midde (vers 15ba), (D) Vrees nie (vers 15bb), (D') Vrees nie (vers 16), (C') in jou midde (vers 17a), (B') Met vreugde (vers 17ba), (A') met gejubel (vers 17bb).

Renz (2021:627) het wat hy noem "'n palistofiese hergebruik van sleutelwoorde opgemerk wat neerkom op 'n chiasiese opbou van verse 14-17: "Laat klink" in vers 14a (A), "wees bly" in vers 14b (B), "in jou midde" in vers 15a (C), "vrees nie" in vers 15b (D), "vrees nie" in vers 16a (D), "in jou midde" in vers 17a (C), "met blydschap" in vers 17b (B) en "laat weerklink" in vers 17c (A).

Die voorstel wat hier gemaak word (anders as die resultate van vorige ondersoekte hier bo vermeld) is dat verse 14-17 'n dubbele chiasme vorm. Dit is opmerklik dat vers 14 begin met 'n oproep aan Sion/Jerusalem om te sing (שִׁיר). Die eerste woord van die perikoop is dan

ook die laaste woord in vers 17 maar hierdie keer is dit JHWH wat sal sing (בְּרָנָה). So gesien, vorm verse 14-17 'n afgeronde eenheid wat onderskei moet word van die daaropvolgende verse 18-20. Vers 14 roep Sion/Israel ook op om haar te verheug (שִׂמְחָה) terwyl vers 17 dieselfde werkwoord (בְּשִׂמְחָה) gebruik maar hier word dit in terme van JHWH gebruik as die een wat Hom moet verheug. So gelees, word 'n chiasme gevorm: (A) Sing Sion/Jerusalem (רָנֵי), (B) Verheug jou Sion/Jerusalem (שִׂמְחָה), (B<sup>1</sup>) JHWH moet Hom verheug (בְּשִׂמְחָה), (A<sup>1</sup>) JHWH moet sing (בְּרָנָה). Daar is ook 'n tweede chiasme in verse 14-17: (A) JHWH is in die midde van Israel (יהוה בְּקִרְבָּךְ) (vers 15), (B) Israel sal geen onheil meer vrees nie (לֹא-תִירָאֵי רַע עוֹד) (vers 15), (B<sup>1</sup>) Vrees nie, Sion (אַל-תִּירָאֵי צִיּוֹן) (vers 16), (A<sup>1</sup>) JHWH, jou God, is in jou midde van (יהוה אֶלְתֵּיכֶם בְּקִרְבָּךְ) (vers 17). Die chiasiese opbou van die gedeelte word verder versterk deur te let op die volgorde waarin Sion en Jerusalem voorkom: Sion (vers 14), Jerusalem (vers 14), Jerusalem (vers 16), Sion (vers 16) en wat dus ook 'n AB-BA-patroon volg. Dit is opvallend dat die twee prominente metafore van koning en kryger vir JHWH deel is van die tweede chiasme. JHWH is teenwoordig by sy volk as die Koning van Israel en Hy is tegelykertyd teenwoordig by sy volk as die Kryger wat red. Die komplekse en kunstige chiasiese struktuur is 'n belangrike oorweging ten gunste van die verdeling van verse 14-17 en verse 18-20 in twee afsonderlike eenhede.

Vers 18-20 vorm 'n sub-eenheid wat duidelik te onderskei is van verse 14-17 soos reeds hier bo aangetoon. Inhoudelik handel verse 14-17 meer oor JHWH se optrede teenoor sy volk en die interne gevolge van sy optrede. Verse 18-20 het 'n wyer blik. Hier word JHWH se optrede teenoor sy volk uitgespel. Hulle roem en eer gaan oor die hele aarde (vers 19) herstel word, en dit sal onder al die volke van die aarde bekend (vers 20) word. Vers 18 is 'n moeilike vers om sinvol te vertaal (House, 1988:133; Ben-Zvi, 1991:252; Mendecki, 1991:27; Motyer, 1998:960; Hadjiev, 2012:416-420; Snyman, 2020:137; Renz, 2021:635). Nel (2006:84) maak byvoorbeeld die opmerking dat die “vers feitlik onverstaanbaar is en in geen manuskrip of vertaling word dieselfde lesing aangetref nie”. Die algemene gedagtegang van die vers is dat daar nie plek is vir treur by 'n geleentheid waar daar fees gevier word nie. In die lig van die hernude en herstelde verhouding met JHWH is daar nou rede vir feestelike eerder as vir treur. Motyer (1998:961) het 'n chiasiese opbou in vers 19 opgemerk: (A) geen onderdrukkers meer nie (vers 19ab); (B) die persoonlik hulpeloses gered (vers 19c); (B<sup>1</sup>) die persoonlik verworpenes bymekaar gemaak (vers 19d); (A<sup>1</sup>) geen skaamte meer nie, slegs universele lof (vers 19cf). Vers 19 kan ook gesien word as 'n dubbele chiasme. Aan die een kant is vers 19 as 'n antitetiese chiasme gestruktureer: (A) JHWH gaan optree teen onderdrukkers; (B) verlamdes gaan verlos word; (B<sup>1</sup>) verstrooides gaan bymekaar gemaak word; (A<sup>1</sup>) die wat verneder is, sal lof en aansien geniet.

Die rolle word dus omgekeer: JHWH gaan optree teen die wat die volk onderdruk het, terwyl die volk tot 'n eer en roem herstel gaan word. Teenoor 'n ervaring van verdrukking staan die lof en roem wat vir die volk voorlê. Vers 19c vorm ook 'n chiasme: (A) Ek gaan verlos (B) die verlamdes (B<sup>1</sup>) en die wat uitmekaar gejaag is (A<sup>1</sup>) gaan Ek bymekaar maak. Die uitdrukking “aansien en roem” (לְתִהְיֶה וּלְשֵׁם) is ook in 'n ABBA-patroon gestruktureer in verse 19 en 20.

Vers 20 is tot 'n groot mate 'n herhaling en dus bevestiging wat in vers 19 reeds gesê is. Die herhaling kan gesien word in die bykans woordelike herhaling van frases wat in vers 19 gebruik word en dan weer in vers 20 herhaal word: “in daardie tyd” (בְּצֵאת הַיּוֹם); bymekaar maak (אָבְקַבְצִי); lof en roem (לְתִהְיֶה וּלְשֵׁם); “hele aarde” (בְּכָל-הָאָרֶץ). Verse 19-20 bind dus nouer met mekaar as met vers 18.

#### 4. Die historiese situasie van Sefanja 3:14-20

Volgens Sefanja 1:1 bevat die boek “die woord van die HERE aan Sefanja” gedurende die tyd van “Josia, seun van Amon, koning van Juda”. Dit plaas die historiese konteks van die boek ongeveer in jare 639–609vC (II Konings 22-23; II Kronieke 34:1-35:19). Daar is egter goeie rede om die slot van Sefanja in 3:14-20 te beskou as twee (3:14-17; 18-20) redaksionele byvoegings tot die boek wat in die tyd van die Babiloniese ballingskap (587–539vC) gemaak is (Mendecki, 1991:27-32; Werse, 2018:580). Die beklemtoning van JHWH as koning sonder enige verwysing na die Dawidiese koningshuis dui op ’n tyd toe die Dawidiese koningshuis tot ’n einde gekom het wat inderdaad gebeur het met die val van Jerusalem en die tempel gedurende die jare rondom 587vC. Die ballingskap is gesien as JHWH se straf op die volk se sonde maar “die HERE het die oordele oor jou afgewend” (vers 15). Die volk “wat uitmekaar gejaag is” (vers 19) met die ballingskap sal die HERE weer “bymeekaar maak” (vers 19). Vers 20 stel dit selfs nog duideliker: “In daardie tyd sal Ek julle laat kom, terselfdertyd sal Ek julle bymekaar maak”. Die ballingskap gaan dus tot ’n einde kom en die volk kan weet dat hulle klaar gestraf is vir die oortreding wat hulle begaan het. Die woorde van die gedeelte pas dus goed in die konteks van die Babiloniese ballingskap. Al is die tempel (die simbool van JHWH se teenwoordigheid) verwoes, is en bly JHWH tog in hulle midde en is Hy dus nog steeds teenwoordig. Al het die Dawidiese koningshuis tot ’n einde gekom, is JHWH die Koning van sy volk. Al is die volk in ballingskap sal JHWH soos ’n herder sy verstrooide volk weer bymekaarmaak en hulle aansien en roem onder die nasies herstel (vers 20). Dit is interessant dat Brueggemann (1997:260) die opmerking maak dat die herder-metafoor juis en veral prominent in die tyd van die ballingskap voorkom.

#### 5. Metafore vir JHWH in Sefanja 3:14-20

##### 5.1 *JHWH is Koning*

Metafore bring eienskappe van een domein in verband met ’n ander domein. In die geval word die domein van ’n koning in die Israelitiese/Judese samelewing in verband met God gebring. Vir Brueggemann (1997:238) is die metafoor van koning ’n manier om van JHWH se werk te getuig. Hy het die skepping so georden dat dit ’n leefbare en betroubare plek vir alle lewendes is. Die metafoor van JHWH as koning het, aldus Brueggemann (1997:239-240), veral twee funksies gehad. Eerstens het die koningskap van JHWH alle ander vorme van regering gedeeltematig en selfs gedelegitimeer. Nie die farao van Egipte of Nebukadneser van Babilonië het absolute koninklike mag nie. Tweedens het JHWH se koningskap te doen met JHWH se ruimhartige en empatiese versorging van diegene wat in nood is soos weduwees, weeskinders en vreemdelinge (Deut 10:18). Dit is insiggewend dat die twee vereistes vir ’n Israelitiese koning wat in Deuteronomium 17:14-20 gegee word, nie fokus op die heersersfunksie van die koning nie, maar eerder op sy gehoorsaamheid aan die Torah van JHWH. Psalm 72 wat as ’n gebed vir ’n koning gelees kan word, is ook ’n relevante verwysingspunt. Die koning is die een wat met geregtigheid oordeel (Ps 72:2). JHWH se koningskap het ook te doen met die herstel van die individuele Israeliet en die volk as geheel. Volgens Psalm 72:3 is JHWH die Een wat die magteloses onder die volk se regte handhaaf, die kinders van behoeftiges verlos, en onderdrukkers verpletter. God is vir sy volk wat ’n koning in Israel/Juda moet wees. Dit is vir Juda goed en voordelig om JHWH as koning te hê. As die koning wat teenwoordig is, is JHWH die Een wat sekerheid, vrede, vrugbaarheid en veiligheid van vyande waarborg (Moore, 2009:147). Kortom, JHWH as koning is daar tot die voordeel van die volk.

Gegee die konteks van 'n oproep om te jubel, die oordeel wat nie meer geld nie, met vyande wat nie meer 'n bedreiging is nie, en die versekering van JHWH se teenwoordigheid, is die gedeelte 'n viering van JHWH se koningskap. Die metafoor van JHWH se koningskap is die dominante metafoor en nie die een van regter of bruidegom soos wat Szeles (1987:111-112) beweer nie. Soos reeds hier bo aangetoon, is deel van die koning se verpligting die verantwoordelikheid om reg te laat geskied aan die weerloses in die gemeenskap. Die ballingskap was 'n periode van weerloosheid vir die volk en daarom is die aanwending van die metafoor van die koning gepas.

### 5.2 *JHWH is kryger*

JHWH as kryger staan in verband met die metafoor van JHWH as koning soos wat die chiasiese konstruksies dit ook aantoon. JHWH word in Eksodus 15:3 beskryf as 'n kryger wat die Egiptiese farao beslissend oorwin het. JHWH as kryger tree dus op in 'n gewelddadige konflik met die doel om 'n toekoms vir sy volk Israel te bewerk waar hulle vry van enige vorm van onderdrukking 'n ruimte kan hê in die vorm van die land om in te lewe (Brueggemann, 1997:242). Die militêre en selfs gewelddadige agtergrond van die metafoor kan nie ontken word nie.

Die woord גִּבּוֹר (gibbor) word hier weergegee as 'kryger' (of krygsman volgens die 1983-Afrikaanse vertaling, maar dit kan ook verstaan word as 'n besondere sterk of magtige persoon (Vlaaderingenbroek, 1993:207) en daarom selfs 'held' (2020- Afrikaanse vertaling). Hier in vers 19 is JHWH as kryger/held die een wat magtig is om te red. Om te red is ietwat verwyderd van 'n militêre agtergrond wat die metafoor van kryger oproep. Ben-Zvi (1991:248) merk in dié verband dat גִּבּוֹר (gibbor) hier verstaan moet word as 'n held wat red. Die klem val dus op die redding wat gebeur as gevolg van die mag van JHWH wat soos 'n krygsheld optree met die bedoeling om die volk te red van vyande. JHWH het vroeër in die boek (1:14) soos 'n krygsman teen Jerusalem opgetree, maar nou tree Hy as die teenwoordige God, reddend op ten behoeve van die volk. Brueggemann (1997:244) merk op dat JHWH se uitoefening van mag as 'n kryger/held daarop gemik is om die wat magtelos is te verdedig en om lewe aan hulle te gee. Ook op ander plekke in die Ou Testament (Jes 42:13; Jer 20:11) tree JHWH as kryger/held op met die bedoeling om die volk in nood te help. JHWH is die magtige God wat sy volk red en herstel (Udoekpo, 2010:180). Dit word gedoen met die gebruikmaking van die metafoor van JHWH as kryger/held. Soos in die geval van die koning-metafoor is die teenwoordigheid van JHWH belangrik.

### 5.3 *JHWH is Herder*

In vers 19 word die herder-metafoor aangewend. Die volk word word vergelyk met 'n trop diere (skape) wat kreupel/lam gelaat is en wat as trop verstrooi geraak het. JHWH as die herder gaan die volk dus weer versorg en versamel uit die toestand van verstrooidheid. Die metafoor van 'n herder pas doelbewus aan by die koning-metafoor van die voorafgaande verse 14-17 aangesien die beeld van 'n herder "ook 'n algemene beeld vir 'n goeie koning is wat omsien na sy onderdane" (Nel, 2006:88). Die herder-metafoor was 'n gewilde metafoor om die rol van 'n koning te beskryf in die Ou Nabye Ooste (Roberts, 1991:223). Konings was gesien as die herders van die gemeenskap wat versorgend, bewarend, voedend, beskermend teenoor sy volk optree wat kwesbaar, afhanklik en van hulp afhanklik is (Brueggemann, 1997:259). In vers 20 word die herder-metafoor voortgesit. JHWH gaan soos 'n herder vir sy volk wees deur hulle te "laat kom" met die doel om hulle bymekaar te maak. Die resultaat hiervan sal die

herstel van die volk wees sodat hulle weer “aansien en roem” sal geniet “onder al die nasies van die aarde” (vers 20).

## 6. Teologiese implikasies van JHWH as koning, kryger en herder

Die perikoop skets twee partye wat teenoor mekaar te staan kom. Aan die een kant word daar ’n beeld van JHWH geskets en aan die ander kant word daar ’n beeld van die volk geskets.

In die afwesigheid van ’n Dawidiese koning in die tyd van die Babiloniese ballingskap word die volk attent gemaak op JHWH as hulle koning. In ’n tyd waar dit moeilik geword het om God as koning te sien in ’n omstandigheid waar daar min van God se heerskappy as koning gesien kon word, is die oproep relevant en bemoedigend. Die metafoor van God as koning word voortgesit in die Nuwe Testament. Een van die sentrale motiewe in Jesus se prediking is die koninkryk van God wat nou met sy menswording naby gekom het (Markus 1:15; vergelyk ook I Korintiërs 2:6ev; Romeine 8:37-39).

Dieselfde geld vir die belofte van God se teenwoordigheid. Die verwoeste tempel (simbool van God se teenwoordigheid) beteken nie die afwesigheid van JHWH nie. Hoe God as koning teenwoordig is, is belangrik. God is teenwoordig nie om te oordeel nie, maar eerder om te red (vers 17) soos wat ’n held dit sal doen. Wanneer ’n lewensredder iemand uit die see red, is die lewensredder ’n held. Wanneer ’n brandweerman iemand red uit ’n gebou wat besig is om af te brand, word so ’n persoon eweneens ’n held genoem. Jesus se missie het te doen met die redding van mense en in die opsig pas die metafoor van die kryger of held wat die volk red ook op Jesus. Die ballingskap beteken nie die onherroepelike tot niet maak van God se verhouding met sy volk nie. Inteendeel, God verheug hom oor sy volk, Hy is stil in sy liefde vir sy volk. Die uitspraak oor God se liefde vir sy volk is opmerklik. Die Boek van die Twaalf bevat net drie eksplisiete uitsprake oor God se liefde vir sy volk. Dit word gedoen aan die begin van die versameling in die boek Hosea (Hosea 3:1; 11:1) en dan weer aan die einde van die versameling in Maleagi (Maleagi 1:2). Die derde uitspraak word hier in Sefanja 3:17 gevind (Tuell, 2016:136).

Die Here is bly oor sy volk soveel so dat die teks die haas ongehoorde uitspraak maak deur te sê dat God oor sy volk juig met jubelkrete. Die onmiddellike teenwoordigheid van JHWH by sy volk is ook opmerklik. JHWH is teenwoordig in die midde van sy volk sonder die tussenkoms van ’n koning, priesters of profete. In die Nuwe Testament is die konsep van God se teenwoordigheid belangrik. Jesus is Immanuel aan die begin van die evangelie van Matteus en in die laaste vers van die evangelie beloof Jesus sy teenwoordigheid aan die kerk (Matteus 28:20).

Sy teenwoordigheid beteken ook die bymekaarbring van die volk met die koning JHWH wat ook herder is vir sy verstrooide volk. Die begrip herder word ook gebruik as metafoor vir ’n koning. ’n Koning tree op soos wat ’n herder maak met die kudde wat hy versorg. Wanneer JHWH sy volk weer bymekaarbring, sal hulle eer en roem herstel word onder die nasies in teenstelling tot die vernedering van die ballingskap. Die herdermetafoor word ook voortgesit in die Nuwe Testament. Jesus se gelykenisse vertel van die goeie herder (Lukas 15:3-7). Vir Jesus is die mense aan wie Hy die evangelie verkondig soos skape sonder ’n herder (Markus 6:34) wat herinner aan die kreupel/lam skape wat verstrooid geraak het in Sefanja 3:19-20. Jesus is dan ook self die goeie herder wat sy skape by die naam ken (Johannes 10:3).

Dit is ook opvallend dat die heilstoeseegging van JHWH aan sy volk gemaak word sonder enige voorwaarde wat aan hulle gestel word. Daar word geen bekering, boetedoening, offers, ondernemings of belydenisse van die volk verwag op grond waarvan die Here hom oor hulle

sal ontferm as koning, kryger en herder nie. Dit is ook opvallend dat daar geen teenprestasie van die volk in die vooruitsig gestel word nie. God se heilshandeling ten behoeve van sy volk is dus volledig onvoorwaardelik.

Hierdie verkondiging is 'n oproep aan die volk. Teenoor die sterk manlike metafore vir JHWH word die volk van God geskets met oorwegend vroulike metafore soos 'dogter van Sion' en 'dogter van Jerusalem'. Word die metafore gebruik juis in kontras met die manlike metafore vir JHWH? Indien wel, is dit goed moontlik dat die gebruik van die vroulike metafore dui op die swakheid, broosheid, kwesbaarheid, weerloosheid en magteloosheid van die volk?

Hulle word onder moeilike omstandighede opgeroep om te jubel van vreugde, om hulle te verbly en te verheug. Met nie minder nie as vier werkwoorde word die volk opgeroep om te jubel, te juig, hulle te verbly en te verheug. In 'n historiese omstandigheid waar daar min rede was om te jubel of te juig, word die volk opgeroep om hulle te verbly en te verheug. Te midde van die werklikheid van 'n vyandelike mag wat die beheer van die land oorgeneem het en Juda gereduseer het tot 'n onderdeel van die Babiloniese Ryk, word die volk opgeroep om vreesloos te lewe. Juda het met die ervaring van die verlies van die land, die verwoesting van die tempel en die ondergang van die Dawidiese koningshuis rede gehad om "hulle hande te laat slap hang" in 'n uitsiglose moedeloosheid. Die profesie roep hulle op om ten spyte van moeilike omstandighede moed te hou. Die volk kan uitsien na 'n tyd waar JHWH as Herder sal optree deur sy volk bymekaar te maak en hulle aansien en roem te herstel (vers 19). Hulle word bemoedig om nie moed te verloor nie juis omdat die profeet 'n visie op wie God is en wat Hy doen vir hulle te open.

## 7. Preekriglyne

Die tema van 'n preek uit die gedeelte kan geformuleer word as: Die Here is teenwoordig as Heerser, Held en Herder, gelowiges leef daarom blymoedig, vreesloos en bly moedig. Gelowiges kry deur die woorde van die profesie 'n visie op God. Hy is die teenwoordige God wat koning, kryger en herder is vir sy volk omdat Hy hulle liefhet. Hierdie visie wat Sefanja wys van wie God is en wat Hy doen, is ook van hulp vir hedendaagse gelowiges. Gelowiges is mense wat God bly raaksien as heerser, held en herder in donker en intens onseker tye. Gelowiges word opgeroep om te juig en te jubel juis terwyl hulle nie juig en jubel nie. Die gelowiges word opgeroep om nie bang te wees juis terwyl hulle bang is. Hulle word opgeroep om nie die hande te laat slap hang en dus moed te verloor nie terwyl hulle op die punt is waar hulle moed wil verloor. Hierdie visie op God laat gelowiges hulle vrees oorkom en kry hulle krag om moed te hou te midde van gebeure wat hulle moed wil breek. Suid-Afrikaners ly aan 'n soort van kollektiewe neerslagtigheid wat grens aan 'n moedeloosheid en selfs hooploosheid. Te veel dinge is besig om tegelykertyd verkeerd te loop en selfs in duie te stort.

Waar daar soveel verkeerd loop in 'n samelewing soos wat tans aan die gebeur is in die Suid-Afrikaanse samelewing is daar min te sien van God se teenwoordigheid. Tog is dit juis waarmee die profeet die volk van destyds bemoedig. In tye van spanning en (politieke) onsekerheid herinner die boek Sefanja se laaste verse gelowiges daaraan dat hulle onder 'n ander heerskappy staan, dat die Here en nie 'n president of politieke party hulle heerser is nie. Gelowiges het God as Koning en dit relativer politieke mag. Dietrich (2016:250-251) maak die opmerking dat Sefanja 3:15 nie alleen die einde van die koningshuis van Juda in die oog het nie, maar dat elke aardse koninkryk verklaar word as eintlik irrelevant, onnodig en futiel. Die geloofsvisie laat hulle sonder vrees lewe al leef hulle in tye wat mense bang maak. Suid-Afrika het vreeslose gelowiges nodig in hierdie turbulente tye waarin Suid-Afrikaners hulleself

bevind. Die geloofsvisie laat gelowiges met moed lewe al dreig die omstandighede mense om moedeloos en selfs hooploos te word. Die geloofsvisie laat gelowiges met 'n blymoedigheid lewe ten spyte van slegte omstandighede. Die teks inspireer gelowiges om hoopvol te lewe. Die toekoms gaan beter wees as die hede. Gelowiges in Suid-Afrika het nou nodig om geïnspireer deur 'n visie van wie God is en wat Hy doen, sonder vrees moedig en blymoedig te lewe.

## 8. Slot

Die boek Sefanja is ryk aan metaforiese taal. Om die teologiese seggingskrag van die perikoop wat ondersoek is te peil, is dit lonend om die metafore wat vir God gebruik word te ontgin en te interpreteer. Die seggingskrag van metafore kan meer doeltreffend gepeil word as die literêre en historiese konteks van die tekste waar die metafore gebruik word ook ondersoek word.

## BIBLIOGRAFIE

- Ball, IJ. 1972. *A Rhetorical study of Zephaniah*. Michigan: University Microfilms.
- Ben-Zvi, E. 1991. *A Historical-Critical study of the Book of Zephaniah*. Berlin: de Gruyter. (BZAW 198).
- Brettler, MZ. 1989. *God is King: Understand an Israelite metaphor*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Brueggemann, W. 1997. *Theology of the Old Testament – Testimony, Dispute, Advocacy*. Minneapolis: Fortress Press.
- Clark, DJ & Hatton, HA. 1989. *A Handbook on the Books of Nahum, Habakkuk, and Zephaniah*. New York: United Bible Societies (UBS Handbook Series).
- Dempsey, CJ. 2021. Metaphor in the Minor Prophets, in O'Brien, JM. (ed.). 2021. *The Oxford Handbook of the Minor Prophets*. Oxford: Oxford University Press, pp. 85-102.
- Dietrich, W. 2016. *Nahum, Habakkuk, Zephaniah*. Stuttgart: Kohlhammer. (IECOT).
- Floyd, MH. 2000. *Minor Prophets*. Grand Rapids: Eerdmans (FOTL 22.2).
- Hadjiev, TS. 2012. The Translation problems of Zephaniah 3,18. *ZAW* 124:416-420.
- House, PR. (1988) *Zephaniah - A Prophetic Drama*. Sheffield: Almond. (JSOT SS 69).
- Kerk-Net (6 Maart 2023). God en wetenskap: nuwe bijbeluitgawe gaat in dialoog, 1-2. Kirkpatrick, JD. 1993. *Eskatologie in die boek Sefanja*. DD-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Mendecki, N. 1991. Deuteronomistische Redaktion von Zef 3,18-20? *Biblische Notizen* 60:27-31.
- Moore, A. 2009. *Moving beyond symbol and myth. Understanding the Kingship of God of the Hebrew through metaphor*. New York: Peter Lang. (Studies in Biblical Literature, vol. 99.)
- Motyer, JA. 1998. Zephaniah, in McComiskey, TE. (ed.). *The Minor Prophets – An exegetical and expository commentary*. Grand Rapids, MI: Baker Books.
- Nel, PJ. 2006. *Die boek Sefanja*. Wellington: NG Kerk-Uitgewers. (Skrifuitleg vir Bybelstudent en Gemeente).
- Nogalski, JD. 2011. *The Book of the Twelve: Micah-Malachi*. Macon: Smyth & Helwys. (SHBC).
- Nogalski, JD. 2021. God in the Book of the Twelve, in O'Brien, JM. (ed.). 2021. *The Oxford Handbook of the Minor Prophets*. Oxford: Oxford University Press, pp. 103-116.
- Quine, C. 2021. Zephaniah, in O'Brien, JM. (ed.). 2021. *The Oxford Handbook of the Minor Prophets*. Oxford: Oxford University Press, pp. 499-510.
- Renz, T. 2021. *The Books of Nahum, Habakkuk and Zephaniah*. Grand Rapids, MI: Wm B. Eerdmans. (NICOT).
- Roberts, JIM. 1991. *Nahum, Habakkuk and Zephaniah*. Louisville, KY: Westminster/John Knox. (OTL).
- Schneiders, SM. 2001. God is the question and God is the answer, in Snyder, MH. (ed.). *Spiritual questions for the Twenty-first century*. New York: Orbis Books, pp. 69-74.
- Snyman, SD. 2020. *Nahum, Habakkuk and Zephaniah*. London: Inter-Varsity Press. (Tyndale Old Testament Commentaries, vol. 27.)

- Strawn, BA. 2017. *The Old Testament is dying. A Diagnosis and recommended treatment*. Grand Rapids MI: Baker Academic.
- Szeles, MA. 1987. *Wrath and Mercy. A Commentary on the Books of Habakkuk and Zephaniah*. Grand Rapids: Eerdmans. (ITC).
- Tuell, S. 2016. *Reading Nahum-Malachi. A Literary and Theological Commentary*. Macon GA: Smyth & Helwys.
- Udoekpo, MU. 2010. *Re-thinking the Day of YHWH and Restoration of Fortunes in the prophet Zephaniah: An Exegetical and Theological Study of 1:14-18; 3:14-20*. Bern: Peter Lang. (An Outline of an Old Testament Dialogue, 2).
- Van der Woude, AS. 1978. *Habakuk, Zefanja*. Nijkerk: Callenbach. (POT).
- Vlaardingerbroek, J. 1993. *Sefanja*. Kok: Kampen. (COT).
- Werse, NR. 2018. Reconsidering the problematic tripartite structure of Zephaniah. ZAW 130(4):571-585.
- Wren, B. 1988. What language shall I borrow? *Brethern Life and Thought* 33(4):299-308.

## Oor name, rose en standaard

Wat is dit tog met ons en naamsveranderinge? Sal 'n naamsverandering die saak verander wat deur die naam benoem word?

In Shakespeare se drama raak Juliet Capulet en Romeo Montague, spruite uit twee strydende families, smoorverlief op mekaar. Dit was seker so erg soos twee jongelinge uit 'n Nat- en 'n Sap-huis wat vanslewe wou trou. Moedeloos sê Juliet:

'Tis but thy name that is my enemy;  
 Thou art thyself, though not a Montague.  
 What's Montague? It is nor hand, nor foot,  
 Nor arm, nor face, nor any other part  
 Belonging to a man. O, be some other name!  
 What's in a name? That which we call a rose  
 By any other name would smell as sweet;  
 So Romeo would, were he not Romeo call'd,  
 Retain that dear perfection which he owes  
 Without that title. Romeo, doff thy name,  
 And for that name which is no part of thee  
 Take all myself.

(*Romeo and Juliet*, bedryf II, toneel 2)

Juliet sê as Romeo nie *Romeo* geheet het nie, hy steeds die objek van haar liefde sou gewees het; dan sou hy ook nie 'n Montague gewees het nie en sou sy met hom kon trou sonder die gekrakeel tussen die families. Hoe hy ook al sou heet, sou hy steeds die aantreklike jong man wees wat sy bemin; 'n roos bly immers lekker ruik, wat mens die blom ook al noem.

Dit lyk my dit is ook die geval met die huidige “beweging” ('n beweging waarin die vaandel van die Akademie en sy Taalkommissie nogal prominent wapper) om die term *Standaardafrikaans* te laat vaar ten gunste van *Algemene Afrikaans*, want om die naam van hierdie variëteit van Afrikaans te verander, gaan geen jota of tittel aan die betrokke variëteit self verander nie: “'Tis but thy name that is my enemy / thou art thyself,” skyn hulle soos Juliet te sê.

Toe ek op skool en universiteit was, is die standaardvariëteit van tale die “Algemeen Beskaafde” variëteit genoem: *Algemeen Beskaafde Afrikaans*, *Algemeen Beskaafde Nederlands*, en so meer. Mettertyd is daar egter aangevoer dat iemand wat nié die algemeen beskaafde variëteit gebruik het nie, by implikasie onbeskaafd praat en is. Dit kon natuurlik aanstoot gee en moes vermy word. By die BBC is daar dus algaande van 'n lang tradisie van “received pronunciation” afgesien en nie-RP-sprekers is al hoe meer as omroepers aangestel.

*Standaardafrikaans*, *Standaardnederlands*, *Standaardengels* en so meer het die aanvaarde terme geword.

Met die argumente wat nou aangevoer word om die verandering van die term *Standaardafrikaans* in *Algemene Afrikaans* te motiveer, het ek 'n paar probleme, soos trouens met die voorstel self ook.

Vir my is die eerste probleem dat daar beweer word dat die term *Standaardafrikaans* elitisties is, want dit sou kon impliseer dat iemand wat nie die standaardvariëteit gebruik nie, iets substandaards gebruik. Dit behels nogal 'n eenogige vertolking van *standaard* – dit is asof die TK en die veranderaars *standaard* as eenduidig sien. Dit sou 'n taalkundige doodsonde wees. Dit is 'n valse of ongeldige afleiding om te sê dat iets wat nie standaard is nie, substandaard is, terwyl dit in werklikheid eenvoudig nié standaard is nie, soos hier onder genoem word. Een van die voorstelle ter vervanging van die term *Standaardafrikaans* wat ek raakgelees het, was *bowegewestelike Afrikaans*. Dit is 'n erkende term, maar as *standaard-* in *Standaardafrikaans* as 'n waardebepler of waardeoordeel gelees word, is die kans baie groter dat *bowe-* as superieur (d.w.s. 'wat blyke gee van meerderwaardigheid') vertolk gaan word.

In byvoorbeeld die tegniese wêreld is daar 'n groot menigte sake wat as standaard benoem word.

As 'n mens 'n huis laat bou, sal jy seker meestal **standaardvensters** en **standaarddeure** gebruik, maar as jou huis op 'n bepaalde plek 'n venster moet kry waar 'n standaardvenster nie pas nie, moet jy waarskynlik 'n venster spesiaal vir daardie plek laat maak.

So 'n pasgemaakte venster is nie substandaard nie; dit is eenvoudig nie standaard nie.

Ons gebruik daagliks papier van **standaardgroottes**. Die algemeenste grootte is waarskynlik dié van 'n toiletrol, en as 'n mens tuis 'n dokument wil druk, is A4 baie algemeen. 'n Dokter wat voorskrifte skryf, doen dit moontlik op A5. En so meer. Maak dit die foliopapier van vroeër of die kombuis se papierhanddoekrol substandaard omdat dit nie in onderskeidelik jou drukker of toiletrolhouertjie pas nie? Gewis nie; dit is eenvoudig groottes wat vir bepaalde doeleindes nie gepas, nie standaard is nie.

In die statistiek is **standaardafwyking** 'n veelvoorkomende term, wat niks te doen het met 'n waardeoordeel soos “bo of onder standaard” of “substandaard” nie. Dit is bloot, volgens die SOED, “the amount by which a single measurement differs from the mean” of volgens die *Statistiekwoordeboek* die “vierkantswortel van variansie”.

So sou 'n mens kon voortgaan om honderde gevalle van samestellings met *standaard-* te noem. Spoorweë gebruik **standaardspoorwydtes**, in tientalle bedrywe is daar **standaardpraktike**; ons maak daagliks van **standaardmate** en **standaardgewigte** gebruik; in chemie is daar **standaardoplossings** en lugdruk word met 'n **standaardbarometer** gemeet. En so voort en so meer.

In geeneen van sulke gevalle behels *standaard-* 'n waardeoordeel soos wat tydens die Taalkommissie se seminar van 6 Junie en deur die TK-voorsitter in 'n radio-onderhoud aangevoer of geïmpliceer is nie; dit dui bloot aan dat die saak wat deur *standaard-* bepaal word, sekere kenmerke of eienskappe het.

*Standaardafrikaans, -nederlands, -engels, -duits* of wat ook al is in gelyke mate 'n term of (tegniese) vakwoord soos dié hier bo genoem en al hulle ongenoemde maats. Hoekom sal *Standaardafrikaans* anders behandel of vertolk moet word? Net omdat dit Afrikaans is? Net omdat dit dalk polities korrek is? Net omdat 'n mens in Suid-Afrika vandag hiperversigtig moet wees vir enigiets wat dalk iewers deur iemand verkeerd verstaan kan word en waaraan hy of sy aanstoot kan neem? Moet al die ander terme, soos dié hier bo genoem, dan ook verander word omdat daar mense is wat *standaard-* eenduidig vertolk?

En as *standaard-* verkeerd vertolk (kan) word, hoekom sal *algemeen* nie ook verkeerd vertolk (kan) word nie? Sonder moeite sou dit verstaan kon word as die taal (variëteit) wat mense (dalk selfs enigsins gemoedelik) onder mekaar gebruik in die algemene omgang. Hier lê vir my nogal 'n terminologiese probleem. Die TK sluit skynbaar gebruikers- en streeksvariëteite van die “algemene” variëteit uit; sy voorsitter het Kaaps en Regsafrikaans in

'n radio-onderhoud van Algemene Afrikaans uitgesluit. Miskien is die uitsluiting van streeksvariëteite soos Kaaps en Gariepafrikaans nog verstaanbaar, maar Regsafrikaans? *Ten laste lê* en die holruggerde voorbeeld *nademaal* is dan Regsafrikaans, maar nie Algemene Afrikaans nie; vir my is dit egter volledig Standaardafrikaans. Die uitsluiting van die variëteite van gebruikers in allerlei vakgebiede en dissiplines is m.i. nie net onmoontlik nie, maar doodgewone onsin.

As gebruikersvariëteite van Algemene Afrikaans uitgesluit word, wat bly oor? Praat die dokter wat vir jou verduidelik wat jy makeer en in die proses terme en tegniese verduidelikings gebruik, Algemene Afrikaans? Is 'n Afrikaanse fisiologiehandboek nog Algemene Afrikaans? Praat die elektrisiën wat vir jou verduidelik hoe jou omsetter en sonpanele werk, Algemene Afrikaans? Is jou testament in Algemene Afrikaans opgestel? Met dien verstande dat dit nie Engels of 'n gesproke mengsel van Engels en Afrikaans is nie, sou dit gewis Standaardafrikaans wees. (Tree ek met *met dien verstande* oor die grens na buite Algemene Afrikaans? Indien wel, sal *mits* dan ook nie Algemene Afrikaans wees nie?)

Die tweede probleem wat ek met hierdie voorstel en termverandering het, is dat dit vroeër of later op *Algemeen Beskaafde* Afrikaans/Nederlands/wat ook al kan terugslaan, wat weer die spook van die beskuldiging van onbeskaafdheid uit die graf gaan opjaag. Is *onbeskaafd* verkieslik bo *substandaard*?

Die TK-voorsitter sê dat *algemeen* toenemend ook in ander tale vir die standaardvariëteit gebruik word en noem Algemeen Nederlands. Of dit in ander tale in die wêreld gebeur, kan ek nie sê nie. In 'n internetsoektog na "General English" vind ek dat dit meestal gebruik word vir kursusse wat vir niemoedertaalsprekers aangebied word om hulle taalvaardigheid in Engels te verbeter. In 'n Oxford-publikasie sien ek egter die volgende:

In LINGUISTICS, a range of English that includes the STANDARD but contrasts with specific accents and DIALECTS. The British phonetician John C. Wells contrasts *General English* (capitalized) and *traditional-dialect* (lower case): 'Within General English ... there are non-standard varieties in which one says *I couldn't see no one* and *Peter done it* rather than the standard *I couldn't see anyone* and *Peter did it*' (*Accents of English*, volume 1, 1982). ["GENERAL ENGLISH." *Concise Oxford Companion to the English Language*. Encyclopedia.com. 29 Jun. 2023 <<https://www.encyclopedia.com>>.] [3 Julie 2023]

As daar "Within General English ... non-standard varieties" is, hoe klop dit met die bewering dat die voorbepaling *Standaard-* by 'n taalbenaming internasionaal deur *Algemene* vervang word? Die standaardvariëteit sluit in die algemeen juis nie niestandaardvariëteite in nie, soos die TK ook ten opsigte van Algemene Afrikaans te kenne gee.

En is die TK seker dat so 'n naamsverandering ook in Suid-Afrikaanse skoolleerplanne deurgevoer gaan word? Ook vir die ander amptelike tale?

Dit is natuurlik so dat baie mense nie verstaan wat die standaardvariëteit van 'n taal is en waarvoor dit gebruik word nie, maar wat die groot publiek van vakwoorde binne 'n bepaalde vakgebied verstaan, is gewis nie deurslaggewend nie. 'n Paar jaar gelede is 'n opspraakwekkende strafsak regstreeks op TV uitgesaai. Die term *dolus eventualis* is vrylik gebruik en Jan Rap en sy maat het daarvan gepraat, maar wie buiten 'n regskenner het presies geweet wat dit beteken? Deesdae word mense al hoe meer gedwing om sonpanele en "inverters" in hulle huise aan te bring. Is "inverters" nou *omskakelaars*, *omsetters* of *gelykrygers*? En hoeveel van die gewone mense wat dié goed het, weet hoe dit werk en wat dit doen?

Daarom is daar kenners. En watter vakgebied verander sy terme omdat die groot publiek dit verkeerd of onvolledig verstaan?

Die TK voer aan dat peilings getoon het baie mense (vermoedelik nie taalkundiges nie) weet nie wat Standaardafrikaans is en waarvoor dit gebruik en geskik is nie. Dit sou egter uiters naïef wees om te dink dat 'n naamsverandering na *Algemene Afrikaans* daardie probleem gaan oplos. 'n Baie doeltreffender en produktiewer stap sou myns insiens wees dat die Akademie en sy Taalkommissie hulle eerder beywer vir beter (Afrikaanse) taalonderrig op skool waarin ook behoorlik aandag gegee word aan die verskynsel van taalvariëteite, soorte variëteite en bepaald ook die aard, rol en doel van die standaardvariëteit. Afrikaanse organisasies soos die Akademie moet by die onderwysowerhede aandrang op of onderhandel oor inspraak in die opstel van Afrikaansleerplanne, sodat leerders ook van jongs af geleer word wat die standaard- en ander variëteite is, dat hulle gelykwaardig is maar nie vir alle doeleindes ewe gepas is nie, waarvoor dit gebruik (kan) word, en so meer. 'n Blote naamsverandering gaan geensins die probleme oplos wat die TK as motivering aanvoer nie; dit sal eerder onvermydelik en onafwendbaar daartoe bydra dat Standaardafrikaans verder verdag gemaak word.

Dalk is Standaardafrikaans vir jou 'n roos wat onder 'n ander naam net so lekker ruik; dalk is Algemene Afrikaans vir jou 'n perdevy wat nie so lekker ruik nie. Hoe dit ook al sy, een ding staan vas: die naamsverandering gaan nie die onkunde uit die weg ruim nie.

**JD (TOM) McLACHLAN**

E-pos: [tommcl@whalemail.co.za](mailto:tommcl@whalemail.co.za)

## Gedigte

---

### Digter

Net toe ek uiteindelik dink ek voel goed  
stoot 'n versreël borrelend op in my gemoed  
en met 'n woordwonder skep ek 'n vers met blink woorde.  
Dan gooi ek dit in die wind vir onbekende oorde.

### Suid-Afrika 2023

Ons landshuis se mure en balke kraak;  
dak en vensters word nie meer reggemaak.  
Die fondament word deur party mense weggekerf.  
Sommige gaan met dié murasie sterf.

### Verandering

Soos die weer gebeur verandering deur alle tye  
van goed na sleg en weer na goed in nuwe getye.  
Op ons planeet verander selfs kontinente.  
Rateltaai oorleef ek dit met my kritiese denke.

### Simbool vr gemoedsrus

'n Veilige vesting is die Magaliesberg  
soos 'n vrou wat jou omvou met warmte en sorg  
in 'n wrede, woeste wêreld wat alles van jou verg.  
'n Veilige vesting is die Magaliesberg.

### HENNIE PIETERSE

E-pos: [Hjcpierse62@gmail.com](mailto:Hjcpierse62@gmail.com)

## Oproep om bydraes: *Afrikaans 100: 1925–2025*

Op **8 Mei 2025** vier Afrikaans, as een van die jongste tale in die wêreld, die eerste eeu van die erkenning en wetlike verordening daarvan as een van die amptelike tale van Suid-Afrika.

Dit is ongetwyfeld 'n gebeurtenis wat gevier behoort te word en dit is presies wat beoog word met 'n spesiale **temanommer** van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* in Maart 2025.

Enersyds is daar verskeie *mylpale* wat herdenk kan word in die aanloop tot en die ontwikkeling van Afrikaans (byvoorbeeld as volwaardige wetenskapstaal) sedert die amptelike erkenning daarvan as volwaardige taal in eie reg in Mei 1925. Andersyds is daar ook bepaalde *uitdagings*, of dalk eerder *bedreigings*, waarmee rekening gehou moet word op hierdie tydstip in die geskiedenis van Afrikaans. Dit kan uiteraard ook tot geleenthede vir groei vir Afrikaans lei.

So het byvoorbeeld die tersiêre landskap in die afgelope dekades onherroeplik verander en Afrikaans as wetenskapstaal is as gevolg daarvan ongetwyfeld onder druk. Besluite wat in die verlede oor taal geneem is, het duidelik 'n impak op die hedendaagse konteks. Dat die "*akademiese onderbou van Afrikaans*" (kyk dr Edwin Hertzog se stuk in die TGW, Septembernommer 2022) se momentum sedert 1994 gestuit is, is baie sigbaar vir diegene wat hulle daaglik met Afrikaans as akademiese taal en as vaktaal besig hou. So is daar minder publikasies in vaktydskrifte, selfs minder vaktydskrifte in Afrikaans, min verhandelinge en proefskrifte word nog in Afrikaans geskryf, Afrikaans word stelselmatig aan universiteite afgeskaal, Afrikaanse studente wat hulle kursusse in Afrikaans wil volg, word minder en die aanbod kleiner, Afrikaanssprekende dosente aan universiteite word minder, ens. – om slegs enkele voorbeelde te noem van die gevolge van hierdie druk.

Ten spyte hiervan is daar die afgelope jare ook verskeie inisiatiewe onderneem waardeur Afrikaans op verskillende terreine bevorder is. Die stigting van Akademia in 2011, 'n onafhanklike Afrikaanstalige tersiêre instelling, is onteenseglike getuie van 'n voortgesette betrokkenheid by die uitbouing van Afrikaans as wetenskapstaal. En Aros as instelling wat Afrikaanse onderwysers oplei, doen ook goeie werk. Aan sommige openbare universiteite in SA word Afrikaans wel nog 'n plek gegun.

Maar is dit genoeg om Afrikaans die toekoms in te dra? Wat sal gebeur as Afrikaans nie meer aan openbare universiteite as onderrigmedium gebruik word nie? Sal Akademia, Aros, selfs Sol-Tech, en ander private instellings, voldoende wees om aan die Afrikaanse gemeenskap se behoefte aan naskoolse opleiding te voldoen? Wat is die risiko as Afrikaanse naskoolse opleiding slegs by private instellings moontlik is? Wat is die werklike stand van sake rakende Afrikaans in die onderskeie gebruiksterreine? Gaan Afrikaans vorentoe of stagneer dit? Wat van Afrikaans as volhoubare taal van die wetenskap?

Hierdie – en talle ander moontlike vrae – kan in so 'n beoogde **temanommer** teregkom. Die groot vraag vir die tyd waarin ons nou leef, is hoe ons te werk moet gaan om Afrikaans binne 'n meertalige bedeling (waarvan mense die aard en implikasies nog nie regtig begryp nie) in Suid-Afrika se breë onderwysopset (van tersiêr, sekondêr, primêr tot preprimêr) nie net te behou nie, maar ook uit te brei. Dit is ons groot uitdaging en ook ons werklikheid.

Die tema bied ruimte vir heelwat insette oor 'n verskeidenheid toepaslike onderwerpe, soos:

- Afrikaans in die 20ste eeu vs. die 21ste eeu
- 'n Bestekopname van suksesse en mislukkings die afgelope 100 jaar
- 'n Bestekopname van suksesse en mislukkings sedert 1994
- Hoe Afrikaans se demografiese profiel lyk: wat daaruit afgelei kan word
- Wat gelei het tot die wegkalwing van die posisie wat Afrikaans geniet het in die 'tradisionele' taallandskap in Suid-Afrika
- Afrikaans as taal aan universiteite
- Afrikaans en die onderwys
- Die gebruik van Afrikaans in talle sektore, soos gesondheid, ekonomie, regte, godsdiens, e.a.
- Afrikaans as wetenskapstaal
- Afrikaans se funksies
- Afrikaans en taalregte
- Strategieë vir Afrikaans op die pad vorentoe
- Meertaligheid en Afrikaans
- Is moedertaalonderrig in Afrikaans volhoubaar?
- Afrikaans as vaktaal
- Afrikaans as akademiese taal
- Afrikaans en die tegnologie
- Die variëteite van Afrikaans

Uiteraard is daar nog talle ander onderwerpe as die paar wat hier bo genoem is.

**Hiermee nooi die redaksie van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* u vriendelik uit om betrokke te raak by die temanommer ter viering van 8 Mei 1925.**

**Nader gerus die twee gasredakteurs of die redakteur van die TGW met 'n voorstel oor 'n onderwerp sodat hulle seker kan maak dit val in die breë tema.** Die nodige skryfriglyne sal mettertyd aan medewerkers verskaf word.

Die plan is dat die temanommer as deel van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se herdenkingsprogram vir Afrikaans 100 (2025) in Maart 2025 sal verskyn.

**Ten einde die produksieproses vir die temanommer te kan beplan, moet ons as gasredakteurs al teen 31 Augustus 2023 weet wie wil meewerk aan hierdie projek. Nader ons derhalwe spoedig met u tema. Die sperdatum vir die inhandig van die finale manuskrip is 30 Junie 2024.**

#### **Gasredakteurs:**

##### **PROF. WANNIE CARSTENS**

Buitengewone professor in Afrikaanse taalkunde, NWU

E-pos: Wannie.carstens@nwu.ac.za

##### **PROF. NERINA BOSMAN**

Navorsingsgenoot, Departement Afrikaans, UP

E-pos: Nerina.bosman@up.ac.za

# Lys van Publikasies: Ernst F Kotzé

## 1. Boeke / Hoofstukke in boeke

- 1983a Dji kan nie vir my dji nie, djong! In *Wat sê jy? Studies oor taalhandelinge in Afrikaans*, Van Jaarsveld, G.J., Johannesburg: McGraw-Hill, pp. 151-160. (ISBN 0 07 450527 0)
- 1983b Die invloed van Islam op die lewenspatroon, struktuur en taalgebruik van die Kaapse Maleier-gemeenskap. In *G.S. Nienaber – 'n Huldeblyk*, Sinclair, A.J.L., Kaapstad: UWC-Uitgewers, pp. 307-312. (ISBN 0-909075-89-1)
- 1983c *Die klanke en woorde van Afrikaans*. Mede-outeur IC Holtzhausen. Mtunzini: Leseratte Publications.
- 1987a A Black perspective on Afrikaans. In *Language: Planning and medium in education*, Young, D., Language Education Unit, Kaapstad: UCT, pp. 169-183. (ISBN 7992 1093 5)
- 1987b Dji kan nie vir my dji nie, djong! In *Wat bedoel jy?*, Van Jaarsveld, G.J., Pretoria: Serva, pp. 43-50. (ISBN 0-620-11589-0)
- 1988 Leksikologiese navorsing (Ch. 7). In *Rekenaartoepassings in die taalwetenskap*, Webb, V.N. et al., Pretoria: RGN, pp. 32-39. (ISBN 0-796-90699-8)
- 1989a How creoloid can you be? A perspective on Malay Afrikaans. In *Wheels within wheels*, Pütz, Martin & René Dirven, Frankfurt: Peter Lang, pp. 251-264. (ISBN 3-631-40545-6)
- 1989b *Textnet-verslag insake die leksikon* [Verslag aan die RGN insake die gebruik van rekenaars vir taalkundige navorsing in die RSA], Pretoria: RGN.
- 1991a & V.P. Wela. *Afrikaans-Zoeloe-woordeboek met Engelse vertalings*. Kaapstad: Tafelberg, 305 pp. (ISBN 0-624-02923-9)
- 1991b The sociolinguistic status of SA languages – Afrikaans. In *Language in South Africa: An input to language planning for a post-apartheid South Africa*, Webb, V.N., Pretoria: LiCCA (UP), pp. 43-45. (ISBN 1-868-54016-2)
- 1991c The sociolinguistic status of SA languages – The European languages. In *Language in South Africa: An input to language planning for a post-apartheid South Africa*, Webb, V.N., LiCCA (UP), pp. 50-51. (ISBN 1-868-54016-2)
- 1991d Attitudes to the SA languages – The present official languages – Afrikaans. In *Language in South Africa: An input to language planning for a post-apartheid South Africa*, Webb, V.N., Pretoria: LiCCA (UP), pp. 52-55. (ISBN 1-868-54016-2)
- 1994a 'n Fonologiese verkenning van die Nederduitse dialekte – 'n Afrikaanse perspektief. In *Rondom Roy – Studies opgedra aan Roy Pheiffer*, Van der Merwe, Chris et al., Kaapstad: UK, pp. 27-35. (ISBN 0-799-21609-7)
- 1994b Ethnicity. In *The Encyclopedia of Language and Linguistics, Vol 3*, Asher, R.E., London: Pergamon, pp. 1151-1156. (ISBN 0-080-35943-4)
- 1994c Afsonderlik ontwikkel deur verbastering? Afrikaans en Middelnederduits in die kreoolse konteks. In *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans – opgedra aan Edith H. Raidt*, Coetzee, Anna & Gerrit Olivier, Johannesburg: Southern, pp. 130-138. (ISBN 1-86812-5130)

- 1996 Mehrsprachigkeitsmodelle in der “Dritten Welt”. In *Kontaktlinguistik/Contact Linguistics/Linguistique de contact – an International Handbook of Contemporary Research, Vol 1*, Berlin, Goeble, Hans, et al., Berlin: De Gruyter, pp. 481-492. (ISBN 3-11-013246-8)
- 1997 Language contact from an ethnic perspective – the South African experiment. In *Plurilingua – Recent studies in contact linguistics*, Wölck, W. & A de Houwer, Frankfurt: Dümmler, pp. 197-205. (ISBN 3-427-64181-3)
- 1998 *Afrikaans in die konteks van veeltaligheid. Intreerede gelewer aan die Universiteit van Port Elizabeth op 13 Augustus 1998. Intree- en Emeritaatsredes D44*, Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (ISBN 0-86988-735-1)
- 2000a & T. Sakurai. 『アフリカーンス語基礎語彙集』 (**Afurikaansu-go kiso goishuu**) アジア・アフリカ言語文化研究所 (ILCAA) 東京外国語大学 [Kernwoordeskatlys (Afrikaans / Japannees / Engels)]. Tokio: ILCAA, Tokyo University of Foreign Studies, 226 pp. (ISBN 4-87297-781-5)
- 2000b & T. Sakurai & P.J.W. Groenewald, 『アフリカーンス語入門 (基本1000語による)』 *Afurikaansu-go nyuumon (kihon 1 000 go ni yoru)* [Grammatikale beskrywing van Afrikaans – gebaseer op kernwoordeskat van 1 000 woorde]. Tokio: ILCAA, Tokyo University of Foreign Studies, 82 pp. (ISBN 4-87297-780-7)
- 2001a & T. Sakurai, 『アフリカーンス語・日本語基礎語辞典』 *Afrikaans-Japanese woordeboek met Engelse vertalings / Afurikaansu-go Nihon-go kisogo jiten*. Tokio: ILCAA, Tokyo University of Foreign Studies, 280 pp. (ISBN 4-87297-792-0)
- 2001b ’n Perspektief op diachroniese prosesse in Afrikaans. In *Taallandskap – ’n huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*, Carstens, A. & H. Grebe, Pretoria: Van Schaik, pp. 103-111. (ISBN 0-627-02500-5)
- 2002a et al. *Afrikaanse woordelys en spelreëls, 9de uitgawe*. Kaapstad: Pharos, 592 pp. (ISBN 1 86890 034 7)
- 2002b Ethnicity and Language. In Mesthrie, R. et al., *Concise Encyclopedia of Sociolinguistics*. Amsterdam: Elsevier/Pergamon. (ISBN 0080 437265)
- 2004a Minderheidstale in Suid-Afrika: stand en prognose. In Kriel, M., *The language web – essays in honour of Victor Webb; Fyn net van die woord – huldigingsbundel vir Victor Webb*. Port Elizabeth: UPE, pp. 112-120. (ISBN 086988 817X, ISSN 0079/3965)
- 2004b Afrikaans en die problematiek van inheemse tale in die Afrika-onderwyskonteks. In Van Rensburg, F.I.J., *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik, pp. 55-68. (ISBN 0627 02599-X)
- 2004c Applied Anthropological Linguistics, in Linguistic Anthropology, edited by Anita Sujoldzic, in *Encyclopedia of Life Support Systems (EOLSS)*, Developed under the auspices of the UNESCO, Oxford: Eolss Publishers, [<http://www.eolss.net>].
- 2005a Minami-Afurika no kooteki tagengo-shiyoo – bunretsu ka tooitsu ka (Amptelike meertaligheid in Suid-Afrika – verdeeldheid of eenheid?). 「南アフリカの公的多言語使用—分裂か統一か」 In COE Committee of TUFSS, (Tokyo University of Foreign Studies), *Post-Empire and Multilingualism*, pp. 50-62. Tokyo: 三元社 (Sangen-Sha), ISBN 4888 303 0997.<sup>1)</sup>

---

<sup>1)</sup> Vertaling deur T. Sakurai

- 2005b & T. Biberauer. Language and identity: the case of Afrikaans in the United Kingdom. In Finlayson, R. & S. Slabbert, *Languages and Identities in a Post-colony – Southern African perspectives*. Frankfurt: Peter Lang, pp. 91-119. (ISBN 363153 177-X)
- 2005c (Associate editor / language advisor) In Du Plessis, M. (Chief Editor), *Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek · Dictionary*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke, 1552 pp. (ISBN 186 890 0444)
- 2009a Adjektiwiese verbuiging in Afrikaans herbesoek. In Den Besten, Hans, *et al.*, *Afrikaans. Een drieluik*, Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU, pp. 125-132. (ISBN 978-90-8880-010-8)
- 2009b *et al.* *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (10de omvattend herbewerkte uitgawe)*. Kaapstad: Pharos.
- 2010 Destandaardisasie en herstandaardisasie – gelyklopende prosesse in die Nuwe Suid-Afrika? In Marijke van der Wal en Eep Francken (red.): *Standaardtalen in beweging*. Amsterdam, Stichting Neerlandistiek VU & Münster: Nodus.
- 2012 Standardisation and mainstreaming – “Die kloutjie by die oor”. In Kwesi Kwaa Prah (ed.), *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*. Cape Town: Centre for Advanced Studies of African Society, pp. 30-42. (ISBN 978-1-020287-31-3)
- 2014 The emergence of a favourable policy landscape. In Liesel Hibbert & Chista van der Walt, *Multilingual universities in South Africa – Reflecting society in Higher Education*. Toronto: Multilingual Matters, pp. 15-27.
- 2016a *Afrikaans-Japannese Woordeboek* アウリカーンス語・日本語辞典. Tokio: Research Institute of Languages and Cultures of Asia and Africa, Tokyo University of Foreign Studies.
- 2016b Die historiese dinamika van Kaaps – toe en nou. In Frank Hendricks & Charlyn Dyer, *Kaaps in Fokus*, pp. 37-48. (ISBN: 978-1-928314-15-8)
- 2019 & Christo van Rensburg. Toe die *Derde Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* die eerste Afrikaanse woordelys en spelreëls was. In Van Niekerk, Angelique, H.P. van Coller & Bernard Odendaal, *J.C. Steyn en Afrikaans – ’n viering*. Bloemfontein: Sun Media.
- 2022 & K Van den Berg. Forensiese linguistiek in Suid-Afrika. In Carstens, W.A.M. & Van Dyk, T.J. (reds.), *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- 2023 Hoe Germaans is Afrikaans? ’n Vergelykende beskouing, in Gouws, R.H. & I. Feinauer, *Fritz Ponelis en die Afrikaanse taalwetenskap*. Stellenbosch: Sun Media.

## 2. Artikels in tydskrifte

- 1977 Aspekte van die gebruik van Afrikaans deur Xhosas, in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 17(4):339-344.
- 1978a Current trends in language teaching – a report on the AILA Congress in Montreal, *Journal of Language Teaching*, 12(4):35-53.
- 1978b ’n Ondersoek na grammatikale en leksikale afwykings in die gesproke Afrikaans van Xhosas, in *Tydskrif vir Taalonderrig*, 12(2):38-41.
- 1980 Morfologiese steurings in die Afrikaans van Nguni-sprekers, in *Journal of Language Teaching*, 14(1):11-16.
- 1981a Literêre kantaantekeninge by die nuwe gesangbundel, *Standpunte*, 151(34:1): 33-38.

- 1981b 'n Aanspreeksisteem vir Maleier-Afrikaans, in *Taalfasette : Nuwe Reeks*, 1(1):17-25.
- 1983 So dink die rekenaar, *LSSA: Supplement* (Linguistiekvereniging van Suider-Afrika), *Nuwe Reeks*, 2(1):30-31.
- 1984 Afrikaans in die Maleierbuurt – 'n diachroniese perspektief, in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(1):41-73.
- 1985a Book review: Language in the British Isles – P. Trudgill, *SA Journal of Linguistics*, 3(2):39-52.
- 1985b & J. Ferreira, Boekresensie: Afrikaans: Objek en metode – Eksteen en Pretorius, in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 25(2):147-150.
- 1986 Gesprek met H. Vekeman, in *Supplement: S.A. Journal of Linguistics*, Januarie 1986, pp. 34-41.
- 1987a “Onbekend maak onbemind”, of “Familiarity breeds contempt”?, in *S.A. Tydskrif vir Taalkunde*, 5(3):46-63.
- 1987b Boekbeskouing: Taalgeskiedenis – C.J. Conradie [Book review: Language history – CJ Conradie], *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 27(4):342-343.
- 1989 Address rituals as heuristics of social structure, in *Per Linguam*. 5(2):73-82.
- 1990 Taalkundekroniek, in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 30(2):111-128.
- 1991 The influence of English on Afrikaans: A case study of linguistic change in a language contact situation by BC Donaldson (Academica 1991), in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 31(4):282-293.
- 1992a The lexicographical handling of grammatical equivalence: the case of Afrikaans and Zulu, *Lexikos* 2:137-147.
- 1992b Die probleem van grammatikale ekwivalensie by 'n vertalende aanleerderswoordeboek, *Spil Plus* 22, pp. 371-384.
- 1992c Les rites du premier contact comme heuristique de la structure sociale: le cas du maléo-afrikaans, in *Etudes Créoles* XV(1):171-178.
- 1996a Taal en etnisiteit in wisselwerking – Suid-Afrika as proefplaas, in *SA Tydskrif vir Taalkunde*, 14(4):153-157.
- 1996b Die opkoms en ondergang van taalryke: enigiets nuuts onder die son?, in *Taal en Tongval* 9, Amsterdam, pp. 76-85.
- 1997a Social stratification of some Zulu phonemes – a fieldwork report, in *SA Journal of African Languages*, 17(1):5-9.
- 1997b & T. Sakurai. 'n Kontrastiewe beskouing van tweetalige woordeboeke in Suid-Afrika en Japan, in *Lexikos* 7, pp. 165-178.
- 1997c Gerechthoofte in de Oost-Kaap: een gevallenstudie, *Acta Varia* 4, pp. 136-143.
- 1998 & T. Sakurai. A contrasting view on bilingual dictionaries in South Africa and Japan, in *Meikai Journal* 10, pp. 1-12.
- 1999a Translating culture in bilingual dictionaries, in *Lexikos* 9, 89-107.
- 1999b Los en vas by eienaamverbindings: apartheid of regstellende aksie?, in *Tydskrif vir Taalonderrig*, 33(4):357-366.
- 2000 Sociocultural and linguistic corollaries of ethnicity in South African society, in *International Journal of the Sociology of Language* 144, pp. 7-17.
- 2001 Adjectival inflection in Afrikaans diachronics: an argument against the validity of creolization checklists, *Journal of Germanic Linguistics*, 13(4):1-11.
- 2002 & C. de Ruyter. Oor Austro-Nederlands en die oorsprong van Afrikaans, in *Literator*, 23(3):139-160.

- 2003 「南アフリカの少数言語 — 2002年における現状と展望」 Minami-Afrika no shoosun gengo-2002 nen nie okeru genjoo to teboo (Minderheidstale in SA – staat and prognose in 2002)<sup>2)</sup>, 『ことばと社会』 in *Kotoba to Shakai* 6:2, pp. 11-18.
- 2004 Language and identity – the Afrikaans community in the UK, in *Collegium Antropologicum* 28, pp. 63-72.
- 2006 & T. Biberauer. Die rol van Afrikaans as identiteitsfaktor by SA ekspatriate in die Verenigde Koninkryk, in *Journal for Language Teaching*, 40(1):48-70.
- 2007a & J. Bezuidenhout. In search of the author ... ‘linguistic fingerprints’ as identifying evidence, in *De Rebus*, September, pp. 22-25.
- 2007b Die vangnet van die woord: forensies-linguistiese getuienis in ’n lastersaak, in *Southern African Linguistics and Applied Language Studies (SALALS)*, 25(3): 385-399.
- 2008a Review: Phillip Louw, Lorna Hiles (eds) *et al. Oxford Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Skoolwoordeboek/School Dictionary*, in *International Journal of Lexicography Advance Access*, 27 Feb 2008, pp. 1-6.
- 2008b Die betroubare woord: ’n beskouing van Arabies-Afrikaanse, Maleierafrikaanse en Kaaps-Afrikaanse tekste as fonologiese bloudruk vir hedendaagse Praatafrikaans, in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans (T.N&A)*
- 2010a Author identification from opposing perspectives in forensic linguistics. In *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 28(2):185-197.
- 2010b Are multilingual education policies pipe dreams? Identifying prerequisites for implementation. *Alternation*, 17(1):4-25.
- 2011a Giles-Maurice se Schryver (editor-in-chief) *et al. Oxford IsiZulu-IsiNgesi/English-Zulu Isichazamazwi Sesikole / School Dictionary. International Journal of Lexicography* 2011; doi: 10.1093/ijl/ecn028
- 2011b Demokratiesing en standaardisering – teenstrydige doelwitte vir inheemse tale? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):746-757.
- 2012 Arabic Afrikaans – early standardisation of Afrikaans orthography. A discussion of *The Afrikaans of the Cape Muslims* by Achmat Davids (edited by Hein Willemsse and Suleman E Dangor). *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 30(3):413-427.
- 2014a Afrikaans as besitting, en die vraagstuk van herstandaardisering – Afrikaans as property, and the question of restandardisation. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):1-21.
- 2014b & J Olivier. Taalverskuiwing en taalhandhawing onder Afrikaanse ekspatriate. *Litnet Akademies*, 11(3):723-766.
- 2014c & S Usadolo. Some interlingual communicative challenges for foreign African interpreters in South African courtrooms. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* 43:345-357.
- 2015 & S Usadolo. Communicative challenges of interpreting in cross-border languages in South African courtrooms. *South African Journal of African Languages*, 35(1): 57-65.
- 2016a Aspects of congruence and divergence relating to adjectives in Dutch and Afrikaans, *Nederlandse Taalkunde*, 21(2):215-229.

---

<sup>2)</sup> Vertaling deur T. Sakurai

- 2016b 'n Ortografiese brug tussen Japannees en Afrikaans – die keuse van 'n Romeinse transliterasiesisteem (An orthographic bridge between Japanese and Afrikaans – the choice of a Roman transliteration system) in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56:2(1):438-453.
- 2020 Gesag en solidariteit: Aanspreekvorme en pronominale persoonsverwysings in die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020. Authority and solidarity: Forms of address and pronominal personal references in the Afrikaans Bible translation of 2020. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(4-1):1066-1091, Desember 2020.

### 3. Gepubliseerde Kongresverrigtings

- 1981 Non-standaard as studieopdrag: sosiale stratifikasie in Zoeloe. Sinclair, AJL, *Linguistic Society of Southern Africa – Conference Papers, 17th National Conference 1981*. Bellville: Universiteit van die Westerse Kaap, pp. 205-216. (ISBN 0-909075-70-0)
- 1984 Gespreksrituele as blootleggers van sosiale struktuur, *Conference Papers 1984 – Linguistic Society of Southern Africa*, Universiteit van Pretoria, pp. 345-354.
- 1986 Soziolekte und Dialekte in der Annäherung? Malaien-Afrikaans als Probefall, in *Acten des VII Internationalen Germanisten-Kongresses, Göttingen 1985*, Band 4 (Von Polenz, P., J. Erben & J. Goossens, Sprachnormen: lösbare und unlösbare Probleme / Kontroversen um die neuere deutsche Sprachgeschichte / Dialektologie und Soziolinguistik: die Kontroverse um die Mundartforschung), Max Niemeyer, pp. 247-250.
- 1991 Kreolisierung oder 'normaler' Sprachwandel? – Afrikaans und Mittelniederdeutsch im Vergleich, *Begegnung mit dem 'Fremden', Grenzen – Traditionen – Vergleiche*, Band 11, iudicium verlag, pp. 437-446.
- 1996a Engels as wêreldtaal en ander verhale uit die Derde Wêreld. In Kotzé, E.F. (editor), *SA Linguistiek / Linguistics 1995*. Port Elizabeth: UPE, pp. 99-105.
- 1996b *SA Linguistiek/Linguistics 1995* (editor). Port Elizabeth: UPE, 268pp. (ISBN 0-86988-614-X, ISSN 0031-7340)
- 1998a The rise and fall of standard languages – the case of Afrikaans in historical perspective. In Kotzé (editor) 1998, in *SA Linguistiek/Linguistics 1997: Papers presented at the 33rd Annual Congress of the Linguistic Society of Southern Africa*, Port Elizabeth: UPE, pp. 216-223.
- 1998b (Redakteur), *SA Linguistiek/Linguistics 1997: Papers presented at the 33rd Annual Congress of the Linguistic Society of Southern Africa*, Port Elizabeth: UPE, 406pp.
- 2003a Electronics and the brain of the translator - or: how human can you be? *Colloquium on Translating and Interpreting*, University of the Free State, Bloemfontein.
- 2003b Official multilingualism in South Africa – division or unity? 「南アフリカの公的多言語使用—分裂か統一か」 *Colloquium Post-Empire and Multilingualism*, Tokyo University of Foreign Studies.
- 2004 Electronics and translation – inhuman discourse or enhanced communication? *Annual Conference of the American Association of Applied Linguistics*, Portland, Oregon.
- 2006 In search of the culprit – do we leave linguistic fingerprints? *LSSA/SAALA – Joint Annual Conference 2006: 5-7 July 2006*, Durban.

- 2007 Die betroubare woord: 'n beskouing van Arabies-Afrikaanse, Maleierafrikaanse en Kaaps-Afrikaanse tekste as fonologiese bloudruk vir hedendaagse Praatafrikaans. *Jaarlikse Konferensie van die Nederlands-Afrikaanse Vereniging*: 4-6 Julie, Durban.
- 2008 Language and education in multilingual South Africa. Referaat by die *PanSAT Mini-konferensie*, Colosseum Hotel, Pretoria, op 29 Februarie 2008.
- 2011 Mede-outeur: SE Usadolo. Conflicts of interest in court interpreting in South Africa: a case study of foreign African court interpreters. In *Proceedings of the "Synergise!" Biennial National Conference of the Australian Conference of Interpreters and Translators: AUSIT 2010*, edited by Annamaria Arnall & Uldis Ozolins. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing, p. 93-109.

#### 4. Internetpublikasies

- 1998 Effects of attitudinal changes towards creolization in Afrikaans, *Crioulística*, Departamento de Linguística, Univ de Brasilia, [www.unb.br/il/liv/crioul/artig.htm](http://www.unb.br/il/liv/crioul/artig.htm)
- 1999 Toegevoegde teenoor verminderde tweetaligheid, <http://www.afrikaans.com/av6110.html>
- 2000a Sociocultural and linguistic corollaries of ethnicity in South African society, Naomi Ogasawara, *International Journal of the Sociology of Language*, <http://www.emich.edu/~linguist/issues/11/11-2706.html>
- 2000b Adjektiwiese verbuiging in Afrikaans herbesoek, [www.uni-leipzig.de/~holland/Ewafrem.html](http://www.uni-leipzig.de/~holland/Ewafrem.html)
- 2015 We need to remember why we learn and teach languages. *The Conversation (Education)*. <http://theconversation.com/we-need-to-remember-why-we-teach-and-learn-languages-45115>

#### LITNET

- 2001 Meertaligheidsmodelle in die Derde Wêreld (Approaches to Multilingualism in the Third World), Litnet [www.mweb.co.za/litnet/taaldebat/05kotze.asp](http://www.mweb.co.za/litnet/taaldebat/05kotze.asp).
- 2015 Die mentaliteit van monokultuur, *SêNet-briewe*, 2015-11-26
- 2015 Tel jou woorde voor jy skryf, *Onderhoude*, met Jean Oosthuizen, 2015-12-09
- 2017 Afrikaans, Afrika en Japan: Afrikaans-Japannese woordeboek, *Onderhoude*, 2017-08-02
- 2018a Kaaps en (her)standaardisering, *Menings*, met Ménan van Heerden 2018-03-14
- 2018b Die klassifikasie van Afrikaans, *Menings*, 2018-04-18
- 2018c The classification of Afrikaans, *Opinion*, 2018-05-29
- 2018d Forensiese linguïstiese analiseer anonieme artikel oor die Trump-administrasie, *Seminare en essays*, 2018-09-20
- 2018e Die 2020-Bybelvertalingsproses as avontuur vir die taalkundige, *Seminare en essays*, 2018-09-20
- 2018f The decision to declare English as the only language of record in court in South Africa: a reaction, *Seminare en essays*, 2018-07-03
- 2021 Uit die argief: Is Afrikaans uitheems? *Menings*, 2021-03-25
- 2022 Anonieme skrywers en outeursidentiteit, *Menings*, 2022-11-30

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademieskantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur 'n **elektroniese kopie** aan [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za). Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000 en 10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies of grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

**Opskrifte** in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommener word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

**Figuur 3:** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

**Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.**

**Aanhalings en verwysings**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrekk in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

*Voorbeelde:*

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:** Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

*In Afrikaans:*

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

*Bronverwysings in die teks:*

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

**Bladgeld**

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

**Outeursreg**

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

# Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za). Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

**Headings** in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

**Table headings** are styled as follows:

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions of figures:**

**Figure 3:** *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

**All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.**

**Quotations and references**

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

*Examples:*

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**  
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

*In Afrikaans:*

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

*Citations in the text:*

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

**Page fees:**

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

**Copyright:**

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).